’N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF OP PLEEGSORG AS ALTERNATIEWE SORG VIR KINDERS

A.E. BÖNING

’N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF OP PLEEGSORG AS ALTERNATIEWE SORG VIR KINDERS

deur

ANNA ELIZABETH BÖNING

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
(Departement Maatskaplike Werk)

aan die

Universiteit van die Vrystaat

November 2009

Promotor: Dr. S.B. Ferreira

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir die graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Geteken: …… Datum: ……..

Opgedra aan: Henry, Johan-Henry, Wilmarié en Laetitia

Aan al die maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste in die beste belang van pleegkinders lewer. Ek het die hoogste waardering vir jul getroue diens en kreatiewe planne in die praktyk te midde van soms moeilike omstandighede.

DANKBETUIGINGS

Aan my Hemelse Vader kom al die dank en die eer toe vir genade, krag, gesondheid en wysheid om hierdie proefskrif te voltooi.

Met opregte waardering en dank aan die volgende persone wat elk 'n besondere rol gespeel het in die afhandeling van die proefskrif:

- My promotor, Dr. Sandra Ferreira vir uiters bekwame studieleiding, ondersteuning en deurlopende motivering. Ek het die grootste respek vir jou vakkennis en beroepspassie!
- Prof. Carel Esterhuyse vir die versorging en tegniese afronding van die vraelys.
- Corrie Geldenhuys vir kundige en noukeurige taalversorging van die verslag.
- Kate Smith by die Rekenaardienste en dr. Andréhette Verster by Wiskundige Statistiek aan die Universiteit van die Vrystaat, vir die verwerking en voorstelling van die statistiese gegewens.
- Die welsynsinstansies en maatskaplike werkers wat te midde van 'n uiters vol program en hoë pleegsorgladings bereid was om die vraelyste in te vul.
- *Child Welfare Bloemfontein en Childline Free State* wat saam met my die pleegsorgseminaar aangebied het en al die deelnemers wat tydens die seminaar aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem het. Hierdie kollegas het 'n uiters waardevolle bydrae gelewer in die empiriese resultate van die navorsing.
- My departementshoof, dr. Roelf Reyneke en kollegas by die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van die Vrystaat, vir volgehoue ondersteuning en aanmoediging.
- My moeder, wyle vader, broers en suster vir getroue liefde en aanmoediging deur al die jare van studie
- My skoonvader, wyle skoonmoeder en skoonfamilie vir deurlopende belangstelling en ondersteuning in my loopbaan en studies.
- My eggenoot en kinders vir liefde, begrip, opofferings en die ruimte wat julle aan my bied om my persoonlike doelwitte na te streef asook praktiese en tegniese hulp wanneer ek dit die nodigste gehad het. Julle is baie spesiaal en onmisbaar in my lewe.

Annelie Böning

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
HOOFSTUK 1: ORIËNTERING		1
1.1	KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
1.2	BEGRONDING EN DEURSKOUING VAN DIE PROBLEEM	5
1.3	UITGANGSPUNTE, NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE WAT DIE STUDIE RIG	8
1.4	DOEL VAN DIE STUDIE	9
1.4.1	Doel	9
1.4.2	Doelstellings	9
1.4.3	Doelwitte	10
1.5	NAVORSINGSMETODE EN PROSEDURE	11
1.5.1	Literatuurstudie	11
1.5.2	Empiriese studie	12
1.6	BEGRENSING VAN DIE STUDIE	15
1.7	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	15
1.7.1	Alternatiewe sorg	16
1.7.2	Assessering	16
1.7.3	Ekologiese perspektief	17
1.7.4	Gesin	17
1.7.5	Kind	19
1.7.6	Pleegkind	20
1.7.7	Pleegouer	20
1.7.8	Pleegsorg	21
1.7.9	Sorgbehoewend	22
1.7.10	Sterkteperspektief	23
1.7.11	Versorger	23
1.8	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	23
1.9	SAMEVATTING	25
HOOFSTUK 2: EKOLOGIESE PERSPEKTIEF AS KONSEPTUELE RAAMWERK VIR DIE BESTUDERING VAN PLEEGSORG		27
2.1	ALGEMENE SISTEEMTEORIE	28
2.1.1	Definisie van ’n sisteem	29
2.1.2	Eienskappe van sisteme	30

2.1.3	Die waarde van die algemene sisteemteorie in Maatskaplike Werk	36
2.1.4	Liniêre en sirkulêre benaderings	37
2.2	EKOSISTEMIESE PERSPEKTIEF	39
2.3	HISTORIESE ONTWIKKELING IN DIE HANTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEMATIEK	40
2.4	HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE EKOSISTEMIESE PERSPEKTIEF	44
2.5	EKOLOGIESE PERSPEKTIEF	49
2.5.1	Transaksies	49
2.5.2	Aanpassing tussen persoon en omgewing	51
2.5.3	Stres in die ekologiese perspektief	52
2.5.4	Verwantskap, bevoegdheid, selfbeeld en selfgerigtheid	53
2.5.5	Mag, magteloosheid en besoedeling	54
2.5.6	Habitat/woonplek en nis	55
2.5.7	Lewenskoers (“*life course*”)	56
2.6	VERBINTENIS TUSSEN EKOLOGIESE EN STERKTEPERSPEKTIEF	58
2.7	STERKTEPERSPEKTIEF	60
2.7.1	Historiese ontwikkeling van die sterkteperspektief	60
2.7.2	Filosofiese begronding van die sterkteperspektief	61
2.7.3	Fundamentele konsepte van die sterkteperspektief	63
2.7.4	Algemene beginsels van die sterkteperspektief	71
2.7.5	Die sterkteperspektiefpraktyk	77
2.7.6	Riglyne vir die assessering van sterktes	79
2.7.7	Die assesseringsproses	84
2.7.8	Hulpverleningsproses volgens die sterkteperspektief	86
2.8	SAMEVATTING OOR DIE EKOLOGIESE- EN STERKTEPERSPEKTIEF	87
2.9	VLAKKE IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEME	88
2.9.1	Mikrosisteem op die individuele vlak	89
2.9.2	Mesosisteem op die gesinsvlak	90
2.9.3	Eksosisteem op die sosiaal-strukturele vlak	90
2.9.4	Makrosisteem op die sosiokulturele vlak	92
2.10	SAMEVATTING	94

HOOFSTUK 3: DIE KONSEPTUALISERING VAN PLEEGSORG AS ALTERNATIEWE SORG 97

3.1 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PLEEGSORG 98
3.1.1 Pleegsorgontwikkeling in Engeland 98
3.1.2 Pleegsorgontwikkeling in die Verenigde State van Amerika (VSA) 99
3.1.3 Pleegsorgontwikkeling in Suid-Afrika 101
3.1.4 Pleegsorgontwikkeling in Afrika 104
3.2 FILOSOFIE VAN PLEEGSORG 105
3.3 DEFINIËRING VAN PLEEGSORG 106
3.4 DOEL VAN PLEEGSORG 107
3.4.1 Gesinsondersteuning as doel 108
3.4.2 Gesinsherstel as natuurlike doel 109
3.4.3 Beweging na normalisering 110
3.5 BEGINSELS IN PLEEGSORG 111
3.6 DIVERSITEITE IN PLEEGSORG 113
3.6.1 Formele pleegsorg 115
3.6.2 Familiesorg op bevel van die kinderhof 117
3.6.3 Informele familiesorg 120
3.6.4 Privaatpleegsorg 121
3.6.5 Groepspleegsorgskemas 123
3.6.6 Gespesialiseerde of professionele pleegsorg 124
3.6.7 Gesin- vir gesinpleegsorg 125
3.6.8 Vriendekringpleegsorg 127
3.6.9 Onderbroke of gasheerpleegsorg 128
3.6.10 Oog-op-die-kind-projek 129
3.6.11 Kinderhoofhuishoudings 130
3.7 PLEEGSORG OP DIE KONTINUUM VIR ALTERNATIEWE SORG 134
3.7.1 Raamwerk vir dienslewering aan kinders en gesinne 136
3.7.2 Aanneming 138
3.7.3 Kinder- en jeugsorgsentrum 139
3.8 DIE PLEEGSORGPROSES 140
3.8.1 Voor verwydering 141
3.8.2 Tydens verwydering 142
3.8.3 Na plasing 144
3.8.4 Terminering van pleegsorgplasing 145
3.9 PERMANENSIEBEPLANNING 148
3.9.1 Die aard en doel van permanensiebeplanning 148

3.9.2 Riglyne vir permanensiebeplanning 149
3.9.3 Permanensiebeplanningsproses 150
3.9.4 Pleegsorg as permanensiebeplanning 153
3.10 FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN PLEEGSORG BEÏNVLOED 155
3.11 SAMEVATTING 156

HOOFSTUK 4: DIE PLEEGKIND AS INDIVIDU IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 158
4.1. BEGRIPSOMSKRYWINGS 159
4.1.1 Ontwikkelingsgerig 159
4.1.2 Ontwikkeling 159
4.2 ONTWIKKELINGSFASES EN TAKE VAN DIE KIND 162
4.2.1 Suigelingfase 162
4.2.2 Voorskoolse fase 168
4.2.3 Laerskoolfase 174
4.2.4 Adolessente fase 179
4.3 FUNDAMENTELE ASPEKTE VAN DIENSLEWERING AAN DIE PLEEGKIND 185
4.3.1 Veerkragtigheid 185
4.3.2 Basiese behoefte aan verbondenheid of hegtheidsband 190
4.3.3 Die ontdekking van sterktes 193
4.4 ASSESSERING VAN DIE KIND 194
4.4.1 Ontwikkelingsassesseringsmodel 195
4.4.2 Assessering van ontwikkelingsbehoeftes van kinders 199
4.4.3 Assesseringsproses 204
4.5 PLEEGTOESIGDIENSTE AAN DIE PLEEGKIND 208
4.5.1 Dienste ingestel op die emosionele behoeftes van die pleegkind 210
4.5.2 Pleegsorgplan 211
4.6 SAMEVATTING 213

HOOFSTUK 5: GESINSVLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 215
5.1 BEGRIPSOMSKRYWINGS 215
5.1.1 Gesin 216
5.1.2 Gesinsherenigingsdienste 217
5.1.3 Pleeggesin 217

5.2	FUNDAMENTELE ASPEKTE OOR DIE GESIN	218
5.2.1	Gesinsvorme	218
5.2.2	Gesinslewensiklus	219
5.2.3	Gesinsfunksies	222
5.2.4	Veranderde gesinstrukture en uitdagings vir die gesinslewe	224
5.3	'N EKOLOGIES-SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE GESIN	228
5.3.1	Ekologies-sistemiese analisering van gesinsfunksionering	229
5.4	'N STERKTEPERSPEKTIEF OP DIE GESIN	233
5.4.1	Voorkomingsdienste	233
5.4.2	Vroeë intervensie	234
5.4.3	Statutêre intervensie	240
5.5	ASSESSERING VAN DIE GESIN	240
5.5.1	Die genogram	242
5.5.2	Krisisassessering	248
5.6	DIE PLEEGGESIN	251
5.6.1	Werwing van pleegouers	251
5.6.2	Keuring van pleegouers	254
5.6.3	Voorbereiding op pleegsorg	259
5.6.4	Pleegsorgdienste aan die gesin	264
5.7	GESINSHERENIGINGSDIENSTE AAN DIE BIOLOGIESE GESIN	271
5.7.1	Doelwitte van gesinsherenigingsdienste	272
5.7.2	Aard van gesinsherenigingsdienste	274
5.7.3	Beginsels by die lewering van gesinsherenigingsdienste	275
5.7.4	Terugplasing van pleegkinders by die biologiese gesin	276
5.8	SAMEVATTING	279

HOOFSTUK 6: DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 281

6.1	'N ANALISE VAN DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND	281
6.1.1	Veerkragtigheid in die omgewing	282
6.2	BELEID EN WETGEWING	284
6.2.1	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996	285
6.2.2	Witskrif vir welsyn (1997)	285
6.2.3	Kinderregte	286
6.2.4	Kinderregte en die Kinderwet	289

6.2.5 Kinderwet, Wet No. 74 van 1983 en nuwe kinderwetgewing Wet No. 38 van 2005 en Wet No. 41 van 2007 292
6.3 DIENSLEWERINGSINSTANSIES 304
6.3.1 Staat en Departement Maatskaplike Ontwikkeling 305
6.3.2 Bestaansbeveiliging 307
6.3.3 Formele en informele sektor 309
6.3.4 Geloofsgroepe en kerkgenootskappe 312
6.3.5 Sakesektor 313
6.3.6 Vrywilligers 313
6.4 MULTIPROFESSIONELE SPANBENADERING 314
6.4.1 Polisiediens en Departement van Justisie 316
6.4.2 Onderwyssisteem 320
6.4.3 Gesondheidsisteem 321
6.5 MAATSKAPLIKE KWESSIES OP DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND 323
6.5.1 Die impak van MIV/VIGS op verskillende sisteme van die kind 323
6.5.2 Sosio-ekonomiese realiteite 331
6.5.3 Alkohol- en dwelmmisbruik 339
6.6 ASSESSERING VAN DIE PLEEGKIND SE OMGEWING 341
6.6.1 Ekokaart 342
6.6.2 Maatskaplike netwerkkaart 344
6.7 SAMEVATTING 348

HOOFSTUK 7: DIE SOSIOKULTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 350
7.1 WAARDES EN BEGINSELS BETREFFENDE KINDERBESKERMING 352
7.1.1 Waardes en beginsels vir maatskaplikewerkdienste 353
7.1.2 Waardes in die samelewing riskant tot kinderbeskerming 360
7.1.3 Waardes en beginsels beskermend vir kinders 365
7.2 KULTURELE ASPEKTE EN KINDERBESKERMING 365
7.2.1 Kultuur as beskermingsfaktor vir kinders 367
7.2.2 Kultuur as risikofaktor vir kinders 369
7.2.3 Etnies-kulturele assessering 371
7.2.4 Multikulturele pleegsorg 375
7.2.5 Kulturele bevoegdheid van die maatskaplike werker 379

7.3 GODSDIENSTIGE ASPEKTE EN KINDERBESKERMING 381
7.3.1 Spirituele assessering 384
7.4 HOLISTIESE ASSESSERING VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEME 389
7.5 SAMEVATTTING 393

HOOFSTUK 8: DIE METODOLOGIESE ORIËNTERING TOT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 395
8.1 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE 395
8.1.1 Fokusgroep 395
8.1.2 Onderhoudvoering in navorsing 395
8.1.3 Steekproef 396
8.1.4 Steekproeftrekking 396
8.1.5 Vooraf-/loodsondersoek 397
8.1.6 Vraelys 397
8.1.7 Wetenskap, navorsing en maatskaplikewerknavorsing 397
8.2 NAVORSINGSETIEK 398
8.2.1 Skade aan eksperimentele onderwerpe en/of deelnemers 398
8.2.2 Ingeligte toestemming 399
8.2.3 Misleiding van onderwerp of deelnemers 399
8.2.4 Skending van privaatheid/anonimiteit/vertroulikheid 399
8.2.5 Aksies en bevoegdheid van navorsers 400
8.2.6 Samewerking met medewerkers 400
8.2.7 Bekendmaking of publikasie van bevindinge 401
8.2.8 Ontlonting van deelnemers 401
8.2.9 Etiese kode vir navorsing 402
8.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS 402
8.3.1 Verkennende studie 403
8.3.2 Beskrywende studie 404
8.4 NAVORSINGSPARADIGMA VAN DIE STUDIE 404
8.4.1 Kwantitatiewe benadering 405
8.4.2 Kwalitatiewe benadering 409
8.5 VOORAF-/LOODSONDERSOEK 414
8.6 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID 415
8.7 OBJEKTIWITEIT VAN DIE NAVORSER 417
8.8 SAMEVATTING 419

HOOFSTUK 9: EMPIRIESE GEGEWENS 420
9.1 ANALISERING VAN DATA-INSAMELING VIR DIE KWANTITATIEWE OPNAME 420
9.1.1 Afdeling A: Sosio-demografiese inligting 422
9.1.2 Afdeling B: Pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders 425
9.1.3 Afdeling C: Individuele- en gesinsfaktore 439
9.1.4 Afdeling D: Sosiaal-strukturele faktore 462
9.1.5 Afdeling E: Sosiokulturele faktore 466
9.1.6 Samevatting oor die kwantitatiewe empiriese ondersoek 473
9.2 ANALISE VAN DATA-INSAMELING VIR DIE KWALITATIEWE OPNAME 476
9.2.1 Fokusgroepbesprekings oor pleegsorg by nie-familie, familie of in groepskemas 479
9.2.2 Interpretasie van die tabel 484
9.2.3 Fokusgroepbespreking oor pleegsorg en armoedeverligting 486
9.2.4 Interpretasie van die fokusgroepbespreking oor pleegsorg en armoedeverligting 489
9.2.5 Samevatting oor die kwalitatiewe empiriese ondersoek 489

HOOFSTUK 10: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 491
10.1 NAVORSINGSPROBLEEM, -VRAE EN DIE DOEL VAN DIE STUDIE 491
10.2 GEVOLGTREKKINGS 492
10.2.1 Die ekologiese perspektief as konseptuele raamwerk 492
10.2.2 Pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders 495
10.2.3 Individuele aspekte in die mikrosisteem ter versterking van die pleegkind 499
10.2.4 Gesinsaspekte in die mesosisteem ter versterking van die biologiese en pleeggesin 502
10.2.5 Sosiaal-strukturele sisteme en faktore wat die pleegsorgplasing beïnvloed 506
10.2.6 Sosiokulturele sisteme en faktore wat sorgbehoewendheid en pleegsorg beïnvloed 512
10.2.7 Ekologiese analise van pleegsorg en indikatore vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering 515
10.3 DOELBEREIKING EN BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE 518
10.4 AANBEVELINGS 519
10.4.1 Pleegsorgpraktyk 519
10.4.2 Teorie 523
10.4.3 Opleiding 523

10.4.4 Navorsing 525
10.4.5 Beleid 527
10.5 STELLINGS VIR VERDERE ONDERSOEK OOR DIE PLEEGSORGPRAKTYK 528
10.6 Ten slotte 529

BRONNELYS 531
BYLAE A: Inligtingsbrief (Afrikaans en Engels) 551
BYLAE B: Vraelys (Afrikaans en Engels) 554
BYLAE C: PROGRAMME FOR SEMINAR ON FOSTER CARE AND REGISTRATION FORM 587
OPSOMMING 592
SUMMARY 594
KEY WORDS TO DESCRIBE THE SUBJECT OF THE THESIS 596

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Interafhanklikheid tussen sisteme 32
Figuur 2: Aard van sisteemgrense 33
Figuur 3: Liniêre en sirkulêre perspektiewe 38
Figuur 4: Assesseringsasse 86
Figuur 5: Sisteme en vlakke in die ekologiese perspektief vir die ontleding van die pleegsorgsituasie 93
Figuur 6: Sirkel van hoop 196
Figuur 7: Raamwerk vir assessering 207
Figuur 8: Voorbeeld van 'n genogram 246
Figuur 9: Voorbeeld van 'n ekokaart 344
Figuur 10: Voorbeeld van 'n maatskaplike netwerkkaart 347
Figuur 11: Geslag 423
Figuur 12: Bevolkingsgroep 423
Figuur 13: Ouderdom 423
Figuur 14: Provinsie 423
Figuur 15: Welsynsinstansie 424
Figuur 16: Opvoedkundige kwalifikasie 424
Figuur 17: Jare ervaring 424
Figuur 18: Verskillende variasies waarin pleegsorg voorkom 428
Figuur 19: Omstandighede van die kind wat as plasingskriteria kan dien 430
Figuur 20: Prioriteite vir die keuse van die pleegsorgplasing 432
Figuur 21: Die pleegsorgproses en dienslewering voor, tydens en na die plasing 433
Figuur 22: Aantal kinders in pleegsorg 439
Figuur 23: Ontwikkelingsfase van die kinders in pleegsorg 440
Figuur 24: Die voorkoms van familie teenoor nie-familiepleegsorg 441
Figuur 25: Individuele, gesins- en omgewingsfaktore aanleidend tot pleegsorgplasing 444
Figuur 26: Inhoud van die pleegsorgplan 446
Figuur 27: Soort behuising waar pleegsorg plaasvind 450
Figuur 28: Aantal pleeggesinne per deelnemer 451
Figuur 29: Maandelikse inkomste van pleeggesinne 451
Figuur 30: Werksposisie van die pleegouers 452
Figuur 31: Gereeldheid van pleegtoesigdienste 457
Figuur 32: Werwingsprogramme vir pleegouers 458

Figuur 33: Werwingsmetodes 459
Figuur 34: Areapleegsorgaksie 460
Figuur 35: Eienskappe van pleegouers 461
Figuur 36**:** Kinderregte en pleegsorg 462
Figuur 37: Doelwitte van die Kinderwet 463
Figuur 38: Geslaagdheid van multidissiplinêre werkswyse in die pleegsorgpraktyk 464
Figuur 39: Rolspelers in die pleegsorgsisteem 465
Figuur 40: Betrokkenheid by multikulturele plasings 469
Figuur 41: Aspekte wat verreken word by multikulturele plasings 470
Figuur 42: Die voorkoms van multikulturele plasings 471
Figuur 43: Motiewe vir multikulturele pleegsorgplasings 472

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Steekproefgrootte onder nieregeringsorganisasies 14
Tabel 2: Samevatting oor die teoretiese raamwerk vir die studie 95
Tabel 3: Variasies in pleegsorg of verwante alternatiewe versorgingsmoontlikhede 133
Tabel 4: Ontwikkelingsaspekte en -take van die suigeling 163
Tabel 5: Ontwikkelingsaspekte en –take van die voorskoolse kind 169
Tabel 6: Ontwikkelingsaspekte en -take van die laerskoolkind 175
Tabel 7: Ontwikkelingsaspekte en –take van die adolessente 180
Tabel 8: Voorbeeld van ’n individuele ontwikkelingsplan vir ’n pleegkind 212
Tabel 9: Gesinslewensiklus en ontwikkelingstake 221
Tabel 10: ’n Model vir assessering van die kind in ’n risiko/krisis 249
Tabel 11: Voorgestelde opleidingsprogram vir pleegouers 264
Tabel 12: Bevele wat deur die kinderhof gemaak kan word ten opsigte van ’n sorgbehoewende kind 300
Tabel 13: Komponente vir interdissiplinêre samewerking 315
Tabel 14 : Maatskaplikewerkwaardes en -beginsels 357
Tabel 15 : Holistiese assesseringsraamwerk 391
Tabel 16: Respons op vraelyste versend volgens welsynsinstansie en provinsie 421
Tabel 17: Kernelemente wat deel uitmaak van die omskrywing en doel van pleegsorg 426
Tabel 18: Permanensiebeplanning en pleegsorg 435
Tabel 19: Terminering van pleegsorgplasings 436
Tabel 20: Stellings oor die huidige stand van die pleegsorgpraktyk 437
Tabel 21: Individuele-, gesins- en omgewingsfaktore aanleidend tot pleegsorgplasings 442

Tabel 22: Pleegsorgplan ter versterking van die pleegkind se funksionering 445
Tabel 23: Tipe pleegsorggesin 447
Tabel 24: Voorkomingsdienste alvorens kinderverwydering en pleegsorg plaasvind 449
Tabel 25: Lewering van gesinsherenigingsdienste 453
Tabel 26: Mate waartoe die volgende gedrags-, emosionele en fisiese probleme by pleegkinders voorkom 454
Tabel 27: Hulpverleningsmetodes wat toegepas word om problematiek tydens pleegtoesigdienste te hanteer 456
Tabel 28: Maatskaplikewerkbeginsels 466
Tabel 29: Waardegeörienteerde samelewingsfaktore 467
Tabel 30: Spirituele aspekte verreken tydens pleegsorgplasings 468
Tabel 31: Fokusgroeponderwerpe en aantal deelnemers 478
Tabel 32: Die pleegsorgproses in die konteks van nie-familie-, familie- en groepspleegsorg 480
Tabel 33: Vergelyking tussen pleegsorgtoelae en kindersorgtoelae 487

VERKLARING DEUR TAALKUNDIGE

Ek, Cornelia Geldenhuys, verklaar hiermee dat ek deur die kandidaat Anna Elizabeth Böning aangestel is om die taalkundige aspekte van die verslag wat hiermee ingedien word, na te gaan. Tot die beste van my kennis is alle voorstelle en aanbevelings deur my in dié verband gemaak deur die bogenoemde kandidaat in die verslag verreken.

Taalkundige se voorletters en van: C Geldenhuys

Handtekening van taalkundige: _____

Registrasienommer van taalkundige: SAVI 1001474

Datum: November 2009

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING

Die maatskaplikewerkprofessie is grootliks verantwoordelik vir die beveiliging van kinders wanneer hul welsyn ernstig bedreig word. Sekere kinders in Suid-Afrika leef in ongesonde en onveilige gemeenskappe waar verskeie risikofaktore voorkom soos geweld, armoede, werkloosheid, wanvoeding, seksuele misbruik, ouers wat hul kinders verlaat, of verdwyn en hulle agterlaat by familie of vriende, jong en onervare enkelouers, kinders wat alleen woon waar die ouers oorlede is aan VIGS en ander siektetoestande, kinders wat blootgestel is aan verskeie negatiewe en verleidelike maatskaplike omstandighede soos alkohol- en dwelmmisbruik, of wat op straat probeer oorleef en vasgevang raak in kinderprostitusie of kriminele aktiwiteite. (Vgl. South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect 2003:2.)

Wanneer kinders voortdurend aan een of meer van bogenoemde invloede blootgestel word, verkeer hulle in sorgbehoewende omstandighede en moet daar ingevolge kinderwetgewing ondersoek ingestel word ten einde te besluit of vroeë intervensie nog toegepas kan word en of die kind se welsyn sodanig bedreig word dat verwydering en plasing in alternatiewe sorg in die beste belang van die kind sal wees. Pleegsorg is een van hierdie soorte alternatiewe sorg en word wêreldwyd beskou as die beste vorm van versorging vir kinders naas hul ouerhuis, omdat dit binne gesinsopset plaasvind en veronderstel is om aan kinders geborgenheid en beskerming te bied. Ten spyte van die voordele wat pleegsorg kan bied, is dit egter ook wêreldwyd bekend dat die pleegsorgstelsel onder ernstige tekorte gebuk gaan. Soos wat Bass, Shields en Behrman (2004:5) dit stel: "*For too many of these children, foster care is no safe haven. Instead, the children drift from foster home to foster home, lingering in care while awaiting a permanent, forever family."* Dit is algemeen bekend dat die pleegsorgsisteem in Suid-Afrika ook gebuk gaan onder ernstige tekorte soos onder andere 'n tekort aan genoeg geskikte pleeggesinne en gebrekkige pleegtoesigdienste weens 'n tekort aan maatskaplike werkers. Kinders beland dus in die stelsel, word gereeld oorgeplaas van een versorger na 'n ander, en gesinsherstel, aanneming of ander meer permanente alternatiewe versorging realiseer nie werklik nie.

In Suid-Afrika het die beleid en werkswyse ten opsigte van pleegsorg oor die afgelope 10 jaar na die politieke transformasie in 1994 groot veranderinge ondergaan. Waar dienste voorheen grootliks deur 'n Westerse werkswyse geïnspireer is, het dit al meer uit die praktyk na vore gekom dat dit nie deurgaans toepaslik is in 'n multikulturele opset nie. Die Grondwet wat in 1994 in werking getree het, is rigtinggewend en beleid- en wetsaspekte moes daarby aanpas, soos

byvoorbeeld die Witskrif vir Welsyn, Kinderregte en die Wet op Kindersorg, Wet no. 74 van 1983, wat herskryf moes word en waarin ingrypende veranderinge ten opsigte van kinderbeskermingsdienste in die algemeen en ook ten opsigte van pleegsorg voorgestel is. (Vgl. Law Commission 2002 en Children's Bill 2002.) Van die mees betekenisvolle veranderinge is die verskuiwing van 'n betreklike eng fokus van die ou wetgewing op statutêre intervensie na voorkomingsdienste en vroeë intervensie (Matthias 2004:172). Verder is 'n meer ontwikkelingsgerigte benadering aanvaar in die *White Paper for Social Welfare* (1997) en die voormalige Departement van Maatskaplike Welsyn het selfs 'n naamsverandering na Maatskaplike Ontwikkeling ondergaan om hierby aan te pas. Saam met hierdie ontwikkelingsgerigte benadering is al meer besef dat ou probleemgerigte en siekte-versteurde-gebaseerde hulpverleningsbenaderings in maatskaplike werk nie hiermee versoenbaar is nie en daar is oorbeweeg na 'n nuwe paradigma waar gefokus word op sterktes en die ontwikkeling van hulpbronne ten einde byvoorbeeld aan kinders die geleentheid te bied om hul lewensideale en doelwitte te bereik (Ferreira 2004b:11).

Die pleegsorgpraktyk word dus fundamenteel geraak deur veranderings in beleid, wetgewing en uitgangspunte oor maatskaplikewerkdienslewering. Daarom word in hierdie navorsing gepoog om pleegsorg te analiseer betreffende faktore wat bydraend of instandhoudend kan wees tot die ondermyning of versterking van die pleegkind, die biologiese en pleeggesin, die gemeenskap en breër sosiale instellings, sowel as kulturele aspekte.

1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Soos reeds genoem, is pleegsorg waarskynlik die vorm van alternatiewe sorg wat wêreldwyd die meeste gebruik word om kinders buite hul biologiese gesinsverband te versorg. In Suid-Afrika was daar gedurende die jaar 2000 ongeveer 50 000 kinders in formele pleegsorg (Law Commission 2002:54). In Julie 2007 was daar 421 883 kinders in pleegsorg; dus 'n toename van 371 883 gevalle oor 'n periode van sewe jaar (Children's Institute 2007/2008:73). Tereg kan die vraag dus gestel word: Waarom die geweldige toename in pleegsorgplasings? In dieselfde uitgawe van die Children's Institute (2007/2008:20) word kommer uitgespreek oor die toename in die groot aantal kinders wat afhanklik is van staatstoelae vanweë die effek van armoede en MIV/VIGS. Al hoe meer familielede en ander versorgers wat hierdie kinders reeds oor 'n tydperk versorg, probeer om die goedkeuring van pleegsorgplasings te verkry, terwyl dit in die meeste gevalle oor armoedeverligting en toegang tot basiese hulpbronne gaan. Pleegsorg is bedoel as alternatiewe sorg vir verwaarloosde, mishandelde en misbruikte kinders, of wanneer kinders aan ander sorgbehoewende omstandighede soos omskryf in artikel 150 van die Children's Act no. 38 (2005:96) blootgestel word. Pleegsorg is bedoel om op die kort termyn tot rehabilitasie en

gesinsherstel te lei, of tot ’n langtermynpleegsorgplasing of aanneming. Ander maatreëls behoort dus in plek gestel te word vir die voorsiening van basiese behoeftes soos voedsel, skuiling, kleding, mediese en skolastiese versorging. Die huidige kindertoelaes is vir arm gesinne of versorgers van kinders vanaf geboorte tot 14-jarige ouderdom beskikbaar en beloop tans R240 per maand, terwyl die pleegouertoelae R680 per maand beloop en uitbetaal word totdat die kind 18 jaar bereik of sy skoolopleiding voltooi het; dus ’n baie beter en aantrekliker opsie vir versorgers.

Pleegsorgplasings vereis tydrowende en duur statutêre prosedures, vanaf die maatskaplike ondersoek, en die Kinderhofverrigtinge tot pleegtoesigdienste volgens ’n pleegsorgplan vir die duur van die plasing, wat elke twee jaar hersien moet word om aansoek te doen vir hernuwing van die bevel. In die meeste gevalle is die kinders in die formele versorgingstelsel se ouers een of albei oorlede, onopspoorbaar, in die gevangenis, of liggaamlik of geestelik ongesteld. Benewens die armoedeprobleem, het feitlik al hierdie kinders geen ouers nie. Hulle is verlate, of hulle is afkomstig uit disfunksionele of onvolledige gesinne en is gesinsherstel en terugplasing nie haalbaar nie. Dit is verder opvallend dat die vaders dikwels geen rol speel in die kind se lewe nie en dat die uitgebreide familie die versorging oorneem, of dat die kinders op hul eie in die sogenaamde kinderhoofhuishoudings (“*child-headed households”*) woon. Hierdie soort sake verhoog die werkslas op ’n reeds oorlaaide welsynsisteem en is nie die oorspronklike bedoeling van pleegsorg as vorm van substituutsorg nie. (Vgl. Law Commission 2002:56 en Children’s Institute 2007/2008:20.)

Dit is nie net Suid-Afrika wat ’n krisis in pleegsorg beleef nie, maar volgens Ainsworth en Maluccio (2003:46) is pleegsorg in Australië, die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk ook in ’n krisis as gevolg van die verhoogde aantal kinders wat tot dié soort versorging toegelaat word, veral weens die verwagting dat kinders met spesiale behoeftes en uitdagende gedrag, in die besonder adolessente met emosionele en afhanklikheidsprobleme, deur die pleegsorgstelsel gehanteer moet word en nie noodwendig in ’n kinder- en jeugsorgsentrum geplaas moet word nie. Dit is verder soveel moeiliker om geskikte pleegouers te werf en te keur vir kinders met spesiale behoeftes. Die toenemende aantal vroue wat die arbeidsmark betree, het verder tot gevolg dat minder vroue bereid is tot pleegouerskap. Hierdie navorsers bevestig ook dat korttermynpleegsorg en terugplasing by die ouers in min gevalle realiseer en dat dit veel meer gebeur dat kinders deur die totale verloop van hul kinderjare in en uit die pleegsorgsisteem beweeg, met verskeie oorplasings en aanpassings by nuwe gesinne, woonbuurte en skole.

Bass *et al.* (2004:6) onderskryf die mening dat die aantal kinders in die VSA wat op pleegsorg aangewese raak oor die afgelope twee dekades geleidelik toegeneem het. Verder word beweer dat die uitdagings waarvoor pleegsorg te staan kom, soos geestesongesteldhede, die misbruik van

afhanklikheidsvormende stowwe en gesinsgeweld al meer kompleks raak. Welsynsinstansies word gevolglik gekonfronteer met uitdagings wat hul vermoë tot behoorlike gevallebestuur en dienslewering aan kinders en gesinne tot die uiterste beproef. Dit sluit in aspekte soos 'n gebrek aan koördinasie en onderlinge samewerking tussen hulpverleners, kroniese onderbefondsing, oorbelaste maatskaplike werkers en 'n lae moraal in die praktyk. Hierdie faktore kan daartoe aanleiding gee dat sommige kinders in die pleegsorgstelsel steeds nie veilig is nie en soms verder getraumatiseer word.

Vanuit bogenoemde kan afgelei word dat die pleegsorgsisteem wêreldwyd aan die een kant te make het met 'n toenemende aanvraag na dié diens en aan die ander kant met knellende tekorte in die diensleweringstelsel. Formele pleegsorg met die oorspronklike bedoeling om 'n kind tydelik buite biologiese gesinsverband te versorg, terwyl gesinsherenigingsdienste gelewer word sodat die kind so spoedig moontlik in ouerlike sorg herstel kan word, realiseer in die minderheid van gevalle.

Alternatiewe versorgingsopsies vir kinders raak 'n al groter probleem in Suid-Afrika vanweë die genoemde toename in kinders wat onder riskante en sorgbehoewende omstandighede verkeer. Een uit elke vier kinders in Suid-Afrika leef in armoede by versorgers wat nie in hulle basiese behoeftes soos skuiling, kleding, voeding en veiligheid kan voorsien nie. Daar word geskat dat 25% van kinders tans onder die ouderdom van vyf jaar sonder volwasse versorgers sal opgroei. 'n Toenemende aantal kinders raak verantwoordelik vir die versorging van jonger broers en susters en siek volwassenes (Bower 2004:2).

Benewens die toename in weeskinders, is daar ook steeds 'n toename in wanpraktyke ten opsigte van kinders soos mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting. In die jaar 2000 het die Suid-Afrikaanse Polisiediens met 70 636 gevalle van misdade teenoor kinders gehandel (South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect 2003:1). Daar word geskat dat een miljoen verkragtings jaarliks plaasvind, wat 40% kinders insluit en waarvan 15% onder die ouderdom van 11 jaar is (Bower 2004:2).

Daar bestaan geen twyfel nie dat 'n groot persentasie Suid-Afrikaanse kinders in 'n krisis verkeer en dat die kinderbeskermingstelsel oorlaai is en nie kan voorbly om kinders te beveilig en in alternatiewe versorging te plaas nie. Maatskaplike werkers moet dikwels keuses uitoefen oor 'n kind se toekoms tussen onseker, onbevredigende en tweedebeste alternatiewe sorg weens 'n tekort aan geskikte plasingsmoontlikhede.

Verder het daar oor die afgelope aantal jare ook ingrypende veranderinge in kinderwetgewing in Suid-Afrika plaasgevind. Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, kon nie meer voorsiening maak vir die behoeftes van die kinderbeskermingsisteem nie. Dit het meegebring dat sommige bepalings

van die Wet verskeie kere gewysig moes word en daarom is die Suid-Afrikaanse Regskommissie in 1996 deur die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling aangestel met die opdrag om die Wet van 1983 te hersien en 'n nuwe, meer omvattende Wetsontwerp saam te stel (South African Society for the Prevention of Child Abuse and Neglect 2003:1). In die nuwe kinderwet word voorkeur verleen aan voorkomingsdienste en vroeë intervensie aan gesinne en, indien dit nie slaag nie, aan alternatiewe sorg in gesinsverband soos pleegsorg.

Vanuit onderhoude met maatskaplike werkers werksaam by welsynsinstansies soos NG Welsynsdienste (Personeelontwikkelingsbyeenkoms 2004a), die Vrystaat Versorging in Aksie (Personeelontwikkelingsbyeenkoms 2004b), en Child Welfare Bloemfontein en Childline Free State (Johnson 2004), blyk dit dat daar werklik gepoog word om voorkomingsdienste te lewer en kinders net te verwyder indien dit oor beveiliging gaan. Soos egter uit die genoemde gegewens blyk, is daar dikwels nie eens sprake van vroeë intervensie nie, aangesien die kinders tydens aanmelding alreeds nie oor 'n ouerhuis beskik nie. Die uitdagings waarvoor maatskaplike werkers te staan kom, noodsaak hulle om benewens pleegsorg in gesinsverband ook ander vorms van versorging in die gemeenskap soos pleegsorggroepskemas te ontwikkel om in die behoeftes te voorsien. Daar word dus voortdurend gewerk aan nuwe oplossings en maatreëls om kinders binne hul bekende gemeenskappe sonder onnodige blootstelling aan trauma te akkommodeer en te beveilig. Tydens die ondersoek word daar gepoog om die huidige stand van die pleegsorgpraktyk sowel as nuwe ontwikkelings in dié verband te verken en te beskryf.

1.2 BEGRONDING EN DEURSKOUING VAN DIE PROBLEEM

Vanuit bogenoemde gegewens kan tot die gevolgtrekking gekom word dat pleegsorg 'n komplekse verskynsel kan raak vanweë die feit dat twee gesinne betrokke kan wees by die versorging van die kind. Verder word gehandel met kinders wat verwaarloos, mishandel, verlaat of wees is en in die meeste gevalle deur veelvuldige faktore getraumatiseer is, wat aanleiding gegee het tot sorgbehoewendbevinding. Die plasing gaan gevolglik met wedersydse aanpassings gepaard. Die ekologiese perspektief word om hierdie rede as 'n geskikte teoretiese raamwerk vir die ondersoek beskou omdat komplekse verskynsels daarmee benader kan word. Dit het vanuit die sisteemteorie ontwikkel, wat maatskaplike problematiek holisties beskou as die resultaat van 'n verskeidenheid aanleidende en instandhoudende faktore met die fokus op die wisselwerking en interverwantskap van die kliënt se totale lewensituasie. Die ekologiese perspektief beteken dat "… *practice is directed towards improving the transactions between people and environments, in order to enhance adaptive capacities and improve environments for all who function within them"* (Germain 1979:8).

Hiervolgens kan pleegsorg gesien word as ’n maatreël wat ingestel word om transaksies tussen die kind en sy omgewing te verbeter ten einde positiewe aanpassing en normalisering te bewerkstellig.

Die begrip *ekologies* is eerstens in biologiese studies gebruik vir die bestudering van flora en fauna. Die voordele daarvan is egter ook in die sosiale wetenskappe besef, omdat dit die klem plaas op die interafhanklikheid tussen organisme en omgewing. Dit word ook as ’n geskikte metafoor beskou om die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing te bestudeer (Greif & Lynch 1983:56). Volgens Healy (2005:136) word daar veral sedert die 1970’s verwys na die ekosistemiese perspektief, wat die algemene sisteemteorie en die ekologiese perspektief bymekaar bring om die fokus en relevansie van die sistemiese perspektief in die maatskaplikewerkpraktyk te verbreed. Wanneer daar in hierdie studie na ekosistemies verwys word, impliseer dit ook die ekologiese perspektief.

Die ekologiese perspektief bied ’n raamwerk vanwaar die interverwantskap tussen veranderlikes op verskillende vlakke soos die individu, gesin, groep en gemeenskap, met ’n holistiese perspektief op die persoon in die situasie beskou kan word. Die ekologiese model van menslike ontwikkeling is deur Bronfenbrenner (1979) deur die verdeling van vier omgewingsisteme, naamlik die mikro-, meso-, ekso- en die makrosisteem saamgestel. Die sisteme verteenwoordig die verskillende operasionele vlakke van die individu, gesin, groep, gemeenskap, omgewing, kultuur en instellings in die ekologiese ontledingsisteme (Greif & Lynch 1983:56 en 58). Sheldon en Macdonald (2009:198) beskou die ekologiese perspektief as die doeltreffendste teorie om sin te maak uit die reeks van faktore en invloede op kinders se ontwikkeling. Die identifisering van die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteme en die wisselwerking tussen faktore werksaam op die verskillende vlakke is veral doeltreffend vir assesseringsdoeleindes.

In hierdie studie word pleegsorg gevolglik op die vier vlakke van die ekologiese model verken en beskryf, met ’n sterkteperspektief op die kind, die biologiese en pleeggesin, sowel as die sosiale en kulturele omgewing. Die integrasie van die ekosistemiese en sterkteperspektief word in die studie gebruik om die kliëntsisteem te beskou as ontwikkelend en aanpasbaar deur transaksies. Dit word gemotiveer deur die stelling van Waller (2001:10), “*A holistic, ecosystemic perspective is central to the strengths perspective. From an ecosystemic perspective, individual, family, and community change is not only possible, but inevitable and continuous.*” Die ekologiese model verbeter hanteringspatrone en ’n beter passing kan tussen individuele nood en die omgewing bewerkstellig word. Ingevolge die sterkteperspektief is die fokus derhalwe nie op patologie, tekortkominge en disfunksionering nie, maar wel op die identifisering van sterktes sowel as behoeftes (Zastrow 2001:51 en 54).

Daar word wegbeweeg van die ou paradigma van diagnostiese siektemodelle na die ontwikkeling van positiewe wisselwerking en transaksies van persoon-in-omgewing. Die kernkonsepte van die sterkteperspektief sluit in die beklemtoning van mense se vermoëns, waardes, belange, hulpbronne, prestasies, aspirasies, sterktes en veerkragtigheid. Teenspoed word as 'n uitdaging en groeigeleentheid in plaas van as bejammerenswaardig gesien, en elke persoon is verantwoordelik om saam te werk aan sy eie herstel (Zastrow 2007:55–56). Hiervolgens word die pleegsorgsituasie gesien as 'n groeigeleentheid wat hoop aan die kind moet bied, ten spyte van risiko- en talle negatiewe faktore wat aanleiding gegee het tot sorgbehoewendheid, verwydering en alternatiewe sorg.

Volgens Cowger en Snively (2002:108) is die hooffokus van maatskaplike werk in die konteks van die sterkteperspektief, "… *on developing more positive and promising transactions between people and their environments".* Met diè perspektief as uitgangspunt, staan die bemagtiging van mense sentraal tot die maatskaplikewerkpraktyk, wat waarskynlik individuele sowel as sosiale bemagtiging behels, omdat die hulpbronne intern en ekstern ontwikkel moet word. Die sterkteperspektief sluit aan by die fundamentele beginsels van die ekologiese benadering, wat 'n holistiese perspektief is en gebaseer is op die evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond van voortdurende wisselwerking met die omgewing. Hiervolgens behoort die pleegkind versterk te word deur die ontwikkeling van positiewe en versterkende transaksies op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteme, met ander woorde, vanaf mikro- tot makrovlak.

Op individuele ontledingsvlak word gekyk na aspekte van die kind soos persoonlikheid, ontwikkelingsbehoeftes, interne sterktes en veerkragtigheid, op gesinsvlak word oorgegaan na gesinsverhoudings, sterktes in die gesin en die moontlikheid van gesinshereniging, en aandag word ook geskenk aan die integrasie van die kind in die pleeggesin; op sosiaal-strukturele vlak word aandag geskenk aan faktore in die breë gemeenskap wat 'n invloed kan uitoefen. Op kinderbeskermingsdienste soos ekonomiese realiteite, maatskaplike kwessies en kinderwetgewing, en op sosiokulturele vlak word kulturele waardes, norme en geloofsoortuigings bespreek. (Vgl. Carlson 1984:571.)

Schoeman (1999:83) bevestig dat die ekologiese perspektief dit moontlik maak om die interverwantskap tussen veranderlikes met 'n holistiese perspektief op die persoon in die situasie te beskou. Sodanige benadering maak 'n sirkulêre kousaliteitsontleding moontlik deurdat gefokus word op die wisselwerking tussen verskillende aspekte op individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke.

Die integrasie van die ekosistemiese en sterkteperspektief vir die verkenning en beskrywing van pleegsorg verseker dat 'n veelheid van risikofaktore/behoeftes en struikelblokke, sowel as beskermende faktore/sterktes op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteme in ag geneem word ten einde indikators vir 'n wetenskaplik-gefundeerde werkswyse te formuleer. Die kwessie

van pleegsorg as alternatiewesorg-opsie vir die diverse behoeftes in Suid-Afrika word dus verken, beskryf en geanaliseer vanuit hierdie holistiese perspektief vir die doeleindes van maatskaplike-werkdienslewering in die beste belang van die kind.

1.3 UITGANGSPUNT, NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE WAT DIE STUDIE RIG

Die uitgangspunt van die studie is dat pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie 'n komplekse verskynsel is wat alleen verken en beskryf kan word deur 'n holistiese beskouing op die veelheid van faktore wat 'n rol in die suksesvolle bestuur en beheer daarvan in die maatskaplikewerkpraktyk speel. Na aanleiding hiervan word die navorsingsprobleem wat die ondersoek rig soos volg aangedui: 'n analise van die wisselwerking tussen risiko- en beskermingsfaktore op die individuele, gesin-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteme van kinders wat in pleegsorg as alternatiewesorg-opsie verkeer en die implikasies daarvan vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering.

Vanuit die navorsingsprobleem vloei die volgende navorsingsvrae voort:

- Wat behels 'n ekologiese perspektief op pleegsorg?
- Wat behels pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders?
- Watter individuele aspekte in die mikrosisteem van die pleegkind behoort ontleed te word ter versterking van die pleegsorgplasing?
- Watter gesinsaspekte in die mesosisteem behoort ontleed te word ter versterking van die biologiese en pleeggesin ten einde die doel van die plasing te bereik?
- Watter sosiaal-strukturele sisteme en faktore het 'n invloed op pleegsorgplasings?
- Watter sosiokulturele sisteme en faktore het 'n invloed op sorgbehoewendheid van kinders en pleegsorg as alternatiewe sorg?
- Wat is die implikasies van 'n ekologies-sterktegerigte analise van pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders ten einde aanwysers vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering te formuleer?

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel, doelstellings en doelwitte van die studie word soos volg aangedui:

1.4.1 Doel

Die doel van die studie is om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ekologiese perspektief op pleegsorg daar te stel sodat wetenskaplik-gefundeerde maatskaplike-werkdienslewering aan kinders in die pleegsorgstelsel afgestem kan word.

1.4.2 Doelstellings

Ten einde bogenoemde doel te bereik, word die volgende primêre en sekondêre doelstellings vir die studie onderskei.

Primêr word daar gestreef na die:

- omskrywing van 'n ekologiese perspektief as teoretiese raamwerk vir die studie, sodat pleegsorg vanuit hierdie benadering op die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme geanaliseer kan word;
- omskrywing van die verskillende vorms van pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie wat op die kort, medium, of lang termyn in die beste belang van die kind toegepas kan word;
- identifisering van sterktes en hulpbronne op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme van die individu, gesin, en sosiaal-strukturele en sosiokulturele aspekte wat benut kan word ter bevordering van geslaagde pleegsorgplasings in 'n sterktegerigte praktyk;
- identifisering en beskrywing van risikofaktore en struikelblokke op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme wat vermeend aanleiding gee tot kinderverwydering en pleegsorgplasings kan benadeel; en
- formulering van indikators vir die bevordering van doeltreffende maatskaplikewerk-dienslewering en beheer en bestuur van die pleegsorgpraktyk.

Sekondêr word daarna gestreef om:

- die resultate van die navorsing en enkele riglyne wat daaruit mag voortvloei beskikbaar te stel aan dienslewerende maatskaplikewerkstrukture op sowel plaaslike (welsynsinstansies) as streeks- en nasionale vlak (nasionale rade), sodat die bestaande praktyk geëvalueer en nuwe rigtings geformuleer en geïmplementeer kan word; en om

- die maatskaplikewerkprofessie se kennisraamwerk uit te bou deur die verkenning en beskrywing van pleegsorg as versorgingsopsie vir die sorgbehoewende kind vanuit 'n ekologiese en sterktegerigte perspektief.

1.4.3 Doelwitte

Die doelwitte word onderskei vir die literatuur- en empiriese ondersoek en word soos volg uiteengesit:

- Die doen van 'n literatuurstudie om:
  - 'n ekologiese benadering as konseptuele raamwerk vir die bestudering van pleegsorg daar te stel;
  - 'n bruikbare omskrywing van pleegsorg as alternatiewesorg-opsie vir sorgbehoewende kinders op die kort, medium, of lang termyn binne gesins- en gemeenskapsverband te formuleer;
  - 'n teoretiese fundering vir die ontleding van pleegsorg op die verskillende ontledingsvlakke van die individu (faktore in die kind se onmiddellike omgewing soos sy persoonlike vermoëns), gesin (die invloed van die gesin op die kind en sy interpersoonlike verhoudings), sosiaal-strukturele (faktore soos kinderwetgewing en ekonomie en die invloed daarvan op die kind in sy breër omgewing) en sosiokulturele (kulturele, geloof-, waarde- en normestelsel) vlakke daar te stel; en
  - om dienslewering vanuit 'n ontwikkelings- en sterktegerigte benadering vir die pleegsorgpraktyk te formuleer.
- Die doen van 'n empiriese ondersoek om pleegsorg as versorgingsopsies vir sorgbehoewende kinders op die kort, medium, of lang termyn binne gesins- en gemeenskapsverband te verken, met as stappe die:
  - opstel van 'n vraelys na aanleiding van die literatuurstudie as deel van die kwantitatiewe navorsing;
  - werwing van minstens 100 deelnemers deur gestratifiseerde, ewekansige steekproefneming;
  - steekproefneming onder maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste lewer by geregistreerde nieregerings-welsynsinstansies en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;

- doen van ’n loodsondersoek met minstens twee deelnemers ten einde die vraelysinhoud te toets;
- verstelling indien nodig van die vraelys na aanleiding van die loodsondersoek;
- implementering van die vraelys;
- organisering van fokusgroepe as aanvullende kwalitatiewetiewe data-insamelingsmetode om groepbesprekings te hou ten einde beter begrip te bekom oor hoe maatskaplike werkers voel en dink oor geïdentifiseerde kwessies in die pleegsorgpraktyk;
- selektering van deelnemers en fasiliteerders vanuit ’n pleegsorgseminaar waar fokusgroepe gebruik word om data te genereer;
- versameling, analisering, beskrywing en verklaring van data na aanleiding van kwalitatiewe fokusgroepbesprekings;
- vergelyking en interpretering van die ingesamelde gegewens by wyse van beskrywende statistiek en visualisering; en
- finalisering van die navorsingsverslag.

1.5 NAVORSINGSMETODE EN PROSEDURES

Sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsingsmetodes word in die literatuurstudie en empiriese ondersoek benut.

1.5.1 Literatuurstudie

Die navorsing word onderneem deur middel van ’n literatuurstudie uit handboeke, vakkundige tydskrifartikels, beleids- en statutêre dokumentasie, navorsing wat reeds gedoen is in die vorm van skripsies, verhandelings of proefskrifte, en gegewens van die internet verkry. Benewens maatskaplikewerkbronne sal ander verwante dissiplines in die geesteswetenskappe soos die sielkunde, kriminologie, sosiologie, opvoedkunde en gesondheidsberoepe ook geraadpleeg word.

Tydens die literatuursoektog wat die studie voorafgegaan het, is bevind dat die meeste van die beskikbare literatuur afkomstig is uit Brittanje, die VSA en Australië. Daar is gepoog om soveel as moontlik Suid-Afrikaanse publikasies, beleidsdokumente en ongepubliseerde verslae oor werksgroepe te raadpleeg (byvoorbeeld die konseppleegsorgbeleid van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling). Betreffende die statutêre aspekte is ’n Regskommissie (Law Commission 1996)

aangestel vir die hersiening van die voormalige Kinderwet nr. 74 van 1983 en die Children's Bill, Children's Act no. 38 of 2005 en die Children's Amendment Act no. 41 of 2007 wat daarop gevolg het. Enkele verhandelings is beskikbaar wat sekere aspekte van pleegsorg oor byvoorbeeld pleegsorg in die Afrika-gemeenskappe ondersoek, waarna later in die verslag toepaslik verwys word.

Die ekologiese benadering tot die verkenning en beskrywing van pleegsorg in die kinderbeskermingsisteem word as konseptuele raamwerk uiteengesit. Die teoretiese konsepte van die sterkteperspektief word beskryf ten einde in staat te wees tot die analisering van pleegsorg as versorgingsopsies op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteem wat ingestel is op sterktes en ontwikkeling. Nadat die ekologiese benadering met die integrasie van 'n sterktegerigte perspektief as konseptuele raamwerk bestudeer en uiteengesit is, word aandag geskenk aan pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir die kind en die verskillende vorms waarin dit in die praktyk voorkom. Daarna word daar aandag geskenk aan die kind as individu (mikrosisteem) betreffende verskillende ontwikkelingsfases en -take, die assessering van die kind se behoeftes en sterktes ten einde pleegsorg in sy beste belang te reël, asook as pleegsorgtoesigdienste. Die biologiese en pleeggesin (mesosisteem) van die kind word vanuit 'n ekologiese en sterkteperspektief bestudeer ten einde permanensiebeplanning vir die kind se toekoms te onderneem. Die sosiaal-strukturele faktore (eksosisteem) wat 'n aanleidende rol kan speel in die verwydering van kinders en pleegsorgplasing, soos byvoorbeeld ekonomiese werklikhede, die invloed van MIV en VIGS, en kinderwetgewing, word onder andere bespreek. Laastens word aandag geskenk aan die sosiokulturele vlak (makrosisteem) wat onder andere die rol van kulturele faktore, waardes, norme en geloofsoortuigings insluit. Die bespreking word deurlopend deur die interpretering van die literatuurgegewens aan die hand van die konseptuele raamwerk aangebied.

1.5.2 Empiriese studie

Vir die doeleindes van die empiriese studie word gebruik gemaak van 'n dominante kwantitatiewe vraelysopname om die pleegsorgpraktyk op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteme te verken en te beskryf ten einde 'n holistiese perspektief op die huidige stand van sake te bekom. Die ondersoek word aangevul met 'n kleiner komponent van kwalitatiewe fokusgroepbesprekings oor tendense wat vanuit die kwantitatiewe opname na vore gekom het. Betreffende die kwantitatiewe ondersoek, bestaan die populasie vir die ondersoek uit maatskaplike werkers in dienskantore van die staatsdepartement vir Maatskaplike Ontwikkeling en nie-regeringsorganisasies wat pleegsorgdienste nasionaal onder alle bevolkingsgroepe in die nege streke van die land lewer. 'n Lys van dienskantore van die genoemde privaat welsynsinstansies, sowel as die provinsiale kantore van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is beskikbaar op die webbladsy van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development

2002:http://www.socdev.gov.za/NPO). Die vraelyste word aan die genoemde instansies in elke streek gestuur met die versoek dat maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste in daardie betrokke streek lewer, vraelyste sal invul as verteenwoordigend van dienste wat deur die staat of privaatinstansies in die land gelewer word. Elk van die genoemde vier instansies lewer dienste onder alle bevolkingsgroepe in die nege streke van die land.

Die doel van die empiriese studie is om pleegsorg as alternatiewe sorg vir sorgbehoewende kinders op die kort, medium, of lang termyn op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteme (mikro-, meso-, ekso- en makrovlak) kwantitatief en kwalitatief te verken en te beskryf ter bevordering van wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering.

Daar word beplan om die data in te samel by wyse van gestratifiseerde ewekansige steekproefneming wat 'n waarskynlikheidseleksietipe steekproef is. Gestratifiseerde, ewekansige steekproefneming word as geskik vir die navorsing beskou, aangesien subgroepe met homogene eienskappe persentasiegewys daarby ingesluit kan word (Strydom 2005c:200). Met sodanige steekproefneming het elke element of segment van die populasie 'n waarskynlikheid om betrek te word (Marlow 2005:138). In hierdie geval kan die vier welsynsinstansies beskou word as subgroepe wat homogeen is betreffende pleegsorgdienste, maar wat elk in die praktyk volgens eie diensleweringsdoelwitte funksioneer en elkeen afsonderlik as 'n stratum beskou kan word. Uit elk van die drie nieregeringsinstansies word 'n steekproef getrek en die substeekproewe maak gesamentlik die totale steekproef uit van maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste lewer by nieregeringsinstansies waarvan die populasie soos volg daaruit sien:

- Vereniging vir Kinder- en Gesinsorgdienste met takke landswyd.
- Maatskaplikewerkinstansies van die Ned. Geref. kerk, wat bekend staan as die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) in Gauteng, Noordelike Provinsie, Mpumalanga, Noordwes, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap; CMR en Diakonale Dienste in die Noord- en Wes-Kaap; en die NG Welsynsdienste in die Vrystaat.
- Maatskaplikewerkinstansies van Vroue-organisasies soos Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) in die Vrystaat; die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap, die Natalse Christelike Vrouevereniging (NCVV) in KwaZulu-Natal en die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) in Gauteng, die Noordelike Provinsie, Mpumalanga en Noordwes.

Die populasie vir die nieregeringsorganisasies en die steekproefneming word in die onderstaande tabel uiteengesit. 'n Aanduiding van die grootte van die universum is op die genoemde webbladsy

bekom en kon intussen verander (Department of Social Development 2002: http://www.socdev.gov.za/NPO). Die getalle word egter as redelik betroubaar en realisties beskou.

Tabel 1: Steekproefgrootte onder nieregeringsorganisasies

Instansie	Universum	Steekproefgrootte
Verenigings vir Kinder- en Gesinsorgdienste	184	36
Ned. Geref. Kerk maatskaplikewerkdienste	109	24
Vroue-organisasies	258	51
Totaal	**551**	**111**

Die populasie vir nieregeringsorganisasies bestaan uit ongeveer 551 waarvan 111 by die ondersoek betrek word deurdat maatskaplike werkers by elk van hierdie instansies vraelyste moet invul. Die steekproefgrootte is 20% verteenwoordigend van die universum en daar word gevolglik voldoen aan die vereistes wat vir steekproefgrootte gestel word, naamlik 20% uit 'n universum van 500 met 100 deelnemers (Strydom 2005:196). Wat die staatsinstansies betref, word al nege provinsies betrek deur vraelyste aan provinsiale of dienskantore te stuur, met die versoek dat maatskaplike werkers betrokke by pleegsorgdienste by verskillende dienspunte dit invul. Daar word beoog om minstens drie vraelyste in elke provinsie te laat voltooi (9 X 3 = 27), wat die totale aantal vraelyste (111 + 27) op **138** te staan bring.

Die kwantitatiewe studie is dus die dominante paradigma en word aangevul deur 'n minder dominante komponent van kwalitatiewe ondersoek deur fokusgroepbesprekings. Dit is derhalwe 'n "*dominant-less-dominant*"-model wat gevolg word (De Vos 2002:366). Fokusgroepe word saamgestel uit deelnemers aan 'n seminaar oor pleegsorg met as teikengroep maatskaplike werkers betrokke by die pleegsorgpraktyk. Die besprekingsonderwerpe word geïdentifiseer na aanleiding van dominante temas wat vanuit die literatuurstudie na vore kom en die kwantitatiewe opname wat verdere ondersoek in groepsverband regverdig. (Vgl. 8.4.2 en 9.2.)

Data-analise vind plaas deur beskrywende statistiek vir kwantitatiewe gegewens wat uit vraelyste na vore kom. Die vraelys word in verskillende afdelings verdeel met itemnommers wat elektroniese verwerking moontlik maak. 'n Kundige konsultant sal vir die samestelling van 'n rekenaarpakket betrek word (Delport 2005:172). Kwalitatiewe data-analise geskied volgens die proses van: beplanning vir rekordhouding van data; data-opname en voorlopige analise; organisering, lees en skryf van memorandums; generering van kategorieë, temas en patrone; kodering; toetsings van begrippe wat na vore kom; soeke na alternatiewe verduidelikings; en verteenwoordiging en visualisering in die vorm van verslagskrywing (De Vos 2005:334).

Die empiriese ondersoek bestaan derhalwe hoofsaaklik uit kwantitatiewe en 'n aanvullende komponent van kwalitatiewe navorsing. Triangulasie vind plaas in die vorm van twee soorte data-insamelingsmetodes waardeur die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing verhoog kan word (Mouton & Marais 1992:92). Data word sowel kwalitatief as kwantitatief uiteengesit ten einde interpretasies, gevolgtrekkings en aanbevelings te doen met betrekking tot die studie wat onderneem word. Die navorsingsmetodes word in meer besonderhede in hoofstuk agt bespreek.

Vir die doeleindes van 'n voorafondersoek is drie nieregeringsorganisasies wat pleegsorgdienste in die Vrystaat lewer, geraadpleeg oor die behoefte aan navorsing in die betrokke diensveld sowel as bereidheid tot deelname. 'n Samewerkende en ondersteunende houding is in alle gevalle onder-vind. 'n Loodsondersoek sal vooraf onder minstens twee maatskaplike werkers gedoen word om die duidelikheid en werkbaarheid van die vraelys te toets en, indien nodig, regstellings aan te bring.

1.6 BEGRENSING VAN DIE STUDIE

Sowel plaaslike as internasionale bronne word vir die literatuurstudie benut en sluit boeke, vaktydskrifartikels, verhandelings, proefskrifte, relevante wette en beleidsdokumente, en verslae van werkswinkels en konferensies of studiegroepe in. Bronne vanuit maatskaplike werk, maar ook aanverwante wetenskappe soos die sielkunde, antropologie, opvoedkunde en regte word benut.

Die konseptuele raamwerk vir die studie is die ekologiese perspektief, wat fokus op wisselwerking en die verbetering van transaksies tussen persoon en omgewing ten einde aanpassing te bevorder. Die integrasie van die sterkteperspektief hiermee plaas die klem op positiewe en belowende transaksies wat verandering en hoop bewerkstellig. Die konseptuele raamwerk verseker dus 'n holistiese deurskouing van die onderwerp en rig die studie op die verkenning en beskrywing van al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme, naamlik die individu, gesin, sosiale en kulturele konteks waarbinne die kind beweeg en versorg moet word. (Vgl. 1.2.)

Die studie word geografies begrens tot maatskaplike werkers werksaam by welsynsinstansies wat kinder- en gesinsorgdienste aan alle rassegroepe in Suid-Afrika lewer. Die vereiste is dat die maatskaplike werkers ten tye van die invul van die vraelys of deelname aan die fokusgroepbespreking aktief betrokke moet wees by pleegsorgdienste.

1.7 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies geheg word aan fundamentele konsepte wat deurlopend in die navorsing gebruik word, word die volgende begrippe omskryf. Begrippe wat kenmerkend van 'n bepaalde hoofstuk is, word ten aanvang in daardie hoofstuk omskryf.

1.7.1 Alternatiewe sorg

In die literatuur word ook verwys na substituutsorg ("*substitute care*"), bedoelende dat die biologiese ouers tydelik of permanent vervang word met 'n surrogaatouer, -egpaar of -groep (Rice 1985:73). Inrigting- of pleegsorg bied "*parent-substitute*" of "*parent-alternative*" versorging aan kinders (Thoburn 1994:134).

Ingevolge artikel 167 van die Children's Amendment Act (2007:60) verkeer 'n kind in alternatiewe sorg indien hy in pleegsorg, 'n kinder- en jeugsorgsentrum, of 'n tydelike veiligheidsplek geplaas is ingevolge 'n kinderhofbevel of 'n bevel van die Strafproseswet, Wet no. 51 van 1977. Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip *alternatiewe sorg* en nie *substituutsorg* gebruik nie, aangesien eersgenoemde die term is wat in die nuwe kinderwetgewing gebruik word. Wetgewing is fundamenteel en toonaangewend in die lewering van kinderbeskermingsdienste en daarom word voorkeur gegee aan terminologie wat in amptelike dokumentasie verskyn.

1.7.2 Assessering

Assessering word deur Seabury (1985:348) beskryf as 'n voortgesette proses wat die werker en die gesin insluit, en waardeur die onderskeie probleme en omstandighede sowel as die sterktes en hulpbronne geïdentifiseer en begryp word. "*A good assessment is not one that focuses narrowly on problems and troubles or distils all information into a specific diagnostic category*." In die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:3), word assessering omskryf as: 'n dieptebeoordeling van 'n individu en/of sy gesin se omstandighede deur 'n multidissiplinêre span met die oog daarop om 'n evaluasie te maak, 'n prognose vas te stel en 'n behandelingsplan op te stel. Dit vereis dat die volgende geïdentifiseer word:

(a) Probleme en behoeftes van ouers en kinders.

(b) Kragte en vermoëns van die betrokke individu wat benut kan word vir probleemoplossing en behoeftevervulling.

(c) Beskikbare hulpbronne.

Hoewel die genoemde omskrywings na probleme verwys, word daar spesifiek gefokus op sterktes en hulpbronne wat ooreenstemmend is met die uitgangspunt van die studie. Cowger en Snively (2002:106), wat bekend is vir 'n werkswyse volgens die sterkteperspektief, beskou assessering as 'n vroeë en voortgesette geleentheid vir die kliënt en die werker om die probleem te formuleer en te herformuleer, die perspektief van tekortkominge na sterktes te verskuif, en die kliënt van geleenthede te voorsien om inspraak te hê in die metode waarop die probleem herstel kan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word met assessering bedoel dat daar 'n holistiese perspektief op die kliënt se menswees binne sy leefwêreld geplaas word (persoon-in-omgewing) ter identifisering van probleme, behoeftes, sterktes en hulpbronne, ten einde in samewerking met die kliënt sowel as ander toepaslike hulpverleners 'n plan van aksie daar te stel.

1.7.3 Ekologiese perspektief

Die ekologiese benadering is afkomstig van die konsep van ekologie en die beginsels van die algemene sisteemteorie. Ekologie verwys na die studie van komplekse wederkerige en aanpasbare transaksies tussen organismes en hul omgewing en die beginsels van die intieme verhouding van onderlinge verwantskap en wederkerigheid van die biologie. Dit is gedurende die negentiende eeu van toepassing gemaak op die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing (Greif & Lynch 1983:36). Die algemene sisteemteorie het vanuit die natuurwetenskappe ontwikkel om die prosesse of transaksies wat onderling tussen sisteme bestaan te beskryf. Dit is nie 'n kennisinhoud op sigself nie, maar is 'n denk- en analiseringswyse waarvolgens kennis van baie wetenskappe logies en geïntegreerd georden kan word om 'n sinvolle geheel te vorm (Greif & Lynch 1983:41).

Die integrasie van ekologiese konsepte by die sisteemteorie het ontwikkel tot die ekosistemiese of ekologiese perspektief, wat aan die maatskaplike werker 'n breë raamwerk bied waarvolgens die vlakke van die individu, gesin, groep, gemeenskap en instansies onderskeidelik volgens vier omgewingsisteme ontleed kan word, naamlik die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteem. (Vgl. Greif & Lynch 1983:58, Carlson 1984:570–578 en Ambrosina *et al.* 2008:60-63.) Deur die ekologiese perspektief word die klem geplaas op die interafhanklikheid en wisselwerking tussen die mens en sy omgewing (Germain & Gitterman 1996:5).

Menslike gedrag kan dus vanuit 'n ekologiese perspektief in terme van wisselwerking en transaksies tussen die mens en sy omgewing en wedersydse beïnvloeding en aanpassing geanaliseer word. Die veronderstelling is dat alle bydraende faktore tot die huidige situasie van 'n individu, gesin, groep of gemeenskap op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme in ag geneem word om sodoende 'n holistiese perspektief daarop te verkry.

1.7.4 Gesin

Tradisioneel is die gesin beskou as die vereniging van man en vrou in die huwelik vir die voortbring van 'n nageslag. Verskillende soorte gesinne word onderskei, soos die nukleêre gesin wat saamgestel is uit 'n getroude egpaar met afhanklike kinders. Daar is twee hoofsoorte saamgestelde gesinseenhede, naamlik eerstens die poligame gesinstipe, wat bestaan uit twee of

meer nukleêre gesinne wat deur meervoudige huwelike aan mekaar gekoppel is en waar een van die eggenote die gemeenskaplike lid is; en tweedens die uitgebreide gesinstipe bestaande uit twee of meer nukleêre gesinne wat by mekaar geaffilieer is deur 'n uitbreiding van die ouer-kind-verhouding (Cilliers 1974:14 en 20).

Die afgelope aantal jare het die beskouing van 'n gesin in die moderne samelewing egter baie verander deurdat daar nie meer so streng in terme van morele gedragskodes daarna gekyk word nie en dat dit nie noodwendig deur huweliksluiting voorafgegaan word nie. Heteroseksuele of homoseksuele pare wat in 'n saamleefverhouding betrokke is, of enkellopers wat kinders versorg, word ook as 'n gesin beskou.

Die definisie van Wiltse (1985:565) is 'n breër konsep. Dit beskryf die gesin in terme van sy kinder-opvoedingsfunksie en beskou dit as enige voortgesette verhouding van die wisselwerking en interafhanklikheid tussen twee of meer persone wat vir mekaar sorg, hulleself as 'n gesin beskou, in dieselfde huis woon, en dit as 'n huishouding beskou. Hierdie breë definisie sluit bejaarde egpare, homoseksuele pare en klein kommunale groepe in, wat 'n groot verskeidenheid van reëlings kan insluit, en wat onderskei word deur die bedoeling daarvan, asook die kontinuïteit en frekwensie van wisselwerking en veronderstelde verpligtinge teenoor mekaar. Die hoofgedagte hier is dus dat 'n groep persone wat vir mekaar sorg, verpligtinge teenoor mekaar nakom en in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan, as 'n gesin beskou kan word. Die sistemiese konsep van interafhanklikheid en wisselwerking kom ook in die omskrywing na vore.

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development 2nd Draft National Policy for Families 2004:13) het na omvattende samesprekings met verskillende groepe in die land ooreengekom op die volgende definisie: "*The family is a group of people (more than one) bounded together through consent; descent; legal means; adoption; and or emotional ties within a socio-economic system with the intent of permanency who shares responsibilities, have a common goal and that functions as a unit governed by family rules where norms, values and morals are developed and maintained."*

Dit is duidelik dat die definisie voorsiening moet maak vir die diverse omstandighede in Suid-Afrika. Daarvolgens kan 'n gesin op grond van wetlike of emosionele redes saamgestel word, maar dit is ook duidelik dat verantwoordelikhede en verpligtinge daarmee gepaard gaan en dat dit permanensie aan gesinslede moet voorsien.

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit ook belangrik om te let op die beskouing van die gesin volgens die ekologiese perspektief, wat deur Schoeman (1999:14) beskryf word as 'n voortdurend-ontwikkelende sisteem binne die ekologiese sisteem wat oor 'n interne orde beskik, en uit 'n aantal

interafhanklike subsisteme (die gesinslede) bestaan wat mekaar wedersyds beïnvloed en wat in wisselwerking met mekaar, die geheel, en die sisteme in die ekologiese sisteem verkeer. Wanneer daar dus in hierdie studie na die gesin verwys word, word dit in die breë konteks van 'n emosionele en/of wetlike verbintenis met bepaalde regte en verantwoordelikhede bedoel, maar ook met die inagneming van ekologies-sistemiese kernbegrippe van wisselwerking, interafhanklikheid en wedersydse beïnvloeding. Aangesien die pleegkind die hooffokus van die studie vorm, word die konteks waarbinne hy deur volwassenes versorg word as 'n gesin beskou.

1.7.5 Kind

Wanneer met die status van 'n kind gehandel word, is dit belangrik om te bepaal wie volgens die wet as 'n kind beskou word. Eerstens moet daar duidelikheid wees oor die spesifieke moment waarop die individu volgens wet 'n persoon word, en tweedens moet die ouderdom gespesifiseer word waarop die individu nie langer as 'n kind nie, maar as 'n volwassene beskou word. 'n Persoon is vanaf geboorte onderworpe aan die wet. Hoewel kinders voor geboorte nie onderworpe is aan die wet nie, word hul belange in sommige opsigte wel beskerm, soos byvoorbeeld beskermings-maatreëls oor eiendom of geld wat vanaf geboorte aan hulle beskikbaar gestel behoort te word (Davel 2000:2–3). Carstens en Du Plessis (2000:356 en 360) noem dat fisiese lewe na geboorte begin en verwys na die definisie van 'n lewende geboorte van die Wêreldgesondheidsorganisasie wat algemeen aanvaar word, naamlik dat 'n lewende geboorte geag word as een waar die kind spontaan asemhaal na verlossing uit die moeder se liggaam. Die skrywers verwys ook na die Wet op Terminering van Swangerskap, Wet 92 van 1996, wat voorsiening maak vir die terminering van 'n swangerskap met die ingeligte toestemming van die betrokke vrou, deur 'n mediese praktisyn of geregistreerde vroedvrou. Duidelik word 'n fetus nie as 'n kind of persoon beskou nie en derhalwe nie voorgeboortlik deur die Kinderwet beskerm nie.

Wanneer 'n minderjarige die ouderdom van 18 jaar bereik, verloor hy die spesiale beskerming wat deur artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika aan kinders verleen word (Davel 2000:15). Daar kan ook slegs met kinders ingevolge die Kinderwet gehandel word wat onder die ouderdom van 18 jaar is (Children's Act 2005:20).

Vir die doeleindes van hierdie studie word met 'n kind bedoel 'n persoon vanaf geboorte tot en met die ouderdom van 18 jaar. Dit gebeur egter dat kinders wat in pleegsorg verkeer steeds op skool is wanneer hulle die ouderdom van 18 jaar bereik en dan kan daar ingevolge artikel 176 van die Children's Act (2005:70) aansoek gedoen word, met gepaardgaande bewyslewering van hul skoolgaande status, vir spesiale vergunning om onder beskerming van die Kinderwet te bly. Die

pleegouertoelae word dan ook uitbetaal totdat hul skoolloopbaan voltooi is, maar kan nie die ouderdom van 21 jaar oorskry nie.

1.7.6 Pleegkind

'n Pleegkind is 'n kind wat in tydelike sorg en onder toesig van 'n ander persoon as sy ouer of voog geplaas is op grond van 'n Kinderhofbevel wat gemaak word ingevolge artikel 46(1)(a)(i) (Children's Act 2005:58). Kinders kan ook in pleegsorg geplaas word ingevolge artikel 290 van die Strafproseswet, no. 51 van 1977 wanneer hulle betrokke was by kriminele aktiwiteite. Sodoende kan voorkom word dat hulle verder in die kriminele sisteem beland, met 'n gevolglike kriminele rekord. Pleegtoesigdienste moet aan 'n pleegkind gelewer word soos deur die Kinderhof bepaal. (Vgl. artikel 65 van die Children's Act 2005:70 en artikel 186 van die Children's Amendment Act 2007:76.) Met pleegkind word dus bedoel 'n kind van enige ouderdom tussen geboorte tot en met die ouderdom van 18 jaar, of as spesiale vergunning tot 21 jaar terwyl skoolgaande, wat by goedgekeurde pleegouers in pleegsorg geplaas is onder toesig van 'n maatskaplike werker ingevolge 'n Kinderhofbevel.

1.7.7 Pleegouer

Enige persoon of egpaar, behalwe die ouer of voog, in wie se sorg 'n kind ingevolge die Kinderwet (Children's Amendment Act 2007:72) of die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) geplaas is, is die kind se pleegouer. 'n Pleegouer kan verwant wees aan die kind of dit kan persone wees wat aansoek doen om vir die doel gekeur te word. 'n Pleegkind kan ook aan 'n aktiewe lid van 'n groepspleegsorgskema ("*cluster foster-care scheme"*) toegewys word. Die aansoekers word aan 'n keurproses onderwerp waartydens hul bevoegdheid geassesseer word, waarna hulle op pleegouerskap voorberei word en deur middel van pleegsorgtoesigdienste tydens die verloop van die plasing bygestaan word. Pleegouers kan enkellopend, egpare, of deel van 'n groepskema wees en voorkeur word verleen aan pleegouers wat aan die kind verwant is. (Vgl. South African National Council for Child and Family Welfare 1987:88, Zaal en Matthias 2000:128 en Children's Act 2005:Interpretations.)

Pleegouers verkry wetlik toesig en beheer oor pleegkinders onder toesig van 'n maatskaplike werker, maar dit sluit nie voogdyskap oor die kind in nie (Schåfer & Schåfer 1997:88). Pleegouers mag dus nie toestemming tot die kind se huwelik, aanneming of verwydering uit die land verleen nie en kan ook nie besluite oor vaste eiendom van die kind neem nie (Children's Act 2005:38). Die verantwoordelikhede en regte van pleegouers word omskryf in artikel 188 van die Children's Amendment Act (2007:76) en kan op bevel van die Kinderhof uitgebrei word in gevalle waar die

kind verlaat is, 'n weeskind is, of gesinsherenigingsdienste nie in die beste belang van die kind is nie.

Pleegouer(s) is dus 'n persoon/persone, egpaar of lid van 'n groepskema wat aan die pleegkind die ervaring van 'n gesinslewe moet bied en in al sy versorgingsbehoeftes moet voorsien, maar wat slegs beperkte ouerlike regte kan uitoefen. Daar moet in gedagte gehou word dat die plasing tydelik is; dat gesinsherstel, indien moontlik, behoort plaas te vind; en dat die kind op die ouderdom van 18 jaar wetlik onthef word uit die versorgingsposisie, tensy dit ter wille van skoolopleiding verleng word.

1.7.8 Pleegsorg

In 'n konsepbeleidsdokument oor pleegsorg van die destydse Department Maatskaplike Welsyn (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2 en 4), word pleegsorg omskryf as statutêre, alternatiewe sorg binne die gesinsopset vir kinders wat nie deur hulle ouers op die kort, medium, of lang termyn versorg kan word nie, terwyl dienslewering by die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n spesifieke tydperk in hul sorg terug te plaas. Die kinders kan by nieverwante, goedgekeurde pleegouers of familielede soos grootouers, ooms, tannies, neefs of niggies geplaas word. Pleegsorg word ook beskou as 'n kind- en gesinsgesentreerde diens wat 'n koste-effektiewe en gemeenskapsgebaseerde wyse is om na kinders om te sien.

Colton en Williams (1997:48) het na 'n internasionale ondersoek oor tendense en diversiteite in pleegsorg die volgende breë definisie oor pleegsorg saamgestel: "*Foster care is care provided in the carer's home, on a temporary or permanent basis, through the mediation of a recognised authority, by specific carers, who may be relatives or not, to a child who may or may not be officially resident with the foster carers."* Die navorsers is dit eens dat pleegsorg reg oor die wêreld besig is om te verander en dat daar baie variasies daarvan in die praktyk voorkom. Daarom maak die definisie voorsiening vir kort- en langtermynversorging op 'n voltydse of deeltydse basis binne of buite familieverband. Dit wil voorkom of die betrokkenheid van 'n welsynsinstansie bepaal of dit as formele of informele pleegsorg beskou kan word.

Sommige navorsers sien die term pleegsorg as "… *all out-of-home placements for children who cannot remain with their birth parents. Children may be placed with non-relative foster families, with relatives, in a therapeutic or treatment foster care home, or in form of congregate care, such as an institution or a group home*." (Bass *et al.* 2004:6) Hierdie omskrywing sluit aan by die breë versorgingsopsies wat in die Kinderwet voorgestel word in terme van familie-, gedeelde, gedeeltelike en verskillende vorms van toesig in byvoorbeeld 'n kinderhoofhuishouding. (Vgl. artikel

46, Children's Act 2005:58.) In Suid-Afrikaanse wetgewing word pleegsorg beskou as die tydelike plasing van 'n pleegkind in die sorg van 'n persoon wat nie sy ouer of voog is nie. Dit geskied normaalweg op bevel van die Kinderhof onder toesig van 'n maatskaplike werker en 'n pleegouer-toelaag kan aan die pleegouers toegeken word (Schåfer & Schåfer 1997:88).

Vanuit die verskillende omskrywings is dit duidelik dat die bedoeling van pleegsorg is om aan kinders wat nie deur hul biologiese ouers versorg kan word nie, op die kort, medium, of lang termyn die geleentheid tot 'n alternatiewe gesinslewe en beskerming en versorging te bied. Deur middel van pleegsorg behoort daar stabiliteit en permanensie in die kind se lewe bewerkstellig te word, hetsy deur ouerlike herstel of 'n permanente alternatiewe plasing. Dit is ook duidelik dat pleegsorg nie eenvoudig omskryf kan word nie, omdat daar soveel diversiteite in hierdie vorm van alternatiewe sorg voorkom. Pleegsorg word in hoofstuk drie volledig bespreek.

1.7.9 Sorgbehoewend

'n Kind kan beskryf word as sorgbehoewend of aangewese op alternatiewe sorg wanneer sy huidige gesinsomgewing of ander lewensomstandighede nie in belang van sy ontwikkelings-behoeftes is nie (Zaal & Matthias 2000:116). Die kind moet dus deur die kinderbeskermingstelsel beskerm word deur verwydering uit bestaande versorging en plasing in alternatiewe sorg wat in sy beste belang sal wees.[1]

Gronde vir sorgbehoewendheid ("*in need of care and protection*"), word uiteengesit in artikel 150 van die Kinderwet (Children's Act 2005:58) en kom op die volgende neer: 'n kind wat deur sy ouers verlaat is, wees agter gelaat is, of sonder enige bestaansmiddele is; gedrag openbaar wat nie deur sy ouer of versorger gehanteer kan word nie; in die strate leef of werk; afhanklik is van afhanklikheidsvormende middels en nie ondersteun word om behandeling te ontvang nie; uitgebuit word; in omstandighede leef wat die kind fisies, verstandelik of sosiaal kan beskadig; in gevaar verkeer deur terug te keer na 'n ouer of versorger wat die kind se fisiese, verstandelike en maatskaplike welsyn ernstig kan beskadig; in 'n staat van psigiese of geestelike verwaarlosing verkeer; wat sleg behandel, mishandel, verwaarloos of afgetakel word deur 'n ouer of versorger of enige ander persoon onder wie se toesig die kind verkeer; in omstandighede verkeer waar hy 'n slagoffer van kinderarbeid is; of 'n kind wat in 'n kinderhoofhuishouding woon. Met sorgbehoewendheid in die studie word enersyds bedoel dat 'n kind se fisiese, psigiese, sosiale en geestelike welstand bedreig word deurdat sy versorgers nie hul verpligtinge nakom nie; of andersyds dat die kind se optrede van so 'n aard is dat hy nie deur sy versorgers beheer kan word

[1] Wanneer daar in hierdie navorsing na *sy* verwys word, impliseer dit ook *haar*; dus beide geslagte.

nie. Gronde vir sorgbehoewendheid kan dus op interne en/of eksterne vlak geleë wees; vandaar die noodsaak van 'n holistiese benadering tot die verskynsel.

1.7.10 Sterkteperspektief

Die sterkteperspektief is 'n benadering in maatskaplike werk wat poog om kliënte in terme van hul sterktes te verstaan. Dit behels 'n sistematiese ondersoek na oorlewingsvaardighede, vermoëns, kennis, hulpbronne en begeertes wat op die een of ander wyse gebruik kan word om die kliënt se doelwitte te bereik. Die kliënte self beskik ook oor belangrike kennis om problematiese aspekte sowel as potensiaal en moontlike oplossings te omskryf (Early & GlenMaye 2000:119). Die sterkteperspektief is waardevol vir die proses van assessering, intervensie en evaluering, omdat dit fokus op die ontdekking van potensiaal en hulpbronne, en wegbeweeg van die ou paradigma in die hulpverleningsprofessies van diagnosering, patologie, tekortkominge en disfunksionering. Dit is ook verwant aan bemagtiging en ontwikkeling en daarom uiters geskik vir die verkenning en beskrywing van pleegsorg waardeur gepoog word om aan die kind ontwikkelings- en groeimoontlikhede te bied. (Vgl. Zastrow 2007:54–55.)

1.7.11 Versorger

'n Versorger is enige persoon anders as die ouer of voog wat 'n kind versorg. Dit kan die volgende persone insluit: 'n pleegouer; 'n persoon wat die kind met toestemming van die ouer of voog ingevolge 'n informele reëling versorg; 'n persoon wat die kind in 'n tydelike veiligheidsplek versorg; die hoof van 'n kinder- en jeugsorgsentrum; die hoof van 'n skuiling; 'n kinder- en jeugsorgwerker wat vir 'n kind sorg wat sonder behoorlike gesinsorg in die gemeenskap verkeer; en 'n kind aan die hoof van 'n kinderhuishouding (Children's Act 2005:Interpretations). 'n Versorger kan dus 'n persoon wees wat vrywillig op 'n privaatreëling instem om die kind te versorg; of dit kan 'n persoon wees wat as substituut vir die ouer deur die hof aangewys is om die kind tydelik of permanent te versorg. Die versorger is derhalwe verantwoordelik om in die kind se basiese behoeftes te voorsien, maar het beperkte wetlike regte oor die kind.

Deur bogenoemde begripsomskrywings is gepoog om fundamentele konsepte sodanig te omskryf dat eenvorming interpretasie in die studie verseker word. Die titel van die proefskrif is ook volledig in die omskrywings gekonsepsualiseer.

1.8 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

In hoofstuk een word 'n oriëntering ten opsigte van die metodologie van die navorsing aangebied. Die doel van die studie word omskryf en kom kortliks neer op 'n verkenning en beskrywing van

pleegsorg in die maatskaplikewerkpraktyk ten einde ’n ekologiese perspektief op die huidige stand van pleegsorg daar te stel, sodat wetenskaplik-gefundeerde dienslewering aan kinders binne die pleegsorgstelsel kan plaasvind.

Die ekologiese benadering word as konseptuele raamwerk van die studie in hoofstuk twee beskryf, met ’n sterkteperspektief op die kind, gesin en gemeenskap waarbinne die pleegkind beweeg en versorg moet word. Hoewel faktore bespreek word wat aanleidend is tot die verwydering van kinders en pleegsorgplasing, word die studie volgens die beginsels van die sterkteperspektief gerig met ’n ingesteldheid wat hoop, ontwikkeling en groei vir die kind skep.

In hoofstuk drie word pleegsorg as alternatiewe sorg verken en beskryf met betrekking tot die historiese ontwikkeling daarvan, die filosofiese onderbou, die doel en beginsels waarop dit berus, diversiteite in pleegsorg, en die verskillende vorms waarin dit in die praktyk kan voorkom. Verder word die plek van pleegsorg op die kontinuum van versorging bespreek sowel as ander aspekte soos permanensiebeplanning en faktore wat suksesvolle pleegsorgplasings kan verhinder of bevorder.

Die eerste vlak van die ekologiese ontledingsisteem, naamlik die individuele vlak, word in hoofstuk vier bespreek. Hier word spesifiek aandag gegee aan die ontwikkelingsfases en -behoeftes van die kind, sowel as assessering, ten einde fisiese, emosionele, kognitiewe, maatskaplike en geestelike sterktes te identifiseer wat as uitgangspunt vir dienslewering gebruik kan word. Die kind word gesien as in voortdurende wisselwerking met persone in sy onmiddellike omgewing wat sy ouers, skool, portuurgroep en woonbuurt kan insluit. Daar word veral op die ontwikkeling van positiewe en belowende transaksies van die kind in sy omgewing gefokus.

In hoofstuk vyf word die tweede vlak van die ekologiese ontledingsisteem bespreek, naamlik die gesinsvlak. Hier word aandag geskenk aan die biologiese gesin van die kind en faktore wat daartoe aanleiding gee dat gesinne nie hul versorgingsfunksie ten opsigte van kinders kan nakom nie. Verder word die rol en funksie van die pleeggesin met betrekking tot suksesvolle pleegsorgplasings ook bespreek. Daar word ’n sterkteperspektief op voorkomingsdienste, vroeë intervensieprogramme en statutêre intervensie gestel met die oog op gesinsbewaring en gesinsherstel, waar moontlik.

Op die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem word daar in hoofstuk ses aandag geskenk aan ekonomiese realiteite soos armoede, kinderwetgewing, kinderregte, beleidsaspekte oor kinderbeskermingsdienste, welsynstrukture en ’n multidissiplinêre spanbenadering tot die voorkoming en behandeling van kinderverwaarlosing en mishandeling.

Die laaste hoofstuk in die literatuurstudie, naamlik hoofstuk sewe, handel oor die sosiokulturele aspekte wat 'n rol speel in die kinderbeskermingsisteem, met spesifieke verwysing na die hantering van pleegsorg in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Aspekte soos unieke kulturele waardes en norme, die multikulturele konteks en die invloed daarvan op die praktiese beoefening van pleegsorg, tradisionele gebruike, en geloofsoortuigings in die benadering van kinders word geanaliseer.

In hoofstuk agt word die navorsingsmetodologie van die empiriese ondersoek uiteengesit. Die ondersoek is hoofsaaklik kwantitatief van aard deurdat gebruik gemaak word van 'n gestruktureerde vraelys, maar daar word ook van fokusgroepbesprekings gebruik gemaak ten einde 'n aanvullende kwalitatiewe dimensie aan die studie te verleen. Die verwerking, kategorisering en interpretering van die empiriese gegewens wat vanuit die vraelyste en fokusgroepbesprekings bekom is, word in hoofstuk nege aangebied. Daarna volg die slothoofstuk wat bestaan uit die gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die literatuur- en empiriese ondersoek. Die navorsingsverslag bestaan derhalwe uit vier dele, naamlik 'n oriëntering (eerste hoofstuk), 'n literatuurstudie (hoofstukke twee tot sewe), 'n empiriese ondersoek (hoofstukke agt en nege) en 'n slotgedeelte (hoofstuk tien) waarin gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

1.9 SAMEVATTING

Pleegsorg is 'n vorm van alternatiewe sorg vir kinders wat sorgbehoewend deur die Kinderhof verklaar is en uit hul ouers of ander versorgers se sorg verwyder is. Dit is die soort alternatiewe sorg wat wêreldwyd die meeste gebruik word, omdat dit binne gesinsopset plaasvind waar die kind met meer persoonlike aandag en warmte versorg kan word. Die pleegsorgstelsel verkeer egter onder geweldige druk vanweë die toename in kinderverwaarlosing en -mishandeling; weeskinders as gevolg van VIGS-verwante sterftes; armoede; 'n tekort aan pleeggesinne; en 'n gebrek aan genoegsame hulpbronne, fasiliteite en mensekrag om die nodige dienste in die beste belang van die kind te lewer.

In die maatskaplikewerkpraktyk is reeds baie aanpassings gemaak deur die verskillende vorms waarin pleegsorg in die praktyk toegepas word in 'n poging om alle kinders te akkommodeer. Hierdie studie is daarop gerig om die huidige stand van pleegsorg in die Suid-Afrikaanse konteks op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme te analiseer. Ten einde hierdie doel te bereik, word 'n literatuurstudie onderneem oor die verskillende faktore wat pleegsorg beïnvloed op die vlak van die individuele kind, die biologiese en pleeggesin, en sosiaal-strukturele en sosiokulturele aspekte. Sodoende word gepoog om 'n holistiese perspektief op die pleegsorgstelsel te bekom.

Gestratifiseerde, ewekansige steekproefneming onder die staatsdepartement en private welsynsinstansies wat pleegsorgdienste lewer, word benut vir die invul van vraelyste ten einde uitvoering te gee aan die oorwegend kwantitatiewe navorsing. Fokusgroepbesprekings word gedoen vir die uitvoering van ’n kleiner kwalitatiewe komponent in die navorsing vir die doeleindes van triangulasie. Deur middel van die empiriese ondersoek word die huidige stand van die pleegsorgstelsel in Suid-Afrika met sy unieke behoeftes en diversiteite ondersoek ten einde te fokus op inheemse behoeftes en wetenskaplik-gefundeerde dienslewering daarvolgens aan pleegkinders te bevorder.

HOOFSTUK 2

EKOLOGIESE PERSPEKTIEF AS KONSEPTUELE RAAMWERK VIR DIE BESTUDERING VAN PLEEGSORG

In die eerste hoofstuk (vgl. 1.2) word die teoretiese fundering van die ondersoek gemotiveer, naamlik die ekologiese perspektief waarvolgens pleegsorg as alternatiewe sorg vir sorgbehoewende kinders verken, beskryf en geanaliseer word. Die ekologiese benadering is afkomstig van die konsep van ekologie en die beginsels van die algemene sisteemteorie wat fokus op die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing. Die perspektief is gekies omdat dit 'n holistiese raamwerk bied wat in feitlik enige diensveld van maatskaplike werk met die individu, gesin, groep, gemeenskap en instansies op mikro-, meso-, ekso- en makrovlak (Greif & Lynch 1983:35–36) toepasbaar is. 'n Holisties-ekologiese perspektief is integreerbaar met die sterkteperspektief, aangesien daar in die studie gepoog word om van probleemgeoriënteerde denke weg te beweeg na die ontwikkeling van positiewe en belowende transaksies tussen die pleegkind en sy omgewing.

Die sterkteperspektief is 'n denkwyse wat poog om hoop en optimisme te herstel en geleenthede aan kliënte binne 'n bepaalde omgewing te bied om in die rigting van gestelde doelstellings te beweeg. In die sterkteperspektief word die belangrikheid om op die kliënt se sterktes te bou beklemtoon en dit bring die kliënt, gemeenskap en hulpverleners saam in 'n verhouding wat daarop gefokus is om die beste in almal en alles te ondersoek (Saleebey 2002a:19–20).

Binne die ekologiese perspektief kan 'n verskeidenheid van modelle en hulpverleningsaksies tydens die beoefening van generiese maatskaplike werk toegepas word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar egter nie op hulpverlening as sodanig gefokus op nie, maar op die ontleding van pleegsorg op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteme ten einde 'n wetenskaplik-gefundeerde bydrae tot die pleegsorgpraktyk te maak. In hierdie hoofstuk word eerstens 'n kernagtige opsomming gebied oor die kernelemente van die sisteemteorie, aangesien dit bekend is dat die algemene sisteemteorie 'n sterk invloed op die ontwikkeling van die ekologiese perspektief gehad het. Daarna word die historiese ontwikkeling, filosofiese uitgangspunte, basiese beginsels en kernkonsepte van 'n sistemies-sirkulêre perspektief, die ekologiese perspektief en die sterkte-perspektief uiteengesit. Daar word ook verwys na die ou en nuwe paradigma in die hantering van maatskaplike problematiek in die konteks van die ekologiese en sterkteperspektief.

2.1 DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

Die algemene sisteemteorie is ontwikkel om die prosesse of transaksies wat onderling tussen sisteme bestaan te beskryf. Dit is spesifiek van belang vir die ekologiese perspektief wat handel oor die ordening van komplekse en meervoudige transaksies deur die voorsiening van 'n infrastruktuur bestaande uit konsepte wat data in terme van verwantskap organiseer. Die sisteemteorie is nie op sigself 'n kennisinhoud nie, maar 'n denk- en analiseringswyse wat kennis van verskillende wetenskappe akkommodeer (Greif & Lynch 1983:41).

Die historiese wortels van die algemene sisteemteorie kan so ver terug as die 1920's gevoer word na die werk van Von Bertalanffy (1975:6–7) se organismiese bestuderingswyse van die biologie en sy reaksie op die moderne wetenskap en toenemende spesialisasie. Die skrywer reageer met die ontwikkeling van die sisteemteorie op die enorme hoeveelheid data en kompleksiteit van tegnieke en teoretiese strukture wat in elke veld ontwikkel het en die gevolglike spesialisasie wat 'n breuk in integrasie tot gevolg gehad het. Elke wetenskap het geïsoleerd geraak in sy eie veld en dit was moeilik om van die een kokon na die ander te beweeg. In die moderne wetenskap het dit egter verander met die besef dat soortgelyke algemene uitgangspunte en konsepte in diverse velde soos fisiese en biologiese eenhede gevind word en dat daar met algemene sisteme gehandel word; dus universele beginsels wat op sisteme in die algemeen van toepassing is.

Rodway (1986:515) noem dat die sisteemteorie in 1956 sy finale beslag aangeneem het deur Von Bertalanffy se voorlegging wat hy beskryf het as *"the formulation and derivation of those principles which are valid for systems in general".* In die ontwikkeling van die teorie is konsepte van 'n verskeidenheid dissiplines soos die filosofie, sielkunde en neurofisiologie saamgevoeg. Die sisteemteorie se wortels is dus grootliks in die fisiese wetenskappe geleë terwyl die ekologiese benadering weer primêr vanuit die biologiese wetenskappe ontwikkel het.

Volgens Von Bertalanffy (1975:7–8) het die volgende drie beginsels wat algemeen-geldend vir sisteme is, bygedra tot die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie:

- Strukturele ooreenkomste in verskillende diensvelde soos dieselfde konsepte, modelle en wette wat onafhanklik ontwikkel het en gebaseer is op verskillende feite in byvoorbeeld biologiese en sosiale sisteme en derhalwe in verskillende vakgebiede oorgedra en toegepas kan word.
- Konsepte soos organisasie, geheel, kontrole, selfregulering en differensiasie word gebruik in die biologiese, gedrags- en sosiale wetenskappe in die hantering van lewende en maatskaplike groepe.

- Die algemene sisteemteorie is nie net suiwer wiskunde of 'n soeke na vae en kunsmatige analogieë tussen fisiese, biologiese en maatskaplike sisteme nie. Fisiese, organiese en maatskaplike sisteme is nie almal dieselfde nie, maar daar is wel in sommige aspekte 'n algemene teoretiese sisteem.

Die algemene sisteemteorie het dus vanuit die natuurwetenskappe ontstaan en ontwikkel deur die besef dat daar ooreenkomste in beginsels en konsepte is wat op die gedrags- en sosiale wetenskappe van toepassing gemaak kan word. Rodway (1986:514) is van mening dat die sisteemteorie in enige dinamies-wederkerige prosesse gebruik kan word om gebeurtenisse op individuele sowel as kollektiewe vlak te begryp in terme van konsepte soos strukture, grense, ekwilibrium, entropie, interaksie, onderlinge afhanklikheid, konflik en insette en uitsette van hulpbronne. Healy (2005:135) wys daarop dat die algemene sisteemteorie 'n dramatiese wegbeweeg van die psigoanalitiese raamwerke was wat maatskaplike werk gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu oorheers het. Dit kan vandag nog gebruik word om die individualistiese fokus van maatskaplike en gesondheidsdienste uit te daag.

Vanuit al die omskrywings kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die algemene sisteemteorie 'n raamwerk vir maatskaplike werk bied om orde te skep uit 'n magdom van inligting. Dit het 'n groot impak op maatskaplikewerkdienslewering gehad deurdat dit al hoe gewilder geraak het en algemeen deur die meeste maatskaplike werkers tydens die ontleding van situasies van die individuele kliënt, gesin, groep en gemeenskap gebruik is. Vervolgens word 'n samevatting gegee van enkele begrippe en eienskappe van die sisteemteorie.

2.1.1 Definisie van 'n sisteem

Soos wat die sisteemteorie ontwikkel het, is met verskeie definisies na vore gekom. Von Bertalanffy (1975:37), wat bekend staan as die ontwerper van die algemene sisteemteorie, definieer aanvanklik 'n sisteem as "… *a set of elements standing in interrelation*". Hall en Fagen (1975:52) beskryf 'n sisteem as "… *a set of objects together with relationships between the objects and between their attributes"*. Schoeman (1980:174) kom tot die gevolgtrekking dat 'n sisteem uit verskillende komponente kan bestaan wat in voortdurende wisselwerking met mekaar verkeer en mekaar sodoende beïnvloed. Die deurlopende hoofgedagte van die omskrywings het dus te make met die wisselwerking wat tussen verskillende entiteite plaasvind. Potgieter (1998:54) maak dit van toepassing op 'n sosiale sisteem wat beskryf word as 'n eenheid van mense wat deur die een of ander verhouding binne 'n bepaalde konteks, plek en tyd aan mekaar verbind word. Schoeman (1999:38) brei die definisie verder uit deur 'n lewende sisteem te beskryf as "… 'n dinamiese geheel

met ’n interne orde, bestaande uit ’n aantal interafhanklike subsisteme wat mekaar wedersyds beïnvloed deur middel van interaksie met mekaar en met die geheel”.

Vir die doeleindes van hierdie studie word ’n sisteem van toepassing gemaak op die pleegkind, die biologiese en pleeggesin, groep of gemeenskap as voorbeelde van lewende sisteme en wat bestaan uit interafhanklike subsisteme wat in voortdurende wisselwerking verkeer. Die sukses van die pleegsorgplasing is dus afhanklik van die wedersydse beïnvloeding wat tussen hierdie vier sisteme plaasvind. Enkele eienskappe van ’n sisteem word vervolgens bespreek in soverre dit verband hou met die ekologiese benadering tot die studie.

2.1.2 Eienskappe van sisteme

Met eienskappe word bedoel die vermoëns waaroor die objekte beskik. In die konteks van die sisteemteorie word die vermoëns waaroor sisteme kan beskik, bespreek en van toepassing gemaak op lewende sisteme soos die individu, gesin, groep en gemeenskap in die pleegsorgsituasie.

- **Subsisteme**

’n Sisteem kan verdeel word in verskillende subsisteme en voorwerpe wat tot een subsisteem behoort en kan ook beskou word as deel van die omgewing van ’n ander subsisteem (Hall & Fagen 1975:57). Volgens Schoeman (1999:39) kan ’n subsisteem een van die samestellende dele van ’n sisteem wees; dit kan op sy eie as volwaardige sisteem beskou word en dit kan ook deel van die omgewing van ander subsisteme uitmaak wat deel is van die oorspronklike sisteem. Indien die beginsel van toepassing gemaak word op die mens as lewende sisteem, kan die fisiese, psigiese, sosiale en geestelike aspekte van die mens as subsisteme beskou word. Wanneer die mens egter maatskaplike probleme ondervind, kan die sosiale aspek byvoorbeeld as sisteem uitgesonder word met spesifieke verwysing na aspekte wat deel daarvan uitmaak, soos die verhoudingslewe as subsisteem.

Schoeman (1980:177) maak hierdie beginsel ook van toepassing op die gesin as sisteem wat bestaan uit ’n verskeidenheid van subsisteme soos die vader, moeder, dogter of seun wat in voortdurende wisselwerking met mekaar verkeer. Indien daar op ’n spesifieke gesinslid soos die seun gefokus word wat as gevolg van sorgbehoewende omstandighede uit die gesin verwyder en in pleegsorg geplaas word, word die seun by tye die sisteem wanneer daar primêr tydens dienslewering op hom gefokus word. Dit is egter belangrik om te onthou dat die gesinsisteem as ’n eenheid funksioneer en dat verandering in een aspek ’n invloed het op die totale funksionering van die sisteem. Die maatskaplike werker wat dus ’n sistemiese benadering volg, sal in ag neem dat

dienslewering nie net op die seun kan fokus nie, maar dat ander subsisteme wat deel van die geheel vorm ook ŉ integrale en betekenisvolle deel daarvan uitmaak.

Schoeman (1980:177) bespreek ook die gemeenskap as ŉ lewende sisteem bestaande uit ŉ verskeidenheid van subsisteme soos die opvoedkunde, ekonomie, gesondheid, welsyn en politiek. Elk van hierdie subsisteme funksioneer egter ook as ŉ volwaardige sisteem met eie subsisteme. Volgens Bernstein en Gray (1997:22) word verwys na gemeenskappe wat in mense se behoeftes voorsien as responderend, terwyl nie-responderende gemeenskappe nie daarin slaag om ŉ stimulerende en opbouende omgewing te bied nie. Dit is byvoorbeeld wanneer toestande soos geweld, armoede, werkloosheid, behuisingsnood, kindermishandeling, drank- en dwelmmisbruik en ander maatskaplike verskynsels die bestendigheid van die gemeenskap as sisteem beïnvloed en die gemeenskap nie konstruktief hierop kan reageer nie, soos wat in hoofstuk ses (vgl. 6.5) bespreek word. Abstrakte subsisteme wat verwys na etiese, morele en kulturele waardes en norme wat binne ŉ gemeenskap geld, kan ook hierby ingesluit word (Schoeman 1999:41). Betreffende kindermishandeling kan dit ook verwys na die houding wat die gemeenskap handhaaf oor byvoorbeeld kinderregte en kinderbeskermingsdienste, soos wat later in hoofstuk sewe (vgl. 7.1–7.3) bespreek word.

- **Suprasisteem**

Die suprasisteem verwys na die omgewing van ŉ sisteem, dus die entiteite wat nie deur ŉ bepaalde sisteem omsluit word nie en kan beskou word as die hoërvlaksisteem wat die omgewing van ŉ laervlaksisteem uitmaak. Die gesinsisteem en die gemeenskap waarvan ŉ individu deel vorm, sowel as die subsisteme van die gesin en die gemeenskap, vorm die suprasisteem van die individu. Die individu is dus ŉ laervlaksisteem van die gesin- en gemeenskapsisteme, wat op hul beurt weer die hoërvlaksisteme is wat die suprasisteem van die individu vorm (Schoeman 1999:42). Prakties gesproke sal dit dus daarop neerkom dat die suprasisteem van die gesinsisteem kan bestaan uit ekonomiese, politieke, opvoedkundige en gesondheidstrukture, plaaslike besture en godsdienstige instellings wat beskermend of riskant vir die gesinslewe kan wees. Die interafhanklikheid tussen sisteme word soos volg in die onderstaande figuur geïllustreer. (Vgl. Schoeman 1980:179.)

Figuur 1: Interafhanklikheid tussen sisteme



Enkele ander eienskappe wat die werking van sisteme met die omgewing sowel as intern beskryf, word vervolgens bespreek. Eerstens word aandag geskenk aan **strukturele** konsepte van sisteme. 'n Sisteem het een of ander vorm van 'n **grens** wat dit van die omgewing skei en dit 'n onderskeibare identiteit gee. Die graad van die grens of die mate waartoe inligting en energie in- en uitvloei, bepaal hoe oop of geslote die sisteem is. Grense bepaal dus wat in die sisteem toegelaat word en wat die sisteem mag verlaat. 'n Sisteem is oop wanneer dit inligting en energie met die omgewing uitruil en dit is geslote as daar geen in- en uitvoer van inligting en energie plaasvind nie. 'n Oop sisteem raak geslote as die in- en uitvloei van energie afgesny word. Die mate van openheid of geslotenheid van 'n sisteem hang af van die hoeveelheid wat binne die sisteem is teenoor dit wat buite in die omgewing is (Hall & Fagen 1975:61).

Dit is dus 'n **inset-deurset-uitset-terugvoerproses** tussen die omgewing en die sisteem in 'n poging om stabiliteit en balans binne die sisteem te handhaaf (Schoeman 1980:179). Die **openheid of geslotenheid van sisteme** hang af van die soort grens van die sisteem en die transaksies met die omgewing. Geen lewende sisteem is ooit net oop of geslote nie en daarom is openheid of geslotenheid relatiewe begrippe (Greif & Lynch 1983:42). Die proses handel dus oor

insette waardeur die sisteem energie en inligting van die omgewing inneem en deur middel van 'n deursetproses daarvan gebruik maak om te groei en te ontwikkel. Deur uitsette te lewer reageer die sisteem deur 'n direkte invloed op die omgewing uit te oefen. Die insette, deursette en uitsette word grootliks bepaal deur die aard van die grens, wat kan wissel van te oop of te vaag, of hoe deurdringbaar of rigied dit is. Dit is as gevolg van die vermoë tot uitruiling met die omgewing deur middel van deurdringbare grense dat 'n sisteem sigself kan handhaaf en oorleef. Die aard van sisteemgrense word soos volg voorgestel. (Vgl. Schoeman 1999:52.)

Figuur 2: Aard van sisteemgrense

……..	----------	_____
Vaag (te oop)	Deurdringbaar (oop)	Rigied (geslote)

Duidelik deurdringbare grense is 'n voorvereiste vir normale funksionering, terwyl vae of te rigiede grense kan aanleiding gee tot die wanfunksionering van die sisteem. Wanneer hierdie eienskappe van sisteme op die studie van toepassing gemaak word, gebeur dit dikwels dat kinders sorgbehoewend bevind word deurdat daar nie 'n inset-deurset-uitset-terugvoerproses tussen die gesin en omgewing plaasvind nie. Daar word nie gebruik gemaak van hulpbronne en dienste nie vanweë vae of rigiede grense, wat kan aanleiding gee tot gesinsdisfunksionering en moontlike kindermishandeling. Pleegsorg word as alternatiewe maatreël beskou waardeur regstellings kan plaasvind en die kind blootgestel kan word aan normale gesinsfunksionering met deurdringbare grense en daar gebruik gemaak word van wedersydse positiewe beïnvloeding.

Die werking van oop en geslote sisteme word verder verduidelik deur die rol van entropie en negentropie. **Entropie** is 'n toestand van totale wanfunksionering en disorganisasie as gevolg van die ongereguleerde vloei van energie in die sisteem en dit kan tot selfvernietiging lei. In die geval van lewende sisteme, sal hierna verwys word as 'n relatief geslote sisteem wat sigself nie wil of kan oopstel vir nuwe energie of inligting vanuit sy omgewing nie (Schoeman 1980:182). 'n Sisteem wat te ver wegdryf van die aanvaarbare en nie pogings tot herstel aanwend nie, sal dus entropie ervaar. Dit impliseer dat geen uitruiling van insette of deursette van energie en inligting tussen die sisteem en die omgewing plaasvind nie. **Negentropie** verwys na 'n herstelproses wanneer die sisteem sigself oopstel vir beïnvloeding en nuwe energie en inligting vanuit die omgewing bekom ten einde wanfunksionering uit te skakel en 'n ordelike funksionering te bereik. Lewende sisteme het 'n herstelvermoë wanneer hulle oop is vir beïnvloeding om hul funksionering te verbeter en die balans te herstel (Schoeman 1980:182). Daar word na negentropie verwys wanneer suksesvolle

gebruik van beskikbare energie en gesonde onderhoud van die sisteem plaasvind (Greif & Lynch 1983:44). Betreffende die pleegsorgsituasie, sou sorgbehoewendbevinding en verwydering van die pleegkind uit sy ouerhuis gekenmerk word deur entropie, met ander woorde, 'n toestand van totale gesinsdisfunksionering. Wanneer die kind in pleegsorg geplaas word en positief reageer op dienslewering en die ouers reageer mettertyd op gesinsherenigingsdienste, vind daar 'n herstelproses plaas waarna verwys word as negentropie wanneer die kind teruggeplaas kan word.

In bogenoemde is daar telkens verwys na die strewe van 'n sisteem om 'n balans te herstel en stabiliteit te verkry. Dit is veral in die geval van oop sisteme wat in voortdurende wisselwerking met die omgewing verkeer waar die ewewigstoestand maklik versteur kan word en voortdurend verander. Die ideale toestand van ewewig word na verwys as die homeostase of ekwilibrium van die sisteem. Die omgewing reageer met positiewe of negatiewe terugvoer waardeur die ekwilibrium of **homeostase** in die sisteem versteur of in stand gehou word. Konstante positiewe terugvoer gee die boodskap aan individue of gesinne dat verandering nie nodig is nie en dat gedrag aanvaarbaar is, terwyl negatiewe terugvoer die nodigheid van herstel of rehabilitasie deurgee (Greif & Lynch 1983:44). Dit is veral lewende sisteme wat oor die vermoë tot aanpasbaarheid beskik deur op die omgewing te reageer op 'n wyse wat die voortbestaan van die sisteem probeer verseker (Hall & Fagen 1975:61–62).

Bogenoemde eienskappe illustreer die **interne** verwerking van eksterne energie deur die sisteem. Wanneer dit op die pleegsorggesin van toepassing gemaak word, kan dit soos volg geïllustreer word. Pleegouers wat 'n kind in pleegsorg neem, is afhanklik van inligting en ondersteuning (insette) van die welsynsinstansie, skool, kerk, bure, familie en vriende om suksesvol aan te pas. Die wyse waarop die gesin van hulpbronne en dienste (deursette) gebruik maak, sal afhang van hoe gebruikersvriendelik dit is en hoe groot die behoefte daaraan is. Indien die pleegkind geëtiketteer en te na gekom word by die skool, sal negatiewe terugvoer van die skool ontvang word en die *uitset* van die kind in die omgewing kan in die vorm van wangedrag voorkom. Aan die ander kant kan 'n gesinsvriend spesiale aandag aan die kind gee en gereeld by die gesin kom kuier, of die kind sportvaardighede aanleer, waardeur positiewe terugvoer ontvang word in die vorm van sportprestasies. Die ervarings wat die kind van die ongelukkige skoolsituasie in die pleeggesin indra, kan 'n toestand van entropie laat ontstaan wanneer die kind begin stokkiesdraai of nie gemotiveerd is om sy huiswerk te doen nie. Die positiewe gesinsvriend en gesonde sportbelangstelling kan weer 'n toestand van negentropie in die pleeggesin tot gevolg hê en as motivering dien om die pleegkind by spesiale afrigting by 'n sportklub te laat inskakel. Indien die pleeggesin as 'n oop sisteem met deurdringbare grense funksioneer, sal die homeostase voortdurend versteur word, maar deur positief te reageer op die invloede vanuit die omgewing en gebruik te maak van hulpbronne kan die ewewig in die gesin telkens weer herstel word.

'n Volgende konsep wat 'n sisteem definieer, is hiërargie. Hall en Fagen (1975:57) beskou die verdeling van sisteme in subsisteme as 'n vorm van **hiërargiese ordening**. Verskillende elemente van 'n sisteem kan op sigself deel wees van 'n laer- of hoërordesisteem en laervlaksisteme word omsluit deur hoërvlaksisteme. Só, byvoorbeeld is 'n individuele gesinslid 'n laervlaksisteem van die gesinsisteem. Schoeman (1980:184) verwys na Germain (1979) wat die georganiseerdheid van sisteme voorstel as 'n stel Chinese boksies wat van die kleinste na die grootste in 'n bepaalde hiërargiese orde van hoër- en laerordesisteme in mekaar pas. Greif en Lynch (1983:43) beskou hiërargie in die gesin as die verskil in status tussen individuele gesinslede of tussen verskillende gesinsubsisteme. Gesinslede het 'n bepaalde rangorde wat gebaseer is op die gesagsposisie wat oor sekere rolle en gesinstake aan hulle toegeken is. Dit impliseer dat grense die gesin van ander gesinne onderskei en dat daar binne die gesin ook grense is wat deur die reëls en gesagsposisie van verskillende gesinslede bepaal word. Só, byvoorbeeld sal 'n kind sy kindersubsisteemgrense oorskry indien hy sy broers of susters dissiplineer en in die proses die taak van die ouersubsisteem oorneem. (Vgl. kinderhoofhuishoudings 5.2.1.) Bogenoemde eienskappe van sisteme kan daarom as verwysingsraamwerk gebruik word om die interne prosesse en wisselwerking tussen sisteme en subsisteme te beskryf.

'n Ander eienskap ten opsigte van die interne toestand van 'n sisteem is **differensiasie**. Dit is die geneigdheid van die sisteem om met verloop van tyd in kompleksiteit te verhoog. Deur voortdurende dinamiese interaksie met die omgewing ontwikkel die sisteem en raak dit al meer gedifferensieerd. Differensiasie word beskerm deur normale, deurdringbare grense.

Onoptelbaarheid (*non-summativity*) kom voor as 'n gevolg van gedifferensieerdheid, wat beteken dat data bekom van geïsoleerde dele van die sisteem nie net bloot bymekaargetel kan word om die totale sisteem te verteenwoordig nie. Die rede hiervoor is die teenwoordigheid van nuwe elemente wat in die sisteem verskyn en hulle wisselwerking met die bestaande elemente (Greif & Lynch 1983:46). Aansluitend hierby is Schoeman (1999:41) van mening dat onoptelbaarheid van 'n sisteem nie net bloot die som van die dele is nie. Hy maak dit van toepassing op die gesin, wat in geheel meer is as die som van sy subsisteme of van die som van die karaktereienskappe van die subsisteme. Gesinslede se gedrag is interomsluit en daarom word daar nie net gefokus op die individuele gedrag van 'n gesinslid nie, maar op die transaksionele patrone binne die gesin. Zastrow (2001:38) gebruik die konsep van heelheid ("*wholeness*") om te verduidelik dat geen sisteem net begryp kan word deur dit in dele op te breek nie, aangesien dit 'n groter entiteit is as bloot die som van die afsonderlike dele. Wanneer 'n pleegkind dus by 'n pleeggesin geplaas word, is dit nie net bloot nog 'n kind/subsisteem wat tot die gesin toegevoeg word nie. Die wisselwerking binne die gesin word in alle opsigte hierdeur beïnvloed en daarom is voorbereiding op pleegsorg en begeleiding deur die proses van heraanpassing en integrasie by die gesin so noodsaaklik.

'n Verdere eienskap in die algemene sisteemteorie is dié van ekwifinaliteit en multifinaliteit. **Ekwifinaliteit** beteken dat 'n sisteem dieselfde finale staat kan bereik na aanleiding van verskillende omstandighede. **Multifinaliteit** beteken dat dieselfde omstandighede aanleiding kan gee tot verskillende uitkomste (Greif & Lynch 1983:49). Ekwifinaliteit impliseer dat dieselfde doel op verskillende wyses bereik kan word. So kan die terapeut byvoorbeeld tydens dienslewering aan die pleegkind die gestelde doel bereik deur gebruik te maak van verskillende intervensiemodelle. Multifinaliteit sou impliseer dat verskillende pleegkinders by dieselfde pleegouers verskillend reageer. Die een kind kan dalk glad nie aanpas nie en funksioneer beter na 'n oorplasing na 'n jeugsorgsentrum, terwyl die ander kind weer floreer by dieselfde pleegsorggesin.

Samevattend kan dit gestel word dat die basis van die sisteemteorie berus op die beginsel dat lewende sisteme in voortdurende wisselwerking met sy omgewing verkeer en wedersydse beïnvloeding plaasvind, en dat sisteme en subsisteme in 'n hiërargiese ordening van laer- en hoërordesisteme voorkom. Energie- en inligtinguitruiling vind plaas deur middel van 'n inset-deurset-uitset-proses oor sisteemgrense heen, wat kan wissel van vaag en deurdringbaar tot geslote. Die sisteem streef voortdurend na 'n toestand van ekwilibrium ten einde doeltreffend te funksioneer. Wanneer die sisteemteorie op maatskaplike problematiek toegepas word, impliseer dit dat betekenisvolle eienskappe en die wedersydse beïnvloeding daarvan op die individu, gesin, groep of gemeenskap in ag geneem word.

2.1.3 Die waarde van die algemene sisteemteorie in Maatskaplike Werk

Wat die sisteemteorie betref, is die interverwantskap van die elemente en die beginsel van **wisselwerking** of wederkerigheid in die interne staat van die sisteem een van die belangrikste aspekte wat die algemeenste in die kliniese praktyk toegepas word. Die beginsel dat 'n verandering in een deel van die sisteem gevolge vir die hele sisteem inhou, is fundamenteel tot die meeste persoonlikheidsteorieë en gesinsterapeutiese benaderings (Greif & Lynch 1983:47).

Die algemene sisteemteorie bied die volgende voordele vir die maatskaplikewerkpraktyk (Greif & Lynch1983:50–51):

- Eerstens is dit 'n wegbeweeg van die lineêr-oorsaak-gevolg modelle. (Vgl. 2.1.4.) Dit is 'n transaksionele model waarvolgens alle betekenisvolle elemente tydens assessering in ag geneem word, soos byvoorbeeld grense, strukture, hiërargie, transaksies, die vloei van energie en die interne staat van die sisteem. Assesserings is dus gebaseer op die sisteem se verhouding tot ander sisteme en is 'n multidimensionele beskouing van alle moontlike bydraende faktore tot die huidige maatskaplike situasie, wat verder strek as die vermoëns waaroor liniêre oorsaak-gevolg praktykmodelle beskik.

- Tweedens word holisme as 'n sistemiese denkwyse beklemtoon. Die fokus is op die persoon-in-situasie en die wisselwerking as 'n ekologiese geheel, eerder as aparte eenhede. Hiervolgens word na die pleegkind binne die totale konteks van sy persoonlike eienskappe, gesin-van-oorsprong, aanpassing by pleegouers en die omgewing gekyk, in plaas daarvan om byvoorbeeld net op uitdagende gedrag te fokus.

Die algemene sisteemteorie bied nie net vir maatskaplike werk nie maar ook vir ander dissiplines soos die antropologie, sosiologie, biologie en ekonomie 'n raamwerk om die wisselwerking van lewende sisteme te verstaan, verken en te beskryf. Dit bied 'n wetenskaplike perspektief wat verhoudings en transaksies tussen veranderlikes op individuele, gesins-, gemeenskaps- en organisatoriese vlakke verduidelik. Verder bied dit 'n perspektief aan praktisyns oor wat besig is om te gebeur, maar skryf nie voor wat om te doen nie (Greif & Lynch 1983:51). Dit voorsien 'n nie-liniêre raamwerk waarvolgens komplekse, menslike problematiek vanuit 'n verskeidenheid toepaslike intervensiemodelle aangespreek kan word wat ook op die ekologiese perspektief van toepassing is. Conradie, Schenck en Collins (1996:39) sluit hierby aan met die mening dat die waarde van die sisteemteorie daarin geleë is dat dit probleme en die veranderingsproses in terme van sirkulêre kousaliteit beskryf. Ten einde die verskil tussen sirkulêre en liniêre denkrigtings duidelik te stel word dit vervolgens uiteengesit.

2.1.4 Liniêre en sirkulêre benaderings

Ekologies-sistemiese denke fokus op die wederkerigheid van persoon-omgewing-uitruiling waartydens elkeen die ander met verloop van tyd vorm en beïnvloed. Hierdie soort denke verskil merkbaar van liniêre denke waarvolgens veronderstel word dat 'n veranderlike A op 'n spesifieke tydstip 'n effek op B het, terwyl A onveranderd bly. Daar is 'n deterministiese siening hierin: die gegewe A het B as noodwendige gevolg. Dit is nie te betwyfel dat liniêre denke eenvoudige menslike verskynsels kan verduidelik nie, maar ekologiese denke kan meer komplekse verskynsels verklaar soos wat tipies in die maatskaplikewerkpraktyk voorkom (Germain & Gitterman 1996:7).

Ekologies-sistemiese denke erken dat A 'n gegewe is maar voorspelbare gevolge op B hoef nie noodwendig te volg nie, veral in ag genome die feit dat menslike verskynsels te kompleks en daarom onvoorspelbaar is. Meer belangrik is die feit dat A en B in 'n wederkerige, eerder as 'n liniêre verhouding tot mekaar staan. A mag dus 'n gevolg op B uitoefen, wat weer op sy beurt 'n gevolg op A het, wat weer vir B kan beïnvloed – dit is dus 'n konstante kringloop van wederkerige invloede op mekaar. Elke element in die kringloop het 'n direkte of indirekte invloed op elke ander element; dus 'n sirkulêre benadering (Germain & Gitterman 1996:7).

Ekologiese denke is minder begaan oor oorsake as oor gevolge en daarvolgens moet gekonsentreer word op die verandering van wanverhoudinge tussen mense en hul omgewing. Die vraag, “Wat is aan die gang?” eerder as, “Waarom is dit aan die gang?” word gevra. Volgens die sirkulêre benadering word gefokus op die proses tussen A en B en die wederkerige beïnvloeding van ’n gebeurtenis op ’n sisteem en die aanpassings wat na aanleiding daarvan gemaak word. Vir die maatskaplikewerkpraktyk beteken dit dus dat begrip van ’n gebeurtenis slegs verkry kan word indien alle ander betekenisvolle aspekte by die analisering daarvan ingesluit word. Ingevolge die liniêre benadering moet daar noodwendig ’n oorsaak aangewys word om ’n gebeurtenis te verklaar en daarom bestaan die gevaar van die etikettering van persone. Volgens die sirkulêre benadering sal daar verwys word na ’n *kind in konflik met die wet*, maar volgens die liniêre benadering sal dit ’n *jeugmisdadiger* wees (Germain & Gitterman 1996:7). Die liniêre en sirkulêre benaderings kan soos volg skematies voorgestel word.

Figuur 3: Liniêre en sirkulêre perspektiewe



Die sistemiese benadering bied dus aan die maatskaplike werker die geleentheid om ’n begrip te ontwikkel vir faktore wat ’n betekenisvolle invloed op die maatskaplike funksionering van die

individu, gesin, groep of gemeenskap uitoefen. Ten spyte van al die genoemde voordele wat die sisteemteorie vir die praktyk inhou, word daar ook na bepaalde probleme verwys wat volgens Greif en Lynch (1983:53) by die toepassing van die algemene sisteemteorie ervaar word:

- Die hoogs abstrakte wyse van konseptualisering maak dit moeilik integreerbaar met die werklike probleme in die praktyk – dit is dus soms ingewikkeld om prakties te implementeer.
- Die staat van sisteemteorieë is verwarrend en die verskillende interpretasies daarvan gee aanleiding tot meer toepassings.
- Die taal wat deur sisteemteoretici gebruik word, is moeilik om in maatskaplike werk op te neem en te integreer.

Healy (2005:135–136) verwys na verdere kritiek op die sisteemteorie, naamlik:

- 'n Relatiewe eng fokus op die interaksie tussen die individu en onmiddellike omgewing en die onvermoë om ook die impak van makrostrukture aan te spreek.
- Die konsep van ekwilibrium gee aanleiding tot 'n oorbeklemtoning van die onderhoud van sisteemfunksionering en negatiewe terugvoer neig om die probleem in stand te hou. So kan gewelddadige gedrag van 'n gesinslid gesien word as 'n simptoom van die sisteem en daarom iets waarvoor die hele gesin verantwoordelik gehou kan word.

Bogenoemde problematiek word verminder wanneer ekologiese konsepte by die sisteemteorie geïntegreer word en dit 'n ekosistemiese perspektief aanneem. Vervolgens word gefokus op konsepte van die ekosistemiese perspektief.

2.2 EKOSISTEMIESE PERSPEKTIEF

Volgens Greif en Lynch (1983:53) het die "huwelik" tussen die algemene sisteemteorie en die ekologiese perspektief aan die maatskaplikewerkpraktisyn die vermoë besorg tot beter begrip van die maatskaplike omgewing waarin alle menslike wesens bestaan. Daar word ook daarna verwys as die ekosistemiese benadering. (Vgl. 1.2.) Wanneer 'n individu, gesin of groep binne sy ekologiese milieu waargeneem word en op die aard van transaksies gefokus word, is dit moontlik om die sterktes (in aansluiting tot die sterkteperspektief) en die behoeftes te assesseer en daarvolgens die intervensie te beplan.

Die bespreking van die ekologiese benadering word eers voorafgegaan deur 'n historiese perspektief op die hantering van maatskaplike problematiek, aangesien dit betrekking het op die oorgang van 'n ou na 'n nuwe paradigma wat ingelei is deur die ekologiese en die

sterkteperspektief. Daarna word daar spesifiek gefokus op die historiese oorsprong van die ekologiese benadering, die begronding van ekologiese denke en die waarde wat dit vir die maatskaplikewerkpraktyk inhou. Hierop volg 'n uiteensetting van die sterkteperspektief en die verband tussen die ekologiese en sterkteperspektiewe, waarna afgesluit word met die vlakke in die ekologiese ontledingsisteem. Dit word weer eens bevestig dat die studie nie op intervensie gefokus is nie, maar op 'n ekologiese verkenning en beskrywing van die kind, gesin en gemeenskap met 'n sentrale sterkteperspektief.

2.3 HISTORIESE ONTWIKKELING IN DIE HANTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEMATIEK

Maatskaplike werk se wortels is geleë in vrywillige welsynswerk met die motief om mense in nood te help. Daarom word die professie sedert sy ontstaan met menslike problematiek geassosieer. Die klem op menslike mislukking as die oorsaak van probleme het 'n konseptuele draad gevorm wat vandag nog in die praktyk aangetref word (Weick *et al*. 1989:350). Hoewel die fokus van dienslewering oor die jare heen gevarieer het, was dit grootliks gerig op dit wat verkeerd is met mense en hul omgewing. Menslike en maatskaplike problematiek kom meestal voor as oorweldigend, terwyl die hulpbronne onvoldoende en uiters beperk is (Weick & Chamberlain 2002:95–96).

Teen die einde van die negentiende eeu was maatskaplike dienslewering grootliks gerig op die gevolge van die Industriële Revolusie soos werkloosheid, kinderverwaarlosing, armoede, swak gesondheid en gevaarlike werksomstandighede in 'n stedelike en industriële konteks. Dit was die tyd toe vrywillige werkers dienste gelewer het deur Charity Organisation Movements and Settlement Houses. Die Charity Organisation Movement het in 1867 in Engeland ontstaan en later oorgespoel na Amerika met die doel om welsynsdienste, wat hoofsaaklik godsdienstig en moreel geïnspireer was, te koördineer. Hulp is deur die middel- en hoër sosiale klasse aan minderbevoorregte individue verleen en het oorwegend bestaan uit die voorsiening van kos en klere om armoede te verlig. Die poging om dienste en fondsinsameling te koördineer was die eerste teken van 'n wetenskaplike benadering. Die Nedersettingsbeweging (*Settlement Houses*) het gefokus op die voorsiening van nedersettings of behuising vir armes deur die hoër klasse, buurmanskap en gemeenskapswelsyn. Dit was weer gerig op die individu en sy gemeenskap met die doel om deelname, betrokkenheid en kollektiewe aksie te bewerkstellig. (Vgl. Bernstein & Gray 1997:36–41.) Dienslewering vanuit die twee bewegings was dus gesins- en gemeenskapsgeoriënteerd en op die persoon in die omgewing gerig ten einde armoedeverligting en maatskaplike opheffing te bewerkstellig. Dit was egter duidelik dat die klem op die identifisering van die problematiek en onvermoëns van die mens geval het.

Hieruit is dit ook duidelik dat maatskaplike werk se oorsprong ontwikkel het vanuit die konsep van morele gebrekkigheid of onvolkomenheid. Dienste soos die Charity Organisation Society is ook geïnspireer deur morele- en geloofsoortuigings waardeur probleme aan 'n gebrekkige morele wil gekoppel is (Weick *et al.* 1989:350). Weick en Chamberlain (2002:96) sluit hierby aan en stel dit dat daar gedurende hierdie periode twee basiese benaderings tot die hantering van problematiek gevolg is, naamlik:

- 'n **Moralistiese** beskouing waarvolgens individue wat arm, verslaaf, gewelddadig of kranksinnig was (soos destyds na geestesongesteldhede verwys is), beskou is as moreel en konstitusioneel gebrekkig. Die sentrale fokus was op die karakter van die persoon wat verander moes word.

- Vir ander denkrigtings was die **sosiale dimensie** weer die sentrale fokus en daar is van die veronderstelling uitgegaan dat hulpbronne soos behuising, sanitasie, opvoeding, buurskap en betekenisvolle sosiale wisselwerking mense bo die beperkings van hul omstandighede sal laat uitstyg.

Albei uitgangspunte, hetsy op die individu of die omgewing gerig, het geglo in die positiewe waarde van die maatskaplikewerkverhouding wat aangewend kan word as medium vir konstruktiewe verandering (Weick & Chamberlain 2002:96). Vandag word daar steeds baie waarde aan die bou van 'n professionele verhouding tussen die kliënt en die maatskaplike werker geheg, veral indien dit as 'n sterkte in hulpverlening aangewend word wanneer die kliënt aangemoedig word om uitdrukking te gee aan sy pyn. (Vgl. 2.7.10.)

Volgens Weick *et al.* (1989:350) en Early en GlenMaye (2000:121) het daar egter spoedig na die draai van die negentiende eeu 'n behoefte aan 'n meer professionele benadering ontstaan. Mary Richmond was een van die eerste persone wat gepoog het om 'n meer logiese en feitegebaseerde hulpverleningsmetode te volg met haar boek *Social Diagnosis* (1917). Daarin bied sy riglyne vir die oorweging van feite en die identifisering van die oorsake van die probleem, asook hoe dit aangespreek kan word. Dit was basies die begin van formele gevallewerk volgens die probleemoplossende benadering.

Daar is egter al hoe meer besef dat probleme eerder volgens 'n rasionele as moralistiese strategie benader moes word. Dit het aanleiding gegee tot 'n groter belangstelling in die **psigoanalitiese teorieë**. Aan die begin van die 1920's is die professie se beskouing van menslike probleme sterk beïnvloed deur die sielkunde en psigiatrie, wat ingewikkelde teorieë en terminologie gebruik het om menslike gedrag vanuit 'n intra-psigiese vertrekpunt en die noodsaak om hierdie diepliggende oorsake op te los, te verklaar. Die oorsaak van probleme is direk gekoppel aan die opklaring

daarvan; gevolglik kon geen konstruktiewe aksie geneem word alvorens die oorsaak daarvan nie blootgelê is nie. Dit was 'n patologiese beskouing van die individu, verwyderd van sy sosiale konteks en baie energie is gebruik om die probleem te verstaan, terwyl min aandag geskenk is aan kreatiewe maniere om die teenwoordigheid en die gevolge daarvan te verminder (Weick & Chamberlain 2002:97).

Gedurende hierdie tyd was hulpverlening baie ingestel op wat in die kliënt se verlede gebeur het, veral gedurende die kinderjare, deurdat dit gesien is as die oorsprong van probleme wat die kliënt teenswoordig ervaar. Hulpverlening was patologies georiënteerd (Ferreira 2004b:59). Dit is dus duidelik dat maatskaplike werk tydens hierdie fase nog nie werklik 'n eie kennisraamwerk met 'n eiesoortige konseptuele raamwerk ontwikkel het nie. Die taal van die patologie waarvolgens diagnoses gemaak is, is oorgeneem en daar is geglo dat oorsake gevind moes word alvorens oplossings gevind kon word en dat, as die oorsake uitgewis is, die probleem opgelos sou wees.

Die **psigososiale benadering** het in die 1930's 'n aanvang geneem. Dit het basies dieselfde benadering as die voorafgaande gevolg, maar het ook gepoog om die sosiale sisteme van die individu te verstaan. In die 1950's is met **gesinsterapie** begin, waar maatskaplike werkers al meer begin staatmaak het op die sisteemteorie om gesinsfunksionering te analiseer (Early & GlenMaye 2000:121).

Vanaf die sestigerjare van die twintigste eeu het daar egter ook terapieë soos gedragsterapie en die Gestaltterapie ontwikkel, wat 'n sterker fokus op die hier en nou geplaas het, terwyl die invloede van die verlede nie meer soveel aandag geniet het nie. In verdere ontwikkelings in terapie het die fokus na die toekoms en na alternatiewe vir die patologiemodelle verskuif (Ferreira 2004b:59). Na die 1960's is probleme as 'n noodwendige deel van die alledaagse lewe van mense beskou en daarom is maatskaplike werk as 'n **probleemoplossende proses** gesien (Helen Harris Perlman 1963). Daar was ook bewegings wat op geleenthede tot **selfontwikkeling** en die mens se sterk en ingebore instink tot vordering en vooruitgang gefokus het (Charlotte Towle 1965). Gedurende die 1970's (Harriett Bartlett) is die idee van **lewenstake** ("*life tasks*") en die behoefte om rasionele bewussynsprosesse by die hantering van lewensituasies te gebruik vooropgestel. Hierdie beskouing is gehandhaaf in die werk van Carel Germain en Alex Gitterman (vgl. 2.5.7) met hul lewensmodel waarin "*problems in living*" in drie interverwante areas beklemtoon is, naamlik: lewenstransaksies, omgewingsdruk en interpersoonlike prosesse. Die kern van die benadering kom daarop neer dat menslike problematiek geassesseer kan word deur die persoon daaroor te laat praat en sodoende die rigting vir optrede te bepaal wat die individu, gesin en hulpbronne in die gemeenskap tot besluitname en oplossing kan aktiveer (Weick & Chamberlain 2002:41).

Hierdie benaderings het die beperkte fokus van hulpverlening op die individu verbreed deur dit te verskuif na die omgewing en die wisselwerking en ontleding van die aard van transaksies wat tussen persoon en omgewing plaasvind. Weick *et al.* (1989:351) stel dit dat, hoewel die ekologiese perspektief die belangrikheid van positiewe beïnvloeding tussen persoon en omgewing erken, dit steeds die vermindering van negatiewe transaksies ten doel het en daarom is daar steeds 'n subtiele geneigdheid tot 'n negatiewe dominansie. Die sterkteperspektief kon egter aansluit by hierdie beweging om met die persoon binne sy alledaagse lewenskonteks te werk deur ontmoeting en toetrede in die ontdekking en herbevestiging van talente, vermoëns en aspirasies en sodoende bo die probleem uit te styg (Weick & Chamberlain 2002:95).

Ferreira (2004c:10) gee 'n samevatting oor die ou paradigma waarvolgens maatskaplike werk die meeste van sy teorieë en praktyk ontwikkel het volgens die aanname dat die kliënt 'n kliënt word omdat hy 'n swakheid, afwyking, probleem, patologie, of siekte het en dat mense wat in nood beland hulpbehoewend en vol swakhede is. Professionele denke is gerig deur siekte en versteuringsgebaseerde denke, wat ingestel was op die maak van diagnoses en die etikettering van persone as 'n alkoholis, kriminele oortreder, of die een of ander patologie. Hierdie negatiewe konstruksies het 'n invloed op hoe die kliënt na homself kyk en hoe hulpbronne toegeken word aan groepe soos gestremdes en mishandelde vroue en kinders. Die verhouding tussen hulpverlener en hulpbehoewende is gekenmerk deur afstand, beheer en magsongelykheid en het dikwels die effek van hulpeloosheid op die kliënt, wat besluitneming rondom sy toekoms gelate moes aanvaar. Assesserings is probleemgebaseer en die fokus word geplaas op dit wat verkeerd is, met 'n liniêre beredenering van oorsaak-gevolg. (Vgl. 2.1.4.)

Betreffende die situasie in Suid-Afrika is maatskaplike dienslewering voor die demokratiese verkiesing in 1994 gekritiseer as ontoepaslik, nie ontwikkelingsgerig nie en dat dit afhanklikheid kon skep. Dienste was individualisties en gebaseer op die mediese model, wat fokus op diagnoses en behandeling van die kliënt, waartydens laasgenoemde die passiewe ontvanger van dienste was. In teenstelling hiermee is 'n ontwikkelingsgerigte benadering deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanvaar wat op die sterktes in individue, groepe of gemeenskappe gebaseer is. Die aanvaarding van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn in 1997 het 'n naamsverandering van die Departement van Maatskaplike Welsyn na Ontwikkeling teweeggebring, met 'n paradigmaskuif van welsyn na ontwikkeling (Department of Social Development Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services 2006:11–12).

Volgens die nuwe paradigma word daar eerder op gefokus om mense te help om drome en aspirasies te ontwikkel, doelwitte dienooreenkomstig te formuleer en om eienaarskap te neem vir die realisering daarvan. Mense word bygestaan om kennis van die verlede en huidige sterktes te

neem en om gemeenskapsterktes en hulpbronne te ontwikkel. Die gestelde doelwitte en die betekenis daarvan moet as voortdurende energie en inspirasie tot bemeestering vir die kliënt dien (Ferreira 2004c:11).

Samevattend kan dus gesê word dat die historiese perspektief van maatskaplike problematiek grootliks beïnvloed is vanuit die mediese model, met 'n liniêre perspektief van 'n oorsaak-gevolg-verhouding en die gevolglike diagnoses en etikettering wat by die toepassing van maatskaplikewerkhulpverlening aan mense plaasgevind het. Vakterminologie is deur diagnoses en sindrome soos verslawing, patologieë, wanfunksionering, ongesteldhede, kriminaliteit en afwykings oorheers en die indruk word geskep dat daar maklik gevolgtrekkings oor kliënte se prognose tot herstel al dan nie gemaak is. Die ontwikkelingsgerigte benaderings- en sterkteperspektief beweeg weg van die siekteversteurde-gebaseerde denke na potensiaal, hoop, hulpbronne, sterktes en selfaktualisering (vgl. 2.7), terwyl die ekosistemiese perspektief weer 'n holistiese beskouing van die persoon in wisselwerking met sy omgewing verseker.

2.4 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE EKOSISTEMIESE PERSPEKTIEF

Die menslike wese is deur die negentiende-eeuse sosiale wetenskap as losstaande van sy omgewing beskryf. Die geneigdheid het bestaan om óf op die individu óf op die omgewing te fokus. Hierdie dualisme kan waarskynlik deels toegeskryf word aan die feit dat die mens as die hoogtepunt van die skepping gestel is en daaroor moes heers. Die skeiding van mens en omgewing in wetenskapsbeoefening sou dus tot 'n mate te wyte kon wees aan die hoë waarde wat die mens aan godsdiens geheg het (Grobbelaar & Louw 1990:16). Die skrywers verwys na filosofiese beredenerings oor die mens en sy omgewing binne godsdienstige konteks en haal Jordaan en Jordaan (1984) aan wat 'n moontlike verklaring hiervoor gee in hul bespreking van die metafisika. Dit behels die formulering van spekulatiewe antwoorde op die vraag, "Wat sit agter alles wat is?" Dit is spekulatief, omdat die soort antwoord wat gegee word betreklik ontoeganklik vir empiriese bevestiging of ontkenning is. Een van die antwoorde is egter om God agter alles te plaas en so te probeer sin uitmaak van alles wat met die mens gebeur. Deur godsdiens kan sin en betekenis gegee word aan elke dag se gebeure en die gelowige wat strewe na dit wat goed en eerbaar is, kan die lewe en teenspoed makliker hanteer (Grobbelaar & Louw 1990:16).

Volgens Schoeman (1999:62) behoort die soeke na dit wat agter alles is juis die fokus op die mens in sy ekologiese konteks te plaas en integrasie in die ontleding en beskrywing van die individu binne sy ekologie te bevorder. Godsdiensbelewenis kan derhalwe ondersteun en deur middel van insette vanuit die suprasisteem in stand gehou word . Wat die rol van godsdiens vir die mens en sy

omgewing betref, bestaan die mening dat die mens juis tot eer van God kan leef deur homself lief te hê en sy omgewing op te bou en sodoende 'n geïntegreerde gesonde lewensruimte te skep wat in totaliteit bevorderlik is vir die mens-in-konteks. In aansluiting by die sterkteperspektief kan die sin en betekenis wat godsdiens aan die mens gee ook as 'n sterkte aangewend word deurdat dit gelowiges versterk om ten spyte van traumatiese ervarings te oorleef en te groei. (Vgl. 7.3.)

As gevolg van die liniêre beskouing van tyd, ruimte en oorsaaklike kenmerke van die wetenskap voor die twintigste eeu, is die mens en sy omgewing steeds gefragmenteer en verskillende gedragsuitinge van die mens in verskillende situasies, word dikwels geïgnoreer (Grobbelaar & Louw 1990:15). Vanaf die 1920's tot die 1960's het die meeste maatskaplike werkers gebruik gemaak van die mediese model om verandering in menslike gedrag te bewerkstellig. Die benadering is primêr deur Sigmund Freud geïnisieer en daarvolgens is kliënte as pasiënte gesien. Die taak van die diensverskaffer was eerstens om 'n diagnose te maak oor die rede vir die pasiënt se probleme en om dan die nodige behandeling te verskaf (Zastrow 2001:39). Die mens en sy omgewing is dus steeds as twee aparte entiteite beskou.

Gevallewerk het gedurende die 1920's beslag gekry met Mary Richmond se psigososiale konsep van gevallewerk. Die beginsel van 'n praktyk gegrond op die persoon-in-situasie is toe reeds erken; tog het die professie gesukkel om met sukses hulp aan die mens te verleen en die omgewing te verander. Twintig jaar later het groep- en gemeenskapwerk begin ontwikkel as alternatiewe metodes om dieselfde menslike nood en probleme aan te spreek deur aan verskillende eenhede aandag te skenk. Praktykbeoefening het binne bepaalde eenhede begin ontwikkel, soos byvoorbeeld deur welsynsinstansies, hospitale en skole waar dienslewering op bepaalde metodes begin fokus het en dus nog steeds gefragmenteerd was. Maatskaplike werkers het hulleself geïdentifiseer met verskillende benaderings tot gevallewerk en psigoterapie terwyl daar grootliks op persoonlikheidsversteurings gefokus is, wat meestal aanleiding gegee het tot 'n ongebalanseerde beheptheid met die persoon in plaas van die persoon-in-omgewing (Greif & Lynch 1983:54). Die oorsake van probleme is dus steeds binne die persoon self gesoek, hoewel erken is dat omgewing ook 'n rol speel, maar die wedersydse invloed wat die twee entiteite op mekaar uitoefen, is nie erken nie.

Volgens Schoeman (1999:61) kon die gebrek aan teoretiese begronding van die beginsel dat die mens en sy omgewing mekaar wedersyds beïnvloed dit moeilik gemaak het om volgens hierdie paradigma maatskaplikewerkhulpverlening toe te pas. Dit het meegebring dat die mens se invloed op sy konteks en die invloed van die konteks op die individu nie altyd in ag geneem is nie.

Gedurende die 1950's het daar in die sosiale wetenskappe meer dinamiese konsepte begin ontwikkel oor sosiale rol, sosiale klas, etnisiteit, gesinstruktuur, afwyking en burokratiese

organisasies. Terselfdertyd het die psigoanalitiese teorie 'n aangepaste uitgangspunt en nuwe idees oor die ego en sy verhouding met die omgewing ontwikkel. Hierdie ontwikkelings was betekenisvol vir maatskaplikewerkpraktisyns, aangesien die belangrikheid van maatskaplike funksionering as hoofsaak vir professionele aandag al hoe meer besef is en die nuwe fokus het op die ego en sy reaksies op die interne en eksterne beïnvloeding geval. Ten spyte van die feit dat diagnostiese assesserings met inagneming van sosiale en omgewingsfaktore gedoen is, was intervensie steeds gerig op gedragsverandering en rolfunksionering. As rede hiervoor is aangevoer dat daar steeds 'n gebrek aan kennis bestaan het oor omgewingstrukture waarbinne rolle gesetel was (Germain 1979:3). Hoewel daar dus 'n bewuswording was en telkens verwys is na die belangrike rol van die omgewing, het dienslewering nie werklik verander nie, waarskynlik steeds as gevolg van gebrekkige kennis oor omgewingstrukture waarbinne die mens funksioneer.

Sedert die begin van die maatskaplikewerkpraktyk is die konsep *omgewingsmodifikasie* ("*environmental modification*"), as deel van maatskaplike werk se verwysingsraamwerk gebruik om te verwys na belangrike diensvelde soos pleeg- en inrigtingsorg, ontslag-voorbereiding na institusionalisering, finansiële en ander konkrete hulpverlening, en die manipulering van gesinslede en ander betekenisvolle persone ter wille van die kliënt se welsyn. Daar is ook verwys na groepwerk en blootstelling aan stedelike en natuurlike omgewings deur uitstappies of kampe te reël. Hierdie soort dienste was dikwels nie van professionele aard nie en gevolglik was die uitkomste ook maar swak (Germain 1979:4). Dit sluit aan by die feit dat maatskaplike werk gedurende die 1960's gekritiseer is vir die onvermoë om 'n verskil te maak aan probleme soos armoede en 'n gebrek aan beginsels waardeur aksie geneem kan word om omgewingsverandering te bewerkstellig (Greif & Lynch 1983:55).

Germain (1979:5) voer die volgende twee redes aan vir hierdie toedrag van sake:

- Direkte maatskaplikewerkdienslewering het 'n geringe impak op grootskaalse probleme soos armoede en rassisme gehad; tog kon daar wel tot 'n mate 'n verskil gemaak word deur die probleme in samewerking met ander dissiplines soos die regte, ekonomie, politieke wetenskap en stedelike beplanning aan te spreek. Beginsels in maatskaplike werk maak daarop aanspraak dat maatskaplike ongeregtighede uitgeskakel behoort te word, maar dit is onmoontlik vir die praktyk alleen om die probleme op te los, alhoewel kritici dit verwag het.
- Daar was geen beginsels beskikbaar vanuit die omgewings- of gedragswetenskappe of maatskaplike werk waardeur omgewingsprobleme op kleiner skaal aangespreek kon word nie. Daar was wel nuutontwikkelde areas soos milieuterapie wat gefokus het op die omgewingsbehandeling van persone in inrigtings vir geestesongesteldheid en ander vorms

van inrigtings- sowel as gesinsterapie wat beginsels vir optrede ten opsigte van die gesin ontwikkel het ter bevordering van die individu se welsyn.

Hieruit is dit duidelik dat weinig positiewe uitkomste op maatskaplikewerkdienste behaal is en dat die professie hieroor gekritiseer is. Daar moes dus dringende aandag geskenk word aan 'n meer wetenskaplik gefundeerde kennisraamwerk, veral ten opsigte van strukture in die gemeenskap en beleidsverandering. Verder is dit duidelik dat daar 'n bewustheid bestaan het oor die mens se funksionering binne sy omgewing, maar dat intervensies steeds gerig was op individuele welsyn. Maatskaplike werk moes dus iets daadwerkliks doen om beter resultate op dienslewering te verkry.

Gedurende die laat 1960's en vroeë 1970's het daar belowende ontwikkelings deur die idees van die algemene sisteemteorie in die maatskaplikewerkteorie en -praktyk plaasgevind. Die hoop het ontstaan dat hierdie komplekse en abstrakte konsepte die beginsels vir maatskaplike aksie sal voorsien waarna die praktyk op soek was. Tot 'n mate het dit wel in daardie behoefte voorsien omdat baie maatskaplike werkers nie meer gemaklik was met ou konsepte soos "*linear causality, independent entities, separateness between systems, and notions of certainty"* nie (Germain 1979:6). Maatskaplike werkers was meer ingestel om die prosesse van wederkerigheid, interaksiepatrone, grense en 'n holistiese denkwyse te begryp en toe te pas.

Dit is bekend dat die algemene sisteemteorie 'n sterk inslag gehad het op die ontwikkeling van die ekologiese perspektief en dat ekologiese konsepte by die sisteemteorie geïntegreer is om 'n ekosistemiese perspektief aan te neem. Die algemene sisteemteorie dui aan hoe dat sisteme met mekaar in wisselwerking verkeer, terwyl die ekologiese basis die inligting op 'n relevante wyse begrond, wat die verskynsel holisties in 'n wederkerige verwantskap beskou. Elke organisme is relevant tot een of ander organisme en behoort daarom tydens ondersoeke deur 'n maatskaplike werker in ag geneem te word. Die algemene sisteemteorie het nie so 'n makrovisie op data sonder die gebruik van die ekologiese nie. Daar is deur middel van ander modelle soos taakgeörienteerde en lewensmodelle gepoog om die persoon-in-situasie gaping te vul en die gefragmenteerdheid in praktyk beter te integreer. Dit is egter telkens gekortwiek deur die beperkings van metodologiese uitgangspunte. Die ekosistemiese perspektief systap hierdie beperkings deurdat dit 'n algemene raamwerk bied waarbinne enige praktisyn kan werk sonder om voorskriftelik te wees (Greif & Lynch 1983:55–57).

Samevattend kan dit dus gestel word dat, deur gebruik te maak van die ekologiese perspektief, die praktisyn 'n breër visie op die verskynsel kry deurdat data in ag geneem word wat vroeër deur 'n beperkte verwysingsraamwerk van bepaalde modelle buite rekening gelaat is. Die ekosistemiese benadering bied aan die maatskaplike werker die geleentheid om 'n situasie meer in diepte te verken en te beskryf, maar gee nie voorskrifte oor hoe om dit aan te spreek nie. Dit maak dus 'n

groter aanspraak op die kennisbasis van intervensietegnieke van die praktisyn en hulpbronne en dienste in die gemeenskap. Dit is verder moontlik om die sterkteperspektief binne die struktuur van die ekologies-sistemiese perspektief toe te pas en sodoende weg te beweeg van probleemgerigte benaderings. Volgens Schoeman (1999:66) kan die ontwikkeling van die ekologiese benadering as benutbare denkraamwerk vir die maatskaplikewerkprofessie samevattend soos volg aangedui word:

- Hoewel maatskaplike werk sedert die vroegste tye van dienslewering erkenning gegee het aan die beginsel van die mens in sy konteks, is hierdie beginsel nie genoegsaam teoreties gefundeer om tydens hulpverlening tot sy reg te kom nie.
- Die mens en sy omgewing is derhalwe as twee aparte entiteite behandel en verskillende gedragsvorms van dieselfde individu binne verskillende situasies is grootliks geïgnoreer.
- Die fragmentasie in beskouing en behandeling van die individu en sy omgewing het daartoe aanleiding gegee dat 'n liniêre beskouing ten opsigte van tyd, ruimte en oorsaaklikheid gehandhaaf is, wat as ontoereikend vir die maatskaplikewerkprofessie beskou is.
- Ontwikkeling van dinamiese definisies soos sosiale rol en klas, etnisiteit, gesinstruktuur, afwyking en burokratiese organisasie gedurende die 1950's en die aanpassing van bestaande teoretiese raamwerke op grond van hierdie dinamika het groter klem geplaas op die mens in sy omgewing en die funksionering van die individu weens eksterne omgewingsbeïnvloeding.
- Bogenoemde aspekte het bygedra tot die meer doeltreffende assessering van maatskaplike problematiek, maar nie tot intervensie nie. Veral maatskaplike gevallewerk is gekritiseer as ondoeltreffend vir die behandeling van individue in gevalle waar problematiek hoofsaaklik deur omgewingsbeïnvloeding teweeg gebring is.
- Die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie en die toepassing van die beginsels daarvan op individue, gesinne en gemeenskappe gedurende die 1960's en 1970's het 'n meer holistiese denkraamwerk en intervensiestrategieë aan die professie gebied wat die fokus op sowel die individu as 'n sisteem, maar ook op die ekologiese sisteem en die wedersydse beïnvloeding van die individuele en ekologiese sisteem geplaas het.

Die ekologiese benadering het derhalwe met verloop van tyd en verdere ontwikkeling 'n sterker fokus geplaas op die dinamiese wisselwerking tussen die mens en sy omgewing en dat beide deur hierdie transaksies en aanpasbaarheid gevorm word. Die bespreking oor die ekologiese perspektief het tot dusver gefokus op die ontstaan en ontwikkeling daarvan, sowel as die ou en nuwer

paradigma op maatskaplike problematiek. Vervolgens word bepaalde ekologiese konsepte en die toepassing daarvan in maatskaplike werk bespreek.

2.5 EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

Dit is veral die werk van Germain (1979:1) wat 'n groot bydrae gelewer het tot die teoretiese begronding van die ekologiese perspektief in die maatskaplikewerkprofessie en daarom word daar grootliks gesteun op die hersiene uitgawe van hierdie outeur se publikasie oor die fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief (Germain & Gitterman 1996:5). Die sewe konsepte is: (1) die uitruil van transaksies; (2) inpassing van persoon-in-omgewing *("person:environment fit*") aanpasbaarheid en aanpassing; (3) lewenstressors en streshantering; (4) verwantskap en maatskaplike verbondenheid ("*social affiliations or connectedness"*), bevoegdheid, selfkonsep, selfbeeld en selfgerigtheid ("*formerly termed autonomy*"); (5) kwesbaarheid, onderdrukking, mishandeling of misbruik van mag en sosiale en tegnologiese besoedeling; (6) gewoonte en "*niche*"; en (7) lewenskoers. Al sewe die genoemde konsepte is gebaseer op die uitdrukking van wederkerige verhoudings tussen mens en omgewing, wisselwerking en transaksies wat positief, negatief of neutraal kan wees (Germain & Gitterman 1996:8). In hierdie studie word die negatiewe wel geïdentifiseer en erken tydens die assesseringsproses, maar die fokus is op positiewe en belowende transaksies of sterktes volgens die sterkteperspektief.

Germain (1979:8) het dit alreeds in die eerste werke oor hierdie benadering gestel dat 'n ekologiese perspektief in die maatskaplikewerkpraktyk gerig is op "*improving the transactions between people and environments in order to enhance adaptive capacities and improve environments for all who function within them".* Ten einde die professionele doelwitte van maatskaplike werk te bereik, behoort "*a set of environmental interventions and a set of interventions into the transactions between people and environments to complement the set available for intervening in coping patterns of people"* ontwikkel te word. Dit beteken dus dat die maatskaplike werker oor 'n basiese kennis sal beskik van sistemiese ekologie, menslike gedrag, die omgewing, en gepaste intervensie-modelle waarvolgens dienslewering aan die mens-in-omgewing gelewer kan word. Fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief, word vervolgens bespreek.

2.5.1 Transaksies

Transaksies is een van die sisteemteoretiese konsepte wat in die ekologiese perspektief gebruik word. Volgens Greif en Lynch (1983:42) impliseer transaksies dat daar wisselwerking plaasvind tussen sisteme, nie alleen met ander sisteme nie, maar ook binne die hiërargie van subsisteme. (Vgl. sisteemteorie 2.1.) Menslike sisteme is voortdurend in interaksie met ander sisteme en

hulpbronne. Dit is ’n gee en neem, leen en deel en verbruikproses, soos byvoorbeeld die kind en sy gesin of die werkgewer en werknemer (DuBois & Miley 2002:61). Opbouende wisselwerking en transaksies tussen die mens en sy omgewing verhoog die individu se aanpassing en kanse op ’n suksesvolle lewe.

By die toepassing van die ekologiese perspektief in die hulpverleningsprofessies word van die standpunt uitgegaan dat **menslike behoeftes en probleme deur die transaksies tussen die mens en sy omgewing ontstaan**. Dienslewering is dus gerig op die verbetering van transaksies tussen die hulpbehoewende en die omgewing ten einde aanpassingsvermoëns te verhoog en die omgewing te verbeter deur die vermindering of uitskakeling van problematiek (Hoffmann 1987:230). Volgens die sterkteperspektief sal gefokus word op die positiewe en belowende transaksies wat verder uitgebou en ontwikkel word ten einde die individu of omgewing te bemagtig om problematiek beter te hanteer.

Menslike ekologie is volgens Ross (1988:150) die wetenskap wat poog om die wederkerige verhouding tussen die mens en al die elemente of sisteme in sy omgewing te begryp. Die ekologiese perspektief is gemoeid met die groei en potensiaal van mense en eienskappe van hul omgewing wat daarin slaag of misluk om die mens te ondersteun in die bereiking van sy lewenstake. Grobbelaar en Louw (1990:15) sluit hierby aan met die standpunt dat, wanneer ekologie op die mens van toepassing gemaak word, daar verwys kan word na die studie van die mens binne sy omgewing, die prosesse wat tussen die mens en die omgewing plaasvind, die wisselwerking en die beïnvloeding van mekaar, en die wyse waarvolgens die maatskaplike ekwilibrium bereik en gehandhaaf word.

Volgens Schoeman (1999:68) is die ekologiese benadering eenvoudiger om toe te pas in die geval van menslike fenomene as wat die algemene sisteemteorie is. Die ekologiese perspektief is gebaseer op ’n evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond waarvan die mens in voortdurende wisselwerking met die omgewing verkeer. Dit bring mee dat insigte verkry word in die aard en resultate van hierdie wisselwerking vir sowel die mens as die fisiese en maatskaplike omgewing waarbinne gefunksioneer word. Daar word dus gefokus op die prosesse van wisselwerking tussen die individu en sy omgewing.

Met verwysing na *transaksies*, is terminologie soos *wisselwerking* ook in die bogenoemde beskrywings gebruik. Dit het egter ’n soortgelyke bedoeling, naamlik dat die mens deurlopend betrokke is in transaksies met sy omgewing en dat wedersydse beïnvloeding plaasvind. Wanneer die ekologiese perspektief in die hulpverleningsprofessies toegepas word, bied dit ’n geïntegreerde beskouing van die mens en sy omgewing waarvolgens die maatskaplike werker sekere waarnemings en assesserings kan maak oor hulpbronne en sterktes wat gemobiliseer kan word en

behoeftes en leemtes wat aangespreek moet word. Sodanige holistiese beskouing stel die maatskaplike werker ook in staat om 'n gepaste keuse uit te oefen oor geskikte intervensie ten einde die mens in staat te stel om maatskaplik beter te funksioneer.

2.5.2 Aanpassing tussen persoon en omgewing

Hoffmann (1987:231) is van mening dat "[*a*]*daptation used within the context of the ecological perspective refers to active efforts of individuals over their life-spans to reach a level of adaptation (goodness-of-fit) with their environments so that they may survive and develop".* Die aanpassing behels passiewe en reaktiewe veranderinge om aan te pas by druk of eise van die omgewing, maar behels ook aktiewe verandering in die omgewing om aan te pas by menslike behoeftes. Dit is dus 'n wederkerige proses met die veronderstelling van dinamiese betrokkenheid.

'n Volledige uiteensetting word deur Germain en Gitterman (1996:8) verskaf oor die verskillende vorms van aanpassing tussen die mens en omgewing. Swak passing kan daartoe aanleiding gee dat menslike behoeftes, vermoëns, regte, aspirasies, persoonlike ontwikkeling en funksionering ingekort word en die omgewing beskadig word, terwyl doeltreffende passing die persoon en omgewing laat floreer. Aangepastheid ("*adaptedness"*) verwys na 'n toestand wat bestaan wanneer die omgewing hulpbronne en ervaringe op die regte tyd en in aanvaarbare vorm voorsien om mense se optimale biologiese, kognitiewe, sensoriese, perseptuele, emosionele en sosiale ontwikkeling en funksionering te verseker. Waar 'n persoon wanaangepas is binne sy omgewing, kan die vlak van aanpassing verbeter word deur verandering van die self of die omgewing – "… *adaptive person:environment exchanges support and release human potential and growth, health, and satisfaction. Dysfunctional exchanges fail to support adaptedness or interfere with the potential for adaptedness."* (Germain & Gitterman 1996:8)

Volgens Germain en Gitterman (1996:9) behels aanpassing (*adaptation*) aktiewe pogings om:

- persoonlike verandering te bewerkstellig om aan die omgewing se verwagtinge of aansprake wat onveranderlik is te voldoen, of om voordeel te trek uit geleenthede in die omgewing;
- die omgewing te verander sodat die sosiale en fisiese omgewing meer responderend is tot die behoeftes en doelwitte van die mens;
- die persoon-tot-omgewing verhouding te verander ten einde 'n verbeterde inpassing te bewerkstellig.

Dit sluit aan by Schoeman (1999:68) se uiteensetting dat indien die mens nie genoegsaam met die omgewing in wisselwerking is nie (insette, stimuli, inligting, energie en bronne ontvang en lewer),

sal sy biologiese, kognitiewe, emosionele en maatskaplike ontwikkeling en funksionering versteur wees. Dieselfde beginsel kan op die omgewing van toepassing gemaak word, naamlik dat as die mens op 'n destruktiewe wyse met sy omgewing verkeer, sal die omgewing en alles wat daarbinne funksioneer, beskadig word, byvoorbeeld individue, gesinne, groepe en gemeenskappe.

Die oorbelaaide pleegsorgsisteem is 'n duidelike teken van wanaanpassing tussen mens-en-omgewing. Ten einde die balans te herstel sal gekonsentreer moet word op voorkomingsdienste en gesinsbewaring aan die een kant en die skepping van meer pleegsorgopsies aan die ander kant, waar kinders geakkommodeer kan word wat nie deur eersgenoemde maatreëls ondervang word nie. Verder sou ook in die omgewing gelet moet word op daadwerklike optrede teen destruktiewe transaksies soos die hoë voorkoms van en gebrek aan afkeuring van geweld teenoor kinders en drankmisbruik. Dienslewering moet dus ingestel wees op die ontwikkeling van positiewe transaksies en die aanpassing tussen die mens en sy omgewing. Dit is 'n voortdurende proses, aangesien daar altyd veranderinge sal plaasvind en enige sisteem altyd streef na 'n toestand van homeostase. (Vgl. ook 2.1.2.) Die mens behoort homself op 'n positiewe wyse in die omgewing te handhaaf terwyl die omgewing se lewensvoorsienende eienskappe vermeerder word.

2.5.3 Stres en die ekologiese perspektief

Indien aanpassing destruktief is tydens die proses van wisselwerking, kan dit tot emosionele en/of sosiale stres aanleiding gee. In die konteks van die ekologiese perspektief word stres as 'n stoornis in die aanpassing tussen persoon en omgewing beskou, wat in 'n verskeidenheid van probleme kan manifesteer. Stres is 'n psigologiese verskynsel wat ontstaan wanneer daar 'n diskrepansie tussen behoeftes en eise aan die een kant en hulpbronne aan die ander kant ontstaan. Stres kan as 'n motiveringskrag dien of dit kan verlammende gevolge hê, afhangende van faktore soos die persoon se persepsie van 'n transaksionele gebeurtenis, die betekenis wat daaraan geheg word, die hanteringsvaardighede waaroor die persoon beskik, die take wat dit behels, sowel as die ontvanklikheid en reaksie van die omgewing daarop (Hoffmann 1987:231–232). Die hantering van stres pas goed in by die ekologiese perspektief, aangesien dit te make het met die eienskappe van die persoon en die funksionering van die omgewing, sowel as die wisselwerking tussen die twee en dit help die maatskaplike werker om op die persoon en die omgewing te fokus (Germain & Gitterman 1996:10).

Betreffende die *persoon*, identifiseer Germain en Gitterman (1996:13) die volgende persoonlike hulpbronne wat 'n rol speel in die hantering van stres: motivering, probleemoplossende en verhoudingsvaardighede, 'n positiewe lewensuitkyk, optimale selfbeeldvlakke, die vermoë om inligting oor die stressor en hoe om daarmee te handel van die omgewing te bekom,

selfbeheersing, aanpasbaarheid en die vermoë om hulpbronne in die omgewing te soek en doeltreffend te gebruik. Dit is dus interne vermoëns waaroor die persoon beskik of wat dalk eers ontwikkel moet word vir streshantering. (Vgl. met lys van sterktes onder 2.7.3.) Hulpbronne in die *omgewing* sluit die volgende in: informele diensleweringsnetwerke soos openbare en privaatinstansies en inrigtings, beskikbaarheid en toeganklikheid daarvan en ander aspekte soos diensure en vervoer. Ondersteuning van informele netwerke soos familie, vriende, bure, kollegas en medegelowiges dien ook as 'n belangrike buffer teen stres. Hierdie aspekte is grootliks op die eksterne vlak in die omgewing geleë.

Die hantering van stres is dus 'n tipiese persoon-omgewing wisselwerkingsproses en die streshanteringsmeganismes kan op die interne sowel as op die eksterne vlak geleë wees. Betreffende die pleegsorgsituasie is dit belangrik dat die maatskaplike werker vanuit die ekologiese perspektief aandag skenk aan interne sowel as eksterne faktore en die wedersydse beïnvloeding en aanpassingsprosesse tussen die pleegkind en sy omgewing. Die doeltreffendheid van diens-leweringsinstansies in die omgewing moet deurlopend geëvalueer word om te bepaal of dit stresgenererend vir die pleegkind en sy pleeg- en/of biologiese ouers is en of dit 'n veilige infrastruktuur met responderende hulpbronne bied waarin al die partye kan ontwikkel.

Wanneer die sistemiese benadering op ongehanteerde stres van toepassing gemaak word, geld die beginsel van wederkerigheid, naamlik dat indien streshanteringsmeganismes op een gebied on-doeltreffend is, dit kan lei tot ondoeltreffende funksionering op 'n ander gebied. 'n Holistiese, sistemiese perspektief op die pleegsorgsituasie stel die maatskaplike werker dus in staat om bydraende of instandhoudende faktore op fisiese, sosiale, emosionele of religieuse vlakke te identifiseer en aan te spreek.

2.5.4 Verwantskap, bevoegdheid, selfbeeld en selfgerigtheid

Verwantskap het te make met verbondenheid. Die mens het vanaf geboorte tot volwassewording 'n inherente vermoë en behoefte tot verbintenisse. So word daar 'n binding tussen moeder en baba gevorm. Gesinslede is aan mekaar en aan ander familie en vriende verbonde. Mense is afhanklik van sosiale netwerke en dit dien as 'n ondersteuningsbasis en buffer om die impak van lewenstressors te absorbeer (Germain & Gitterman 1996:15). Die gevoel van "behoort-aan", geborgenheid en binding met 'n primêre versorger is van die uiterste belang vir die gesonde groei en ontwikkeling van enige kind. (Vgl. 4.4.2 geborgenheid en 4.5.2 binding.)

Bevoegdheid verwys na die persoon se ervaring dat hy suksesvol in sy omgewing is en dat hy oor die vermoë beskik om hulp te soek en te aanvaar wanneer hy dit nodig het (Germain & Gitterman 1996:17). Dit sluit aan by bemeestering, wat een van die ontwikkelingsaspekte is wat volgens die

ontwikkelingsassesseringsmodel (vgl. 4.5.2) by kinders geassesseer word ten einde hul behoeftes en sterktes te bepaal. Maatskaplike werkers behoort kliënte se sin vir bevoegdheid te stimuleer en te bevorder ten einde hul verwantskap en selfbeeld te ontwikkel. Indien die persoon 'n ervaring van bevoegdheid beleef, sal dit hom beter laat voel oor homself en sy eie vermoëns.

Selfkonsep verwys na die persoon se denke en gevoelens oor homself, terwyl **selfbeeld** te make het met die gevoel van bevoegdheid, betekenisvol te wees en werd om gerespekteer en liefgehê te word. **Selfgerigtheid** (*self-direction)* het te make met selfbeheer en die vermoë om verantwoordelikheid te neem vir besluite en dade terwyl die regte en behoeftes van ander gerespekteer word (Germain & Gitterman 1996:18).

Maatskaplike werkers kan dus vanuit 'n ekologiese perspektief die pleegkind se natuurlike behoefte tot verwantskap of verbondenheid en sy bevoegdheid om homself te ontwikkel en beheer oor sy lewe te neem, bevorder deur die wisselwerking met ondersteuningsnetwerke in die omgewing te verhoog. Dit sluit aan by die fundamentele aspekte van die sterkteperspektief van lidmaatskap, bemagtiging en veerkragtigheid (vgl. 2.7.3), asook die gebruikmaking van uitgebreide pleegsorg-hulpbronne in die omgewing soos vriendekring- en gasheerpleegouers (vgl. 3.6.8 en 3.6.9), waardeur die pleegouers se las verlig word en die kind se strewe na onafhanklikheid en selfverwesenliking verhoog word.

2.5.5 Mag, magteloosheid en besoedeling

Bogenoemde konsepte beskryf volgens Germain en Gitterman (1996:19) wanaangepaste sosiale en gemeenskapsprosesse, wat ernstige gevolge inhou vir die individu, gesin, groep en gemeenskap. **Mag** word deur dominante groepe teenoor kwesbare groepe misbruik op grond van persoonlike of kulturele eienskappe soos ras, etnisiteit, geslag, ouderdom, geloof of sosiale status, wat neerkom op maatskaplike ongeregtigheid. (Vgl. 7.1.1 en tabel 14.) Dit gee aanleiding tot onderdrukking en hou maatskaplike kwessies soos armoede, rassisme, seksisme en diskriminasie teenoor byvoorbeeld gestremdes in stand, terwyl daarna gestreef word dat dienste toeganklik vir alle persone en reaktief tot basiese behoeftebevrediging behoort te wees. Privaatmaatskappye en staatsinstansies **besoedel** byvoorbeeld die lug, water, kos en grond en hoewel daar wette en beleid hieroor in Suid-Afrika bestaan, word dit nie altyd toegepas nie en dit is veral die kwesbare groepe wat hulleself nie hierteen kan handhaaf en beskerm nie.

Wanneer die persoon of omgewing van mag ontneem word of besoedel word, kan dit as ernstige stressors dien wat fisiese, sosiale en psigologiese skade veroorsaak, veral aan die kwesbare groepe. Dit is 'n uitdrukking van 'n destruktiewe verhouding tussen die persoon en die omgewing (Germain & Gitterman 1996:19). Kemp, Wittaker en Tracy (2002:23) bevestig dit deur die stelling

dat navorsing in 'n "*troubled public housing project in Chicago*" getoon het dat aspekte van die fisiese wêreld soos geraas, gedrang, privaatheid of die estetiese die mens se ervaring van sy omgewing en sy welstand daarbinne beïnvloed. Dit is dus duidelik dat eksterne faktore in die leefwêreld van die persoon sy psigososiale welstand beïnvloed en daarom is 'n holistiese beskouing tydens dienslewering so noodsaaklik.

Die rol van die maatskaplike werker sou dus wees om pleegkinders teen magsmisbruik en die gevolge van besoedeling te beskerm. Voorbeelde hiervan kan wees die wanbesteding van die pleegouertoelaag deurdat die hele gesin daaruit voordeel trek in plaas daarvan dat dit vir die kind se behoeftes aangewend word, of dat die pleegkind byvoorbeeld meer in die huishouding as die biologiese kinders moet werk. Verder behoort die pleegkind in 'n gesonde omgewing met vars lug en skoon water op te groei. Hierdie konsep van die ekologiese denke sluit nou aan by die volgende bespreking oor nis.

2.5.6 Habitat/woonplek en nis

In die wetenskap van ekologie verwys *habitat* na die plek waar die organisme gevind kan word, byvoorbeeld 'n nes of gebied. Metafories verteenwoordig mense se habitat 'n spesifieke fisiese of sosiale opset binne 'n kulturele konteks. Dit kan dus 'n landelike of stedelike gebied, werksplekke, skole, geloofstrukture, maatskaplike instellings, hospitale, ontspannings- en rekreasiefasiliteite, vermaaklikheidsplekke en die natuur wees. Indien 'n habitat nie gesonde groei en ontwikkeling en maatskaplike funksionering vir die individu en gesinne ondersteun nie en nie oor behoorlike fasiliteite in die omgewing beskik nie, sal dit isolasie, disorganisasie en hulpeloosheid tot gevolg hê (Germain & Gitterman 1996:20). Dit is byvoorbeeld 'n pleegkind se reg om toegang tot gesondheidsdienste en behoorlike skoolonderrig te hê. Tydens die pleegsorgondersoek moet hierdie aspekte in ag geneem word ten einde te verseker dat die kind in 'n groeibevorderende omgewing geplaas word.

Volgens Kemp *et al*. (2002:17) woon kinders in verskillende "*environmental niches*". Die een kind groei op in onvoorspelbare, riskante omgewings met beperkte hulpbronne, wat hulle distansieer van geleenthede, terwyl die ander kind weer in 'n bevoorregte omgewing met baie hulpbronne grootword. Dit is egter nie noodwendig so dat kinders wat in minderbevoorregte omgewings grootword sonder hoop, geluk of liefdevolle ervarings is nie, of dat ouers, familie en bure nie hul kinders goed versorg nie. Dit verg egter meer van ouers om in sodanige omgewings hul kinders teen negatiewe omgewingsinvloede te beskerm. Deur vanuit 'n ontwikkelingsgerigte benadering en die sterkteperspektief (vgl. 2.7.3), veral lidmaatskap wat aansluit by "*environmental niches"*, na 'n

omgewing te kyk, word verseker dat geleenthede vir optimale groei binne die kind en in die omgewing raakgesien word.

Nis verwys na die posisie wat deur ŉ spesie of organisme binne ŉ biotiese gemeenskap ingeneem word. Betreffende mense, verwys dit na die status van die individu of groep in die gemeenskap. ŉ Groei- en gesondheidsbevorderende nis sal byvoorbeeld menseregte respekteer en gelyke geleenthede aan almal bied (Germain & Gitterman 1996:20). Dit kan maklik gebeur dat daar vanweë sy pleegsorgstatus neergesien word op ŉ kind en daarom is dit noodsaaklik dat maatskaplike dienslewering ingestel moet wees op die herstrukturering van ŉ afbrekende nis deur byvoorbeeld pleegsorgprojekte en die werwing van pleegouers.

Kemp *et al.* (2002:23) wys ook daarop dat die fisiese wêreld van die kliënt relevant vir die maatskaplike werker is, aangesien persone met geestes- of liggaamlike ongesteldhede, bejaardes, kinders of kliënte wat geëtiketteer is as byvoorbeeld homoseksueel, ingeperk word in hul vryheid om gebruik te maak van natuurlike en opgeboude omgewings. Sterkteperspektief teoretici soos Sullivan en Rapp (2002:251), sluit hierby aan met die voorbeeld van die geestesongestelde persoon wat dikwels deur die samelewing verwerp en uitgeskuif word tot ŉ afgesonderde kategorie of plek soos ŉ inrigting en so die geleentheid aan ŉ sosiale nis ontneem word. Die outeurs verwys na die treffende beskrywing hiervan deur Taylor (1997) as "*niche entrapment*". Dit kan ook gebeur dat die pleegkind op hierdie wyse die gewone en stimulerende transaksies tussen mens en omgewing sowel as ŉ volwaardige plek in die samelewing ontneem word deur byvoorbeeld etikettering of beperkte pleegouertoelae wat hom van verdere studiegeleenthede weerhou.

Volgens die konsep van habitat of nis, behoort elke individu ŉ plek in die samelewing te hê waar hy tuis en gemaklik voel en wat bevorderlik is vir groei en herstel in die geval van siekte of stremming. Welsynsinstansies behoort die skending van menseregte en skadelike beleid en praktyk teen te werk deur positiewe inspraak te lewer ten opsigte van beleids- en wetsaspekte. Daar moet voorkom word dat mense as gevolg van hul ras, geslag, etnisiteit, gestemdheid of geloofsoortuiging geleenthede tot ontwikkeling ontneem word. ŉ Ontwikkelingsgerigte benadering tot enige omgewing behoort egter te verseker dat hulpbronne en sterktes geïdentifiseer kan word en dat kinders ten spyte van tekortkominge in die gemeenskap wel groeigeleenthede kan kry.

2.5.7 Lewenskoers ("*life course*")

Lewenskoers dui op die unieke weg van ontwikkeling wat elke mens vanaf konsepsie en geboorte tot bejaardheid neem binne verskillende omgewings, met ŉ verskeidenheid lewenservarings (vgl. 4.2 ontwikkelingsfases en -take van die kind). Germain en Gitterman (1996:21) gebruik dit in die lewensmodelpraktyk ("*life-modelled practice*") wat nie vir die doeleindes van hierdie studie

aangewend word nie. Daar word net na lewenskoers verwys betreffende die klem wat op konsepte van biologiese, sosiale, kulturele en omgewingsaspekte geplaas word. Verder word gefokus op die wisselwerking tussen die persoon en historiese, kulturele en omgewingsfaktore, en hoedat die hantering van die prosesse kan lei tot groei en ontwikkeling of tot fisiese, emosionele of maatskaplike wanfunksionering. Vanweë die vermoë om aan te pas kan die mens sy eie skeppings van tegnologiese omgewing en gedepersonaliseerde massa-omgewing, verdra maar betaal 'n hoë prys aan kroniese siektes, emosionele stoornisse, ingekorte maatskaplike funksionering en aftakeling van die aarde.

Dit is belangrik dat maatskaplike werkers die uitgangspunt oor evolusionêre aanpassing moet begryp omdat dit van belang is om die kompleksiteit van menslike gedrag in terme van oorerwing versus omgewing te begryp. Menslike optrede kan dus nie net aan oorerwingsfaktore toegeskryf word nie, terwyl dit aan die ander kant ook nie weer net voor die deur van bevorderlike of afbrekende omgewing gelê kan word nie. Dit is weer eens geleë in die wisselwerking en transaksies wat plaasvind.

Die fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief, naamlik transaksies, aanpassing, stres, verwantskap, mag, habitat/nis en lewenskoers, sluit nou aan by die sterkteperspektief. Die implikasie vir die studie is daarin geleë dat dit neerkom op die bevordering van verbeterde transaksies tussen die pleegkind en sy omgewing wat aanpassing verhoog en aanleiding kan gee tot 'n toestand van homeostase en verhoogde maatskaplike funksionering. Sodoende kan onnodige stres en struikelblokke in die pleegsorgsituasie uitgeskakel word. Deur op interne en eksterne sterktes te fokus, word stres- en lewensvaardighede bevorder en kan die pleegkind bemagtig word om meer beheer te neem oor sy lewensituasie en die keuses wat hy moet uitoefen. Verder het enige kind 'n behoefte aan verbondenheid en om te behoort aan iets of iemand wat as 'n bron van ondersteuning dien in gevalle van stres of disekwilibrium. 'n Veilige habitat en nis, dus 'n pleegsorgsituasie, versterk hierdie gevoel van aanvaarding en geborgenheid. Die toepassing van die fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief verseker 'n holistiese beskouing van die pleegkind in konteks en sluit uitstekend aan by die fundamentele aspekte van die sterkteperspektief.

Die verbintenis tussen die ekologiese en sterkteperspektief word treffend soos volg deur Waller (2001:10) gestel: "*A holistic, ecosystemic perspective is central to the strengths perspective. From an ecosystemic perspective, individual, family, and community change is not only possible, but inevitable and continuous. An ecosystemic perspective suggests that protective influences can be introduced into an individual's life through any relationship in any part of the ecosystem (e.g. personal attributes, family strengths, a high-quality recreation program, social policies promoting*

education)". Wanneer die ekosistemiese perspektief dus met die sterkteperspektief verbind word, is dit gerig op die bevordering van transaksies wat die aanpassing tussen die pleegkind en sy omgewing verhoog en ingestel op bemagtiging en ontwikkeling.

2.6 VERBINTENIS TUSSEN DIE EKOLOGIESE EN STERKTEPERSPEKTIEF

Die menslike bestaan word gekenmerk deur komplekse realiteite en verdeeldheid tussen die negatiewe en die positiewe. In die hulpverleningsprofessies het die geneigdheid ontstaan om te fokus op die negatiewe of patologiese sy van die samelewing (Weick *et al*. 1989:350). Gedurende die afgelope aantal jare was daar 'n toenemende belangstelling in die ontwikkeling van benaderings wat op sterktes gebaseer is in reaksie op psigopatologie, abnormaliteite en morele en interpersoonlike afwykende gedrag. (Vgl. 2.3.) Daar is sterk teenkanting teen die gedagte dat persone vasgevang word deur skade wat gedurende die kinderjare aangerig is, of om met 'n swak gesinsagtergrond gepreokkupeerd te wees (Saleebey 2002a:2–3). Situasies is dikwels so deurspek met probleme en negatiwiteit dat dit moeilik is om enigiets positiefs of enige potensiaal raak te sien. Soos Witkin (2002:xiii) dit in die voorwoord van die boek *The Strengths Perspective in Social Work Practice* stel, waarvan Dennis Saleebey die redakteur is (2002): "*Negative situations seem to cry out for negative explanations – we want to know what is wrong when so little seems right."*

Dit is juis om hierdie rede wat die sterkteperspektief gebruik word in die analisering van pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders aangesien daar alreeds baie verkeerd moes loop en skade moes plaasvind wanneer 'n kind sorgbehoewend bevind word en uit sy ouerhuis verwyder is. Die sterkteperspektief word beskou as 'n alternatief tot 'n preokkupasie met negatiewe aspekte van mense en die gemeenskap en 'n meer gepaste wyse van hulpverlening om uitdrukking te gee aan die diepste waardes van maatskaplike werk (Weick *et al.* 1989:350). Dit is nie die idee van die sterkteperspektief om die pyn en ongemak van individue, gesinne of gemeenskappe te ontken nie; ook nie om die realiteite van mishandeling of die greep van verslawing te ignoreer nie. Dit het eerder ten doel om die oorwig van mag of gesag wat aan psigopatologie verleen word te besweer. Verder is dit gekant teen die idee dat die meeste mense wat swaarkry, trauma en mishandeling ervaar het, onafwendbaar ly aan die nagevolge daarvan en minder bereik as waartoe hulle eintlik in staat is (Saleebey 2002a:2–3).

Dit wil dus voorkom dat daar vanuit die sterkteperspektief 'n balans gebring kan word tussen die erkenning van pyn en traumatiese gebeure, nie net in die pleegkind se lewe nie, maar ook ten opsigte van die gesinne en gemeenskappe daarby betrokke. Dit kan die geleentheid bied om met

behulp van sterktes in die self en die omgewing deur problematiek te werk en steeds in staat te wees tot selfverwesenliking.

Betreffende 'n verbintenis tussen die ekologiese en sterkteperspektief, stel Weick *et al*. (1989:351) dit dat met die ontwikkeling van die ekologiese perspektief 'n verbintenis tot positiewe kragte in die persoon en die omgewing met die bedoeling tot vermindering van negatiewe transaksies alreeds plaasgevind het, maar dat negatiewe aspekte steeds op 'n subtiele wyse die perspektief oorheers. Hoewel sterktes geïdentifiseer word, bly die fokus van assessering steeds om die probleem te identifiseer en by wyse van die probleemoplossende proses 'n plan van aksie te onderneem. Volgens Waller (2001:1) sluit die sterkteperspektief aan by die ekosistemiese perspektief wat "*a way of thinking and organising knowledge that emphasises the interrelatedness and interdependency between individuals and social systems*" is en wat fokus op die wisselwerking wat binne die sisteem plaasvind maar ook die wisselwerking tussen sisteme en ontwikkeling beskou as "*a continuous process of adaptation and accommodation between individuals and their environments*". Cowger en Snively (2002:108) stel dit dat die hooffokus van maatskaplike werk in die konteks van die sterkteperspektief "… *is on developing more positive and promising transactions between people and their environments".* Menslike ontwikkeling is dus die produk van voortdurende transaksies tussen die individu en sy fisiese, sosiale en kulturele omgewing. Deur die toepassing van die sterkteperspektief word gefokus op positiewe en belowende transaksies en die versterking van vermoëns.

Hiervolgens word nie gefokus op die vermindering van negatiewe transaksies nie, maar staan die bemagtiging van mense sentraal tot die maatskaplikewerkpraktyk, wat waarskynlik individuele sowel as sosiale bemagtiging behels, omdat die hulpbronne intern en ekstern ontwikkel moet word ter bevordering van holistiese maatskaplike funksionering. Die einddoel sou dus wees om die verhouding tussen die individu en sy omgewing te verbeter, asook die bevordering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling waardeur die individu uiteindelik bemagtig word.

Bogenoemde stelling is in ooreenstemming met die ontwikkelingsgerigte benadering wat in 1994 in Suid-Afrika 'n aanvang geneem het. "*In attempting to move towards a developmental approach, South Africa adopted the White Paper on Social Welfare in 1997. The policy committed the department to shift from welfare to social development."* (Department of Social Development Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services 2006:13.)

Die ekologiese benadering tot die studie oor pleegsorg is gebaseer op die evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond van voortdurende wisselwerking met die omgewing en sluit aan by die fundamentele konsepte van die sterkteperspektief. Hierdeur word die holistiese benadering behou terwyl daar gefokus word op sterktes en moontlikhede in die prosesse van wisselwerking en

nie op patologie nie. Die pleegkind se situasie word dus sterktegerig geanaliseer op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme, naamlik die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke, wat later volledig bespreek word. (Vgl. 2.9.) Vervolgens word die sterkteperspektief bespreek aan die hand van die historiese ontwikkeling, fundamentele konsepte, basiese beginsels en die assessering en proses van 'n sterkteperspektiefpraktyk.

2.7 STERKTEPERSPEKTIEF

Die sterkteperspektief word omskryf (vgl. 1.7.10) as 'n benadering wat liewer die klem plaas op die sterktes en hulpbronne van die kliënt as op siekteverskynsels en gedragsprobleme (Weick *et al*. 1989:353). Early en GlenMaye (2000:119) beskou dit as 'n benadering in maatskaplike werk wat poog om kliënte in terme van hul sterktes te verstaan. Dit behels 'n sistematiese ondersoek na oorlewingsvaardighede, vermoëns, kennis, hulpbronne en begeertes wat op die een of ander wyse gebruik kan word om die kliënt se doelwitte te bereik. Die kliënte self beskik ook oor belangrike kennis om problematiese aspekte sowel as potensiaal en moontlike oplossings te omskryf. Saleebey (2002a:1) sien dit as 'n dramatiese wegbeweeg van konvensionele maatskaplike werk, wat beteken dat enigiets wat die maatskaplike werker doen op 'n manier gerig word op die ontdekking en eksplorering van sterktes en hulpbronne in die kliënt en bystand tot die bereiking van doelwitte, verwesenliking van drome en die verbreking van eie inhibisies of dominering van die gemeenskap.

Maatskaplike werkers wat volgens die sterkteperspektief praktiseer, sal dus die kliënt benader met die veronderstelling dat die kliënt self oor die kennis en vaardighede beskik om sy eie situasie te beskryf. Interne en eksterne sterktes moet ontdek, gegenereer en gestimuleer word ten einde persoonlike doelwitte en ideale te bereik.

2.7.1 Historiese ontwikkeling van die sterkteperspektief

Soos reeds gestel (vgl. 2.3), is maatskaplike werk se oorsprong geleë in die konsep van morele gebrekkigheid en was die klem op "... *human failing as the cause of difficulties*" (Weick *et al*. 1989:350). Tydens die ontwikkeling van die sterkteperspektief moes dus 'n paradigmaskuif plaasvind van siekte-, patologie- en probleemgeörienteerde denke na 'n bemagtigings- en sterktegerigte benadering van die individu, gesin en gemeenskap.

Die Kansas University School of Social Welfare het 13 jaar bestee aan die ontwikkeling en toetsing van die sterkteperspektief vir maatskaplike werk en ander hulpverleningsprofessies. Die perspektief het sy oorsprong in die verbintenis van maatskaplike werk om mense se sterktes te

bou, eerder as om op verdedigingsmeganismes, probleme of gebreke te fokus. Die klem word geplaas op die ontdekking en herbevestiging van persone se vermoëns, talente, oorlewingsvaardighede en aspirasies. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat, deur te fokus op sterktes in individue, gesinne, woonbuurtes, groepe en gemeenskappe, die waarskynlikheid verhoog word dat mense hul doelwitte sal bereik (Ferreira 2004c:13).

Die sterkteperspektief is nie nuut tot die maatskaplike werk nie. Perlman (1957) en Hollis (1966) het alreeds maatskaplike werkers se aandag op sterktes in die kliënt gevestig. Dit is egter meer onlangs (Cohen 1999) dat daar behoorlik begin is om te rebelleer teen die ou mediese simptoom- en patologie-georiënteerde paradigma. Saleeby met sy verskillende uitgawes oor die sterkteperspektief (1992, 1997 en 2002) word beskou as een van die hooffigure by die Universiteit van Kansas in die ontwikkeling daarvan (Ferreira 2004c:13).

Volgens Saleebey (2002a:3) het maatskaplike werk 'n verlede van "*disease- and disorder-based thinking*" en dat kliënte op 'n manier "*flawed or weak*" is. (Vgl. 2.3.) Oor die afgelope aantal jare het daar egter 'n toenemende belangstelling ontwikkel in sterktegebaseerde benaderings ten opsigte van 'n verskeidenheid diensvelde soos byvoorbeeld gevallewerk met bejaardes, jeugdiges wat uitdagende gedrag openbaar, afhanklikheidsprobleme, kroniese geestesongesteldhede en selfs gemeenskapswerk.

Deur die sterkteperspektief word maatskaplike werkers verplig om te begryp dat, hoewel benadeel of siek, individue steeds in staat is om te oorleef en soms selfs vooruit te gaan. Die kliënte het stappe geneem, van hulpbronne gebruik gemaak en oorleef; daarom moet daar vasgestel word wat hulle gedoen het, hoe hulle dit reggekry het, wat hulle daaruit geleer het en watter hulpbronne intern of ekstern tydens hul worsteling beskikbaar was om ten spyte van probleme voort te gaan. Mense werk altyd aan hul situasies, al is dit deur te besluit om daarin te berus. Hulpverleners moet hierdie moontlikhede ontgin, verhelder en uitbou. Die identifisering van probleme en behoeftes in meer objektiewe en onbevooroordeelde terme en die positiewe herinterpretering van intervensies volgens die sterktes en hulpbronne wat mense in die hulpverleningsituasie inbring, het ook selfs gelei tot nuwe taalgebruik en 'n meer positiewe scenario (Ferreira 2004c:13). Só, byvoorbeeld sal die mishandelde of verwaarloosde kind wat sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas is, volgens die sterkteperspektief beskou word as 'n kind wat mishandeling of verwaarlosing oorleef het en nou die geleentheid tot ontwikkeling binne 'n alternatiewe gesin bekom.

2.7.2 Die filosofiese begronding van die sterkteperspektief

Weick *et al*. (1989:352) stel dit dat die motivering vir die kritiek teen probleem-gefokuste hulpverlening afkomstig is van die filosofiese uitgangspunt dat die beklemtoning van probleme dit

moeilik maak vir praktisyns om sekere fundamentele waardes van die professie toe te pas. Geloof in die integriteit en potensiaal van mense kan nie behoorlik erken word indien assessering probleemgerig is nie. Benaderings ten opsigte van hulpverlening behoort gebou te word op die fundamentele waardes van die professie met twee belangrike doelwitte; eerstens dat die maatskaplikewerkpraktyk gebind word deur sy filosofiese wortels en dat waardes van maatskaplike werk as konstante maatstaf moet dien waarteen die kwaliteit van praktyk beoordeel word. Tweedens word dit 'n regstelling vir die wanbalans wat ontwikkel is deur 'n gepreokkupeerdheid met foute en probleme. Die sterkteperspektief berus op waardes en die waardering van positiewe vermoëns wat mense uitdruk en op die wyse waarop individue en maatskaplike hulpbronne ontwikkel en in stand gehou kan word.

Die filosofiese uitgangspunt betreffende die nakoming van basiese maatskaplikewerkbeginsels deur die sterkteperspektief berus derhalwe grootliks op 'n waardeoriëntasie; vandaar die geloof in menslike potensiaal en vermoë tot groei en ontwikkeling. Die praktisyn wat nie hierop fokus nie, mag vind dat hy in stryd met sekere maatskaplikewerkbeginsels handel. Saleeby (2002a:7–8) bespreek twee verdere filosofiese beginsels waarop die sterkteperspektief berus en wat kortliks op die volgende neerkom:

- **Bevryding en bemagtiging: heldemoed (heroïsme) en hoop**

Bevryding berus op die idee van moontlikheid en sluit in die geleentheid tot keuses, verbintenis en aksie wat van toepassing kan wees onder gunstige, moeilike of gevaarlike omstandighede. Mense beskik oor kragte en potensiaal; sommige is rustend, onverwesenlik en inherent; ander is duidelik en sigbaar. Daar is beleid, omstandighede, gebruike en beskouings oor mense wat hierdie kragte en potensiaal kan vertroetel en vrystel of kan dooddruk en afbreek. Iewers tussenin lê die behoefte aan heldemoed om eie kragte te ontwikkel, omstandighede te oorkom, en om op te staan en in ag geneem te word. Soms word hierdie sterk hunkering beperk deur ander mense of instellings of misbruik vir eie belang hoewel dit nogtans bly voortbestaan. Dit is die taak van die hulpverlener om weë te vind waarlangs hierdie strewe kan oorleef en op lewensvatbare wyses tot uitdrukking kan kom. Bevryding plaas druk op die onderdrukkende geneigdheid van instellings en mense en dit bring vrystelling van menslike energie, kritiese denke, bevraagtekening van gesag, uitdagings tot die konvensionele en nuwe weë oor bestaan en manier van doen mee. Bevryding kan egter ook matig en beskeie wees en mense motiveer om nuwe gedrag, verhoudings en verbintenisse te probeer. Hoop en geloof in die moontlikheid van mense is sentraal tot bevryding (Saleeby 2002a:7).

Volgens hierdie filosofiese uitgangspunt beskik elke mens oor inherente kragte en potensiaal wat ontsluit moet word en geleentheid tot ontwikkeling behoort te kry. Onderdrukking kan dit verbloem

en vertraag maar nie vernietig nie en daarom is die filosofiese beredenering oor bevryding gerig op die ontsluiting van hoop op 'n uitdagende of gematigde wyse ter wille van oorlewing. Betreffende die pleegsorgsituasie moet pleegsorg 'n geleentheid aan kinders bied tot die ontwikkeling van opgesluite potensiaal en behoort die stelsel bevry te word van onderdrukkende elemente soos oorlading, gebrek aan mensekrag en hulpbronne en misbruik van bestaande hulpbronne soos pleegouertoelae.

- **Vervreemding en onderdrukking: angstigheid en boosheid**

Die omstandighede waarmee die mens omring word, herinner voortdurend aan die voorkoms van harde en tiranniese instellings, verhoudings en stelsels. Skynheiligheid, haat, oorloë, moord, onderdrukking en, meer subtiel, maar nie minder ontstellend nie, die onmenslike hantering van mense deur hul belange te minag, herinner alles aan die bestaan van boosheid, brutaliteit en despotisme. Die vraag is waarom die vermoë tot boosheid die skynbare metgesel is van die drang om 'n held te wees. Hoe dikwels staan die mens nie dronkgeslaan en vreesbevange oor gemene of wrede dade, geweld gebore uit onverdraagsaamheid en haat wat gesien, gehoor en gelees word nie? Die mens voel baie kwesbaar by die aanskoue van al hierdie negatiewe elemente en is dikwels subtiel deel daarvan deur individuele of kollektiewe optrede teenoor groepe wat anders is. Ten spyte van verwoestende elemente, kan die moontlikheid van verlossing en herlewing nooit uitgeskakel word nie (Saleeby 2002a:8). Die filosofiese beredenering gaan dus van die standpunt uit dat, ten spyte van boosheid, angstigheid, vervreemding en onderdrukking, die mens oor die vermoë tot 'n terugkeer na herstel tot selfs 'n hoër vlak van funksionering as voor die gebeurtenis beskik.

Pleegsorg moet dus as 'n geleentheid gesien word waar 'n mishandelde of verwaarloosde kind ten spyte van die trauma die geleentheid kan omkeer om te groei en te ontwikkel. Die pleegsorgpraktyk moet so ingerig word dat vervreemding en onderdrukking daardeur teengewerk en na herlewing omgekeer kan word. Aangesien die sterkteperspektief ingestel is op die positiewe, het dit 'n nuwe taalgebruik in die hulpverleningsituasie ingebring en vervolgens word tipiese terminologie bespreek wat sentraal tot die sterkteperspektief staan.

2.7.3 Fundamentele konsepte van die sterkteperspektief

Die sterkteperspektief is daarop ingestel om vermoëns en sterktes van persone te identifiseer, te benut, uit te bou en te versterk. Dit beklemtoon die positiewe in die mens en sy omgewing en bou op belangstellings, verwagtinge, hulpbronne, oortuigings en suksesse.

- **Die aard van sterktes**

Aangesien sterktes die kern van die sterkteperspektief vorm, word die aard daarvan tydens praktykbeoefening vervolgens bespreek. Volgens Saleebey (2002b:84–87) sluit sterktes die volgende in:

- Bykans **enigiets** kan beskou word as 'n sterkte en kan daar selfs uit situasies soos mishandeling, trauma, siekte, onderdrukking of enige ander omstandighede waar mense iets van sukses, teleurstellings en probleme geleer het, sterktes gevind word.
- **Persoonlike kwaliteite**, kenmerke en deugde soos 'n sin vir humor, besorgdheid, kreatiwiteit, lojaliteit, onafhanklikheid, insig, spiritualiteit, moraliteit en geduld kan alles dien as bronne vir energie en motivering wat aangewend kan word wanneer met die kliënt gewerk word.
- Wat mense **weet oor die wêreld** rondom hulle op intellektuele of opvoedkundige gebied en die lewenservaring wat hulle al opgedoen het, soos om byvoorbeeld konflik te hanteer of om ander by te staan wat swaarkry. Die terapeut moet ingestel wees om sodanige kwaliteite waar te neem of vrae te vra wat hierdie inligting na vore kan bring.
- Die ontdekking van **talente** wat dalk al vir jare sluimerend is en kan dien as ekstra hulpmiddels om die individu te motiveer tot doelbereiking.
- Kulturele en persoonlike **stories** en kennis kan dien as bron van sterkte en ondersteuning en word dikwels oor die hoof gesien terwyl stories oor helde of stryd en versoening byvoorbeeld as inspirasie gebruik kan word.
- Mense beskik oor **trots** wat as dryfveer tot verandering kan dien.
- Die **gemeenskap** bestaan uit natuurlike, menslike en organisatoriese hulpbronne wat dikwels oor die hoof gesien word. Daar is baie persone, organisasies, kerk- of kulturele groepe met talente en kennis wat tot voordeel van ander gebruik kan word.
- **Spiritualiteit** verwys na die holistiese kwaliteit wat bo die biologiese, psigologiese, sosiale, politieke of kulturele transendeer, hoewel dit ook al hierdie aspekte insluit en betekenis aan die menslike bestaan gee. Vir die Christen sal dit sy geloof in sy Skepper wees, wat sin en betekenis aan alledaagse gebeure gee en dat sy geloof en hoop gevestig is in die lewende God. Sodoende sal terugslae en teenspoed beter gehanteer kan word.

Sterktes kan dus intern of ekstern geleë wees, dit is dikwels sluimerend of verskans en daarom moet doelbewus gepoog word om dit te identifiseer en te aktiveer. Sterktes kan op al die vlakke

van die ekologiese ontledingsisteem van die kind, gesin, sosiale en kulturele konteks gevind word. (Vgl. 2.8.) Verdere kernkonsepte in die sterkteperspektief is die volgende:

- **Bemagtiging**

Bemagtiging impliseer die intensie tot en die proses van bystand aan individue, groepe, gesinne en gemeenskappe om hulpbronne en middele intern en ekstern te ontdek en uit te brei ten einde hul probleme self te hanteer. 'n Omgewing behoort geskep te word waarbinne die individu of gemeenskap die kragte binne hulleself kan ontdek. Kliënte moet aangemoedig word om hul eie wêreld, probleme, aspirasies en sterktes te definieer, terwyl die maatskaplike werker hulle moet aanmoedig om persoonlike doelstellings, uitsonderings, vlakke van vertroue, motivering en vordering in selfgeformuleerde taal te definieer (De Jong & Miller 1995:8, Saleeby 2002a:9 en Ferreira 2004b:64).

Mag, magteloosheid en besoedeling, wat kan aanleiding gee tot die misbruik en onderdrukking van kwesbare groepe, is reeds bespreek. (Vgl. 2.5.5.) Deur die sterkteperspektief kan pleegkinders byvoorbeeld bemagtig word om beheer te neem oor situasies waar hulle geëtiketteer of voorregte ontneem word vanweë hul pleegsorgstatus. Dit beteken egter nie dat hulpverlening voorskriftelik moet wees betreffende wat die kliënt moet doen nie, maar deur die toepassing van beginsels soos selfbeskikkingsreg en ondersteuning kan die pleegkind byvoorbeeld begelei word tot doelformulering en besluitneming oor sy eie toekomsplanne en hoe hy sy drome en ideale kan bereik.

- **Lidmaatskap**

Dit gebeur dikwels dat kliënte afgesny is van kulturele en geografiese wortels, kwesbaar voel, of diskriminasie en vervreemding ervaar. Hulle is ook nie in kontak met hul sterktes en moontlikhede nie. Die uitgangspunte van die sterkteperspektief is dat enige persoon die behoefte het om 'n verantwoordelike en gewaardeerde burger van 'n land, stad/dorp en gemeenskap te wees waar sy wortels is. Dit gebeur dikwels dat kliënte geen vaste plek het waar hulle gemaklik en tuis voel nie en gevolglik nie die gevoel van "behoort-aan" ervaar nie (De Jong & Miller 1995:8 en Saleeby 2002a:10). 'n Ander betekenis van lidmaatskap is ook wanneer mense moet saamgroepeer om gehoor te word, om hul stem te laat hoor oor ongelykhede en sodoende te veg vir die realisering van hul drome (Saleeby 2002a:10). Dit bring 'n "ons" gevoel van eenheid teweeg vanweë die gedeelde ervaring van verontregting en om saam die stryd te voer ten einde 'n doel te bereik. Die doel van hulpverlening sou dan wees om vervreemding teen te werk en die persoon in kontak met sy sterktes en moontlikhede te bring (Ferreira 2004b:65).

Lidmaatskap sluit by die ekologiese konsep van verwantskap (vgl. 2.5.4) sowel as habitat of nis (vgl. 2.5.6) aan, deurdat al die konsepte te make het met verbondenheid. Dit is 'n ingebore behoefte by enige mens om deel te wees van 'n spesie of bepaalde groep waar hy geborge en gemaklik voel en met respek en waardering behandel word. Wanneer 'n pleegkind deur verwydering uit ouerlike sorg sy lidmaatskap ontneem word, voel hy verwerp, vervreemd en gemarginaliseerd en sal waarskynlik nie bewus wees van sy sterktes en vermoëns nie, maar eerder soos 'n verstoteling en verdrukte voel. Dit is dus noodsaaklik dat die kind gehelp word om weer geborgenheid te vind deur sinvolle verhoudings met sy nuwe versorgers aan te knoop. (Vgl. ook nis 2.5.6.)

- **Veerkragtigheid** ("*resilience*")

Veerkragtigheid het ontwikkel vanuit die psigiatrie en ontwikkelingsielkunde, maar met die fokus op interne faktore in die persoon self, sonder inagneming van die ekosistemiese konteks en die aanpassing van die individu in sy omgewing. Hoewel die ekosistemiese perspektief 'n ou bekende tema in maatskaplike werk is, is dit relatief nuut tot veerkragtigheid. Die studie oor veerkragtigheid het ontwikkel vanuit "… *examining the lives of at-risk children*". Veerkragtigheid in 'n ekosistemiese konteks is volgens Waller (2001:1) "… *a multidetermined and everchanging product of interacting forces within a given ecosystemic context".* Daar is besef dat sommige kinders wat onder moeilike omstandighede grootgeword het in gesonde volwassenes ontwikkel het (Waller 2001:2). Dit is dus duidelik dat die ekologiese perspektief en veerkragtigheid as deel van die sterkteperspektief eers mettertyd geïntegreer is met die besef dat daar interne en eksterne faktore is wat 'n individu in staat stel om ten spyte van ernstige terugslae te herstel en suksesvol te funksioneer.

Volgens Waller (2001:5) het navorsers konsensus bereik oor die volgende omskrywing van veerkragtigheid: "*Resilience, simply stated, a positive adaptation in response to adversity*." Terugslae of teenspoed word in twee kategorieë van risikofaktore verdeel, naamlik: (1) uitdagende lewensomstandighede soos rassisme en ouers wat afhanklikheidsvormende middels misbruik; en (2) trauma soos die ervaring van gesins- of gemeenskapsgeweld of dood van 'n ouer. Gegewe die wisselwerkende verhouding tussen die persoon en die omgewing, is terugslae nie staties nie en "… *individuals influence adverse life situations as well as being influenced by them"* (Waller 2001:6). Dit hou verband met die konsepte van die ekologiese perspektief van wisselwerking, transaksies en voortdurende aanpassing.

Mense beskik oor die vermoë tot 'n terugkeer/terugslaan of veerkragtigheid om ernstige terugslae of probleme te oorkom. Stresvolle gebeurtenisse, selfs dié wat oor 'n tydperk voortduur en selfs emosionele of fisiese letsels veroorsaak, hoef nie noodwendig tot mislukking of psigologiese ineenstorting te lei nie. Veerkragtigheid of die vermoë om terug te spring of 'n terugkeer te maak is

'n groeiproses en 'n aktivering van vermoëns, kennis en insig om die eise van en die uitdagings in die lewe te aanvaar (Saleeby 2002a:11). Volgens Goldstein (2002:30) is veerkragtigheid die kenmerk wat die werkswyse van die sterkteperspektief saamvat en hy haal die beskrywende definisie van George Vaillante (1993) soos volg aan: "*resilience is the 'self-righting tendencies' of the person, both the capacity to be bent without breaking and the capacity, once bent, so spring back"*. Wanneer 'n persoon risiko's neem of oorleef na 'n ernstige voorval, word nuwe vaardighede en groter selfvertroue opgebou om 'n volgende uitdaging aan te durf "… *and so the sucessful adventures of living multiply*".

Die ontdekking of bevordering van veerkragtigheid by die kliënt is dus 'n belangrike doelwit van sterktegerigte intervensie. Stutterheim en Weyers (2004:10–11) bied 'n profiel van die veerkragtige persoon aan wat hulle saamgestel het uit navorsing gedoen deur Kampfer (1999), Naude (1999), Saleebey (1996) en Saleebey (1997):

- **Kategorie 1: Maatskaplike bevoegdheid**

Dit behels die kwaliteite van aanpasbaarheid, respondering, empatie en omgee, kommunikasievaardighede, humorsin en ander konstruktiewe sosiale gedrag. Veerkragtige persone beskik oor die vermoë om op verskillende maniere na 'n situasie te kyk en kan oor die algemeen positiewe verhoudings met ander persone handhaaf.

- **Kategorie 2: Probleemoplossende vaardighede**

Hiermee word bedoel die vermoë om abstrak en kreatief te dink en sodoende alternatiewe oplossings vir kognitiewe, emosionele en maatskaplike probleme te vind.

- **Kategorie 3: Outonomie**

Dit sluit in 'n sterk sin vir onafhanklikheid, interne beheer, eie identiteit en effektiwiteit sowel as eksterne beheer oor die omgewing.

- **Kategorie 4: 'n Toekomsvisie en doelgerigtheid**

Hiermee word bedoel gesonde verwagtinge sowel as 'n positiewe doelgerigtheid en sukses-oriëntasie. Die veerkragtige persoon is toekomsgerig en vol hoop en optimisme ten opsigte van waarna hy strewe.

- **Kategorie 5: 'n Sin vir trotsheid**

Trots help die veerkragtige persoon om hindernisse te oorkom. Dit kan ook die vorm aanneem van "*survivor's pride*" (vgl. 4.4.1), soos wat dit beskryf word van kinders wat ten spyte van swak huislike omstandighede oorleef het en met trots uitsien na 'n eie toekoms.

Veerkragtigheid is derhalwe die vermoë van die mens om 'n terugkeer te maak na traumatiese of enige negatiewe gebeure, sonder om noodwendig permanente letsels of kwesbaarheid oor te hou; inteendeel, die kanse is beter dat die persoon daardeur sal groei en meer selfhandhawend die lewe sal kan hanteer. Bogenoemde sluit aan by die definisie wat volgens Grotberg (1995:8) deur die *International Resilience Project* aanvaar is, naamlik: "*resilience is a universal capacity which allows a person, group or community to prevent, minimize or overcome the damaging effects of adversity".* In die omskrywing word veerkragtigheid verder as die individu geneem en van toepassing gemaak op die groep en gemeenskap en daarom is dit noodsaaklik om te fokus op veerkragtigheid by die toepassing van al drie primêre metodes in maatskaplike werk.

Hierdie internasionale projek oor veerkragtigheid fokus veral op kinders wat oor die hele wêreld heen voordurend met stres en trauma gekonfronteer word, vanweë faktore soos oorlog, egskeiding, siekte en rampe. Dit is veerkragtigheid wat kinders in staat stel om oor trauma, hetsy binne die gesin of in die gemeenskap, te triomfeer in plaas van om daardeur oorweldig te word. Ten einde teenslae te oorkom, put kinders uit drie bronne van veerkragtigheid, naamlik: "*I HAVE, I AM, I CAN*". Die "EK HET"-bronne is geleë in die eksterne omgewing, terwyl die "EK IS"-bronne in die self geleë is en die "EK KAN" verwys na sosiale en interpersoonlike vaardighede wat aangeleer kan word (Grotberg 1995:8). Hierdie veerkragtigheidsfaktore word op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem in hoofstuk vier bespreek en die "EK IS"- en "EK KAN"-faktore word in die daaropvolgende hoofstukke vyf tot sewe, wat oor die gesins-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke handel, bespreek.

Daar moet egter vermeld word dat bogenoemde drie bronne van veerkragtigheid interafhanklik is in die sin dat 'n kind nie net een aspek daarvan kan besit ten einde veerkragtig te wees nie. Die kind wat liefdevol is (*I have*), maar nie innerlik sterk is nie (*I am*), of nie oor interpersoonlike vaardighede beskik nie (*I can*), kan dus nie as veerkragtig beskou word nie (Grotberg 1995:8). Die basiese beginsel van die ekologiese perspektief van wisselwerking en transaksies is derhalwe steeds van toepassing by die ontwikkeling en bevordering van veerkragtigheid in die kind ten einde teenspoed in ontwikkelingsgeleenthede te omskep. Hierdie is 'n belangrike konsep van die sterkteperspektief, wat weer tydens die bespreking oor die pleegkind, sy gesin en omgewing in daaropvolgende hoofstukke van toepassing gemaak word.

- **Heling en onverdeeldheid/heelheid**

Heling impliseer beide heelheid en die ingebore vermoë van die liggaam en die gees tot herlewing en weerstand in die teenwoordigheid van disorganisasie, siekte en ontwrigting. Dit impliseer ook 'n bevorderlike verhouding tussen die individu en die groter maatskaplike en fisiese omgewing. Die

mens beskik oor die vermoë tot spontane herstel en ’n geneigdheid tot heling ten spyte van trauma of toksiese omgewings, anders sou die menslike spesie lankal uitgesterf het (Saleeby 2002a:11).

Bogenoemde konsepte sluit aan by die konsep van mag, magteloosheid en besoedeling as basiese konsepte van ekologiese denke (vgl. 2.5.5) waarvolgens die persoon of omgewing deur die misbruik of besoedeling van die natuur van sy mag ontneem word. Dit is ’n uitdrukking van ’n destruktiewe verhouding tussen die persoon en die omgewing wat reggestel kan word deur te fokus op die prosesse van wisselwerking en die wedersydse positiewe beïnvloeding tussen die verskillende sisteme ten einde homeostase te herstel. Kinders beskik oor natuurlike en ingebore potensiaal, wat ontsluit kan word ten einde te herstel en na heelheid te streef. Hierdie sterkte is voordelig vir maatskaplike dienslewering ten einde teenstand te bied teen probleemgerigte denke en veral aan die pleegkind ’n toekoms te bied.

- **Dialoog en samewerking**

Mense is afhanklik van kreatiewe en ontwikkelde verhoudings met ander en daar vind voortdurend transaksies tussen mense plaas waarsonder dit onmoontlik sou wees om te ontdek, kennis te vermeerder en bewus te word van innerlike kragte. Deur dialoog word die belangrikheid van ander bevestig en die helingsproses tussen die self, ander en instellings begin daar. Deur dialoog word empatie, liefde, menslikheid en vertroue oorgedra en kan daar met ander geïdentifiseer word (Saleeby 2002a:12.)

Samewerking met kliënte impliseer dat die hulpverlener onderhandel en konsulteer en nie deskundige antwoorde verskaf nie. Wanneer kliënte aanhou om oor die probleem te praat en aandring op antwoorde, behoort die werker te luister, empatie te toon en gebruik te maak van terugkaatsing sodat die kliënt self doelwitte kan stel en die betekenis van lewensverwagtinge kan ondersoek (De Jong & Miller 1995:9). Die hulpverlener word dus die kliënt se agent, konsultant en aandeelhouer in gesamentlike projekte. Dit verg wedersydse openheid, onderhandeling en waardering van outonome sienings en aspirasies van diegene saam met wie gewerk word. Hulpverlening is ’n onderhandelingsproses waartydens die terapeut “… *have to be quieted so that we can give voice to our clients”* (Saleeby 2002a:12). Dit impliseer dat die kind, pleeg- en biologiese ouers in die pleegsorgsituasie betrek moet word by die samestelling van ’n pleegsorgplan waar elkeen se mening en regte gerespekteer word. Dit sal meebring dat hulle reg tot deelname erken word en dat hulle eienaarskap van die plan neem en sodoende beter samewerking verleen.

Deur middel van dialoog met sy medemens en omgewing, ontwikkel die mens tot sy werklike kreatiewe self en raak bewus van sy eie interne kwaliteite. Deur ’n samewerkende gees tussen

kliënt en maatskaplike werker, word aan die kliënt 'n stem gegee om beheer te neem oor sy eie lewe en aspirasies. Dit sluit aan by die konsepte van die ekologiese perspektief van voortdurende transaksies, wedersydse beïnvloeding en positiewe aanpassing tussen mens en omgewing (vgl. 2.5.1 en 2.5.2).

- **Opheffing van ongeloof**

Opheffing van ongeloof handel eerstens oor die wantroue wat daar bestaan om die kliënt se weergawe van sy werklikheid te aanvaar en tweedens om binne die raamwerk van aanvaarding met die kliënt te begin werk sodat hy presies weet waarvan hy praat en self die deskundige in sy eie lewe is. Die vraag word gestel of maatskaplike werkers se opinie minder subjektief is as die kliënt se begrip van sy omstandighede. Die ideaal om wetenskaplik en objektief waar te neem en te werk het aanleiding gegee tot 'n soort ongelowigheid oor, sowel as die ontwikkeling van 'n afstand tussen die maatskaplike werker en kliënt. Maatskaplike werkers kan met teorieë kliënte in 'n rigting indwing en sekere vooropgestelde diagnoses maak waardeur hulle sodoende hul vermoedens oor die kliënt wil bevestig. Daar word maklik verwys na kliënte as manipulerend, of dat hulle weerstand openbaar en leuens vertel, wat waarskynlik toegeskryf kan word aan die kliënt se pogings tot selfbeskerming en 'n poging tot selfgeldende gedrag (Saleeby 2002a:13).

Volgens Ferreira (2004b:66) kan die sogenaamde weerstand van die kliënt omgeskakel word in produktiewe werk van sy kant. Deur die kliënt met erkenning en respek teenoor sy storie te benader, kan hy in staat gestel word om homself te bemagtig deur die ontdekking van sterktes binne homself, sy gesin en sy omgewing. Die kliënt moet in staat gestel word om heling van binne te laat plaasvind deur die daarstelling van goed geformuleerde doelstellings oor verandering wat hy self in sy lewe wil laat plaasvind.

Maatskaplike werkers moet daarteen waak om nie in die naam van wetenskaplike teorieë in skeptisisme teenoor kliënte te verval deur nie na hul stories te luister nie of hulle af te maak as ongeloofwaardig en hulle vanuit vooropgestelde diagnostiese raamwerke te beoordeel. In teenstelling hiermee moet die kliënt beskou word as die deskundige oor wat in sy eie lewe aangaan en moet dienslewering gerig word op die mobilisering van innerlike kragte en bemagtiging. Hierdie konsep is veral van toepassing op die biologiese ouers watvan sekere ouerlike magte ontneem word op grond van sorgbehoewend-bevinding en verwydering van hul kind na pleegouers wat moet intree waar hulle gefaal het. Daar word dikwels na hierdie ouers verwys as manipulerend, onbevoeg en vol weerstand. Intussen kan die gedrag waarskynlik toegeskryf word aan die belewenis van onbevoegheid teenoor die mag van die statutêre stelsel en die gebrek aan 'n geleentheid om hul eie weergawe oor hul werklikheid te bied.

Die betekenis wat aan bogenoemde terminologie van sterkteperspektief geheg word, moet gesien word as 'n poging om weg te beweeg van woordgebruik in professionele werk as die uitdrukking van mag en deskundigheid. Daarteenoor word voorkeur verleen aan samewerking en aansluiting by innerlike kragte van die individu of gemeenskap op weg na 'n beter lewe volgens sy eie terme (Saleeby 2002a:13). In die pleegsorgpraktyk kan dit veral van toepassing gemaak word op 'n plan vir gesinshereniging waar die biologiese ouers self doelwitte kan stel en hulle bemagtig word deur hulpbronne en dienste om stappe vir doelbereiking uit te voer.

2.7.4 Algemene beginsels van die sterkteperspektief

Daar is algemene beginsels waarop die sterkteperspektief berus wat tydens hulpverlening in ag geneem moet word en soos volg deur Saleebey (2002a:14–18) en Kisthardt (2002:165–171) geformuleer word:

- **Beginsel 1: Elke individu, groep, gesin en gemeenskap beskik oor sterktes**

Individue en gesinne beskik oor vermoëns en sterktes. Mense wat om hulp vra vir hul probleme is meer as die probleem, aangesien elke persoon oor 'n reeks ervarings, karaktereienskappe en rolle beskik wat bydra tot wie die persoon is. (Vgl. 2.1.2 onoptelbaarheid.) Gesinne beskik byvoorbeeld oor tradisies en gesamentlike vermoëns van gesinslede, sowel as ander sisteme soos uitgebreide families en woonbuurte. Deur die sterkteperspektief word gepoog om die kliënt in terme van sy sterktes te verstaan. Dit sluit 'n sistemiese ondersoek in na oorlewingsvaardighede, kennis, hulpbronne en enigiets wat die kliënt kan help om sy doelwitte te bereik (Early & GlenMaye 2000:119).

Die maatskaplike werker moet altyd daarvan bewus wees dat die individu, gesin of die gemeenskap oor unieke bates, hulpbronne, wysheid en kennis beskik. Die sterkteperspektief gaan oor waarneming en die respektering van hulpbronne en om die potensiaal daarin raak te sien ten einde ongelukkigheid om te keer, siekte teen te werk, pyn te verlig en om doelwitte te bereik. Om hierby uit te kom, moet die terapeut werklik in die kliënt se stories en narratiewe geïnteresseerd wees. Kliënte moet die boodskap kry dat die hulpverlener opreg omgee, 'n verskil wil maak, luister, respek betoon en die geloof het dat hulle kan vorder, groei en transformeer met die interne en eksterne kragte waaroor hulle beskik (Saleebey 2002a:14).

Volgens Kisthardt (2002:165–171) is dit belangrik om tydens die dienslewering op die sterktes, belange, vermoëns, kennis en vaardighede van elke persoon te fokus en nie op diagnoses, tekortkominge, simptome en swakhede nie. Kliënte moenie gesien word as 'n versameling van simptome en probleme nie, maar as 'n persoon wat oorleef ten spyte van armoede, onderdrukking, siekte, teleurstelling en enige ander problematiek. Dié wat oorleef, is gewoonlik aanpasbaar,

kreatief en veerkragtig en gee nie moed op nie, ten spyte van eksterne uitdagings en interne konflik en pyn. Persone kan en moet vir hulleself besluit wat hulle van die lewe verwag, al is dit 'n basiese standpunt soos "ek wil leef". 'n Belangrike sterkte is om in staat te wees om persoonlike aspirasies en begeertes te kan uitdruk. Deur op kliënte se sterktes te fokus, behels dat die terapeut respek en belangstelling sal toon vir die persoon en sy verwagtinge en drome, eerder as om vir hom te besluit en die rol van deskundige te vertolk wat weet wat goed is vir ander. Die implikasies hiervan is dat die pleegkind deurlopend betrek moet word en in samewerking met hom besluit wat nodig is en wat die plan van aksie moet wees om dit te bereik. Kliënte werk waarskynlik dikwels nie saam nie of voer besluite nie deur nie, omdat hulle nie eienaarskap neem vir hul behandelingsprogram nie.

Kemp *et al*. (2002:26) vat bogenoemde saam in die volgende stelling: "*The framing assumption here is that all persons and environments contain resources and strengths, actual and potential, that can be harnessed to improve quality of life and that can be used as foundations for change."* Die maatskaplike werker behoort dus nie teen die pleegkind of sy ouers se tekortkominge of swak omgewing vas te staar nie, maar behoort eerstens te soek na sterktes wat hulle tot dusver in staat gestel het om te oorleef, ten spyte van meervoudige problematiek. Die oordra van respek en eerbied vir persoonlike mening en wat van die lewe verwag word, sal hulle waardevol en aanvaarbaar laat voel en kan terselfdertyd as motivering dien om saam te werk na 'n meer funksionele lewe.

- **Beginsel 2: Trauma en mishandeling, siekte en strydvoering mag seermaak of skaad, maar kan ook beskou word as 'n geleentheid of uitdaging**

Wanneer volgens die sterkteperspektief na mense gekyk word wat daagliks 'n stryd om oorlewing voer ten opsigte van kos, werk en skuiling, beskik hulle alreeds oor veerkragtigheid en vindingrykheid en alhoewel hulle in ongemak verkeer, is hulle gemotiveerd tot doelbereiking op hul eie manier (Saleebey 2002a:14). Hierdie beginsel voorkom dat kliënte 'n slagoffergesindheid ontwikkel, soos wat verduidelik word op 'n video van Wolin en Wolin (1994:video) oor die opbou van veerkragtigheid by kinders wat blootgestel was aan riskante omstandighede soos mishandeling en substansmisbruik. Die kinders met "*survivor's pride*" (vgl. 4.4.1) het bo uiters moeilike omstandighede uitgestyg en nie hulleself bejammer of hul maatskaplike omstandighede as 'n verskoning gebruik vir wanfunksionering en 'n gebrek aan vordering of negatiwiteit nie.

Veerkragtigheid (vgl. 2.7.3) word deurgaans as kernkonsep in die sterkteperspektief gebruik en die pleegkind se vermoë om ten spyte van terugslae terug te veg en te oorleef, moet nooit onderskat word nie. Die ontwikkeling van veerkragtigheidseienskappe behoort 'n hoofaspek van pleegsorgdienste uit te maak. 'n Veerkragtige pleegkind kan sy ervaring konstruktief eerder as vernietigend beleef; dus kan dit hom verander maar nie beskadig of vernietig nie en motiveer om

homself te ontwikkel om sy lewensideale te bereik. Dit sluit ook nou aan by die volgende beginsel wat in die sterkteperspektiefpraktyk toegepas moet word.

- **Beginsel 3: Alle mense beskik oor die inherente vermoë om te leer, te groei en te verander**

Die menslike gees is veerkragtig en beskik oor die inherente vermoë om te oorleef ten spyte van traumatiese ervarings. Deur hierdie ingebore drang om te groei en te verander word maatskaplike werkers uitgedaag om die motiverende mag van positiewe verwagtinge te aanvaar. Indien geloof, hoop en liefde oorgedra word, kan dit as helende krag en motivering dien om die kliënt sy potensiaal en moontlikhede te laat besef en te gebruik. Daar word dikwels met kliënte met ernstige gestremdhede en beperkte vermoëns gewerk wat dit moeilik vind om hul verwagtinge te verbaliseer. In sodanige gevalle behoort die maatskaplike werker die fokus van byvoorbeeld vraagstelling na geduldige waarneming te verskuif totdat hul voorkeure deur gedrag geopenbaar word. Tydens dienslewering moet daarna gestreef word om iets nuuts van die kliënt te leer. Dit moet 'n soort ontdekkingsreis wees op soek na potensiaal, vaardighede en talente. Die sterkteperspektief bied die geleentheid om voortdurend gebruik te maak van nuwe en verskillende strategieë om groeigeleenthede te genereer (Kisthardt 2002:169).

Hierdie beginsel sluit aan by die ontwikkelingsgerigte benadering (vgl. 4.4.1) waar daar tydens assessering en dienslewering gefokus word op die kind se potensiaal, bemeestering, onafhanklikheid, mededeelsaamheid en geborgenheid, in plaas van op wat hy alles verkeerd doen of waar hy of sy gesin tekort skiet. Wanneer die kind ervaar dat daar, ten spyte van interne of eksterne omstandighede in sy moontlikhede geglo word, behoort hy meer gemotiveerd te wees tot samewerking en doelbereiking.

- **Beginsel 4: Veronderstel die boonste grens van groeivermoë en verandering is onbekend en maak erns met individuele, groep en gemeenskapsaspirasie**

Dikwels word diagnoses of assesserings as parameters gebruik om kliënte se moontlikhede mee te bepaal, terwyl absolute vooruitsigte nie gestel kan word nie en die diagnose of assessering 'n vonnis kan word. Kliënte word beter bedien deur 'n openlike ooreenkoms met hullevolgens hul eie belofte en moontlikhede aan te gaan, wat beteken dat verwagtinge getrou moet wees aan hul hoop, visie en waardes. Dit is byvoorbeeld bekend dat emosies 'n betekenisvolle effek op welsyn en gesondheid het en dat die liggaam meestal goed reageer op 'n positiewe geloof en hoop op herstel (Saleebey 2002a:15). Dit impliseer dat, indien die pleegkind realistiese vooruitsigte en hoop vir 'n suksesvolle lewe deur pleegsorgdienste kan kry, hy meer gemotiveerd sal wees om geleenthede te soek en te gebruik waardeur hy sy aspirasies kan bereik.

Indien individue en gemeenskappe in hul eie vermoëns en veerkragtigheid glo, is die kanse goed dat hulle nie beperk sal voel nie en dat herstel makliker sal plaasvind. Dit is amper die gedagte van "*the sky is the limit*" waardeur die maatskaplike werker die pleegkind die gevoel kan laat verkry dat daar nie grense gestel word aan moontlikhede tot groei en ontwikkeling nie, maar dat 'n persoon ook self verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar.

- **Beginsel 5: Die kliënt ontvang die beste diens deur samewerking**

Die maatskaplike werker word die beste gedefinieer as 'n samewerker of konsultant wat veronderstel is om oor gespesialiseerde opleiding en ervaring te beskik, maar is beslis nie die enigste een in die situasie met relevante kennis en ervaring nie. Kliënte se kennis en sienings mag nie onderskat word nie en dit is belangrik om in kontak te kom met hul stories, hoop en vrese in plaas daarvan om hulle te beperk tot diagnostiese kategorieë of behandelingsprotokol. 'n Samewerkende ooreenkoms maak die terapeut ook minder kwesbaar vir byvoorbeeld slagofferblamering. Beleid en regulasies oor hulpverlening word binne die mure van kongressale gemaak en is dikwels ver verwyder van die daaglikse realiteite waarmee die kliënte worstel en genoeg tyd word nie daaraan bestee om meer omtrent hulle kennis en hulpbronne te wete te kom nie (Saleebey 2002a:16).

Volgens Kisthardt (2002:166–167), is samewerking, wisselwerking en vennootskap kenmerkend van die verhouding in dienslewering. Mense verskil in die mate waartoe hulle bystand van ander benodig om persoonlike doelwitte te bereik. Hulpverleners en verbruikers van professionele dienste bring elkeen hul eie ervaring, kennis, vaardighede, emosies en persoonlike agendas na die hulpverleningsituasie, wat mekaar beïnvloed. Die doel van vennootskap vereis dat die ontwikkeling van hulpverleningsplanne **saam met** kliënte en **nie vir** hulle ontwikkel word nie en wel deur magsdeling en gesamentlike besluitname.

Praktisyns wat volgens die sterkteperspektief 'n pleegsorgplan saamstel, sal besef hoe belangrik die verskuiwing van tradisionele grense is en moet daarom voorkeur gee aan samewerking en onderhandeling tussen die kind, biologiese en pleegouer ten einde elkeen se insette in die plan te betrek. Die beginsel van samewerking bring ook medeverantwoordelikheid teweeg. Verder word die kliënt nie vanuit 'n superieure posisie benader nie, maar op 'n gelyke vlak waar elkeen oor unieke vaardighede en kennis beskik wat gesamentlik aangewend kan word om sukses te behaal. Dit volgende beginsel sluit hierby aan.

- **Beginsel 6: Elke persoon is verantwoordelik vir sy eie herstel. Die deelnemer is die bestuurder van die hulpverleningspogings**

Die lewe bestaan uit die maak van keuses en die sterkteperspektief erken dat besluite voortdurend geneem moet word. Gedrag is 'n aanduiding van die besluite wat geneem is en indien hierdie besluite nie in ooreenstemming is met die normale nie, is die eerste stap om mense te laat verstaan dat hulleself hierdie besluite geneem het en dat hulle waarskynlik nie hul doel sal bereik indien daarmee voortgegaan word nie (Kisthardt 2002:167–168).

Wanneer die biologiese ouers van die pleegkind dus besef dat keuses gevolge inhou en dat behoeftes bevredig kan word deur beter besluitname, kan dit hulle motiveer om in die toekoms meer samewerkend te wees ten einde gesinsherstel te laat plaasvind. Die sterkteperspektief ondersteun dus nie net selfbeskikkingsreg nie, maar ook die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die gevolge van besluite. Hierdie beginsel geld ook veral in gevalle waar 'n pleegkind uitdagende gedrag openbaar. Indien hy besef dat hy grootliks vir sy eie welstand verantwoordelik is, sal hy waarskynlik beter interne beheer en selfdissipline toepas om sy eie gedrag te bestuur. Dit sluit ook aan by die ekologiese konsep van selfrigting ("*self-direction*") wat te make het met selfbeheer en die vermoë om verantwoordelikheid te neem vir besluite en dade. (Vgl. 2.5.4.)

- **Beginsel 7: Elke omgewing is vol hulpbronne**

Elke gemeenskap, ongeag hoe rof en onafgerond dit voorkom, beskik oor potensiële hulpbronne en moontlikhede. Elke individu, groep, vereniging of instelling het iets om te bied wat ander dalk dringend nodig het soos kennis, bystand, 'n spesifieke hulpmiddel, talent, tyd of plek. Hierdie soort hulp bestaan gewoonlik in die informele sektor en word nie genoeg ontgin nie. Daar moet dus nie op byvoorbeeld politieke transformasie gewag word terwyl daar reservoirs van energie, idees, talente en vaardighede lê en wag om ontgin te word nie (Saleebey 2002a:16).

Kisthardt (2002:171) beskou die totale gemeenskap as 'n oseaan van potensiële hulpbronne wat namens diensverbruikers gewerf kan word. Natuurlike hulpbronne word eerste oorweeg alvorens oorgegaan word na formele instansies/inrigtings vir maatskaplike dienslewering. Hiervolgens word die potensiaal en moontlikhede van die totale gemeenskap in die lig van hulpbronontwikkeling gesien. Die individu word nie in isolasie beskou nie, maar as deel van 'n woonbuurt, organisasie en groter gemeenskap; dus die ekosistemiese perspektief. Deur kontakmaking word die grense en metodes van dienslewering vergroot en sodoende kan beide diensverskaffer en verbruiker meer verryk en vervul anderkant uitkom. Volgens hierdie beginsel behoort daar dus genoeg pleegouers in 'n gemeenskap gewerf te kan word om die kinders aangewese op pleegsorg te kan absorbeer.

Verder kan pleegouers en pleegkinders op ’n gereelde basis in groepsverband bymekaar kom vir wedersydse beïnvloeding, ondersteuning en heling.

- **Beginsel 8: ’n Sterktegebaseerde, persoongesentreerde benadering ondersteun hulpverleningsaktiwiteite in sy natuurlike voorkoms binne gemeenskapsopset**

Die sterkteperspektief kan meer doeltreffend in die gemeenskap as in inrigtings met kliënte toegepas word; eerstens omdat die dag-tot-dag realiteite van die persoon se lewensomstandighede eerstehands waargeneem kan word; tweedens is persone meer gemaklik om persoonlike detail te deel in die konteks van hul eie gemeenskappe; en derdens is persone met gestremdhede meer sigbaar in die gemeenskap en kan dit mites, stereotipes en diskriminasie beter afbreek. Verder kan ’n meer holistiese diens aan persone binne hul natuurlike omgewing gelewer word waar hulle meer soos vennote kan reageer deur saam te werk in die uitvoering van take (Kisthardt 2002:170). Pleegsorg is juis ’n voorbeeld van gemeenskapsdiens aan kwesbare kinders.

Kliënte moet dus sover moontlik binne gesins- en gemeenskapsverband dienste ontvang en slegs in uiters noodsaaklike omstandighede in inrigtings opgeneem word. Hierdie beginsel sluit aan by die amptelike beleid in die kinder- en jeugsorgsisteem dat kinders net in uitsonderlike gevalle in kinder- en jeugsorgsentrums opgeneem moet word. (Vgl. 3.7.) In die volgende praktykbeginsel word versorging in die natuurlike konteks ook bevestig.

- **Beginsel 9: Sorg, versorging en konteks**

Odendal (2000:554) omskryf sorg oor iemand as toesig of bewaring en deur vir iemand te sorg, voorsien jy hom/haar van die nodige. In die konteks van die studie sou dit dus impliseer dat ouers of alternatiewe versorgers vir kinders ten opsigte van hulle fisiese, emosionele, sosiale en religieuse behoeftes behoort te sorg. Volgens Saleebey (2002a:17) is sorg in die konteks van die sterkteperspektief essensieel vir elke mens en is daar basies drie regte ten opsigte van sorg, naamlik: gesinne moet bygestaan word om vir hul lede te sorg; betaalde versorgers (byvoorbeeld pleegouers) behoort kwaliteitversorging te bied sonder om hul eie welsyn te ondermyn; en alle mense (soos pleegkinders) wat sorg nodig het, behoort dit te ontvang. Dit sluit aan by die bespreking oor die kontinuum vir versorgingsdienste (vgl. 3.7) waar die kind se reg op totale versorging binne gesinsverband bespreek word. Indien dit nie kan realiseer nie word ander alternatiewe versorging oorweeg wat die beste belang van die kind sal dien.

Wanneer bogenoemde beginsels samevattend op pleegsorg van toepassing gemaak word, kan dit gestel word dat die pleegkind en sy breër omgewing beskou word as ’n kragtige bron van sterktes wat tydens dienslewering binne ’n samewerkende verhouding in werking gestel moet word. Pleegkinders kan teenspoed en probleme oorleef vanweë die besondere vermoë van

veerkragtigheid en daarom moet dit as uitdagings en groeigeleenthede gesien word. Die kliënt, soos byvoorbeeld die biologiese ouer, word gesien as die kenner van sy eie leefwêreld wat begelei moet word om sy eie besluite te neem en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar. Daar word sterk voorkeur verleen aan maatskaplike dienslewering binne gesins- en gemeenskapsverband waarvan pleegsorg 'n uitstekende voorbeeld is en daarom bo inrigtingsorg verkies word. Vervolgens word oorgegaan tot 'n meer praktiese toepassing van hierdie beginsels in die praktyk van die sterkteperspektief.

2.7.5 Die sterkteperspektiefpraktyk

Volgens Weick *et al*. (1989:353–354) is maatskaplike werkers gemaklik met die konsepte van die sterkteperspektief, maar bly dit moeilik om werklik primêr vanuit die perspektief te praktiseer, omdat institusionele en professionele hindernisse steeds 'n faktor blyk te wees. Mense kan alleenlik groei wanneer die maatskaplike werker dit aktief bevestig en ondersteun, verby die simptome kyk, en deur die medium van 'n verhouding doelwitte en aspirasies help ontdek en daarop fokus. Saleebey (2002b:81–82) beskou die beoefening van die sterkteperspektief as basiese goeie maatskaplike werk. In plaas daarvan dat hulpverleners self vanuit vooropgestelde idees besluit wat die persoon, gesin of gemeenskap nodig het, moet eerder vasgestel word hoe kliënte hul maatskaplike realiteite beleef en konstrueer. Deur kliënte se konteks en konstruksie te respekteer, word erkenning gegee aan die spesiale en unieke belewing van maatskaplike omstandighede. Die praktyk van die sterkteperspektief word gekenmerk deur die volgende: opregte dialoog, positiewe verwagting, aanmoediging tot deelname in die kliënt se leefwêreld saam met ander mense en die gemeenskap, die identifisering van natuurlike hulpbronne en om te leer van die kliënt.

Die sterkteperspektiefpraktyk gaan basies om 'n oop benadering tot die kliënt as die deskundige in sy situasie en oor die identifisering van sterktes op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteme. Dit behels die innerlike van die persoon self (vlak een), sy onmiddellike omgewing soos sy gesin, familie en vriende (vlak twee) en verder die sosiaal-strukturele en sosiokulturele (vlakke drie en vier). (Vgl. 2.8.) Hier geld ook die gedagte van **sinergie** wat plaasvind waar die individu as gevolg van sy wisselwerking met die omgewing groter en voordeliger gevolge skep waardeur albei kan baat vind (De Jong & Miller 1995:9). Die beginsel is derhalwe dat, indien persone individueel ontwikkel, die maatskaplike omgewing ook bevoordeel word as gevolg van voortdurende transaksies en wisselwerking wat plaasvind tussen die verskillende sisteme en die wedersydse beïnvloeding tussen persoon-in-omgewing. Deur die toepassing van die sterkteperspektief is dit moontlik om meer positiewe en belowende transaksies te laat plaasvind.

- **Die hulpverleningsverhouding in die sterkteperspektief**

Maatskaplike werkers wat die sterkteperspektief gebruik, heg baie waarde aan die hulpverlenings-verhouding wat sedert die vroegste tye van maatskaplike werk wel erken is, maar voeg hierby die noodsaaklikheid van samewerking. Kenmerkend van die hulpverleningsverhouding is doelgerigtheid, wederkerigheid, vertroue, bemagtiging, hoop en die ontstaan van drome, "… *and the placebo effect, meaning 'I shall please'"* (Saleebey 2002b: 82–83). Die verhouding moet dus as 'n troostende en helende element dien wat 'n verwagting tot 'n beter toekoms skep. Die mobilisering van kragte en geloof in die vermoë om te verander kan risiko's in moontlikhede omskep. (Vgl. 2.7.4.)

Die tradisionele waarde wat aan die professionele verhouding in hulpverlening geheg is, kan egter ook 'n hindernis wees in die proses om mense te bemagtig. Deur die beklemtoning van professionalisme word die maatskaplike werker die deskundige en die kliënt word in 'n tipiese ondergeskikte kliëntrol geplaas, wat 'n afstand as gevolg van die magsposisie tussen werker en kliënt laat ontstaan (Cowger & Snively 2002:109). Die toepassing van die sterkteperspektief het die potensiaal om hierdie wanbalans, geskep deur 'n magsverhouding, uit te skakel deur magsdeling in die hulpverleningsverhouding. (Vgl. 2.5.4 samewerking.)

Weick en Chamberlain (2002:97–98) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat die verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt die medium vir verandering bied. Dit wat die maatskaplike werker na die verhouding bring, soos die geloof in mense se potensiaal om positief te kan verander, dien as bron van energie en om die proses te aktiveer en hoop te herstel. Dit is egter belangrik in die sterkteperspektief om geloof te hê in die krag wat in die persoon self opgesluit lê en nie in maatskaplike werkers wat mense kan verander nie. Die hooffokus van die sterkteperspektief is om 'n nuwe weg anderkant die probleem te vind deur middel van die persoon se vermoëns, talente en aspirasies, in plaas daarvan om op die meervoudigheid van probleme te fokus.

Dit impliseer dat die maatskaplike werker in die pleegsorgsituasie nie die kliënte vanuit 'n superieure posisie nie, maar in 'n samewerkende gees sal benader. Die pleegouers behoort byvoorbeeld as vennote in dienslewering aan die kind beskou te word, terwyl die biologiese ouers die deskundige is ten opsigte van hul leefwêreld, en dienslewering ingestel is op die identifisering en inwerkingstelling van sterktes en hulpbronne wat tot voordeel van die kind aangewend kan word.

- **Die rol van die maatskaplike werker in die sterkteperspektief**

Potgieter (1998:150) is van mening dat die maatskaplike werker op die uitkyk behoort te wees vir die volgende sterktes in die kliënt:

- persoonlikheids- en karaktertrekke soos eerlikheid, opregtheid, motivering, optimisme, warmte en omgee vir ander;
- verhoudings met die omgewing soos betroubaarheid en liefdevolheid;
- kommunikasievaardighede soos die vermoë om te luister, gevoelens te deel en onderhandelingsvaardighede;
- sosiale vaardighede soos selfhandhawing, respek, uitgaande geaardheid en samewerkendheid; en
- vaardighede in die gemeenskap soos gemeenskapsidentiteit, omgee vir ander, bereidheid tot diensbaarheid en om 'n bydrae te maak, pogings om hulpbronne te onderhou en te ontwikkel, en kulturele ondersteuning van tradisies.

Hierdie benadering tot die identifisering van sterktes sluit nou aan by die beginsels van die ontwikkelingsassesseringsmodel (vgl. 4.4.1) sowel as die vlakke van die ekologiese perspektief (vgl. 2.9) en dit verleen struktuur aan die rol van die maatskaplike werker vir die assessering van sterktes.

Volgens Cowger en Snively (2002:110) kan die einddoel van die sterkteperspektief gesien word as die bemagtiging van mense. In dié verband is die rol van die maatskaplike werker nie om mense te verander, te behandel of berading te gee nie. Dit is naïef om te verwag dat maatskaplike werkers mense kan bemagtig, want mag is nie iets wat besit word om te versprei nie. Die maatskaplike werker is 'n **hulpbron** wat oor toerusting beskik soos bekom deur opleiding en wat gewillig is om kennis en vaardighede op so 'n wyse te deel dat mense hul eie mag kan besef en beheer kan neem om hul probleme op te los. Die rol van die maatskaplike werker is dus om te bemoedig, bystand te verleen, 'n instaatsteller, stimuleerder en om die sterktes binne mense en die omgewing los te maak ten einde maatskaplike gelykheid en geregtigheid te bevorder.

Die rol van die maatskaplike werker in die pleegsorgsituasie sou dus wees om die kliënt te help om sy storie te vertel, sy situasie te eksploreer, sy verwagtinge en doelwitte te identifiseer en om binne 'n samewerkende verhouding oor 'n pleegsorgplan te besluit hoe dit uitgevoer behoort te word. Die interne en eksterne kragte van pleegkinders moet ontsluit en geaktiveer word om sodoende na selfstandigheid te ontwikkel.

2.7.6 Riglyne vir die assessering van sterktes

Weick *et al*. (1989:353) stel dit dat sterkte-assessering eksklusief op die kliënt se vermoëns en aspirasies op alle lewensterreine fokus. Die kliënt en die maatskaplike werker moet op soek wees

na die ontdekking van individuele en gemeenskapshulpbronne waaruit geput kan word. Die vraag is nie watter soort lewe die persoon gehad het nie, maar watter soort lewe hy wil hê en om dan al die persoonlike en maatskaplike hulpbronne wat beskikbaar is aan te wend om dit te bekom.

Wat ekologies-geldige assessering betref, is Benner (1992:20) van mening dat 'n sisteem vir kinderassessering, omgewingsanalisering en die identifisering van sterktes en behoeftes van die kind, sy gesin behoort in te sluit. Indien sterkte-assessering volgens die vlakke van die ekologiese benadering onderneem word, verseker dit 'n holistiese perspektief op die totale situasie van die kind binne al die vlakke van die ekologiese sisteem. Ekologiese assessering as sodanig verwys na: "… *physical, social, and psychological or behavior settings a child operates within"* (Benner 1992:20). Ekologiese assessering is dus 'n kritiese komponent van geldige assessering. Wanneer daar tydens assessering op die kind as individu of op die gesin as sisteem gefokus word, word dit gedoen binne die konteks van die holistiese perspektief, maar ook om individuele behoeftes en sterktes te bepaal waarvolgens hulpverlening aangebied kan word.

Dit is oor die algemeen so dat die literatuur oor assessering steeds oorweldigend ingestel is op onvermoëns, abnormale gedrag, patologie en wanfunksionering van die individu, gesin, groep en gemeenskap. Daar is min bewyslewering in die literatuur van hoe praktisyns tydens assessering van sterktes gebruikmaak. Dit is eerder die geval dat die kliënt se sterktes onderskat word en dat maatskaplike werkers meer negatiewe persepsies van hul kliënte het as wat die kliënte van hulleself het. Daar is 'n teenstrydigheid in maatskaplikewerkideologie en -praktyk deurdat daar gesê word dat maatskaplike werkers met sterktes en nie met swakhede werk nie, terwyl probleemgerigtheid steeds kenmerkend van die praktyk is (Cowger & Snively 2002:107).

Assessering volgens die sterkteperspektief fokus op die herkenning van sterktes en voorsien 'n struktuur en inhoud vir ondersoek na bereikbare alternatiewe, die mobilisering van bevoegdhede wat 'n verskil kan maak en die opbou van selfvertroue waardeur hoop gestimuleer kan word (Cowger & Snively 2002:111). Volgens die sterkteperspektief is assessering derhalwe nie ingestel op wat verkeerd is met die kliënt nie, maar in plaas daarvan word daar gesoek na sterktes en hoe daarop gebou kan word ter bemagtiging en ontwikkeling van die kliënt om beheer te neem oor probleme. Cowger en Snively (2002:112) stel dit dat die assessering van sterktes 'n proses sowel as 'n produk is. Assessering as proses is om die kliënt te help om sy situasie te definieer en om betekenis te gee aan die faktore wat hom beïnvloed. Dit word bewerkstellig deur die kliënt sy storie te laat vertel en hom te laat besef dat, indien die werker sy eienaarskap oor sy storie respekteer, hy meer geneë sal wees om sy storie ten volle te vertel. Assessering as produk is 'n beskrywende ooreenkoms tussen werker en kliënt oor die aard van die probleemsituasie en 'n analitiese en verklarende betekenis van die faktore wat die probleemsituasie beïnvloed.

Die volgende riglyne vir assessering word deur Cowger (1994:265–267) en Cowger en Snively (2002:112–115) weergegee, gebaseer op die uitgangspunt dat daar meervoudige konstruksies van die werklikheid van elke kliënt se situasie bestaan. Volgens Ferreira (2004b:66) is hierdie uitgangspunt eie aan die sosiaalkonstruktivisme van Shaw (1966) en impliseer dit dat sosiale aktiwiteite waardeur nuwe werklikhede gekonstrueer word binne sosiale omgewing of konteks plaasvind. Verder word dit ook gestel dat die kliënt se probleemsituasie interaktief, multi-oorsaaklik en voortdurend veranderlik is. Tydens sterktegerigte assessering behoort die volgende aspekte in ag geneem te word:

- **Gee voorrang aan die kliënt se begrip van die feite**

Die sentrale fokus van die assessering is die kliënt se siening van die situasie, die betekenis wat hy daaraan gee en die gevoelens wat hy daaroor het. Die assesseringsinhoud handel oor die interpersoonlike, kognitiewe, geestelike en bio-psigiese dinamika in soverre dit die situasie belig soos deur die kliënt aangebied. Hierdie inhoud word slegs gebruik om sterktes of hindernisse ten opsigte van doelbereiking soos deur die kliënt gestel te identifiseer. Die wetenskaplike basis van maatskaplike werk en assessering as sodanig mag nie gebruik word om die kliënt te stigmatiseer nie en intra- en interpersoonlike assessering soos inligtingversameling oor die kliënt se verlede is nie in eie reg belangrik nie (Cowger 1994:256).

- **Glo die kliënt**

Sentraal tot die sterkteperspektief is om te glo dat die kliënt betroubaar is. Bevooroordeelheid teenoor die kliënt is teenstrydig met maatskaplikewerkbeginsels soos respek, eerbied en agting en kan lei tot ’n selfvervullende profesie oor kliënte. Dit mag nodig wees om kliënte te konfronteer deur alternatiewe of ander sienings oor die situasie te eksploreer, maar in ’n gees van omgee en ondersteuning (Cowger 1994:256).

- **Stel vas wat die kliënt wil hê**

Daar is twee aspekte in die verband wat vasgestel moet word, naamlik: (1) wat wil die kliënt hê en wat verwag hy van dienste; en (2) wat verwag die kliënt moet gebeur met betrekking tot sy huidige probleemsituasie? Laasgenoemde het te make met die kliënt se doelstellings en wat hy as suksesvolle oplossings vir sy situasie beskou. Suksesvolle praktisyns baseer assesserings op die kliënt se motivering wat weer afhanklik is van die verwagting dat persoonlike doelstellings bereik sal word (Cowger & Snively 2002:113).

- **Assessering moet persoonlike en omgewingsterktes insluit**

Dit is voor die hand liggend dat daar altyd persoonlike en omgewingshindernisse sal wees. Indien daar egter van die standpunt uitgegaan word, soos in die sterkteperspektief, dat oplossings geleë is in sterktes, is die fokus op probleme inderwaarheid futiel (Ferreira 2004b:67). Die kliënt se sterktes word in die kreatiewe hantering van persoonlike en omgewingshindernisse aangewend.

- **Multidimensionele assessering van sterktes**

Multidimensionele assessering word algemeen erken in maatskaplike werk. Praktisering vanuit 'n sterkteperspektief beteken dat daar geglo word dat sterktes en hulpbronne wat aangewend word om moeilike situasies te hanteer geleë is in die persoon se interpersoonlike vaardighede, motivering, emosionele sterktes en die vermoë om helder te dink. Die kliënt se eksterne sterktes is afkomstig van gesinsnetwerke, betekenisvolle ander, vrywillige organisasies, groepe in die gemeenskap, en openbare instellings wat die potensiaal het om geleenthede te voorsien en te ondersteun. Multidimensionele assessering behels ook 'n ondersoek na mag en magsverhoudings in die transaksies tussen die kliënt en omgewing, wat 'n konteks vir evaluering van alternatiewe oplossings vir die kliënt en werker bied (Ferreira 2004b:68).

- **Die gebruik van assessering om uniekheid te ontdek**

Assessering volgens die sterkteperspektief word geïndividualiseer ten einde te begryp hoe die kliënt sy unieke situasie ervaar (Cowger & Snively 2002:113). Die beginsel van individualisering kom dus tot sy reg tydens die assesseringsproses.

- **Gebruik die kliënt se woorde**

Geskrewe assesserings moet bestaan uit onopgesmukte, selfverklarende woorde en, waar toepaslik, behoort direkte aanhalings van die kliënt gebruik te word om probleme en oplossings te noem en te beskryf. Goldstein (1990) word deur Cowger en Snively (2002:114) aangehaal as dat professionele taal dikwels uit waardebelaaide metafore en idiome bestaan, wat meer te make het met filosofiese aannames oor die mens en ideologieë van professionaliteit en die politiek van die praktyk as wat dit te doen het met objektiewe rasionaliteit. Woordgebruik wat die kliënt se waardes weerspieël, plaas hom in die rol van deskundige en die maatskaplike werker se taak is om 'n begrip te ontwikkel oor die betekenis wat die situasie vir die kliënt inhou.

Volgens Benner (1992:103) moet die gesin se uitkomste vir doelbereiking in hulle eie woorde geskryf word, "… *rather than in professional jargon*". Uitkomste word beskou as stellings oor die veranderinge wat die gesin vir hulleself daarstel. Uitkomste behoort funksioneel volgens die gesin se prioriteite gestel te word. Verder behoort dit vergesel te word van maklik implementeerbare

aktiwiteite wat inpas by die roetine van die gesin en wat gerig is op die gesin se eie sterktes, hulpbronne en ondersteuningsnetwerke. Die verskil tussen 'n gesinsuitkoms en 'n professioneel-geformuleerde uitkoms is byvoorbeeld die volgende:

- Gesinsuitkoms: "*Ons kan probeer reël dat Beth se biologiese moeder haar elke Sondagmiddag kan skakel of besoek."*
- Professioneel-gestelde doelwit: "*Die pleegmoeder sal 'n ooreenkoms met Beth se moeder aangaan dat sy haar elke tweede Sondag kan besoek en elke alternatiewe Sondag telefonies tussen 14:00 en 16:00 kan skakel."*

Bogenoemde illustreer duidelik die begrip wat die kliënt vir sy situasie openbaar en wat hy wil bereik. Geen goed geformuleerde beplanning sal slaag indien die kliënt nie eienaarskap daarvan neem nie.

- **Assessering is 'n gesamentlike taak van die terapeut en die kliënt**

Tydens assessering is die werker en die kliënt in verskillende rolle. Die werker se rol is om ondersoek in te stel, te luister en die kliënt by te staan in die ontdekking, opheldering en artikulering van sy situasie soos hy dit verstaan en dit graag wil hê. Die kliënt gee rigting aan die inhoud van die assessering en neem verantwoordelikheid vir die proses en die produk aangesien hy die hoofaandeelhouer is en daarmee moet saamstem (Cowger 1994:266).

- **Bereik 'n wedersydse ooreenkoms oor die assessering**

Hulpverleners behoort nie 'n geheime assessering te hê nie. Alle skriftelike assesserings moet met die kliënt gedeel word, aangesien dit struktuur en rigting verleen om die kliënt se probleemsituasie mee te konfronteer. Geheime assesserings kan die kliënt kwesbaar vir manipulering laat (Cowger 1994:266).

- **Vermy blaam en blamering**

Dit gebeur dikwels dat assessering en blaam verstrengel raak en sommige hulpverleningsmodelle beskik oor 'n inherente blaamkomponent. Blaam staan in die weg van die soeke na oplossings en gee aanleiding tot 'n verlaagde selfbeeld. Dit kan ook aangeleerde hulpeloosheid tot gevolg hê of aanleiding gee tot 'n gebrek aan motivering om die probleem aan te spreek (Ferreira 2004b:68).

- **Vermy oorsaak-en-gevolg-denke**

Oorsaaklikheidsdenke verteenwoordig slegs een van baie perspektiewe op probleemsituasies en kan maklik aanleiding gee tot blamering, of etikettering, soos reeds bespreek (vgl. 2.1.4) oor die liniêre benadering. Probleemsituasies is gewoonlik multidimensioneel van aard, beskik oor

energie, verteenwoordig meervoudigerigtingoptredes of 'n sirkulêre benadering en reflekteer 'n dinamika wat nie pas by eenvoudige oorsaaklikheidsverklarings nie (Cowger & Snively 2002:114–115).

- **Assesseer, moenie diagnoseer nie**

Diagnoses is teenstydig met die sterkteperspektief aangesien dit in die konteks van patologie, afwyking en tekortkominge gebruik word wat gevolglik aanleiding gee tot etikettering en die veronderstelling van ongewilde en onaanvaarbare gedrag as 'n simptoom van onderliggende patologie (Cowger & Snively 2002:115). Daar word algemeen in die maatskaplikewerkliteratuur voorkeur gegee aan die woord *assessering* bo *diagnosering*, aangesien laasgenoemde die helper as die deskundige betreffende die kliënt se situasie beskou. Hulpverleners wat vanuit die sterkteperspektief assesseer, sal saam met die kliënt sy interne en eksterne lewensituasie verken en beskryf in terme van die betekenis wat deur die kliënt daaraan verleen word. Assessering is 'n gesamentlike proses wat fokus op persoonlike en omgewingsterktes binne die unieke situasie soos deur die kliënt ervaar en nie volgens 'n vaste raamwerk wat die terapeut vanuit 'n magsposisie toepas nie.

Wanneer hierdie assesseringsriglyne tydens pleegsorg toegepas word, impliseer dit groter deelname van die pleegkind volgens sy vermoë en ontwikkelingstadium, sowel as die biologiese en pleegouers indien eersgenoemde aktief betrokke is. Verder behoort die betrokke partye/kliënte groter eienaarskap van die pleegsorgplan en die uitvoering daarvan te neem omdat dit volgens hul eie doelwitte saamgestel word. Dit sal ook verseker dat assessering vanuit 'n sterkteperspektief gedoen word en dat daar nie weer in probleemgerigtheid volgens die ou diagnostiese paradigma verval word nie. (Vgl. 2.3.) By die praktiese uitvoering van assessering volgens hierdie perspektief behoort daar 'n bepaalde proses gevolg te word.

2.7.7 Die assesseringsproses

Die eerste komponent van assessering is 'n proses waarvolgens die werker en die kliënt die probleemsituasie definieer of probeer verklaar waarom die kliënt aangewese is op hulpverlening. Die tweede komponent van assessering behels die evaluering en betekenisgewing aan faktore wat die probleemsituasie beïnvloed (Cowger & Snively 2002:115). Daar word net kortliks na hierdie twee komponente verwys aangesien die assesseringsproses op die kind as individu van toepassing gemaak word in hoofstuk vier.

- **Eerste komponent: Definiëring van die probleem**

Definiëring van die probleem is die begin van die hulpverleningsproses en moenie verwar word met die evaluering en analisering van die probleemsituasie nie. Gedurende hierdie tyd word die kliënt gehelp om sy storie te vertel. Die volgende lys gee 'n uiteensetting van wat die werker en die kliënt kan doen om die probleem te definieer (Cowger & Snively 2002:115–117):

- 'n Kort opsomming oor die geïdentifiseerde probleemsituasie. Dit behels 'n kort uiteensetting in eenvoudige en direkte taal soos wedersyds ooreengekom tussen werker en kliënt. Indien geskrewe, moet dit slegs een paragraaf beslaan.
- Wie (persone, groepe of gemeenskappe) is betrokke, ingeslote die kliënt(e) wat hulp soek?
- Hoe en op watter wyse is die deelnemers betrokke en wat gebeur tussen die deelnemers voor, gedurende en in die onmiddellike daaropvolgende aktiwiteite wat verband hou met die probleemsituasie?
- Watter betekenis gee die kliënt aan die probleemsituasie?
- Wat verlang die kliënt met betrekking tot die probleemsituasie?
- Wat verwag of wat wil die kliënt hê deur hulp te soek?
- Hoe sou die kliënt se lewe wees indien die probleem opgelos sou wees?

Hierdie uiteensetting veronderstel dat die kliënt weet waarom hy hulp soek en dat hy met behulp van die werker in staat sal wees om die aard van die probleem te stel. Die vrae is ook gebaseer op 'n praktykmodel waar die werkers hul kliënte glo en vertrou en waar bevoegdhede versterk kan word met 'n oriëntasie van "*what you see is what you get*", en waar daar nie op dieperliggende intrapsigiese aspekte ingegaan word nie. Indien die kliëntsisteem uit meer as een persoon bestaan, kan daar vele definisies oor die probleemsituasie wees. In sodanige gevalle is dit die taak van die maatskaplike werker "... *to find common ground in problem definitions*" (Cowger & Snively 2002:116).

Vanuit praktykervaring sou die toepassing van bogenoemde riglyne, soos dat die kliënt veronderstel is om te weet waarom hy op hulp aangewese is, moeilik uitvoerbaar wees met die nievrywillige of ongemotiveerde kliënt, soos wat dikwels gebeur by statutêre intervensie. Dit is veral relevant by die verwydering van kinders wat, soos in die geval van hierdie studie, in pleegsorg geplaas word en die ouers deur 'n hofbevel gedwing word om aan sekere voorwaardes te voldoen. Hierdie kliënte word grootliks ontneem van hul selfbeskikkingsreg en dit verg intensiewe insette van

die maatskaplike werker om die ouers en soms ook die kinders wat uitdagende gedrag openbaar, se samewerking te bekom. Daar word egter van die standpunt uitgegaan dat indien bogenoemde riglyne vir assessering van sterktes toegepas word, die kliënt se vertroue en geloof in homself en die beste belang van sy kind grootliks herstel kan word.

Tydens die eerste komponent van assessering word die probleem in eenvoudige, konkrete terme na aanleiding van die kliënt se storie uiteengesit. Daarna volg die tweede komponent, waar gebruik gemaak word van 'n assesseringsraamwerk as riglyn.

- **Tweede komponent: Raamwerk vir assessering**

Hierdie deel behels die analisering en evaluering van en betekenisgewing aan faktore wat 'n invloed op die probleemsituasie uitoefen. Die model kan op twee asse voorgestel word, naamlik die kontinuum van omgewingsfaktore versus kliëntfaktore op die eerste as; en op die tweede as die kontinuum van sterktes versus hindernisse. 'n Volledige assessering behoort data op al vier punte van die kwadrant te bevat en nie net byvoorbeeld op die leemtes of tekortkominge nie, want dit sou onvanpas wees volgens die sterkteperspektief. Die assesseringsasse word soos volg voorgestel (Cowger & Snively 2002:116–117):

Figuur 4: Assesseringsasse



Assessering volgens hierdie raamwerk behoort prominensie te verleen aan individuele en omgewingsterktes, terwyl tekortkominge in die individu en die omgewing slegs as hindernisse beskou word en nie deel uitmaak van die primêre inhoud nie. Deur die fokus op sterktes te plaas word verby die probleem gekyk na dit waarna in die doelformulering gestreef word. Die assesseringsriglyn word prakties toegepas in hoofstuk vier (vgl. 4.4.3) wanneer dienslewering aan die pleegkind op die individuele vlak van die ekologiese sisteem bespreek word.

2.7.8 Hulpverlening volgens die sterkteperspektief

Hoewel die studie nie primêr op intervensie gerig is nie, word slegs kortliks verwys na die hulpverleningsproses volgens die sterkteperspektief, soos deur Saleebey (2002b:90–91) uiteengesit. Die eerste stap in die proses is die erkenning en herlewing van pyn en trauma ten einde dit in perspektief te plaas, begrip te ontwikkel, veerkragtigheid te ontdek en aanpassings vir

heling te maak. In die proses word losgekom van die verlede en word daar herbesin oor 'n ander en beter hede en toekoms.

Tydens die tweede stap word gesprekvoering en narratiewe oor veerkragtigheid en sterktes gestimuleer. Nuwe taalgebruik word aangeleer ten einde veerkragtigheid te ontplooi, sterktes te identifiseer en nuwe betekenis ten opsigte van die self en die omgewing te gee. Daar word veral gebruik gemaak van luister om te hoor wat die kliënt gedoen het om te oorleef (Saleebey 2002b:88–89 en Weick & Chamberlain 2002:98). Vraagstelling word ook gebruik om die kliënt bewus te maak van hoe hy oorleef het, watter ondersteuningsbronne hy oor beskik, watter moontlikhede daar vir hom bestaan en hoe hy oor homself voel. Vir hierdie doel word daar gebruik gemaak van oorlewings-, ondersteunings- en uitsonderingsvrae (De Jong & Miller 1999:4–7 en Saleebey 2002a:89). 'n Pleegkind se selfwaarde word gewoonlik beskadig deur statutêre ingryping en deur die gebruik van sterktegerigte vrae kan hy in kontak kom met sy eie gevoelens en denke en homself meer positief en betekenisvol ervaar.

Die volgende stap in die proses fokus op opleiding en handeling, waartydens die kliënt ondersteun word om risiko's te neem en volgens nuutontdekte, duidelik geformuleerde doelwitte en bevoegdhede tot aksie oorgaan. Hierna word beweeg na normalisering en terminering wanneer die kliënt in staat is om volgens 'n fondament van sterktes in homself en sy omgewing te funksioneer (Saleebey 2002b:90–91). Die einddoel van dienslewering aan die pleegkind sou veral wees om sy lewe te normaliseer deur permanensiebeplanning (vgl. 3.9), hetsy by die pleeg- of biologiese ouers, en dat hy gedurende toekomstige krisisse sal kan staatmaak op sy ontwikkelde innerlike kragte sowel as die ontginning van hulpbronne uit die omgewing.

2.8 SAMEVATTING OOR DIE EKOLOGIESE EN STERKTEPERSPEKTIEF

Die hoofstuk oor die konseptuele raamwerk vir die bestudering van pleegsorg is begin met 'n beskrywing van die sisteemteorie, aangesien die ekologiese benadering afkomstig is van die konsep van ekologie en die beginsels van die algemene sisteemteorie. Die ekologiese perspektief fokus op die transaksies tussen die mens en sy omgewing ten einde wedersydse aanpassing en verbeterde maatskaplike funksionering op alle vlakke te bevorder. Dit bied 'n holistiese raamwerk wat toepasbaar is in 'n wye veld van maatskaplike werk met die individu, gesin, groep, gemeenskap en instansies. Daarna is oorgegaan na die sterkteperspektief, aangesien die beginsels vir assessering en dienslewering op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme vanuit die sterkteperspektief gedoen word.

Daar is 'n groeiende erkenning dat die konsepte van die sterkteperspektief multidimensioneel is en die beste begryp word wanneer daarna gekyk word as 'n produk van transaksies binne en tussen meervoudige sistemiese vlakke. So, byvoorbeeld, is veerkragtigheid 'n kombinasie van interne en eksterne faktore in die persoon se biologiese, psigologiese, sosiale en geestelike aspekte sowel as in die omgewing (Waller 2001:9). Dit kan dus in die individu, binne die gesin, die gemeenskap of in die groter sosiale en omgewingsisteme voorkom.

Binne die ekologiese sisteem vind daar 'n voortdurende wisselwerking tussen risiko- en beskermende faktore plaas, wat die individu se lewe positief of negatief kan beïnvloed. Wanneer die sterkteperspektief binne die ekologiese raamwerk benut word, word analiserings op die verskillende vlakke gedoen met die doel om sterktes en hulpbronne te ontdek waardeur groei en ontwikkeling bewerkstellig kan word. Mense groei nie wanneer daar op probleme gefokus word nie, maar wel wanneer die klem geplaas word op wat alreeds bereik is en waarna gestrewe word.

Die laaste aspek wat in hierdie hoofstuk gehanteer word en wat as die eindpunt van die konseptuele raamwerk dien, is die uiteensetting van die ekologiese ontledingsisteme. Pleegsorg as alternatiewe sorg word aan die hand van hierdie vier vlakke bestudeer en in die daaropvolgende hoofstukke geanaliseer ten einde 'n holistiese perspektief daarop te verkry.

2.9 VLAKKE IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEME

Die konseptualisering van die ekologiese omgewing kan volgens Bronfenbrenner, soos aangehaal deur Greif en Lynch (1983:58), volgens vier omgewingsisteme ontleed word, naamlik die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteem. Schoeman en Ferreira (2000:396–397) wys daarop dat betekenisvolle aanpassings gemaak is aan die oorspronklike ekologiese model van Bronfenbrenner (1974) waaruit die sogenaamde ekologiese ontledingsisteem ontwikkel het en wat bestaan uit vier ekologiese ontledingsvlakke, naamlik die individuele, gesinstrukturele, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke. Ambrosino *et al* (2008:60-64) beskryf ook die "*levels of the ecological system"* wat as konseptuele raamwerk gebruik kan word om die interafhanklikheid en wisselwerking tussen vlakke van mikro- tot makrosisteem waar te neem. Wanneer maatskaplike problematiek aangespreek word, is dit nie altyd aanvanklik duidelik waar 'n faktor inpas nie en sommige faktore beïnvloed meer as een vlak. Daarom bied sodanige raamwerk die geleentheid om waarnemings op verskillende vlakke/sisteme holisties te doen. Vir die analisering van die pleegsorgpraktyk word die vier omgewingsisteme gekombineer met die ooreenstemmende vlakke, naamlik die mikrosisteem vir die individuele vlak; die mesosisteem vir die gesinsvlak; die eksosisteem vir die sosiaal-strukturele vlak; en die makrosisteem vir die sosiokulturele vlak. (Vgl.

fig. 5.) Dit bied aan praktisyns die geleentheid om die wisselwerking tussen meervoudige veranderlikes en hul verskillende verhoudings vanaf mikro- tot makrosisteem te analiseer en sodoende ŉ holistiese beskouing op die persoon-in-situasie te bekom.

In die literatuur is dit opvallend dat meeste ekosistemiese teoretici slegs gebruik maak van die mikro-, meso- en makrosisteem en nie na die eksosisteem verwys nie. Die informele sisteme van die individu en gesin word onder die mikrosisteem gekombineer, terwyl die formele sisteme wat ŉ impak op die kliënt het op die mesosisteem verken en beskryf word. Die makrosisteem word as die oorhoofse vlak beskou waarbinne die ander sisteme funksioneer. Persoonlik word die vier sisteme verkies, omdat dit ŉ meer gespesifiseerde raamwerk bied waarvolgens maatskaplike verskynsels meer intensief op ŉ persoonlike, gesins-, omgewings- en ideologiese vlak geanaliseer kan word. Die verkenning en beskrywing vind dus vanaf die interne na die eksterne vlakke plaas, sowel as vanaf die kleinste (mikro-), middel- (meso-), buite- (ekso-) en allesomsluitende (makro-) sisteme en kan weer tot ŉ holisme geïntegreer word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die pleegsorgpraktyk soos volg geanaliseer: die mikrosisteem (die individuele vlak van die pleegkind), die mesosisteem (die gesinsvlak betreffende die biologiese en pleegouers), die eksosisteem (die sosiaal-strukturele vlak soos ekonomiese en maatskaplike realiteite) en die makrosisteem (die sosiokulturele vlak wat op ideologiese en kulturele aspekte fokus). Die vier ontledingsisteme en vlakke word vervolgens bespreek, waarna dit skematies in figuur 5 voorgestel word.

2.9.1 Mikrosisteem op die individuele vlak

Die mikrosisteem sluit daardie faktore van plek, tyd, aktiwiteit en rol in wat binne ŉ spesifieke opset van die individu gevind word (Benner 1992:16). Volgens Schoeman (1999:75) verwys dit na die veelheid van verhoudings wat tussen ŉ persoon en sy onmiddellike fisiese omgewing bestaan, byvoorbeeld die kind se verhouding met sy onderwyser waar hy in die rol van die leerder is. Shaffer (1999:63) wys daarop dat die mikrosisteem van die baba minder kompleks is omdat dit meestal beperk is tot die gesin. Die sisteem word egter al hoe meer kompleks namate die kind uitbeweeg na dagsorg, voorskoolse programme, die woonbuurt en die portuurgroep. Die kind word dan nie net beïnvloed deur persone in sy onmiddellike omgewing nie, maar sy eie biologiese en sosiale aspekte soos temperament, fisiese voorkoms en vermoëns het ŉ invloed op sy gedrag. Volgens Sheldon en Macdonald (2009:198–199) vorm die blootstelling van die groeiende kind aan toenemend meer verhoudings met verskillende mense en sisteme die basis vir sy maatskaplike ontwikkeling. Die mikrosisteem verteenwoordig derhalwe die onmiddellike omgewing van die individu, waar die gedrag en rolvervulling van elke ander persoon in daardie sisteem betrokke ŉ

wedersydse invloed op mekaar uitoefen. Betreffende die pleegkind as individu, sal op hierdie vlak gefokus word op die assessering van die kind se fisiese, emosionele, kognitiewe, maatskaplike en geestelike sterktes wat as uitgangspunt vir dienslewering gebruik kan word, asook die identifisering van leemtes waarvoor voorsiening in die individuele hulpverleningsplan gemaak moet word.

2.9.2 Mesosisteem op die gesinsvlak

Die mikrosisteem sluit alle hoofaspekte van die persoon en sy interpersoonlike verhoudings in. Vir die kind sal dit wees sy huis, skool, kerk en die verhoudings wat dit insluit. Dit is eintlik 'n uitbreiding van die mikrosisteem waar 'n analisering van die wisselwerking tussen die verskillende sisteme plaasvind. Die kind wat by die skool 'n aangename dag gehad het en goed met sy maats en onderwysers oor die weg gekom het, sal in 'n aangename gemoedstoestand by die huis aankom. Die wederkerige effek van hierdie sisteme sal weer meebring dat die kind wat by die huis deur konflik ontstel is, moeilik by die skool sal konsentreer en dalk ongelukkig in die klaskamer sal wees (Benner 1992:16, 18).

Schoeman (1999:75) onderskei tussen die mikro- en mesosisteem deur te noem dat die mikrosisteem bestaan uit die verhouding tussen die individu en sy onmiddellike omgewing (mikrosisteem) waar hy 'n bepaalde rol vervul, byvoorbeeld 'n vrou se verhouding met haar gesin waar sy die rol as moeder vervul. Sheldon en Macdonald (2009:199) stel dit dat die mesosisteem verwys na die verhoudings tussen mikrosisteme en in die besonder tussen die gesin en ander mikrosisteme; dus die interverwantskap tussen die individu en die verskillende mikrosisteme.

By die ontleding van faktore wat 'n rol speel in maatskaplike problematiek sal op hierdie vlak grootliks gefokus word op die aard van die gesinstruktuur en aspekte soos rolfunksionering, interaksionele dinamika en eienskappe van die gesin as 'n sosiale eenheid. Verder is die aard van die grense belangrik soos of die gesin betrokke is by sosiale netwerke met deurdringbare grense en of hulle in isolasie met geslote grense funksioneer (Carlson 1984:574–576). Die ontleding van die rolle, grense, dinamika en ander gesinsistemiese elemente bied aan die hulpverlener die geleentheid om saam met die gesin sterktes en ondersteuningsnetwerke te identifiseer en sodoende gesinsfunksionering te bevorder en die pleegsorgplan uit te voer. Soms word die mesosisteem as deel van die eksosisteem voorgestel.

2.9.3 Eksosisteem op die sosiaal-strukturele vlak

Die eksosisteem bestaan uit sosiale strukture soos gesondheidsinstellings, werkgewers, staatsdepartemente, wetstoepassers of ander infrastrukture en dienslewerende instansies

waarbinne mense leef. Wanneer in die eksosisteem beweeg word, behoort sisteme in die gemeenskap en omringende omgewing ook in ag geneem te word (Benner 1992:16, 18).

Die eksosisteem is 'n uitbreiding van die mesosisteem en sluit alle formele en informele maatskaplike strukture in die individu se onmiddellike omgewing in, sowel as die invloed wat hierdie instellings op die aktiwiteite binne die individu se onmiddellike omgewing uitoefen (Schoeman 1999:76). Shaffer (1999:65) en Sheldon en Macdonald (2009:199) wys daarop dat, hoewel kinders nie 'n direkte rol in hierdie sisteme speel nie, hul welsyn deur besluite en aksies daarvan beïnvloed word. Só, byvoorbeeld kan die ouer se werksomgewing 'n positiewe of negatiewe effek betreffende werksbevrediging hê, wat weer die ouer se verhouding tuis met die kind kan benadeel of bevoordeel. Die kind is dus nie noodwendig fisies of direk betrokke in die eksosisteem nie, maar as gevolg van die wedersydse beïnvloeding en die sistemiese effek word die kind se welstand geraak deur byvoorbeeld sterktes of leemtes in dienslewering deur openbare instellings.

Ontleding op hierdie vlak is gerig op belangrike formele en informele instellings in die gemeenskap, soos ekonomiese realiteite en neigings betreffende lae of hoë werkloosheidsyfers en die verspreiding en beskikbaarheid van goedere en dienste. Ander belangrike aspekte in die gemeenskap en omgewing is wetstoepassing en kriminele praktyke sowel as die verspreiding van maatskaplike hulpbronne onder alle lae in die bevolking (Carlson 1984:576–578). Die sosiaal-strukturele omgewing kan geleenthede of hindernisse vir die individu, gesin of groep bied en soms gebeur dit dat die persoon van omgewing verander waar beter in sy behoeftes voorsien kan word, of dat verandering in homself plaasvind om by omgewingseise te konformeer en aan te pas ten einde sy maatskaplike funksionering te verbeter (Hoffmann 1987:230). Kinderwetgewing waarin onder andere die gronde vir sorgbehoewendheid en voorskrifte vir pleegsorg uiteengesit word, sal ook van besondere betekenis vir die welstand van die pleegkind wees.

Dit het dus te make met 'n basiese maatskaplike infrastruktuur in die gemeenskap en omgewing, die voorsiening van goedere en dienste, en die sterktes of hindernisse wat op hierdie gebied bestaan. Voorbeelde van hindernisse in die kind se omgewing wat op hierdie vlak in hoofstuk ses bespreek word, is siekte soos die verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS), mishandeling of verwaarlosing en die effek van armoede. Daar kan ook verwys word na die eksterne faktore in die leefwêreld van die individu, gesin of groep en politici en beleidmakers moet bewus gemaak word van leemtes op hierdie terrein waaraan aandag geskenk behoort te word, sodat die individu of gesin binne 'n responderende omgewing (vgl. 2.1.2) kan funksioneer.

Betreffende die pleeggesin, sal die rol van die maatskaplikedienslewerings-instansies en hulpbronne om materiële, sielkundige, opvoedkundige, ontspannings-, gesondheids- en ander dienste te lewer 'n uiters noodsaaklike rol vervul in die geslaagdheid van die plasing al dan nie. Die

eksterne omgewing kan dus 'n sterkte of hindernis in die ontwikkeling en funksionering van die persoon wees. Hierdie sosiaal-strukturele faktore is meestal nou betrokke by dit wat op die breedste of makrovlak, naamlik die sosiokulturele vlak plaasvind.

2.9.4 Makrosisteem en die sosiokulturele vlak

Die makrosisteem verteenwoordig die breë kultuur en subkulture soos geloof, etniese gebruike en waardes. Dit sluit globale instellings en ideologieë in (Benner 1992:16). Volgens Schoeman (1999:76) vorm die makrosisteem die kultuur of subkultuur waarbinne die ekso-, meso- en mikrosisteem funksioneer. Wanneer kinders byvoorbeeld geassesseer word, word spesifiek gelet na hul individuele bevoegdheid om sekere take gedurende spesifieke ontwikkelingstadia uit te voer. Dan word daar verder beweeg na die ander vlakke van analisering soos om die sterktes en behoeftes van die gesin te assesseer (Benner 1992:20). Daar word dus by die kind as individu op mikrovlak begin en uitbeweeg na faktore by die gesin en omgewing binne 'n bepaalde kulturele konteks ten einde 'n holistiese perspektief te bekom waarvolgens intervensie kan plaasvind. Volgens Shaffer (1999:65) is die makrosisteem die oorhoofse ideologie wat voorskryf hoe kinders behandel behoort te word, wat hulle geleer moet word en waarna hulle behoort te streef. Hoewel hierdie waardes verskil volgens verskillende kulture en sosiale stand, bepaal dit grootliks wat kinders in hul huise, woonbuurte, skole en in ander sisteme wat hulle direk of indirek beïnvloed, sal ervaar.

Tydens die ontleding van die sosiale norme, kulturele waardes en geloofsoortuiging, word aandag geskenk aan die identifisering van beskermende en riskante faktore betreffende waardestelsels in die maatskaplike werk sowel as die samelewing oor kinders in sorgbehoewende omstandighede en in pleegsorg. Verder word vir die doeleindes van hierdie studie aandag geskenk aan kulturele en spirituele aspekte, veral betreffende houdings oor kinders in terme van geslag, dissipline, respek, erkenning van regte en beskerming. 'n Gemeenskap wat 'n hoë prioriteit aan kinderbeskerming verleen, sal ingestel wees op die uitroeiing van onaanvaarbare gedrag teenoor kinders soos verwaarlosing, mishandeling, verkragting of misbruik. Indien die kind ingevolge godsdienstige oortuigings as skepsel van God gesien word, kan dit bevorderlik wees vir die respektering van die beste belang van die kind. In 'n land soos Suid-Afrika waar daar 'n toename in weeskinders voorkom, behoort mense vanuit godsdienstige en/of waarde- en normestelsels meer geredelik beskikbaar te wees om hulleself as pleegouers aan te bied.

Die makrosisteem kan dus gesien word as die breë, allesomvattende konteks waarbinne die individu funksioneer, wat grootliks beïnvloed word deur abstrakte elemente soos kulturele waardes, norme en geloofsoortuigings. Vervolgens word 'n skematiese voorstelling gegee van die sisteme

en vlakke in die ekologiese omgewing wat 'n raamwerk vir die analisering van sterktes en struikelblokke bied.

Figuur 5: Sisteme en vlakke in die ekologiese perspektief vir die ontleding van die pleegsorgsituasie



(Bronne: Carlson 1984:578, Schoeman 1999:77 & 81 Shaffer 1999:64 en Ambrosino *et al.* 2008:60-63.)

Die verskillende sisteme en vlakke van die ekologiese perspektief bied 'n breë en omvattende raamwerk waarvolgens meervoudige bydraende en instandhoudende faktore ten opsigte van maatskaplike verskynsels soos kindermishandeling en die noodsaak vir alternatiewe sorg soos pleegsorg geanaliseer kan word ten einde gepaste dienslewering dienooreenkomstig daar te stel. Daar word dus onderskei tussen die sosiaal-strukturele en sosiokulturele sisteme wat op die buitenste vlakke geleë is, met die gesin en individu op die binnenste vlakke, maar steeds moet die voortdurende transaksies, wisselwerking en beïnvloeding en aanpassings van die verskillende

sisteme tydens ontleding in ag geneem word. Daar word derhalwe onderskeidings gemaak, maar steeds met 'n holistiese perspektief op die persoon-in-omgewing wat nie van mekaar geskei word nie.

'n Holistiese, ekosistemiese perspektief is sentraal tot die sterkteperspektief, aangesien veranderinge in die individu, gesin en gemeenskap nie alleen moontlik is nie, maar ook onvermydelik en deurlopend plaasvind. Volgens die ekosistemiese perspektief kan beheerde invloed op die individu se lewe uitgeoefen word deur enige verhouding in enige ander deel van die ekosisteem. Dit sluit byvoorbeeld in persoonlike eienskappe, gesinsterktes, rekreasie en maatskaplike beleid wat opvoeding beïnvloed. Hierdie positiewe beïnvloeding kan 'n wederkerige invloed op die kind uitoefen, wat die moontlikheid van positiewe aanpassing in sy totale ekosisteem bevorder (Waller 2001:10). Die ekosistemiese perspektief bied dus 'n basiese raamwerk waarbinne die konsepte van die sterkteperspektief multidimensioneel begryp en toegepas kan word.

2.10 SAMEVATTING

In hoofstuk twee word die navorsingsvraag oor wat die ekologiese perspektief op pleegsorg behels, bespreek. Ter beantwoording van die vraag word die teoretiese raamwerk verken en beskryf ten opsigte van definiëring, oorsprong, fundamentele konsepte en basiese werkswyse. Ter inleiding tot die ekologiese perspektief word die algemene sisteemteorie beskryf, aangesien eersgenoemde hieruit ontwikkel het. Die ekologiese perspektief is 'n uitbreiding op die algemene sisteemteorie deurdat dit die visie op die transaksies tussen die mens-in-omgewing verbreed na al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem. Hierdie perspektief beoefen sirkulêre denke, wat liniêre perspektiewe uitdaag deur die holistiese siening waarvolgens menslike gedrag in terme van beïnvloeding deur meervoudige veranderlikes geanaliseer word. Sistemiese denke verseker die fokus op die wisselwerking, transaksies en aanpassing tussen lewende wesens en hul omgewing en bied begrip om gebeure en menslike reaksies daarvolgens te analiseer. Daar word dus in terme van interverwantskap of verhoudings, en nie in aparte entiteite nie gedink. Dit bied die voordeel dat komplekse situasies binne meer hanteerbare en verstaanbare sisteme/vlakke geanaliseer kan word waarvolgens bydraende en instandhoudende faktore begryp kan word. Die vlakke in die ekologiese ontledingsisteem van individu, gesin, sosiaal-struktureel en sosiokultureel het ontwikkel vanuit die oorspronklike model van mikro-, meso-, ekso- en makrosisteem. Hierdie ontwikkeling bied rigting aan die maatskaplike werker om gebeure en gedrag in die konteks van meervoudige invloede en veranderlikes te begryp en te probeer aanspreek.

Dit is betreklik maklik om die ekologiese raamwerk volgens die verskillende vlakke/sisteme saam te stel. Dit kan as 'n basis dien waarvandaan empiriese werk gedoen kan word en waarvolgens 'n verskeidenheid van intervensiemodelle geakkommodeer kan word om 'n verskynsel mee aan te spreek. Hoewel hierdie studie nie oor die behandeling van die verskynsel handel nie, word die sterkteperspektief se konsepte, beginsels, assesseringsriglyne en proses gebruik tydens die assessering van die kind, gesin, sosiaal-strukturele en sosiokulturele sisteme. Die sterkteperspektief word gebruik omdat dit nie probleemgerig is nie, maar ingestel is op die mobilisering van interne en eksterne sterktes in die kliënt se leefwêreld wat gerig is op belowende transaksies en bemagtiging en om beheer te neem van die situasie. Aangesien hierdie 'n omvattende hoofstuk is met heelwat feite en 'n integrasie van verskillende fundamentele konsepte, word daar afgesluit met 'n samevattende tabel oor die kernaspekte van die teoretiese begronding.

Tabel 2: Samevatting van die teoretiese raamwerk vir die studie

DEFINIËRING	OORSPRONG	FUNDAMENTELE KONSEPTE	PROSES
Sisteemteorie			
Denkraamwerk waarvolgens 'n verskeidenheid inligting logies en geïntegreerd georden kan word om 'n sinvolle geheel te vorm.	Ontwikkel vanuit die natuurwetenskappe, spesifiek die biologiese bestuderingswyse en word toegepas op die sosiale wetenskappe vir die integrasie van inter- en intrapersoonlike aspekte tussen die mens en sy omgewing.	Bestaan uit subsisteme, sisteme en suprasisteem met eienskappe soos: • Grense. • In- en uitvloei van energie. • Entropie en negentropie. • Homeostase en balans in interne prosesse. • Hiërargiese ordening. • Differensiasie. • Ekwifinalitiet en multifinaliteit. Hierdie eienskappe beskryf die werking van sisteme struktureel sowel as intern.	Die sisteemteorie is nie 'n behandelingsmetode nie, maar 'n denkwyse wat 'n wetenskaplike basis aan maatskaplike werk bied waarvolgens individualistiese oorsaak-gevolg-modelle uitgedaag word. Prosesse van onderlinge verwantskap en die wisselwerking tussen verskillende sisteme word in ag geneem; dus 'n sirkulêre benadering.
Ekologiese perspektief			
Bied teoretiese fundering vir 'n holistiese beskouing van die mens binne sy konteks. Dit is gebaseer op die evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond van wisselwerking met die omgewing. Bied 'n raamwerk om 'n verskeidenheid intervensietegnieke te gebruik maar is nie op sigself 'n behande-	Algemene sisteemteorie het sterk inslag op die ontwikkeling van 'n ekologiese perspektief gehad en daarom word daar ook na die ekosistemiese perspektief verwys, is 'n verdere uitbreiding na 'n holistiese, interaksionele beskouing op die persoon-in-omge-	Berus op sewe konsepte, naamlik: • Transaksies, wisselwerking en wedersydse beïnvloeding. • Verbeterde aanpassing tussen persoon en omgewing. • Identifisering van interne of eksterne stres en ontwikkeling van streshanteringsmeganismes • Verwantskap, bevoegdheid en selfkonsep vir verbondenheid en selfwaarde.	Erken dat probleme ontstaan deur swak wisselwerking tussen persoon en omgewing. Ekologiese perspektief poog om sistemiese transaksies tussen persoon en omgewing te bevorder deur 'n aktiewe aanpassingsproses tussen interne en eksterne faktore te bevorder. Dit bied 'n raamwerk waarvolgens bydraende

lingsmodel nie.	wing. Maatskaplike problematiek word in transaksionele terme gedefinieer en kan geanaliseer word op ekologiese ontledingsisteme van mikro- tot makrovlak	• Uitdaging van destruktiewe mag, magteloosheid en besoedeling • Habitat en nis wat woonplek bied wat bevorderlik is vir groei en herstel. • Lewenskoers deur verskillende ontwikkelingstadiums.	faktore tot 'n verskynsel gemaklik geanaliseer kan word op die individuele (mikro-), gesins- (meso-), sosiaal-strukturele (ekso-) en sosiokulturele vlakke (makrosisteem).
Sterkteperspektief			
Die sterkteperspektief is 'n teorie van maatskaplikewerkpraktyk wat fokus op vermoëns en potensiaal van kliënte en gemeenskappe. Mobiliseer sterktes om doelwitte op eie terme te bereik.	Ontwikkel in die VSA onder maatskaplike werkers in geestesgesondheid in reaksie op siekte-, patologie en probleemgeörienteerde denke. Sterkteperspektief is deel van en gee uitvoering aan maatskaplikewerkwaardes soos respek en selfbeslissingsreg.	Fundamenteel tot die sterkteperspektief is die ontdekking en mobilisering van sterktes, vermoëns en hulpmiddels. Vyf fundamentele konsepte: • Bemagtiging. • Veerkragtigheid. • Heling en heelheid. • Dialoog en samewerking. • Opheffing van ongeloof.	Proses van die sterkteperspektief bestaan uit: Erkenning van pyn, losmaking van verlede en besin oor toekoms. Gespreksvoering oor stryd, oorwinning, identifisering van sterktes en herformulering van nuwe teks in sterkte-perspektieftaal. Handel binne konteks van nuwe doelwitte.
Optimistiese perspektief op individu en hulle omgewing.	Sluit aan by ontwikkelingsgerigte en bemagtigingsperspektiewe wat gerig is op vermoënsbou en selfhelp.	Integrasie met die ekologiese perspektief verseker dat analiserings op ekologiese ontledingsisteme nie net op probleme en behoeftes fokus nie, maar ook op sterktes en potensiaal.	Beweeg na normalisering en terminering. Sentraal tot die ekologiese perspektief vir die ontleding van positiewe en belowende transaksies.

HOOFSTUK 3

DIE KONSEPTUALISERING VAN PLEEGSORG AS ALTERNATIEWE SORG

Pleegsorg is 'n vorm van alternatiewesorg binne die formele versorgingsisteem vir kinders in gevalle waar die kind se welsyn op die een of ander wyse bedreig word. Die besluit om 'n kind uit ouerlike sorg te verwyder is een van die moeilikste take van 'n maatskaplike werker, aangesien dit verreikende gevolge vir al die partye kan inhou. Kinderverwydering moet met groot omsigtigheid en professionele verantwoordelikheid gepaard gaan en word uitgevoer met die beste belang van die kind as hooftema. Pleegsorg behoort voorafgegaan te word deur 'n deeglike assessering vanuit 'n holistiese perspektief om in die geval van 'n krisissituasie die kind se onmiddellike veiligheid te verseker, maar ook met inagneming van die langtermyngevolge vir die hele gesin (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:1).

Dit is algemeen bekend in die maatskaplikewerkpraktyk dat pleegsorg van al die verskillende vorms van alternatiewesorg vir kinders die meeste gebruik word. Die rede hiervoor is dat voorkeur aan alternatiewesorg vir kinders in gesinsverband gegee word. Dit is ook in ooreenstemming met die beleid van Departement Maatskaplike Ontwikkeling dat wegbeweeg word van inrigtingversorging en dat *"[y]oung people at risk (and their families) should have access to a range of differentiated services on a continuum of care, ensuring access to the least restrictive and most empowering environment and/or programme/s appropriate to their individual developmental and therapeutic needs*" (Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk 1998:5). Dit impliseer dat die kind in die eerste plek optimale geleenthede tot groei en ontwikkeling in sy ouerhuis moet ontvang en indien onmoontlik, daarnaas alternatiewe versorging in gesinsverband wat meer bemagtigend en minder beperkend beskou word as kinder- en jeugsorgsentrums.

In hierdie hoofstuk word pleegsorg as alternatiewesorg verken en beskryf met betrekking tot die historiese ontwikkeling en die filosofiese onderbou daarvan, die doel en beginsels waarop dit berus, diversiteite in pleegsorg en die verskillende vorms waarin dit in die praktyk voorkom. Verder word die plek van pleegsorg op die kontinuum van versorging bespreek en ander aspekte soos permanensiebeplanning en faktore wat kan aanleiding gee tot suksesvolle pleegsorgplasings al dan nie. Pleegsorg as sodanig word bespreek alvorens dit op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme in hoofstukke vier tot sewe geanaliseer word.

3.1 HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PLEEGSORG

Die historiese ontwikkeling van pleegsorg begin by die Europese en spesifiek Engelse, asook Amerikaanse tendense wat plaasgevind het. Daarna word bespreking gevoer oor die ontwikkeling in Suid-Afrika en Afrika.

3.1.1 Pleegsorgontwikkeling in Engeland

Kinderbeskermingsdienste het met die opkoms van industrialisasie in Engeland 'n aanvang geneem, aangesien die uitgebreide familienetwerk nie meer spontaan in alle kinders se behoeftes kon voorsien nie. In Engeland is die *English Poor Laws* in 1601 ingestel wat ook die versorging van afhanklike kinders ingesluit het. Dienslewering het egter maar langsaam plaasgevind en kinders is tydens die Industriële Revolusie as arbeiders in die fabriekswese uitgebuit. Gesinne het in oorbevolkte agterbuurte van industrieë in swak behuising gewoon. In 1834 het die armsorghuise ontstaan wat meer 'n vergaderplek van bedelaars en ander maatskaplike euwels geword het as wat dit kinders se omstandighede verbeter het. In Skotland is begin om kinders by boere uit te plaas, wat in 1860 aanleiding gegee tot meer formele reëlings in kindersorg. Gedurende 1870 het die Engelse maatskaplike werker Henley verklaar dat pleegsorg afhanklik is van die sorgvuldige keuring van pleegouers, asook die behoorlike vergoeding en deskundige toesig deur betaalde amptenare. In 1908 is die Children's Act in Engeland aanvaar, wat 'n bevorderlike invloed op die statutêre hantering van kinders tot gevolg gehad het en wat ook na ander lande uitgebrei het (Van Bochove 1965:82–84).

Dit blyk dus dat die geskiedkundige ontwikkeling van pleegsorg in Engeland gepaard gegaan het met 'n bewustheid van die nood van weeskinders of kinders wat in armoedige omstandighede opgegroei het en kwesbaar was vir uitbuiting. Formele maatreëls vir die hantering van die pleegsorgproses en die beskerming van die belange van kinders het egter eers in die laaste dekade negentigerjare van die twintigste eeu begin.

Tans is 68% van kinders in die Verenigde Koninkryk (VK) in die kinderbeskermingsisteem in pleegsorg. Hoewel pleegsorgbeleid gerig is op permanensie en kontinuïteit in die pleegkind se lewe, word steeds probleme in dié verband ondervind vanweë hoë werksladings en 'n wisseling in maatskaplike werkers. 'n Sterktegerigte benadering tot die pleegsorgpraktyk word bepleit, veral betreffende die insette van pleegouers en die wyse waarop pleegtoesigdienste gelewer word (Odell 2008:19). Dit wil dus voorkom asof die waarde van 'n sterktegerigte benadering tot die huidige pleegsorgpraktyk al hoe meer besef word, aangesien dit groeibevorderend vir die kind is en die potensiaal en insette van die versorgers erken.

3.1.2 Pleegsorgontwikkeling in die Verenigde State van Amerika (VSA)

In die VSA het pleegsorg gedurende die pionierslewe begin ontwikkel, aangesien gesinne dikwels deur siekte, dood, moorde deur Indiane, armoede en hongersnood geteister is. Familielede, vriende en die kerk het omgesien na afhanklike en behoeftige kinders. Die koloniste uit Europa en veral Engeland het voortgegaan met die gebruike van hul stamlande en derhalwe het die Armsorgwette van 1601 en die armsorghuise ook in die VSA neerslag gevind. Teen die einde van die 17de eeu is daar besef dat maatskaplike euwels in die armsorghuise voorkom en dat dit nie werklik die kinders se belange beskerm nie (Van Bochove 1965:93).

Die lewe vir kinders in die VSA tydens die koloniale tydperk was dus moeilik en gevaarlik en die tema van verlate of weeskinders was baie belangrik vir die koloniale regering. 'n Stelsel is ontwikkel waarvolgens seuns as vakleerlinge en dogters as huisbediendes aan 'n meester/baas toegeken is en daar net in hul basiese lewensbehoeftes voorsien moes word. Volgens die sogenaamde inboekstelsel kon kinders maklik misbruik en uitgebuit word vir kinderarbeid. Dit is egter ook beskou as 'n doeltreffende oplossing vir 'n duur maatskaplike probleem, en alhoewel die motief nie altyd gerig was op die belange van die kind nie, het dit nogtans in baie kinders se basiese fisiese behoeftes voorsien (Wiltse 1985:567).

Charles Loring Brace is in die VSA beskou as die persoon wat begin het met 'n stelsel vir die versorging van kinders, wat as die ontstaan van pleegsorg beskou kan word. Hy was in 1853 die sekretaris van die New York Children's Aid Society en sy motief was om kinders van die straat en destruktiewe praktyke te red. As Christenpredikant het hy geglo dat die plaas en plattelandse omgewing gesond is vir kinders en daarom het hy gereël dat duisende kinders van New York in klein plattelandse dorpies en op plase in die weste van Amerika uitgeplaas word (Van Bochove 1965:95). Die eerste beginsels van pleegsorg is toegepas, wat die vorm aangeneem het van pogings om die mense wat die kinders moes versorg, daarop voor te berei. Die kinders moes as vakleerlinge opgelei word of hulle moes leer om op plase te werk. Hoewel die gedagte was dat daar beheer uitgeoefen moes word en dat kinders oorgeplaas kon word, het dit nie werklik gerealiseer nie en was die stelsel kwesbaar vir uitbuiting. Wiltse (1985:569) haal Thurston (1930) aan wat die stelsel bevraagteken as "*the wolf of the old indenture philosophy of child labor in the sheepskin disguise of a so-called good christian home?"*

Hoewel die stelsel van Brace dus aanleiding kon gee tot ongerymdhede en uitbuiting, het hy ten minste 'n poging aangewend om kinders binne gesins- en kulturele konteks te laat versorg. In ag genome die toestande wat gedurende daardie tye geheers het, asook die beskikbare alternatiewe, het hy nogtans die basiese beginsels van pleegsorg begin toepas.

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu was die beveiliging van kinders en wetgewende maatreëls die sentrale tema van kinderwelsynsaktiwiteite en die Christengesin is beskou as die ideale plek waar 'n kind gered kon word. Charles Britwell was tussen 1886 en 1911 die direkteur van die Boston Aid Society en is beskou as die persoon wat pleegsorg na die moderne era geneem het. Sy uitgangspunt was om te vra wat die kind se behoeftes sal bevredig, wat die beste vir hom sal wees en nie waar die kind geplaas moet word nie (Van Bochove 1965:97). Die kind is dus benader as 'n individu in terme van sy behoeftes en probleme en dan is daar gekyk na watter alternatiewe beskikbaar is.

Verder is besef dat geen alternatiewe sorg voorkeur moes geniet bo pogings om die kind se eie ouerhuis te probeer herstel nie. Pleegsorg is beskou as tydelik en behandelingsgeoriënteerd. Tydens die eerste konferensie oor kindersorg in die Withuis deur President Theodore Roosevelt, is besluit om toelae aan moeders toe te ken om self hul kinders te versorg waar die broodwinner oorlede of ongeskik vir werk geraak het. Kinders moes nie slegs op grond van materiële redes verwyder word nie. Tydens die konferensie is ook voorkeur verleen aan pleegsorg bo inrigtingsorg as vorm van alternatiewe sorg (Wiltse 1985:567).

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu was pleegsorg al so goed gekonseptualiseer in die VSA dat daarna verwys is as "[*t]reatment in the sense that it was seen as a temporary substitute to remedy or replace a specific deficiency in parenting*". Pleegsorg moes dus nie net dien as "*holding tanks*" vir duisende kinders wat daarin ronddryf nie, maar as tydelike sorg wat behandelingsgeoriënteerd is vir 'n spesifieke beplande tydperk (Wiltse 1985:570–571).

Wiltse (1985:571) verwys na navorsing van Maas en Engler (1959) waar toe reeds aangetoon is dat die ideaal van tydelikheid en ouerlike herstel nie realiseer nie en dat die meeste kinders in pleegsorg bly. Slegs enkeles word teruggeplaas by die ouers of word aangeneem. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die doel van behandeling nie realiseer nie en dat meer as 70% van die biologiese ouers van die pleegsorggevalle wat bestudeer is, geen verhouding nie, of 'n negatiewe verhouding met die dienslewerende welsynsinstansie gehad het.

Die ouers is gestigmatiseer en daar is gedurende die koloniale periode na hulle verwys as sondaars wat 'n bose invloed op hul kinders uitoefen. Hierdie houding is oorgedra na die negentiende en selfs die twintigste eeu waar biologiese ouers steeds as onbevoeg, vol weerstand, op 'n afstand en nie in staat tot verandering nie geëtiketteer is. Die gebrek aan geloof in die moontlikhede tot groei en ontwikkeling het 'n ernstige hindernis in dienslewering tot gesinsherstel meegebring en ouers het later uit moedeloosheid of skaamte totaal onttrek (Levin 1992:459).

Gedurende die 1960's en die 1970's het die kommer oor die gehalte van pleegsorg in die VSA steeds toegeneem oor fundamentele aspekte soos die afwesigheid van enige beplanning en bestuur van gevalle. Daadwerklike pogings is aangewend om pleegsorg beter te bestuur deur meer vaartbelynde administratiewe en wetlike prosedures, veral wetlike hervorming met die fokus op permanensiebeplanning. Permanensiebeplanning (vgl. 3.10), moes beter lewensomstandighede en 'n vaste verhouding met ouerfigure aan kinders bied. Kinderwetgewing is gedurende 1980 in die VSA gewysig om voorsiening te maak vir dienslewering om gesinslewe te versterk en, indien pleegsorgplasing onafwendbaar is, om kinders so spoedig as moontlik met hul gesinne te herenig. Indien dit nie moontlik was nie, moes kinders in permanente sorg soos aanneming geplaas word. Daar is dus toe reeds die basiese beginsels ten opsigte van pleegsorg vasgelê wat die tydelike versorging van kinders weg van hul ouers, maar met die oog op gesinsherstel insluit, met die besef dat dit in min gevalle realiseer en dat beter statutêre en maatskaplikedienslewering moet plaasvind om so spoedig moontlik permanensie aan die kind te verleen.

3.1.3 Pleegsorgontwikkeling in Suid-Afrika

Wat die situasie in Suid-Afrika betref, gaan die geskiedkundige ontwikkeling van kindersorg gepaard met die ontwikkeling van maatskaplike sorg tot uiteindelik professionele maatskaplike werk. Gedurende die voorprofessionele tydperk vanaf 1652 na volksplanting tot 1930, is maatskaplike sorg deur die patriargale familie gehanteer, wat beteken het dat elkeen hom met sy gesinsgemeenskap vereenselwig het en dat daar vir mekaar gesorg is. Die rol van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (Ned. Geref.) is ook sedert volksplanting besonder prominent in die versorging van weeskinders en verwaarloosde kinders. Die eerste pleegkinders is onder toesig van die diakonie by goedgekeurde huisgesinne geplaas. Die Ned. Geref. Kerk het in samewerking met die Lutherse Kerk op 20 September 1815 die eerste inrigting in Suid-Afrika vir die versorging van kinders ingewy. Daarna het die kerk, veral na die griepepidemie van 1918, nog verskeie kinderinrigtings opgerig om kinders te versorg wat wees agtergelaat is. Die kerk het ook weduweemoeders met behulp van toelaes in staat gestel om self hul kinders te versorg (Pieterse 1975:36).

Gedurende die periode van 1652 tot 1930 het daar ook ander vrywillige organisasies soos die verskillende vroueorganisasies en die kindersorgverenigings tot stand gekom. Dit was veral die uiters haglike toestande wat na die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) geheers het wat veroorsaak het dat vroue op verskillende plekke in die land komitees gestig het om kinder- en gesinsorgdienste te lewer. Hierdie komitees kan beskou word as die oorsprong van die vier groot vroueverenigings in die land, naamlik die Afrikaanse Christelike Vroueverenigings (ACVV), die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), die Oranje-Vroueverenigings (OVV) (waarvan die naam

gedurende 2006 gewysig is na Vrystaat Versorging in Aksie) en die Natalse Christelike Vrouevereniging (NCVV), wat vandag nog 'n groot rol speel in die diensveld van kindersorg (Pieterse 1975:36–40).

Kinderwetgewing voor 1910 is gekenmerk deur pogings van die staat om die lewensomgewing van die afhanklike, verwaarloosde kind en kind in konflik met die wet te verbeter. Die Meesters van Diensteboden Wet, no. 15 van 1856 was die eerste wet in die land wat voorsiening gemaak het vir die kind se huislike omstandighede, werkstoestande, beskerming teen uitbuiting en mishandeling en die aanstelling van 'n landdros as voog oor die wees- en minderjarige kind (Van Bochove 1965:110–111).

Met die opkoms van die stede en veral na die ontdekking van goud en diamante, het ook ander organisasies tot die maatskaplike sorg toegetree en dit is veral die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg wat tot stand gekom het. Die eerste omvattende kinderwetgewing, naamlik die "Kinderbescherming Wet" No. 38 van 1901, het voorsiening gemaak dat sorgbehoewende kinders in die sorg van welsynsliggame of staatsinrigtings geplaas kon word, ingeboek of in die sorg van geskikte persone geplaas kon word. Daarna is ander wetgewing uitgevaardig wat deur die Departement van Gevangenisse geadministreer is, wat meegebring het dat kinders met misdaad geassosieer is. In 1917 is afsonderlike wetgewing in verband met kinders aanvaar, wat later aangevul is met ander kinderwetgewing namate bepaalde behoeftes ontwikkel het (Pieterse 1975:41).

Na die Eerste Wêreldoorlog van 1914 tot 1918 en die griepepidemie van 1918 is verskeie inrigtings opgerig vir kinders wat nie deur familie of vriende versorg kon word nie. Daar is egter veral deur die kerk besef dat dit beter sou wees om toelaes aan weduweemoeders uit te betaal om hulle sodoende in staat te stel om self vir hul kinders te sorg. Die wysiging van die Wet op Kinderbeskerming deur Wet no. 26 van 1921 het voorsiening gemaak vir die uitbetaling van 'n moederspensioen, sowel as die bepaling dat kinders in die sorg van pleegouers geplaas kon word (Van Bochove 1965:110–111).

Dit wil dus voorkom dat tot op hierdie stadium van die geskiedenis in Suid-Afrika daar min geleentheid was om proaktief op te tree met betrekking tot die beskerming van kinders. Dit was telkens na aanleiding van 'n sosiale verskynsel dat daar noodmaatreëls ingestel moes word om kinders te beskerm. Die indruk word ook geskep dat dit meestal weeskinders was waarvoor voorsiening gemaak moes word na oorlog, siekte of rampe. Dieselfde elemente met betrekking tot weeskinders kom in die huidige Suid-Afrika na aanleiding van die VIGS-pandemie voor.

Gedurende die veertigerjare is pleegsorg deur ’n oorwegend moralistiese beskouing oorheers. Aangesien kinders meestal verwyder is op grond van armoede en gevolglike verwaarlosing, was die maatstaf vir keuring van pleeghuise gegrond op die uiterlike indruk van fisiese omstandighede terwyl die emosionele welsyn van die kind agterweë gebly het. Die pleegmoeder het haar taak gesien as die voorsiening van voedsel, huisvesting, kleding en die handhawing van dissipline en orde. Nadat ingestem is tot pleegsorg is die kind sonder vooraf kennisgewing, voorbereiding of werklike beplanning geplaas. Die gedagte van liefdadigheid deur ’n weldoener was op die voorgrond (Van Bochove 1965:119–120).

Dit is duidelik dat daar nie tot op hierdie stadium werklik sprake was van maatskaplike ondersoek nie en dat daar net gesoek is na ’n versorgingsplek waar in die basiese behoeftes soos voeding, kleding en huisvesting van verwaarloosde en weeskinders voorsien kon word. Bevoorregte gesinne wat bereid was om pleegkinders in te neem se motiewe was nie altyd met die beste belang van die kind in gedagte nie. Weer eens is elemente van die huidige pleegsorgsituasie identifiseerbaar betreffende kinders wat deur armoede geraak word en nie altyd pleeghuise kry waar hulle belange op die hart gedra word nie, maar hulle soms as toegang tot ’n staatstoelaag gebruik word.

Pleegsorgontwikkeling kan nie losgemaak word van die groei en ontwikkeling van maatskaplike werk as professie nie. Daar word na die periode van 1931 tot 1950 verwys as die oorgangstydperk tussen die voorprofessionele en professionele tydperk van die professie. Gedurende hierdie tyd is baie aandag geskenk aan wetenskaplike ondersoek na maatskaplike nood en die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. Op aandrang van die kerk en vrywillige organisasies is ’n Departement vir Volkswelsyn in 1937 deur die staat gestig en ’n nuwe Kinderwet is saamgestel. Belangrike beginsels vir kinderwetgewing is daarin opgeneem, naamlik die beklemtoning van voorkoming eerder as inrigtingversorging, die noodsaaklikheid van gesinsherstel, en afsonderlike Kinderhowe waar kinders nie aan misdaad gekoppel word nie (Pieterse 1975:48).

Die Kinderwet van 1937 is in 1960 gewysig om beter voorsiening te maak vir die behoeftes van kinders, soos om byvoorbeeld verwys te kan word na waarnemingsentrums en om kinders wat in fisiese of geestelike verwaarlosing verkeer sorgbehoewend te bevind. Daar is ook maatreëls ingestel om strenger op te tree teenoor ouers wat hul kinders verwaarloos. Gedurende die tydperk na 1951 het maatskaplike werk ontwikkel tot ’n professie en daar is ook al meer gespesialiseer in diensterreine soos byvoorbeeld pleegsorgdienste (Pieterse 1975:62 en 65).

Pleegsorgontwikkeling onder die blanke Westerse kultuur in Suid-Afrika is dus grootliks gekenmerk deur maatreëls wat deur die Ned. Geref. Kerk en ander privaatinisiatief, veral die vroueorganisasies en die kindersorgverenigings daargestel is. Dit het ontwikkel na aanleiding van sosiale krisisse

soos oorloë en verstedeliking waardeur kinders verwaarloos of wees agtergelaat is. Maatreëls deur die staat het later ontwikkel, veral in die vorm van kinderwetgewing. Die ontwikkeling van maatskaplike werk as professie was ook toonaangewend in die bestuur en beheer van die pleegsorgstelsel.

3.1.4 Pleegsorgontwikkeling in Afrika

Die Afrika-familie was tradisioneel die belangrikste sosiale instelling betreffende privaatlewe. Die individu is opgeneem in die uitgebreide familiesisteem en die groep se belange is altyd hoër as individuele doelwitte geag. Tradisionele Afrika-huwelike was in die eerste plek 'n kollektiewe verhouding. Huwelike is primêr gereël met die beste belange van die breër familiegroep voorop, terwyl die individuele huweliksverhouding 'n tweede plek moes inneem. Die verwagte optrede van familielede teenoor mekaar is duidelik gedefinieer en die oorlewing van die groep en verantwoordelikhede en verpligtinge teenoor mekaar is voorop gestel. Kinders is met duidelike verwagtinge in hierdie verband grootgemaak en hulle het presies geweet watter prosedure om in die uitgebreide familiesisteem te volg. Dit het die nodige sekuriteit aan hulle verleen deurdat hulle geweet het aan wie en waar hulle behoort het. "*All dependent family members were absorbed and cared for in a family group."* (Sishuta 1996:10–11)

Volgens Afrika-tradisie word ouerlike rolvervulling binne die familiesisteem gedeel. Kinders word gesamentlik deur die hele stamboom besit en daarom word daar van bloedverwante verwag om jong kinders te versorg. Die voordeel daarvan is dat kinders in gevalle waar hul ouers oorlede is of om die een of ander rede nie in staat is om volle ouerlike verantwoordelikheid te aanvaar nie, dit deur die uitgebreide familie oorgeneem word. Binne die tradisionele Afrika-kultuur is informele pleegsorg van kinders dus nie 'n buitengewone gebeurtenis nie en geen stigma word daaraan geheg nie. Die kind kan ook te enige tyd na lang- of korttermynversorging deur familie na sy biologiese ouers terugkeer (Sishuta 1996:21).

Dit is duidelik dat die familienetwerk 'n ingeboude maatskaplike sekuriteitsisteem aan die kind voorsien het en dat daar geen kwessie was oor wie verantwoordelikheid moes aanvaar vir die versorging van kinders waar ouers nie hul verpligtinge kon nakom nie. Kollektiewe versorging het altyd voorrang bo individualisering geniet. Volgens Henderson (2003:16) kan die belangrike rol en die klem wat in die sielkunde op die band tussen moeder en kind geplaas word, nie universeel van toepassing gemaak word op die tradisies in Afrika waar kinderversorging nie as die totale verantwoordelikheid van die moeder gesien word nie. 'n Aantal persone versorg die baba of jong kind, selfs al is die moeder teenwoordig in die huishouding, en verskeie ander persone soos oumas, tantes of ouer, getroude susters word beskou dat hulle dieselfde regte oor die kind as die ouers

het. Rondom die kind is daar ’n hele repertoire van kulturele netwerk om op staat te maak, wat kompenseer vir die gebrek aan ’n vaste verbintenis met die biologiese ouers.

Sosiopolitieke invloede van die moderne lewe, veral as gevolg van die verstedeliking wat plaasgevind het, het egter meegebring dat hierdie natuurlike ondersteuningstelsel van sy sterktes verloor het. Die Afrika-familie deel vandag hierdie funksies met ander instellings soos die skool, kerk en diensleweringsinstansies, wat meebring dat mense in nood hulle nie meer altyd eerste tot die familiesisteem wend nie maar ook tot buitestaanders (Sishuta 1996:12). Formele pleegsorgplasings onder swart kinders vind vandag grootliks in stedelike gebiede plaas, terwyl informele pleegsorg steeds in landelike gebiede voortgaan (Sishuta 1996:22).

Die geskiedkundige ontwikkeling van die huidige pleegsorgstelsel in die Westerse sowel as Afrika-kultuur het die gemeenskaplikheid dat die uitgebreide familie verantwoordelikheid aanvaar het vir alle kinders wat binne daardie stamboom gebore is. Hoewel baie familieplasings vandag steeds voorkom en dit altyd as eerste opsie vir ’n kind oorweeg word, het ander sosiale verskynsels soos die VIGS-pandemie, verstedeliking, armoede en werkloosheid (vgl. 6.5) meegebring dat die familie nie meer spontaan hierdie verantwoordelikheid aanvaar nie. Pleegsorgplasings word ook soms ter wille van die ontvangs van ’n pleegouertoelae gedoen. (Vgl. 6.3.2.) Tans word probleme oor die algemeen ondervind om genoeg gewillige gesinne te vind wat bereid is om ’n ekstra kind te versorg. (Vgl. 1.1.) Verder word die pleegsorgpraktyk oorlaai met familieplasings van verlate of weeskinders wat geformaliseer word ter wille van die pleegsorgtoelae.

3.2 FILOSOFIE VAN PLEEGSORG

Die aard van pleegsorgdienste wat in ’n bepaalde land gelewer word, word bepaal deur faktore soos die voorkoms van maatskaplike problematiek, kulturele gebruike, beskikbare hulpbronne, ekonomiese realiteite, die wetlike sisteem en die aard en ontwikkelingsvlak van welsynsdienste. Die onderliggende filosofiese kennisbasis, beginsels en tot ’n mate die prosedure wat in pleegsorg gevolg word, stem wêreldwyd grootliks ooreen. In Suid-Afrika, soos in die meeste oorsese lande, is welsynsdienste die gesamentlike verantwoordelikheid van die staat en privaat welsynsinstansies terwyl wetgewing ’n rigtinggewende rol in praktykbeoefening speel (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:2–3).

In die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:5–7) wat in 1990 deur die destydse Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn byeengeroep is, word die bewaring van religieuse en morele natuurlike bande tussen ouer en kind erken. Die standpunt word gehuldig dat hierdie bande nie versteur mag word nie tensy die kind se fisiese, psigiese,

emosionele en morele welsyn ernstig geskaad word of dat 'n dreigende gevaar daartoe bestaan. Verder behoort kinders so spoedig moontlik by hul biologiese ouers teruggeplaas te word, tensy daar gronde bestaan wat die teendeel bewys. By die uitreiking van die pleegsorgbevel behoort daar alreeds 'n duidelike en uitvoerbare plan te bestaan vir die regstel van die omstandighede wat tot verwydering aanleiding gegee het. As die doelwit van gesinsherstel nie kan plaasvind nie, behoort die kind se reg tot 'n alternatiewe permanente plasing bo die regte van sy ouer voorkeur te geniet en kan daarmee ook afgesien word van verdere gesinsherenigingsdienste.

Hierdie filosofiese uitgangspunte sluit grootliks aan by beleidstandpunte wat die destydse Departement van Maatskaplike Welsyn van die Vrystaatse Provinsie voorgestel het, naamlik dat die filosofie van pleegsorg daarin geleë is dat dit 'n noodsaaklike welsynsdiens aan kinders en hul gesinne verskaf wat tydelik of permanent verwyderd van mekaar moet leef (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:1). Die verwydering is gewoonlik vanweë mishandeling of verwaarlosing op fisiese, psigiese, seksuele of sosiale gebied. (Vgl. 6.2.5 wetlike gronde vir verwydering.) Alternatiewe versorging binne gesinsverband word derhalwe aan kinders gebied terwyl wetlike en emosionele bande steeds met die biologiese gesinne behou word en steun aan die kinders wat om verskeie redes nog nie na hul gesinne kan terugkeer nie verleen word.

Pleegsorg berus ook op die veronderstelling dat 'n kind se psigososiale groei en ontwikkeling beter binne gesinskonteks ontwikkel kan word (Sishuta 1996:41). Die filosofiese onderbou van pleegsorg kom derhalwe daarop neer dat geleenthede vir die beskerming en ontwikkeling van kinders binne gesinsverband geskep word terwyl rehabilitasie en hereniging met die biologiese gesin deurlopende aandag moet ontvang. Pleegsorg kan gesien word as gemeenskapsonder-steuning, aangesien pleegouers vanuit die gemeenskap gewerf en gekeur word om aan die kind 'n geleentheid tot gesinsversorging te bied.

Vanweë die feit dat daar wêreldwyd so baie van pleegsorg gebruik gemaak word en dat dit in soveel verskillende behoeftes moet voorsien, word verskillende betekenisse geheg aan wat pleegsorg eintlik behels en hoe dit toegepas behoort te word. Pleegsorg word dus moeilik in 'n enkele definisie omskryf en daarom word vervolgens gepoog om 'n breë, algemene omskrywing daar te stel.

3.3 DEFINISIE VAN PLEEGSORG

Daar is reeds gekyk na enkele definisies van pleegsorg in die eerste hoofstuk. (Vgl. 1.7.6.) Dit is duidelik dat daar verskillende soorte omskrywings van pleegsorg in die literatuur aangetref word

wat verband hou met die agtergrond, kultuur, behoeftes en eise wat deur die praktyk gestel word. Op grond van die verskillende omskrywings word tot die gevolgtrekking gekom dat pleegsorg uit die volgende kernelemente bestaan:

- Pleegsorg is ’n vorm van alternatiewe versorging vir kinders wat tydelik of permanent op ’n bevel van die Kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is.
- Voorkeur word verleen aan pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders omdat beter uitvoering gegee kan word aan die beste belange van die kind binne ’n gesinsopset.
- Hoewel voorkeur gegee word aan familieplasings, kan kinders ook by bekende of onbekende persone geplaas word, maar alle pleegouers moet eers gekeur word ten einde hul geskiktheid vir die doel te assesseer.
- Die tydperk van pleegsorg wissel tussen kort-, medium- of langtermyn.
- Dienslewering word aan die biologiese ouers voortgesit indien hulle beskikbaar is ten einde kinders so spoedig moontlik terug te plaas.
- Indien terugplasing nie haalbaar is nie, moet aandag geskenk word aan permanensie-beplanning buite die biologiese gesin ten einde die kind sekerheid en geborgenheid oor sy toekoms te bied.
- Pleegsorgtoesigdienste moet deur ’n welsynsinstansie gelewer word.

Die vier belangrikste elemente is dus die kind, die biologiese en pleegouers, en die dienslewerende welsynsinstansie, asook die sosiale en kulturele konteks waarbinne dit plaasvind. Vanuit die ekologiese perspektief van die studie kan dit gestel word dat daar voortdurend ’n wisselwerking tussen hierdie vier sisteme plaasvind en dat ’n verandering in een sisteem ’n invloed op al die ander sisteme sal uitoefen. Terugplasing kan alleenlik realiseer indien daar samewerking en koördinasie op al die vlakke van hierdie sisteme bestaan.

As samevattende definisie van pleegsorg word die volgende gestel: Pleegsorg is ’n vorm van alternatiewe sorg op bevel van die Kinderhof vir ’n sorgbehoewende kind binne ’n goedgekeurde pleeggesin, wat binne of buite familieverwantskap kan wees, onder toesig van ’n gemagtigde instansie op die kort, medium of lang termyn, afhangende van die moontlikhede op gesinsherstel met die uiteindelike doel om die beste belang van die kind te dien.

3.4 DIE DOEL VAN PLEEGSORG

Die hoofdoel van pleegsorg is om alternatiewe sorg aan kinders binne ’n gesinsopset te voorsien. Kinders wat van hul ouers verwyder is, is kwesbaar deurdat hulle waarskynlik blootgestel is aan verwaarlosing of mishandeling en daarom het hulle behoefte aan ’n versorgende en veilige

omgewing wat kan kompenseer vir vorige deprivasie sodat hulle kan ontwikkel tot goed aangepaste individue (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:2). Ten einde hierdie doel te bereik, word 'n sterkteperspektief betreffende dienslewering aan die kind, pleeggesin en biologiese gesin as uiters geskik beskou. (Vgl. 2.7.)

In 'n besprekingsdokument oor pleegsorg word die volgende doelstellings geïdentifiseer (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:1):

- Die beskerming en versorging van kinders.
- Bevrediging van ontwikkelingsbehoeftes.
- Ondersteuning, aanmoediging en fasilitering van verhoudings tussen kinders, hul ouers en ander gesinslede, sowel as die versterking en behoud van gesinne en gesinsverhoudings as dit in die beste belang van die kind is.
- Die aanleer van vaardighede om gesonde verhoudings te bou.
- Modellering en aanleer van positiewe lewensvaardighede aan kinders.
- Nastrewing van die doelstellings van permanensiebeplanning, eerstens met betrekking tot hereniging met die gesin, of deur die blootstelling van die kind aan alternatiewe, veilige gesinsverhoudings wat lewenslank kan voortduur.
- Respektering van die kind en die gesin se kulturele, etniese en gemeenskapsdiversiteit.
- Versterking van kontak tussen informele en formele gemeenskapsnetwerke.
- Die voorsiening van ekonomiese, opvoedkundige, maatskaplike en gesondheidsorgdienste.
- Die opvoeding en sosialisering van kinders met betrekking tot 'n suksesvolle oorgang na jong volwassenheid, verhoudings en verantwoordelikhede.

Ter bereiking van die genoemde doelstellings, word die plasing van 'n kind by 'n spesifieke pleeggesin beïnvloed deur die kind se behoeftes, beskikbare hulpbronne en die vlak van kennis, opleiding, vaardighede en vermoëns van die pleegouers. Dit is duidelik dat daar deur middel van 'n plasing by 'n pleeggesin wat vir hierdie doeleindes gekeur is in die kind se fisiese, psigiese, sosiale, kulturele en spirituele behoeftes voorsien behoort te word.

Colton en Williams (1997:44) het in 'n internasionale ondersoek na pleegsorg bevind dat daar globale veranderinge plaasgevind het. Die volgende is tydens die ondersoek as doeleindes van pleegsorg geïdentifiseer.

3.4.1 Gesinsondersteuning as doel

Daar het 'n algemene wegbeweeg van die verbreking van biologiese bande tussen kind en ouer na gesinsondersteuning plaasgevind. Vir die meeste lande hou dit die betekenis in dat die biologiese

familie ondersteun behoort te word en die band tussen ouer en kind sover moontlik behoue moet bly. Pleegouers word nie gesien as substituutouers nie maar eerder om die biologiese ouers te komplementeer in plaas van te vervang. Die globale neiging is 'n wegbeweeg van die idee om die kind te red deur die verbreking van biologiese bande na die voorsiening van gesinsondersteuning. Hierdie en enige handeling moet in die beste belang van die kind wees. Die betekenis van die beste belange van die kind word egter verskillend deur verskillende lande vertolk. In Argentinië beteken dit om biologiese bande te verbreek, in Hongarye bly die meeste pleegkinders tot volwassewording in pleegsorg; en in Duitsland is die veronderstelling dat as 'n kind vir langer as twee jaar in pleegsorg was, die pleegouers ouerskap verwerf het deur die emosionele verbintenis met die kind. Sommige lande soos Australië meen dat gesinsondersteuning wat oor jare strek 'n negatiewe uitkoms vir die kind kan inhou, omdat die sekuriteit wat 'n langtermynplasing aan die pleegouer en -kind kan bied, benadeel word deur herhaaldelike hersiening en oorweging van terugplasing (Colton & Williams 1997:45).

Die globale neiging is eerstens gesinsbewaring en, indien verwydering wel nodig is, behoort die biologiese band sover moontlik behoue te bly terwyl daadwerklik na gesinsherstel gestreef word. Hierdie neiging word ook in die nuwe Suid-Afrikaanse kinderwetgewing weerspieël. (Vgl. 6.2.). Alvorens die kind formeel in pleegsorg geplaas word, moet daar eers ander opsies op die vlak van vroeë intervensie uitgeoefen word. Aan die anderkant bestaan daar egter ook meriete in die redenasie dat, in die geval van langtermynplasings en waar pleegsorg deel uitmaak van permanensiebeplanning (vgl. 3.9), dit die kind se gevoel van sekuriteit en verbondenheid kan benadeel indien die kwessie van gesinsherstel voortdurend afgedwing word. Die realiteit is egter dat min biologiese ouers by pleegsorgplasings betrokke is omdat hulle onopspoorbaar of oorlede is.

3.4.2 Gesinsherstel as natuurlike doel

By die lewering van gesinsherenigingsdienste bestaan daar 'n groot verskil tussen wetgewing en praktyk. In die meeste lande word probleme ondervind om gesinsherstel toe te pas weens 'n gebrek aan genoegsame middele en infrastruktuur. Die diens word op 'n gefragmenteerde en onbeplande wyse toegepas en daarom word min sukses behaal (Colton & Williams 1997:45).

Volgens Sishuta (1996:45) bly die aanvanklike doel van pleegsorg steeds die heropbou van die gesin deur die voorsiening en gebruikmaking van die nodige dienste. Vir hierdie doeleindes moet herstelwerk by die biologiese gesin voortgesit word sodat die kind na verbeterde omstandighede kan terugkeer. Pleegsorg is dus veronderstel om, met die hulp van die maatskaplike werker, die pleegouers en ander diensverskaffers, die ouers te help om die probleme te oorkom wat aanleiding gegee het tot die plasing. Gesinsherenigingsdienste word in hoofstuk vyf bespreek in die gedeelte

wat oor die biologiese ouer handel. (Vgl. 5.7.) In hierdie hoofstuk, onder die geskiedkundige ontwikkeling van pleegsorg (vgl. 3.1), word dit gestel dat gesinsherstel vanaf die vroegste tye reeds moeilik haalbaar was. Suid-Afrikaanse kinderwetgewing respekteer die regte van ouers en plaas groot klem op gesinsbewaring. Indien daar egter na daadwerklike pogings nie in gesinsherstel geslaag word nie, word wetlike maatreëls ingestel om ouerlike regte en verantwoordelikhede te termineer indien dit in die beste belang van die kind beskou word. (Vgl. 6.2.) Dit is verder 'n bekende feit dat die meeste ter plaatse pleegsorgplasings geskied, vanweë die feit dat die kinders wees agtergelaat of verlate is, of in armoede verkeer en dat daar min vooruitsigte van gesinsherstel bestaan omdat die ouers oorlede, onopspoorbaar of nie materieel of emosioneel in staat is om hul ouerlike verantwoordelikheid te aanvaar nie.

3.4.3 Beweging na normalisering

Die beweging het ten doel dat pleegkinders die geleentheid moet kry tot normale ervarings soos gesinslewe, gemeenskapsaktiwiteite, portuurgroepverhoudings en skolastiese prestasies (Colton & Williams 1997:45). Hierdie tendens in pleegsorg vind ook in Suid-Afrikaanse omstandighede byval deurdat kinders sover moontlik in gesins- en gemeenskapsverband versorg word en inrigtingsorg as allerlaaste opsie oorweeg word.

Berrick (2006:570–571) het 'n kritiese ondersoek in die VSA gedoen na die voor- en nadele uit woonbuurt- of gemeenskapsgebaseerde pleegsorgplasings. Sorgbehoewende kinders is meestal afkomstig van woongebiede wat gekenmerk word deur 'n hoë voorkoms van armoede, gebrek aan behuising en maatskaplike hulpbronne, 'n hoë voorkoms van huishoudings waar vroue aan die hoof is of buitenshuis moet werk, of word gekenmerk deur maatskaplike verskynsels soos substansmisbruik, verwaarlosing en die mishandeling van kinders. Daar moet dus nie sondermeer van die standpunt uitgegaan word dat gemeenskapsgebaseerde plasings of familieplasings noodwendig die beste belange van die kind dien nie, aangesien dit nie noodwendig die pleegkind van die nodige dienste, sterktes en hulpbronne voorsien nie. Dit verg dus 'n ekologiese verkenning, nie net van die voordele wat dit vir die kind inhou om in 'n bekende omgewing aan te bly nie, maar ook van die nadele en risiko's. Omgewingsgebaseerde pleegsorg is daarom een van die beginsels wat in ag geneem word. Die finale plasingsbesluit moet voorafgegaan word deur 'n holistiese verkenning van riskante en beskermende faktore wat dalk daarop kan dui dat verwydering uit die bekende omgewing na 'n beter maatskaplike milieu op die kort termyn nadele inhou, maar op die lang termyn die beste belange van die pleegkind dien.

Wanneer na bogenoemde doelstellings gekyk word, is dit beslis so dat daar na die hoogste ideaal gestreef word met betrekking tot die keuring van pleegouers, die passing van 'n pleegkind volgens

eiesoortige behoeftes en die voorsiening van optimale geleenthede tot die herstel van enige letsels of skade aan die kind, asook die geleentheid tot groei en ontwikkeling. In meeste van die gevalle is dit egter nie realistiese doelwitte nie, aangesien die pleegsorgstelsel in Suid-Afrika oorlaai is (vgl. 1.1) en maatskaplike werkers meestal onder dringende omstandighede pleeggesinne moet vind om net in die basiese behoeftes van kinders te kan voorsien. Berrick (2006:578) verwys ook soos volg na die situasie in die VSA: "*Far too long social workers have looked for a bed to place children needing care. Neighborhood-based placement criteria continue to focus on the place where children will sleep rather than on the family with which the child will live."*

Ten spyte van hierdie omstandighede in die praktyk, het verskeie maatskaplike werkers en welsynsinstansies innoverende en kreatiewe idees ontwikkel om die nood aan te spreek en daarom het verskeie variasies in die toepassing van pleegsorg plaasgevind, wat later bespreek word. (Vgl. 3.6.) Vervolgens word eers aandag geskenk aan bepaalde beginsels waarop pleegsorg berus, wat grootliks op beleids- en statutêre dokumentasie en professionele aanspreeklikheid gegrond is.

3.5 BEGINSELS VAN PLEEGSORG

Volgens die besprekingsdokument oor pleegsorg (Department of Social Development, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2–3), is die beginsels van pleegsorg gebaseer op die Witskrif vir Welsyn, die Suid-Afrikaanse Grondwet, die Konvensie oor die Regte van Kinders en beleidsaanbevelings oor *Young People at Risk* van die Interministeriële Komitee. Hierdie beginsels kom op die volgende neer:

- **Bemagtiging**: Elke kind en sy gesin behoort bemagtig te word om hul eie ondersteuningstrukture te benut en te ontwikkel en om sover moontlik uit eie keuse en verantwoordelikheid op te tree.
- **Gesinsgesentreerd**: Deur middel van assessering behoort ondersteuning en leidinggewing voorsien te word en 'n plan van aksie wat ook die ontwikkeling van die biologiese ouers insluit.
- **Verantwoorddoening**: Alle persone betrokke by dienslewering aan die pleegkind en sy biologiese ouers moet verantwoording doen oor die kwaliteit van hulpverlening.
- **Deelname**: Die pleegkinders en die biologiese ouers behoort aktief deel te neem aan die verskillende stadia van die intervensieproses.

- **Kontinuum van sorg**: Die pleegkind en sy ouers het toegang tot ’n reeks gedifferensieerde dienste op ’n kontinuum van versorgingsdienste, wat ingestel is op die mees bemagtigende en minste beperkende programme wat toepaslik is vir hul unieke omstandighede. (Vgl. 3.7.)
- **Die beste belang van die kind**: Die beste belange van die kind moet altyd vooropgestel word. (Vgl. 6.2.5.)
- **Integrasie**: Dienslewering is intersektoriaal en behoort deur ’n multidissiplinêre span gelewer te word. (Vgl. 6.4.)
- **Kontinuïteit van versorging**: Veranderde behoeftes en omstandighede van die kind en sy ouers word erken en aangespreek deur die intervensieproses. Dienslewering en beskikbaarstelling van hulpbronne moet deurlopend plaasvind; selfs na terminering van dienste behoort daar ondersteuning te wees.
- **’n Proses van sosialisering/internalisering**: Die pleegkind en sy biologiese ouers word blootgestel aan normatiewe uitdagings, aktiwiteite en geleenthede wat hul deelname en ontwikkeling in dié verband aanmoedig.
- **Doeltreffende dienslewering**: Dit behoort deur bevoegde en bekwame persone gelewer te word.
- **Kindgesentreerd**: Die kind is die sentrum van dienslewering en deur middel van deurlopende assessering en beplanning word positiewe ontwikkelingsgeleenthede vir die pleegkind verseker.
- **Beskerming van die regte van die kind**: Die regte soos uiteengesit in die Grondwet en die Konvensies oor die Regte van Kinders wat deur Suid-Afrika aanvaar is, moet ten alle tye beskerm word. (Vgl. 6.2.3.)
- **Toepaslikheid**: Alle dienslewering aan die pleegkind en die biologiese ouers moet toepaslik vir die individu, gesin en gemeenskap wees.
- **Behoud van die gesinseenheid**: Dienslewering word gerig deur die beginsel dat kinders indien moontlik, binne gesinskonteks behoort op te groei.
- **Permanensiebeplanning**: Elke kind behoort bygestaan te word om binne sy eie gesin versorg te word. Indien dit nie moontlik is nie of indien dit nie die beste belang van die kind dien nie, word permanensiebeplanning en die ontwikkeling van die kind se verhouding met een gesin beskerm. (Vgl. 3.10.)

Bogenoemde beginsels is duidelik holisties saamgestel om in die kind se beste belang op individuele, gesin-, sosiaal-strukturele, en sosiokulturele vlakke te voorsien. Verder plaas dit 'n morele verpligting tot doeltreffende en verantwoordbare dienslewering op maatskaplike werkers en ander diensleweringsinstansies. Die beginsels van die sterkteperspektief (vgl. 2.7.4), soos aktiewe deelname van die pleegkind, biologiese en pleegouers, bemagtiging en die ontwikkeling van eie ondersteuningstrukture word as toepaslik en rigtinggewend in die pleegsorgsituasie beskou.

Daar is reeds verwys (vgl. 3.4.3) na die feit dat nuwe moontlikhede voortdurend in die pleegsorgpraktyk ontwikkel om voorsiening te maak vir die oorweldigende en verskeidenheid van behoeftes aan gesinsorg vir kinders. Enkele voorbeelde hiervan word vervolgens bespreek.

3.6 DIVERSITEIT IN PLEEGSORG

Pleegsorg word op verskillende wyses in die praktyk toegepas, afhangende van faktore soos die ouderdom en persoonlikheidseienskappe van die pleegkind, by wie die kind in pleegsorg geplaas word, sowel as die kulturele konteks waarbinne pleegsorg beoefen word. Pleegsorg word breedweg verdeel in formele en informele pleegsorg. In die VSA word daar verwys na krisispleegsorg as formele pleegsorg, bedoelende dat die kind se welstand bedreig word deur siekte, armoede, dood of egskeiding van die ouers, of in uiterste omstandighede van verwaarlosing of mishandeling. Informele pleegsorg is meer vloeibaar en word vrywillig deur die betrokke partye gereël. Dit word gewoonlik gedoen na aanleiding van omstandighede soos emosionele, ekonomiese, leefstyl of ander faktore waardeur ouers nie in staat is nie of onwillig is om die alleenversorgers van hul kinders te wees, veral in gevalle waar die kind spesiale behoeftes het. Hierdie variasies kom meestal in familieverband voor en is informele, gedeelde versorgingsmaatreëls waardeur geleenthede geskep word vir meer lede van 'n familie of gemeenskap om aan die versorging van kinders deel te neem (Kilbride & Kilbride 1994:301).

Die term *pleegsorg* het nie in alle lande dieselfde betekenis nie. Sommige lande skei pleegsorg van familiesorg. Die Ierse Republiek gee formele erkenning aan familieplasings en onderskei dit van pleegsorg, wat gesien word as plasings by niefamilielede. Daar word onderskei tussen pleegsorg wat gereël is deur bemiddeling van 'n erkende gesag soos 'n welsynsinstansie. In Nederland word slegs sulke plasings as pleegsorg erken, terwyl alle informele reëlings tussen ouers en familie of vriende nie as pleegsorg erken word nie. In Zimbabwe word nie geglo aan die nodigheid van 'n formele sisteem om pleegsorg te reël nie. In sommige lande soos Zimbabwe, Indië en Hongarye word daar ook nie ag geslaan op die verskil tussen pleegsorg en aanneming

nie, terwyl in ander lande pleegsorg nie as ’n weg tot aanneming beskou word nie en pleegouers ook nie pleegkinders mag aanneem nie (Colton & Williams 1997:45–46).

In Suid-Afrika is dit bekend dat informele reëlings tussen vriende en familie aangemoedig word solank dit in die beste belang van die kind is. Die beleid is dat gesinne, familie en gemeenskappe eerstens verantwoordelikheid vir kinders moet aanvaar alvorens die moontlikheid van die formele Kinderhofsisteem oorweeg word. (Vgl. 3.7.1.) Nie alleen verlig dit die las op hulpbronne soos finansies en mensekrag in die kinderbeskermingsisteem nie, maar die kind kan ook in sy bekende omgewing aanbly. Formele pleegsorg word oor die algemeen erken wanneer dit deur die kinderbeskermingsisteem gehanteer is, terwyl na informele pleegsorg verwys word wanneer dit in familie- of gemeenskapsverband self gereël word. Verder word daar in die praktyk ’n definitiewe onderskeid getref tussen pleegsorg en aanneming, aangesien eersgenoemde tydelik van aard is en laasgenoemde permanent. (Vgl. 3.7.2.)

Volgens Colton en Williams (1997:46) is daar internasionaal ’n bewustheid van die feit dat pleegsorg voorsiening moet maak vir ’n toenemende aantal kinders met ’n groter verskeidenheid van behoeftes soos uitdagende en moeilik hanteerbare gedrag, ouer kinders met spesiale behoeftes wat voorheen na inrigtings verwys is, weeskinders vanweë die VIGS-pandemie en kinders met gesondheidsprobleme. Die pleegsorgsisteem behoort dus te bestaan uit verskillende pleeggesinne en programme wat voorsiening maak vir ’n verskeidenheid van kinderbehoeftes. Fratter en Ndagire (2000:36–37) meld dat die verskillende versorgingsopsies in familie- of gemeenskapsverband volledig met die betrokkenes geëksploreer behoort te word alvorens ’n besluit in dié verband geneem word. Informele ooreenkomste of formele reëlings soos voogdyskap, pleegsorg of aanneming moet baie duidelik verbaal en skriftelik aan die betrokkenes gekommunikeer word betreffende die wetlike posisie en finansiële implikasies wat dit vir kinders en ouers inhou.

Wilson, Petrie en Sinclair (2003:991–992) identifiseer verdere variasies in pleegsorg, naamlik:

- Pleegsorg by gesinne wat op verskillende wyses saamgestel is, byvoorbeeld enkelouers, stiefverhoudings of volledige gesinsisteme.
- Pleeggesinne met verskillende verbintenisse tot pleegsorg, wat waarskynlik aansluit by die persoon se motief om kinders in pleegsorg te neem, soos kinders met spesiale fisiese of emosionele behoeftes.
- Pleegouers se vaardighede in pleegsorg wissel van bekwaam tot minder vaardig.
- Pleegkinders varieer in temperament en ouderdom en het verskillende houdings teenoor die feit dat hulle in pleegsorg verkeer.

- Die doel van die verskillende plasings wissel soos uit die omskrywings van kort-, medium- of langtermynplasings blyk.
- Die konteks en die wetlike basis van plasings verskil – daar is byvoorbeeld formele en informele pleegsorg. (Vgl. 3.6.1 en 3.6.3.)
- Biologiese ouers se gesindheid teenoor die plasing varieer van positief, negatief, onbetrokke, oorbetrokke of met weerstand.
- Verskillende vorms van ondersteuningsdienste word deur maatskaplike werkers gelewer. Dit kan wissel van intensiewe hulpverlening tot slegs die reëling van 'n wettige pleegsorgplasing ter wille van finansiële steun.
- Die wyse waarop die plasing geskied het, beïnvloed die verloop daarvan. Indien dit met krisisingryping en trauma gepaard gegaan het, kan meer aanpassingsprobleme verwag word as in die geval waar dit vooraf deeglik ondersoek en beplan kon word en al die betrokkenes beter op die plasing voorberei kon word.
- Die aard en houding van die skool en die buurt teenoor die pleegsorgplasing het 'n bepalende invloed op die kind. Indien die kind maklik in gemeenskapsverband aanvaar word, kan hy die geleentheid tot 'n normale lewe kry.
- Dit het ook 'n bepalende rol of die kind by 'n gesin met ooreenstemmende geloofs- en kultuurverband versorg word en of dit 'n multikulturele plasing is. (Vgl. 3.8.)

Teen die agtergrond van al die genoemde veranderlikes is dit dus duidelik dat 'n veelheid van faktore of 'n kombinasie daarvan die sukses van 'n plasing al dan nie bepaal. Daarom word die teoretiese begronding van die studie as 'n geskikte raamwerk beskou, naamlik die holistiese beskouing van die ekologies-sistemiese perspektief, wat die suksesvolle of minder suksesvolle uitkomste van pleegsorg analiseer op grond van die wisselwerking tussen al die verskillende faktore op die vlakke van die ontledingsisteem. (Vgl. 2.8.)

Vervolgens word onderskei tussen formele kort- en langtermynpleegsorg, informele privaat pleegsorg met verskillende variasies, groepspleegsorgskemas, professionele pleegsorg met bykomende versterkende maatreëls en ander projekte soos die oog-op-die-kind ("*eye on the child*"), maatreëls oor kinderhoofhuishoudings ("*child-headed households*") ter beveiliging van kinders sonder dat formele pleegsorg plaasvind en familieplasings ("*kinship care placements*").

3.6.1 Formele pleegsorg

Met formele pleegsorg by gekeurde pleegouers word bedoel dat kinders onder die aandag van die Kinderhof gebring word wanneer gronde vir sorgbehoewendheid bestaan en in pleegsorg geplaas word by persone onbekend aan hulle wat vir die doel van pleegouerskap deur welsynsinstansies

gewerf, goedgekeur en opgelei is. Sodanige plasings word geassosieer met permanensie-beplanning en gesinsherenigingsdienste aan die biologiese ouers, met daadwerklike pogings om die kind so spoedig moontlik terug te plaas of om alternatiewe, meer permanente reëlings te tref. (Vgl. Law Commission 2002:55–56 en 63–64.) Formele pleegsorg kan basies op twee wyses toegepas word, naamlik op die kort of lang termyn, afhangende van die omstandighede van die kind en biologiese ouers.

- **Formele korttermynpleegsorg**

Volgens die besprekingsdokument oor pleegsorg (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2), behels korttermynpleegsorg 'n kort periode van voorafbeplande sorg buite sy tuiste aan 'n kind wat sorgbehoewend bevind is, met die hoofdoel om die kind met sy gesin te herenig. Die pleegsorgplan spesifiseer die duur van sodanige pleegsorgplasing.

Korttermynpleegsorg verwys egter nie altyd net na spoedige gesinsherstel nie; dit kan ook die tydelike versorging van kinders wees in gevalle waar die ouers vir langer periodes, of selfs permanent, nie in staat is om hulle verpligtinge na te kom nie. In laasgenoemde geval word pleegsorg op die kort termyn deur die welsynsinstansie gebruik om permanensiebeplanning te doen met die oog op 'n spesifieke langtermynreëling vir die kind, soos byvoorbeeld aanneming. (Vgl. South African Council for Child and Family Welfare 1987:12.) Kort termynpleegsorg is dus gerig op 'n werklike korttermynplasing met 'n spesifieke pleegsorgprogram, wat spoedige gesinsherstel of ander, meer permanente versorging soos langtermynpleegsorg of aanneming kan insluit.

- **Formele langtermynpleegsorg**

Vele navorsingsprojekte in verskeie lande dui daarop dat die ideaal dat pleegsorg slegs 'n tydelike maatreël behoort te wees, grootliks nie realiseer nie en dat 'n groot persentasie pleegkinders nooit by hul biologiese gesinne teruggeplaas word nie. Dit is nie altyd moontlik om aanvanklik 'n spesifieke langtermynplasing te beplan nie, aangesien die verloop van die plasing by die pleegouers en die kind en biologiese ouers se reaksie daarop eers bepaal moet word. Onbeplande langtermynplasings hou egter nadelige gevolge vir die kind se ontwikkeling in omdat daar gewoonlik nie 'n definitiewe doel is waarna gestreef word nie. Die kind dryf behoorlik rond en word verder deur die stelsel getraumatiseer indien permanensiebeplanning nie so spoedig moontlik gedoen word nie. (Vgl. South African Council for Child and Family Welfare 1987:15–16 en Bass *et al.* 2004:5–7.)

Volgens die besprekingsdokument oor pleegsorg (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2 en 11), word langtermyn- of permanente

pleegsorg gesien as sorg vir 'n kind vir 'n uitgebreide tydsperiode of totdat die kind onafhanklikheid bereik of verwag. Die kanse op gesinsherstel is gewoonlik swak, maar dit kan wees dat die kind 'n positiewe verhouding met sy ouers het. Langtermynplasings word ook oorweeg vir kinders wat spesifieke behoeftes het wat gedurende 'n spesifieke tydperk aangespreek moet word. Hierdie soort plasing moet so spoedig moontlik met permanensiebeplanning gepaard gaan, om sekuriteit aan die kind te verleen.

3.6.2 Familiesorg op bevel van die Kinderhof

'n Werkgroep in Brittanje wat 'n navorsingsprojek oor familieversorging onderneem het, definieer familiesorg soos volg: "*A child living away from the parental home and coming to the attention of the local authority as a result of child welfare concerns. The kinship care placement is either initiated by the social services department or via a relative or friend, and involves some sort of assistance or arrangement, including making decisions about legal orders, financial and social work support."* (Broad 2001:37) Hierdeur word tot 'n redelike mate kontinuïteit in versorging, familie, skool, vriende, kultuur en individuele identiteit aan die kind voorsien.

Broad (2001:34) verwys ook na navorsing wat in die VSA (1998) sowel as in die Verenigde Koninkryk (1984) en volgens die National Foster Care Association (1993) gedoen is oor familieplasings en wat kortliks daarop neerkom dat:

- kinders wat in familiepleegsorg verkeer oor die algemeen beter vaar as by vreemde pleegouers;
- dit as 'n mite beskou word om te aanvaar dat familiepleegsorg probleemvry en altyd die beste naas ouerlike versorging is;
- dit belangrik is dat die maatskaplike werker familieplasings deeglik moet ondersoek om te bepaal of dit werklik in die beste belang van die kind sal wees;
- daar nie aanvaar moet word dat die gesin selfonderhoudend kan funksioneer nie; en
- dat maatskaplikewerkdienslewering nie lae prioriteit behoort te geniet nie omdat dit 'n familieplasing is.

Dit is dus duidelik dat daar voordele vir die kind verbonde is aan familieplasings, veral wat stabiliteit en identiteitsvorming betref. Dit is egter ook duidelik dat familieplasings maklik verwaarloos en deur die formele diensleweringsisteem onderskat kan word. Sykes *et al*. (2002:13) sluit hierby aan deur te verwys na bestaande navorsing wat in die Verenigde Koninkryk en VSA gedoen is en wat die bogenoemde voordele van familieplasings ondersteun. Daar word ook bygevoeg dat familieplasings kan voortbou op bestaande bindings met die kind, dat kontak met die biologiese ouers hierdeur vergemaklik kan word, dat kontak meer gereeld kan plaasvind en minder afhanklik

is van die amptelike kontrolesisteem, en dat die kind die trauma van plasing by vreemdelinge gespaar word. Wat die negatiewe betref, brei die navorsers verder uit deur daarop te wys dat assessering, opleiding en monitering van familieversorgers afgeskeep word en dat dit die kanse op gesinsherstel verminder.

Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, beskou die Law Commission (2002:55–56 en 63–64) familiesorg op bevel van die hof ("*court-ordered kinship care*") as gevalle waar kinders na die dood of verwerping deur die ouers of op grond van mishandeling of verwaarlosing deur lede van die uitgebreide familie in hul sorg geneem word. Afhangende van die omstandighede behoort die Kinderhof oorleg te gebruik om te bepaal of die plasing by familie van 'n permanente aard sal wees, of gesinsherenigingsdienste gelewer behoort te word, en of pleegtoesigdienste vereis word. Ingevolge nuwe kinderwetgewing word daar dus 'n eenvoudiger prosedure geskep waarop familieplasings deur die Kinderhofsisteem geneem kan word ten einde ouerlike verantwoordelikhede oor te dra en 'n toelaag te bekom. Dit is egter steeds noodsaaklik dat elke alternatiewe versorgingsposisie ondersoek behoort te word om te bepaal of dit werklik nodig is om die kind deur die statutêre sisteem te neem en of dit in die beste belang van die kind sal wees. 'n Stelsel van informele versorging deur familie waar geen formele Kinderhofbevel bestaan nie kan bepaalde risiko's vir die kind se binding en permanensie inhou. Alternatiewe versorging vir kinders moet altyd professioneel verantwoord kan word.

'n Verdere definisie van familiesorg is dié van die Child Welfare League of America (1995) wat deur Naughton en Fay (2003:30) soos volg aangehaal word: "*Kinship care is the full-time nurturing and protection of children who must be separated from their parents by relatives, members of their tribe or clans, godparents, step-parents, or other adults who have a kinship bond with the child."* Hierdie omskrywing verduidelik die breë omvang van persone en verhoudings wat dié soort plasing kan aanneem. Sheldon en Macdonald (2009:231–232) wys op die voordelige gebruik van die gesinsgroepkonferensie, juis in gevalle waar al hierdie betekenisvolle persone byeen kan kom om gesamentlik oplossings te vind en 'n besluit te neem oor wie in die beste posisie is om die kind in pleegsorg te neem. (Vgl. 6.2.5.) Dit kan die assessering van die familienetwerk vergemaklik en sodoende word deelname, betrokkenheid en samewerking bevorder om in die beste belang van die kind op te tree.

Die profiel van familieversorgers in die VSA dui daarop dat dit grootliks bestaan uit Afro-Amerikaanse grootmoeders aan moederskant wat meestal ouer, enkellopend en minder gesond en onvoldoende opgelei is. Die situasie in Engeland dui ook daarop dat dit grootliks grootmoeders of tantes aan moederskant vanuit die laer sosiale stand is wat die kinders in pleegsorg neem (Sykes *et al*. 2002:38–39). Volgens UNICEF (2003:15) is 64% van die weeskinders in Suid-Afrika ten tye

van die verslag deur hul grootmoeders versorg. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat dit meestal grootmoeders is wat hul kleinkinders in pleegsorg neem, wat ook weer eiesoortige behoeftes in die praktyk laat ontstaan.

Volgens Pitcher (2002:6–13) het 'n ondersoek in Engeland na die spesifieke behoeftes van grootouers wat hul kleinkinders in pleegsorg geneem het, die volgende getoon:

- 'n Erkenning dat grootouers veral gedurende die eerste paar weke van die plasing baie ondersteuning nodig het, dat hulle huiwerig is om hulp te vra en ook oningelig voel. Dit kom grootliks voor na aanleiding van die feit dat daar 'n rolverskuiwing plaasvind in die verhouding tussen grootouer en kleinkind na pleegouer en -kind en dat hulle mekaar in hierdie nuwe verhouding moet leer ken. Omdat hulle 'n keurproses en assessering van die welsynsinstansie moet deurloop, het hulle die belewenis van, "*My task was not just to become a parent again but to become a superparent"* (Pitcher 2002:8). Van die grootouers het erken dat hulle 'n angstigheid beleef dat, indien hulle om hulp vra, die indruk geskep sal word dat hulle die situasie nie kan hanteer nie en dat die kind dan elders geplaas sal word.

- Oor die algemeen het die grootouers ervaar dat hulle genoodsaak is om hul kleinkind in pleegsorg te neem, hoewel hulle die gevoel uitgespreek het dat die kind tog by hulle hoort. Hulle word gedryf deur die vrees dat die kind buite familieverband geplaas sal word. Verder moet hulle bereid wees om uitdagende gedrag te hanteer, maar aan die ander kant is dit vir hulle makliker om lief te wees vir die kind as wat dit vir 'n vreemde pleegouer sou wees.

- Van die grootouers het 'n negatiewe belewenis teenoor die pleegsorgsisteem uitgespreek en daarom is dit noodsaaklik dat welsynsinstansies oor 'n duidelike beleid ten opsigte van grootouers as pleegouers en die vlakke van ondersteuning en pleegtoesigdienste wat verwag kan word moet beskik.

Dit is dus duidelik dat familieplasings, spesifiek by grootouers, nie oor- of onderskat kan word nie. Aan die een kant kan dit nie net 'n vinnige administratiewe of statutêre formaliteit wees waar veronderstel word dat hulle gemaklik en toegerus moet wees omdat dit hulle kleinkind is nie. Aan die anderkant kan dit nie 'n standaardkeuring en assessering wees wat weer die indruk skep dat uitsonderlike ouerskapsvaardighede van hulle verwag word nie. Iewers moet 'n balans gehandhaaf word waar basiese keuring gefokus is op die beste belang van die kind om in familieverband versorg te word, maar tog met inagneming van spesiale behoeftes en ondersteuning aan ouer persone wat van vooraf in 'n unieke ouerskapsituasie geplaas word. Tog is daar in sommige Afrikalande 'n totaal ander siening omtrent familiesorg en omdat dit in die Suid-Afrikaanse praktyk ook voorkom, word informele familiesorg ook as 'n versorgingsposisie vir pleegkinders bespreek.

3.6.3 Informele familiesorg

Tot dusver is grootliks gekonsentreer op die implikasies wat pleegsorg vir die kind en biologiese ouers inhou. Informele pleegsorgreëlings moet egter beskou word as 'n wedersydse uitruilsisteem wat ook ingestel is op wat dit vir die pleegouers kan inhou. In baie kulture versorg grootouers vrywillig of noodgedwonge die oudste en tweedeoudste kinders, veral in multigeneratiewe huishoudings. Hoewel daar 'n toenemende aantal kinders in Westerse lande in familiepleegsorg geplaas word, kan daar egter met reg verklaar word dat Westerse pleegsorgraamwerke nie die behoeftes van Afrika reflekteer nie. In Afrika is dit algemeen en deel van die tradisie dat kinders tussen verskillende huishoudings kan beweeg en informeel in pleegsorg geplaas word. Sishuta (1996:23–24) verwys na Okore (1977) en Mayer (1961) wat in die Afrika-kultuur onderskei tussen familiepleegsorg en familiegrootmaak ("*kinship fostering and kin rearing"*). Met familiepleegsorg word bedoel dat die kind na ander familielede gestuur word om daar groot te word. Dit het te make met die herverdeling van hulpbronne en verantwoordelikhede, veral in die geval van groot gesinne binne die uitgebreide familiegroep, terwyl met grootmaak in die familie bedoel word dat die natuurlike ouers maar een element in die familiesisteem is wat gesamentlik verantwoordelikheid vir die kind aanvaar.

In Afrika-lande suid van die Sahara stuur die ouers hul kinders gereeld weg van die huis om deur ander familie of nie-familielede grootgemaak te word. Die motief hiervoor kan wees dat hulle nie self vir die kinders kan sorg nie, of om geld te spaar, of om die kinders beter ekonomiese geleenthede te bied. Daar word geskat dat daar in sommige Afrika-lande tot 20% en meer kinders nie by hul ouers woon nie (UNICEF 2003:13).

Dit is gevolglik duidelik dat formele of informele pleegsorg by familie 'n algemene gebruik in Afrika-lande en spesifiek ook in Suid-Afrika is. Hierdie standpunt word bevestig deur Henderson (2003:13) wat die situasie soos volg kernagtig saamvat: "*Fostering, therefore, differs from Euro-American forms where it is perceived as a temporary measure to make up for lack of care by biological parents. Once biological parents are thought to be capable of resuming care, children are returned to them. In contrast, fostering in sub-Saharan Africa is viewed positively, and is seen to add incrementally to the skills and experience of children."*

Die voordeel is dat hierdie soort pleegsorgplasings ongekompliseerd is solank daar in die kind se basiese behoeftes voorsien word. Die kind aanvaar sy situasie as algemene gebruik en die plasing word nie gekenmerk deur die tipiese problematiek wat met formele pleegsorg gepaard gaan waar die kind deur krisisverwydering en statutêre prosedures getraumatiseer word of worstel met aanpassing by 'n vreemde pleeggesin, skeidingskonflik, herkomsinterpretasie en verdeelde lojaliteit of voortdurende konflik tussen biologiese en pleegouers oor toegang of vakansieplasings nie.

Die VIGS-pandemie is aanleidend dat 'n hele generasie weeskinders besig is om in Afrika op te groei en die huidige situasie is van so 'n aard dat daar nie meer genoeg pleeggesinne of familienetwerke beskikbaar is om al die kinders te versorg nie. In gevalle waar een ouer oorlede is, is dit opvallend dat moeders meestal nog verantwoordelikheid aanvaar vir hul kinders indien die vader te sterwe kom, maar dat vaders wel nog bereid is om self die seuns te versorg indien die moeder te sterwe kom, maar nie die dogters nie (UNICEF 2003:15). Soos reeds genoem, word die meeste kinders deur hul grootmoeders versorg.

Familieplasing behoort daarom nie in alle omstandighede dieselfde as tradisionele formele pleegsorg gehanteer te word nie en daarom laat die Children's Amendment Act (2007:76) in artikel 186 toe dat daar in sekere spesiale omstandighede afgesien kan word van pleegtoesigdienste en die tweejaarlikse hersiening van die bevel, soos byvoorbeeld wanneer die biologiese ouers oorlede of onopspoorbaar is en/of daar nie 'n moontlikheid van gesinsherenigingsdienste bestaan nie. Die hof kan ook die graad van toesigdienste bepaal indien dit blyk dat die plasing van 'n meer permanente aard sal wees.

In die lig van die oorlading van die pleegsorgstelsel en die algemene feit dat baie pleegsorgaansoeke ter wille van die pleegouertoelaag gerig word, moet eerstens bepaal word of die motief vir die aansoek armoedeverligting is, en of die kind verwaarloos of mishandel word en of beveiliging deur die statutêre stelsel noodsaaklik is. (Vgl. 9.2.2.) Pleegsorg behoort nie gereël te word alvorens die opsie van 'n kindertoelaag en privaatfamiliesorg oorweeg is nie. Die maatskaplike werker wat 'n aanbeveling in die verband maak, moet egter altyd professionele aanspreeklikheid daarvoor kan aanvaar en daarom kan sodanige besluite nie lukraak geneem word nie.

3.6.4 Privaatpleegsorg

Ingevolge Engelse kinderwetgewing word 'n kind in privaatpleegsorg omskryf as "*one below the upper limit of compulsory school age whose care and maintenance are undertaken for reward for a period exceeding one month by a person who is not a relative or guardian"* (Holman 2003:8). Verder word daar van welsynsinstansies verwag om die kinders van tyd tot tyd te besoek, hul welsyn te monitor en oor magtiging tot optrede in die geval van onvanpaste plasings beskik. Vanweë die feit dat dit nie moontlik is om hulle so gereeld te besoek as in die geval van formele pleegsorgplasings nie, is kinders in privaatpleegsorg meer kwesbaar en bestaan daar besorgdheid oor hul emosionele en fisiese welstand.

Volgens Holman (2003:10) is hierdie pleegkinders meestal afkomstig uit Wes-Afrika van lande soos Nigerië, Ghana, Sierra Leone, Liberië en die Ivoorkus. Die ouers is gewoonlik heeltydse of voltydse studente in Brittanje, of albei ouers werk skofte of lang ure en kan hulle nie van dagsorg

gebruik maak nie. Dagsorg is gewoonlik ook duurder as privaatpleegsorg. Holman (2003:11) verwys na studies van Olusanya en Hodes (2000) wat getoon het dat die meeste kinders van Wes-Afrika op 'n jong ouderdom in privaatpleegsorg geplaas word en dat die biologiese ouers die versorging weer op skoolgaande ouderdom oorneem. Dit kom ook voor by vlugtelinge wat dikwels nie eers aan immigrasie-owerhede bekend is nie.

Die Afrika-gebruik van privaatpleegsorg stem ooreen met informele familieplasings soos reeds beskryf. (Vgl. 3.6.3.) Dit wil voorkom asof die kind tydelik teen vergoeding en volgens 'n privaatooreenkoms by gewillige versorgers geplaas word. Daar bestaan dus geen formele ooreenkoms waardeur die kind teen verwaarlosing of uitbuiting beskerm kan word nie.

Holman (2003:11) stel dit ook dat privaatpleegsorg nie net in bogenoemde gevalle voorkom nie, maar dat daar 'n groeiende tendens tot privaatplasings onder tieners bestaan wat nie deur hul ouers of stiefouers beheer kan word nie. Soms gaan bly hierdie kinders by bure of vriende of sommer by van hul skoolmaats. Dit gebeur ook dat 'n ouer sy kind by 'n metgesel agterlaat nadat die verhouding tussen hulle misluk het. Wit gesinne neem dikwels swart kinders in privaatpleegsorg, wat hierdie kinders van hul taal en kultuur kan vervreem; gevolglik is hulle totaal ontwrig wanneer hulle ouers opdaag om hulle terug te neem. Soos wat een kind in privaatpleegsorg dit gestel het, "*I am just a little English girl under a black skin. I don't know what African means."* (Holman 2003:14)

Nieteenstaande die risiko's verbonde aan privaatpleegsorg, is daar baie kinders wat hierdeur beveilig word en voorsien dit in 'n behoefte van sommige ouers wat op 'n stadium nie in staat is om hul ouerskapsverantwoordelikhede na te kom nie. Die oplossing is dus eerder geleë in beter beheer oor privaatpleegsorg en dat wetgewing en beleid daaromtrent ingestel behoort te word. Verpligte aanmelding of registrasie kan moontlik oorweeg word waar al sodanige plasings in 'n register aangeteken word, sodat 'n mate van toesig en hulpverlening aan die kinders voorsien kan word.

Wat die Suid-Afrikaanse omstandighede betref, wil dit tog voorkom dat nuwe kinderwetgewing voorsiening kan maak vir 'n mate van privaatpleegsorg in artikel 46 (Children's Act 2005:60) in die vorm van (d) gedeeltelikesorg; (e) gedeeldesorg; (f) 'n toesigbevel; of (h) 'n kinderbeskermingsbevel waaronder verskillende voorwaardes gestel kan word. Dit is alles maatreëls wat op die vlak van vroeë intervensie ingestel kan word alvorens 'n formele Kinderhofondersoek gedoen word. (Vgl. 6.2.5.) Daar word ook strenger maatreëls in nuwe kinderwetgewing gestel dat bewys eerstens gelewer moet word dat die ouers, veral die biologiese vaders, opgespoor moet word om onderhoud te betaal, in plaas daarvan dat mense al meer na vore kom om aansoek te doen vir pleegsorg ten einde die pleegouertoelae te bekom.

3.6.5 **Groepspleegsorgskemas** ("*cluster foster care schemes*")

Pleegsorg hoef nie noodwendig altyd in 'n privaathuis soos in 'n Westerse sin bedoel, plaas te vind nie. Daar word ook groepspleegsorg ("*cluster models*") beoefen, soos in Israel waar tot 20 pleeggesinne in 'n woonbuurt tot 12 kinders elk in pleegsorg neem (Colton en Williams 1997:46). Die Law Commission (2002:65–67) het in die ondersoekdokument na die Children's Bill aanbeveel dat groepspleegsorg addisioneel tot formele pleegsorg en familiesorg in Suid-Afrika ondersoek moet word. McKerrow se omskrywing van groepspleegsorg word deur die Law Commission (2002:65) aangehaal, naamlik dat vrywillige vroue of pare gewerf en opgelei word in basiese kindersorg. Tot ses kinders word geplaas by elke versorger wat 'n pleegouertoelae vir elke kind ontvang en dan verantwoordelikheid vir daardie kinders moet aanvaar. Die aanbeveling is opgeneem in die Children's Amendment Act (2007:74) in artikel 183, waarvolgens 'n niewinsgewende organisasie 'n groepspleegsorgskema kan registreer en bedryf volgens voorskrifte en onder toesig van die Provinsiale hoof van Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Volgens Jackson (2008) behels die praktiese implementering van groepskemas dat twee of meer huise op dieselfde of 'n nabygeleë perseel ten volle ingerig word vir die versorging van kinders. Pleegouers word spesifiek gewerf, gekeur en opgelei en dit kan 'n egpaar of enkelpersoon wees. 'n Groepskema word in vennootskap met 'n kerk of ander gemeenskapsinstansie begin en dit word deur 'n verteenwoordigende komitee bestuur. Voordele verbonde aan groepskemas is dat kinders in hul gemeenskappe bly en kinders met soortgelyke behoeftes bymekaar geplaas word. Dit is gemeenskapsgebaseerde sorg en kinders hoef nie na inrigtings te gaan nie; kinders bly in hul huise aan, al wissel die pleegouer. Die pleegouertoelae word deur die komitee geadministreer en gemeenskappe word gemobiliseer om in terme van hulpbronne en dienste betrokke te bly. Pleegtoesigdienste of monitering is meer beheerbaar in sodanige skemas terwyl pleegouers mekaar ook wedersyds kan ondersteun.

Pleegsorgskemas word beskou as 'n ekstra maatreël om die oorlading in die pleegsorgstelsel te hanteer en te verseker dat daar in verlate, verwaarloosde of weeskinders se behoeftes voorsien word. Tog sal dit behoorlik bestuur en beheer moet word om te verseker dat die skema die beste belange van die kind dien en dat nie die kinders of hul toelae misbruik word nie. Die pleegouers sal ook sorgvuldig gekeur en opgelei moet word. 'n Nadeel van groepsorg is dat kinders moeilik geïndividualiseer word of die geleentheid gebied word om volhoubare verbintenisse aan te knoop. Sodanige skema word ook nie as geskik beskou vir kinders met spesiale behoeftes of uitdagende gedrag nie.

3.6.6 Gespesialiseerde of professionele pleegsorg

Volgens Colton en Williams (1997:47–48) beteken professionalisering van pleegsorg 'n wegbeweeg van goedbedoelde en vrywillige pleegsorg deur onopgeleide mense wat kinders in moeilike omstandighede inneem, na 'n sisteem van opgeleide en professionele versorgers wat kinders met spesiale behoeftes kan hanteer. Die navorsers het in hul ondersoek na internasionale tendense in pleegsorg die volgende as struikelblokke in die weg na die ontwikkeling van professionele pleegsorg geïdentifiseer:

- Kinders glo dat liefde en geld nie kan meng nie. Hulle aanvaar dit moeilik dat persone wat betaal word om hulle te versorg ook in staat kan wees om hulle regtig lief te hê.
- Pleegouers word steeds as ontvangers van 'n diens gehanteer in plaas van diensverskaffers wat professionele pleegsorg se status na vrywillige werk verlaag. Professionele pleegouers moet as gelyke vennote met ander professionele dienslewerraars gehanteer word.
- Gefragmenteerde ontwikkeling van gespesialiseerde pleegsorg en weerstand by heelwat persone en instansies hieroor veroorsaak dat die vestiging daarvan nie behoorlik op dreef kom nie.
- Gegriefdheid oor die ongelyke behandeling van vrywillige en professionele pleegouers. Laasgenoemde ontvang 'n hoër toelaag omdat hulle na kinders omsien wat moeilik plaasbaar is, terwyl die gewone pleegouer ook moeilike situasies met die pleegkinders ervaar maar 'n laer toelaag ontvang.
- Daar bestaan verskeie kwessies in verband met die kriteria en standaarde vir keuring, opleiding, toesig, ondersteuning, bevoegdheid en finansiële voordele aan professionele pleegouers. Versorgers is in diens van openbare en privaatinstansies en moet in staat wees om kinders met diverse problematiek in pleegsorg te neem. Dit is verder nie altyd moontlik om ouers te keur en voor te berei nie.
- Konflik ontstaan tussen inrigtings en gespesialiseerde instansies wanneer kinders na pleegsorg oorgeplaas word en die vergoeding daaraan verbonde vanaf die sentrum na die versorger afgewentel moet word.

Professionele pleegsorg verwys na die bedryf van pleegsorg as 'n beroep en dit is duidelik dat hierdie soort pleegsorg moeilik plaasbaar is tussen gewone pleegsorg en inrigtingsorg. Gewone pleegouers en personeel in kinder- en jeugsorgsentrums hanteer ook dikwels moeilike situasies met kinders en moet ook opgelei en ondersteun word in hul versorgingstaak. Hulle kan waarskynlik tereg ontevrede wees oor die verskil in vergoeding en status tussen hulle en professionele pleegouers. Dit is waarskynlik 'n ontwikkeling wat plaasgevind het om te voorkom dat kinders in 'n inrigtingsopset versorg moet word. Kinders met spesiale behoeftes en ouer kinders is normaalweg

na kinder- en jeugsorgsentrums verwys. Die beleid van die kinder- en jeugsorgsisteem is egter dat inrigtingsorg die laaste opsie op die kontinuum van versorgingsdienste behoort te wees (vgl. 3.7) en daarom kan professionele pleegsorg as 'n verdere stap in hierdie proses beskou word.

Die Law Commission (2002:69) het professionele pleegsorg ook as 'n opsie vir die nuwe Kinderwet aanbeveel en stel dit dat hierdie soort pleegsorg bedoel is vir kinders met spesiale behoeftes soos gestremdhede, kroniese siektes of ernstige emosionele of gedragsprobleme wat intensiewe terapeutiese vaardighede vereis en hoë eise aan pleegouers stel. Professionele pleegsorg word in Europa en Noord-Amerika toegepas met byvoorbeeld adolessente wat in konflik met die wet was. Pleegouers word spesiaal opgelei, want die doel van die pleegsorg is nie net die opvoeding en versorging van die kind nie, maar ook behandeling. Daar word 'n ekstra toelae aan die pleegouers uitbetaal om hulle in staat te stel om buitenshuise werk te los, opleiding te ondergaan en van hulpbronne gebruik te maak en meer tyd aan die kind te bestee.

In Suid-Afrika is daar ook geëksperimenteer met modelle hiervan vir byvoorbeeld MIV-positiewe kinders en kinders in konflik met die wet. Daar is egter heelwat kritiek hierteen ontvang aangesien die hoofstroompleegsorgstelsel alreeds belas is met uiters gekompliseerde gevalle wat ook intensiewe opleiding en terapie vereis. Daar word geredeneer dat 'n ekstra kategorie van professionele pleegsorg die gewone pleegsorgsisteem sal benadeel (Law Commission 2002:70). Die aanbeveling is dus nie in die nuwe Kinderwet opgeneem nie, waarskynlik omdat dit duidelik is dat alle vorms van pleegsorg 'n professionele element bevat en dat die pleegsorgstelsel reeds oorlaai en ondervoorsien is met betrekking tot hulpbronne, finansies, professionele dienste en kinders met spesiale behoeftes. Professionele pleegsorg is 'n duurder opsie as gewone pleegsorg maar die mening is dat dit steeds 'n goedkoper opsie as inrigtingsorg is. Dit is egter ook duidelik dat kinders wat MIV-positief en kronies siek of gestremd is, baie meer van pleegouers sowel as hulpbronne verg en dat daar ernstig oorweging geskenk moet word aan ekstra hulp vir hierdie soort gevalle.

3.6.7 Gesin-vir-gesin-pleegsorg

'n Pleeggesin word vir 'n biologiese gesin gekeur om kind(ers) vir sekere periodes te versorg terwyl spesifieke bystand aan daardie gesin verleen word. Die pleeggesin moet aan spesifieke keuringsvereistes voldoen soos om in dieselfde woonbuurt te woon, die kinders moet dieselfde skool kan bywoon, en die biologiese ouers moet maklik gekontak kan word. 'n Gesin wat vir 'n spesifieke gesin gekeur word, hou verskeie voordele in, soos dat die kinders nie so getraumatiseer word indien hulle elke keer na 'n onbekende gesin gaan nie, die pleegouers word nie aanmekaar belas met die eise van pleegsorg nie, die kinders kan 'n langtermynverhouding met hul alternatiewe

versorgers opbou, welsynsorganisasies kan die kinders maklik en vinnig geplaas kry, die kanse vir mislukte plasings word verminder en dit bied kontinuïteit in versorging (Ainsworth & Maluccio 2003:47).

Ainsworth en Maluccio (2003:48) stel die volgende werkswyse voor om die gesin-vir- gesin-model te bedryf:

- Keur pleeggesinne deur 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot die gemeenskap en woonbuurtgerigteprojekte. 'n Projekkoördineerder kan aangestel word om die projek in kindersorgsentrums, skole en ander plekke waar aktiwiteite op kinders fokus, bekend te stel.
- Die projekkoördineerder moet die gesinne ken wat by gesin-vir–gesin-pleegsorg kan baat vind. Hierdie gesinne se vriende- of familiekring word geïdentifiseer sowel as ander ouers wat van dieselfde skool en ander bronne in die omgewing gebruik maak en die moontlikhede om 'n pleeggesin vir die gesin te werf, word geëksploreer.
- Wanneer sodanige gesin geïdentifiseer is, word hulle aan die biologiese gesin voorgestel en albei partye word ingelig oor die verwagtinge van die plasing.
- Die pleeggesin moet deur dieselfde prosedure as gewone pleegouers gaan, naamlik assessering vir hul geskiktheid, opleiding vir die taak, wetlike aspekte moet nagekom word en hulle moet vergoed word.
- 'n Werksverhouding moet tussen die partye gevestig word.
- Die projekkoördineerder monitor die gebruik van die gesin-vir-gesins-dienste en is die belangrikste steunstelsel.

Gesin-vir-gesin-pleegsorg hou beslis heelwat voordele in waar kinders steeds 'n biologiese gesin het wat goed reageer op maatskaplikewerkdienste, maar van tyd tot tyd terugvalle of krisisse beleef en tyd moet kry om daaraan te werk om sodanig te herstel dat die kinders kan teruggaan. Volgens die reeds genoemde situasie in Suid-Afrika, is dit egter die minderheid pleegsorggevalle wat daarby kan baat, aangesien die grootste nood bestaan onder kinders sonder ouers of totaal onbevoegde ouers. Die administrasie van 'n pleegouertoelae in gevalle waar die kinders net periodiek in die sorg van die pleegouers is, kan ook problematies raak. Wat wel ondersoek behoort te word, is of die model dalk in gevalle van **kinderhoofhuishoudings** toegepas kan word. (Vgl. 3.6.11.) Die kinders woon op hul eie en die gesin-vir-gesin-pleegouers tree net toe in gevalle van krisisse met een of meer van die kinders. Die monitering van sodanige pleegsorg behoort ook moontlik te wees deur die metode van gemeenskapswerk en projekkoördineerders waardeur dit ekonomies bedryf kan word.

3.6.8 Vriendekringpleegsorg

Volgens Ainsworth en Maluccio (2003:48) is die model ontwerp vir kinders met uitdagende gedrag en wat moeilik binne 'n gewone pleegsorgsituasie aanpas. Inteendeel, hierdie kinders se pleegsorg misluk telkens. In plaas daarvan om van een gesin te verwag om die pleegsorg te hanteer, word die verantwoordelikheid deur 'n groep volwassenes gedeel. 'n Langtermynpleegsorgkring word ontwikkel vir 'n spesifieke kind met deurlopende en oor-en-weer ondersteuning vir mekaar. Die kind word omring deur 'n netwerk van volwassenes met genoeg sterktes om moeilike gedrag te kan hanteer en om die kind se ontwikkeling te bevorder.

Die voordele van die vriendekringpleegsorg is dat die kind altyd 'n volwassene kan vind wat gewillig is om by hom te wees – alternatiewe sorg is altyd beskikbaar. Hoewel dit nie altyd dieselfde volwassene is nie, is die persoon altyd bekend aan die kind. Die pleegsorgkring voorsien kontinuïteit, stabiliteit en 'n reeks langtermynverhoudings vir die kind, wat mislukte plasings voorkom. Vir die pleegsorgvriende kan dit baie bevrediging inhou om 'n kind te sien groei en ontwikkel (Ainsworth & Maluccio 2003:48).

Hierdie vorm van pleegsorg behoort aanvullend tot professionele pleegsorg gebruik te kan word, aangesien die laste en verantwoordelikhede van moeilik hanteerbare situasies vergemaklik kan word as dit so gedeel word. Volgens die ekologiese perspektief word gebruik gemaak van die wisselwerking tussen al die betrokke sisteme tot voordeel van die kind. Dit sluit ook aan by die beginsels van die sterkteperspektief, naamlik dat kragte en sterktes in die individu, gesin, groep en gemeenskap tot voordeel van die kliënt benut moet word. (Vgl. 2.7.4.)

Die werkswyse van die model stem ooreen met die gesin-vir-gesin-pleegsorg en kom op die volgende neer (Ainsworth & Maluccio 2003:49).

- Die projek moet deur 'n koördineerder bestuur word wat 'n span versorgers in dieselfde woonbuurt werf. Dit kan bereik word deur lede van 'n kerk, 'n groot plaaslike werkgewer of sportklub te nader.
- Die vriendekring word aan die kind voorgestel en elkeen se rol en grense van so 'n plasing word verduidelik.
- Die koördineerder moet die vriendekring koördineer en as ondersteuningsbron dien.
- Die vriendekring moet geassesseer word vir hul geskiktheid as versorgers en hulle moet opgelei en vergoed word asook aan die wetlike voorskrifte voldoen.

Die grootste voordeel van die vriendekringmodel is dat 'n individuele pleegouer nie daarvoor verantwoordelik is om die pleegsorgsituasie te laat slaag nie en dat kinders wat normaalweg nie in pleegsorg sou kon aanpas nie met sukses deur die groter ondersteuningsnetwerk gehanteer kan

word. Die implementeerbaarheid van die model kan egter ingewikkeld raak omdat 'n hele ondersteuningsnetwerk gewerf en gekeur en deur die koördineerder in stand gehou moet word. Die finansiering daarvan kan ook ingewikkeld raak en daar is geen voorstelle in die uiteensetting van die model oor hoe die verskillende pleegouervriende vergoed sal word vir hul dienste nie. Dit kan ook wees dat die bedoeling is dat die diens deur vrywilligers gelewer moet word en aansluit by die oog-op-die-kind-projek. (Vgl. 3.6.10.)

3.6.9 Onderbroke of gasheerpleegsorg ("*Fostering intermittently or host-fostering"*)

Daar word op beperkte skaal in Suid-Afrika van hierdie soort sorg gebruik gemaak. Dit ontwikkel skynbaar spontaan in die praktyk en word nie in die literatuur aangetref as 'n formeel gestruktureerde soort pleegsorg nie. Dit sluit egter by laasgenoemde twee modelle aan in die sin dat die kind nie die voltydse verantwoordelikheid van die gasheerpleegouer word nie. Gasheerpleegsorg ontwikkel gewoonlik deurdat 'n individu of gesin persoonlik in aanraking kom met 'n kind op straat, of wat versorg word in 'n jeugsorgsentrum en 'n verhouding met die kind opbou. Die persoon begin om op 'n informele basis 'n betekenisvolle rol in die kind se lewe te vervul. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die kind naweke en vakansies by die gasheerpleegouer deurbring, dat verantwoordelikheid geneem word vir verdere ontwikkeling of opleiding, of dat die kind gedurende die week by sy familie van Afrika-kulturele herkoms deurbring maar naweke by 'n enkellopende van die Westerse kultuur (Henderson 2003:29).

Hierdie model kan nie as 'n formele pleegsorgmodel gesien word nie, maar liewer as 'n ondersteuningsnetwerk en hulpbron wat in alternatiewesorg gebruik kan word om die posisie van die kind te verbeter. Daar is geen finansiële vergoeding wat plaasvind of enige statutêre prosedures aan verbonde nie. Die pleegsorggasheer se motief moet suiwer gaan oor die bevordering van die kind se belange.

Colton en Williams (1997:46) wys daarop dat pleegsorg nie noodwendig beteken dat die kind weg van die ouerhuis moet woon nie. Pleegsorg kan beoefen word waar kinders steeds in hul ouerhuis en deeltyds by pleegouers woon. In lande soos Italië word prioriteit verleen aan dagsorg by pleegouers of inrigtings as voorkomende maatreël tot algehele verwydering. Dit sluit aan by die genoemde variasies van gesin-vir–gesin-pleegsorg, vriendekringpleegsorg en onderbroke pleegsorg, sowel as by artikel 46(d) en (e) van **gedeeldesorg** ("*shared care order*") en **gedeeltelikesorg** ("*partial care order*") in die Children's Act (2005:58). Met gedeeldesorg word bedoel dat die Kinderhof verskillende versorgers of 'n kinder- en jeugsorgsentrum opdrag kan gee om verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging van 'n kind op verskillende tye of periodes. Met gedeeltelikesorg word bedoel dat die ouer of versorger van die kind opdrag van die Kinderhof

ontvang om reëlings te tref met 'n dagsorgfasiliteit om gedurende spesifieke ure van die dag of nag of vir 'n spesifieke periode 'n kind te versorg.

Die doel van hierdie soort bevele is om maatreëls in te stel om die kind nie in alternatiewe sorg te plaas nie, maar met ondersteunende hulp so lank as moontlik in die ouerhuis te hou. Dit kan dus nie gesien word as vorm van formele pleegsorg binne die konteks van Suid-Afrikaanse wetgewing en diensleweringsprogramme nie, maar eerder as vroeë intervensie ter voorkoming van formele verwydering.

3.6.10 Oog-op-die-kind-projek ("*Eye on the child Project*")

Oog-op-die-kind is nie formele pleegsorg nie, maar 'n projek wat ingestel is op die beskerming van kinders binne gemeenskapsverband en die voorkoming van formele statutêre optrede. Die projek is in Maart 1997 deur die Kaapstad Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg in twee loodsareas, naamlik Ottery en Khayelitsha Site C geloods. Sedertdien is die projek in verskeie ander areas in Suid-Afrika geïmplementeer en gedurende 2003 as 'n nasionale kinderbeskermingsprogram deur die Kindersorgbeweging aanvaar. Dit bestaan uit 'n 24-uurdiens en die hoofbeginsels is om gemeenskapsamewerking ten opsigte van kinderbeskerming te bekom en om die gemeenskap te bemagtig om self kinderbeskerming te hanteer en te bevorder (Cape Town Child Welfare Society 2003:7).

Die projek word saamgestel uit die volgende vier groepe persone wat elk 'n spesifieke rol vervul (Cape Town Child Welfare Society 2003:8):

- Maatskaplike werkers neem leiding in die hantering van die projek, gee opleiding en ondersteuning en hou toesig.
- Die bestuurskomitee bestuur die projek en hou toesig oor die uitvoering van doelwitte.
- Die vrywilligers is persone wat deur die Kommissaris van Kindersorg gemagtig is om probleemgevalle te ondersoek, te hanteer en te monitor, en kinders wat in krisisse verkeer na 'n plek van veiligheid te verwyder, indien nodig.
- Plekke van veiligheid is geïdentifiseerde huise in die gebied wat vir 'n maksimum van 48 uur 'n veilige tuiste aan kinders in nood kan bied.

Die praktiese funksionering van die projek vind plaas deurdat 'n gebied met 'n hoë voorkoms van kindermishandeling geïdentifiseer word. 'n Gemeenskapsprofiel en behoeftebepaling word gedoen waarna met die kommissaris van kindersorg vir daardie area onderhandel word oor die magtiging van opgeleide vrywilligers om kinders te beveilig. Alle dienslewerende instansies in die teikenarea word betrek by die behoeftebepaling, waarna moontlike vrywilligers gewerf, gekeur en opgelei

word. Die vrywilligers word na opleiding formeel geassesseer oor veral kennis in verband met wetlike prosedures. Indien hulle die kursus slaag, ontvang hulle 'n sertifikaat van die Departement van Justisie en die welsynsinstansie, wat hulle in staat stel om binne daardie gemeenskap as vrywilligers op te tree wat kinders kan beveilig. Vrywilligers besoek op 'n gereelde basis gesinne waar daar kommer bestaan oor die veiligheid van die kinders. Die situasie word deurlopend gemonitor en die inligting word aan die maatskaplike werker voorsien om die nodige hulp te verleen. Voortgesette indiensopleiding van vrywilligers vind deur die toesighoudende maatskaplike werker plaas (Cape Town Child Welfare Society 2003:9–11).

Die projek is dus nie formele pleegsorg nie, maar sluit aan by die beginsel van dienslewering aan die gemeenskap vanuit die gemeenskap, selfbemagtiging en selfversorging. Die gemeenskap is bewus daarvan dat daar altyd alle ure van die dag kinderbeskermingsdienste beskikbaar is. Dit kan ook groter verantwoordelikheid ten opsigte van ouerskapfunksionering meebring deur die besef dat daar moniteerders is wat riskante situasies dophou. Op hierdie wyse kan kinders binne hul gesinne en gemeenskappe gehou word. 'n Ander maatreël wat spontaan in gemeenskappe in reaksie op nood ontwikkel het en waardeur kinders ook binne hul bekende omgewing gehou kan word, is kinderhoofhuishoudings.

3.6.11 Kinderhoofhuishoudings ("*Child-headed households*")

'n Kinderhoofhuishoudings word omskryf as 'n huishouding wat gelei word deur 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar. Hierdie kind neem verantwoordelikhede wat normaalweg deur ouers uitgevoer word, insluitend die versorging van ander kinders. Die dood van albei ouers, of waar een of albei ouers die huis om een of ander rede verlaat het, gee gewoonlik aanleiding tot die ontwikkeling van hierdie soort situasies. 'n Kinderhoofhuishouding ontstaan normaalweg nie onmiddellik na die dood van die ouer(s) nie omdat familielede, meestal die grootouers, aanvanklik die kinders versorg. 'n Ander gebeurtenis soos die dood van daardie versorger, bring mee dat die verantwoordelikheid van die huishouding outomaties op die oudste kind oorgaan. Daar word onderskei tussen 'n begeleide of onbegeleide kinderhoofhuishouding. In eersgenoemde geval is daar 'n volwassene in die huishouding teenwoordig wat vanweë gestremdheid of siekte geen rol in die onderhoud van die self of die huishouding vervul nie. In laasgenoemde geval is daar geen volwassene teenwoordig in die huishouding nie (Alliance Family Health International 2000:1–2).

Die volgende is kenmerke van kinderhoofhuishoudings (Alliance Family Health International 2000:1–3):

- 'n Kind onder die ouderdom van 18 jaar is hoof van die huishouding.

- Sodanige huishoudings word waargeneem in dele van Afrika wat ernstig deur VIGS geaffekteer word en waar 'n groot aantal jong volwassenes aan die siekte sterf.
- Kinderhoofhuishoudings word grootliks waargeneem in landelike gebiede, waarskynlik vanweë die meer stabiele en ondersteunende gemeenskapstrukture en hoër lewenskoste in stedelike gebiede wat dit moeiliker maak vir kinders om alleen te oorleef.
- Kinders wat in stedelike gebiede sonder volwasse toesig leef, is gewoonlik sonder 'n formele skuiling en word na verwys as straatkinders.
- In sommige dokumentasie word beweer dat kinderhoofhuishoudings 'n aanduiding is dat die uitgebreide familiesisteem besig is om in duie te stort. Tog word die meeste van sodanige huishoudings deur familielede ondersteun en kan dit gesien word as 'n manier waarop die uitgebreide familie die situasie probeer hanteer.
- Kinders jonger as vyf jaar word in sommige gevalle deur familielede ingeneem maar die ouer kinders word in 'n kinderhoofhuishouding bymekaar gehou om verskeie redes soos dat dit die ouers se wens was, dat die kinders dit verkies, of dat hulle nie die risiko wil loop om die gesinshuis en ander besittings te verloor nie.
- Kinderhoofhuishoudings kom voor 'n verskeidenheid probleme te staan, waarvan oorlewingsbehoeftes en armoede die swaarste weeg. Hierdie kinders moet hard werk vir hul eie voortbestaan en hulle ontbeer op die gebied van onderwys, opvoeding en gesondheidsorg. Verder moet hulle kwessies soos verlies, rousmart, stigmatisering en diskriminasie self of met min ondersteuning vanuit die gemeenskap hanteer.
- Sommige navorsers verwys ook na adolessentehoofhuishoudings, bedoelende dat die persoon aan die hoof nie die biologiese ouer is nie en tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar is. In baie gevalle word kinderhoofhuishoudings adolessentehoofhuishoudings wanneer die primêre versorger 18 jaar oud word.
- Kinderhoofhuishoudings kan oorleef deur verskillende bronne van ondersteuning, soos besoeke van vrywilligers vanuit die gemeenskap, materiële steun en opleiding in ouerskapsvaardighede.

In aansluiting by die bogenoemde versorgingsmoontlikhede, kan veral die nie-statutêre aanvullende versorgingsopsies as steun tot kinderhoofhuishoudings dien. Dit kan insluit gestruktureerde besoeke van vrywilligers vanuit die gemeenskap of materiële steun, opleiding in ouerskapsvaardighede, die versorging van siek persone, lewensvaardighede in geslagsopvoeding en alkohol- en dwelmmisbruik, menseregte, gesonde lewenstyl en konflikhantering. (Vgl. 3.6.7–3.6.10.)

Kinderhoofhuishoudings word soos volg in artikel 46(b) in die Children's Amendment Act (2007:58) as 'n versorgingsopsie vir kinders erken: "... *an order placing a child in a child-headed household in*

the care of the child heading the household under the supervision of an adult person designated by the court". Die gedagte is waarskynlik ook dat kinders slegs tot op 15 jaar skoolpligtig is en dat hulle dan net sowel op daardie stadium verantwoordelikheid vir 'n huishouding kan aanvaar en selfs 'n toelaag kan ontvang om namens die ander kinders te administreer. Hoewel dit dus nie formele pleegsorg is nie, word kinderhoofhuishoudings bespreek aangesien dit 'n alternatief is waardeur kinders binne hul bekende omgewing kan bly en steeds die gevoel van "behoort-aan" met die nodige ondersteuning van die familie en gemeenskap kan ervaar. Verder behoort die ondersteuningsnetwerk deur welsynsinstansies bestuur en gemonitor te word ten einde die kind se belange te beskerm. Indien die maatreëls nie slaag nie, sal sodanige versorging waarskynlik oorgaan in 'n formele pleegsorgplasing by goedgekeurde pleegouers.

Oog-op-die-kind (vgl. 3.6.10) en kinderhoofhuishoudings vorm deel van vroeë intervensie, waar gebruik gemaak word van die sterkteperspektief se beginsels, naamlik dat elke individu, gesin en gemeenskap oor sterktes beskik. Hierdeur word die gemeenskap se sterktes doeltreffend ontgin en bestuur om gesinne en families bymekaar te hou en steeds lidmaatskap te ervaar en sodoende vervreemding teen te werk. Kinders se veerkragtigheid word deur kinderhoofhuishoudings geïllustreer deurdat hulleself planne maak om te oorleef en daarom behoort hulle sover moontlik ondersteun te word deur gemeenskapsdienste om wel in staat te wees om bo hul omstandighede met "*survivors pride*" uit te styg. (Vgl. 2.7.3 en 2.7.4.)

In die volgende tabel word samevattende inligting gegee oor die plasingsmoontlikhede van kinders wat in die pleegsorgsisteem beweeg of dié wat soortgelyk aan pleegsorg, binne of buite hul eie ouerhuise, voltyds of gedeeltelik formeel of informeel versorg word.

Tabel 3: Variasies in formele of informele pleegsorg of verwante alternatiewe versorgingsmoontlikhede

Variasie	Omskrywing	Doel	Maatskaplike dienslewering
1. Formele pleegsorg by goedgekeurde pleegouers	'n Mishandelde, verwaarloosde of verlate kind word verwyder en by goedgekeurde pleegouers onbekend aan hom geplaas.	Beveiliging van die kind en gesinsherstel as uiteindelike doel.	Die volle proses van dienslewering van vroeë tot statutêre intervensie, pleegkeuring en -toesigdienste, gesinsherstel en uitbetaling van pleegouertoelae.
• Formele korttermyn- pleegsorg	Voorafbeplande korttermynsorg aan 'n kind buite sy ouerhuis.	Tydelike versorging aan 'n sorgbehoewende kind met die oog op gesinsherstel of ander meer permanente alternatiewe sorg.	'n Spesifieke pleegsorgplan oor dienslewering en die aard en duur van die plasing. Pleegouertoelae word uitbetaal.
• Formele langtermyn-pleegsorg	Pleegsorg vir 'n uitgebreide tyd of totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik.	Beveiliging en sekuriteit aan die kind waar gesinsherstel nie 'n realistiese verwagting is nie of waar die kind spesiale behoeftes ondervind wat binne 'n spesifieke tyd aandag moet geniet.	Gebruik 'n langtermynplasing en permanensiebeplanning om stabiliteit te verseker gedurende kinderjare. Pleegouertoelae word uitbetaal.
2. Familiesorg op bevel van die hof	'n Mishandelde, verwaarloosde, verlate of weeskind word voltyds deur familie in pleegsorg geneem.	Beveiliging en versorging van die kind en gesinsherstel indien die ouers betrokke is.	Pleegouers is reeds beskikbaar en statutêre dienslewering en pleegtoesigdienste word gelewer en pleegouertoelae word uitbetaal.
3. Informele familiesorg	Familie neem kinders vrywillig in hul sorg vir 'n verskeidenheid van redes en die kinders keer later spontaan terug na hul ouers indien moontlik.	Beveiliging en versorging van kinders deur vrywillige en gewillige persone om te kompenseer vir versuim van biologiese ouers, of ander redes soos opleiding of ekonomie.	Maatskaplike werkers raak slegs betrokke indien dit aangemeld word deur die familie.
4. Privaatpleegsorg	'n Voorskoolse kind wat vir langer as 'n maand teen vergoeding van sy ouers, tydelik versorg word deur 'n persoon wat nie 'n familielid of voog is nie.	'n Privaatreëling getref deur immigrante terwyl hulle elders verder studeer of werk, ouers neem gewoonlik die kind terug op skoolgaande ouderdom.	Periodieke besoeke deur welsynsinstansies om die kind se welsyn te monitor en magtiging tot optrede indien die kind se welsyn bedreig word.
5. Groepspleegsorg "*Cluster care*"	Vroue of pare word opgelei om groepe van tot ses kinders in pleegsorg te neem en die verantwoordelikhede te deel.	Beveiliging van kinders wat verlate of wees agtergelaat is en nie deur die formele pleegsorgsisteem geakkommodeer kan word nie.	Gemeenskapsprojekte om pleegsorg te organiseer en te monitor en toelae te bestuur. Individuele en groepsterapie soos nodig.
6. Professionele pleegsorg	Kinders met spesiale behoeftes ten opsigte van gedrag, gestremdheid of siekte word deur opgeleide pleegouers versorg.	Pleegouers word spesiaal opgelei vir versorging, opvoeding en behandeling van kinders.	Pleegouers moet as vennote van maatskaplike werker gesien word en moet gereeld betrek word in paneelbesprekings en permanensiebeplanning van die kind. Pleegouertoelae word uitbetaal.

7. Gesin-vir-gesin-pleegsorg "*Family for a Family"*	Gesin word spesiaal gekeur vir spesifieke gesin om kinders periodiek gedurende problematiese tye te versorg.	Bystand aan gesinne gedurende problematiese tye. Gesin moet van dieselfde omgewing wees. Kind moet so min as moontlik ontwrig word.	Ontwikkelingsbenadering tot gemeenskapswerkprojekte. Spesifieke take word toegewys aan die gesin wat biologiese gesin moet ondersteun.
8. Vriendekring pleegsorg ("*Circle of friends")*	Kinders met uitdagende gedrag wat moeilik aanpas by gewone sorg en geskiedenis het van mislukte plasings. Verantwoordelikheid word gedeel deur groep gekeurde persone, oor-en-weer ondersteuning.	'n Span versorgers bou langtermynverhoudings met die kind, is beskikbaar en is ingestel op stimulasie en ontwikkeling.	Projekkoördineerder werf 'n span versorgers, doen rolverdeling en spel wedersydse verwagtinge uit. Bou 'n netwerk van ondersteuning.
9. Onderbroke pleegsorg ("*Fostering intermittently or host-fostering")*	Gasheerpleegouers wat kinders naweke en vakansies neem, gewoonlik saam met jeugsorgsentrums.	Gasheerpleegouer dra gedeeltelike verantwoordelikheid vir die kind en stimuleer verdere ontwikkeling en opleiding.	Ontwikkel gewoonlik informeel in praktyk en maatskaplike werker benut dit as hulpbron en sterkte.
10. Oog-op-die-kind projek	Kinders word 24 uur per dag binne gemeenskapsverband deur opgeleide vrywilligers van die gemeenskap beskerm of beveilig.	Gemeenskapsamewerking in die skepping van 'n kinderbeskermingsisteem ter bevordering van "behoort-aan" en medeverantwoording vir eie welstand en selfhelp. Sterktes in die individu, gesin en gemeenskap word tot voordeel van almal ontgin en benut.	Die maatskaplike werker inisieer die projek en voer dit uit met behulp van 'n bestuurskomitee. Vrywilligers word gewerf, gekeur, opgelei en aksies ten opsigte van kinders word gemonitor.
11. Kinderhoof-huishouding	By gebrek aan volwasse versorging staan 'n kind aan die hoof van die huishouding en aanvaar verantwoordelikhede wat normaalweg van ouers verwag word.	Die beskerming van gesinsbande, eiendom en lidmaatskap van 'n familie en gemeenskap. Basiese versorging van jonger kinders deur ouer kinders met behulp van volwasse en gemeenskapsteun.	Identifisering van kinder-hoofhuishoudings en organisering van vaste ondersteuningsdienste, voorsiening van materiële middele, opvoedkundige en lewensvaardighede. Emosionele versorging om verliese te kan hanteer.

3.7 PLEEGSORG OP DIE KONTINUUM VIR ALTERNATIEWE SORG

Die kontinuum vir versorgingsdienste berus op die beleid dat die kind se basiese behoeftes op fisiese, psigiese, sosiale en geestelike vlak binne gesinsverband bevredig behoort te word. Indien dit nie kan realiseer nie, word verskillende alternatiewe op die kontinuum oorweeg wat die beste belang van die kind kan dien. Laird en Hartman (1985:562–563) verwys in hierdie verband na tendense in tydelike en permanente alternatiewe sorg vir kinders en stel dit dat kindersorgdienste kindgesentreerd, maar terselfdertyd ook gesingesentreerd behoort te wees. Die eerste keuse vir die versorging van 'n kind is permanent by sy ouers en indien daar van pleegsorg gebruik gemaak word, is die veronderstelling dat dit slegs 'n tydelike diens aan ouers en kinders moet wees. Die rol

van die pleegouers is nie om die biologiese ouers te vervang nie, maar om deel van die span te wees wat saamwerk na gesinsherstel. Verder is daar ook 'n beweging weg van inrigtingversorging met die beginsel dat kinders in die "*least restrictive environment*" geplaas moet word. Kinders moet selektief, en slegs indien hulle aangewese is op 'n terapeutiese milieu wat nie in gesins- en gemeenskapsverband beskikbaar is nie, na inrigtings verwys word. 'n Ander belangrike tendens in kindersorgdienste is dat daar kontinuïteit moet wees in die lewe van die kind wat buite sy ouerhuis versorg word. Indien die kind dus nie teruggeplaas kan word nie, moet daar geprobeer word om familiebande te behou of, indien onmoontlik, moet die kind so spoedig moontlik aangeneem word om te verseker dat hy permanent aan 'n gesin behoort. Spesifieke aandag moet geskenk word aan die kind se identiteitsvorming indien hy permanent in pleegsorg verkeer of aangeneem word.

Skidmore, Thackeray en Farley (1994:198–199) sluit aan by die gedagte dat kindersorgdienste kindgesentreerd behoort te wees, maar meen dat die fokus meer op gesingesentreerdheid moet val en brei dit uit na 'n *multisystems approach*. Hierdie benadering sluit verskeie vlakke van dienslewering in wat gerig is op die bewaring van die gesinseenheid. *Multilevel Family Preservation Systems with Select Entities* bestaan uit die volgende vlakke:

- Op die eerste vlak is die gesin met die individu en gesinslede soos die vader, moeder en kinders as entiteite, wat as die beste versorgingsposisie vir enige kind beskou word.
- Daarnaas die kom vlak van die uitgebreide gesin met betekenisvolle familielede soos grootouers, ooms en tantes of peetouers as die entiteite voor.
- Dan volg die gemeenskapsvlak met betekenisvolle ander persone in die kind se lewe binne die bekende woongebied, kerk, skool en vriende as die entiteite.
- Die laaste vlak van dienslewering is die gesinsintervensiespan bestaande uit kinder- en gesinsorgorganisasies, polisie se kinderbeskermingseenhede, regstelsel en ander instellings in die samelewing as die entiteite.

Volgens hierdie versorgingsisteem word die kind beskerm as die gesin by wyse van effektiewe aanwending van bestaande hulpbronne in die onmiddellike omgewing en in die breër gemeenskap versterk word. Hierdie denkwyse sluit aan by die ekologies-sistemiese benadering wat die studie rig en fokus op die persoon in sy omgewing (vgl. 2.5 en 2.9) en om van die sterktes in daardie omgewing gebruik te maak ten einde die gesin te bewaar. (Vgl. 2.7.)

Bogenoemde tendense in kindersorgdienste en soos ook reeds onder die historiese ontwikkeling uitgewys (vgl. 3.1), is 20 jaar en meer gelede al beskryf, maar geld steeds. Dit sluit aan by die jongste uitgangspunte en die beleidskrifte in Suid-Afrikaanse opset van voorkoming en vroeë intervensie alvorens statutêr toegetree word. Die raamwerk vir dienslewering in die Kinder- en Jeugsorgsisteem van die *Inter-ministerial Committee on Young People at Risk* (1998:2–3), is reeds

'n geruime tyd rigtinggewend vir dienslewering deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en nieregeringsorganisasies wat kinder- en gesinsorgdienste lewer. Die beginsels word deur nuwe kinderwetgewing steeds onderskryf soos deur Schmid (2007:503–504) gestel dat voorkoming gesinne moet versterk ten einde statutêre intervensie te vermy. Verder moet vroeë intervensie programme nie net gesinsdienste insluit nie, maar ook 'n gemeenskap ontwikkel wat oor sterk hulpbronnetwerke beskik. Inrigtingsorg moet die laaste uitweg wees en nie net versorgingsdienste lewer nie, maar wel terapeutiese programme aan die kind bied. Die raamwerk met vier vlakke vir dienslewering word vervolgens bespreek.

3.7.1 Raamwerk vir dienslewering aan kinders en gesinne

Die raamwerk bestaan uit vier vlakke waarvolgens maatskaplikewerkdienste aan gesinne en kinders gelewer word. Soos toepaslik vir die studie, is pleegsorg op die kontinuum vir alternatiewe sorg alreeds in hierdie hoofstuk bespreek, terwyl die ander vlakke vervolgens slegs kortliks toegelig word ten einde die posisie van pleegsorg te bevestig.

- **Vlak een: Voorkomingsdienste**

Dienste en hulpbronne moet aan kwesbare kinders en gesinne gelewer word waardeur hul bestaande kragte versterk word om hul maatskaplike funksionering te bevorder (Inter-ministerial Committee on Young People at Risk 1998:1). Dit beteken dat gesinne wat in armoede leef in 'n omgewing wat nie voldoende reageer op hul basiese behoeftes aan voeding, skuiling, kleding, beskerming en ontwikkeling nie, in aanraking gebring moet word met die regte hulpbronne en dienste ten einde te voorkom dat hulle in maatskaplike nood verval. Verder het dit ten doel om bestaande vermoëns te versterk en nuwe vermoëns te bou sodat hulle kan baat by ontwikkelingsgeleenthede en meer weerbaar kan wees. Programme wat in hierdie verband aangebied word, is byvoorbeeld jeugontwikkeling, leierskapopleiding, konflikhantering, versorging en opvoeding van jong kinders, nasorgprogramme by skole, dagsorg, kinderontwikkelingsprogramme en opleiding in ouerskapvaardighede. Hierdie benadering is in pas by die toepassing van die beginsels van die sterkteperspektief ten opsigte van die individu, gesin en gemeenskap vir die doeleindes van die studie.

- **Vlak twee: Vroeë intervensie**

Waar enige risiko bestaan dat kinders uit hul ouerhuis verwyder moet word, moet die gesin bygestaan word om so lank as moontlik binne gesins- en gemeenskapsverband behoue te bly deur intensiewe diensleweringsprogramme (Inter-ministerial Committee on Young People at Risk 1998:2). Daar is dus reeds 'n geïdentifiseerde risiko soos dat die kind in konflik met die wet was en

die geleentheid gebied word om die afwentelingsprogram ("*diversion programme"*) te volg in plaas van vervolging deur die hof en 'n kriminele rekord.

Die Children's Act (2005:58–59) maak voorsiening vir vroeë intervensieprogramme deurdat bevele uitgereik kan word om ouers en kinders te verplig om deel te neem aan gesinsbewarings-programme, gesinsgroepkonferensies en kinderbeskermingsbevele wat die kind in verskeie situasies teen risikofaktore behoort te beskerm. (Vgl. 6.2.5.) Van die variasies wat onder pleegsorg bespreek word, sluit hierby aan. (Vgl. 3.6.3, 3.6.4 & 3.6.7–3.6.11.)

- **Vlak drie: Statutêre proses**

Indien dit nodig word om statutêr tot die gesin toe te tree, behoort deur middel van ontwikkelingsassessering en gepaste dienslewering die beginsel toegepas te word van "[*t]he least restrictive and most appropriate option for the individual*" (Inter-ministerial Committee on Young People at Risk 1998:2). Dit beteken dat, deur middel van die ontwikkelingsassesseringsmodel (vgl. 4.4.1), gefokus word op die sterktes en behoeftes van die kind en dat die Kinderhofprosedure op 'n kindervriendelike wyse gehanteer behoort te word, sodat die Kinderhofbevel nie beperkend nie, maar bemagtigend en in die beste belang van die kind sal wees. (Vgl. 6.2.5.) Die proses is daarop gerig om die kind in die mees bemagtigende versorgingsposisie te plaas op die kontinuum van versorgingsdienste soos hieronder aangedui word.

- **Vlak vier: Kontinuum vir versorging.**

Op hierdie vlak word verwys na verskillende versorgingsposisies op die kontinuum van versorging wat vir die kind oorweeg moet word vanaf dié so na as moontlik aan sy gesin of alternatiewe gesinsverband alvorens dieper beweeg word na verskillende sentrums soos kinderhuise, plekke van veiligheid, nywerheidskool, veiligheidsentrums, verbeteringskole en jeugkorrektiewe fasiliteite (Inter-ministerial Committee on Young People at Risk 1998:3). In Afrikaans word meestal verwys na Kinder- en Jeugsorgsentrums indien kinders in 'n kinderhuis of nywerheidskool versorg word. Prakties gesproke sal die opsies in die volgende orde op die kontinuum oorweeg word:

(1) terugplasing onder toesig by die ouers op sekere voorwaardes
(2) pleegsorg
(3) aanneming
(4) kinder- en jeugsorgsentrum en ander sentrums geskik vir kinders in konflik met die wet.

Volgens hierdie beleid behoort die maatskaplike werker in die Kinderhofondersoek 'n uiteensetting te kan gee oor watter intervensie op die verskillende vlakke aan die gesin gelewer is en wat die reaksie daarop was alvorens 'n kind verwyder kan word. Verder moet die verskillende

versorgingsopsies beredeneer word in terme van die mins beperkende en mees bemagtigende plasing. Die ander opsies op die kontinuum, soos aanneming en kinder- en jeugsorgsentrums, word kortliks toegelig ten einde die verskil met betrekking tot pleegsorg aan te dui.

3.7.2 Aanneming

Aanneming word omskryf as 'n "[g]eregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van 'n minderjarige aan 'n meerderjarige toegeken word" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:1). Aanneming verskil in wese van pleegsorg, wat 'n tydelike reëling is, deurdat dit 'n permanente versorgingsopsie vir kinders is met die wetlike gevolge dat alle ouerlike regte van die biologiese ouers op die aanneemouers oorgedra word. Daar is basies twee soorte aanneming, naamlik nie-geopenbaarde en geopenbaarde aanneming.

Nie-geopenbaarde aanneming is "… waar die identiteit van die natuurlike ouer en die aanneemouer nie wedersyds bekend is nie" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:44). Prakties gesproke, gee die natuurlike ouers toestemming dat die baba deur 'n welsynsinstansie ingepas kan word by goedgekeurde aanneemouers onbekend aan hulle en dat die instansie die statutêre en ander dienste betreffende die aanneming afhandel.

Geopenbaarde aanneming is "… waar die identiteit van die natuurlike ouer en die aanneemouer wedersyds bekend is" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:20). Hierdie is gewoonlik aannemings wat in hersaamgestelde gesinne voorkom waar een eggenoot die ander een se kind aanneem (stiefoueraannemings), of in gevalle waar die natuurlike ouers direk toestemming verleen tot aanneming van die kind deur 'n egpaar/persoon wat aan hulle bekend is en wat hulle self gekies het om die kind aan te neem. Sodanige aannemings moet egter ook deur 'n maatskaplike werker ondersoek word om 'n aanbeveling aan die Kinderhof te maak of die plasing wel in die beste belang van die kind sal wees.

Vanuit eie ondervinding word dit nie in die beste belang van kinders beskou om pleegsorg en aanneming gelyktydig in een gesin te reël nie. Die aangenome kind kan bedreig voel deur die tydelikheid van pleegsorg, terwyl die pleegkind weer verwar mag word deur die permanentheid van aanneming en nie kan verstaan waarom hy nie ook permanent kan bind met sy versorgers of dieselfde van as hulle kan hê nie. Dit gebeur dikwels dat pleegsorg kan oorgaan in aanneming indien gesinsherstel nie kan realiseer nie. Aanneming kan dus deel uitmaak van die permanensiebeplanning van die kind (vgl. 3.9.3), hoewel pleegsorg nie onderneem moet word met die motief tot aanneming nie, aangesien die pleegouers dan bewustelik of onbewustelik die proses van gesinsherstel kan benadeel.

3.7.3 Kinder- en jeugsorgsentrum

Kinderhuis en *nywerheidskool* is terminologie wat sedert die vroegste tye in maatskaplikewerk-literatuur gebruik word om te verwys na die inrigtingversorging van kinders. 'n Kinderhuis word omskryf as "[e]nige fasiliteit kragtens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hulle ouerhuise af" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:32). Tradisioneel is voorskoolse en laerskoolkinders eerder in pleegsorg as in 'n kinderhuis geplaas. Groter kinders wat nie ernstige uitdagende gedrag openbaar nie en wat kan baat vind by die behandelingsprogram wat aangebied word, word wel in kinderhuise versorg.

'n Nywerheidskool is 'n "[s]kool wat kragtens die Wet op Kindersorg, Wet 73 van 1983 daargestel is vir die opname, versorging, onderwys en opleiding van kinders wat ingevolge 'n hofbevel daarheen verwys of oorgeplaas is" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:45). Nywerheidskole maak voorsiening vir hoërskoolkinders en resorteer tans nog onder die Departement van Onderwys, aangesien die hooffokus op onderwys, opleiding en die hantering van uitdagende gedrag geplaas word.

Bogenoemde benamings is egter in nuwe beleids- en statutêre dokumentasie na kinder- en jeugsorgsentrum gewysig. Sodanige sentrum word omskryf in artikel 191 van die Children's Amendment Act (2007:80–82) as 'n fasiliteit waar inrigtingsorg aan meer as ses kinders buite gesinsverband volgens bepaalde programme gelewer word. Dit kan 'n reeks programme soos versorging, terapeuties, psigiatries, rehabiliterend tot gestremdheid of kroniese siektes insluit. Pleegsorg hou verband met kinder- en jeugsorgsentrums in die sin dat kinders vanuit die een versorgingsposisie na die ander oorgeplaas kan word. Dit gebeur dikwels in die praktyk dat kinders met vakansieverlof vanuit 'n sentrum by vakansieouers geplaas word en sodanige binding vorm dat hulle later daarheen oorgeplaas word in pleegsorg. (Vgl. 3.6.9.) Dit kan ook gebeur dat 'n kind nie meer kan aanpas in pleegsorg nie en dan oorgeplaas word na 'n sentrum wat beter in sy behoeftes kan voorsien.

Pleegsorg, aanneming en kinder- en jeugsorgsentrums as vorms van alternatiewe sorg is dus onderling verwant aan mekaar in die sin dat oorplasings van die een na die ander kan geskied soos wat dit in die beste belang van die kind bepaal kan word. Die teoretiese fundering van die studie maak dit derhalwe moontlik om holisties die voor- en nadele van elke alternatiewe versorgingsopsie op die kontinuum te eksploreer. Pleegsorg kon dus in bogenoemde bespreking teenoor ander opsies geposisioneer word ten opsigte van definiëring en doel. Hoewel elke pleegsorgsituasie uniek gehanteer behoort te word, is daar tog algemene prosedure wat universeel van toepassing behoort te wees en daarom word 'n algemene pleegsorgproses vervolgens uiteengesit.

3.8 DIE PLEEGSORGPROSES

Volgens die ekologies-sistemiese perspektief van die studie, kan pleegsorg beskou word as 'n sisteem bestaande uit 'n aantal interafhanklike subsisteme waarvan die belangrikste is die kind, biologiese en pleeggesin en die dienslewerende instansie waar 'n maatskaplike werker verantwoordelik is vir pleegtoesigdienste. Die sukses van die pleegsorgplasing is afhanklik van die funksionering van al die afsonderlike dele op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteem en is aan mekaar verbind met die gemeenskaplike doelstelling om die beste belang van die kind te dien. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die pleegsorgproses slegs kernagtig beskryf om 'n geheelbeeld te gee, aangesien afsonderlike aspekte van die proses soos assessering in detail behandel word in hoofstukke vier tot sewe, wat onderskeidelik handel oor die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme.

Barber en Delfabbro (2004:6) het tydens hul navorsing oor pleegsorg in Australië gevind dat daar, ten spyte van verskille in beleid en werkswyse, redelike ooreenstemming regoor die wêreld bestaan betreffende breë standaarde en die proses wat met die kind in pleegsorg gevolg behoort te word. Die Association of Children's Welfare Agencies in Australië stel die volgende riglyne vir pleegsorgstandaarde voor:

- deeglike assessering van die kind en sy omstandighede voor plasing;
- voorbereiding op plasing;
- passing tussen kind en versorger, insluitende kulturele agtergrond;
- geskrewe plasingsooreenkomste tussen al die betrokke partye soos versorgers; biologiese ouers, die staat en die kind (volgens ouderdom en vermoë);
- kontak met die biologiese familie;
- opleiding van versorgers;
- gevalleladings van nie meer as vyftien kinders per maatskaplike werker nie; en
- naplasingsdienste en ondersteuning.

Soortgelyk hieraan is die Child Welfare League of America se bloudruk vir pleegsorg (Barber & Delfabbro 2004:6) wat die volgende insluit:

- assessering van sterktes en behoeftes voor plasing;
- ondersteuning tydens die oorgang van een sorg na 'n ander;
- betrokkenheid van kinders en gesinne in die beplanning;
- ontwikkeling van kulturele en etniese identiteit;
- kontak met die biologiese gesin;
- voortgesette ondersteuning na plasing; en

- opleiding van versorger sowel as die maatskaplike werker.

'n Pleegsorgproses behoort dus te begin met die assessering van gronde vir sorgbehoewendheid en om die kind se behoeftes te bepaal, voorbereiding op die plasing, passing tussen die kind se behoeftes en die vermoëns van voornemende pleegouers, beplanning van pleegtoesigdienste ten opsigte van al vier partye se rolle en take en ondersteuning vir implementering sowel as 'n nasorgdiens. Vervolgens word 'n algemene proses uiteengesit wat ter wille van strukturering, verdeel word in 'n voor-, tydens- en naplasingsdiens.

3.8.1 Voor verwydering

Dit word telkens beklemtoon dat dienslewering daarop gerig moet wees om geïdentifiseerde riskante gesinsomstandighede by 'n gesin betyds deur vroeë intervensieprogramme aan te spreek. (Vgl. 3.7.1.) Die hoofdoel van dienslewering by die ouers is om die gesinslewe te versterk, ouerskapsvermoëns te verbeter en om die ineenstorting van die gesinslewe te voorkom. Indien die gesin alreeds 'n krisis beleef, sal meer direkte dienslewering soos krisisingryping, ontlonting, materiële hulpverlening en ondersteuning verleen word (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:27).

Volgens resultate van 'n Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:22) ontvang voorkomingsdienste nie genoeg aandag nie. Kinders word te geredelik verwyder en dienslewering aan ouers sentreer hoofsaaklik om die ondersoek na die redes waarom die kind verwyder behoort te word en is nie soveel gerig op behandeling met die oog op voorkoming van verwydering nie. Wanneer besluit word dat verwydering onafwendbaar is, moet daar ook verslag gedoen kan word oor wat gedoen is om die stap te voorkom en wat gedoen gaan word om die proses in die beste belang van die kind te hanteer.

Daar is verskillende faktore wat aanleiding kan gee tot die verwydering van kinders. Die belangrikste riglyne word in artikel 150 van die Children's Act (2005:96) aangetref en uiteengesit in hoofstuk ses. (Vgl. 6.2.5.) Indien die kind spoedeisend verwyder moet word, word 'n krisisassessering (vgl. 5.5.2) gedoen om te bepaal of verwydering geregverdig is. In sodanige gevalle behoort die moontlike skade wat verwydering kan meebring oorskadu te word deur nadelige gevolge indien die kind by sy ouers gelaat sou word. Andersins word 'n indiepte-assessering (vgl. 4.4, 5.5, 6.6 & 7.4) op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme gedoen op grond waarvan 'n behandelingsplan saamgestel word.

3.8.2 Tydens verwydering

'n Belangrike beginsel wat volgens Sishuta (1996:60) behoort te geld is dat die keuse van plasing primêr bepaal moet word deur die kind se behoeftes en nie soseer deur die beskikbare hulpbronne nie. Hierdie beginsel word egter moeilik toegepas in die Suid-Afrikaanse omstandighede (vgl. 1.1), aangesien die pleegsorgstelsel oorlaai is en maatskaplike werkers dikwels aangewese is op plasingsmoontlikhede waar slegs in die basiese behoeftes van kinders soos kos, klere, skuiling voorsien kan word en waar emosionele en opvoedkundige behoeftes grootliks op die agtergrond geskuif word.

Indien voortgegaan word met verwydering, moet geskikte alternatiewe sorg vir die kind geselekteer word. Alhoewel sodanige besluit voorafgegaan word deur deeglike assessering, kan die volgende gesien word as 'n samevatting van belangrike riglyne wat in ag geneem behoort te word by die keuse van pleegsorg (Vgl. South African National Council for Child and Family Welfare 1987:55 & 64 en Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:5.):

- Voorskoolse kinders moet verkieslik in pleegsorg geplaas word aangesien hulle aangewese is op persoonlike en konstante versorging. Dit is veral gedurende die eerste drie lewensjare wanneer verskeie fundamentele ontwikkelingstake wat individuele aandag verg, bemeester moet word.
- Die biologiese ouers moet die pleegsorgsituasie kan aanvaar, anders sal hulle dit voortdurend saboteer of van die toneel verdwyn.
- Pleegsorg moet die beste belang van die kind dien en in sy bepaalde behoeftes en nood kan voorsien.
- Indien die biologiese ouers steeds 'n prominente rol speel, moet die pleegouers geografies so na as moontlik aan die kind wees en reëlings moet getref kan word vir ouer-kind-besoeke.
- By die selektering van 'n geskikte pleeggesin moet faktore in ag geneem word soos die versoenbaarheid tussen persoonlikhede van die kind en die voornemende pleegouers, ooreenstemming in taal, geloof, kultuur en lewenstyl, beskikbaarheid van hulpbronne vir die eiesoortige behoeftes van die kind.

Schultz (2002:72) sluit hierby aan deur te noem dat ooreenstemming betreffende geloofs- en kulturele aspekte die aanpassing van die kind vergemaklik omdat die lewenstyl van die pleeggesin dan nie so drasties verskil van waaraan hy gewoond was nie. Dit word ook beklemtoon dat plasings voorafgegaan behoort te word deur 'n inpassingsproses waartydens die kind se behoeftes

en funksionering opgeweeg word teenoor die eienskappe en verwagtinge van die voornemende pleegouers. Vir hierdie doeleindes is inligting oor die agtergrond, genetiese faktore, betrokkenheid van die ouers, spesiale behoeftes van die kind, gedrag en verhoudingslewe nodig ten einde die besluit te neem of die pleegplasing in die beste belang van die kind sal wees.

Hierdie is nie voorskrifte nie, maar slegs riglyne wat aangepas behoort te word in ooreenstemming met die nood en behoeftes van elke kind en die beskikbaarheid van geskikte pleegouers. Indien daar besluit word dat pleegsorg die beste alternatiewe sorg vir die kind is, behoort die kind, biologiese en pleegouers voorberei te word op die plasing deur voorafbesoeke om 'n aanvaardende gesindheid teenoor die plasing te ontwikkel. Volgens Schultz (2002:72) behoort die voornemende pleegouers die kind te besoek en waar te neem sonder dat die kind eintlik besef wat aangaan, sodat die kind nie verwerping ervaar indien hulle teen die plasing sou besluit nie. Die volgende aspekte behoort egter voor plasing in ag geneem te word (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:5):

- Die besluit op pleegsorg moet berus op assesseringsresultate waarby die kind sowel as die ouers betrek is.
- Neem die kind en, indien moontlik, ook die biologiese ouers, op 'n voorafbesoek ("*pre-placement visit*") aan die pleegouers en bied 'n geleentheid aan die biologiese ouers om inligting oor die kind met die pleegouers te deel en om hulle gesinsopset te leer ken ten einde 'n werksverhouding in belang van die kind te begin ontwikkel.
- Bied agtergrondsgegewens oor die kind aan die pleegouers wat vertroulik deur hulle gehanteer moet word en berei hulle voor op die hantering van die behoeftes van die kind.
- Al die partye moet ingelig wees oor die onmiddellike en tentatiewe korttermyn- en langtermyndoelstellings en -doelwitte van die plasing.

Die hoofsaak met betrekking tot voorbereiding op die plasing is dat die kind, die ouers en die pleegouers ingelig moet wees oor die doel van die plasing en die rolverwagtinge wat aan elkeen gestel word. Die rol en funksie van die dienslewerende welsynsinstansie moet ook duidelik uitgespel word, sodat verwagtinge van die kliënte realisties en diensooreenkomstig kan wees. Deeglike voorbereiding op die plasing kan die gevoel van verlatenheid en verwerping verlig wat die kinders tydens verwydering gewoonlik ervaar.

Hierdie prosedure oor voorafbesoeke en voorbereiding sal waarskynlik nie nodig wees in die geval van familieplasings nie, veral in gevalle waar die kind al vir 'n periode by die versorgers woon en die plasing net die kind se status na pleegkind verander (Sishuta 1996:63). Tydens die assessering van die wenslikheid van sodanige plasing, sou die hoofdoel waarskynlik wees om seker te maak dat die wettiging van die plasing wel in die beste belang van die kind sal wees en dat verpligtinge

en verantwoordelikhede ten opsigte van die pleegsorgplan duidelik uiteengesit word aan die kind, pleegouers, biologiese ouers – indien bereikbaar en beskikbaar – en die welsynsinstansie.

3.8.3 Na plasing

Dienste na plasing behoort op die volgende aspekte te fokus (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:7):

- Die pleeggesin moet in kennis gestel word en in kontak gebring word met relevante formele hulpbronne soos mediese dienste, skool, kerklike en sielkundige of maatskaplike hulpverlening, sowel as informele ondersteuningsisteme soos ondersteuningsgroepe, vrywilligers en vriende.
- Reëlings moet getref word vir die uitbetaling van die pleegouertoelae.
- Gereelde en doeltreffende pleegsorgtoesigdienste om die pleegouers te help om ’n vasgestelde roetine vir die kind uit te werk ten einde veiligheid en sekuriteit te bied.
- Bystand aan die pleeggesin om die kind te voorsien van gesonde voeding en eetgewoontes, persoonlike higiëne, genoegsame kleding, rekreasiegeleenthede, die bewaring van persoonlike eiendom, en respektering van die kind se privaatheid betreffende pos, telefoonoproepe en persoonlike ruimte.
- Respektering van die kind se etnies-kulturele erfenis, tradisies, taal en godsdienstige aspekte, veral as dit verskil van dié van die pleeggesin.
- Inligting moet voorsien word oor die kind se opvoedkundige geskiedenis en optimale vervulling van hierdie behoefte.
- Ooreenkoms met die biologiese ouers oor die hantering van spesiale geleenthede soos verjaarsdagvieringe en besoekreëlings van die biologiese ouers.
- Riglyne en prosedures oor die hantering van ernstige gebeurtenisse of insidente soos mishandeling of misbruik van alkohol of dwelms.
- Die handhawing van vertroulikheid ten alle tye, wat bevestig kan word deur die ondertekening van ’n eed.
- Gereelde hersiening van die pleegsorgplan en aktiewe deelname van die betrokke partye soos die kind, pleegouers, biologiese ouers en welsynsinstansie.
- Die gebruik van positiewe dissiplinêre metodes in ooreenstemming met die kind se ontwikkelingsfase en ’n verbod op lyfstraf.

Bogenoemde aspekte sentreer om die voorsiening in die kind se fisiese, emosionele, sosiale, opvoedkundige, godsdienstige en kulturele behoeftes. Die nakoming van sodanige behoeftes word uiteengesit in die pleegsorgplan wat in die vorm van ’n ooreenkoms tussen die verskillende partye

aangegaan word. Volgens Sishuta (1996:64–65) is die doel van die kontrak om duidelikheid te verskaf oor die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende partye betrokke en om ouerlike betrokkenheid en besluitname by die kind se toekoms te bevorder. 'n Belangrike aspek van die kontrak gaan oor ouerlike kontak en besonderhede oor die plek, tyd en frekwensie van besoeke behoort daarin uiteengesit te word. Biologiese ouers wat samewerkend in hierdie opsig optree, is gewoonlik beter verbind tot gesinsherenigingsdienste. Verder is dit ook belangrik dat pleegouers hul rol in gesinshereniging moet verstaan en dat hulle in dié verband in vennootskap met die welsynsinstansie sal saamwerk.

Die pleegsorgplan moet gereeld hersien word en daar moet volgens nuwe kinderwetgewing tweejaarliks of op tye soos deur die Kinderhofbevel bepaal, 'n pleegsorgtoesigverslag oor die vordering met betrekking tot doelbereiking aan die Kommissaris van Kindersorg voorsien word (Children's Amendment Act 2007:76). Dit is om seker te maak dat dienste wel gelewer word soos ooreengekom, dat die kind nie benadeel word deur die plasing nie, of terugplasing wel moontlik is of nie, en waar die permanensie van die kind geleë is.

3.8.4. Terminering van die pleegsorgplasing

Pleegsorgplasings word normaalweg in die praktyk op grond van die volgende vyf situasies getermineer:

- **Terugplasing by die ouers**

Terminering geskied nie eensklaps nie, maar is 'n resultaat van 'n proses wat voorafgegaan word deur verskeie aksies soos gereelde geslaagde vakansieverlof by die ouers en die verwydering van die oorspronklike redes vir sorgbehoewendbevinding. Die besluit word geneem op grond van evalueringsresultate oor die nakoming van die pleegsorgplan. Terugplasing moet voorafgegaan word deur deeglike voorbereiding van al die partye en dit sal verskil na gelang van die tydperk van plasing. Korttermynpleegsorg, waar noue kontak tussen ouer en kind behou is, behoort nie met groot aanpassingsprobleme gepaard te gaan nie. Waar ouers en kinders egter vir langer periodes geskei was met beperkte ouerlike kontak, sal voorbereiding op terugplasing eers deeglik beplan moet word om heraanpassing en integrasie by die gesin te bewerkstellig (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:76–77). Mislukte terugplasings is vir beide kinders en ouers 'n baie negatiewe ervaring; daarom behoort alles moontlik gedoen te word om dit te voorkom deur deeglike beplanning en bestuur terwyl die nodige ondersteuningsdienste gelewer word.

- **Aanneming van die pleegkind**

Pleegsorg behoort nie gebruik te word as 'n kortpad na aanneming nie. Die pleegouers se motief behoort dus nie te wees om op hierdie wyse maklik 'n kind te bekom vir aanneming nie. Dit gebeur egter dikwels dat pleegsorg kan oorgaan in 'n aanneming in gevalle waar dit hoogs onwaarskynlik is dat die kind sal terugkeer na die biologiese ouers, en waar die pleegouers sowel as die kind gretig is tot 'n aanneming wat meer wetlike sekuriteit en die ervaring van 'n normale gesinslewe bied (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:79).

Die wetlike prosedures vir die terminering van ouerlike regte om die kind sonder hul toestemming vir aanneming beskikbaar te stel, sowel as die prosedures wat gevolg moet word in gevalle waar hulle wel toestemming verleen het, word in die Kinderwet uiteengesit. (Vgl. 6.2.5.) Dit is egter ook belangrik om te besef dat nie alle pleegkinders wat nie na ouerlike sorg kan terugkeer nie, aangeneem kan word nie (Sishuta 1996:76). In die praktyk is die meeste pleegouers afhanklik van die pleegouertoelae om in die kind se behoeftes te voorsien. In ander gevalle kan die kind aangeneem word met voortgesette kontak met die biologiese ouers, wat veral goed is vir sy identiteitsvorming (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:11). Verder is daar ook gevalle waar bande tussen die kind en die biologiese ouers behoue bly, maar die redes vir verwydering nie opgeklaar kan word nie. In sodanige gevalle word aanneming ook nie aanbeveel nie, maar is dit nogtans noodsaaklik dat die kind se versorgingsposisie deur 'n langtermynplasing gestabiliseer moet word.

- **Terminering as gevolg van langtermynpleegsorgplasing**

Wanneer op grond van gereelde monitering bepaal word dat dit hoogs onwaarskynlik is dat gesinshereniging sal realiseer, moet bepaal word of die huidige pleegouers in die kind se langtermynbehoeftes kan voorsien. Dit is veral belangrik om te evalueer of hulle sal kan aanpas na meer permanente versorging en of oorweging geskenk moet word aan ander, alternatiewe sorg. By die neem van die besluit moet in ag geneem word dat pleegsorg in sodanige gevalle nie eindig wanneer die kind die ouderdom van 18 jaar bereik nie, omdat die jong volwassene steeds ouerlike leiding en ondersteuning nodig het in die keuse van 'n beroep en 'n huweliksmaat en selfs wanneer met 'n eie gesin begin word (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:78). Die pleegkind bly dus permanent deel van die pleegouer-gesinsisteem.

- **Mislukte pleegsorgplasing**

Volgens die South African National Council for Child and Family Welfare (1987:77–78), kan die plasing misluk na aanleiding van die volgende:

- te veel inmenging van die biologiese ouers wat die plasing voortdurend saboteer;
- die pleegouers kan nie die gedrag van die pleegkind hanteer nie;
- die pleeggesin kan as gevolg van persoonlike veranderinge binne die gesin nie langer na die pleegkind omsien nie; en
- die vermoëns van die pleegouers is oorskat of te veel eise is deur die welsynsinstansie aan hulle gestel.

Dit stem ooreen met resultate van James (2004:601–602) se ondersoek na die redes vir veranderinge en ontwrigting in pleegplasings, wat aantoon dat mislukte plasings in 20% van die gevalle in verband gebring kan word met gedragsprobleme van die pleegkind. Geïdentifiseerde gedragsprobleme is onder andere brandstigting, dwelmmisbruik, afwesigheid sonder verlof, fisiese mishandeling, selfbesering, weiering om skool by te woon, diefstal, ontwrigting van die gemeenskap en onaanvaarbare seksuele gedrag. Ander redes wat ook aangevoer word, is swak inpassing tussen kind en pleeggesin betreffende karaktereienskappe, onrealistiese verwagtinge aan die kant van die pleeggesinne, of onvoorsiene lewensgebeure soos siekte of dood.

Ontwrigte pleegplasings kan ernstige gevolge vir die pleegkind inhou, wat waarskynlik gevoelens van onder andere verwerping sal insluit. Dit is daarom noodsaaklik dat die kind se gevoel van "behoort-aan" deeglik geassesseer moet word om te voorkom dat 'n nuwe versorgingsposisie se kanse op sukses deur voorafgaande mislukte plasings en oordrag benadeel word. Die nuwe versorgingsposisie moet noukeurig geëvalueer word en alles moontlik moet gedoen word om die kind nie bloot te stel aan voortgesette traumatisering nie. Deur gebruik te maak van die sterkteperspektief, word daar gefokus op erkenning van die kind se pyn. Gesprekvoering oor veerkragtigheid en sterktes word gestimuleer waartydens die tipiese oorlewings- en ander vrae gerig op die ontdekking van sterktes gevra word. Verder word daar binne konteks gehandel om die kind hoop te gee en doelwitte te formuleer sodat sy lewe kan normaliseer. (Vgl. 2.7.9.)

- **Ontheffing van die bepalings van die Kinderhofbevel op 18-jarige ouderdom**

Die kind word onthef van alle bepalings van die Kinderwet wanneer hy die ouderdom van 18 jaar bereik. Slegs in uitsonderlike gevalle soos voortgesette opleiding kan dit verleng word ingevolge artikel 176 (Children's Amendment Act 2007:70). In sodanige gevalle het die pleegouers geen verdere verantwoordelikhede ten opsigte van die kind nie en word die pleegouertoelae gestaak. Volgens Sishuta (1996:77) skep dit in swart gemeenskappe baie probleme vir die pleegouers omdat die kinders op hierdie stadium steeds by hulle woon en hulle normaalweg nie in die posisie is om in die kind se materiële behoeftes te voorsien nie.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat terminering van die pleegplasing, om watter rede ook al, met groot omsigtigheid gehanteer moet word. Binding wat gevorm is en verhoudings wat aangeknoop is, kan nie sonder meer beëindig word sonder dat dit nagevolge vir die kind inhou nie. Dis noodsaaklik dat die kind voorberei sal word op die terminering; dat hy kognitief die redes daarvoor sal begryp; en dat die emosionele, sosiale en geestelike impak daarvan met hom deurgewerk sal word. Dit sluit aan by permanensiebeplanning vir die pleegkind ten einde sekerheid vir sy toekomstige versorging te bied.

3.9 PERMANENSIEBEPLANNING

Permanensiebeplanning het ontwikkel in reaksie op beskuldigings dat kinders in die pleegsorgsisteem "ronddryf" as gevolg van voortdurende oorplasings en 'n gebrek aan 'n bestendige huislike lewe, met 'n gevolglike onvermoë tot binding met hul versorgers (Howe 1983:291). Dit het nie net in die VSA plaasgevind nie, maar ook in Suid-Afrika het heelwat ontwikkeling en hervorming in die kindersorgsisteem en kinderwetgewing plaasgevind, waarvan permanensiebeplanning prominensie geniet.

3.9.1 Die aard en doel van permanensiebeplanning

Permanensiebeplanning is volgens Wiltse (1985:575) 'n ekstra dimensie wat bykom wanneer 'n kind nie deur sy biologiese ouers versorg kan word nie en *"permanency in living arrangements and continuity of relationship".* Die onsekerheid en onbepaaldheid wat dikwels met pleegsorg gepaard gaan, inhibeer die pleegkind betreffende die ontwikkeling van selfvertroue, identiteitsvorming en die vermoë om intieme persoonlike verhoudings aan te knoop. Wiltse (1985:576) verwys na navorsing wat alreeds gedurende die 1970's in die VSA oor 'n periode van vyf jaar deur Fanshel en Shinn (1978) gedoen is en waarin dit na vore gekom het dat kinders wat nie by hul biologiese gesinne teruggeplaas word nie en wat nie aangeneem word nie, hulleself as ongewens beskou. Dit word vererger deur die feit dat baie pleegkinders twee of meer oorplasings beleef en dat die welsynsinstansie ook nie werklik as 'n stabiele faktor gesien kan word nie, aangesien maatskaplike werkers wat pleegtoesigdienste lewer gereeld wissel. Permanensiebeplanning moet vanaf die begin deel vorm van die diensleweringsproses aan die kind in die formele kindersorgsisteem vanaf die aanvanklike assessering, selektering van 'n geskikte pleeggesin, die finalisering van die plasing tot en met terminering of aanneming.

'n Meer onlangse en algemene omskrywing van permanensiebeplanning word deur Schultz (2002:86), aangehaal van Maluccio en Fein (1983), gegee naamlik, "*Permanency planning is the systematic process of carrying out, within a brief time-limited period, a set of goal directed activities*

designed to help children live in families that offer continuity of relationship with nurturing parents or caretakers and the opportunity to establish lifetime relationships."

Dit behels dus 'n tydgebonde proses wat bestaan uit verskillende fases en stappe op verskillende vlakke van die ekologiese sisteem ten einde die moontlikheid van 'n lewenslange verbintenis tussen kind en versorger te bewerkstellig. In die praktyk beteken dit dat 'n kind so spoedig moontlik in ouerlike sorg herstel moet word of dat ander geskikte langtermyn alternatiewe sorg so gou moontlik vir hom gevind moet word. Beplanning en besluitneming oor die kind se toekoms moet volgens sy individuele behoeftes en in sy beste belang wees en daarom moet al die betekenisvolle persone daarby betrokke wees, soos die kind, biologiese ouers, familie, die welsynsinstansie of enige ander hulpverleningsdissipline.

3.9.2 Riglyne vir permanensiebeplanning

Howe (1983:292) haal die riglyne vir permanensiebeplanning wat Maluccio, Fein, Hamilton, Klier & Darryl (1980) meer as twee dekades gelede alreeds voorgestel het soos volg aan:

- Vroeë intervensie en vroeë langtermynbeplanning is 'n noodsaaklikheid vir elke kind.
- Verskillende alternatiewe moet ondersoek word om die kind so gou moontlik uit tydelike pleegsorg te neem.
- Daar moet 'n uiteensetting van 'n tydgebonde gevallewerkplan bestaan om 'n gepaste permanente plasing of die mees geskikte plasing te bepaal, soos byvoorbeeld gereelde ouer-kind-besoeke of rehabilitasiedienste vir die ouers.
- Wetlike prosedures om permanensiebeplanning te laat realiseer, moet indien nodig deur byvoorbeeld die terminering van ouerlike regte toegepas word.
- Periodieke hersiening van die interne en eksterne aspekte rakende die geval moet gereeld plaasvind.

Hoewel bogenoemde aspekte steeds 'n belangrik deel uitmaak van permanensiebeplanning, maak dit volgens Howe (1983:292) nie genoeg voorsiening vir die inagneming van breër faktore nie, aangesien dit nog geskoei is op die medies-remediërende model van vroeëre denke. Die ekologiese perspektief bied beter fundamentele beginsels waarvolgens permanensiebeplanning gehanteer kan word. Daarvolgens kan die gedrag van individue, gesinne, gemeenskappe en maatskaplike dienste in die verskillende sisteme beter geanaliseer en begryp word. Die skrywer verwys na die volgende ekologiese beginsels vir permanensiebeplanning van Maluccio (1981):

- Wisselwerking, waarvolgens gedrag en emosionele reaksies nie alleen 'n funksie van persoonlikheid of omgewingsinvloede is nie maar 'n resultaat is van 'n komplekse wisselwerking tussen die persoon en omgewing.

- Transaksies waarvolgens mense as aktiewe deelnemers in transaksies met hul omgewing gesien word.
- Die resultaat van aanpassingsprosesse waarvolgens gedrag gesien word dat dit die persoon help om funksioneel aan te pas in sy omgewing.
- 'n Groeigeoriënteerde perspektief wat fokus op die individu se sterktes en suksesvolle pogings om aan te pas in plaas daarvan om op probleme te fokus.

Die fundamentele begrippe in die ekologiese perspektief van wisselwerking tussen persoon en omgewing, transaksies en aanpassing, sowel as die groei-georiënteerde sterkteperspektief (vgl. 2.7) word in hoofstuk twee bespreek. (Vgl. 2.5.) Dit is derhalwe duidelik dat, by die oorweging van die verskillende opsies in permanensiebeplanning, daar 'n holistiese perspektief gevolg moet word wat die kind, biologiese en pleegouers se omstandighede op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteme sal analiseer. Met inagneming hiervan, word die volgende opsies in die hiërargie van die permanensie-beplanningsproses bespreek.

3.9.3 Permanensiebeplanningsproses

Die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:11–13) stel die volgende besluitnemingsproses in permanensiebeplanning voor:

- Korttermynpleegsorg met die oog op terugplasing by die ouers is die eerste en belangrikste oorweging. As voorvereiste hiervoor is 'n plasing wat kontak tussen ouer en kind moontlik maak en beplande dienslewering wat binne 'n bepaalde tyd suksesvolle terugplasing moontlik maak.
- Beplande langtermynpleegsorg omdat terugplasing by die ouers of aanneming nie moontlik blyk te wees nie. Dit moet gedoen word met inagneming van die kind se behoeftes en omstandighede en die geleentheid skep om benewens die sekuriteit wat die pleeggesin bied, ook emosionele bande met die ouers te behou.
- Aanneming in gevalle waar bogenoemde twee opsies nie moontlik is nie. Dit is veral toepaslik in gevalle waar kinders op 'n jong leeftyd uit ouerlike sorg verwyder is en nie sterk emosionele bande met hulle het nie en waar die pleegouers hul psigologiese ouers geword het.
- Pleegsorg met oordrag van ouerlike verantwoordelikhede en regte (artikel 23) of selfs voogdyskap (artikel 24) ingevolge die Children's Act (2005:42) blyk moontlik te wees. Dit is die aangewese weg wanneer ouers nie daarin slaag om tot die kind se sekuriteit by te dra nie en 'n hegte verbintenis met die pleegouers gevorm is.

- Gesubsidieerde aanneming wat van gewone aanneming daarin verskil dat die pleegouertoelae voortgesit word nadat die pleegouers die kind aangeneem het, omdat dit nie vir hulle finansieel moontlik is om die kind sonder hulp te onderhou nie. Hierdie soort aanneming is wel voorgestel deur die Regskommissie, maar is egter nie in die nuwe Kinderwet opgeneem nie.
- Emansipasie beteken dat ouer kinders soms in 'n posisie is waar hulle selfstandig kan funksioneer en waar dit beter is om hulle van die bepalings van die Kinderwet te onthef sodat hulle self oor hul toekoms kan besluit.

Unrau, Wells en Hartnett (2004:20) verwys na laasgenoemde opsie van emansipasie of meerderjarigheidsverklaring. Dit sou waarskynlik kan realiseer indien die kind bykans 18 jaar oud is en nie meer skoolgaan nie en verkies om selfstandig voort te gaan. Kinders wat na 15 jaar nie meer skoolpligtig is nie en die skool verlaat, kan ook nie langer in die pleegsorgsisteem bly nie, aangesien die toelae gestaak word. In sodanige geval sou dit egter raadsaam wees indien daar 'n stewige en konstante ondersteuningsbasis beskikbaar is vir die kind, soos byvoorbeeld die opsies wat alreeds bespreek is. (Vgl. 3.6.8 en 3.6.9.)

Dit is dus duidelik dat 'n proses gevolg behoort te word waar eerstens aktief na ouers en kinders uitgereik word met die oog op gesinsherstel en dat daarna meer geleidelik oorgegaan word na stappe om permanensie buite die ouerhuis te bewerkstellig. Wetlike maatreëls soos die oordrag van voogdyskap speel egter 'n belangrike rol hierin. Die voorstel oor gesubsidieerde aannemings is tans nog nie haalbaar binne bestaande Suid-Afrikaanse wetgewing nie, maar is tog 'n belangrike opsie wat kan bydra tot stabiliteit en sekuriteit in die kind se lewe en hopelik in die toekoms heroorweeg kan word.

Die voorgestelde hiërargie van permanensiebeplanning in die Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy (Department of Social Welfare 1998:9) sluit grootliks aan by bogenoemde proses en sluit die volgende in:

- Versorging deur biologiese ouers terwyl pre-statutêre dienste gelewer word om die kind so lank as moontlik in sy ouerhuis te behou.
- Indien verwydering onafwendbaar is, behoort die kind by familie of 'n pleeggesin wat geografies so naby as moontlik aan die biologiese ouers geleë is, geplaas te word ten einde kontak met die ouer te verseker. Daarna behoort intensiewe gesinsherenigingsdienste aan die biologiese ouers gelewer te word ten einde 'n volgende verwydering van die kind te verhoed.

- Indien terugplasing nie kan realiseer nie, behoort aanneming deur familielede oorweeg te word, of wetlike voogdyskap behoort aan hulle oorgedra te word om permanensie aan die kind te verseker.
- Wanneer bogenoemde nie kan realiseer nie, behoort aanneming deur nie-familielede oorweeg te word.
- In gevalle waar nie een van bogenoemde opsies moontlik is nie, behoort gespesialiseerde langtermynpleegsorg oorweeg te word met toekenning van voogdyskap aan pleegouers.

Bogenoemde proses stem ooreen met die kontinuum van versorgingsdienste (vgl. 3.7.1) en is haalbaar binne statutêre maatreëls. Dit behoort dus in die praktyk toegepas te kan word, maar verg deeglike beplanning en dienslewering wat gerig is op behoeftes en sterktes op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteem van die kind, biologiese en pleegouers.

Beek en Schofield (2002:14–16) stem saam dat daar 'n reeks permanensie-opsies beskikbaar moet wees om in die behoeftes van die kinders wat nie aangeneem kan word nie, te voorsien. Langtermynpleegsorgplasings is egter meer ingewikkeld as aanneming, omdat daar teenstrydighede bestaan tussen emosionele verbintenisse, dag-tot-dag ouerskapbeoefening en wetlike magte wat steeds aan die biologiese ouers behoort. Die pleegouers vervul dus alle ouerlike rolle maar word steeds wetlik beperk.

Die hoofdoel van permanensiebeplanning is om stabiliteit in die kind se lewe te verseker en verwys daarom na maatreëls wat getref word om te voorkom dat kinders van die een versorgingsposisie na die ander oorgeplaas word. Dit is ook gekoppel aan die beleid van die staat om kostes te bespaar, asook dat biologiese ouers so spoedig moontlik weer verantwoordelikheid moet neem vir hul kinders (Henderson 2003:28).

By oorweging van die eerste opsie van terugplasing by die ouers behoort dit voorafgegaan te word deur deeglike assessering of die nodige veranderinge wel in die ouerhuis plaasgevind het en die aanvanklike redes vir sorgbehoewendheid gehanteer is ten einde 'n ondersteunende en meer gesonde omgewing tuis vir die kind te bied. Faktore wat aanleiding gegee het tot kinderverwydering moet dus volledig geassesseer word ten opsigte van die ouers, die kind, die omgewing en kulturele aspekte. Volgens die ekologiese perspektief sal gefokus word op die wisselwerkende prosesse wat op alle vlakke van die ekologiese sisteem tussen persoon en die omgewing plaasvind en volgens die sterkteperspektief sal assessering sterkte- en nie probleemgerig wees nie.

Wanneer permanente versorging in pleegsorg of by wyse van aanneming oorweeg word, moet dit ook voorafgegaan word deur 'n volledige assessering van die wisselwerkende prosesse wat tussen

die kind en die gesinsopset plaasvind. In die geval van aanneming kan nie net die kind en die gesin geassesseer word nie, maar ook die "… *child-in-adoptive family interaction, and this interaction may be influenced by aspects of the broader context of the child's life, such as the biological parents' attitudes towards adoption"* (Howe 1983:294–295). 'n Holistiese perspektief op die totale situasie van die kind om alle bydraende faktore tot versterking of moontlike risiko's deeglik te verken en proaktiewe optrede te beplan, is dus noodsaaklik.

Indien permanensie binne die gekose alternatiewe sorg bereik is, moet die kind se versorgingsposisie eers vir 'n tydperk deeglik gefasiliteer word alvorens dienste getermineer word. Permanensiebeplanning behoort dus plaas te vind op 'n kontinuum van deeglike assessering en ondersoek voor pleegsorg, dan korttermynpleegsorg met spesifieke en tydgebonde doelwitte vir gesinshereniging, daarna langtermynpleegsorg sonder aanneming en laastens aanneming met of sonder behoud van kontak met die biologiese ouer afhangende van die beste belang van die kind. Verdere aspekte van die verskillende opsies in permanensiebeplanning word vervolgens bespreek.

3.9.4 Pleegsorg as permanensiebeplanning

Beek en Schofield (2002:16–26) het tydens navorsing in die Verenigde Koninkryk oor hoe pleegouers hul rol in 'n langtermynverbintenis met 'n pleegkind beskou, die volgende sleutelkwessies geïdentifiseer:

- **Ouerskap en ouerskapoutonomie**

Daar word hoë eise aan pleegouers tydens die dag-tot-dag-versorging van veral jonger kinders gestel betreffende aspekte soos skoolgaan, huiswerk, vriendskappe, die hantering van gedragsprobleme, vakansies en uitstappies. Met betrekking tot ouer kinders word weer uitdagings gestel om keuses te maak ten opsigte van loopbane en verdere opleiding. Pleegouers is dit eens dat hul verbintenis met die kind nie afhang van wetlike magte nie, maar dat hulle die alledaagse eise van kindgrootmaak moet hanteer terwyl die grootste wetlike magte en verantwoordelikhede by die biologiese ouers berus. Langtermynpleegsorg word telkens gekonfronteer met ouerskapoutonomie en teenstrydighede oor rolle en verhoudings wanneer belangrike besluite geneem moet word. Dit is veral moeilik wanneer die biologiese ouers te sterwe kom of onopspoorbaar is en geen wetlike stappe al geneem is om volle voogdyskap aan die pleegouers oor te dra nie. Die situasie raak ook frustrerend wanneer maatskaplike werkers nog wetlike voorskrifte moet nakom soos gereelde besoeke en die hersiening van pleegsorgbevele en verslae, terwyl die pleegouers en pleegkind begin om 'n langtermynvisie te ontwikkel oor die kind se toekoms en nie meer beperk wil word ten opsigte van sekere magte en besluite nie (Beek & Schofield 2002:16–17).

Hierdie soort situasie kan veral ontstaan waar die pleegouers afhanklik is van die toelae en daarom nie kan oorgaan tot ’n aanneming nie. Die ouer en die kind ontvang dubbele boodskappe oor volle verantwoordelikhede ten opsigte van emosionele en materiële versorging maar beperkte wetlike besluitnemingsmagte.

- **Familieverwantskap: ’n betekenis van permanensie/andersheid**

In die meeste langtermynpleegsorgplasings was die ouers dit eens dat, wanneer die kind eers opgeneem is in die gesin en groter familienetwerk, buitestaanders ook die kind as deel van die gesin erken. Tog is daar die andersheid met betrekking tot herkoms, wetlike status en familiename. Dit is feite wat nie geïgnoreer moet word deur voor te gee dat die kind totaal deel van die gesin is nie. Vir sommige kinders is die wetlike status nie so belangrik as die emosionele verbondenheid nie, terwyl ander kinders telkens ontstel word deur wetlike prosedures wat nagekom moet word omdat hulle in pleegsorg verkeer. Aspekte soos mediese ondersoeke en gereelde hersiening van hul versorgingsposisie deur die maatskaplike werker ontstel sommige kinders en laat hulle anders of gestigmatiseerd voel (Beek & Schofield 2002:19–22).

Dit kan dus meer gekompliseerd wees vir ’n kind om sy status as pleegkind te hanteer as in die geval van aanneming. Emosionele verbondenheid is nie altyd genoeg wanneer die regsposisie van ’n pleegkind steeds nie die volle oordrag van ouerlike regte en magte insluit nie. Die pleegkind moet ’n sin vir permanensie ontwikkel en die mate van andersheid in die groter familie kan hanteer.

- **Voortgesette pleegsorg in die volwasse lewe**

’n Langtermynpleegsorgbevel en finansiële steun verval nadat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het, maar pleegouers is dit eens dat hul verbintenis met die kind moet voortgaan. Kinders is op 18 jaar nog baie jonk en het steeds die ondersteuning en sekuriteit van ’n ouerhuis nodig. Pleegouers is van mening dat hulle nie deur owerhede in hierdie voortgesette pleegouerskap ondersteun word nie (Beek & Schofield 2002:19–22).

Indien pleegkinders na 18 jaar wil voortgaan met formele opleiding, kan die bevel en finansiële steun ingevolge kinderwetgewing na 21 jaar verleng word. Dit gaan egter ook oor andersoortige psigososiale steun en maatskaplikedienslewering om die jong volwassene te help met ’n suksesvolle oorgang na die volwasse lewe.

- **Die rol van die biologiese gesin**

Die verhouding met biologiese ouers of familielede bepaal grootliks hoe veilig en permanent die kind die pleegsorg kan ervaar. Indien biologiese ouers steeds aandring op terugplasing, ten spyte van die onwaarskynlikheid daarvan, kan dit kinders erg onveilig en verward laat voel. Daar is

gevalle waar biologiese ouers saamstem met die langtermynplasing en steeds kontak behou met die kind, wat tot sy voordeel strek (Beek & Schofield 2002:23–24).

Langtermynpleegplasings word gewoonlik oorweeg in gevalle waar die ouers oorlede, onopspoorbaar of die kanse tot gesinsherstel uiters onwaarskynlik geag word. Negatiewe, aggressiewe of onstabiele ouers kan die kind baie verwar en die plasing kompliseer. Die maatskaplike werker behoort in hierdie gevalle 'n belangrike fasiliterende en bemiddelende rol te speel om die pleegouer en die kind teen ontwrigting te beskerm en om besoeke aan die kind te monitor.

- **Finansiële, praktiese en emosionele ondersteuning van plaaslike owerhede**

Pleegouers in die ondersoek van Beek en Schofield (2002:25) was dit eens dat die gebrek aan finansiële, praktiese en emosionele ondersteuning ten opsigte van kinders wat gewoonlik baie probleme en behoeftes het, die rede is waarom ouers nie bereid is tot aanneming nie. Groot uitgawes en emosionele eise kan gestel word aan gesondheidsaspekte, opvoeding en gestremdhede. Verder is daar gewoonlik 'n tekort aan maatskaplike werkers en 'n gebrek aan kontinuïteit in dienslewering as gevolg van groot wisseling.

Dit is duidelik dat daar heelwat gebreke in die wetlike en maatskaplikedienslewering sisteem bestaan en dat dit bykans onmoontlik is om voorsiening te maak vir die meervoudige problematiek en unieke behoeftes van elke geval waar permanensiebeplanning moet plaasvind. Permanensiebeplanning in pleegsorg is nog meer gekompliseerd as in die geval van aanneming vanweë die regsposisie van die kind waar nie alle ouerlike regte oorgedra word nie. Die kind word dikwels gekonfronteer met dubbele boodskappe oor emosionele geborgenheid en "behoort-aan" 'n gesin aan die een kant en aan die anderkant hantering van eie identiteit en herkoms, soms periodieke of ongereelde inmenging van biologiese ouers en beperkte ouerlike regte aan pleegouers. Dit is dus duidelik dat die pleegsorgstelsel vir 'n verskeidenheid van behoeftes voorsiening moet maak en dat verskillende moontlikhede ondersoek moet word ten einde verskillende modelle daar te stel waarvolgens pleegsorg in die praktyk gehanteer kan word.

3.10 FAKTORE WAT DIE SUKSES VAN PLEEGSORG BEÏNVLOED

Pleegsorg is kwesbaar vir probleme en mislukking omdat daar soveel persone, emosies en faktore by betrokke is wat 'n wedersydse invloed op mekaar uitoefen. Aangesien pleegsorg vanuit 'n ekologies-sistemiese perspektief benader word, word faktore wat kan bydra tot die sukses of mislukking van 'n pleegsorgsituasie hiervolgens geanaliseer.

Wilson *et al.* (2003:992) het na aanleiding van omvattende kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing wat by verskillende pleegsorgplasings onderneem is, faktore geïdentifiseer wat geassosieer word met suksesvolle en onsuksesvolle plasings. Plasings is dinamies en 'n kombinasie van kind-/versorgerveranderlikes kan lei tot sukses al dan nie, byvoorbeeld negatiewe wisselwerkende patrone wat ontstaan as gevolg van swak inpassing tussen kind en die pleeggesin. Die navorsers onderskei tussen twee soorte veranderlikes:

- Responderende ouerskapsbeoefening wat handel oor die wyse waarop die pleegouer die kind hanteer.
- Die voorafgaande omstandighede van die plasing met verwysing na twee soorte omstandighede, naamlik:
    - Sentrale omstandighede wat verband hou met die karaktereienskappe van die kind soos byvoorbeeld aantreklikheid, moeilik hanteerbare gedrag, die begeerte om wel in die pleegsorg te wees; die pleegouer se algemene vaardighede, afwesigheid van spanning; en die versoenbaarheid tussen die twee.
    - Omstandighede wat verband hou met die breër konteks, soos byvoorbeeld die versorgingsplan vir die kind, ondersteunende maatskaplike werker, betrokkenheid van die biologiese gesin en die ondersteuning van die pleegouer se eie gesin.

Dit gaan derhalwe oor 'n wisselwerkende proses tussen die eienskappe en behoeftes van die **pleegkind**, die vaardighede van die **pleegouer** om op verskillende faktore te respondeer en die **breër konteks** waarin die pleegsorg plaasvind, insluitend die biologiese ouers. Die uitkomste van pleegsorg is dus afhanklik van die wisselwerking tussen hierdie drie basiese faktore.

3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvraag oor wat pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders behels, behandel en daarom word pleegsorg ten opsigte van verskillende aspekte verken en beskryf. Die historiese ontwikkeling daarvan in verskillende lande toon die gemeenskaplikheid dat pleegsorg ontstaan het vanuit 'n spontane reaksie van gemeenskappe om kinders te beskerm wanneer natuurlike ouers nie die verpligting kan nakom nie. Westerse pleegsorg verskil egter van Afrika se persepsie van pleegsorg deurdat eersgenoemde meer formeel deur 'n kinderbeskermingsisteem gereël word, terwyl laasgenoemde se natuurlike familienetwerk meer geneig is om op 'n kollektiewe wyse na kinders om te sien. Die toename in weeskinders weens VIGS en ander verwante siektes gee daartoe aanleiding dat die natuurlike

familienetwerk nie meer al die kinders kan hanteer nie. Op die kontinuum van alternatiewe sorg word daar die meeste gebruik gemaak van pleegsorg teenoor kinder- en jeugsorgsentrums of aanneming, wat meebring dat die pleegsorgsisteem tans oorlaai is in terme van mensekrag, finansies en ander hulpbronne.

Pleegsorg berus op die filosofiese uitgangspunt dat dit die beste vir kinders is om binne 'n gesinsopset op te groei. Indien die biologiese ouers nie hierdie verpligting kan nakom nie, behoort ander gesinne kinders op 'n tydelike of meer permanente basis te versorg. Die ideaal is gesinsherstel, maar dit realiseer in die meeste gevalle nie vanweë verskeie faktore soos siekte, dood, onopspoorbaarheid of onverantwoordelike ouers. Daarom behoort permanensiebeplanning so spoedig moontlik gedoen word om 'n gevoel van sekuriteit en veiligheid aan die kind te besorg.

Daar word breedweg onderskei tussen formele en informele vorms van pleegsorg. In eersgenoemde geval word die plasing gereël deur statutêre ingryping deur bemiddeling van 'n welsynsinstansie en 'n bepaalde proses van dienslewering voor, tydens en na plasing word gevolg tot terminering van dienste. Informele plasings word gewoonlik self deur die betrokkenes, meestal binne familieverband, gereël en gaan dikwels oor in formele pleegsorg om veral finansiële redes. Vanweë die omvangrykheid van die nood het welsynsinstansies al vele programme op die vlak van vroeë intervensie ontwikkel, soos die oog-op-die-kind-projek, om kinders so lank moontlik uit die formele statutêre sisteem te hou en gebruik te maak van natuurlike sterktes in gemeenskappe. Daarom word voorkeur verleen aan die sterkteperspektief wat ingestel is op die inwerkingstelling van natuurlike sterktes in die individu, gesin en omgewing vir die doeleindes van kinderbeskerming.

Dit is moeilik om pleegsorg te omskryf aangesien daar meervoudige faktore is wat 'n invloed op die plasing uitoefen. Die vier belangrikste elemente is die kind, pleegouer, biologiese ouer en die breër omgewing, insluitend die welsynsinstansie en ander betekenisvolle maatskaplike faktore en instellings. Verskillende elemente op hierdie vlakke is voortdurend in wisselwerking met mekaar en daarom word pleegsorg volgens die ekologiese perspektief op die verskillende vlakke in verdere hoofstukke verken ten einde 'n holistiese perspektief daarop te plaas.

HOOFSTUK 4

DIE PLEEGKIND AS INDIVIDU IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

In hierdie hoofstuk word 'n bespreking gevoer oor die eerste vlak van die ekologiese ontledingsisteem van pleegsorg, naamlik die individuele vlak. Die ekologies-sistemiese perspektief van Bronfenbrenner (1979) gaan van die veronderstelling uit dat die natuurlike omgewing die grootste invloed op die ontwikkeling van 'n persoon uitoefen. Die omgewing van die individu word beskryf as "… *a set of nested structures, each inside the next"* (Shaffer 1999:63). Die individu is dus in die sentrum, omring deur die ander sisteme wat uitkring van die onmiddellike omgewing (vgl. figuur 5), soos die gesin en ander maatskaplike sisteme tot by die kulturele vlak op die breedste van die konteks.

Die mikrosisteem sluit die veelheid van verhoudinge in (vgl. 2.9.1) wat bestaan tussen 'n persoon en sy onmiddellike fisiese omgewing sowel as sy eie biologiese en psigososiale aspekte. Betreffende die pleegkind as individu behels dit sy fisiese, emosionele, kognitiewe, maatskaplike en geestelike sterktes wat as uitgangspunt vir dienslewering gebruik kan word, sowel as die identifisering van interne en eksterne behoeftes. Die kind word gesien as deel van sy gesin van oorsprong en uitgebreide familie met bepaalde herinneringe en tradisies, genetiese oorsprong en wat die naam van sy mense dra. Volgens 'n Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:29) staan die kind as sentrale figuur in die pleegsorgaksie en is sy behoeftes op die voorgrond. Die behoeftes word beïnvloed deur onder andere die kind se ouderdom, die tydsduur waarvoor versorging nodig is, sy agtergrond en verhouding met sy ouers en familie sowel as sy fisieke, psigiese en emosionele toestand. Benner (1992:108) wys verder op die invloed wat die kind se karaktertrekke, soos byvoorbeeld temperament, vermoë tot respondering, herhalende gedragspatrone, ongewone versorgingseise en motivering op die gesinsfunksionering sal uitoefen.

Die analisering van die individuele vlak word gedoen met inagneming dat daar voortdurend transaksies en wedersydse beïnvloeding tussen die kind en die groter konteks plaasvind, wat sy maatskaplike funksionering beïnvloed. Hoewel die pleegkind as individu uitgesonder word vir bespreking, moet dit in die konteks van onderskeiding, en nie skeiding van sy biologiese gesin, die pleeggesin en omgewing gesien word nie. Vervolgens word daar gefokus op die vraag oor watter aspekte ontleed behoort te word ter versterking van die pleegkind. Ten einde die vraag te beantwoord word enkele aspekte op die individuele ontledingsvlak van die kind verken en beskryf soos: ontwikkelingsfases en -take op fisiese, psigiese, intellektuele, sosiale en religieuse vlakke en

daarmee saam die impak van pleegsorg gedurende die verskillende fases; fundamentele aspekte van die sterkteperspektief om in ag te neem tydens dienslewering aan die pleegkind, soos veerkragtigheid, binding en sterktes; die wyse waarop sterktes en behoeftes geassesseer kan word ten einde te bepaal of pleegsorg wel in die kind se behoeftes sal kan voorsien; en belangrike aspekte wat tydens pleegsorgtoesigdienste in die individuele ontwikkelingsplan aandag behoort te ontvang.

4.1 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Algemene begripsomskrywings vir die studie is in die eerste hoofstuk uiteengesit. Enkele relevante begrippe wat spesifiek in hierdie hoofstuk van toepassing is, word vervolgens bespreek.

4.1.1 Ontwikkelingsgerig

'n Ontwikkelingsgerigte benadering in die konteks van die kinder- en jeugsorgsisteem verwys hoofsaaklik na die fokus op sterktes eerder as patologie; om kapasiteit te bou eerder as pogings om te herstel; en 'n sterk geloof in die potensiaal binne elke kind en gesin, afgesien van die rede vir verwydering (Inter-ministerial Committee on Young People at Risk 1998:1). Die sterkteperspektief is dus 'n ideale benadering tot 'n ontwikkelingsgerigte dienslewering aan die pleegkind, aangesien dit gerig is op die versterking van meer positiewe en belowende transaksies tussen die persoon en sy omgewing.

4.1.2 Ontwikkeling

Volgens Smith en Cowie (1988:5) verwys die term *ontwikkeling* na die proses waardeur 'n kind of enige organisme deur sy lewensverloop groei en verander. In die geval van 'n kind, vind die mees dramatiese veranderinge gedurende die suigeling- en kinderjare plaas. Die skrywers verwys ook na Bronfenbrenner (1979), wat die belangrikheid beklemtoon om ontwikkeling binne konteks te bestudeer. Wanneer die kind se ontwikkeling bestudeer word, moet die invloed op al vier vlakke van die ekologiese sisteem in ag geneem word. Die kind begin eerstens om sy primêre versorgers te begryp, daarna sy huis en kleuterskool of skoolomgewing en daarna breër aspekte in die omgewing. Veranderinge in die ekologiese sisteem bring mee dat die kind moet leer om dit te hanteer en daarby moet aanpas met gepaardgaande ontwikkeling wat plaasvind (Smith & Cowie 1988:9–10).

Meyer (1990:10) stel dit dat die mens 'n veelsydige en komplekse wese is en dat ontwikkeling van verskillende aspekte op verskillende wyses teen verskillende tempo's en op verskillende leeftye plaasvind. Ontwikkeling kan volgens Shaffer (1999:2) omskryf word as "*systematic continuities and*

changes in the individual over the course of life". Sistematiese veranderinge impliseer ordelikheid, volgens 'n patroon en 'n relatief volgehoue proses. Kojima (2003:76) beskryf ook ontwikkeling as sistematies, in die sin dat die lewensverloop van die mens vanaf geboorte tot dood binne 'n spesifieke kulturele opset gedurende 'n spesifieke historiese tyd ontvou. Daarom beïnvloed die heersende toestande van 'n gemeenskap tot 'n groot mate die lewens van die individue wat daarbinne ontwikkel. Ekologiese, demografiese, ekonomiese, politieke, sosiale en religieuse faktore het 'n vormende invloed op die mense in daardie gemeenskap. Die gemeenskap se siening op die proses van menslike ontwikkeling en veroudering het 'n direkte invloed op die wyse waarop mense van verskillende ouderdomme behandel word. Só, byvoorbeeld is die idee dat 'n sesjarige kind gewoonlik gereed is vir formele opleiding direk gekoppel aan die besluit dat kinders op hierdie spesifieke ouderdom moet skool toe gaan. Die individu se ontwikkeling word wedersyds beïnvloed deur sy biologiese veranderlikes, insluitend genetiese en nie-genetiese faktore, sowel as sy eie ervarings. Die algemene ouderdomsverwante rolle en status van individue word derhalwe grootliks bepaal deur die konteks waarin die individu opgroei.

Samevattend kan dit gestel word dat die kind deur verskillende ontwikkelingsfases gaan waaraan verwagte ontwikkelingstake gekoppel word namate groei plaasvind. Hierdie ontwikkeling vind volgens 'n proses binne 'n ekologiese konteks plaas en gaan gepaard met voortdurende veranderinge, wisselwerking en transaksies waarby die kind moet aanpas en sodoende word ontwikkeling deur die groeiproses van babastadium tot volwassenheid gestimuleer. Die bespreking van die ontwikkelingsfases en -take van die kind vanaf geboorte tot adolessensie word gedoen in die konteks van onderskeiding en nie skeiding nie. Hoewel die fisiese, psigiese, sosiale, selfbeeld en religieuse aspekte afsonderlik binne die onderskeibare fases bespreek word, word dit gedoen met inagneming van 'n holistiese perspektief. Alvorens die verskillende ontwikkelingsterreine, soos wat dit normaalweg in die verskillende stadiums van ontwikkeling plaasvind, bespreek word, word 'n breë omskrywing van elkeen aangebied.

- **Fisiese ontwikkeling**

Dit verwys na liggaamlike ontwikkeling en het te make met die groei en veranderinge in die interne struktuur en funksionering van die liggaam soos die senuweestelsel, sintuie, kliere en motoriese vaardighede (Meyer 1990:11). Die maatskaplike werker behoort in staat te wees om die fisiese voorkoms en groei van die kind toepaslik te kan assesseer ten einde sterktes en behoeftes te kan bepaal waarop dienslewering gebaseer kan word.

- **Psigiese ontwikkeling**

Onder psigiese ontwikkeling word veral aandag geskenk aan die kind se intellektuele en emosionele ontwikkeling. Pasick en Pasick (1985:184) verwys na Cicchetti en Sourfe (1976), wat uitwys dat emosies kognitief en affektief is en dat die intellektuele assimilasie en begrip van omgewingsgebeurtenisse bemiddel word deur affektiewe toestande soos gemoed en temperament.

Intellektuele ontwikkeling dui op kognitiewe vermoëns wat verband hou met probleemoplossing, akademiese vordering en leer. Kognitiewe vermoë hang ten nouste saam met sintuiglike waarneming, kommunikasie en die algemene vermoë om inligting te verwerk (Meyer 1990:11). Emosionele ontwikkeling het derhalwe te make met gevoelsbelewenisse soos vreugde, woede en hartseer en hoe die kind sy emosies hanteer, wat weer direk verband hou met sy ontwikkelingsvlak, temperament en kognitiewe vermoë.

- **Sosiale ontwikkeling**

Sosiale ontwikkeling het breedweg te make met die veranderinge in die mens se verhoudings met ander mense en die invloed wat die samelewing en ander persone op die individu uitoefen. Dit sluit onder andere in die gehegtheid tussen moeder en kind, die uitbreiding van die kind se interpersoonlike kontakte, modellering van gedrag, geslagsrol-identiteit en morele ontwikkeling (Meyer 1990:13). Die sosialiseringsproses van die kind is bepalend met betrekking tot die aanleer van vaardighede in die aanknoop en instandhouding van verhoudings en daarvoor is die kind van sy versorgers en omgewingsinvloede afhanklik.

- **Ontwikkeling van die selfbeeld**

Smith (1981:12) onderskei selfbeeldontwikkeling by die verskillende ontwikkelingstadiums van kinders as ’n aparte aspek, aangesien hoë prioriteit verleen word aan identiteitsvorming by kinders. Meyer (1990:14) identifiseer persoonlikheidsontwikkeling as ’n aparte aspek, aangesien dit dui op die totaliteit van alle eienskappe wat die individu se gedrag in wisselwerking met sy omgewing bepaal, maar noem dat die ontwikkeling van die persoon se siening en evaluering van homself ’n belangrike deel hiervan uitmaak. Daar word dus volstaan met selfbeeldontwikkeling, aangesien dit gedurende die kinderjare vasgelê word en die siening van die self bepalend is vir die welstand van die kind en sy uiteindelike volwassewording.

- **Religieuse ontwikkeling**

Met religieuse ontwikkeling word bedoel godsdienstige en morele ontwikkeling. Die ouers bepaal grootliks die kind se godsdienstige houding deur die blootstelling aan godsdiensbeoefening van kleins af. Gewetens- en morele ontwikkeling verwys na ’n aanvoeling vir wat reg of verkeerd is en

hou verband met godsdiens omdat dit gepaard gaan met die gebodsbepaling en -verbieding van “jy mag” en “jy mag nie” (Smith 1981:21). Die kind se geloof speel dus ’n belangrike rol in die ontwikkeling van sy waardestelsel en die sekuriteit wat geloofsekerheid aan hom kan besorg in tye van stres en onsekerheid.

4.2 ONTWIKKELINGSFASES EN TAKE VAN DIE KIND

Die bespreking van die kind op die individuele ontwikkelingsvlak word begin met die verskillende ontwikkelingsfases en -take ten einde sekerheid te bied oor gepaste verwagtinge en behoeftebevrediging van kinders tydens assessering en besluitneming oor pleegsorg as alternatiewe sorg. Dit word nie in detail bespreek nie, maar daar word slegs verwys na die belangrikste aspekte waarvan die maatskaplike werker normaalweg kennis behoort te dra ten einde doeltreffende dienste aan kinders te lewer. Die kronologiese proses van ontwikkeling by die kind, word soos volg ingedeel (Shaffer 1999:5):

- Voorgeboorte — bevrugting tot geboorte
- Baba-,peuter-, of suigelingfase — eerste twee lewensjare
- Voorskoolse fase — 2–6 jaar
- Middelkinderjare/laerskoolkind — 6–12 jaar
- Adolessensie — 12–20 jaar

Vir die doeleindes van hierdie studie word ’n kind geag vanaf geboorte tot die ouderdom van 18 jaar. Dit is belangrik om daarop te let dat die fases en take onderskei word maar nie presies geskei kan word nie deurdat kinders verskil in die tempo van ontwikkeling. Verder vorm emosies byvoorbeeld ook altyd deel van fisiese of kognitiewe veranderinge wat plaasvind. Die beskouing van ontwikkelingsfases word ook sterk beïnvloed deur kultuur, sosiale stand, ras of etniese groepe en die geloofsoortuigings en waardes wat daaraan geheg word. Die indeling is dus slegs ’n breë riglyn wat gebruik word om die kind byvoorbeeld te assesseer ten opsigte van normale ontwikkelingstake wat in ’n spesifieke fase verwag word. Na elke fase word spesiale behoeftes van die sorgbehoewende kind in pleegsorg uitgelig.

4.2.1 Suigelingfase

Hierdie fase sluit ook in die neonatale fase, oftewel die periode direk na geboorte tot ongeveer vier weke daarna en die babajare tot aan die einde van die tweede lewensjaar. Dit is ’n tydperk van vinnige veranderinge en baie ontwikkelingstake, aangesien die baba moet leer om vaste kos in te

neem, te loop en te praat, begin om toiletgewoontes aan te leer, redelike fisiologiese stabiliteit te bereik en om emosioneel met sy gesinslede te kommunikeer (Louw & Louw 1990:157–158). Die onderstaande tabel is 'n opsomming van die belangrikste ontwikkelingstake van die suigeling en is saamgestel uit gegewens wat van Smith (1981:5–43), Louw en Louw (1990:177–194, 204) en Shaffer (1999:152, 187, 226, 268) bekom is.

Tabel 4: Ontwikkelingsaspekte en -take van die suigeling

Ontwikkelingsaspek	**Ontwikkelingstake**
Fisiese ontwikkeling (Smith 1881:5–6, Louw & Louw 1990:177, 179, 180 en Shaffer 1999:152)	Babas groei baie vinnig gedurende die eerste twee jaar; teen vier tot ses maande behoort hulle geboortegewig te verdubbel en op twee jaar behoort hulle die helfte van hul volwasse lengte te bereik.
• Motories	Rypwordingshandelinge ten opsigte van beweging, sit, kruip, staan, loop, uitreiking en gryp na voorwerpe vind plaas. Dit het te make met die groei van die senu- en spierstelsel en omgewingservaring, met toenemende onafhanklikheid van die versorger. Beheer word verkry oor die kop, nek en bo-arms voordat gevorder word na die bene, voete en hande. Volgens die sistemiese perspektief verteenwoordig elke nuwe motoriese vaardigheid 'n aktiewe herorganisasie van verskeie bestaande vermoëns wat die kind onderneem om belangrike doelwitte te bereik.
• Sensories	Die ontwikkeling van sien, hoor, reuk en smaak met spesifieke verwysing na visuele en gehoorontwikkeling is van besondere belang gedurende die fase. Die pasgeborene kan aanvanklik net helder lig en beweging onderskei en kan eers vanaf twee maande naby en ver voorwerpe begin raaksien en daarop fokus. Die suigeling kan geluide lokaliseer en is sensitief vir die duur daarvan en of dit ritmies is al dan nie. Hy reageer goed op bekende stemme soos byvoorbeeld die moeder s'n.
Psigiese ontwikkeling (Smith 1981:6–8, Louw & Louw 1990:197, 215, 200, 204, 217)	Die pasgeborene se ontwikkeling word gekenmerk deur refleks-handelinge soos huil en suig, wat later al meer veralgemeen word na byvoorbeeld die suig van speelgoed. Vanaf een tot vier maande word begin om aangebore reflekse op grond van ervaring te verander in aangeleerde gewoontes. Deur probeer-en-tref word nuwe dinge aangeleer wat daarna herhaal word.
• Intellektuele	Vanaf vier maande kan hy 'n verband tussen ervaringe begin besef en sy geheue ontwikkel geleidelik. 'n Begrip van voorwerppermanensie ontwikkel en hy kan makliker waarneem en naboots. Tussen 8 en 12 maande is sy handelinge meer doelgerig. Vanaf 12–18 maande begin hy te eksperimenteer en sal hy byvoorbeeld 'n tafeldoek aftrek om by lekkers uit te kom. Na 18 maande gebruik hy sy verstandsvermoë op 'n konkrete vlak om oplossings te kry.
• Perseptuele	Dit het te make met die ontwikkeling van vorms en patrone, byvoorbeeld die menslike gesig en teen die einde van die fase kan hy die permanentheid van objekte besef, soos die permanensie van sy moeder.

• Emosionele	Emosies is gewoonlik buite verhouding tot die prikkel, kortstondig, kom dikwels voor en word maklik deur 'n ander emosie vervang. Emosies kan maklik gekondisioneer word. Gewaarwordinge wissel aanvanklik van aangenaamheid tot onaangenaamheid en spesifieke emosies soos liefde of woede ontwikkel mettertyd. Reaksies wat dui op emosies is glimlag, lag en huil.
• Motivering	Die baba se drang om motoriese vaardighede te bemeester soos pogings om te loop, is intens. Soos wat motivering ontwikkel, word die baba se wil al sterker en protesteer hy teen inmenging.
• Taalontwikkeling	Die baba kan taal verstaan voordat hy dit kan praat. Taalontwikkeling geskied deur verskillende fases van huil, brabbel, lal (waar woorde en klanke herhaal word), eggolalie (nabootsing van woorde) en enkelwoordsinne vanaf ongeveer een jaar, totdat die kind op twee jaar 'n woordeskat van ongeveer 300 woorde kan hê.
Sosiale ontwikkeling (Smith 1981:9–11, Louw & Louw 1990:220,232, 235)	Die vermoë tot emosionele verbintenis in 'n verhouding met ander, veral die moeder, is 'n hoofontwikkelingstaak van die suigeling. Vanaf nul tot ses maande word dit gekenmerk deur niediskriminerende gehegtheid, menende die baba maak nie onderskeid tussen persone nie. Hy verken die wêreld deur sy mond en oë. Gehegtheid verwys na die emosionele verbondenheid tussen twee individue. Tussen ses en agtien maande ontwikkel spesifieke gehegtheid by die baba waarin die moeder sentraal staan. Stimulasie en vertroeteling deur die moeder is noodsaaklik ten einde sekuriteit en selfvertroue te ontwikkel. Skeidingsangs tree op ongeveer tien maande na vore en indien die baba van sy moeder geskei word, sal hy 'n rouproses deurgaan. Vanaf 18–24 maande vind die vorming van 'n veelvoudige hegtheidsband plaas deurdat ander persone nou ook daarby ingesluit word. Gehegtheid aan die vader neem veral toe en hy begin belangstel in maats. Die sosialisering van die baba is primêr gerig op die afleer van ongewenste gedrag, soos byvoorbeeld om nie met sy kos te speel nie. Kinders moet nou reeds aan ander bronne van sosiale stimulering blootgestel word, maar interaksie met die portuurgroep is eenvoudig en bestaan byvoorbeeld uit aanraking of 'n glimlag.
Selfbeeldontwikkeling (Smith 1981:12 en Schultz 2002:49)	Selfbeeldontwikkeling van die suigeling loop parallel met die vorming van 'n hegtheidsband. Vanaf geboorte tot ses maande kan die baba aanvanklik nie tussen sy eie liggaam en die omgewing of ander persone, veral die moeder onderskei nie. Gereelde kontak met die moederliggaam en die vorming van 'n hegtheidsband lê die grondslag vir selfontdekking en selfbewussyn, wat tussen ses en agtien maande sterker ontwikkel. Hy leer dan om sy eie liggaamsdele te herken en leer sodoende homself ken. Soos wat sy leefwêreld uitbrei en hy sy naam en woorde soos "my" en "ek" wat op selfherkenning dui, ken, beskou hy homself as iemand. Hy begin besef dat hy 'n invloed het op sy leefwêreld, oor vermoëns beskik en dinge kan bemeester, wat meebring dat sy selfvertroue versterk word. 'n Belangrike taak tussen een en drie jaar is om psigologies van die moeder te skei en selfvertroue, outonomiteit en 'n selfbeeld te ontwikkel. Die kind is steeds baie afhanklik van die ouer maar benodig terselfdertyd sekuriteit, vertroue en nabyheid om selfstandigheid te ontwikkel.

	Die ontwikkeling van ’n hegtheidsband kan anders ontwikkel betreffende die Afrika-kind omdat ouerlike rolvervulling binne die familiesisteem gedeel word. (Vgl. 3.1.4.) Die kind se selfbeeldontwikkeling sal dus nie uitsluitlik van die hegtheidsband met die moeder afhang nie, maar van ’n kollektiewe verhouding met verskeie versorgers. Kinders wat nog tradisioneel grootgemaak word, leer van kleinsaf dat individuele belange ondergeskik is aan groepsbelange.

Die suigelingfase word op fisiese gebied gekenmerk deur vinnige groei en ontwikkeling ten opsigte van motoriese en sensoriese aspekte. Wat die psigiese betref, word basiese intellektuele en perseptuele vaardighede aangeleer. Emosionele reaksies is kortstondig en fluktuerend, afhangende van aangename of onaangename ervaringe. Op sosiale gebied is skeidingsangs en die ontwikkeling van ’n hegtheidsband met veral die moeder of dan die groep versorgers prominent, terwyl selfbeeldontwikkeling ook afhanklik is van die kwaliteit van die moeder-kind-verhouding of die kollektiewe verhouding.

’n Baba is besonder sensitief vir verandering van omgewing betreffende geluide, roetine en reuk en kan maklik vertroue in sy omgewing verloor. In die geval waar ’n suigeling uit ouerlike sorg verwyder en in pleegsorg geplaas word, kan die reaksie van die kind wissel van geen besondere identifiseerbare gevoelens nie in die geval van jonger as ses maande, tot intense skeidingsangs na ongeveer agt maande. Die baba jonger as ses maande het nog nie so ’n sterk hegtheidsband met die moeder/versorgers nie. Hoe ouer die baba word, hoe meer verteenwoordig sy moeder/versorgers bykans sy totale leefwêreld en daarom kan skeiding en inkonsekwente en liefdelose bemoedering aanleiding gee tot gevoelens van hulpeloosheid, wantroue en angs (Smith 1981:47–49 en Schultz 2002:48).

Die suigeling wat tussen geboorte en ses maande verwyder word, moet nuwe verhoudinge met sy versorgers aanknoop. Wanneer kinders verwyder word, is hulle reeds blootgestel aan deprivasie juis deur die moederfiguur. Dit bring mee dat hulle moontlik verwaarloos is ten opsigte van voeding, stimulasie en bemoedering. Die pleegmoeder sal dus moet kompenseer vir hierdie agterstande deur byvoorbeeld te let op die volgende sensoriese aspekte by die baba (Smith 1981:50–51):

- Gereelde voeding sodat die kind sy wêreld deur sy mond as betroubaar en responsief kan ervaar.
- Visuele stimulasie om die vermoë tot uitreiking na sy leefwêreld deur middel van die oog te bevorder.
- Sensoriese ervaring met die oor deur die aanhoor van ’n kalmerende en aangename stem van die versorger waarop die baba positief kan reageer.

- Gereelde en liefdevolle hantering deur die versorger laat die baba deur sy vel ŉ aangename sensasie van bemoedering en vertroeteling ervaar.

Die implikasie hiervan vir pleegsorg sou dus wees dat babas wat tussen geboorte en ses maande geplaas word, fisiese versorging en veral sensoriese stimulasie nodig het. Sodanige babas sou verkieslik geplaas word waar hulle konstante persoonlike aandag van die pleegmoeder kan ontvang.

Wanneer babas tussen die ouderdom van ses tot agtien maande verwyder word, is hulle kwesbaar betreffende die vorming van ŉ hegtheidsband wat op hierdie stadium reeds gevorm is met die moeder, al was die aard van bemoedering ontoereikend. Skeiding tydens hierdie fase bring gevoelens van angs, vrees, wantroue, hulpeloosheid en woede mee, wat die aanknoop van ŉ verhouding met die pleegmoeder bemoeilik. Die volgende gedragsuitinge kan by die baba voorkom (Smith 1981:51–52):

- Die vasklou aan ŉ materiële voorwerp soos ŉ kombers of speelding waarna verwys word as ŉ oorgangsvoorwerp.
- Onttrekking deur ontoeganklik te wees vir die pleegmoeder se toenadering.
- Liggaamswieging, wat waarskynlik beskou kan word as ontlading van spanning en om te kompenseer vir die verlies aan sy moeder.
- Vrees vir die onbekendheid van die nuwe gesin en leefwêreld.
- Deurdat onbetroubare en inkonsekwente bemoedering waarskynlik die verwydering voorafgegaan het, bring dit mee dat die baba almal met wantroue benader en bang is om weer emosioneel betrokke te raak en sodoende die risiko te loop van pynlike skeiding.
- Onopgeloste en latente woede teenoor die eie moeder blokkeer die aanknoop van ŉ nuwe verhouding met die pleegmoeder. Die baba ervaar ambivalensie tussen sy afhanklikheid van liefde en versorging aan die een kant en woede aan die ander kant.

Schultz (2002:48) sluit aan by bogenoemde en verwys na "… *active transfer of parental care*", deurdat die nuwe versorger onmiddellik fokus op die heropbou van basiese vertroue deur in die alledaagse behoeftes van die kind te voorsien en sover moontlik by bekende voorwerpe soos beddegoed, speelgoed en kossoorte te hou. Die pleegmoeder kan hierdie blokkasies alleenlik oorkom deur oor ŉ tydperk liefdevolle en konstante bemoedering toe te pas. Dit sal tyd neem alvorens die baba weer volwassenes sal vertrou en daarom moet hy eers die gevoel van veiligheid en sekuriteit beleef.

Dit is makliker om ŉ verhouding met die suigeling van agtien tot vier-en-twintig maande aan te knoop, omdat die vorming van ŉ hegtheidsband tot ander persone op hierdie stadium uitgebrei kan

word. Die baba sal egter steeds die pleegmoeder met wantroue benader, omdat hy waarskynlik nie die ervaring van ŉ konsekwente verhouding met sy eie moeder gehad het nie en dus nie spontaan na ander persone kan uitreik nie. Die pleegmoeder sal geleentheid tot eksplorasie vir die baba moet skep om die gevoel van magteloosheid en angs te oorbrug en hom geleentheid te gee om sy leefwêreld te ontdek en op beperkte wyse te manipuleer. Die suigeling kan ook meer veeleisend en jaloers optree indien daar ander kinders in die pleeggesin is wat vir hom ŉ bedreiging inhou. Pleegouers wat die kind toelaat om sy ouers te onthou deur byvoorbeeld foto's te wys of voortgesette kontak te bevorder, sal makliker gunstige bindinge kan aanknoop. Die kind se geheue is egter op hierdie stadium nog nie so ontwikkel dat hy vir lang tydperke kan onthou nie. Indien kontak met die biologiese ouers nie gereeld plaasvind nie, sal vervreemding intree wanneer ŉ hegtheidsband met die pleegouers gevestig is (Smith 1981:52–53).

Grotberg (1995:14–15) kombineer die ontwikkelingsfase van geboorte tot drie jaar en meen dat die vorming van vertroue en outonomiteit die belangrikste ontwikkelingstaak van hierdie fase is. Indien die kind se versorgers liefdevolle versorging aan hom bied, sal dit sy selfvertroue en emosionele weerbaarheid verhoog. (Vgl. 2.7.3.) Ter bevordering van veerkragtigheid behoort die kind se versorgers die volgende toe te pas:

- Toon verbaal en nieverbaal onvoorwaardelike liefde deur aanraking en woorde wat kalmerend en ondersteunend die kind kan leer om homself te ondersteun.
- Lê reëls en dissipline vas wat gerig is op die ontneem van voorregte en nie op vernedering of verwerping nie.
- Modelleer gedrag wat vertroue, optimisme en positiewe gevolge inhou vir kinders van twee en drie jaar.
- Prys kinders wat sukses met byvoorbeeld toiletgewoontes of selfbeheersing behaal.
- Ondersteun twee- tot driejariges wat self probeer om take met die minimum hulp van volwassenes te verrig.
- Erken en spreek gevoelens uit wat kinders ervaar om hulle so te leer om hul eie en ander se gevoelens te erken en te verbaliseer.
- Gebruik taal wat veerkragtigheid versterk om die kind te help om teenspoed in die gesig te staar, byvoorbeeld, "*ek weet jy kan dit doen, of ek is hier om jou te ondersteun".*
- Berei kinders vanaf drie jaar voor om onaangename situasies te kan hanteer deur met hulle daaroor te praat, boeke daaroor te lees of dit uit te speel.
- Wees bewus van die kind se temperament sodat veranderinge of versterking van gedrag so vroeg moontlik aangespreek kan word.
- Balanseer die vryheid om te verken met veilige ondersteuning.

- Verduidelik reëls en dissipline soos wat taalontwikkeling plaasvind.
- Bied ondersteuning en bemoediging tydens stresvolle situasies.
- Voorsien ’n stabiele omgewing aan die jong kind met genoeg geleentheid vir die twee- en driejarige vir nuwe ervaringe met mense en plekke.
- Pas aan by die kind se pas van ontwikkeling betreffende die toepassing van vryheid en veiligheid, verduidelikings en dissipline.

Vanuit bogenoemde praktiese riglyne is dit duidelik dat die versorger bewus moet wees van optrede wat veerkragtigheid in die baba en veral die peuter kan bevorder. Die eerste twee tot drie lewensjare van die kind is basies en fundamenteel tot verdere ontwikkeling deurdat die meeste groei in hierdie fase plaasvind. Traumatiese gebeure en agterstande kan geredelik in hierdie jong fase gehanteer word; daarom is dit noodsaaklik dat maatskaplikewerkdienste ingestel is op die voorkoming en bewaring van die gesinslewe of, indien verwydering noodsaaklik blyk te wees, dat die kind deur middel van pleegsorg die ervaring van ’n gesinslewe en emosionele verbintenisse gegun word. Die bevordering van veerkragtigheid is veral van toepassing op die jong kind wat reeds blootgestel was aan teenspoed sodat die situasie omgekeer kan word tot ’n groeigeleentheid.

4.2.2 Voorskoolse fase

Na hierdie fase word ook verwys as die kleutertydperk en dit word deur aansienlike kognitiewe en fisiekmotoriese ontwikkeling en die aanleer van nuwe vaardighede gekenmerk. Volgens die ekologiese perspektief word die kleuter se ontwikkeling tereg veral op hierdie vlak beïnvloed deur sy onmiddellike huishouding en gesinsomstandighede, soos die teenwoordigheid van die moeder en ander familielede, wisselwerking met broers en susters, en ouerskapstyle (Botha, Van Ede & Piek 1990:234). Die onderstaande tabel is ’n opsomming oor die belangrikste ontwikkelingstake van die voorskoolse kind oor gegewens wat hoofsaaklik uit Smith (1981), Botha *et al.* (1990) en Shaffer (1999) bekom is.

Tabel 5: Ontwikkelingsaspekte en -take van die voorskoolse kind

Ontwikkelingsaspek	Ontwikkelingstake
Fisiese (Shaffer 1999:187, 268 en Botha *et al.* 1990:246, 249)	Vanaf twee jaar tot puberteit groei die kind stadiger en meer geleidelik en die liggaam ondergaan proporsionele veranderinge soos dat die kop nou nie meer so groot is in verhouding met die res van die liggaam nie, en die meeste groei afwaarts van die kop en vanaf die middel plaasvind. Gewigstoename is grootliks toe te skryf aan spier- en beenontwikkeling; tog is dit nog nie baie sterk nie en spiervermoeidheid vind gouer plaas. Wisseltande het al teen die derde jaar verskyn en word gedurende die laaste helfte van die tydperk geleidelik vervang met permanente tande.
• Motories	Grootmotoriese vaardighede soos die spiere wat gebruik word om te hardloop of te klim en fynmotoriese vaardighede van hande en vingers wat gebruik word om te verf of te knip met 'n skêr, is baie belangrike ontwikkelings wat gedurende die tyd plaasvind. Die kleuter kry 'n al meer realistiese liggaamsbeeld, is baie aktief en hou van aksiespeletjies. Die aanleer van toiletgewoontes behoort teen die einde van die derde jaar afgehandel te wees.
Psigies (Smith 1981:14–17, Botha *et al.* 1990:282, 286).	Van twee tot vier jaar vind die ontwikkeling van simboliese denke plaas, wat die kind in staat stel om vorige sensoriese en motoriese voorstellings in nuwe situasies toe te pas. Hy kan dus vorige konkrete ervaringe in nuwe situasies gebruik.
• Intellektueel	Redenasievermoë is beperk tot die toepassing van een saak na 'n volgende en die maak van ander gevolgtrekkings kom eers later. Een kriterium word gebruik om sake te beoordeel en verbande kan nog nie raakgesien word nie; die volste glas is byvoorbeeld die meeste, ongeag die grootte van die glas. Egosentriese denke is tipies van die voorskoolse kind. Eers wanneer hy homself as afsonderlik van ander, maar tog as dieselfde beleef, kan hy empaties by ander betrokke raak. Sy denke het nog nie logika en rigting nie en daarom sien hy slegs dele van 'n saak en nie die geheel nie. Fantasie en realistiese denke wissel mekaar af en die twee wêrelde bestaan vir hom langs mekaar. Figure in sy fantasiewêreld is van besondere betekenis, soos 'n gefantaseerde maat, waarop sy eie wense en gevoelens geprojekteer word. Tussen vyf en ses jaar begin hy die verskil tussen fantasie en realiteit besef. Taalontwikkeling is ook 'n belangrike taak in hierdie fase. Die kind het 'n merkwaardige vermoë om tussen twee jaar en puberteit taal aan te leer.
• Emosioneel	Die emosies van die voorskoolse kind is intens, uitgebreid en gekompliseerd. Emosies kan geleidelik meer direk na die oorsaak herlei word en dit kan ander vorms aanneem, soos vrees vir geantisipeerde gevare soos byvoorbeeld ongelukke en die donker. Uitbarstings kom maklik voor en emosies is baie veranderlik. Ter beskerming van intense emosies, kan die kind verdedigings-meganismes aanwend soos onttrekking, ontkenning en regressie. Ambivalen-te gevoelens soos liefde en haat vir een persoon kan ook voorkom. Kleuters kan skeiding van hul ouers baie traumaties ervaar, soos in die geval van egskeiding, dood, tydelike afwesigheid of hospitalisasie. Die reaksie op skeiding word beïnvloed deur die rede daarvoor en die aard van die alternatiewe versorging.
• Motivering	Die voorskoolse kind word veral deur vier motiewe gedring: eerstens die bemeesteringsmotief waar die suksesvolle uitvoering van motoriese en intellektuele vaardighede hom sal stimuleer tot meer gevorderde take.

	Tweedens is motiewe van seksuele aard in die vorm van gedragsuitinge tot genotvolle seksuele aktiwiteite en 'n weetgierigheid oor waar babas vandaan kom. Die derde motief is om te presteer en beloning versterk dit. Die kind wil ook meer onafhanklik raak van sy ouers deur aktief rond te beweeg, inisiatief te neem en sy leefwêreld te ontdek. Dit moet egter gebalanseer word deur die belewing van veiligheid en sekuriteit in sy verhouding met sy ouers.
Sosialisering en geslags-rolidentifikasie (Smith 1981:17–20 en Botha *et al.* 1990:300)	Hier is veral drie verhoudings ter sprake, naamlik met sy ouers, broers en susters en maats.
• Verhouding met sy ouers	Hierdie verhouding staan sentraal, want onafhanklikwording kan net suksesvol bemeester word binne die sekuriteit wat die ouers bied. Identifikasie is hier die hoofontwikkelingstaak, want die kind neem eienskappe, gesindhede, waardes en motiewe van die ouers oor. Hy identifiseer met sy ouers en ander en neem hulle as modelle vanuit liefde en bewondering of vanweë vrees. 'n Liefdevolle en gedissiplineerde verhouding met die ouers maak die kind begerig om aanvaarbare gedrag na te boots. Wanneer die kind homself uit vrees met 'n model vereenselwig, word daarna verwys as identifikasie met die aggressor. Hiermee saam gaan ook geslagsidentifikasie. Die kind moet 'n geslagsidentiteit ontwikkel. Hy moet besef dat hy of sy manlik of vroulik is; hy moet geslagstabiliteit aanvaar, naamlik dat hy 'n man of vrou gaan word. Ongeveer op vyfjarige ouderdom kry geslags-onveranderdheid beslag, naamlik die besef dat geslag nie verander soos wat situasies en gebeure verander nie, hy kan homself nie in 'n meisie/seun verander nie.
• Verhouding met broers en susters	Hegte onderlinge verhoudinge tussen kinders het 'n invloed op selfbeeldontwikkeling in die sin dat aanvaarding en goedkeuring bevorderlik is vir die selfbeeld. Sibbes dien ook as identifikasiemodelle ten opsigte van sosiaal-aanvaarbare en geslagsrolgedrag. Die verhoudings dien ook as prototipe van menslike verhoudinge waardeur geleer word van liefde gee asook om te ervaar om te verloor. Dit bied kameraadskap, beskerming en waardering en is 'n bron van emosionele sekuriteit, veral waar die ouers ontoereikende modelle is.
• Verhouding met portuur	Die voorskoolse kind moet skoling in sosiale ervaringe deurgaan en aanvaar-bare gedrag soos samewerking, simpatie, sosiale goedkeuring, wedywering en nabootsing aanleer, wat grootliks in sy spel kulmineer. Spelaktiwiteite bied fisiese oefening en spierontwikkeling, kennis van verskillende voorwerpe, geleentheid tot kreatiwiteit en prestasie, uitdrukking van onderdrukte gevoelens en die sosiale waarde daarvan om met ander kinders saam te werk en hulle te aanvaar. Die driejarige begin met assosiatiewe spel in groepaktiwiteite maar is nog ongeorganiseerd. Dit gaan oor in koöperatiewe spel op ongeveer vyf jaar, wat meer gekenmerk word deur samewerking, organisasie, doelgerigtheid en groepverbondenheid. Die kind se sosialisering word beïnvloed deur interne en eksterne faktore. Op die eksterne vlak is dit veral die beïnvloeding van die gesin en ander betekenisvolle persone soos die kleuterskool, instansies en massamedia soos televisie. Op die interne vlak is dit grootliks die kind se genetiese temperament wat sy sosialiseringsaksies sal bepaal, soos byvoorbeeld 'n geneigdheid tot emosionaliteit of geselligheid.
Religieuse (Smith 1981:21–22)	Religieuse aspekte het te make met die godsdienstige en morele ontwikkeling. 'n Godsdienshouding word aangeleer deur betrokkenheid by godsdiensbeoefening, byvoorbeeld die aanvoeling van 'n heilige atmosfeer wanneer Bybel gelees word.

	Die kind kan 'n geprojekteerde Godsbeeld ontwikkel op grond van sy vaderbeeld, maar besef geleidelik sy ouers se tekortkominge en dat Iemand sterker as hulle bestaan. Die peuter se godsdiens is egosentries; hy staan in die middel daarvan. Die kleuter begin aktiewe meelewing toon, maar sy gevoelens is nog sterker as sy Godsbegrip. Die kind se gewetens- en morele ontwikkeling is nog beperk en word beheer met "jy mag" en "mag nie". Die voorskoolse kind se gewete is nog nie so ontwikkel dat hy berou en skuldgevoelens beleef nie. Skuldgevoelens kan vanaf vier jaar voorkom maar werklike skuld word eers vanaf ses jaar beleef.

Die voorskoolse kind beweeg al meer buite die gesinskring en daarom vind meer beïnvloeding deur ander betekenisvolle persone plaas, derhalwe sistemiese wisselwerking met die omgewing. Identiteitsontwikkeling en geslagsrol-identifikasie is van die belangrikste ontwikkelingstake waar ouers sowel as ander persone en instansies in die breër sosiale konteks 'n betekenisvolle rol speel. Betreffende fisiese aspekte vind daar veral ontwikkeling in groot- en fynmotoriese vaardighede plaas. Verder vind simboliese denke en taalontwikkeling veral op intellektuele gebied plaas en daarom is dit belangrik dat die kind genoegsame voorbereiding en stimulasie vir skoolgereedheid ontvang. Intense en gekompliseerde emosies kan ervaar word en die kleuter ondervind dikwels angs en vrees aangesien sy insig en redenasievermoë nog beperk is en hy sukkel om die verskil tussen fantasie en realiteit te besef. Dit is belangrik dat 'n godsdiensingesteldheid deur godsdiensbeoefening ook in hierdie fase ten aanvang neem om 'n Godsbegrip te kan ontwikkel.

Die kleuter kan skeiding van sy ouers traumaties ervaar. Normaalweg word kinders gedurende hierdie fase vir tye van die dag van hul ouers geskei, soos wanneer hulle kleuterskool of dagsorg bywoon. Bindings- en skeidingsreaksies is 'n prominente tema gedurende hierdie fase. Indien dit sou gebeur dat die kind statutêr uit ouerlike sorg verwyder word, is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker bewus sal wees van moontlike skeidingsreaksies ten einde die gedrag korrek te interpreteer en te hanteer deur veral te let op die behoud van bestaande bindings of die aanknoop van plaasvervangende verhoudings.

Bowlby (1984:27) beskryf die kleuter se skeidingsreaksies in drie fases, naamlik die protes-, wanhoop- en losmakingsfase. Louw *et al.* (1990:286) verklaar dat die kind tydens die protesfase huil en na sy ouers soek. Dit duur gewoonlik drie dae. Tydens die wanhoopfase is daar toenemende wanhoop of die ouer weer sal terugkeer en die kind is minder aktief, huil minder, raak meer beheers en onttrek grootliks. Alternatiewe versorgers is dan foutiewelik onder die indruk dat die kind begin om aan te pas, terwyl dit eerder op 'n moed-opgee-reaksie dui omdat die kind ervaar dat sy ouers hom verlaat het. Tydens die losmaakfase begin die kind om weer belangstelling in sy omgewing te toon en die ouer sal verwerp word indien hy/sy gedurende die fase terugkeer. 'n Aantal dae daarna gaan die kind deur 'n ambivalente fase waartydens hy die ouer die een oomblik

sal vasklou en volg, om weer die volgende oomblik vyandig op te tree en die ouer te verwerp. Indien die ouer tydens die eerste twee fases terugkeer, reageer die kind gewoonlik positief daarop.

Die reaksies van die voorskoolse kind op skeiding van sy ouers word verder soos volg deur Smith (1981:56–57) uitgebrei:

- Die kind het op hierdie stadium 'n beperkte tydsbesef en kan die skeiding as permanent ervaar vanweë 'n wanidee oor hereniging en daarom kan hy 'n verskeidenheid gevoelens as gevolg van die verlies aan gesinsverhoudinge ervaar.
- Angs is die gevoel wat die pleegkind die meeste ervaar, omdat die kontinuïteit in sy bestaan verbreek word.
- Angsgevoelens gaan dikwels gepaard met spanning, hulpeloosheid en weerloosheid. Die kind voel uitgelewer en het geen beheer nie; hy voel alleen en kwesbaar in die nuwe, onbekende omstandighede.
- Sy identiteitsvorming word hierdeur geraak, veral omdat dit 'n belangrike ontwikkelingstaak in die lewensfase is. Die voorskoolse kind bereik groter onafhanklikheid van sy ouers maar wil tog naby sy ouers voel en indien skeiding nou plaasvind, laat dit hom alleen en kwesbaar voel.
- Die kind kan ervaar dat sy ouers hom verlaat en verwerp het en daarom 'n beeld van homself ontwikkel dat hy swak en minderwaardig is.
- Selfblaam vir die verwydering kom algemeen by pleegkinders voor omdat hulle die idee kan ontwikkel dat hulle sleg of stout was en daarom gestraf moes word.
- Woede en vyandigheid kom dikwels in latente vorm voor, omdat dit in konflik is met die kind se gevoelens van liefde en afhanklikheid.
- Vrees vir die onbekende situasie van pleegsorg verhoog die kind se spanning.
- Die voorskoolse kind is nie in staat om 'n vooruitskouing op die pleegsorg te vorm nie en beoordeel dit op grond van vorige ervaring, waar ouermodelle waarskynlik wreed of onverantwoordelik was en daarom kan hy allerlei geantisipeerde en gefantaseerde vrese ontwikkel wat die plasing verder kan kompliseer.
- Die verwaarloosde kind beleef dikwels wantroue in homself, ander mense en die wêreld omdat daar nie in sy behoeftes voorsien is nie en hy teleurgestel is in sy verwagtinge.

Hierdie reaksies is van besondere belang vir die pleegouers sodat hulle die kind se gedrag kan verstaan en reg benader. Bogenoemde ervaringe en gevoelens van die pleegkind kan meebring dat pleegouers dit moeilik vind om 'n hegtheidsband met die kind te ontwikkel, dat die kind hul voortdurend toets, homself onttrek, regresseer, woede-uitbarstings kry en ander vorms van onaanvaarbare gedrag openbaar terwyl hul pogings tot toenadering ook aanvanklik teengestaan

word. Die pleegkind is veral geneig om homself in ’n fantasiewêreld terug te trek in ’n poging om van sy werklikheid te ontsnap. Sodoende skep hy vir homself ’n leefwêreld waarin sy ouers volgens sy eise, behoeftes en wense optree en waar hy positief oor hulle kan dink en hulle kan vergewe. Hierdie onrealistiese beeld van sy ouers beïnvloed tot ’n groot mate sy gedrag. Dit kan ook gesien word dat die fantasiebeeld van die kind se biologiese ouers ’n hindernis kan wees in die aanknoop van nuwe verhoudinge met die pleeggesin (Smith 1981:59–60).

Die pleegouers moet derhalwe voorberei en toegerus word om die kind se intense gevoelens wat met skeidingsgebeure gepaard gaan te hanteer. Hulle moet begrip openbaar vir die kind se vrees vir ’n herhaling van die gebeure en dat hy dalk weer teleurgestel kan word deur volwassenes wat hom weerloos en kwesbaar laat. Volgens die sterkteperspektief behoort pleegouers en hulpverleners hulle nie blind te staar teen wangedrag soos woedeuitbarstings, opstandigheid, verdedigingsmeganismes, swak skoolprestasie, slaapprobleme en ander simptomatiese gedrag nie. Daar moet gefokus word op die kind se sterktes en dit moet as uitgangspunt gebruik word om veerkragtigheid te stimuleer ten einde die traumatiese gebeure te oorkom.

Volgens Grotberg (1995:22) kan versorgers veerkragtigheid by die kind tussen vier en sewe jaar op die volgende wyse bevorder:

- Die voorsiening van onvoorwaardelike liefde.
- Spreek liefde verbaal uit.
- Leer die kind tegnieke aan om homself te kalmeer soos diep asemhaling, of om tot by 10 te tel om te kalmeer alvorens probleme of swak gedrag bespreek word.
- Modelleer gedrag wat kenmerkend is van veerkragtigheid soos die hantering van konflik, gepaste gedrag in verskillende situasies en geloof, vertroue en optimisme in die lewe.
- Versterk reëls deur die wegneem van voorregte en ander vorms van dissipline om gedrag te beheer sonder om die kind se gees te knak.
- Prys die kind by die uitvoering van take soos om ’n legkaart te voltooi, of vir goeie gedrag, soos om woede uit te druk sonder ’n uitbarsting.
- Ondersteun die kind in die onafhanklike uitvoering van take met die minimum hulp van volwassenes.
- Voortgesette identifisering en erkenning van gevoelens van die self en ander.
- Voortgesette bewuswording van eie temperament soos skaamte of spontaneïteit.
- Geleidelike blootstelling aan teenspoed ter voorbereiding op die ontwikkeling van veerkragtigheid.
- Versterk die ontwikkeling van omgee en empatie teenoor ander deur aangenaam en hulpvaardig teenoor ander te wees.

- Ondersteun die kind om vaardighede in kommunikasie en probleemoplossing te gebruik vir die hantering van interpersoonlike probleme.
- Kommunikeer met die kind oor daaglikse gebeure, gevoelens en waarnemings.
- Help die kind om te verstaan dat gedrag gevolge inhou, asook om self verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.
- Balanseer hulpverlening met versterking van onafhanklikheid.
- Balanseer en verduidelik reëls en dissipline.
- Aanvaar foute en mislukkings terwyl leiding voorsien word vir toekomstige verbetering.
- Bied ondersteuning en versterking tydens stresvolle situasies.
- Ondersteun en modelleer soepelheid in die selektering van veerkragtige reaksies op teenspoed soos byvoorbeeld om die regte hulp te soek in plaas daarvan om alleen swaar te kry of met woede te reageer.

Dit is duidelik dat veral moeilike gedrag en dissipline op 'n positiewe en opbouende wyse gehanteer moet word. Foute moet as leergeleenthede gebruik word en daar moet feitlik 'n hersosialisering en opvoedingsproses plaasvind in 'n poging om die kind ten opsigte van 'n normale gesinslewe te oriënteer.

Samevattend kan dit gestel word dat die voorskoolse ontwikkelingsfase gekenmerk word deur besondere fisiese aktiwiteite en spel sowel as die ontwikkeling van die onderskeid tussen realiteit en fantasie. Die kind moet begin leer om die wêreld te verstaan en daarom is dit 'n besondere geleentheid om veerkragtige gedrag te versterk veral betreffende die uitdrukking van emosies en versterking van die self. Pleegouers het dikwels 'n moeilike taak om uitdagende gedrag te hanteer en kan besonder baat by bogenoemde riglyne vir die bevordering van veerkragtigheid.

4.2.3 Laerskoolfase

Met die laerskoolfase word bedoel die kind tussen ses en twaalf jaar en daar word ook na hierdie fase as die middelkinderjare verwys. Die ontwikkelingsfase word as rustig beskryf in vergelyking met die voorafgaande tydperk waar ontwikkeling vinnig plaasgevind en die daaropvolgende adolessensie wat deur groot skommelinge gekenmerk word (Louw *et al.* 1990:325). Die onderstaande tabel is 'n opsomming van gegewens wat hoofsaaklik bekom is uit Smith (1981:23–31), Louw *et al*. (1990:325–387) en Shaffer (1999:187 en 268).

Tabel 6: Ontwikkelingsaspekte en -take van die laerskoolkind

Ontwikkelingsaspek	Ontwikkelingstake
Fisiese Louw *et al.* 1990:326–328 en Shaffer 1999:187, 268)	Die kind se groeitempo is meer geleidelik en motoriese vaardighede verbeter al meer namate hy opgroei. Die arms en bene groei vinniger as die romp; die brein bereik volwasse grootte en gewig; die longe se elastisiteit neem toe en die asemhaling word dieper en stadiger; die bloedsomloopstelsel ontwikkel stadiger; die hart is kleiner in verhouding tot die liggaam; die bloeddruk styg en die hartklop neem af; en melktande word deur permanente tande vervang. Psigomotoriese vaardighede verfyn en daar is 'n toename in krag, koördinasie en spierbeheer. Vanaf ongeveer 10 jaar vir dogters en 13 jaar vir seuns word 'n groeipiek ervaar. Behalwe dat hulle langer en swaarder word, kry hul liggame 'n meer volwasse voorkoms.
Psigiese (Smith 1981:14–17 en Louw *et al*. 1990:350, 363) • Intellektuele	Hier word die intellektuele, emosionele en motiveringsontwikkeling bespreek. Die kind bring 'n groot deel van die dag by die skool deur wat die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede stimuleer. Tussen vyf en sewe jaar ondergaan die kind veranderinge wat bekend staan as konkrete handelinge en dit word eerstens gekenmerk deur ordelikheid van denke. Hy begin om situasies te deurdink, vorige en toekomstige ervaringe in berekening te bring, hy dink meer soepel en kan ander mense se gedagtes en gevoelens in ag neem en homself daarin inleef. Hy kan sy gedagtes rangskik en herrangskik, is in staat om voorwerpe saam te groepeer, en kan vorm en kleur in ag neem. Die kind kan verskillende aspekte klassifiseer en orden volgens grootte en ouderdom en kan daarom kronologiese verloop verstaan. Verder kan die laerskoolkind ook gedagtes en ervaringe met voriges in verband bring vir soverre dit konkrete dinge aangaan. Geheuetake word nou ook anders benader en sesjariges kan take spontaan herhaal, maar dis eers op ongeveer tien jaar dat dit sonder mondelinge verbalisering doeltreffend gedoen kan word. Taalontwikkeling en woordeskat neem toe. Die kinders kan figuurlike taal en ironie verstaan. Hulle sal byvoorbeeld meer hoflik met onderwysers as met die portuurgroep praat.
• Emosionele	Die fase word deur relatiewe emosionele kalmte gekenmerk. Die laerskoolkind kan meer taktvol en subtiel uitdrukking gee aan sy emosies en tree daarom meer beheers op. Daar word vordering gemaak in die beweging van egosentrisme na altruïsme. Dit word grootliks gemotiveer deur sy maats omdat hy graag aan hulle verwagtinge wil voldoen. Frustrasies en emosies word grootliks ontlaai deur spel, rolomskrywing (in die skool word verwag dat hy met sy maats moet regkom) en minder frustrasiebelewenis omdat hy met meerdere vaardighede makliker sy doelstellings bereik. Tog word tye van intense negatiewe emosies beleef, byvoorbeeld as gevolg van swak skoolaanpassing of verwerping deur maats en dit kan sy homeostase erg versteur met gevolglike uitdagende gedrag. Die laerskoolkind kan ook heelwat angs ervaar, onder meer as gevolg van vrees dat hy sy ouers kan verloor, persoonlike ontoereikendhede, straf, verwerping deur maats of die dood. Angs vir die dood is tipies van hierdie fase en indien hy nou verlies ervaar, word intense verlange en depressie beleef. Verder is die kind geneig om van verdedigingsmeganismes gebruik te maak om angsgevoelens te hanteer, soos verdringing uit die bewuste, ontkenning deur te maak asof dit nie bestaan nie, projeksie deur aggressie en om die blaam op ander te plaas en homself te verontskuldig, en verplasing waar 'n belewing nie met die werklike oorsaak in verband gebring word nie, maar op iets of iemand ander verplaas word.

• Motivering	Die kind openbaar besondere weetgierigheid deur die behoefte om nuwe ervaringe en kennis op te doen en soek antwoorde op die "wat" en "waarom". Hy het dus behoefte aan 'n stimulerende leefwêreld. Prestasiemotivering en die behoefte om mee te ding met sy maats speel 'n belangrike rol in hierdie fase. Beloning en aanmoediging kan hom in 'n produktiewe en konstruktiewe werker laat ontwikkel. 'n Sin vir arbeidsaamheid en om te leer en te doen is 'n belangrike voorloper vir sy latere beroep en produktiwiteit.
Sosiale (Smith 1981:26–28 en Louw *et al*. 1990:366 en 379)	Gedurende hierdie fase speel die gesin, maats en skoolgemeenskap 'n belangrike rol, maar die portuurgroep is van besondere betekenis.
• Verhouding met ouers	Hoewel die kind nou meer tyd weg van sy ouers spandeer, bly die huis steeds die plek wat die meeste sekuriteit bied en die gesin die spil waarom sy bestaan draai. Die kinders se rolle van 6 tot 12 jaar verander heelwat en daarom behoort die ouers se rolle ook te verander. Hulle wil byvoorbeeld 'n sê hê oor speeltyd, slaaptyd en sakgeld. Die gesin bly die vernaamste bron van sekuriteit en gedurende hierdie fase speel die vader 'n meer prominente rol as verpersoonliking vir die seun van manlikheid en vir die dogter van manwees (lewensmaat).
• Verhouding met broers en susters	Die laerskoolkind leer gedrag soos lojaliteit, behulpsaamheid, wedywering en beskerming binne hierdie groep aan.
• Verhouding met portuur	Die opbou van gesonde en hegte verhoudinge met maats is die hoofontwikkelingstaak van die lewensfase en word ook genoem die bendefase, met 'n onderskeidende subkultuur met eie reëls, doelstellings en gebruike. Dit is baie belangrik vir die laerskoolkind om deel te wees van portuuraktiwiteite en mededeelsaamheid kom sterk na vore. Groepkonformiteit en -solidariteit word uiters belangrik, veral vanaf 10-jarige ouderdom. Die intensiteit van vriendskappe neem toe en word belangriker as gesinsaktiwiteite. Die kind wat te sterk met die groepe identifiseer, toon 'n gebrek aan innerlike beheer en kan ter wille van groepsaanvaarding sy eie identiteit prysgee. Hy neem die groep se siening en gedrag oor, dikwels ten koste van sy eie. Die funksionele waarde van groepvorming is dat die kind homself beter leer ken en sy selfbeeld word getoets, want hy word beoordeel volgens sy vermoëns en vaardighede en moet sy aanvaarding verdien. Dit kan lei tot die versterking of wysiging van sy selfbeeld. Die portuurgroep bied ook geleentheid tot onafhanklike optrede, oefening in die opbou van maatskaplike verhoudings, belewing van sosiale ondersteuning, nabootsing, geleentheid tot emosionele ontlading, die uittoets van sosiale rolle en deelname aan avontuur. Die portuurgroep bied kameraadskap, geleenthede om sosiale vaardighede aan te leer, inligting te bekom en kennis oor te dra, versterking van geslagsrolle, aanvaarding van reëls en regulasies van die groep en groter onafhanklikheidswording.
• Laerskoolkind as skoolkind	Met die toetrede tot die skool brei die kind se maatskaplike omgewing baie uit, wat hom help in die bemeestering van sy ontwikkelingstake. Sy verhouding met die onderwysers is vir die skoolbeginner bepalend vir sy skoolervaring en algemene ontwikkeling. Die kind is geneig om sy gedrag teenoor die moeder te veralgemeen tot die onderwyser en kan so liefde of vrees oordra.
Selfbeeldontwikkeling (Smith 1981:28–29 en Louw *et al*. 1990:387)	Hierdie fase word beskou as die kritieke periode vir die ontwikkeling van die selfkonsep. Soos reeds genoem, word die laerskoolkind se selfbeeld grootliks deur sy portuur beïnvloed – wat hulle van hom dink, hoe hy aanvaar word, en sy prestasies. Terugvoer van sy ouers beïnvloed ook sy selfbeeld.

	Ander faktore wat 'n rol speel, is sy fisiese voorkoms, die sosio-ekonomiese status van die gesin, vermoëns en prestasies, en of hy gestremdhede het al dan nie. Geslagsidentiteit word tydens die fase vasgelê en dis veral seuns wat hulle wil distansieer van vroulike kenmerke.
Religieuse (Smith 1981:29–30	Die religieuse aspek handel oor die godsdienstige en morele ontwikkeling van die laerskoolkind.
• Godsdienstig	Tydens die fase word die eerste tekens van 'n persoonlike godsdienstigheid besef. Die kind is veral ingestel op die feite van godsdiens soos konkrete situasies, handelinge en persone. Sy voorstellings van God, die duiwel en die hemel word al meer konkreet en sintuiglik, maar steeds mensgebonde. Soos wat hy opgroei, word godsdiens 'n meer persoonlike en gevoelsmatige saak.
• Morele en gewetensontwikkeling	Die kind begin al meer besef wat reg of verkeerd en wat goed of sleg is. Eerstens sien hy dit wat reg en goed is as die dinge wat sy behoeftes bevredig, byvoorbeeld: bly liewer stil, dan kry jy nie pak nie. Daar is nog nie 'n sin vir regverdigheid nie. Tweedens begin hy om aan die verwagtinge van sy gesin en groep te voldoen en die kerk speel 'n al groter rol in sy lewe. Hy is geneig om aan verwagtinge te wil voldoen en persone tevrede te stel. Derdens is die kind nou gerig op outoriteit en die handhawing van sosiale orde. Indien hy voel dat hy nie aan die verwagtinge van God, sy ouers en maats voldoen het nie, begin hy om skuldgevoelens te ontwikkel. Dit hang saam met die ontwikkeling van sy gewete van ongeveer ses- tot tienjarige ouderdom.

Die middelkinderjare is 'n meer rustige tydperk in die verloop van die kind se ontwikkeling. Betreffende die fisiese vind 'n verfyning van motoriese vaardighede plaas, hoewel die kinders ook teen die einde van die tydperk groeipieke en fisiese ongemak kan ervaar alvorens balans in 'n meer volwasse liggaamsvorm bekom word. Die kind word prestasiegedrewe en moet ook leer om emosioneel beheers op te tree. Hoewel die gesin die vernaamste bron van sekuriteit bly, raak dit ondergeskik aan die invloed van die portuurgroep en die skoolgemeenskap. Die kind is sensitief vir terugvoer van die groep en dit is 'n kritieke periode vir selfbeeldontwikkeling. Hy is verder in staat om 'n persoonlike verhouding met God te ontwikkel en morele en gewetensontwikkeling hang daarmee saam.

Wanneer die laerskoolkind uit ouerlike sorg verwyder word, kan die volgende reaksies van die pleegkind op die verlies aan verhoudinge tydens die skeiding van sy ouers en portuur verwag word (Smith (1981:68–71 & Schultz 2002:51):

- Ambivalente gevoelens oor die skeiding en verlies van gesinsverhoudinge kan beleef word, aangesien dit aan die een kant verligting bring van die ongunstige omstandighede, maar ook verlies van bekende verhoudings en die enigste sekuriteit wat hy geken het, meebring.
- Skuldgevoelens omdat die kind verligting ervaar na die verwydering, maar terselfdertyd voel hy skuldig en dislojaal teenoor sy ouers; die botsende gevoelens bring spanning en konflik in sy gemoed mee.

- Sommige kinders ervaar dat hulle weggeneem is en dit laat hulle hulpeloos en sonder beheer voel; ander ervaar weer dat hulle weggegee is en dit laat hulle waardeloos voel; en ander meen dat hulle die verwydering veroorsaak het en daarom gestraf moet word.
- Die verwydering kan vir die kind ŉ finale teken van verwerping deur sy ouers wees, wat weer ŉ negatiewe invloed op sy selfbeeld kan uitoefen.
- Die kind kan homself as sleg, swak en ontoereikend ervaar, wat hom onbewus laat oor sy eie vermoëns wat juis in hierdie fase uitgetoets behoort te word.
- Tipies van die voorskoolse fase is dat die kind probeer om aan verwagtinge te voldoen en indien hy nou verwyder word, kom hy tot die gevolgtrekking dat hy nie aan sy ouers se verwagtinge voldoen het nie.
- Intense depressie kan ontwikkel indien hierdie gevoelens van ontoereikendheid en skuld nie aangespreek word na die verwydering nie.
- Kenmerkend van die laerskoolkind is die irrasionele vrees dat sy ouers mag sterf. Hierdie vrees en angs word intenser by die skeiding van ouer en kind en kan meebring dat die kind meer gepreokkupeerd raak met die dood.
- Die laerskoolkind se verwydering uit sy ouerhuis beteken ook dikwels ŉ verlies aan portuurverhoudinge. Die kind het dikwels juis sterk geïdentifiseer met sy portuur vanweë ongunstige gesinsomstandighede.
- Verlies aan die sekondêre bron van sekuriteit maak die kind angstig, onseker, weerloos en beïnvloed sy selfbeeld ook negatief.
- Herhaalde plasings en skeidings ondermyn die bindingsproses en kan aanleiding gee tot ŉ gebrek aan kennis oor herkoms en agtergrond, wat negatief inwerk op identiteitsvorming.

Die afleiding kan gemaak word dat die laerskoolkind verwydering uit ouerlike sorg intens persoonlik beleef in die vorm van skuldgevoelens, verlieservaring en skade aan selfbeeldontwikkeling. Die voordeel aan hierdie fase is egter dat die kind gehelp kan word om skeidingsgebeure te begryp en te hanteer omdat hy oor die intellektuele vermoë beskik om verbande raak te sien tussen gebeure van die verlede en die hede. Hy is daartoe in staat om sy ouers se aandeel in sy verwydering te begryp en om ŉ toekomsperspektief te ontwikkel. Die kind kan dus gehelp word om skeiding van sy ouers verstandelik te verwerk en sodoende in staat gestel word om nuwe verhoudinge met sy pleeggesin aan te knoop. Grotberg (1995:30–31) bevestig dit ook dat dit vir die kind tydens hierdie lewensfase besonder belangrik is om suksesvol te wees en om deur ander aanvaar te word en daarom kan versorgers deur die volgende optrede daarin slaag om veerkragtigheid by die laerskoolkind te bevorder:

- Steeds soos by die vorige ontwikkelingstadiums, onvoorwaardelike liefde.

- Die verbale en nieverbale uitdrukking van liefde op ouderdomsgepaste wyse.
- Stel grense en bied wenke vir die hantering van negatiewe en impulsiewe emosionele reaksies.
- Modelleer gedrag wat waardes en norme kommunikeer ter versterking van veerkragtigheid.
- Verduidelik die basis vir reëls en verwagtinge.
- Loof prestasie en goeie gedrag soos die voltooiing van ’n werksopdrag.
- Voorsien geleenthede aan die kind om probleemhantering te oefen in hanteerbare situasies waar leiding voorsien word.
- Bevorder kommunikasie sodat kwessies, verwagtinge, gevoelens en probleme gedeel en bespreek kan word.
- Balanseer outonomiteit met beskikbare en gepaste hulp.
- Reguleer gevolge van foute met liefde en empatie sodat die kind kan misluk sonder om te veel stres, angs of verlies te ervaar.
- Onderhandel oor groeiende onafhanklikheid, nuwe verwagtinge en ander uitdagings.
- Versterk die aanvaarding van verantwoordelikheid vir gevolge van gedrag terwyl vertroue en optimisme oor verwagte uitkomste gekommunikeer word.
- Versterk en modelleer aanpasbaarheid in die selektering van verskillende veer-kragtigheidsfaktore as reaksie op teenspoed soos byvoorbeeld om empatie te toon in plaas van woede en angs.

Die feit dat die kind ’n groeiende intellektuele vermoë ontwikkel om gedrag en reaksies daarop te begryp en om graag deur ander aanvaar te word, is besonder voordelig by die toepassing van bogenoemde wenke. Indien die pleegouer op die aanleer van nuwe sosiale vaardighede en die vermoë van die kind om uit te styg bo die ongelukkigheid van sy gesinsomstandighede fokus, kan veerkragtigheidsfaktore sterk op die voorgrond tree en vasgelê word deur gebruikmaking van die “*I have, I am, and I can*”-tegniek. (Vgl. 2.7.3 en 4.4.1.)

4.2.4 Adolessente fase

Adolessensie is die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. As gevolg van individuele en kultuurverskille wissel die aanvang van adolessensie tussen 11 en 13 jaar. Adolessensie neem egter tydens puberteit ’n aanvang; dus in die periode waartydens vinnige liggaamlike groei begin plaasvind, die voortplantingsorgane begin funksioneer en geslagsrypheid bereik word. Hoewel die kinderfase wetlik op 18 jaar eindig, word die oorgang van adolessensie na volwassenheid sosiaal gesien as wanneer die persoon onafhanklik en selfonderhoudend begin funksioneer (Thom 1990:393). Die onderstaande tabel is ’n opsomming van gegewens wat

hoofsaaklik uit Smith (1981:32–41), Thom (1990:401,404, 418, 422, 427, 431, 437) en Shaffer (1999:187 en 268) bekom is.

Tabel 7: Ontwikkelingsaspekte en -take van die adolessent

Ontwikkelingsaspek	Ontwikkelingstake
Fisiese (Smith 1981:32–33, Thom 1990:401 en 404)	Die fisiese verandering bereik tydens puberteit van ongeveer 11 tot 15 jaar 'n hoogtepunt. Dit is die fase waartydens die seun of dogter geslagsryp word. Die verandering het veral te make met groeitempo, liggaamsverhoudings en geslagseienskappe. Die kind word al langer en swaarder en die liggaam kry 'n meer volwasse voorkoms. Benewens massa en spierkrag, vind die meeste groei in die beenstruktuur plaas en die adolessent kan as langbeen en lomp beskryf word. Primêre geslagseienskappe soos geslagsorgane ontwikkel en sekondêre geslagseienskappe soos fisiese manlike of vroulike eienskappe kan onderskei word. Dit maak seksuele gevoelens wakker en stimuleer die drang na geslagsaktiwiteite. Sodanige ontwikkeling het 'n invloed op identiteit en die bewustheid oor wie "jy" is en waarheen "jy" op pad is. Die adolessent se selfbeeld word nou weer gewysig om te pas by die nuut bereikte geslagsrypheid en die verandering veroorsaak 'n gepre-okku-peerdheid met sy liggaam en kritiese beoordeling van sy lengte, massa, gelaatskleur en hare. Indien hy teleurgesteld is in sy selfbeeld, verloor hy selfvertroue, tree soms rebels op, voel minderwaardig, liggeraak en verval in stiltes. Verder vergelyk hy homself met sy maats en stel baie belang in aspekte wat met seksualiteit verband hou. Veranderde sosiale gedrag tree in soos: bestee baie tyd in afsondering en kompenseer vir die eensaamheid deur in dagdromery te verval, onttrek hom aan gesinsaktiwiteite, is sosiaal antagonisties, krities, argumenteer oor alles, soek skoor en verset hom teen gesag. Wisselvalligheid en uiterstes in eetgewoontes soos ooreet of honger ly en kieskeurigheid oor kos kom voor. Ingrypende en oorweldigende liggaamlike veranderinge en hoe sy liggaamsbeeld daardeur geraak word en wat ander van hom dink, het weer 'n psigiese effek op die selfkonsep.
Psigiese (Smith 1981:33–36, Thom 1990:418) • Intellektuele	Drie aspekte word bespreek, naamlik die intellektuele, die emosionele en motivering. Kwantitatiewe kognitiewe ontwikkeling vind plaas en intellektuele take kan makliker en meer doeltreffend bemeester word, terwyl kwalitatiewe kognitiewe vermoëns uitbrei deurdat groei plaasvind in die aard van denkprosesse. Komplekse take kan sonder vooraf ervaring uitgevoer word; daar kan sistematies na oplossings gesoek word en die adolessent kan van die algemene na die spesifieke redeneer. Hy kan dink in terme van abstrakte en verskillende moontlikhede voorstel. Hy bevraagteken persone en dinge en is gewoonlik baie krities, wat weer help dat hy die wêreld om hom kan ondersoek en ontdek. Hy is nie net krities teenoor die buitewêreld nie, maar is ook baie introspektief besig met homself en sy eie optredes en is daarom soms baie selfbewus.

• Emosioneel	Verhoogde emosionaliteit is kenmerkend van die fase, veral vanaf 12 tot 17 jaar en kom voor in die vorm van buierigheid, bakleierigheid, uitbarstings en gemoedskommelinge. Dit hou verband met die fisiese veranderinge van puberteit en faktore wat met mense en situasies te make het. Hierdie faktore kan die verwagting van volwassenes wees dat hy selfstandig en gedissiplineerd moet kan optree, die aanknoop van verhoudinge met die teenoorgestelde geslag wat spanning en opgewondenheid meebring, seksuele ryping, te streng ouers en beroepskeuse. Die adolessent sukkel om rasionele denke en emosies te balanseer en om emosies aanvaarbaar te ontlaai en is daarom geneig om dit op te krop. Angs word dikwels deur verdedigingsmeganismes soos asketisme beheer, wat 'n poging is om natuurlike drange soos seksuele behoeftes te ontken in die vorm van godsdienstige toewyding, of intellektualisasie waardeur hy hoogs intellektuele besprekings voer. Laasgenoemde is dikwels 'n aanduiding dat hy worstel met sensitiewe en intense belewinge oor 'n saak.
• Motivering	Die adolessent word gedryf deur sy skool- en beroepsaspirasies en is prestasiegedrewe. Sy gedagtes, denke en handelinge word gerig deur prestasie wat weer sukses beteken en hoë eise aan die kind stel. Die adolessent word verder ook deur sy belangstellings en emosies, soos voorkoms, ontspanning, interpersoonlike verhoudinge, teenoorgestelde geslag en godsdiens gemotiveer.
Sosiaal (Smith 1981:36–39, Thom 1990:422, 437)	Die ouers en portuurgroep speel die belangrikste rol in sy maatskaplike lewe.
• Verhouding met die ouers	Die verhouding tussen ouer en kind word meer gelykwaardig, maar word ook deur konflik gekenmerk. Faktore wat konflik kan veroorsaak, is verskille in waardes en norme, probleemoplossing en besluitneming, 'n generasiegaping, uiteenlopende rolverwagtinge en gebrekkige kommunikasie. Ouers behoort nie onnodig in te meng in die adolessente se proses van wilsonafhanklikheid nie, terwyl te veel vryheid weer onsekerheid tot gevolg het. Die kind moet as vertrouenswaardig behandel word.
• Verhouding met die portuurgroep	Die ouers speel 'n al hoe minder belangrike rol in die adolessent se sosiale lewe terwyl die portuurgroep die middelpunt van maatskaplike verhoudinge raak. 'n Losmakingsproses van die gesin vind plaas en die portuurgroep raak al meer funksioneel vir ondersteuning in die oorgang na onafhanklikheid; so ook vir die oordrag van waardes en norme soos lojaliteit en die aanleer van empatie. Die portuurgroep bevorder ook die verwerwing van 'n eie identiteit en om gevoelens van alleenheid te verminder. Aanvaarding deur die groep is noodsaaklik vir die adolessent en daarom die geneigdheid om te konformeer tot die groep se opinies, waardes en praktyke. Die gevaar van oorkonformisme bestaan as te veel prysgegee word aan eie beginsels. Die adolessent sukkel soms om 'n balans tussen kompromie en individualiteit te kry. Dit is ook vir hom baie belangrik om sy eie uniekheid te behou en daarom oordoen hy soms die verwagtinge van die groep deur byvoorbeeld 'n modegier in die oortreffende trap toe te pas en so sy uniekheid te behou. Vriendskappe word baie hoog aangeslaan, want dit verminder eensaamheid en intense gevoelens kan daarbinne gelug word.
• Verhouding met die teenoorgestelde geslag	Seksuele ryping is 'n belangrike ontwikkelingstaak en die adolessent moet eerstens die korrekte kennis oor seksualiteit bekom. 'n Preokkupasie met seksualiteit veroorsaak dat feite daaromtrent versamel word. Dit is belangrik dat hy 'n positiewe houding daaroor ontwikkel en sosiaal-aanvaarbare heteroseksuele gedrag aanleer soos om op 'n aanvaarbare manier liefde te gee en te ontvang.

	Verder moet spesifieke manlike of vroulike gedrag aangeleer word – geslagsrolgedrag. Selfbeheersing ten opsigte van seksuele behoeftes is soms vir veral die seun baie moeilik en die bevrediging van sy geslagsdrang binne aanvaarde norme laat soms skuldgevoelens by hom ontstaan. 'n Eie geslagsidentiteit moet ook ontwikkel word; so moet die seun kwaliteite van man wees en die meisie kwaliteite van vrouwees aanleer.
Religieuse (Smith 1981:41–42 en Thom 1990:427,431) • Godsdienstige • Morele	Verdere ontwikkeling van die godsdienstige en morele ontwikkeling word onderskei. Dit val in drie fases. Eerstens die **tese-fase**, wat gekenmerk word deur 'n godsdienstige ontwaking. Hy bevraagteken godsdiens krities oor wat geloof beteken. Die Bybel en godsdienstige praktyke word ondersoek en hy is dikwels uitermate idealisties in sy godsdiens of kritiseer ander as skynheilig. Die **antitese-fase** word gekenmerk deur twyfel oor die liefde van God en hy is geneig om emosioneel te raak oor godsdiens en dit op 'n oordrewe wyse toe te pas. In die **sintese-fase** neem die adolessent gewoonlik 'n besluit om homself aan God toe te wy en sy godsdiens bied dan aan hom 'n belangrike anker in die lewe. Een van die belangrikste take van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel. Die adolessent is krities op soek na reg en verkeerd en goed of sleg en bevraagteken bestaande morele en etiese waardes en norme. Hy besef dat gedragsreëls kan verander by die ontdekking van nuwe waarhede. Dit is die fase waar sy persoonlike gewete aktief begin werk. Godsdienstige jeugdiges toon groter morele verantwoordelikheid, is meer seker van hul toekoms, is minder angstig en identifiseer met meer positiewe waardes en gedrag.
Identiteitsverwerwing en selfbeeldontwikkeling (Smith 1981:39–41, Thom 1990: 459–460).	Ten einde 'n eie identiteit te verwerf, moet die adolessent antwoorde vind op "Wie is ek?" en "Wat is my lewensdoel?" Identiteitsverwerwing begin wanneer die identifikasie van die kinderjare nie meer voldoende is nie en die adolessent toenemend onafhanklikheid en fisiologiese rypheid bereik. Hy moet ontwikkel tot op die punt waar hy weet dit is *ek*, *my liggaam* en so *voel en doen ek.* Hy moet dus homself as uniek en afsonderlik van ander beskou, maar moet ook homself as eenheidswese sien wat sy gevoelens en gedagtes kan integreer. Verder moet die adolessent sy lewensdoel bepaal: Wat gee vir hom betekenis en sin in sy lewe en watter keuses moet hy maak ten opsigte van sy toekoms? Voorbereiding om 'n beroep te kies vorm 'n betekenisvolle deel hiervan en uitsluitsel hieroor kan die adolessent help om meer gefokus te wees. 'n Belangrike ontwikkelingstaak is om 'n realistiese selfbeeld te bou en dit word beïnvloed deur liggaamlike ontwikkeling, kleredrag, emosionele beheersdheid of uitbarstings, intellektuele vermoëns en ander persone en omstandighede soos ouers, maats, sosio-ekonomiese posisie en sy geslagsidentiteit. Die adolessent moet dus 'n geïntegreerde geheelbeeld van die self vorm: 'n sosiokulturele en geslagsrol-identiteit sowel as 'n beroepsidentiteit. Ten einde daartoe in staat te wees, moet hy bewus wees van sy vermoëns, beperkinge, waardes, belangstellings en ideale.

Die adolessente fase word veral gekenmerk deur ’n oorbewustheid van liggaamlike voorkoms, seksuele gewaarwordinge, emosionele labiliteit, veranderde sosiale gedrag, verhoogde denkprosesse en vraagstukke oor godsdiens. Dit alles beïnvloed identiteitsvorming en selfbeeldontwikkeling. Integrasie van elke aspek van menslike ontwikkeling vind gedurende hierdie fase plaas ten einde ’n geheelbeeld van die self te vorm en suksesvol oor te gaan na die volwasse lewensfase. Indien hierdie prosesse deur statutêre ingryping versteur word, kan dit kritiese gevolge vir die adolessent inhou. Volgens Smith (1981:80–83) en Schultz (2002:54) kan die volgende reaksies van die adolessent in pleegsorg verwag word:

- Tydens hierdie fase is die proses van onafhanklikwording van die ouers ’n belangrike ontwikkelingstaak. Skeiding van die ouers verhaas die proses dwangmatig en kan ambivalente gevoelens tot gevolg hê in die sin dat hy wil wegbeweeg maar nie op hierdie wyse nie.
- Verhoogde emosionaliteit is ook kenmerkend van die adolessent en die verwydering kan uiterse labiliteit meebring deurdat hy die ouers die een oomblik haat en die volgende oomblik intens na hulle verlang. ’n Gebrek aan kontrole oor emosies kan ook aanleiding gee tot uitbarstings wat hom negatief oor homself laat voel.
- Die adolessent kan ook woede teenoor sy ouers ervaar omdat hy verwerping deur hulle beleef, maar terselfdertyd kan sy eie woede hom beangs maak.
- Ambivalensie oor sy verwydering kan daartoe aanleiding gee dat hy gebruik maak van verdedigingsmeganismes en byvoorbeeld die skuld vir sy verwydering op die maatskaplike werker projekteer om sodoende homself en sy ouers van alle blaam te onthef.
- Gevoelens van onsekerheid ontstaan omdat die adolessent ontneem word van sy bekende grense al was dit hoe ontoereikend. Hy verloor ook die grense soos deur sy portuurgroep bepaal en wend hom dikwels tot seksuele gedrag deur veiligheid en sekuriteit te soek by iemand van die teenoorgestelde geslag.
- Die adolessent openbaar dikwels aggressie na die verwydering omdat sy persoonlikheid alreeds gevorm is en hy poog om dit te behou.
- Gevoelens aangaande skeiding van die ouers kan nie losgemaak word van sy gevoelens oor homself en sy identiteit nie en daarom kan al die veranderinge aanleiding gee tot identiteitsverwarring.
- Die adolessente fase word gekenmerk deur heelwat fisiologiese veranderings en nuwe verwagtinge onder normale omstandighede. Indien dit met verwydering gepaard gaan, word verdere eise aan hom gestel om alles te integreer. Dit vererger die gebrek aan homeostase wat hy op ’n baie sensitiewe tydstip van sy lewe ervaar.

- Na verwydering is die adolessent dikwels ongemotiveerd en sonder toekomsideale omdat hy mislukking kan beleef in die bemeestering van sy eie leefwêreld.
- Verdedigingsmeganismes kan ook voorkom in die vorm van onttrekking in 'n fantasiewêreld, dagdromery, die lees van fiktiewe verhale, of intellektuele, emosielose gesprekke oor sy verwydering.
- Die adolessent poog dikwels om die intense gevoelens agter 'n masker weg te steek of uit desperaatheid daarvan te probeer ontvlug deur alkohol of dwelms te gebruik.
- Adolessente manipuleer dikwels en poog doelbewus om die plasing te laat misluk deurdat hulle hoop dat dit dalk beter sal wees op 'n ander plek, maar intussen is hulle nie in staat om die gevolge van hul gedrag te antisipeer nie.
- Dit is wel voordelig dat die adolessent oor die vermoë tot intellektuele beredenering en abstrakte denke beskik en dus is staat is om die redes vir sy verwydering te analiseer en deel te neem aan die oorweging van en besluitneming oor plasingsopsies. Dit kan sy aanpassing in pleegsorg vergemaklik.

Die adolessent moet dus gehelp word om in 'n stadium van sy lewe waar sy persoonlikheid alreeds gevorm is, 'n nuwe verhouding met sy pleeggesin aan te knoop. Daar vind soveel fisiese, emosionele en intellektuele ontwikkeling in hierdie fase plaas, wat 'n bykomende dimensie van heraanpassing in 'n nuwe gesin verder kan kompliseer. Daar is egter ook sterktes en voordele verbonde aan adolessensie, soos die intellektuele vermoë om makliker begrip te ontwikkel vir sy huidige situasie en konstruktief deel te neem aan die hele proses, wat moeilik haalbaar is in die jonger lewensfases. Dit is egter van wesenlike belang dat die adolessent betrek word by besluitneming en dat soveel as moontlik beheer aan hom gegee word in die vorm van keuses wat beter samewerking kan verseker.

Ouerlike toesig en ondersteuning tydens adolessensie is 'n belangrike taak van die gesin, aangesien 'n aantal riskante gesondheid- en leefstylfaktore sy oorsprong in adolessensie het. Dit sluit in VIGS, substansmisbruik en selfmoord. Daar is jaarliks minstens 250 jongmense onder die ouderdom van 21 jaar in Suid-Afrika wat selfmoord pleeg en volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie het Suid-Afrika die agtstehoogste selfmoordsyfer onder tieners (Department of Social Development 2nd Draft National Policy for Families 2004:32). Hoewel pleegsorg gedurende die fase gekompliseerd kan wees, word dit as meer voordelig vir die adolessent beskou, aangesien individuele aandag en versorging die genoemde risiko's kan verminder.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat pleegkinders oor die algemeen emosioneel, sosiaal, fisies en skolasties kwesbaar is na verwydering en skeiding van hul gesinne. Algemene gevoelens wat deur hulle ervaar word, is angstigheid, onsekerheid, verlies aan selfwaarde en 'n behoefte om te

"behoort-aan". Die verwyderingsproses word as 'n krisis en traumaties ervaar, wat aanleiding kan gee tot skeidingsreaksies en ervarings van verlies. Hierdie reaksies verskil na gelang van die ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer en daarom is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker kennis moet dra van bogenoemde fases, take en moontlike reaksies ten einde die pleegouers voor te berei en doeltreffende dienste aan die kind te kan lewer. Indien hierdie dienste vanuit 'n sterkteperspektief met die fokus op veerkragtigheid (vgl. 4.4.1) gelewer word, kan daarin geslaag word om negatiewe gebeure te omskep in 'n groeigeleentheid en suksesvolle volwassewording. Vervolgens word gefokus op die sterktes en behoeftes van die pleegkind op die individuele vlak van die ekologiese sisteem en fundamentele aspekte vir dienslewering volgens 'n sterkteperspektief.

4.3 FUNDAMENTELE ASPEKTE VAN DIENSLEWERING AAN DIE PLEEGKIND

Die feit dat die kind alreeds in pleegsorg verkeer, is 'n bewys dat daar negatiewe bydraende faktore bestaan wat aanleidend was tot sorgbehoewendbevinding en onvervulde behoeftes, hetsy in die kind self of in die omgewing. Statutêre gronde vir sorgbehoewendheid word in hoofstuk ses (vgl. 6.2.5) bespreek. Dit kom kortliks daarop neer dat kinders wat uitdagende gedrag openbaar en nie deur hul versorgers gehanteer kan word nie, of wat in 'n toestand van liggaamlike of geestelike verwaarlosing, mishandeling of onder afbrekende omstandighede verkeer vanweë die feit dat hulle nie ouers het nie, of oorgelaat is aan die versorging van onverantwoordelike en onbevoegde ouers, voogde of ander versorgers, voor die Kinderhof gebring kan word. Die gronde kan breedweg verdeel word in twee kategorieë, naamlik dit wat oorwegend verband hou met die kind self, byvoorbeeld persoonlikheid en gedrag; of dat dit meer op 'n eksterne vlak soos die ouerhuis geleë is. Vanuit die sterkteperspektief word problematiek en wat alles verkeerd gegaan het in die proses van kinderverwydering as risikofaktore beskou, terwyl die fokus geplaas word op hoe die kind versterk en bemagtig kan word om die pleegsorgsituasie te gebruik tot herstel en heelheid. In hierdie opsig word die toepassing van enkele fundamentele aspekte van die sterkteperspektief ten opsigte die kind vervolgens bespreek.

4.3.1 Veerkragtigheid

Die konsep *veerkragtigheid* word in hoofstuk twee (vgl. 2.7.3) bespreek en is alreeds toepaslik tydens die verskillende ontwikkelingstadiums van kinders (vgl. 4.2) op die pleegkind van toepassing gemaak. Vervolgens word meer spesifiek gefokus op die praktiese bevordering van veerkragtigheid in die pleegsorgsituasie.

Waller (2001:2–5) verwys na navorsing wat in die VSA getoon het dat tweederdes van kinders wat onder riskante omstandighede grootgeword het, sonder ernstige ontwrigting oorleef het. Daar is aanvanklik van die veronderstelling uitgegaan dat veerkragtigheid 'n interne eienskap is waaroor die kind beskik en daar is na hierdie kinders verwys as "*hardy, invulnerable, superkids, stress resistant".* Die beskouing is egter in vier opsigte as problematies beskou, naamlik:

- Eerstens is geen mens altyd of net veerkragtig of net kwesbaar nie; elemente van beide kom in elke persoon voor.
- Tweedens kan volgens 'n ekosistemiese perspektief nie net eensydig gefokus word op interne faktore nie maar op die interaksie tussen die individu en sy omgewing.
- 'n Derde probleem met eensydige fokus op sterk intrinsieke vermoëns beteken by implikasie dat 'n kind wat nie so goed oorleef nie as inherent swak beskou word en geëtiketteer word dat hy alleen vir sy situasie verantwoordelik is. Daar word derhalwe dan vanuit 'n diagnostiese probleemgefokuste model gewerk.
- Vierdens word uitgewys dat kontemporêre Europese-Amerikaanse beklemtoning van onafhanklikheid en dominansie bo die welsyn van die groep nadelig is vir die samelewing. Interafhanklikheid en medeverantwoordelikheid vir mekaar is tot voordeel van die individu en die gemeenskap.

Veerkragtigheid moet dus by die kind gesien word as 'n uitkoms van die wisselwerking tussen individu en omgewing. Wanneer met kinders gewerk word, word veerkragtigheid as 'n bate beskou wat 'n fokus op die kind se sterktes in plaas van op die probleme verseker. Ter aansluiting daarby word verwys na die definisie van Rak en Patterson (1996) wat deur Thompson, Rudolph en Henderson (2004:19) soos volg aangehaal word: "*resiliency in children as the ability to continue to progress in their positive development despite being bent, compressed, or stretched by factors in a risky environment".* Deur verskeie studies is bevind dat slegs 'n minderheid kinders ernstige probleme in hul ontwikkeling ondervind het as gevolg van hoë risikofaktore soos siekte, skadelike toestande, armoede, ouerlike alkoholisme, gesinsdisfunksionering en ander negatiewe faktore. Die meeste van hierdie kinders het die maatskaplike problematiek goed hanteer teen die tyd dat hulle volwassenheid bereik het.

Volgens Grotberg (1995:8) het die *International Resilience Project* veerkragtigheidsfaktore geïdentifiseer waaruit kinders kan put om teenspoed te oorkom en wat in drie hoofkategorieë verdeel is, naamlik: "*I HAVE, I AM, I CAN*", waarvan die betekenis reeds omskryf is. (Vgl. 2.7.3.) Die EK HET-beginsel is geleë in omgewingsterktes en word in hoofstuk vyf tot sewe bespreek. Die EK IS-beginsel het met individuele interne sterktes te make en word daarom in hierdie hoofstuk oor

die individu bespreek. Die EK KAN-beginsel het te make met aspekte wat aangeleer kan word en het daarom betrekking op die individu en sy wisselwerking met die omgewing.

Bogenoemde sluit aan by die mening van Thompson *et al.* (2004:19–20) dat navorsers wat veerkragtigheid by kinders bestudeer tot die gevolgtrekking gekom het dat persoonlike faktore, gesinsfaktore, ander ondersteunende volwassenes en faktore in die selfbeeld as beskerming en buffer kan dien om die kind te help om ten spyte van problematiek te kan groei tot 'n goed aangepaste individu. Schofield (2005:30) beaam dit deur daarop te wys dat kinders sterktes sowel as probleme het wat ontstaan vanuit hul genetiese, gesin van oorsprong- en versorgingsgeskiedenis. Al die aspekte moet binne 'n ekologiese perspektief geplaas word, aangesien die kind se denke en gedrag in die konteks van naby verbintenisse sowel as in die portuurgroep, skool, gemeenskap en kultuur ontwikkel. Die kind se sin vir die self en sy vermoë tot veerkragtigheid in die teenwoordigheid van uitdagings word gebou op hierdie verskillende bestanddele. Derhalwe word daar vir die doeleindes van hierdie hoofstuk vervolgens persoonlikheidseienskappe op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem veerkragtigheid by die kind bevorder, bespreek.

- **Faktore in die persoonlikheid van die kind wat veerkragtigheid bevorder**

Volgens Grotberg (1995:7) is die "*I AM*" een van die drie bronne van veerkragtigheid vir die kind. Hierdie bron is binne die kind geleë en bestaan uit gevoelens, houdings en geloof. As interne bron bly dit lewenslank deel van die kind se lewe en dit kan nie geskep word nie maar wel versterk word deur ondersteuning. EK IS-veerkragtigheid behels 'n persoon:

- van wie mense kan hou of kan liefhê;
- wat daarvan hou om aangename dinge vir ander te doen en wat omgee vir ander;
- wat homself en ander respekteer;
- wat gewillig is om verantwoordelikheid te aanvaar vir die self en ander; en
- wat seker is dat alles in orde sal wees.

Die doel van dienslewering sou dus wees om hierdie interne veerkragtigheidsfaktore te identifiseer en te ontwikkel sodat die kind homself kan sien as 'n persoon met positiewe kwaliteite wat aanvaarbaar is vir homself en ander. Grotberg (1995:11) wys daarop dat veerkragtigheid by kinders bewerkstellig kan word deur die korrekte terminologie te gebruik om gevoelens en houdings hieroor vas te lê. Kinders wat hierdie taal aangeleer het, kan veerkragtigheid in hulleself en ander herken en hulle word al meer bewus van die bevordering daarvan.

Die sterkteperspektief het 'n eie taalgebruik ontwikkel, wat ingestel is op vermoëns en prestasies (vgl. 2.7.10) en die stimulering van gesprekvoering en narratiewe oor veerkragtigheid en sterktes.

Die maatskaplike werker moet sterktegerigte taalgebruik by die kind stimuleer deur name te gee aan veerkragtigheidsfaktore waardeur hy kan agterkom hoe hy tot dusver oorleef het en waarna hy streef. Volgens Grotberg (1995:11) kan dit op die volgende wyse gedoen word.

'n Veerkragtige kind sê …

EK IS:

- Lieftallig en my temperament is aangenaam. Die kind is sensitief teenoor ander se behoeftes en weet dat ander mense van hom hou.
- Liefdevol, empaties en altruïsties. Die kind kan besorgdheid teenoor ander in woorde en in dade uitdruk en wil graag ander help wanneer hulle swaarkry. (Vgl. mededeelsaamheid 4.4.2.)
- Trots op myself. Kenmerkend van so 'n kind is dat hy weet hy is belangrik en trots voel op wat hy is en wat hy bereik het. Hy laat nie toe dat ander hom verkleineer nie en sy selfvertroue help hom wanneer hy probleme ondervind. (Vgl. bemeestering 4.4.2.)
- Outonoom en verantwoordelik. 'n Kind met veerkragtigheid kan dinge op sy eie doen en die gevolge van die gedrag aanvaar. Hy begryp sy beperkinge en besef wanneer hy beheer kon uitoefen en wanneer ander persone daarvoor verantwoordelik is. (Vgl. onafhanklikheid 4.4.2.)
- Vervul met hoop, geloof en vertroue. Die kind glo dat daar vir hom hoop is en dat daar persone of instansies is wat hy kan vertrou. Hy het 'n sin vir reg en verkeerd, glo in moraliteit en goedheid en kan dit uitspreek as geloof in God of 'n hoër geestelike mag.

Dit is duidelik dat veerkragtigheidsfaktore alreeds gestimuleer kan word tydens die gebruik van die ontwikkelingsassesseringsmodel. (Vgl. 4.4.1–4.4.2.) Die hooftaak van die maatskaplike werker sou dus wees om die kind bewus te maak van sukses wat hy reeds behaal het in sy daaglikse stryd om oorlewing en aan hom die nodige woorde gee om sy storie te herskryf sodat dit 'n nuwe en positiewe betekenis aan sy lewe kan gee. Wolin en Wolin (1994:video) is 'n egpaar en onderskeidelik 'n sielkundige en psigiater, wat 'n video saamgestel het oor die opbou van veerkragtigheid in kinders wat onder riskante omstandighede soos mishandeling en substansmisbruik verkeer het. Die kinders het met "*survivor's pride*" bo uiters moeilike omstandighede uitgestyg. Volgens terapeute word die sterkteperspektief gebruik om te voorkom dat kinders hulleself as slagoffers van hul omstandighede beskou en dit dan as verskoning gebruik om vasgevang te raak in omstandighede waaroor hulle geen beheer kan uitoefen nie. Deur op veerkragtigheid te fokus kan die kind met trots aanbeweeg. Die volgende sewe faktore van veerkragtigheid wat bygedra tot die kind se oorlewing word op die video geïdentifiseer:

- Verhoudings: om ’n positiewe verbintenis met ander persone soos ’n onderwyser of substituutouer aan te knoop.
- Insig: die vermoë om te verstaan wat aan die gang is en om die kompleksiteit van die situasie te begryp.
- Onafhanklikheid: die vermoë van die kind om homself van die bron van stres en probleme te skei en op sy eie voort te gaan.
- Inisiatief: die kind neem die inisiatief om sy probleem op te los en sy eie bevoegdheid te bewys.
- Kreatiwiteit: die vermoë om pynlike situasies in geleenthede te verander.
- Humor: deur die humor raak in die negatiewe omstandighede te sien kan die kind homself van die pyn distansieer.
- Moraliteit: die kind leer om in enige omstandighede standpunt in te neem teen die verkeerde en sodoende beter in staat te wees om in die toekoms die regte besluite te neem.

’n Positiewe spieël word vir die kind gehou deur byvoorbeeld dit aan hom te stel dat hy uitstekend gevaar het deur aksies ter oorlewing te neem. Sodoende word “*survivor’s pride*” geskep. Die pyn en probleme kan nie weggeneem word nie, maar die kind weet dat hy ten spyte van omstandighede kan oorleef en goed doen. Dit motiveer hom om voort te gaan en ’n sukses van sy eie lewe te maak.

Waller (2001:5 & 22) bied ’n lys van beskermende faktore by die individu aan wat aansluit by bogenoemde sewe aspekte en wat as buffer kan dien tussen die persoon en risikofaktore wat sy welsyn bedreig: aktiewe, gemaklike en uitgaande temperament, refleksie, positief reagerend tot ander, maak aanspraak op volwassenes, humorsin, hoë intelligensie, probleemoplossende vaardighede, reguleer emosies, verbale kommunikasievaardighede, selfwaarde, hoopvol, herkenning van talente en wat bereik is, vertroue in mense as hulpbronne, sosiale vaardighede, bevoegdhede in normatiewe rolle, empatie, selfvertroue, erkenning van eie doeltreffendheid, sterk positiewe etniese identiteit, geloof en kerklidmaatskap, hoë opvoedkundige aspirasies en skoolverbintenis en ’n sin vir doelgerigtheid.

Aansluitend hierby wys Thompson *et al.* (2004:19) daarop dat kinders met veerkragtigheid aktief deelneem aan probleemoplossing en onderhandel met die wêreld. Hulle toon reeds van kleins af die vermoë om positiewe aandag van ander mense te kry. Hulle het ’n optimistiese uitkyk op gebeurtenisse en is positief oor die betekenis van die lewe. Hierdie kinders is op die uitkyk vir nuwe ervaringe en openbaar ’n proaktiewe lewensbeskouing. Die skrywers haal ook Werner (1984) aan wat beweer dat veerkragtige jongmense op ’n stadium die rol vertolk het van “*required*

helpfulness" deur 'n ander persoon teen ongemak te beskerm, met as resultaat "*an enduring sense of positive change".* Hierdie jongmense het ook die verwagting tot redelik positiewe uitkomste.

Tydens assessering moet daar dus eerstens gelet word op persoonlikheidseienskappe by die kind wat aangewend kan word om risiko's en bedreigende omstandighede te hanteer. Verder moet hulpverleners en pleegouers bewus gemaak word van die proses van bemagtiging deur die aktivering van veerkragtigheid in die kind ten einde suksesvol te funksioneer en uit te styg bo sy omstandighede. 'n Verdere fundamentele aspek wat tydens dienslewering aan die pleegkind in ag geneem behoort te word, is die kind se behoefte aan hegte verbintenisse of om te "behoort-aan".

4.3.2 Basiese behoefte aan verbondenheid of hegtheidsband

Die kind se behoefte om aan 'n spesifieke persoon verbind te wees, asook die reaksie op skeiding van die biologiese ouers en die implikasies vir die pleegsorgplasing, is reeds onder die verskillende ontwikkelingsfases uitgewys. (Vgl. 4.2.) In hierdie bespreking word gefokus op die omskrywing van binding en gehegtheid, sowel as die noodsaak en hantering daarvan in die pleegsorgsituasie.

Bowlby, 'n psigoanalis, word in die literatuur algemeen as die vader van die bindingsteorie beskou, aangesien hy alreeds gedurende die veertigerjare die grondslag daarvoor gelê het. Volgens Bowlby (1984:179–180) vind gedrag met betrekking tot binding plaas wanneer sekere gedragsisteme alreeds by die baba as 'n resultaat van wisselwerking ontwikkel, asook die evolusionêre aanpasbaarheid by die omgewing met spesifieke verwysing na sy wisselwerking met die sentrale figuur in die omgewing, naamlik die moeder. Schultz (2002:27) is van mening dat binding die resultaat is van die wisselwerking tussen moeder en kind. Dit is 'n sirkulêre proses wat reeds by geboorte begin wanneer die baba huil wanneer hy ongemak ervaar. Die moeder reageer daarop deur in sy behoeftes te voorsien, met hom te praat en oogkontak te maak en die baba reageer deur te lag of ander geluide te maak. Die wisselwerking is aangenaam en word in verskillende vorms voortgesit. Indien die baba nie positiewe response uit sy omgewing kry nie, ervaar hy spanning en is dus in 'n toestand van disekwilibrium, wat sy ontwikkeling op alle vlakke ernstig kan benadeel.

Hierdie stelling sluit aan by die teoretiese raamwerk van die studie, naamlik dat die ekologiese perspektief gebaseer is op die evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond van voortdurende wisselwerking met die omgewing. (Vgl. 2.5.1.) Die wisselwerking tussen moeder of versorger en baba fasiliteer die ontwikkeling van die baba se reaksies vanaf ongeorganiseerdheid na doelgerigtheid. Die moeder skep die struktuur waar die baba eerstens emosioneel veilig voel en begin om homself, ander en sy omgewing te verstaan (Schultz 2002:21). Konstante, opregte en liefdevolle bindings en gereelde voorsiening in basiese behoeftes bied aan die kind 'n betroubare

verwysingsraamwerk vir die aanknoop van verskillende verhoudings en 'n basis vanwaar hy die lewe met selfvertroue en waagmoed kan aanpak.

Louw en Louw (1990:220) wys daarop dat die term *gehegtheid* deur psigoloë gebruik word om te verwys na die emosionele verbondenheid wat tussen twee individue ontstaan. Dit het spesifiek te make met die ontwikkeling van binding tussen kind en versorger. Benner (1992:176) sluit hierby aan deur binding te beskryf as die volgehoue affektiewe band tussen kind en versorger. Voortdurende stabiele, affektiewe verbondenheid word as 'n voorvereiste beskou vir gesonde emosionele ontwikkeling en die mislukking daarvan kan lei tot affektiewe beskadiging.

Daar is sprake van bindingsgedrag wanneer die baba tekens toon dat hy sy moeder herken deur byvoorbeeld te glimlag, haar met sy oë te volg en aandui dat hy in haar nabyheid wil wees deur byvoorbeeld te huil as sy die vertrek verlaat (Bowlby 1984:199–201). Bindingsgedrag by die suigeling word basies gekenmerk deurdat hy die nabyheid van die moeder soek, dat hy rustig en tevrede is in haar teenwoordigheid en dat hy protesteer wanneer sy hom verlaat. Hoe ouer die kind word, hoe meer sal hy waag, veral wanneer die moeder teenwoordig is, maar hy neig altyd om terug te keer na haar wanneer hy seerkry of bedreig voel (Bowlby 1984:209). Dit is 'n tipiese bewys van die sekuriteit wat die kind by sy moeder ervaar in die sin wat hy veilig voel om byvoorbeeld nuwe goed te verken in haar teenwoordigheid maar onmiddellik by haar wil skuil indien hy onveilig voel.

Bindingsgedrag word geaktiveer wanneer die kind fisiese ongemak ervaar, onveilig voel, alleen of ongelukkig is en 'n behoefte het om naby die primêre versorger te wees wat hom van beskerming, gemak en versorging voorsien. Wanneer die primêre versorger konstant en gepas op die kind se behoefte respondeer, sal dit vertroue, 'n gevoel van waardering en sekuriteit laat ontwikkel en die kind sal bind met daardie persoon (Schultz 2002:19). Dit wil dus voorkom asof binding gedurende die suigeling- en kleuterfase sterk op die voorgrond is en later oorgaan na elemente van 'n vaste verhouding wat sekuriteit bied en wat doelbewus in stand gehou moet word. Wanneer hierdie binding onderbreek word, soos wat wel in die geval van pleegsorg gebeur, reageer die suigeling (vgl. 4.2.1), voorskoolse kind (vgl. 4.2.2), laerskoolkind (vgl. 4.2.3) en adolessent (vgl. 4.2.4) daarop met ouderdomsverwante skeidingsreaksies wat spesifiek in die pleegsorgsituasie aangespreek moet word.

Gehegtheid is nie beperk tot een persoon nie. 'n Kind wat in isolasie opgroei en slegs aan die moeder geheg is sal probleme ondervind met portuurverhoudinge, hoewel sterk portuurbindinge weer tot 'n mate kan kompenseer vir 'n swak moeder-kind-binding. Aan die anderkant kan moeders wat nie daarin slaag om gesonde gehegtheid met die kind te ontwikkel nie, voorkom dat die kind gesonde portuurervarings kry. Dit kan algemene vrees by die kind laat ontstaan en die vermoë om

verhoudings met ander te bou affekteer (Benner 1992:276–277). Binding is afhanklik van die teenwoordigheid van 'n primêre versorger in veral die lewe van die baba en kleuter en dit word later gebruik as basis om bindings in die breër sosiale konteks aan te gaan. Die wisselwerking tussen moeder en kind lê dus die fondament vir binding en indien dit skade ly, kan dit daartoe aanleiding gee dat die persoon in sy latere lewe probleme ondervind om verhoudings aan te knoop en in stand te hou. Die behoefte aan voordurende stabiele, affektiewe verbondenheid is 'n voorvereiste vir gesonde emosionele ontwikkeling en mislukking in die opbou daarvan kan lei tot affektiewe beskadiging.

Volgens Joubert (2004:s.n.) is binding 'n psigiese verbintenis tussen twee persone wat abstrak en moeilik meetbaar is. Dit ontstaan na aanleiding van 'n proses en het aanvanklik 'n biologiese komponent wat oorgaan in 'n psigiese komponent soos wat die verhouding voortduur. Binding is oordraagbaar en breekbaar, maar dit moet in stand gehou word, wat impliseer dat ouers voortdurend daaraan moet werk solank as wat hulle kinders het. Tot op die ouderdom van drie jaar is binding aktiveerbaar; daarna is dit moeilik om vanself te aktiveer. Tog kan dit met behulp van terapie herstel word tussen die ouderdom van 10–12 jaar. Daarna is dit egter onherstelbaar.

Die implikasies van bogenoemde vir pleegsorg is dat kinders wat voor die ouderdom van drie jaar verwyder word makliker met die pleegouers bind. Aan die anderkant sal die binding tussen kind en biologiese ouer skade ly vanweë die fisiese skeiding. Die maatskaplike werker moet bewus wees van hierdie beginsel van binding ten einde so spoedig as moontlik aandag te skenk aan permanensiebeplanning (vgl. 3.10) vir kinders onder 12 jaar wanneer binding nog geredelik kan plaasvind. Dit verklaar ook waarom pleegsorg gedurende adolessensie meer gekompliseerd raak deurdat nuwe bindings nie werklik kan plaasvind nie en daar dan gefokus moet word om slegs 'n werkbare verhouding tussen die adolessent en die pleegouer op te bou.

Hierdie afleiding word bevestig deur Sargent en O'Brien (2004:32–33), wat verwys na studies in Brittanje wat handel oor gedrags- en emosionele probleme wat deur kinders in die formele versorgingsisteem ervaar word en wat getoon het dat probleme met betrekking tot binding op die voorgrond is. Aanleidend hiertoe is waarskynlik 'n gebrek aan plasingstabiliteit in die kind se lewe. Die afleiding kan gemaak word dat baie van die emosionele probleme wat die kind in pleegsorg ervaar waarskynlik verband hou met 'n gebrek aan of verbreking van binding gedurende die kinderjare en dat die noodsaaklikheid van permanensiebeplanning derhalwe deur bogenoemde bevestig word.

Benewens die feit dat die kind 'n spesifieke behoefte aan 'n verbintenis met 'n versorger het, is dit ook volgens kinderregte 'n basiese reg. (Vgl. 6.2.3.) In die geval van pleegsorg is binding meer gekompliseerd, aangesien daar meer as een stel ouers by die kind betrokke is. Wat dit nog

moeiliker maak, is dat die binding tussen die biologiese ouer en kind fisies verbreek word deur verwydering en dat ŉ nuwe tydelike binding met die pleegouer aangegaan moet word tot tyd en wyl uitvoering gegee is aan permanensiebeplanning, hetsy deur gesinsherstel, langtermynpleegsorg of aanneming.

Tydens dienslewering aan die pleegkind is kennis oor binding, gehegtheid en die hantering van binding- of gehegtheidsgedrag ŉ voorvereiste. Ten einde die pleegkind te bemagtig behoort bystand verleen te word om interne kragte te ontdek en te aktiveer sodat die vertroue in homself en sy versorgers herstel kan word en die gevoel van "behoort-aan" daardeur bevestig word.

4.3.3 Die ontdekking van sterktes

Sterktes kan ontdek word deur die toepassing van veral luister en vraagstelling as vaardighede gedurende onderhoudvoering en assessering van die kliënt. De Jong en Miller (1995:14) verwys na die "*miracle question*" waarmee onderhoude begin kan word om te verseker dat daar op sterktes en nie op probleme gefokus word nie. Die werker kan byvoorbeeld vra wat anders sal wees indien ŉ wonderwerk oornag terwyl die kind slaap plaasvind wat die probleem oplos. Die kind is egter onbewus daarvan. Wat sal gevolglik anders wees, wat daarop dui dat die probleem nie meer bestaan nie? Hierdie vraag kan aanleiding gee tot ŉ reeks vrae wat die aandag weglei van die probleem as sulks en fokus op die formulering en bereiking van doelwitte, soos byvoorbeeld:

- Wat sal die eerste ding wees wat jy waarneem nadat die wonderwerk plaasgevind het?
- Wat kan ander mense oor jou waarneem wat hulle die idee kan gee dat dit beter met jou gaan?
- Wanneer ander mense dit waarneem, wat mag hulle dalk anders doen?
- Wanneer hulle dit doen, wat sal jy doen?
- Wanneer jy dit doen, wat sal anders wees rondom jou?

Terwyl die kliënt met die vrae worstel, kan ŉ aanvoeling vir verandering en groei na ŉ spesifieke doel waarskynlik begin ontwikkel. Ander soorte vrae wat gestel kan word, soos reeds bespreek (vgl. 2.7.8), is oorlewings-, ondersteunings-, uitsonderings-, moontlikheids- en agtingsvrae. Die sterkteperspektiefpraktyk gaan dus oor die inwerkingstelling van die werker-kliënt-verhouding deur die toepassing van die basiese beginsels van bemagtiging, lidmaatskap, veerkragtigheid, heling, dialoog en herstel van vertroue (vgl. 2.7.3), wat doelbewus tydens die stappe in die hulpverleningsproses aangewend word deur die erkenning van die pyn, stimulering van gesprekvoering, optrede binne konteks en beweging na normalisering. (Vgl. 2.7.8.)

Daar word nie verder uitgebrei op hulpverlening nie, aangesien dit nie die fokus van die studie is nie. Assessering as sodanig word egter van toepassing gemaak op die pleegkind as individu ten einde sy fisiese, emosionele, kognitiewe, maatskaplike en geestelike behoeftes en sterktes te analiseer.

4.4 ASSESSERING VAN DIE KIND

Volgens Benner (1992:32) is dit onmoontlik om die kind se vermoëns en onvermoëns te bepaal sonder inagneming van die opset waarin hy funksioneer. 'n Ekologiese assessering behoort die kind se gedrag en sy omgewing in te sluit, maar ook 'n analise van die omstandighede, wat moontlik sy vermoëns kan verhoog. Die ekologiese en sterkteperspektief kan doeltreffend gebruik word in die assessering van die kind, aangesien eersgenoemde 'n holistiese assessering afdwing en laasgenoemde fokus op die positiewe en wat aangewend kan word om die kind te stimuleer om sy potensiaal te ontwikkel. Dit sluit ook aan by die mening van Skidmore *et al.* (1994:2000) wat dit as die taak van die maatskaplike werker beskou om die kind se sterktes en beperkinge te assesseer en om nood en hulpbronne op mekaar af te stem ten einde doelbereiking te bewerkstellig.

Assessering wat vir die doeleindes van hierdie studie bespreek word, fokus op die welstand van die kind met betrekking tot sy versorgingsposisie, aangesien die kind in pleegsorg beland omdat daar nie voldoende in sy versorgingsbehoeftes voorsien is nie en hy reeds deur die Kinderhof sorgbehoewend verklaar is. Die doel van die assessering is dus om te bepaal of pleegsorg doeltreffend in die kind se behoeftes kan voorsien en watter individuele pleegsorgplan saamgestel moet word ten einde permanensie aan sy versorgingsbehoeftes te voorsien.

Volgens McFadden (1985:592) behoort die volgende vrae gevra te word tydens assessering van die kind se versorgingsituasie:

- Is alle ondersteunende en aanvullende dienste reeds gelewer?
- Kan dagsorg- of tuishulpdienste doeltreffend aangewend word?
- Is daar familie, vriende of peetouers wat gebruik kan word as pleegouers en wat sou die ouers se reaksie hierop wees?
- Kan dit dalk meer stres tot gevolg hê indien familie gebruik word?
- Hoe groot is die risiko werklik vir die kind en die gesin en is dit nodig om die kind dadelik elders te plaas, of is daar tyd vir beter beplanning en dienslewering?
- Wat sal die voordele vir die ouers wees indien die plasing realiseer?

Antwoorde op die vrae is dus rigtinggewend vir die besluitnemingsproses oor waar die kind se behoeftes die beste bevredig kan word. Dit kan ook beskou word as deel van die analise van die ekologiese konteks waarbinne die kind beweeg.

Die oomblik wat 'n kind uit ouerlike sorg verwyder word, is die staat verantwoordelik vir sy welsyn. Volgens Bass *et al.* (2004:10) moet die kind se behoeftes onmiddellik aangespreek word deur 'n aanvanklike assessering wat gereeld en deurlopend opgevolg behoort te word. Individuele gevalle-werkplanne behoort ontwikkel te word ooreenkomstig die kind se behoeftes, gesondheidstoestand, volgens sy ontwikkelingstadium en moet ouderdomsgepas wees met sensitiwiteit vir kulturele aspekte. Die meeste kinders wat in die pleegsorgsisteem opgeneem word, was alreeds blootgestel aan omstandighede wat hul ontwikkeling ondermyn het wanneer die gronde vir verwydering soos hierbo uiteengesit, in ag geneem word. Volgens dié navorsers is pleegkinders meer geneig om gedrags- en emosionele probleme te ervaar en het hulle gewoonlik opvoedkundige agterstande, is nie betrokke by buitemuurse aktiwiteite nie, en ervaar hulle meer fisiese en geestesongesteldhede as die gemiddelde kind.

In hierdie studie word volgens die sterkteperspektief op die kind gefokus en daarom word die kind nie probleemgerig geassesseer nie, maar word daar eerstens gefokus op sterktes wat as basis gebruik word om behoeftes aan te spreek. In die praktyk word die ontwikkelingsassesseringsmodel normaalweg deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en nieregeringsorganisasies gebruik wat kinder- en gesinsorgdienste lewer. Die ontstaan en basiese beginsels van die model en hoe dit aansluit by die sterkteperspektief word vervolgens uiteengesit.

4.4.1 Ontwikkelingsassesseringsmodel

Die model is gebaseer op die sirkel van hoop (*"circle of courage*") van Brendtro, Brokenleg en Van Bockern (1992). Die skrywers het 'n "... *model of youth empowerment called the Circle of Courage"* in hul boek *Reclaiming Youth at Risk* (1992) voorgestel. Die model is gebaseer op kontemporêre ontwikkelingsnavorsing, die erfenis van vroeë pioniers en die filosofie oor kinderversorging van Amerikaanse inboorlinge. Dit berus op vier kernwaardes, te wete: "behoort-aan" of geborgenheid (*"belonging*"), bemeestering (*"mastery"*), onafhanklikheid (*"independence"*) en mededeelsaamheid (*"generosity"*) (Reclaiming Youth Network: s.a.:1).

Die sirkel van hoop word voorgestel as 'n wiel met vier speke van ondersteuning wat die wiel in die spoor moet hou en versterk. Daar word geglo dat al vier dele van die individu se sirkel heel moet wees om 'n selfversekerde benadering tot die lewe te hê. 'n Gebrek aan sterkte in enige van die vier areas van ontwikkeling kan aanleiding gee tot emosionele of gedragsprobleme (The Circle of Courage 2002:1). Die sirkel van hoop het geen skerp rande nie en dien as 'n versorgingsraamwerk

weg van isolasie en wanhoop binne 'n gemeenskap van liefde en sorg (Cunningham Children's Home s.a.:1).

Figuur 6: Sirkel van hoop



(Bron: The Circle of Courage 2002:1)

Die heel sirkel met vier speke stel 'n gemeenskap van liefde en versorging voor. Die aparte dele van die sirkel is interafhanklik van mekaar en wat in die een gebeur het 'n invloed op die ander en alles wat binne die sirkel gebeur; dus die sistemiese effek.

Antropoloë het lankal reeds besef dat Indiane, anders as Westerse kulture, nie gehoorsaamheid afdwing of lyfstraf toepas nie, maar liewer dapperheid en eerbied by hul kinders vaslê wat op dié vier waardes gebaseer is. In die tradisionele familiesisteem word die broers en susters van die ouers ook as die kinders se moeders en vaders beskou en daar word ook na neefs en niggies as broers en susters verwys. Dit sluit aan by die Afrika-gesegde van "(*i*)*t takes a village to raise a child"* (Brokenleg 1998:2).

Hoewel die sirkel van hoop sy oorsprong het by die Amerikaanse inboorlinge/Indiane se lewensfilosofie oor kinderversorging van opvoeding en bemagtiging, sluit dit nou aan by die moderne holistiese benadering oor kinderopvoeding (Cunningham Children's home s.a:1). Die Howard Center for Human Science in die VSA (s.a.:1) beskou die sirkel van hoop as 'n sterktegebaseerde benadering om met kinders te werk. In die Reclaiming Youth Network (2005:2) se kalender vir opleidingsgeleenthede om te werk met kinders met uitdagende gedrag, word dit ook aangedui as 'n noodsaaklike sterktegebaseerde strategie vir almal wat met jeugdiges en gesinne in skool- en gemeenskapsverband werk. Dit is dus duidelik dat moderne geesteswetenskaplikes en instansies wat veral werksaam is in die veld van kinder- en jeugsorg gebruik maak van die

beginsels van die sirkel van hoop. Dit word beskou as basiese behoeftes wat enige kind of individu ervaar en wat betekenis aan die lewe gee.

Betreffende die praktiese toepassing daarvan in Suid-Afrika, wys Swart (2001:47–48) daarop dat die behoeftes van "behoort-aan", onafhanklikheid, bemeestering en mededeelsaamheid interafhanklik is van mekaar en indien een of meer daarvan nie bevredig word nie, sal dit aanleiding gee tot 'n toestand van disekwilibrium in die kind se lewe. Die sirkel moet dus heel wees. Hierdie benadering sluit nou aan by die holisme van die ekologies-sistemiese perspektief, waar onderlinge transaksies en wedersydse beïnvloeding van faktore in die kind self en in sy omgewing tydens assessering en dienslewering in ag geneem moet word. Die ontwikkelingsassesseringsmodel kan dus doeltreffend aangewend word om die kind se sterktes en behoeftes te bepaal en sodoende te verseker dat hy in die mees bemagtigende en mins beperkende opset geplaas word. Die assessering is op alle vlakke binne die raamwerk vir dienslewering van toepassing, maar is veral belangrik by vlakke twee, drie en vier. (Vgl. 3.7.1.) In die praktyk beteken dit dat assessering 'n proses is wat begin sodra risiko's in terme van die kind geïdentifiseer is en dat dit deurlopend tot en met terminering plaasvind ten einde te verseker dat dienslewering in die beste belang van die kind geskied.

Die beginsels waarop die ontwikkelingsassesseringmodel gebaseer is, sluit nou aan by die sterkteperspektief soos uiteengesit (vgl. 2.7.4) en waarna vervolgens telkens tussen hakies verwys word in die betrokke gedeeltes. Die beginsels van ontwikkelingsassessering sluit die volgende in (Viviers 2001:15):

- Elke individu het enorme potensiaal wat ontwikkel kan word. (Dit is 'n algemene beginsel van die sterkteperspektief dat elke individu oor unieke bates, hulpbronne, wysheid en kennis beskik wat waargeneem moet word as potensiaal om probleme te beveg en doelwitte te bereik.)
- Ontwikkeling kan nie geforseer word nie – dit kan slegs ondersteun en versorg word. (Hier geld die beginsel van samewerking tussen kliënt en hulpverlener en dat 'n vennootskap gevorm word waar saam met die kliënt, en nie vir homnie,hulpverleningsplanne ontwikkel word nie. Elke persoon is verantwoordelik vir sy eie herstel en moet die bestuurder wees van sy doelwitbeplanning. In die geval van 'n kind wat nog jonk is of ontwikkelings-agterstande ervaar vanweë mishandeling of verwaarlosing, behoort die kind op 'n kindervriendelike wyse soos spelterapie waardeur ontwikkeling gestimuleer kan word, geassesseer te word.)

- Elke individu het sterktes en dit kan gebruik word om probleme aan te spreek. (Hiervolgens beskik elke individu, groep, gesin en gemeenskap oor sterktes en die moontlikheid van groei en ontwikkeling is altyd daar.)
- Elke individu moet begryp en benader word as ’n geïntegreerde geheel op enige tydstip. (Ingevolge die beginsel moet daar geluister word na kliënte se stories, hoop en vrese, in plaas daarvan om vinnig assessering te doen volgens vaste riglyne met die klem op dit wat nie in plek is nie. Deur na die persoon se storie te luister, word ’n geleentheid verkry om te luister na sy pyn en hoe hy tot dusver oorleef het.)
- Etikettering en kategorisering van mense is geensins bevorderlik vir ontwikkeling nie. (Daar word gefokus op sterktes en vermoëns en nie op diagnoses, tekortkominge, simptome en swakhede nie.)
- Daar is geen spesialiskenners nie – slegs leerders wat almal op ’n ontwikkelingsreis is. Kinders en jeugdiges is die werklike kenners van hul eie ontwikkeling, want hulle ken hulleself die beste. (Hulpverleners en kliënte word gesien as interafhanklik van mekaar se ervaring, kennis en vaardighede. Kliënte se kennis en beskouing mag nie onderskat word nie.)
- Ontwikkeling geskied lewenslank – elke individu het die kapasiteit om te groei en te verander.
- Foute beteken nie dat die persoon gefaal het nie – dit moet beskou word as geleenthede vir groei en ontwikkeling. (Trauma en mishandeling, siekte en strydvoering word beskou as insidente wat seermaak, maar kan dien as bronne tot uitdagings en geleenthede.)
- Elke krisis is ’n geleentheid vir leer, verandering en groei. (Mense wat ’n daaglikse stryd voer, beskik alreeds oor veerkragtigheid deurdat hulle oorleef.)
- Wanneer individue hulleself verskillend ervaar, is hulle in staat om anders oor hulleself te dink en dan tree hulle ook anders op. Persone wat ontwikkelingsgerig benader word, kry die ervaring van bevoegdheid en hoop, wat kan aanleiding gee tot gedragsverandering. (Bemagtiging.)
- Die hede en die toekoms is belangriker as die verlede. (Volgens die sterkteperspektief word daar eerder op gefokus om mense te help om drome te ontwikkel, doelwitte dienooreenkomstig te formuleer en eienaarskap te neem ter realisering daarvan. Daar word op kennis van die verlede en huidige sterktes gebou.)

Die ontwikkelingsbenadering gaan dus primêr daaroor dat individue bemagtig word om hulself te ervaar as ’n geïntegreerde geheel en as bevoeg op enige gegewe tydstip, maar ook gedurende die verloop van tyd. Hiervolgens is die sentrale fokus van assessering op potensiaal en sterktes gerig en die vermyding van etikette en probleemgerigtheid, en daarom ervaar die persoon homself dan

anders, naamlik waardevol, belangrik en as deel van ander op weg na heling en word hoop sodoende ontwikkel.

4.4.2 Assessering van ontwikkelingsbehoeftes van kinders

In Suid-Afrika het die Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk (1998:2) aanbeveel dat kinders en jeugdiges volgens die vier ontwikkelingsbehoeftes soos uiteengesit deur Brendtro, Brokenleg en Van Bockern (1992), soos volg geassesseer word:

- **Geborgenheid** (Vgl. binding onder 4.3.2.)

Volgens die Inter-Ministerial Committee for Young People at Risk (1998:2), word geborgenheid gedefinieer as "... *a deep sense of relationship or attachment with other human beings*." Dit het te make met die kind se sin vir verhoudings of binding met ander individue en word gereflekteer in die sin van "behoort-aan", omgee, liefde, gemeenskap en respek vir mekaar en vir die natuur.

Die volgende vrae kan tydens die assessering van die kind gevra word:

- Hoe voel die kind waar hoort hy – sy verbondheid met betekenisvolle persone in sy lewe soos ooms, tantes of ander kinders?
- Wat is die aard van sy verhoudings, identiteit en welstand met sy familie, vriende, portuurgroep, godsdienstige en kulturele verbintenisse?

Die doel van hierdie vrae is om te bepaal waar die kind se "behoort-aan" geleë is ten einde 'n aanbeveling oor sy plasing te maak. Dit is egter nie so 'n eenvoudige taak vir maatskaplike werkers om kinders se gevoelens van "behoort-aan" te assesseer nie, aangesien verwaarlosing en mishandeling en die ervaring van statutêre ingryping emosioneel oorweldigend is vir die kind. Gevoelens word dikwels geassesseer op grond van die kind se gedrag en wat hy sê, terwyl beide van hierdie bronne nie so probleemvry is dat panele, forums of howe dit alleen kan gebruik vir besluitneming oor alternatiewe sorg nie. Daarom is dit belangrik "... *to start by thinking about children's emotional development and the ways in which feelings are both felt and expressed*" (Schofield 2005:31).

Die kind se vermoë om sy gevoelens in woorde uit te druk is afhanklik van sy ervaring van nabyheid in verhoudings, die betekenis wat hy heg aan spesifieke emosies en die ontwikkeling van taalvaardigheid in gesprekvoering met ander; dus die vlak van sy sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling. (Vgl. 4.2.) Ervaringe van gesonde bindings en sensitiewe versorging stel die kind in staat om te onderskei tussen geluk en hartseer, liefde en woede, vertroue en vrees, aangesien hulle dit kon waarneem by hul versorgers. Sulke kinders kan gewoonlik emosies op 'n

aanvaarbare wyse ervaar en uitdruk en ook mettertyd ander mense se emosies lees en verstaan sonder die vrees om daardeur oorweldig te word. Aan die ander kant ontwikkel verwaarloosde en mishandelde kinders soms valse positiewe strategieë om hul gevoelens te beheer en sodoende aan die veilige kant te bly. Hulle kan ook reageer met weerstand en vermydingsgedrag deur te weier om enige gevoelens te openbaar, ambivalensie of 'n vertoning van gevoelens om aandag te trek. (Vgl. 4.6.1.) Sorgbehoewende kinders ervaar gewoonlik disfunksionele bindinge en wangedrag met 'n boodskap van "... *keep your distance, I can't trust you"* (Schofield 2005:33). Daarom is dit moeilik om die kind se "behoort-aan" te assesseer, aangesien hy 'n valse front kan voorhou om veilig te speel of vrees om ware gevoelens bloot te lê en dit verbloem deur weerstand of onaanvaarbare uitdrukking van emosie.

Volgens Schofield (2005:33) is dit daarom belangrik dat die assessor goed ingelig moet wees oor die ontwikkelingsprosesse van kinders en hoe die uitdrukking van hul emosies daardeur geraak kan word. Alvorens gevolgtrekkings oor kinders gemaak word, moet inligting bekom word oor hul agtergrond en gedrag in verskillende situasies en die wyse waarop gevoelens gekommunikeer word. Verder is dit uiters noodsaaklik om noukeurig na kinders te luister terwyl hulle fyn waargeneem word.

Die assessering van "behoort-aan" kan nog verder gekompliseer word deur die feit dat kinders "... *may want to belong in different ways to several families*" (Schofield 2005:40). Dit kan wees dat 'n kind betrokke is by uitgebreide families waar verskillende persone verskillende rolle in sy lewe vervul. In sodanige gevalle moet hierdie persone of gesinne tydens assessering,sowel as die betekenisvolheid van die binding geïdentifiseer word sodat dit as 'n sterkte en ondersteuningsbasis vir die kind kan dien in wat die aard van die alternatiewe sorg ook al mag wees waarop besluit word.

Die assessering van verbondenheid het dus met 'n intense sin van binding en verhoudings te make wat noukeurig geassesseer moet word alvorens tot 'n gevolgtrekking daaroor gekom word. Betreffende pleegsorg is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker in staat sal wees om kennis oor binding (vgl. 4.3.2) en ontwikkelingsfases en -take (vgl. 4.2) van kinders sinvol te integreer ten einde in staat te wees om verbondenheid te assesseer en tot 'n gevolgtrekking te kom oor waar die kind in pleegsorg geplaas behoort te word.

- **Bemeestering**

Volgens Benner (1992:282) het bemeestering te make met motivering. Indien daar 'n gebrek aan motivering by die kind is om betrokke te raak by aktiwiteite, sal daar min geleenthede vir hom wees om vaardighede te ontwikkel. Die kind se motivering word beïnvloed deur fisiese faktore soos

motoriese beperkinge, wat dit vir hom moeilik maak om eenvoudige take te verrig, sosiale faktore soos die volvoering van portuurgroeptake en emosionele faktore soos interaksie met die primêre versorger. Benner (1992:283) verwys na navorsing wat gedoen is deur Gaensbauer, Mrazrk en Harmon (1981), waar gevind is dat die verwaarloosde kind ongeïnterreseerd is in speelgoed, terwyl die mishandelde kind die kamer en die speelgoed op 'n destruktiewe wyse eksploreer. Hieruit word die afleiding gemaak dat sosiale deprivasie aanleiding kan gee tot 'n gebrek aan bemeestering deurdat die kind nie op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse gestimuleer en gemotiveer word om sy omgewing te verken en te ontwikkel nie.

Die Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk (1998:6) definieer bemeestering as "... *a deep sense of competence and capacity which comes from the ability to successfully complete the appropriate developmental tasks and funcion effectively in family, community and society each day*." Dit het dus te make met die bevoegdheid en die vermoë om binne die gesin en gemeenskap volgens verwagte ontwikkelingsfases en -take te funksioneer. Elke jong persoon het 'n intense behoefte aan bemeestering en om suksesvol te wees, wat daarop neerkom dat sy potensiaal verwesenlik behoort te word. Vrae wat in die verband tydens assessering gevra kan word, is onder andere:

- Wat is die kind se algemene bevoegdheid met betrekking tot vaardighede, aktiwiteite, spesiale talente en behoeftes, sowel as probleemoplossingsvaardighede?
- Oor watter sosiale, emosionele en algemene lewensvaardighede beskik hy, byvoorbeeld aanpassingsgedrag en taalgebruik in gesprekke, toepaslike hantering van 'n verskeidenheid eise en situasies, gevoelsuitdrukking sonder om andere te na te kom, die vermoë om nee te sê in ongemaklike situasies, die hantering van geld, persoonlike doelwitte en die gebruik van vrye tyd?
- Wat is die kind se opvoedingspeil met betrekking tot skoolvordering, belangstelling in skoolwerk, houding en motivering, voltooiing van huiswerk, skoolbywoning en toekoms-beplanning?

Tydens die assessering van bemeestering is dit belangrik dat die maatskaplike werker oor 'n kennis van die onderskeie ontwikkelingstadia en verwagte take wat bemeester behoort te word sal beskik (vgl. 4.2) om sodoende te kan bepaal of mylpale bereik is. Deur bemeestering te ervaar, word die kind bemagtig en dien dit as motivering tot verdere groei en ontwikkeling, assook om beheer te neem oor interne en eksterne aspekte.

- **Onafhanklikheid**

Die Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk (1998:9), omskryf onafhanklikheid as "... *a deep sense of inner control or discipline and the ability to make responsible choices and decisions".* Dit het dus te make met die vermoë om keuses uit te oefen en om verantwoordelikheid vir besluite te aanvaar. Vrae wat tydens assessering gevra kan word, kan die volgende insluit:

- Beskik die kind oor interne kontrole en verantwoordelikheid, dissipline, geduld, 'n nie-veeleisende houding, luistervermoë, beheer oor eie humeur/aggressie, konsentrasie, om te dink voor optrede, kan keuses gemaak en besluite uitgevoer word en word take voltooi?
- Neem die kind verantwoordelikheid vir gevoelens en optrede volgens wat verwag word van sy ontwikkelingsfase of kry 'n tienjarige byvoorbeeld emosionele uitbarstings wat van 'n tweejarige te wagte kan wees?
- Kan die kind weldeurdagte ontleding voor optrede doen, byvoorbeeld by die aanwending van sakgeld?

Die kernvraag wat by die assessering van onafhanklikheid beantwoord moet word, is of die kind in staat is om beheer en verantwoordelikheid te neem vir sy optrede en of besluite geneem kan word wat pas by sy spesifieke ontwikkelingsvlak. Dit is uiters belangrik dat die kind na selfstandigheid binne die nodige ondersteuning en infrastruktuur moet kan beweeg wat deur volwassenes geskep word.

Die ontwikkeling van onafhanklikheid kan volgens Schofield (2005:37–39) nie bereik word sonder die kognitiewe vermoë om te dink oor die self, ander en die wêreld nie. Kognitiewe vermoëns bestaan uit komponente soos: genetiese herkoms, byvoorbeeld intelligensie; ouderdom en ontwikkelingstadium; omgewingsinvloede soos voeding en komplikasies tydens swangerskap, byvoorbeeld fetale alkoholsindroom; en die kwaliteit van verhoudings in die omgewing. Daar is reeds onder die verskillende ontwikkelingstadiums (vgl. 4.2) verwys na kognitiewe ontwikkeling en dat kinders se denke vanaf oorwegend sensories gedurende die babastadium beweeg na konkreet en reëlgebonde in die middelkinderjare en uiteindelik tot meer abstrakte denke in adolessensie. Die implikasie van denkverskuiwing na verhoogde kompleksiteit en abstrahering het 'n betekenisvolle invloed op die assessering van die vaardighede in bemeestering by kinders, byvoorbeeld die tipe vrae wat aan jonger kinders gestel word, verskil van dié wat aan adolessente gestel word. Kognitiewe vermoëns en die maak van keuses het ook 'n direkte verband met mekaar. Daar kan nie van kinders verwag word om keuses te maak indien hulle nie kognitief die implikasies daarvan kan besef nie. Wanneer getraumatiseerde kinders se vermoëns om keuses te maak geassesseer word, moet in ag geneem word dat dit moeilik en pynlik vir hulle is om gevoelens en

gedagtes oor alternatiewe sorg te eksploreer en dat hul vermoë tot besluitneming hierdeur negatief beïnvloed kan word.

Schofield (2005:37–38) wys ook daarop dat denkverskuiwings tydens kinderontwikkeling nie sommer outomaties plaasvind nie, maar afhanklik is van onderrig, steun en die stimulasie deur versorgers en die omgewing. Verwaarloosde en mishandelde kinders het gewoonlik 'n swak sin vir die self en is onseker oor hoe om in verhoudings te reageer. Die implikasie hiervan vir pleegsorg kan wees dat dit die wisselwerking met pleegouers kan benadeel deurdat sorgbehoewende kinders dikwels nie normaal binne gewone dag-tot-dag sosiale wisselwerking kan respondeer nie, bloot omdat hulle nie normaal gesosialiseer het nie.

Assessering van onafhanklikheid moet binne die konteks van verwagte kognitiewe vermoëns vir die bepaalde ontwikkelingsvlak waarin die kind verkeer, gedoen word, inaggenome die moontlike invloed wat traumatiese gebeure kon uitoefen. Ervaring in verhoudings en wisselwerking met die kind se onmiddellike omgewing soos die gesin, uitgebreide familie, portuurgroep, skool en breër sosiale konteks sal ook 'n bepalende invloed op assesseringsresultate uitoefen en word dus volgens die ekologiese perspektief gedoen ten einde 'n holistiese beeld te vorm. Dit is egter belangrik om volgens die sterkteperspektief te fokus op potensiaal en die kind alreeds deur die assesseringproses te versterk en bewus te maak van die ontwikkeling van sy vermoëns om take te bemeester en keuses uit te oefen oor waar en by wie hy byvoorbeeld graag sou wou bly. Daardeur kry die kind die boodskap dat hy belangrik genoeg is en dat sy mening in ag geneem word.

- **Mededeelsaamheid**

Mededeelsaamheid word deur die Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk (1998:10) omskryf as "... *a deep sense of being needed and valuable, together with a desire and ability to contribute positively to the lives of those with whom the young people lives and comes into contact every day*." Hierdie ontwikkelingsbehoefte het te make met die vermoë om waardevol te wees en vir ander iets te beteken. Dit gee sin en betekenis aan die menslike bestaan. Tydens assessering kan op die volgende gelet word:

  - Gee die kind om vir die mense met wie hy gereeld kontak het en is hy mededeelsaam en hulpvaardig?
  - Maak hy gebruik van geleenthede om aan te dui dat hy omgee; geniet hy dit om ander te help; kan hy uitdrukking gee aan sy omgee; en kan hy besittings soos byvoorbeeld speelgoed deel?

Mededeelsaamheid is 'n belangrike ontwikkelingsbehoefte waarin voorsien moet word, aangesien omgee, deel en hulpvaardigheid noodsaaklike elemente uitmaak van verhoudings en die kind

daarvoor toegerus moet word vir sy volwasse lewe. Kinders wat mededeelsaamheid nie verstaan nie, sal dit moeilik vind om verhoudings te bou en in stand te hou.

Die vier ontwikkelingsbehoeftes van die kind, naamlik geborgenheid, bemeestering, onafhanklikheid en mededeelsaamheid word as basis gebruik om die kind se sterktes en behoeftes te assesseer. Dit is egter belangrik dat dit teen die agtergrond van die kinders se ontwikkelingsfases en -take gedoen word sodat daar realistiese verwagtinge aan hul vermoëns gestel word.

In die konteks van die studie wat handel oor pleegsorg sou dit ook gepas wees om aan te dui hoedat die kind in 'n krisis geassesseer behoort te word, met besondere verwysing na die identifisering van risikofaktore wat onmiddellike beveiliging noodsaak. Aangesien sodanige assessering nie net op die kind kan fokus nie, maar ook veral op die versorgingsposisie, word krisisassessering volledig in hoofstuk vyf, wat oor die gesinsvlak handel, bespreek. (Vgl. 5.5.2.) Vervolgens word meer spesifiek gelet na die proses wat tydens assessering met die kind as individu volgens die sterkteperspektief gevolg behoort te word, aangesien dit die ideale uitgangspunte (vgl. 2.7.3) en beginsels (vgl. 2.7.4) bied waarvolgens die ontwikkelingsassessering-model toegepas kan word.

4.4.3 Die assesseringsproses

Assessering verloop volgens 'n bepaalde proses en aldus Fouché en Delport (1997:45–50) kan die volgende fases in die proses onderskei word:

- Definiëring van die konteks waarbinne die assessering plaasvind waartydens sekere faktore geanaliseer en beskryf word, soos:
    - Watter probleem of behoefte word deur die kliëntsisteem voorgehou?
    - Watter kliëntsisteem word deur die hulpverlener geïdentifiseer as die teikengroep vir assessering, byvoorbeeld die individu, gesin, groep of gemeenskap?
    - Is die teikengroep gereed of gemotiveerd vir verandering?
    - Watter omgewings en persoonlike faktore soos ekonomiese realiteite, beperkte beroepsvaardighede of persoonlikheidseienskappe is teenwoordig wat die assessering kan beïnvloed?
    - Watter kulturele faktore is teenwoordig en tot hoe 'n mate behoort dit in ag geneem te word tydens assessering?
    - Beskik die kliëntsisteem sowel as die hulpverlener oor die vermoë om die assessering te implementeer?

- Die keuse van 'n toepaslike paradigma of teoretiese raamwerk waarbinne die assesseringsproses op 'n professionele wyse toegepas kan word (Fouché & Delport 1997:46). In hierdie geval word assessering vanuit 'n sterkteperspektief binne ekologiese konteks gebruik.

- Die selektering van 'n toepaslike assesseringstegniek is aldus Fouché en Delport (1997:46–50) die laaste fase in die proses. Daar bestaan verskeie assesseringstegnieke en daar is nie 'n besliste regte of verkeerde tegniek nie. Die een is dalk net meer toepaslik vir die omstandighede as die ander. Elke assesseringstegniek beskik oor sy eie vrae, antwoorde en resultate, en verskillende opsies behoort deur elke hulpverlener in verskillende situasies oorweeg te word. Assesseringstegnieke wat gebruik word, is byvoorbeeld gestandaardiseerde skale, vraelyste, kontrolelyste, onderhoudvoering, speletjies, onvoltooide sinne, genogramme en verskeie ander.

Die fases in die assesseringsproses bestaan derhalwe eerstens uit kliëntfaktore soos persoonlike, omgewings- en kulturele behoeftes en vermoëns, die teoretiese raamwerk, en die assesseringstegnieke wat gebruik word. Cowger en Snively (2002:115) sluit grootliks aan by bogenoemde proses deur twee komponente in die assesseringsproses te onderskei, naamlik: eerstens waar die werker en die kliënt die probleem definieer; en tweedens die raamwerk vir assessering wat insluit die analisering, evaluering en betekenisgewing aan faktore wat 'n invloed op die probleemsituasie uitoefen. Aangesien die skrywers assessering vanuit 'n sterkteperspektief doen, word daar vervolgens meer op die besonderhede van die proses gelet.

- **Definiëring van die probleem**

Die kind moet die geleentheid kry om sy storie te vertel of, indien hy nog te jonk is, of nie daartoe in staat is om dit self te doen nie, moet sy storie van die betekenisvolle persone rondom hom bekom word. Die riglyne soos uiteengesit in hoofstuk twee (vgl. 2.7.9) word gevolg ten einde in staat te wees om die probleem te definieer. Die kind of betekenisvolle persone gee hul weergawe van hoe hulle die situasie ervaar, wie almal daarby betrokke is, hoe hulle betrokke is, die betekenis wat daaraan gegee word, wat verwag word en watter waarde geheg word aan die oplossing van die probleem. In die praktyk sou dit beteken dat die kind of betekenisvolle persone begryp waarom pleegsorgplasing noodsaaklik geag word en dat hulle saam met die maatskaplike werker die alternatiewe sorg in die beste belang van die kind oorweeg en die uiteindelike doel daarvan in die vooruitsig stel.

- **Assessering van faktore wat die probleemsituasie beïnvloed**

Cowger en Snively (2002:121) het ’n assesseringsraamwerk ontwikkel in ’n poging om meer direkte riglyne te gee oor die praktiese toepassing van die sterkteperspektief, aangesien daar ’n gaping bestaan tussen die filosofiese en teoretiese aspekte van die perspektief en die toepassing daarvan in die praktyk. Daar is reeds in hoofstuk twee (vgl. 2.7.9) na die assesseringsraamwerk verwys wat op ’n kontinuum met twee asse ontwikkel is, naamlik omgewingsfaktore versus kliëntfaktore; en sterktes versus struikelblokke.

In die sterkteperspektief word die term *probleemsituasie* gebruik, bedoelende dat situasie verwys na die feit dat probleme altyd in ’n omgewingskonteks voorkom. ’n Probleem veronderstel nie noodwendig ’n patologie nie, maar beteken binne die konteks dat daar ’n wanbalans tussen die kliënt se behoeftes en die eise en hulpbronne van die omgewing bestaan wat aanleiding gee tot moeilikhede, komplikasies en selfs pyn. Dit is ook ontoepaslik om alleen op die kliënt te fokus, want dit sal probleemoplossing verhinder (Cowger & Snively 2002:116). Volgens die ekologiese perspektief behoort daar op al die vlakke in die ekologiese ontledingsisteme gefokus te word (vgl. 2.9) ten einde ’n holistiese perspektief oor die pleegkind se situasie te bekom.

Cowger en Snively (177–121) het na aanleiding van verskeie bronne en werkswinkels met praktisyns ’n lys van items saamgestel waarvolgens assessering op die volgende twee asse gedoen kan word:

- Eerste as: omgewingsfaktore versus persoonlike faktore
- Tweede as: sterktes versus struikelblokke of hindernisse

Moontlike assesseringsaspekte van die pleegkind word skematies soos volg in figuur 7 voorgestel (Cowger & Snively 2002:118).

Figuur 7: Raamwerk vir assessering



(Bron: Cowger en Snively 2002:118)

Sterktes ten opsigte van omgewingsfaktore op kwadrant een is geleë in sosiale en politieke aspekte en sluit in faktore soos hulpbronne en steunstelsels in die gemeenskap of beskikbare alternatiewe sorg. Op kwadrant twee word sterktes betreffende kliëntfaktore geassesseer wat te make het met die psigologiese en fisiologiese aspekte ten opsigte van byvoorbeeld die kind se denkvermoë en probleemoplossende vaardighede, emosionele toestand, motivering om hulp te aanvaar, hantering van nuwe situasies en interpersoonlike vaardighede soos verhoudingslewe. Dit stem grootliks ooreen met veerkragtigheidsfaktore (vgl. 4.3.1) en die ontwikkelingsassesserings-model (vgl. 4.4.2) soos reeds bespreek. Op kwadrante drie en vier word struikelblokke geassesseer, onderskeidelik ten opsigte van persoonlike faktore soos die invloed van trauma, en sosiale en politieke aspekte soos magsverhoudings en psigologiese aspekte.

Die gebruik van die raamwerk vir assessering volgens die sterkteperspektief sal dus prominensie verleen aan sterktes op kwadrant een en twee, hoewel behoeftes en hindernisse aangedui word op kwadrant drie en vier omdat volledige assessering nie probleme ignoreer nie. Odell (2008:20) stel dit dat 'n sterktegerigte benadering probleme erken, maar dit binne konteks hou terwyl op groei gefokus word. Tydens pleegtoesigdienste sal daar dus nie prominensie verleen word aan die redes vir sorgbehoewendheid van die pleegkind nie, maar oor watter potensiaal die kind beskik wat verder ontwikkel kan word om 'n sukses van die plasing te maak.

4.5 PLEEGTOESIGDIENSTE AAN DIE PLEEGKIND

Pleegtoesigdienste word gelewer deur 'n welsynsinstansie soos aanbeveel in die Kinderhofverslag volgens 'n pleegsorgplan waar die doelstellings en doelwitte vir die bevrediging van die kind en sy gesin se behoeftes skriftelik uitgespel word (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2 en 5). Volgens die besprekingsdokument is die volgende praktiese riglyne vir dienslewering aan die kind voor, tydens en na plasing van belang:

- Voorkeur moet gegee word aan 'n tuiste by 'n familielid waarmee die kind bekend is. (Binding, vgl. 4.3.2 en geborgenheid 4.4.2.)
- Pleegsorg moet verkieslik gereël word by 'n gesin van dieselfde kultuur, geloof, taal en tradisie. (Respekteer kinderregte, vgl. 6.2.3.)
- Die biologiese ouers, indien beskikbaar, sowel as die kind in ooreenstemming met sy ouderdom, ontwikkelingsvlak en volwassenheid, moet deel vorm van die besluitnemings-proses tot pleegsorgplasing. (Respekteer beginsel van deelname in kinderregte, vgl. 6.2.3.)
- Indien dit nie 'n krisisverwydering is nie, moet die ouers en kind voorberei word op die verwydering en pleegsorgplasing deur voorafbesoeke aan die pleeggesin.
- Die pleegsorgliggaam wat die plasing hanteer, moet dienste kan lewer wat aan die behoeftes van die kind kan voldoen.
- Daar behoort 'n geskrewe pleegsorgplan tussen die betrokke partye gesluit te word wat sesmaandeliks hersien moet word en die kind moet bekend wees met sy toekomsbeplanning.
- Die kind moet ingelig word oor sy regte en verantwoordelikhede en dat hy inspraak kan hê in sy eie toekomsbeplanning.
- Alle inligting oor die dienste moet gedokumenteer en vertroulik benut word.
- Inligting ten opsigte van frekwensie en wyses van kontak met die biologiese ouers moet aan die kind verduidelik word.

- Die kind moet voorsien word van gesonde voeding, selfhigiëne aanleer, opvoedkundige onderrig ontvang, oor genoegsame en toepaslike kleding beskik en mediese en tandheelkundige dienste ontvang wanneer nodig,
- Effektiewe en genoegsame dienslewering moet aan die kind in ooreenstemming met sy ontwikkelingsbehoeftes voorsien word.
- Statutêre verslae moet tweejaarliks of soos aangedui op die pleegsorgbevel voorsien word om verslag te doen oor die verloop van die pleegsorg, om te motiveer of die plasing verleng moet word, of oorplasing na ander sorg nodig is, en of die bevel opgehef kan word.
- Die pleegkind vorm deel van die voorbereidingsfase voor gesinshereniging of wanneer hy na ander versorging oorgeplaas moet word.

Die pleegtoesigdienste kan nie rigied toegepas word nie, aangesien elke pleegsorggeval uniek is. Dit dien egter as algemene riglyn om struktuur binne welsynsinstansies en die statutêre sisteem te bewerkstellig. Dit gaan gepaard met heelwat administratiewe take en plaas daarom ook druk op die werkslas van maatskaplike werkers. Dit is egter noodsaaklik dat die plasing gereeld hersien en geëvalueer word om te bepaal of dit steeds in belang van die kind is. Schofield (2005:29) wys daarop dat dit vir geen kind 'n maklike ervaring is om geskei te wees van sy biologiese gesin en in die professionele netwerksisteem met ingewikkelde administratiewe prosedures te beland nie. Dit is dus die taak van die maatskaplike werker verantwoordelik vir pleegtoesigdienste om die kind te beskerm teen onnodige ontwrigting en die vordering van die plasing noukeurig te monitor.

Onlangse navorsing wat in die Verenigde Koninkryk deur Ward, Skuse en Munro (2005:12 en 14) gedoen is oor die beste en slegste belewenisse van kinders in die alternatiewe versorgingsisteem het die volgende getoon:

- Die beste ondervindings gaan oor alledaagshede soos om iemand te hê om mee te praat, gewone gesinsdinge soos om saam 'n maaltyd te eet, met vakansie te gaan, groter stabiliteit en die beste van alles om iemand te hê wat omgee en jou versorg. In die meeste gevalle is die maatskaplike werker ook positief beleef waar sy 'n advokaatrol inneem deur in belang van die pleegkind op te tree, na die kind te luister en met hom op sy vlak te kommunikeer.

- Van die slegste ervarings is om geskei te wees van familielede, maar indien kinders mishandel is, het hulle verligting oor die verwydering ervaar. Pleegkinders wat gereeld na ander pleeghuise oorgeplaas is en van skool en woonbuurt moes verwissel, het dit negatief beleef. Verder het van die pleeggesinne streng reëls of is onpersoonlik, kommunikeer nie juis met die kinders nie en maak 'n onderskeid tussen die behandeling wat hul eie kinders in

teenstelling met die pleegkinders ontvang. Enkele van die maatskaplike werkers is ook negatief geëvalueer weens swak kommunikasie met die kind.

Die navorsers noem ook dat dit nie moeilik is om 'n negatiewe prentjie van die alternatiewe versorgingsisteem te skets nie vanweë heelwat mislukte plasings, oorplasings en kinders wat vroeg skool verlaat of in botsing met die gereg kom. Beleidsveranderinge is ingestel in die Verenigde Koninkryk om die stelsel te verbeter deur gestelde uitkomste oor "… *being healthy, staying safe, enjoying and achieving, making a positive contribution and achieving economic well being*" (Ward *et al.* 2005:14). Dit het dan ook positiewe resultate opgelewer deurdat die opname waarna verwys is, getoon het dat die meeste kinders meen dat hulle beter daaraan toe is na die verwydering as daarvoor.

In Suid-Afrika is daar ook 'n ontwikkelingsgerigte benadering aanvaar met die klem op voorkoming en vroeë intervensie wat meer volledig in hoofstuk ses bespreek word. Die praktiese probleme wat in die pleegsorgstelsel met die uitvoering van hierdie beleid ervaar word, is reeds na verwys in die eerste hoofstuk. (Vgl. 1.1.) Daar word egter van die standpunt uitgegaan dat die pleegsorgstelsel kan baat by 'n benadering volgens die sterkteperspektief. Dit hou groter belofte in vir meer positiewe resultate indien pleegtoesigdienste hiervolgens gelewer word.

4.5.1 Dienste wat ingestel is op die emosionele behoeftes van die pleegkind

Daar is reeds vroeër in die hoofstuk verwys na die emosionele impak van statutêre ingryping op die kind se lewe in die algemeen en tydens verskillende ontwikkelingstadia. (Vgl. 4.2.1–4.2.4 en 4.3.2.) Aangesien dit so 'n belangrike deel uitmaak van dienslewering aan die pleegkind, word dit meer in besonder bespreek. Volgens Heptinstall, Bhopal en Brannen (2001:8) het kinders se aanpassing-strategieë by die pleegsorgsituasie 'n besondere invloed op die verhouding met hul pleegouers. Hul pogings om aan te pas na aanleiding van negatiewe ervaringe in hul gesinslewe en die verskuiwing na 'n pleegsorggesin, word tradisioneel benader in terme van veerkragtigheid in reaksie op teenspoed sowel as aanpassingstrategieë oor 'n gebrek aan sekuriteit in binding. Dit is belangrik vir die maatskaplike werker wat pleegtoesigdienste lewer om kennis te dra van moontlike aanpassingstrategieë soos die volgende:

- Die kind wat vermydingsgedrag openbaar, onderdruk normaalweg sy gevoelens deur hom af te sluit van ander en hy raak gewoonlik koel en inskiklik.
- Die ambivalente kind neig om veeleisend te wees en mag aanvanklik maklik uitreik na die pleegouers, maar dit verander gewoonlik na woede en gramskap.
- Die ongeorganiseerde kind kan met inskiklikheid of afstand reageer in 'n poging om vrees te verbloem.

Schofield (2005:32) bevestig bogenoemde deur daarop te wys dat mishandelde kinders gewoonlik ongeorganiseerd is in terme van verbintenis en geneig is om strategieë te ontwikkel waardeur hulle ander kan beheer in 'n poging om hulleself te beveilig. Só kan hulle byvoorbeeld versoenend en inskiklik optree, wat op die kort termyn skynbaar doeltreffend werk, maar later blyk vals en manipulerend te wees. Hierdie aanpassingsgedrag beïnvloed die verhouding met die pleegouers en kan aanleiding gee tot konflik en mislukte plasings. Ter voorkoming hiervan moet daar in die kind se behoeftes voorsien word deur gevoelsbelewenisse en onsekerhede aan te spreek, wat gewoonlik verband hou met die gebrek aan 'n vaste verbintenis. Die aangewese optrede sou dus wees om by die klein kind die bindingsproses te aktiveer, terwyl gewerk behoort te word aan die vestiging van 'n vaste verhouding tussen die pleegouer en die groter kind.

'n Verdere navorsingsverslag wat in die Verenigde Koninkryk deur Sargent en O'Brien (2004:31) uitgebring is oor emosionele en gedragsprobleme wat kinders kan ervaar wat in die kinderbeskermingsisteem beland, dui ook daarop dat pleegkinders se geestesgesondheid benadeel kan word deur die impak van verlies en veranderinge in versorging. Die kind wat in die pleegsorgsisteem beland, is gewoonlik blootgestel aan verskillende soorte stres en trauma, wat meebring dat hy meer kwesbaar kan wees as ander kinders wat nie in die statutêre sisteem opgeneem is nie. Verwydering hou dus bepaalde risiko's vir die kind in en daarom moet die vestiging van 'n nuwe verbintenis tydens pleegsorgtoesigdienste voorkeur geniet in die pleegsorgplan.

4.5.2 Pleegsorgplan

Dit is noodsaaklik dat 'n duidelike pleegsorgplan ten aanvang van die plasing saamgestel word. Die plan behoort die volgende in te sluit: doelwitte na aanleiding van geïndividualiseerde behoeftes van die kind; tydskedules waarbinne doelwitte bereik behoort te word; en wie verantwoordelik is vir die bereiking van elke doelwit (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:2). In die praktyk word hierna verwys as die *Individual Developmental Plan (IDP).* Na aanleiding van bogenoemde inligting en vanuit praktiese ondervinding, word die volgende individuele ontwikkelingsplan as voorbeeld saamgestel:

Tabel 8: Voorbeeld van ’n individuele ontwikkelingsplan vir ’n pleegkind

Doelwit	Tydskedule	Verantwoordelike persoon
Hanteer skeidingsreaksies en verlies na verwydering.	Eerste drie weke na plasing.	Maatskaplike werker wat pleeg-toesigdienste lewer. Pleegouers.
Stimulering van veerkragtigheids-eienskappe in die kategorieë van EK IS en EK KAN.	Volgens ’n seswekeprogram.	Maatskaplike werker wat pleeg-toesigdienste lewer. Pleegouers Onderwyser
Stel ooreenkoms op vir besoeke en kontaktye tussen kind en biologiese ouers.	Stel binne die eerste week saam en monitor deurlopend vir die duur van die plasing	Maatskaplike werker wat pleeg-toesigdienste lewer in samewerking met maatskaplike werker wat gesinsherenigsdienste lewer.
Aandag aan leerprobleme ten einde beter skoolvordering.	Gedurende die volgende skooljaar.	Onderwyser vir remediëring in samewerking met die arbeids-terapeut.

(Bron: Eie samestelling)

Die plan word gedurende die verloop van pleegtoesigdienste volgens die behoefte van die pleegkind aangevul of gewysig. Dit behoort gedoen te word in samewerking met ander rolspelers binne multiprofessionele spanverband. (Vgl. 6.4.)

Volgens Wilson *et al.* (2003:991–992) kan die volgende veranderlikes ’n rol speel in dienslewering aan die pleegkind: ouderdom, liggaamlike of geestesongesteldhede, ras, geslag, opvoedkundige behoeftes of gedragsprobleme, kontak met die biologiese ouers indien hulle betrokke is, of dit ’n familieplasing is al dan nie, en of die plasing op die kort, medium, of lang termyn beplan word. Wanneer ’n pleegsorgplan saamgestel word, moet al die faktore in ag geneem word ten einde in die kind se individuele behoeftes te voorsien. Die skrywers verwys ook na die bevrediging van die volgende belangrike behoeftes van die pleegkind ten einde ’n suksesvolle plasing te bewerkstellig (Wilson *et al.* 2003:1000):

- Die kind moet gehelp word om ’n eie identiteit te ontwikkel deurdat die pleegouer byvoorbeeld met hom sal praat oor sy verlede en hom sal help om sin te maak oor die hede en wie hy is.
- Die kind se intellektuele ontwikkeling en dit wat hy reeds bereik het, moet aan die een kant bevorder word en aan die ander kant moet sy beperkinge aanvaar word. Sy sin vir bekwaamheid en om sukses te behaal moet bevorder word deur byvoorbeeld prestasies te identifiseer en hom daarvoor te prys in plaas daarvan om te fokus op negatiewe aspekte en dit wat hy verkeerd gedoen het.
- Die pleegkind moet homself sien as ’n waardevolle persoon wat van homself hou en leer om ’n sin vir humor te ontwikkel.

- Sy verhouding met sy biologiese gesin en familie vorm deel van die breër omstandighede en die aard van die verhouding beïnvloed die sin vir die self. Die pleegsorgplasing moet sekuriteit bied maar ook ruimte vir ander verhoudinge sonder kompeterende of bedreigende elemente.

Bogenoemde sluit aan by die beginsels van die sterkteperspektief (vgl. 2.7.4) en die optrede waardeur veerkragtigheid bevorder kan word. (Vgl. 4.3.1.) Die implikasies hiervan is dat pleegtoesigdienste volgens 'n individuele pleegsorgplan vir elke pleegkind gelewer moet word. Die plan moet saamgestel word op grond van assesseringsresultate wat die behoeftes en sterktes van die kind duidelik uitwys. Pleegtoesigdienste moet gerig wees op die bereiking van permanensie as uiteindelike doelstelling van die pleegsorg.

4.6 SAMEVATTING

Ten einde die vraag te beantwoord oor watter aspekte ontleed behoort te word ter versterking van die pleegkind in pleegsorgsituasie, is pleegsorg in hierdie hoofstuk verken en beskryf ten opsigte van ontwikkelingsfases en -take van die kind, fundamentele aspekte vir dienslewering volgens 'n sterkteperspektief, ontwikkelingsgerigte assesseringstegnieke en belangrike elemente waarvolgens pleegtoesigdienste volgens 'n individuele ontwikkelingsplan behoort te geskied. Die genoemde aspekte is verken en beskryf ten einde 'n bevorderlike pleegsorgsituasie vir 'n pleegkind te skep waarin sy behoeftes bevredig en sy sterktes uitgebou kan word met die doel om oplossings te bou en suksesvolle plasing te bewerkstellig.

Aangesien 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot die kind gevolg word, word die term *ontwikkeling* as sodanig sowel as in terme van fisiese, psigiese, intellektuele, sosiale en religieuse ontwikkeling omskryf. Daarna word die verskillende ontwikkelingsfases van kinders in die suigeling-, voorskoolse, laerskool-/middelkinderjare- en adolessente fase in terme van verwagte ontwikkelingstake bespreek. Hierdie bespreking is van kardinale belang aangesien daar nie met die kind gewerk kan word sonder inagneming van ouderdomsgepaste verwagtinge oor sy individuele funksionering nie. Dit vorm deel van die kennisagtergrond van die maatskaplike werker wanneer sorgbehoewende kinders geassesseer moet word ten einde 'n besluit te maak oor die beste alternatiewe versorgingsopsie. Verder word ook aandag geskenk aan die pleegkind se moontlike reaksies op verwydering gedurende die verskillende stadiums van ontwikkeling, sodat aandag tydens pleegsorgtoesigdienste daaraan geskenk kan word.

Wanneer vanuit 'n sterkteperspektief gewerk word, vorm fundamentele aspekte soos veerkragtigheid, die ontdekking van sterktes en die noodsaak van verbondenheid/"behoort-aan" of

bindings in die kind se lewe die basis vir maatskaplikewerkdienste. Hierdie aspekte word bespreek ten einde die fokus te plaas op sterktes en nie op probleme nie, aangesien daar reeds heelwat negatiewe faktore soos 'n disfunksionele gesinsisteem, mishandeling of verwaarlosing teenwoordig moes wees om aanleiding te gee tot statutêre ingryping en pleegsorg. 'n Sterkte- en ontwikkelingsgerigte benadering fokus nie op simptomatiese gedrag nie maar wel op die ontdekking en stimulering van positiewe eienskappe wat as buffer kan dien teen trauma.

Hoewel die studie nie oor intervensie aan die pleegkind handel nie, word assessering bespreek om aan te dui hoe die kind se sterktes en behoeftes op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem bepaal kan word. Die sterkteperspektief bied 'n raamwerk vir die assessering van sterktes of hindernisse betreffende individuele en omgewingsfaktore. In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gefokus op die kind as individu, sy persoonlike sterktes en behoeftes en hoe dit deur die ontwikkelingsassesseringsmodel bepaal kan word. Vraagstelling en sensitiewe waarneming is belangrike vaardighede tydens die proses, veral met die doel om veerkragtigheid te stimuleer. Verder is dit belangrik om die invloed van traumatiese gebeure en skeidingsreaksies op die uitkomste van assessering in ag te neem.

Betreffende pleegtoesigdienste aan die kind tydens die plasing, word daar veral klem gelê op emosionele behoeftes en dat daar in die pleegsorgplan hiervoor voorsiening gemaak moet word. Ten einde te voorkom dat pleegkinders sekuriteit- en rigtingloos in die stelsel "ronddryf", behoort daar vir elke pleegkind 'n individuele ontwikkelingsplan te bestaan waarin konkrete, tydsgebonde en realistiese doelwitte uiteengesit word. Vordering in die uitvoering van die plan behoort deur 'n multiprofessionele span gemonitor te word.

Die verkenning en beskrywing van die pleegkind as individu word gedoen binne die teoretiese raamwerk van die ekologiese perspektief, aangesien kinders se reaksies altyd konteksverwant is en geen enkele faktor aangewys kan word as die oorsaak van 'n situasie nie. Al die sisteme in die kind se lewe soos biologiese en pleegouers, sowel as die omgewing beïnvloed sy individuele welstand en moet daarom in ag geneem word tydens assessering en pleegsorgtoesigdienste, soos wat in die volgende drie hoofstukke verder op uitgebrei word.

HOOFSTUK 5

GESINSVLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Hierdie hoofstuk handel oor die ontleding van riskante en beskermende faktore in die biologiese en pleeggesinne ten einde die pleegsorgplasing te versterk. Volgens die ekologies-sistemiese perspektief verteenwoordig die mesosisteem die interpersoonlike verhouding tussen die individu en ander mikrosisteme. Betreffende pleegsorg word die biologiese en pleeggesin as die mees betekenisvolle vir die welstand van die pleegkind beskou en daarom word dit op hierdie vlak van die ekologiese ontledingsisteem verken en beskryf in terme van aspekte soos: omskrywing van die gesin en gesinsfunksies; gesinsontwikkelingsfases en -take; veranderde gesinstrukture en die invloed daarvan op die kind; 'n ekologies-sistemiese perspektief sowel as 'n sterkteperspektief op die gesin; assessering van die gesin; en pleegtoesig- en gesinsherenigingsdienste.

In die voorafgaande hoofstuk is gefokus op die kind as individu in sy onmiddellike omgewing met persoonlike biologiese eienskappe sowel as psigososiale aspekte. In hierdie hoofstuk word beweeg na die wederkerige verhouding tussen die kind en sy gesin, hoe die kind se versorgers sy ontwikkeling beïnvloed en omgekeerd, soos byvoorbeeld die invloed wat die opname van 'n pleegkind op die pleegouers se gesin uitoefen. Die analisering van gesinsfunksionering vind vanuit 'n sterkteperspektief plaas, wat beteken dat, hoewel riskante faktore geïdentifiseer word, daar nie gefokus word op disfunksionering, diagnoses en die behandeling van probleme nie, maar op die uitbouing van sterktes in die beste belang van die kind. Hiervolgens word die gesin erken as 'n sisteem met unieke sterktes en waardes wat bepaalde behoeftes ervaar. Die beskouing van Connard en Novick (1996:2) oor die gesin as "*a half-full cup rather than half-empty"* is heel toepaslik binne die konteks.

5.1 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Vervolgens word begrippe omskryf wat verband hou met die biologiese en pleeggesinne en relevant is tot die spesifieke konteks en die doel van die hoofstuk oor die gesinsfunksionering van die pleegkind. Van die begrippe is reeds in die eerste hoofstuk omskryf en word net kortliks saamgevat vir die doeleindes van aansluiting by hierdie inligting.

5.1.1 Gesin

Daar is alreeds verskillende definisies van die gesin bespreek. (Vgl. 1.7.4.) Binne die Suid-Afrikaanse konteks word verwys na die omskrywing van 'n gesin deur Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die nasionale gesinsbeleid (Department of Social Development, Final Draft National Family Policy 2005(4):15): "*A family is a group of persons united by the ties of marriage, blood, adoption or cohabitation, characterised by a common residence (household) interacting and communicating with one another in their respective social roles and maintaining a common culture."* Die definisie is in ooreenstemming met die *African Union Plan of Action on Families in Africa* wat die drie dimensies van 'n gesin sien as 'n (Department of Social Development, Final Draft National Family Policy 2005(4):15):

- Psigies-biologiese eenheid waar lede aan mekaar verbind is met bloedbande, familieverhoudings, persoonlike gevoelens en emosionele bande;
- 'n Sosiale eenheid waar lede saamwoon in dieselfde huishouding en take en sosiale funksies deel; en
- 'n Basiese ekonomiese produksie-eenheid vorm.

Dit is duidelik dat daar gepoog word om deur 'n breë definisie voorsiening te maak vir diverse omstandighede wat kenmerkend is van Suid-Afrika. Volgens die definisie word 'n gesin egter grootliks saamgestel op grond van biologiese, emosionele en sosiale redes. Hoewel heelwat gesinne sonder enige wetlike verbintenis saamgestel word, word dit as 'n leemte beskou dat daar nie verwys word na die wetlike samestelling van gesinne nie en dat 'n gesin permanensie aan sy lede behoort te voorsien. Wetlike aspekte kan bydra tot die nakoming van verantwoordelikhede, verpligtinge, wedersydse aanspreeklikheid en regte wat gepaard gaan met gesinslewe.

Ter uitbreiding van die definisie word daar onderskei tussen 'n funksionele gesin en 'n gesin met risiko's of wat in 'n krisis verkeer. Kenmerkend van die **funksionele gesin** is dat die lede hul onderskeie rolle ken en vervul, saamwerk om uitdagings te oorkom, mekaar beskerm en ondersteun deur versorging en koestering, oop en eerlik kommunikeer, respek en vertroue teenoor mekaar openbaar, uitdagende gedrag beheer en afhanklike en kwesbare gesinslede versorg. Gesinslede van sodanige gesinne het gewoonlik 'n positiewe selfbeeld, ervaar verbondenheid en selfvertroue, handhaaf positiewe gesinsverhoudings en 'n waardesisteem wat as verwysingsraamwerk deur die lewe kan dien. Die gesin wat as 'n **risiko** beskou word, is feitlik die teenoorgestelde van bogenoemde en is ook gewoonlik gesinne waar geweld, werkloosheid, armoede, substansmisbruik en onaanvaarbare gedrag voorkom. Die gesin in 'n **krisis** funksioneer oor die algemeen goed, maar verkeer in 'n krisis na byvoorbeeld 'n traumatiese gebeurtenis of terugslag soos die dood, gestremdheid, werkloosheid, verkragting of geweld onder mekaar.

Sodanige gesin behoort na krisisintervensie en bystand in staat te wees om die krisis te hanteer en staat te maak op hul eie hanteringsvaardighede en sisteme ten einde te normaliseer (Department of Social Development Final Draft National Family Policy 2005(4):18–19). Dit is dus duidelik dat enige gesin krisisse of struikelblokke kan ervaar. Suksesvolle hantering daarvan kan volgens die sterkteperspektief (vgl. 2.7.4), 'n geleentheid of uitdaging tot groei en ontwikkeling vir die gesin wees. 'n Funksionele gesin behoort minder kwesbaar te wees vir mislukking as 'n disfunksionele gesin, aangesien eersgenoemde fundamenteel kerngesond is en met die nodige steun weer kan aanpas en 'n staat van ekwilibrium kan bereik.

5.1.2 Gesinsherenigingsdienste

Gesinsherenigingsdienste word normaalweg geassosieer met versoening en terugplasing van kinders by hul ouers nadat hulle in alternatiewe sorg verkeer het. Volgens Ahart *et al.* (1992: s.n.) is daar nie 'n algemene definisie in die VSA se programme vir gesinshereniging nie, aangesien dit afhang van die eienskappe van die program. Die afleiding word uit bogenoemde gemaak dat gesinsherenigingsdienste deel behoort te vorm van die totale spektrum van kinder- en gesinsorg wat ten aanvang neem by voorkoming, gesinsbewaringsdienste en statutêre intervensie indien verwydering onafwendbaar blyk te wees. Na verwydering word spesifiek gefokus op hereniging indien die ouers beskikbaar en bereid is tot samewerking ten einde die gronde vir sorgbehoewenheid op te klaar en op 'n vlak te funksioneer waar die kinders se welsyn nie bedreig word nie.

Aldus die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, Final Draft National Family Policy 2005(4):70) is gesinsherenigingsdienste gerig op die bemagtiging en ondersteuning van ouers en uitgebreide gesinne ten einde die gesinslede wat in alternatiewe sorg verkeer, sistematies te herenig met hul gesinne en hul gemeenskappe. Gesinsherenigingsdienste behoort dus geleidelik, doelgerig en planmatig volgens 'n proses te verloop ten einde die kind so spoedig moontlik terug te plaas of dienste te termineer en meer permanente alternatiewe sorg te reël.

5.1.3 Pleeggesin

Pleegouer(s) as konsep is reeds omskryf (vgl. 1.7.7) en kom in wese daarop neer dat sekere ouerlike regte en verantwoordelikhede oorgedra word aan goedgekeurde persone vir die tydelike versorging van 'n kind. Pleegouers kan 'n enkellopende persoon soos 'n grootouer wees, maar die oomblik wat daar 'n kind in pleegsorg geplaas word by die persoon, word 'n gesin gevorm met dinamiese wisselwerking en interafhanklike sistemiese effek.

Die pleeggesin kan beskou word as ’n medium waar die kind die ervaring van ’n verhouding met ’n ouer kan geniet en waar die kind se ontwikkelende persoonlikheid gekoester kan word. Die pleeggesin is dus ’n poging om dit wat die biologiese ouers nie kan of wil voorsien nie, te vervang ter bevestiging of ondersteuning van die fundamentele uitgangspunt in kindersorg dat daar die beste in ’n kind se behoeftes binne gesinskonteks voorsien kan word (Wiltse 1985:566).

Benewens bepaalde omskrywings wat betrekking het op die gesin, is daar ook basiese uitgangspunte wat gehandhaaf word tydens die analisering van die gesin op mesosisteem. Vervolgens word aandag geskenk aan sodanige fundamentele aspekte van die gesin.

5.2 FUNDAMENTELE ASPEKTE OOR DIE GESIN

Fundamentele aspekte sluit in verskillende gesinsvorms, ontwikkelingsiklusse waardeur gesinne beweeg en die onderskeie take daaraan verbonde. Verder is dit ook belangrik om kennis te neem van uitdagings waarvoor gesinne te staan kom in ’n veranderde wêreld en die invloed daarvan op die gesinslewe binne ’n maatskaplike werk konteks. Vervolgens word hierdie aspekte verder bespreek.

5.2.1 Gesinsvorme

Die volgende gesinsvorme word in die beleidsdokument oor gesinne geïdentifiseer (Department of Social Development Final Draft National Policy for Families 2005(4):20):

- Nukleêre gesin bedoelende ’n moeder en vader met kinders.
- Saamwoon of getroude pare met kinders.
- Enkelouergesin menende ’n moeder met kind(ers) of vader met kind(ers).
- Huishoudings met ’n kind/jeugdige aan die hoof daarvan (“*child-headed household”*) is ’n gesin sonder ouers of volwasse versorgers waar die oudste of verantwoordelike kind aan die hoof staan en ouerlike verantwoordelikhede nakom.
- Homoseksuele gesin waar twee volwassenes van dieselfde geslag saamwoon op grond van ’n emosionele verbintenis sonder enige kontraktuele ooreenkoms, met of sonder kinders.
- Multigeneratiewe gesin bestaande uit ’n tradisionele gesin met grootouers/ ouers/kinders/tantes/ooms/niggies/nefies wat ondersteuning aan mekaar verleen en wat saamwoon.
- Uitgebreide gesin wat ’n tradisionele gesin is en wat bestaan uit grootouers/ ouers/kinders/tantes/ooms/neefs/niggies almal saam maar wat nie noodwendig saamwoon nie.

- Huishoudings met grootouers aan die hoof en kleinkinders.
- Pleeggesinne waar 'n sorgbehoewende kind in alternatiewe sorg geplaas is in terme van die Wet op Kindersorg by 'n pleeggesin wat nie aan die kind verwant is nie.
- Familiepleegsorg waar die pleegkind deur 'n statutêre proses by 'n familielid geplaas word.
- Nie-huishouding gesin ("*non-household family*") is 'n groep persone wat saambly in een huishouding en verantwoordelikhede en gesinsreëls deel.
- Gekombineerde of hersaamgestelde gesinne met biologiese ouers, stiefouers, biologiese kinders of stiefkinders wat in een gesin saamwoon.
- Gesinne waar een lid weens werksomstandighede apart woon.

Gesinne kan dus wissel van slegs twee persone wat wetlik getroud is tot net 'n emosionele, morele of sosiale verbintenis wat met mekaar aangegaan word. Die gesin kan onder dieselfde dak of apart woon, maar moet as 'n sisteem met verskillende subsisteme waar wisselwerking plaasvind, funksioneer en 'n gevoel van verbondenheid ervaar. Daar word dus wegbeweeg van sterk strukturering na meer kollektiewe groepe en emosionele aspekte soos omgee, versorging, afhanklikheid, intimiteit en medeverantwoordelikheid.

5.2.2 Gesinslewensiklus

Die beskrywing van die gesinslewensiklusse en ontwikkelingstake het ontwikkel vanuit die nukleêre gesin wat gewoonlik ten aanvang neem deur 'n man en vrou wat in die huwelik tree, kinders kry wat weer onafhanklik raak en so 'n uitgebreide familie vorm tot beëindiging deur die dood van een of meer partye of ontbinding deur byvoorbeeld 'n egskeiding. Die siklusse waardeur gesinne beweeg kan verskil na aanleiding van die samestelling van die gesin. Volgens Sheafor, Horejsi en Horejsi (1994:279) verskil die struktuur, funksionering en lewensiklus van ander gesinsvorms soos reeds genoem (vgl. 5.2.1), aansienlik van nukleêre gesinne. Die impak van byvoorbeeld egskeiding en hertroues tussen egpare wat elk biologiese en/of stiefkinders met hulle in die hersaamgestelde gesin kan saambring en weer gesamentlik biologiese kinders mag hê, word na verwys as die sogenaamde "*blended family".* Die lewensiklusse van hierdie gesinne vloei in- en deurmekaar aangesien daar kinders van byvoorbeeld baba- tot laatadolessente stadium kan wees. Sodanige gesinne se strukture, funksionering en dinamika kan heel anders daar uitsien, veral wanneer meervoudige stelle grootouers, stiefouers en ander betekenisvolle familielede ook betrokke is.

In die bespreking van die gesinslewensiklus word die nukleêre gesin se normale verloop as riglyn gebruik om fases, posisie en take te beskryf. Dit is egter belangrik dat die maatskaplike werker dit as 'n riglyn sal beskou en elke gesin volgens sy unieke samestelling, behoeftes, sterktes en nood assesseer. Elke fase of siklus gaan gepaard met gesinsontwikkelingstake wat verantwoorde-

likhede behels wat nagekom behoort te word op 'n gegewe stadium van die gesin se ontwikkeling sodat dit kan voorsien in gesinslede se biologiese en maatskaplik-kulturele behoeftes sowel as in aspirasies en waardes. Gesinsontwikkelingstake verander met elke oorgang na 'n volgende fase van die gesinslewensiklus. Soos wat individuele gesinslede ontwikkel en respondeer op verwagtinge met nuwe aspirasies, word 'n aanspraak op die gesin gemaak om die lid te ondersteun met hierdie nuwe taak ooreenkomstig aanvaarbare maatskaplike standaarde. Hierdie standaarde varieer volgens die gesin se status en die soort gemeenskap waarin hulle woon. Hoewel elke ontwikkelingstadium nuwe aanpassings en verantwoordelikhede verg, open dit ook nuwe geleenthede en uitdagings soos om afhanklike babas te versorg en later weer aan te pas by groter onafhanklikheid van adolessente (Duvall & Miller 1985:60–61).

In die tweede konsepdokument oor gesinslewe van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, 2nd Draft National Policy for Families 2004:51) word dit beklemtoon dat kennis oor die fases waardeur gesinne beweeg en verskillende take wat aan hierdie fases gekoppel is 'n voorvereiste vir maatskaplikewerkdienste aan gesinne is. Gesinslede verskil in terme van geslag, ouderdom, ontwikkelingstadium en fisiese en psigiese vermoëns. Gesinsbehoeftes behoort volgens 'n gesinslewensiklusbenadering aangespreek te word. Sodanige benadering verwys na die wisselwerking tussen gesinslede, die breër sosiale omgewing en maatskaplike ondersteuningsnetwerke. In die dokument word onderskei tussen die volgende gesinslewensiklusse: vroeë kinderjare en kinderontwikkelingsfase (insluitende voorbereiding op en geboorteproses van kinders); skoolgaande en adolessente kinderjare; die aflewering van jong volwassenes; middeljare van die ouers; aftrede en bejaardheid. Die indeling van die Departement bestaande uit vyf gesinslewensiklusse, en sluit grootliks aan by die uiteensetting van Duvall en Miller (1985:62), wat dit afbreek tot agt fases en Sheafor *et al.* (1994:278), wat dit in nege fases indeel. Die indeling van Duvall en Miller (1985:62) word as primêre bron gebruik met aanvullings uit die ander twee genoemde bronne en wat soos volg in die tabel tesame met die ontwikkelingstake van elke stadium uiteengesit word. Dit is belangrik om daarop te let dat kennis oor die ontwikkelingsfases en -take van kinders soos bespreek in hoofstuk vier (vgl. 4.2), aanvullend is tot die begrip oor gesinsontwikkelingsfases deurdat die fases waardeur kinders beweeg grootliks gesinstake beïnvloed.

Tabel 9: Gesinslewensiklus en ontwikkelingstake

Stadium van die gesinslewensiklus	**Posisie in die gesin**	• **Ontwikkelingstake in verhouding met ontwikkelingstadium**
Getroude paar/huwelik; of saamwoonverhouding	Man en vrou	• Vestiging van 'n wedersydse bevredigende huwelik/ verhouding. • Pas aan by swangerskap en die moontlikheid van ouerskap. • Pas in by die familienetwerk.
Kindergeboorte; of gesinsamestelling deur aanneming of pleegsorg	Vrou word 'n moeder Man word 'n vader Babadogter/seun of beide	• Aanpassing by baba en vorming van 'n hegtheidsband • Ondersteuning van ontwikkeling, groei en versorging van baba. (Vgl. 4.2.1.) • Skep 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die baba(s).
Voorskoolse kinders	Vrou – moeder Man – vader Dogter – suster Seun – broer Pleegseun/-dogter	• Aanpassing by en stimulering van tipiese ontwikkelingsbehoeftes van voorskoolse kinders. (Vgl. 4.2.2.) • Hanteer die dreinering van energie en verlies aan privaatheid as ouers.
Skoolgaande kinders/ Middelkinderjare	Vrou – moeder Man – vader Dogter – suster Seun – broer Pleegseun/-dogter	• Konstruktiewe aanpassing in die gemeenskap van skoolgaande gesinne en aanverwante sisteme. • Bevordering van kinders se opvoedkundige mylpale en prestasies. (Vgl. 4.2.3.)
Tieners/Vroeë adolessensie tussen 13 en 17 jaar	Vrou – moeder Man – vader Dogter – suster Seun – broer Pleegseun/-dogter	• Balanseer vryheid met verantwoordelikheid soos wat tieners ouer word en emansipeer en behoefte het aan individuele identiteit. (Vgl. 4.2.4.) • Ouerondersteuning in die keuse van 'n loopbaan.
Lanseringstadium	Vrou – moeder – ouma Man – vader – oupa Dogter – suster – tante Seun – broer – oom Pleegdogter/-seun – pleegbroer/-suster	• Lansering van jong volwassenes vir werk, verdere studies en huwelik met gepaste bystand. • Behou die huis as 'n ondersteunende basis.
Middeljarige ouers	Vrou – moeder – ouma Man – vader – oupa	• Fokus weer meer op hul huweliksverhouding. • Behou en onderhou familiebande met ouers en jonger generasies.
Ouerwordende gesinslede	Wewenaar of weduwee Vrou – moeder – ouma Man – vader – oupa	• Voorbereiding op die hantering van verliese en om alleen te woon. • Hanteer fisiese veranderinge en gesondheidsprobleme. • Termineer ouerhuis of pas dit aan vir bejaardheid. • Ontwikkel 'n perspektief op die dood.

Bronne: Duvall & Miller 1985:62, Sheafor et al. 1994:278, Department of Social Development 2nd Draft National Policy for Families 2004:51

Die suksesvolle bereiking van individuele ontwikkelingstake soos uiteengesit in die voorafgaande hoofstuk (vgl. 4.2) is interafhanklik met die gesinsontwikkelingstake. Die kind wat tydens ontwikkelingsuitdagings ondersteun word en opgroei in 'n gesin wat daarin slaag om ontwikkelingstake suksesvol te hanteer, het 'n soveel beter kans op normale volwassewording op fisiese, psigiese, sosiale en religieuse vlak. Deur die uitvoering van rolle, take en funksies deur die verskillende subsisteme in die gesin, word die doel van die gesinsisteem bereik. Vervolgens word verder uitgebrei oor spesifieke take of funksies wat deur die gesin vervul behoort te word ten einde individuele lede sowel as die gesin in totaliteit in staat te stel om gesond te funksioneer.

5.2.3 Gesinsfunksies

In die beleidsdokument oor gesinslewe (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):37–38) word daar verwys na gesinsrolle en verantwoordelikhede soos versorging, beskerming, ontwikkeling sowel as die voorsiening van ondersteuning en sosiale en materiële hulpbronne aan gesinslede. Daar moet ook omgesien word na kwesbare lede soos bejaardes en gestremdes. Die staat mag slegs inmeng indien die gesin nie sy verantwoordelikhede kan nakom nie en dan moet die intervensie ontwikkelingsgerig wees sodat die gesin so gou moontlik selfstandig kan funksioneer. Die vermoë van die gesin om sy take uit te voer hang af van die materiële en ander beskikbare hulpbronne soos kulturele waardes, opvoeding, werk, huishoudelike toerusting, inkomste, familie- en vriendskapnetwerke. Sistemies gesien behoort gesinslede mekaar te versterk en uit te reik na ander gesinne en vriende in die gemeenskap. Verder het gemeenskappe die verantwoordelikheid om maatskaplike netwerke daar te stel wat die gesinslewe kan versterk. Die staat het 'n oorhoofse verantwoordelikheid om deur dienslewering, beleid en wetgewing gesonde gesinslewe te bevorder. (Vgl. 6.2.)

Vervolgens word primêre gesinstake aan die hand van navorsingsresultate oor die gesinslewe deur die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (Human Sciences Research Council 2004:3–4) en Zastrow (2006:240) soos volg uiteengesit:

- Generering van hulpbronne soos inkomste en verspreiding aan gesinslede. Materiële versorging is 'n primêre gesinstaak aangesien dit onmoontlik vir ouers is om in hul kinders se basiese behoeftes soos kos, water, behuising en skolastiese opleiding te voorsien sonder dat hulle inkomstegenererend is. Dit is veral sigbaar in 'n land soos Suid-Afrika waar armoede aan die orde van die dag is, dat gesinne skaars oorleef betreffende basiese behoeftes en afhanklik van die staat raak.

- Voortplantingsfunksie. Gemeenskapslede word vervang deur die geboorte van kinders. Gemeenskappe definieer die regte en verantwoordelikhede van reproduktiewe ouers

gewoonlik binne die gesinsisteem en dit onderhou weer die stabiliteit van ’n gemeenskap, hoewel dit verskil van een gemeenskap na ’n ander. Hierdie funksie is noodsaaklik vir die instandhouding en stabiele voortbestaan van ’n gemeenskap.

- Versorging van kinders. Kinders vereis versorging en beskerming tot minstens wanneer puberteit bereik word. Die gesin is die primêre instelling hiervoor. Moderne gemeenskappe ontwikkel gewoonlik ondersteunende instellings om hiermee te help soos mediese dienste, dagsorgsentrums, ouerleidingprogramme en behandelingsentrums.

- Sosialisering van nuwe gesinslede. Kinders moet ten opsigte van gesinswaardes sowel as breër maatskaplike waardes gesosialiseer word ten einde binne kulturele konteks produktiewe lede van ’n gemeenskap te word. Daar word van kinders verwag om ’n taal aan te leer, sosiale waardes en norme om gepaste klere aan te trek en hulleself ooreenkomstig die norme van die samelewing te gedra. Benewens die hoofrol wat die gesin hierin speel, is daar ook ander groepe en hulpbronne wat ’n belangrike rol speel in die sosialiseringsproses soos skole, massamedia, portuurgroep, polisie, rolprente en boeke of ander leesstof. Dit gebeur soms dat die verskillende rolspelers teenstrydige waardes en houdings oordra. Die rol van die gesin sou dan veral wees om die kind te help om perspektief te kry tussen teenstrydighede.

- Regulering van seksuele gedrag. Elke gemeenskap het reëls oor seksuele misbruik en die meeste gemeenskappe reguleer seksuele gedrag binne gesinseenhede en keur buite-egtelike verhoudings af.

- Bron van liefde en toegeneentheid. Mense het liefde, emosionele steun en positiewe erkenning van ander nodig. Sonder sodanige omgee en erkenning sal die mens se emosionele, intellektuele, fisiese en sosiale groei verwaarloos. Gesinslede behoort vir mekaar die mees belangrike persone te wees en gesinsverhoudinge behoort emosionele en sosiale bevrediging te bied.

- Om afhanklike gesinslede soos kinders, bejaardes, siekes en gestremdes te versorg. Die gesin se versorgingsfunksie strek dus verder as kinders na die uitgebreide familie veral in tye van krisisse.

Dit is duidelik dat gesinstake en -funksies die totale spektrum van menswees op fisiese, psigiese, sosiale en geestelike vlakke behoort aan te spreek. Indien die gesin nie daarin slaag nie, moet daar eerstens gepoog word om deur middel van ondersteuningsdienste die gesin te bewaar. In gevalle waar kinders se welstand bedreig word, behoort ander hulpbronne soos pleegsorg hierdie versorgingstaak gedeeltelik of algeheel oor te neem. Dit sluit aan by pro- en reaktiewe maatskap-

likewerkdienste wat op verskillende vlakke gerig is op die gesinslewe (vgl. 5.5) en later bespreek word. Vervolgens word eers aandag geskenk aan faktore wat 'n invloed kan uitoefen op gesinstrukture en die uitdagings wat dit vir gesinne meebring.

5.2.4 Veranderde gesinstrukture en uitdagings vir gesinslewe

Ingevolge die ekologiese perspektief is samelewings in voortdurende proses van verandering en dit het weer 'n invloed op gesinne se samestelling en funksionering. Roestenburg (1999:125) het reeds 'n tyd gelede die stelling gemaak dat daar groeiende kommer onder maatskaplikewerk-praktisyns en ander hulpverleningsprofessies oor die stand van gesinslewe in Suid-Afrika bestaan. Die hipotese is gemaak dat maatskaplike veranderinge op die makrovlak 'n destabiliserende effek op gesinsfunksionering het en dat die gesin as primêre sosialiseringsinstelling van die individu besig is om geleidelik te disintegreer. Tydens 'n empiriese ondersoek is die volgende kommerwekkende areas geïdentifiseer (Roestenburg 1999:128–130):

- Disfunksionele gedrag wat verwys na verwaarlosing of nalating van ouers om rolverwagtinge na te kom. Ouers verdwyn en laat kinders sonder sorg en toesig, of daar is 'n gebrek aan ouerleiding en die kinders beland op straat of raak betrokke by ongewenste aktiwiteite. Daar is 'n algemene gebrek aan dissipline en kinders wat toenemend uitdagende gedrag openbaar. Verder is daar ook 'n neiging onder veral die Afrika-families om nie meer so betrokke by mekaar te wees nie.

- Ekonomiese druk, 'n gebrek aan werkgeleenthede en armoede. Gesinne het 'n tekort aan basiese behoeftebevrediging soos kos, klere en skuiling. Verder is daar 'n verhoging in afhanklikheid van maatskaplike sorg en 'n disfunksionele wyse van oorlewing soos om betrokke te raak by kriminele aktiwiteite, prostitusie en dwelmmisbruik. Volgens die navorsingsresultate is dit ook duidelik dat sommige gesinne ten spyte van armoede sosiaal-emosioneel goed oorleef en mekaar ondersteun, terwyl ander nie oor die emosionele kapasiteit beskik om daarin te slaag nie.

- Gesinswaardes, bedoelende reëls, oortuigings, norme en kultureelgedrewe gedrag. Daar word ook verwys na die gesin se vermoë of onvermoë om 'n gedissiplineerde lewenswyse te ontwikkel, sisteme in die omgewing om gedrag te beheer, die oorbeklemtoning van persoonlike regte by kinders en die invloed van rolmodelle in die gemeenskap. Dis asof gesinne verward en sonder rigtinggewende norme en waardes is deurdat die invloed van tradisionele waardes al meer afneem.

Vanuit bogenoemde blyk dit dat hulpverleners aan gesinne van mening is dat die homeostase van gesinne versteur is en dat fundamentele waardes, norme en tradisies van kultuur en godsdiens nie meer die behoudende, rigtinggewende en gedissiplineerde effek het wat dit vroeër gehad het nie. Dit wil voorkom asof daar te veel klem geplaas word op regte en die nakoming van verantwoordelikhede onderbeklemtoon word. Gesinslede is nie meer so verbonde aan en aanspreeklik vir mekaar nie, huweliksbande word maklik verbreek en kinders word oorgelaat aan die sorg van ander of word die staat se verantwoordelikheid.

In aansluiting by bogenoemde is dit volgens die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):47) 'n algemene feit dat die meerderheid Suid-Afrikaanse gesinne in ongesonde, onveilige en armoedige omgewings woon, sonder behoorlike ondersteuningsisteme is en dat dit gesinne al meer kwesbaar maak. Die waarde van *ubuntu* (omgee/eenheid), wat die hoeksteen van die Afrika-lewe is, disintegreer al meer deurdat individue nie vir hul eie gesinslede kan sorg nie vanweë verskillende faktore op interne vlak soos die verval van die waarde wat aan die huwelik en gesin as instelling geheg word of op eksterne vlak soos ekonomiese druk en werkloosheid. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):47) verwys na 'n situasie-analise wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen is en onder andere die volgende riskante faktore vir die gesinslewe geïdentifiseer: ontoereikende ouerskapfunksionering, swak gesinsverhoudinge, misdaad, alkohol- en dwelmmisbruik, gesinsgeweld, kinderverwaarlosing en mishandeling, afwesige ouers en versuim om vir hul nageslag te sorg.

Ander strukturele veranderinge wat veral die wyse waarop gesinne tradisioneel saamgestel word beïnvloed, is onder andere die volgende (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):46, 48, 58, 59):

- Gesinne is kleiner as in die verlede. Suid-Afrika het die laagste fertiliteitsvlak suid van die Sahara. Die transformasie in fertiliteit verskil volgens ras en stedelike of landelike gebied. Wittes en stedelinge het die laagste fertiliteit en derhalwe is daar minder kinders per huishouding.
- Gesinne het dikwels net een ouer en dit is veral weduweeskap wat die hoogste onder Afrikane (32% in die ouderdomsgroep 35–49 jaar) is. Daarna volg Kleurlinge en Indiërs (2%) en Wittes (1%).
- Sterftesyfer wat gesinne raak. In Suid-Afrika sterf die meeste mense aan ongespesifiseerde onnatuurlike oorsake soos selfmoord, verdrinking en ongelukke en siekte-verwante oorsake soos tuberkulose, MIV, griep en longontsteking. (Vgl. Human Sciences

Research Council 2004:63.) Dit is opvallend dat huwelike die minste gesluit word onder die groepe met die hoogste sterftesyfer (35 tot 49 jaar). Hierdie kombinasie laat die afhanklikes in 'n hoogs kwesbare posisie aangesien daar geen wetlike sekuriteit is nie.

- Ouers word ouer voordat hulle kinders het. Dit beïnvloed die kindertal en fertiliteit. Hierdie verskynsel het waarskynlik te make met die vrou se veranderde beroepsposisie en dat sy eers opgang in haar loopbaan wil maak alvorens sy met 'n gesin begin.
- Die huwelik word beskou as die fondament vir gesinslewe terwyl dit drastiese veranderinge ondergaan het. In Suid-Afrika word die huwelik op verskillende maniere gesluit naamlik die siviele registrasiesisteem, tradisionele huwelike, of daardie huwelik wat onder sekere godsdienstige seremonies voltrek word. Dit wil egter voorkom asof daar 'n afname is in al hierdie vorms van huwelike. Volgens die opname van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Human Sciences Research Council 2004:58), is die huweliksyfer onder Afrikane laer as dié onder ander bevolkingsgroepe in alle ouderdomsgroepe, gevolg deur die Kleurlinge, Indiërs en Blankes. Faktore wat 'n rol hierin kan speel, is die vrou se verhoogde opleidings- en beroepsgeleenthede en opname in die arbeidsmark, wat haar ekonomies minder afhanklik van die huwelik maak.
- Daar is 'n hoë voorkoms onder veral jong pare wat saamwoon sonder 'n formele huwelikskontrak. (Swartes en Kleurlinge wat saamwoon, is 11% tussen die ouderdom van 30 tot 34 jaar en net minder as 4% onder Indiërs en Blankes). Blankes wat meer verdien, is meer geneig om net saam te woon, terwyl onder ander rassegroepe dit meer die arm mense is wat net saamwoon. Lewenstylkeuses het dus 'n invloed op huwelik of saamwoon (Human Sciences Research Council 2004:62). Terselfdertyd het die huwelik geleidelik sy spesiale status in die wet verloor weens regstransformasie waar groter erkenning gegee word aan gelykheid en neutraliteit in kwessies oor die huwelik, saamwoon en toesig en beheer van kinders. Die feit dat huwelike tussen dieselfde geslag onlangs regserken is, het ook implikasies vir kinders wat in sodanige huwelike vanuit vorige verhoudings of deur aanneming of pleegsorg versorg word (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):58).
- Daar is 'n toename in egskeiding. Dit het 'n invloed op waar en hoe die kinders leef, beskikbare hulpbronne vir hulle, of hulle skool- en vriendskapsbande kan behou en die spanningsvlakke waaronder hulle leef. Volgens die opname is daar 'n verhoging in egskeidings onder jonger pare wat tussen vyf en nege jaar getroud is, gevolg deur dié wat tussen nul en vier jaar getroud is. Dit impliseer dat kinders nog baie jonk is wanneer hul ouers skei (Department of Social Development, Final Draft National Policy for Families 2005(4):60).

- Die neiging is dat albei ouers buitenshuis werk. Dit sluit aan by verstedeliking, die strewe na ekonomiese welvaart en beter beroepsgeleenthede vir vroue.
- Nie-tradisionele gesinne begin al meer ontwikkel namate enkelouerskap en meervoudige of multikulturele huwelike meer algemeen word.
- Kinders word al hoe meer deur ander persone as hul ouers gedurende die eerste vyf lewensjare versorg – byvoorbeeld dagsorg of ander familielede.
- Die ondersteuningsnetwerk waardeur die uitgebreide gesin vroeër gekenmerk is, word al minder weens die toename in verstedeliking waardeur families gefragmenteer word.
- Huishoudings met kinders aan die hoof word 'n algemene verskynsel en is 'n direkte gevolg van die MIV/VIGS-pandemie. Die toename in weeskinders in ontwikkelende lande weens die hoër sterftesyfer onder volwassenes word geskat op 2% (Department of Social Development Final Draft National Policy for Families 2005(4):60).
- Huishoudings met grootmoeders aan die hoof word ook meer algemeen.
- Die vraag na pleegsorg is besig om te styg aangesien kinders van ouers wat siek is aan VIGS gestuur word om by familie te woon (Human Sciences Research Council 2004:65). Die familie wil gewoonlik die plasing wettig om sodoende 'n pleegouertoelae te bekom.
- Huishoudings word gevorm deur mense wat nie verwant is aan mekaar nie as 'n poging om aan te pas by stygende lewenstyle ten einde te oorleef.

Vanuit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die huwelik- en gesinslewe waarskynlik risiko's en 'n bedreiging inhou vir kinderopvoeding en -beskerming en dat menige Suid-Afrikaanse kind se stabiliteit en sekuriteit nie beskerm word deur 'n normale gesinslewe nie. Die gesinslewe is aan interne sowel as eksterne druk onderworpe. In Suid-Afrika is daar aan die een kant die negatiewe invloed van veral MIV/VIGS, die verval van die tradisionele gesin, veranderde wetgewing en tradisies en kultuur (hierdie aspekte word meer in diepte in hoofstukke ses en sewe op die sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem bespreek). Aan die ander kant vind daar weer groot ontwikkeling plaasvind veral betreffende die vrou wat meer geleenthede tot opleiding en beroepsbeoefening kry en derhalwe meer tot die arbeidsmark toetree in plaas daarvan om haar gesin tuis te versorg. Dit bring nuwe uitdagings vir die herstrukturering van die posisie van die man mee, aangesien hy 'n groter bydrae betreffende die versorgingstake tuis moet maak. Verder word kindersorg meer oorgelaat aan ander instellings soos dagsorg, skole en welsynsinstansies. Die toename in weeskinders, kinderhoofhuishoudings en 'n behoefte aan pleeggesinne is 'n duidelike voorbeeld van die langtermyngevolge van bogenoemde strukturele veranderinge en uitdagings waarvoor die gesin te staan kom.

Dienslewering aan gesinne word verder bemoeilik deur groot diversiteite tussen die vier hoof bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, naamlik Blankes, Kleurlinge, Afrikane en Indiërs. Blankes hang nog oorwegend 'n histories-Europese nukleêre gesinsvorm aan, terwyl Kleurlinge en Afrikane veral op die platteland die uitgebreide gesinsvorm aanhang maar in stedelike gebiede ook neig na verwestering. Indiërs poog om uitgebreide familiesisteme tipies van die Indiërkultuur te onderhou. Dienste word byvoorbeeld deur maatskaplike werkers van alle rassegroepe gelewer en dit is soms moeilik om mekaar se gesinslewe te assesseer en gepaste intervensie toe te pas. Daarom is dit belangrik dat maatskaplike werkers kennis dra van inheemse behoeftes en basiese beginsels oor dienslewering aan diverse groepe.

5.3 'N EKOLOGIES-SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE GESIN

Vanuit 'n sistemiese perspektief omskryf Schoeman (1980:177) 'n gesin as 'n lewende sisteem met 'n verskeidenheid van subsisteme soos die vader, moeder, dogter en seun, wat in interaksie en in verhouding tot mekaar staan. Verandering in een van die subsisteme beïnvloed die funksionering van die gesinsisteem as geheel. Zastrow (2006:237) sluit hierby aan deur die stelling dat maatskaplikewerkdienste gerig is op die gesin as 'n wisselwerkende interafhanklike sisteem. Die probleme wat mense ervaar word beïnvloed deur die dinamika binne die gesin, wat ook weer beïnvloed word deur die breër sosiale en kulturele omgewing. Spanning tussen die pleeg- en biologiese kinders in die pleeggesin kan byvoorbeeld nie aangespreek word deur op die pleegkind alleen te let nie, maar die hele gesin moet betrek word by die herstrukturering tot gesonde gesinsfunksionering.

Tradisionele nukleêre gesinne funksioneer basies met vier subsisteme, naamlik die egpaar-subsisteem bestaande uit 'n man en vrou; die ouersubsisteem wat uit die ouers en kinders bestaan; die kindersubsisteem bestaande uit die broers en susters; en die ekstra familiesubsisteem wat bestaan uit die familie- of individuele lid in interaksie met die uitgebreide familie, bure of vriende. In gesinne met 'n enigste kind, kan daar byvoorbeeld niggies of neefs in dieselfde huishouding woon wat dan gekenmerk word deur wisselwerking op dieselfde wyse as die kindersubsisteem. Gesinne waar egskeiding en hertroues plaasvind, kan verskillende subsisteme soortgelyk aan dié van uitgebreide gesinne ontwikkel. Die meeste gesinne word op nie-tradisionele wyses saamgestel, waarvan die pleeggesin 'n voorbeeld is (Benner 1992:128).

Vir die hulpverlener is dit belangrik om te besef dat elke gesin unieke subsisteme kan ontwikkel afhangende van die samestelling daarvan. Dit stem ooreen met die verskillende definisies wat oor die gesin aangetref word en daarom moet elke gesin op 'n unieke wyse in terme van sy subsisteme

en interaksiepatrone geassesseer word. Vanuit die ekologiese perspektief word die gesin waargeneem as deel van die groter ekologiese milieu en die aard van transaksies (vgl. 2.5.1) wat op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem plaasvind.

5.3.1 Ekologies-sistemiese analisering van gesinsfunksionering

In hoofstuk twee is aangedui dat beginsels van die algemene sisteemteorie van besondere belang is vir die ekologiese perspektief, veral betreffende die funksionering van die gesin as 'n sisteem. (Vgl. 2.1.2.) By die ekologiese analisering van gesinsfunksionering is die volgende gesinsistemiese aspekte van besondere belang (Benner 1992:130 en Connard & Novick 1996:4):

- **Interafhanklikheid**: Een deel van 'n sisteem kan nie in isolasie van die ander dele begryp word nie. Kinders kan nie buite die konteks van hul gesinne begryp word sonder inagneming van die wisselwerking tussen die kind en sy gesin en tussen die gesin en sy maatskaplike omgewing nie. Analisering van individuele lede beskryf nie noodwendig die gesinsisteem nie, aangesien 'n gesin meer is as die som van sy dele; dus die beginsel van onoptelbaarheid of sinergie. Daar is derhalwe 'n interafhanklikheid tussen die rolle en funksies van al die gesinslede. Ten einde die gedrag van 'n kind te verstaan, moet die komplementerende gedrag van die ander lede ook geïdentifiseer en geassesseer word, afgesien van hoe die gesin saamgestel is.

- **Sirkulariteit:** Alle gesinslede beïnvloed mekaar direk of indirek in 'n sirkulêre kettingreaksie. 'n Gesinsisteem is voortdurend aan die verander soos wat kinders ontwikkel en daarom is dit onmoontlik om 'n spesifieke oorsaak vir gedrag te bepaal. Veral wanneer ingrypende veranderinge in die gesinsamestelling plaasvind soos weduweeskap of egskeiding.

- **Subsisteme:** Die gesinsisteem bestaan uit verskillende subsisteme wat sy rolle en funksies definieer. Ten einde die gesin te verstaan, moet 'n analise van verskillende subsisteme gedoen word, byvoorbeeld verhoudings tussen moeder-kind, vader-kind, kinders onderling, moeder-vader en die gesin as 'n eenheid, asook van subsisteme wat kan ontwikkel in uitgebreide gesinne waar grootouers of ander familie saamwoon.

- **Ekwifinaliteit:** Dieselfde gebeurtenis kan lei tot verskillende uitkomste en 'n gegewe uitkoms kan die resultaat wees van verskillende gebeurtenisse. Hiermee word bedoel dat gesinne op verskillende maniere gesonde funksionering kan bereik en dat daar nie net een wyse is waarop kinders grootgemaak hoef te word nie. Dit sluit aan by die fundamentele aspekte en beginsels van die sterkteperspektief (vgl. 2.7.3 en 2.7.4) deur na die kliënt te luister oor hoe hy sy werklikheid beleef en wat sy persoonlike doelstellings vir sy lewe is en

nie noodwendig wat wetenskaplik en professioneel altyd korrek blyk te wees nie. Só, byvoorbeeld kan 'n homoseksuele paartjie 'n kind grootmaak wat heteroseksueel aangepas is.

- **Gesinsreëls:** Reëls dien as norme binne die gesin en is belangrik om gesinsinteraksie te organiseer. Dit het te make met gesinsgrense wat byvoorbeeld deurdringbaar is en onderlinge kommunikasie vergemaklik en hiërargiese ordening soos dat die gesag deur die ouersubsisteem uitgeoefen word. In die geval van kinderhoofhuishoudings sal die gesag deur byvoorbeeld die oudste kind uitgeoefen word of deur 'n volwassene wat buite die gesin woon en as voog optree.

- **Homeostase:** Deur die toepassing van gesinsreëls en onderhouding van voortgesette wisselwerking en wedersydse versterking van terugvoer tussen gesinslede, kan 'n toestand van stabiliteit in die gesinsisteem onderhou word. Indien daar doeltreffende kommunikasie van feitelike en verhoudingsinligting bestaan, kan die gesin voortdurend inligting uitruil en mekaar ondersteun.

- Die ontwikkelingsvlak van die gesin as eenheid het 'n wederkeringe invloed op gesinsverhoudinge. Veranderinge en **aanpasbaarheid** by struktuur, norme, reëls en strategieë moet waargeneem word soos wat die gesin groei. Gesinslede moet dus kan aanpas by veranderinge soos dat 'n kind oorgaan van middelkinderjare na adolessensie en groter onafhanklikheid verlang.

- **Maatskaplike veranderinge** binne 'n kultuur (vgl. 7.2) het 'n betekenisvolle impak op gesinne. Gesinsgrootte, tyd vir ouerskap, vroue wat toetree tot die arbeidsmark is voorbeelde van die sosiologiese verskuiwings wat binne 'n kultuur kan plaasvind (vgl. 5.2.3) en wat 'n werklikheid in 'n diverse Suid-Afrika is wat nie buite rekening gelaat kan word tydens gesinsorgdienste nie.

- Die **historiese konteks** waarbinne gesinsinteraksie plaasvind, moet in ag geneem word, byvoorbeeld in tye van oorloë en rampe, of soos in Suid-Afrika waar die invloed van apartheid gedurig na vore tree en die vermenging van die Westerse en Afrika-kulture soms verwarring en disekwilibrium meebring.

- **Persepsies** van ouerskap en kennis van jong kinders se ontwikkeling en ouerskaprolle beïnvloed die ouer-kind-wisselwerking, byvoorbeeld waar tradisionele en moderne siening van ouerskap disekwilibrium in die gesinsisteem laat ontstaan.

- ’n **Ontwikkelingsgerigte** perspektief op die gesin sal die interpretasie en bevindinge beïnvloed. In hierdie geval ’n sterkteperspektief wat nie probleemgerig is nie maar op positiewe transaksies fokus en dus die gesin beskou as ’n bron van potensiaal en ontwikkelingsmoontlikhede beskou.

Die ekologies-sistemiese eienskappe waarvolgens gesinsfunksionering geanaliseer word, kan derhalwe op enige gesinsvorm toegepas word. Die belangrikste is om te bepaal of die gesinsfunksies wel sodanig uitgevoer word dat gesonde groei en ontwikkelingsgeleenthede vir die kind geskep word. Die ekologies-sistemiese perspektief stel die maatskaplike werker in staat om wisselwerking binne die gesin, onderlinge transaksies en aanpasbaarheid by veranderde omstandighede binne die gesin self sowel as in die omgewing volgens ’n positiewe, ontwikkelings-gerigte benadering te analiseer. ’n Basiese ekologiese beginsel is dat ontwikkeling beïnvloed word deur die omgewing waarbinne dit plaasvind (Connard & Novick 1996:5). Die kind se gesonde ontwikkeling is dus grootliks afhanklik van die gesin as sy onmiddellike omgewing en die mate waartoe gesinsfunksies uitgevoer word. Dit bepaal weer grootliks hoe die kind later met die breër omgewing in wisselwerking tree.

Analisering van gesinsfunksionering word gedoen teen die agtergrond van die fundamentele aspekte (vgl. 2.5) van die ekologiese perspektief, naamlik transaksies, persoon-omgewing inpassing, aanpasbaarheid, streshantering, verbondenheid en selfgerigtheid, onderdrukking en mag, woonplek of niche en lewenskoers. Betreffende ander fundamentele aspekte van die ekologiese perspektief verwys McHale (s.a.) dat ouers byvoorbeeld selfregulering (vgl. 2.5.4) by kinders kan bewerkstellig deur die bevordering van die kind se gevoelens van bevoegdheid, outonomie en verbondenheid. Ouers moet struktuur aan kinders voorsien deur leidinggewing, modellering en gereelde positiewe terugvoer betreffende sosiale verhoudings. Kinders behoort geleentheid te kry om leiding te neem in ’n omgewing wat deur die ouers geskep word om sodoende outonomie te ontwikkel.

Shaffer (1999:64) bevestig dit deur die stelling dat kinders wat veilig voel en sekuriteit ervaar en ’n ondersteunende verhouding met hul ouers het, goed deur hul portuurgroep aanvaar word en in staat is tot hegte en ondersteunende vriendskappe gedurende hul kinderjare en adolessensie. Die teendeel is egter ook waar, naamlik dat, indien kinders nie ondersteunende verhoudings met die ander mikrosisteme het nie, dit ook probleme kan veroorsaak. ’n Portuurgroep wat byvoorbeeld nie waarde aan skolastiese prestasie heg nie kan die kind se prestasie negatief beïnvloed, ten spyte van positiewe ouerlike ondersteuning.

Verder word dit van belang beskou dat die gesin ’n geleentheid aan kinders bied tot positiewe aanpassing in die omgewing ten einde normaal te funksioneer en voordeel te trek uit geleenthede

(vgl. 2.5.2); om bevoeg te wees om fisiese, sosiale of emosionele stres te kan hanteer en om stresfaktore as 'n leergeleentheid te gebruik (vgl. 2.5.3); om kwesbaarheid en risiko's ten opsigte van magsmisbruik te verminder (vgl. 2.5.4); om aan die kind 'n behoorlike woonplek/niche te bied waar die gevoel van "behoort-aan" en normale bindings kan plaasvind (vgl. 2.5.6); en om sodoende op 'n vaste lewenskoers (vgl. 2.5.7) te wees ten einde suksesvol deur die verskillende ontwikkelingsfases tot 'n onafhanklike volwassene te beweeg. Indien gesinne daarin slaag om die fundamentele aspekte van die ekologiese perspektief suksesvol tydens kinderopvoeding toe te pas, behoort die kind daartoe in staat te wees om transaksies tussen mens en omgewing in die vorm van suksesvolle aanpassing te kan hanteer. Wanneer hierdie aanpassing vanuit 'n sterkte-perspektief benader word, word daar op positiewe en belowende transaksies gefokus ten einde struikelblokke te oorkom.

Benner (1992:129–130) verwys na die aard van die wisselwerking tussen gesinslede en dat dit bydra tot die sosiale klimaat wat in die gesin heers. Kohesie en aanpasbaarheid word gebruik om die wisselwerking tussen die gesinslede te beskryf. Kohesie verwys na die emosionele gebondenheid en die graad van onafhanklikheid van individuele lede. Dit kan op 'n kontinuum gestel word van uiterste vryheid op die een punt van die kontinuum tot uiterste ineengestrengeldheid aan die ander kant. Laasgenoemde gesinne is oorbetrokke by mekaar en gewoonlik oorbeskermend met 'n beperkte mate van privaatheid – alles is gesinsgefokus. Die gesinne bied weerstand daarteen om risiko's te neem en vermy ontwikkelingsgeleenthede en 'n strewe na onafhanklikheid. Op die ander uiterste van die kontinuum word gesinne geplaas wat onbetrokke is bymekaar, met rigiede aparte rolle vir elke gesinslid. In gevalle van krisisse is daar min ondersteuning van die gesinsisteem. Goed funksionerende gesinne openbaar 'n balans tussen oor- en onbetrokkenheid op die kontinuum.

McHale (s.a.) wys ook daarop dat gesinsinvloede wederkerig en interverwant is, dat gesinsgrense gewoonlik oop is en strewe na 'n toestand van homeostase. Die praktiese implikasie hiervan is dat indien ontwrigting in die gesin plaasvind en 'n toestand van disekwilibrium ontstaan, gesinslede verskillende metodes aanwend om die balans te herstel. Die homeostase kan byvoorbeeld herstel word deur van hulpbronne uit die omgewing gebruik te maak in die geval van normale deurdringbare grense. Hiervan is pleegsorg 'n voorbeeld om in gevalle waar ouers tydelik nie in hul kinders se behoeftes kan voorsien nie, 'n pleegsorgplasing te reël wat 'n geleentheid kan bied om die gesins-homeostase te herstel sodat die kinders weer teruggeplaas kan word.

5.4 'N STERKTEPERSPEKTIEF OP DIE GESIN

Soos in die voorafgaande uiteengesit word 'n ekologiese perspektief as teoretiese raamwerk in die studie gebruik waarvolgens die gesin in terme van wisselwerking en die aard van transaksies tussen verskillende subsisteme in die gesin, sowel as tussen die gesin en die omgewing geanaliseer word. Hierdie analisering word dus nie probleemgerig gedoen nie, maar vanuit 'n sterkteperspektief waarvolgens op sterktes en moontlikhede in die prosesse van wisselwerking gefokus word. Volgens Benner (1992:109) behoort die identifisering van gesinsterktes en behoeftes binne 'n vennootskapsverhouding tussen ouers en professionele persone soos volg benader te word:

- Daar behoort nie 'n gedwonge komponent in dienste aan gesinne te wees nie; dit behoort vrywillig plaas te vind.
- Dienslewering behoort op 'n nie-opdringerige wyse plaas te vind.
- Dit moet individueel tussen die ouer en professionele persoon binne 'n vennootskaps-verhouding beplan word.
- Tydens dienslewering moet gesinswaardes en geloof bewaar en gerespekteer word.
- Gesinne behoort die finale gesag te behou om te bepaal watter areas van hul lewens oop is vir hersiening.

Deur van die sterkteperspektief gebruik te maak, word wegbeweeg van probleem- en siektegerigte diagnostiese en liniêre benaderings na sirkulêre en sterktegebaseerde (vgl. 2.7) benaderings ten einde gesinsfunksionering te versterk en te ondersteun. Die aanwending van die sterkteperspekief binne ekologiese konteks verseker 'n holistiese beskouing van die gesin in wisselwerking met die kind en die omgewing. Maatskaplike dienste aan die biologiese gesin van die pleegkind word vervolgens op die vlakke van voorkoming (vlak een), vroeë (vlak twee) en statutêre (vlak drie) intervensie en herstel en nasorg (vlak vier) bespreek. Die raamwerk vir dienslewering aan kinders en gesinne is alreeds uiteengesit (vgl. 3.7.1) en daarom word hier slegs verwys na dienste spesifiek op die gesin gerig.

5.4.1 Voorkomingsdienste

Voorkomingsdienste verwys na die bevordering en ondersteuning van gesinne wat gesond funksioneer. In Suid-Afrika word op nasionale vlak aandag geskenk aan die samestelling van 'n nasionale gesinsbeleid, wat eerstens ingestel is op die bewaring van die gesinslewe. Volgens die Department of Social Development Final Draft on National Policy for Families (2005(4):25–26), het die gesinsbeleid ten doel om:

- ondersteuningsmeganismes te voorsien ten einde waardes in die samelewing te ontwikkel wat die gesinslewe bevorder;
- maatreëls aan te spreek wat gesinslewe van geboorte tot die dood kan beskerm, bevorder en bewaar;
- ’n raamwerk te voorsien vir die doeltreffende integrasie van dienslewering om die gesinslewe te herbou, te versterk en te bewaar;
- intersektoriale samewerking onder rolspelers vir dienste wat fokus op voorkoming en vroeë intervensie te bevorder ten einde institusionalisering en/of statutêre intervensie sover moontlik te beperk;
- gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsprogramme en dienste vir gesinne wat respek vir menslike lewe bevorder en wat sensitief is vir diversiteit in kultuur en gesinsvorm daar te stel;
- ’n riglyn vir die monitering van dienste en programme vir gesinne te voorsien;
- voortgesette navorsing oor gesinslewe te bevorder; en
- maatreëls vir die versekering, bevordering, deel en gebruik van voldoende en toepaslike hulpbronne daar te stel.

Dit is dus duidelik dat die staat hoë prioriteit verleen aan ’n gesonde gesinslewe en daarvoor verantwoordelik is om beleid en finansiëring in die verband beskikbaar te stel, maar ook om dienslewering op privaatinisiatief te koördineer en aan te moedig. Die algemene welstand van ’n volk is interafhanklik van gesonde gesinslewe en daarom kan die voorsiening van hulpbronne en voorkomingsprogramme ter bevordering hiervan nie genoeg beklemtoon word nie. Indien daar wel risikofaktore geïdentifiseer word, soos wat in Suid-Afrika die geval is betreffende armoede, VIGS, werkloosheid en ander maatskaplike verskynsels soos wat in hoofstuk ses bespreek word, is dit noodsaaklik dat dienste bestaan om dit betyds aan te spreek ter voorkoming van drastiese statutêre stappe.

5.4.2 Vroeë intervensie

Vroeë intervensieprogramme word gelewer aan gesinne waar daar alreeds ’n geïdentifiseerde risiko bestaan, soos byvoorbeeld ’n kind wat in konflik met die wet betrokke geraak het. Volgens Connard en Novick (1996:11) behoort die programme ingestel te wees op die vermindering van die impak van risiko’s. Vanuit ’n sterkteperspektief word die verhouding tussen gesinne en professionele persone herdefinieer deur die skepping van ’n doeltreffende ouer-professionele-verhouding wat die gesin se reg tot deelname in besluitneming oor hul kind sowel as die gesin se behoeftes erken. (Vgl. 2.7.4, beginsels van die sterkteperspektief dat elke kliënt die beste diens deur samewerking ontvang en dat elke persoon verantwoordelik is vir sy eie herstel.)

Betreffende voorkoming sowel as vroeë intervensie is die bevordering van veerkragtigheid in die gesin van wesenlike belang. Daardeur word kwesbare gesinne versterk en die moontlikheid dat risiko's wat kan oorgaan in krisisse en waardeur die kind se welsyn ernstig bedreig kan word, aangespreek deur die uitbouing van sterktes en beskermingsfaktore.

- **Faktore in die gesin wat veerkragtigheid bevorder**

Ter aansluiting by veerkragtigheid in die gesin, word verwys na veerkragtigheidsfaktore in die kind self (vgl. 4.3.1), soos aangehaal deur Grotberg (1995:7–8), wat na die *International* Resilience Project verwys wat veerkragtigheidsfaktore waaruit kinders kan put om teenspoed te oorkom, in drie hoofkategorieë verdeel, naamlik: "*I HAVE, I AM, I CAN*". (Vgl. 2.7.3.) Die EK HET-beginsel is geleë in omgewingsterktes en word hier bespreek met spesifieke verwysing na die rol van die gesin.

"EK HET" bestaan uit veerkragtigheidsfaktore wat buite die kind geleë is in ondersteunings- en ander hulpbronne soos:

- Mense om die kind wat hy kan vertrou en liefhê (waarvan die ouers normaalweg die belangrikste behoort te wees, maar vir die pleegkind die pleegouers).
- Grense wat gestel word sodat die kind kan weet waar om te stop ter voorkoming van gevaar en probleme. (Vgl. 2.1.2 gesonde deurdringbare gesinsgrense waar kinders leer om binne en buite die gesin te kan onderskei tussen reg en verkeerd.)
- Rolmodelle wat 'n aanvaarbare manier van doen kan demonstreer. (Onderwysers, kerkleiers, sportafrigters of ander betekenisvolle persone wat sosiaal aanvaarbare gedrag demonstreer.)
- Persone wat die kind selfstandigheid kan leer. (Vgl. 4.4.2, onafhanklikheid en bemeestering word aangemoedig sodat die kind waagmoed kan openbaar.)
- Persone wat die kind help in gevalle van siekte of gevaar. (Vgl. 3.6.10 oog-op-die-kind projek waar samelewingstrukture beskikbaar gestel word om risiko-gesinne gedurende krisisse by te staan.)

Die EK HET-beginsel is dus geleë in die kind se ondersteuningsisteem wat aan hom sekuriteit verleen om te waag, veilig te voel en om met gepaste rolmodelle te identifiseer. Veerkragtigheidsfaktore in die kind self is byvoorbeeld geleë in temperament, fisiese toestand, intelligensie en opvoeding. Betreffende die gesin kan dit geleë wees in versorging of hoë verwagtings. Veerkragtigheid en beskermingsfaktore staan teenoor kwesbaarheid en risiko's. So kan 'n hoë intelligensievermoë die kind se lewe in 'n positiewe rigting laat ontwikkel, of indien die potensiaal nie ontsluit word nie wanneer die gesin- of skoolomgewing misluk om geleenthede tot

stimulering daar te stel, die kind in 'n negatiewe rigting laat beweeg. Die kind of gesin se ontwikkelingsbaan kan gesien word as 'n resultaat van onderhandeling tussen risiko's aan die een kant en die eksplorering van geleenthede aan die ander kant. Die volgende is bekend oor risiko's en beskermingsfaktore in die gesin (Connard & Novick 1996:8–9):

- Die teenwoordigheid van een enkele risikofaktor bedreig nie positiewe ontwikkeling nie. In gevalle waar die kind kwesbaar is, bepaal die wisselwerking tussen risiko- en beskermingsfaktore die verloop van ontwikkeling.
- Wanneer risikofaktore soos armoede vermeerder en wanneer die kind gekonfronteer word met negatiewe faktore tuis sowel as op ander gebiede en daar nie ander kompenserende faktore teenwoordig is nie, word die impak van die negatiewe aspekte soveel meer riskant.
- Veerkragtigheidstudies wys daarop dat kinders verskillend onder dieselfde riskante omstandighede reageer; dit hang af van die teenwoordigheid van verskillende ondersteunings- of beskermingsfaktore. (Vgl. 2.1.2 ekwifinaliteit en multi-finaliteit.)
- Beskermingsfaktore sluit aktiewe probleemoplossingsvaardighede, 'n positiewe selfbeeld en bevoegdheid in. (Vgl. 2.5.4.) Versorging, ondersteuning en die geleentheid tot deelname in die gesin dien ook as veerkragtigheidsfaktore vir die kind.

Die implikasie van bogenoemde is dat daar altyd binne gesinne bepaalde risiko- en beskermingsfaktore sal voorkom. Die impak wat dit op gesinsfunksionering uitoefen, sal afhang van die intensiteit en die kombinasie van meer- of enkelvoudigheid van risiko's, sowel as die teenwoordigheid van beskermingsfaktore. Vanuit die ekologiese perspektief op die gesin word gesinsfunksionering geanaliseer in terme van wisselwerking en transaksies tussen die persoon en die omgewing en aanpassings wat gemaak word ten einde gesonde funksionering te bewerkstelling. Volgens die sterkteperspektief word nie gefokus op swakhede en tekorte nie, maar op hoe gesinsterktes in die vorm van beskermingsfaktore aangewend kan word om risikofaktore te oorkom om 'n toestand van bemeestering en doeltreffendheid te bereik.

Praktiese wenke vir die verhoging van veerkragtigheid in gesinne en kinders word deur die North Carolina's Division of Social Services and the Family and Children's Resource Program in die VSA (1998:1–2), soos volg voorgestel:

- Bevorder 'n deurlopend stabiele en ondersteunende verhouding met ten minste een verantwoordelike volwassene in die kind se lewe wat veerkragtigheid by die kind kan bevorder – deur assessering moet vasgestel word waar die kind se verbintenisse/"behoort-aan"/gehegtheid geleë is. (Vgl. 4.3.2.)

- Aanvaar gesinne soos hulle is en respekteer hul kulturele erfenis, huishoudelike lewe en ervarings van die verlede. Dit verwys veral na gesinsherenigingsdienste en om ruimte te gee aan die pleegkind om sy kultuur en godsdiens te beoefen en ingelig te wees oor sy verlede.
- Bied ondersteuning en aanmoediging om gesinne te laat verstaan dat hulle iets reg doen en bou vertroue. Dit is dikwels moeilik om tydens gesinsherenigingsdienste die ouers se samewerking te kry omdat hulle deur kinderhofverrigtinge die boodskap van onbevoegdheid kry.
- Ontwikkel begrip vir hul werklikheid en ervaringe op hul ontwikkelingsvlak – assessering volgens die sterkteperspektief fokus op die kliënt se siening van sy werklikheid en die betekenis wat hy daaraan gee. (Vgl. 2.7.8.)
- Gebruik wat hulle alreeds het om hul swakhede te versterk en ondersteun sodoende die ontwikkeling van veerkragtigheid – volgens die sterkteperspektief is die maatskaplike werker op die ontdekking van sterktes ingestel. (Vgl. 2.7.7.)
- Verbreed hul positiewe sosiale ondersteuning deur hulle te help om kontak met vriende of opbouende groepe te maak. In hierdie opsig kan inskakeling by groepe vir pleegouers en -kinders sowel as biologiese ouers van groot waarde wees.
- Modelleer konstruktiewe denke en probleemoplossing deur vraagstelling en om deur probleme te werk – dit is veral deur oorlewingsvrae waardeur die persoon bewus gemaak word van sy spesiale kwaliteite om deur probleme te beweeg. (Vgl. 2.7.7.)
- Wees op die uitkyk vir sterktes en versterk verbaal wat hulle goed kan doen – enigiets intern of ekstern kan as ’n sterkte dien; dit moet ontdek en doelbewus uitgebou word. (Vgl. 2.7.6.)
- Ondersteun die gesin se selfbewussyn deur hul mening te vra en te verstaan wat hulle werklik sê – gesprekvoering en narratiewe oor sterktes moet gestimuleer word sodat die gesin onder die besef kan kom van sterktes en die betekenis daarvan in hul lewens. (Vgl. 2.7.10.)
- Versterk humor en ander natuurlike hanteringsmeganismes in hul persoonlikhede – die aard van sterktes kan enigiets wees soos onder andere humor. (Vgl. 2.7.7.)

Hieruit is dit duidelik dat die maatskaplike werker ’n spesifieke taak het om veerkragtigheid in gesinne te identifiseer en uit te bou ten einde hulle te help om te herstel na terugslae. Hierdie aspek kan veral waardevol wees tydens voorkoming en vroeë intervensie sodat dit nie nodig is om kinders te verwyder nie. Waller (2001:5 en 23–24) identifiseer ’n lys van beskermende faktore wat positiewe uitkomste kan fasiliteer deurdat dit dien as buffer tussen die gesin en vir die welstand van die individu in die gesin risikofaktore wat ’n bedreiging vorm en veral van waarde op

voorkomingsvlak is. Bevoegde ouers wat oor die volgende eienskappe beskik, behoort bevorder te word: modelleer aanvaarbare gedrag, voorsien toegang tot kennis, veerkragtigheid, bekwaamheid, gesaghebbende ouerskapstyl, interpersoonlike warmte, nie-kritiserend, waardeer wat kinders bereik en koester hoë, maar realistiese verwagtinge van kinders. Verdere eienskappe van bevoegde ouers is dat hulle beskik oor opleiding, dat hulle voorlees vir hul kinders, betrokke is by die skool, kontak maak met ander bevoegde volwassenes, verbind is aan familie, oor sosio-ekonomiese voordele beskik, verbind is tot en deelname toon in geloofsverband, dat daar huweliks-harmonie heers en dat die kinders verantwoordelikhede en take in gesinsverband moet nakom.

Brooks en Goldstein (2002:8–9) sluit hierby aan deur tien belangrike riglyne vir ouers te identifiseer waardeur veerkragtigheid in kinders tydens die opvoedingsproses bevorder kan word:

- Empatie in die ouer-kind-verhouding – dit is die vermoë van die ouer om homself in die kind se skoene te plaas en die wêreld deur die jongeling se oë te probeer sien. Dit beteken nie om met alles saam te stem nie, maar om te poog om die kind se standpunt te waardeer.
- Doeltreffende kommunikasie en aktiewe luister – ten einde in staat te wees om die kind te verstaan moet daar aktief geluister word na wat die kind kommunikeer. Daarvoor is tyd en onverdeelde aandagskenking nodig.
- Identifisering en herskrywing van negatiewe voorskrifte. Ouers met ’n ingesteldheid tot veerkragtigheid besef dat indien hulle iets sê of doen wat vir ’n redelike tyd nie effektiewe resultate oplewer nie, hulle iets anders moet probeer ten einde verandering by die kind te bewerkstellig. Indien met dieselfde boodskappe volgehou word met die idee dat die kind die verantwoordelikheid het om te verander, lei dit dikwels jaar na jaar tot dieselfde negatiewe resultate.
- Geloof in die waarde van die kind. Soms is dit net die geloof van een volwassene in die waarde van ’n kind wat hom help om veerkragtig te wees. Ouers behoort op so ’n wyse liefde aan hul kinders oor te dra dat hulle spesiaal en gewaardeerd voel.
- Aanvaarding van kinders met hul unieke temperament is een van die moeilikste take vir ouers. Deur kinders te aanvaar vir wie hulle is, kan hulle gehelp word om realistiese doelwitte vir hulleself daar te stel, wat weer kan aanleiding gee tot ’n minder span-ningsvolle en meer bevredigend ouer-kind-verhouding.
- Fokus op sterktes – kinders wat oor veerkragtigheid beskik, vermy nie probleme nie, maar staar dit in die gesig deur hul sterktes te herken en daarop te fokus. Kinders moet gehelp word om sukses te ervaar deur hul bevoegdheid te identifiseer en dit te versterk. Elke kind beskik oor sterktes en ouers behoort dit te bevorder in plaas daarvan om swakhede te beklemtoon.

- Beskou foute as leergeleenthede. Wanneer kinders foute maak, moet ouers die geleentheid gebruik om die boodskap te versterk dat foute leergeleenthede is. Daar moet nie op mislukkings met verkleinerende of afbrekende response gereageer word nie.
- Bevorder 'n sin vir verantwoordelikheid. 'n Hooftaak van ouers is om kinders te help om verantwoordelikheid, meelewing en 'n sosiale gewete te ontwikkel. Dit kan bevorder word deur geleenthede te skep waar hulle 'n positiewe bydrae tot die huishouding, skool en hul gemeenskap kan maak.
- Bou 'n selfbeeld. Kinders met veerkragtigheid beskik oor 'n positiewe selfbeeld en 'n realistiese sin vir dit waaroor hulle beheer het en fokus dan daarop. Hulle beskik oor doeltreffende probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede wat versigtig deur hul ouers gemonitor word.
- Gebruik dissipline om te leer. Ouers wat veerkragtigheid bevorder, beskou dissipline as 'n leerproses en nie om te intimideer of te verneder nie. Dissiplineringsmetodes versterk (positiewe dissipline) of verswak (afbrekende metodes) kinders se selfbeeld, selfbeheer en in geheel hul veerkragtigheidsvermoë.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die ontwikkeling van veerkragtigheid in kinders onder andere verband hou met ouerskapstyl. Ouers kan deur hul hantering van die kind bydra tot die ontsluiting of afsluiting van veerkragtigheid en daarom is toerusting in ouerskapvaardighede 'n belangrike aspek tydens die lewering van vroeë intervensie en gesinsherenigingsdienste aan die biologiese ouers, sowel as voorbereiding op pleegouerskap en pleegtoesigdienste aan die pleegouers. Die pleegouer wat hierdie soort ouerskapstyl beoefen, kan 'n geleentheid tot herstel aan enige verwaarloosde of mishandelde kind bied.

Ander gesinsfaktore wat die invloed van meervoudige stressors op die gesin kan verlig of verhoog, is volgens Thompson *et al.* (2004:20) die ouderdom van die ouers of die aantal kinders. Meer ervare ouers behoort ouerskap beter te hanteer as jonger ouers. Gesinne met meer as vier kinders, of indien die kinders minder as twee jaar van mekaar in ouderdom verskil, kan ouerskap as veeleisend ervaar. Veerkragtige jeugdiges het gewoonlik koestering en versorging gedurende hul eerste lewensjaar ervaar met beperkte skeiding van hul versorgers. Hulle het oor 'n familienetwerk beskik met soortgelyke waardes en oortuigings en wat beskikbaar was vir leiding en ondersteuning. Verder het hulle struktuur en reëls in hul huise gedurende adolessensie gehad, asook ondersteunende ander volwassenes en 'n aantal betekenisvolle rolmodelle buite die gesin wat 'n kritiese rol gespeel het om 'n veerkragtige jeugdige te bou. Rolmodelle kan onderwysers, sportafrigters, bure, volwasse vriende, beraders en mentors wees.

Dit is duidelik dat nie net die gesin op die ekologiese vlak 'n belangrike rol speel in die opbou van veerkragtigheid van die individu nie, maar ook die ander sisteme op die breër ontledingsvlakke. Die gesin is die plek waar die kind bemagtig word om weerstand te bied teen risikofaktore en indien die gesin as 'n eenheid funksioneer, bied dit 'n veilige hawe aan sy lede (subsisteme) waar hulle toegerus kan word vir die volwasse lewe sowel as die groter omgewing. Indien die gesin egter gedeeltelik of glad nie hierdie verantwoordelikhede kan nakom nie, behoort daar ander betekenisvolle persone en instansies te wees wat daarvoor kan kompenseer soos in die geval van pleegsorg.

5.4.3 Statutêre intervensie

Statutêre intervensie word in hoofstuk ses onder wetgewing bespreek waar die gronde vir sorgbehoewendheid en kinderhofprosedures uiteengesit word. Hier word bevestig dat die kind slegs verwyder behoort te word indien alle voorsorgsmaatreëls moontlik in werking gestel is om dit te verhoed of indien die kind se algemene welstand bedreig word en hy spoedeisend beveilig moet word. Die prosedure van opening van die Kinderhof, Kinderhofbevele en die kontinuum vir alternatiewe sorg word ook in die betrokke hoofstuk onder statutêre dienste aan die gesin bespreek. In die ondersoek word voorkeur verleen aan pleegsorg as alternatiewe sorg soos uiteengesit in hoofstuk drie. Vervolgens word aandag geskenk aan die assessering van gesinsfunksionering aangesien dit 'n vaardigheid is waaroor die maatskaplike werker moet beskik ten einde te bepaal watter maatreëls vir kinderbeskerming in werking gestel behoort te word.

5.5 ASSESSERING VAN DIE GESIN

Wanneer data oor 'n gesin ingesamel word, is dit eerstens daarop ingestel om sterktes en behoeftes te identifiseer. Daar moet 'n balans gevind word tussen wat die gesin vir hulleself kan doen en waarmee hulle gehelp moet word sonder om hul vermoë om funksioneel te wees en self verantwoordelikheid te aanvaar, te ondermyn (Benner 1992:103). Volgens die ekologiese perspektief word die maatskaplike funksionering van ouers, broers en susters en uitgebreide familie en vriende vir soverre laasgenoemde twee by die kind betekenisvol betrokke is, op die mesosisteem geassesseer.

Volgens Benner (1992:108) word daar gelet op die vermoë van die gesin tot voortgesette funksionering ten spyte van stresfaktore, die gesinsamestelling en die erns van die problematiek en die beskikbare maatskaplike ondersteuningsnetwerke. Die drie komponente van maatskaplike netwerke wat die doeltreffendheid van die gesin beïnvloed, bestaan uit die netwerkgrootte, netwerkdigtheid en die aard van grense. Die netwerkgrootte verwys na die aantal en verskillende

soorte ondersteuning wat beskikbaar is vir die gesin op byvoorbeeld geestelike, mediese en psigologiese vlak. Die netwerkdigtheid het te make met die mate waartoe lede van die ondersteuningsnetwerk bekend is aan mekaar. Dit verwys waarskynlik na die “behoort-aan” of verbondenheid. Die aard van gesinsgrense is alreeds bespreek (vgl. 5.3.1) en kan wissel van gesonde, deurdringbare grense wat wisselwerking en ondersteuning tussen lede van die netwerk bevorder, of vae en rigiede grense wat gesinsfunksionering benadeel. Dit het te make met die onderlinge steun in die gesin self of op die breër vlak van die ekologiese ontledingsisteem waarvan voorbeelde kan wees die vriendekring- of gesin-vir-gesin-pleegsorg, asook die oog-op-die-kind-projek (Vgl. 3.6.)

Connard en Novick (1996:5) brei die assessering van die gesin verder uit deur te verwys na uitdagings en geleenthede in die ekologie van die kind wat geassesseer word deur byvoorbeeld die volgende vrae ten opsigte van die gesin, skool, portuurgroep of kerk te stel:

- Bestaan daar ’n positiewe houding ten opsigte van die kind?
- Word die kind aanvaar?
- Word bevoegde gedrag by die kind versterk?
- Is daar blootstelling aan genoeg diverse rolle en verhoudings?
- Het die kind ’n aktiewe rol in wisselwerkende verhoudings?

Dit gaan dus hier grootliks oor die gesindheid wat ten opsigte van kinders heers en geleenthede wat aan kinders gebied word om verhoudings te bou en in stand te hou, sowel as om te leer wat aanvaarbare gedrag is. Betreffende die wisselwerking tussen die kind se ekologie met sy gesin, skool, kerk en woonbuurt, moet volgens Connard en Novick (1996:6) die volgende vrae gestel word:

- Respekteer die instellings mekaar?
- Bestaan daar ’n basiese bestendigheid betreffende waardes tussen die instellings?
- Is daar kommunikasiekanale?
- Bestaan daar openheid vir samewerking en vennootskap?

Hoewel die kind nie altyd in direkte kontak is met die instellings nie, het dit ’n bepaalde invloed op die gesinslewe, byvoorbeeld, indien die vader se werksomstandighede spanningsvol is, sal dit die gesinslewe en dus die kind se lewe beïnvloed. Die vraag is dus of die instellings wat ’n direkte invloed op die gesin uitoefen ’n bron van ondersteuning of van stres is. In dié verband stel Connard en Novick (1996:7) dit dat gesinne moet respondeer op die eise en verwagtinge wat deur die werk, sosiale groepe, gemeenskapsinstellings en die maatskaplike opset in geheel gestel word. Wanneer hulpbronne en hanteringsmeganismes van gesinne onvoldoende respondeer op hierdie

eise en verwagtinge, bou stres op in die gesin (vgl. 2.5.3) en kan dit die gesin se vermoë om kinders behoorlik te versorg benadeel.

Daar is ŉ verskeidenheid van maniere waarop gesinne geassesseer kan word. Daar is reeds verwys na die assesseringsraamwerk van Cowger en Snively (vgl. 4.4.3, figuur 5) met twee asse en waarvolgens sterktes versus struikelblokke en omgewingsfaktore versus persoonlike faktore geassesseer kan word. Hierdie assesseringswyse kan doeltreffend met die kind op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem aangewend word. Wanneer daar met die gesin gewerk word en gesinsagtergrond bekom moet word, is die genogram en ekokaart gewilde tegnieke wat deur maatskaplike werkers gebruik word. Die genogram word vervolgens as tegnieke vir gesinsassessering bespreek, terwyl die ekokaart vir assessering van die breër maatskaplike konteks van die gesin in hoofstuk ses bespreek word.

5.5.1 Die genogram

Die genogram is ŉ grafiese wyse waarop emosionele prosesse van die oorsprong van ŉ kliënt of sy gesin oor die laaste drie generasies ondersoek en voorgestel kan word. Die genogram is in die vroeë 1980's deur gesinsterapeute, geneeshere en ander gesondheidswerkers soos Murray Bowen, Jack Froom en Jack Medalie ontwikkel. Deur die genogram kan ŉ klomp inligting oor gesinslede en hul verhoudings sistematies uiteengesit word sodat ingewikkelde patrone beter begryp word. Riglyne oor die gebruik van genogramme vir assessering en toepassing op gesinswerk is oor die afgelope dekades ontwikkel en is steeds aan die ontwikkeling soos wat denke oor die gesin in konteks vorder (McGoldrick, Gerson & Shellenberger 1999:1–2).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die genogram as assesseringstegniek gebruik om aan die maatskaplike werker die geleentheid te bied om volgens ŉ sistemiese perspektief inligting oor gesinsfunksionering te bekom. Volgens McGoldrick *et al.* (1999:7–8) is die gesin die primêre en kragtigste sisteem waaraan ŉ mens kan behoort. Die fisiese, maatskaplike en emosionele funksionering van gesinslede is interafhanklik en veranderinge in een deel van die sisteem het ŉ rimpeleffek op ander dele. Deur middel van genogramme kan die neiging van gesinsverhoudinge om wederkerig en herhalend volgens patrone te wees waargeneem word ten einde tentatiewe gevolgtrekkings oor die gesinsituasie te maak. Hierdie soort patrone in funksionering, verhoudings en strukture kan ook deur die genogram geëksploreer word.

In aansluiting by die ekologies-sistemiese analisering van gesinsfunksionering (vgl. 5.3.1), word daar op die volgende aspekte tydens die gebruik van die genogram as assesseringstegniek vir gesinne gelet. (Vgl. McGoldrick *et al*. 1999:7–8, Thomlison 2002:60, Thompson *et al.* 2004:333–337 en Ferreira 2004b:21.)

- Die aard en wisselwerking van interpersoonlike **verhoudinge**. Daar kan 'n verskeidenheid verhoudingspatrone tussen gesinslede bestaan van soveel afstand aan die een kant dat gesinslede die gevaar loop om uit mekaar te spat, en aan die ander kant om so naby aan mekaar te wees dat emosionele verstrengeldheid en swak selfdifferensiasie vertoon word. Verhoudings of verbintenisse in die gesin kan wissel van besonder heg, matig gebind, op 'n afstand, konflik/botsend of swak, verwyderd of afgesny.

- **Driehoekvorming** en koalisies beteken dat 'n derde persoon in 'n tweepersoonverhouding ingetrek word in 'n poging om die sisteem te stabiliseer. Die gesinsisteem strewe altyd na 'n balans (homeostase) en die gedrag van gesinslede is komplementêr of wederkering. So kan 'n leemte in een deel van die sisteem, soos die onverantwoordelike optrede deur 'n gesinslid deur die oorverantwoordelikheid van 'n ander gesinslid gekomplementeer word.

- **Multigeneratiewe oordrag**. Dit verwys na die geneigdheid wat gesinne het om hulself te herhaal deurdat dit wat in een generasie gebeur dikwels in 'n volgende generasie herhaal word. Op die genogram word daar opgelet na funksioneringspatrone, verhoudings en struktuur wat van die een geslag na die volgende oorgedra word.

- Die **vloei van angs** in die gesinsisteem op vertikale en horisontale vlakke. Die vertikale vloei van angs ontstaan van verhoudingspatrone en funksionering wat histories oorgedra word van die een geslag na die ander, veral deur driehoekvorming. Die horisontale vloei van angs ontstaan soos wat stres op die gesin geplaas word soos dit vorentoe deur tyd beweeg en daar gepoog word om met veranderinge, mislukkings en oorgange in die gesinslewensiklus te handel. Stres op die horisontale vlak kan gesinsdisfunksionering meebring, terwyl stressors op die vertikale vlak bykomende probleme kan skep. 'n Vader wat as kind byvoorbeeld dikwels onder sy vader se woede-uitbarstings moes ly (vertikale vlak), mag dalk sukkel om normale dissipline op sy eie kinders (horisontale vlak) toe te pas. Deur die genogram kan die vloei van angs deur die geslagte heen sowel as oor die huidige gesinsituasie geassesseer word.

- **Differensiasie van die self** verwys na die persoon se vermoë om emosies en denke te skei. Persone met 'n hoë mate van selfdifferensiasie kan stres en angs beter hanteer omdat hulle in staat is om rasionele denke tydens probleemhantering aan te wend. Deur die genogram kan dus bepaal word tot watter mate gesinslede 'n gesonde balans tussen denke en gevoelens kan handhaaf.

- Die ontwikkeling van 'n **gesinsistemiese perspektief** kan deur die gesin self ontwikkel word. Die genogram kan gebruik word om gesinne te help om hulself op 'n nuwe wyse te

sien, sonder om teen simptoomgedrag vas te kyk en om emosioneel belaaide sake te herformuleer en te normaliseer. Daardeur kan gesinslede 'n breër beeld ontwikkel oor teenswoordige en historiese gebeure deurdat dit inligting oor funksionele, strukturele en verhoudingsaspekte in die gesin verskaf.

Daarby kan ook nog gevoeg word die **rolfunksionering** van gesinne. Volgens Hartman en Laird (1983:94) word gesinne al vir jare in terme van die rolfunksionering van sy lede geassesseer. Daar is formele gesinsrolle soos vader, moeder, man vrou, seun, dogter en ander betekenisvolle persone in die gesin soos 'n grootmoeder. Dan is daar ook informele rolle, wat noodsaaklik is vir die instandhouding en funksionering van die gesinsisteem, soos byvoorbeeld versorger, grapmaker of ontdekker. Hierdie rolle word gekenmerk deur tipiese gedrag en word gewoonlik intergeneratief in 'n sekere patroon oorgedra. Dit hou egter bepaalde risiko's in om gesinne in terme van rolfunksionering te assesseer, aangesien die assesseerder se persoonlike kulturele norme as kriteria gebruik kan word. Daarom is dit noodsaaklik dat gesinslede verwagtinge ten opsigte van hul verskillende rolle self en van mekaar moet kan beskryf (Hartman & Laird 1983:289).

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die genogram 'n waardevolle tegniek kan wees om met 'n gesin te begin werk. Die gesin is heeltyds betrokke en is die vernaamste bron van inligting. Dit is nie net waardevol in die assessering nie, maar ook om 'n vertrouensverhouding te bou en gepaste intervensie na aanleiding van die unieke behoeftes en sterktes van gesinslede te bepaal. Aangesien daar vanuit 'n sterkteperspektief gewerk word, sal noodwendig opgelet word na sterktes, talente en ontwikkelingsgeleenthede, terwyl die probleem nie geïgnoreer word nie, maar ook nie die hooffokus tydens die bespreking is nie.

Zastrow (2006:247) beklemtoon die noodsaak dat die maatskaplike werker en die kliënt die genogram gesamentlik moet doen sodat beide die geleentheid kry om gesinspatrone in 'n geïntegreerde konteks te identifiseer en te verstaan. Daardeur kan die maatskaplike werker die intergeneratiewe patrone en die invloed daarvan op die kliënt- en gesinsisteem beter verstaan en in staat wees om die regte vrae te vra vir die verdere eksplorering van die situasie. Maatskaplike werkers met 'n sterkteperspektief sal saam met die gesin fokus op die identifisering van intergeneratiewe patrone wat as hulpbronne gebruik kan word om uitdagings mee te konfronteer. Sodanige hulpbronne kan wees 'n hoë lewensverwagting, 'n hoë opvoedingspeil, gesonde lewenstyl, lae egskeidingsyfer of 'n doeltreffende kommunikasiestyl. Deur die samestelling van die genogram kan die gesin gehelp word om problematiese intergeneratiewe partone sowel as hulpbronne te identifiseer en strategieë te ontwikkel waardeur dit verbreek kan word. Simbole word gebruik (vgl. figuur 7) om die visuele gesinsboom voor te stel wat oor die laaste drie geslagte strek en wat die volgende inligting kan insluit: wie die lede is: hul name, ouderdomme en geslag,

huwelikstatus, en posisies van kinders. Addisionele inligting kan, indien van belang, ook ingesluit word, soos: emosionele en gedragsprobleme, godsdienstige verbintenisse, etniese oorsprong, geografiese ligging, beroepe, sosio-ekonomiese status, en betekenisvolle lewensgebeure.

By die konstruering van genogramme kan 'n verskeidenheid van simbole gebruik word. Gewoonlik word gesinslede op horisontale lyne volgens generasie in 'n huwelik- of saamblyverhouding geplaas. Kinders word op vertikale lyne en in rangorde van links na regs, beginnende by die oudste kind geplaas. Manlike lede word met 'n vierkant en vroulike lede met 'n sirkel aangedui. Name en geboortedatums word in die sirkel of vierkant geplaas. Belangrike inligting kan net buite die simbool geskryf word, soos siekte, dood of ander betekenisvolle inligting. Daar is verskeie ander simbole wat deur verskillende gesinsterapeute gebruik word om sisteemgrense, emosionele afsnydings, egskeidings of ander insidente in die familie aan te dui (Thomlison 2002:59).

Die volgende is 'n fiktiewe gevallestudie oor hoe 'n genogram van 'n pleegkind saamgestel kan word sodat 'n beeld gevorm kan word oor die herkoms en huidige omstandighede, wat weer as hulpmiddel vir permanensiebeplanning vir die kind gebruik kan word. *Sally is 'n agtjarige dogter wat alreeds op vyfjarige ouderdom (2003) op grond van seksuele molestering deur haar moeder (Mary) se mansvriend (James) en emosionele verwaarlosing uit ouerlike sorg verwyder is. Haar moeder en biologiese vader (Vincent) is geskei toe sy drie jaar oud was (2001) en die vader is al sedert die egskeiding onopspoorbaar. Sy is by haar grootmoeder aan moederskant (Bessie) in pleegsorg geplaas. Die ouma het haar die afgelope drie jaar versorg, maar sy het die maatskaplike werker onlangs versoek om vir Sally te verwyder, aangesien sy op sewentig jaar nie meer kans sien vir die veeleisende taak nie. Sally het ook al hoe meer uitdagende gedrag begin openbaar soos woede-uitbarstings, opstandigheid, swak skoolprestasie en lei aan urinese. Haar moeder het intussen slegs sporadies kontak gemaak en daar bestaan geen werklike binding tussen die twee nie. Sally het ook nie 'n hegte band met haar grootmoeder nie, aangesien hulle te veel in konflik met mekaar verkeer. Die dogter is ingevolge 'n tydelike bevel oorgeplaas vir assessering en waarneming by 'n pleeggesin waar die pleegmoeder opgelei is as kinderversorger en die welsynsinstansie dikwels uithelp met die beveiliging van kinders en assessering met die oog op permanensiebeplanning. Die pleeggesin bestaan uit die vader (Manie) en moeder (Dora), 'n 20-jarige seun (Willem) wat nog by die gesin inwoon maar alreeds selfstandig werk en 'n 17-jarige, skoolgaande dogter (Lizzy). Na 'n waarnemingsperiode van ses weke het die gesin aansoek gedoen om Sally in pleegsorg te neem omdat hulle geheg geraak het aan haar en elkeen 'n besondere bydrae gemaak het tot haar stimulering en ontwikkeling. Die doel van die assessering is om Sally se "behoort-aan" en haar behoeftes op fisiese, psigiese, sosiale en geestelike vlakke te bepaal om vas te stel of die voornemende pleegouers geskik is om in hierdie behoeftes te voorsien.*

Figuur 8: Voorbeeld van 'n genogram



Bron: Thomlison (2002:339) en Thomson et al. (2004:337–338)

Die volgende vrae kan tydens die samestelling van die genogram ten opsigte van die biologiese ouers gevra word ten einde behoeftes en sterktes te assesseer (Thomlison 2002:339):

- Wat is die opvoedkundige kwalifikasies en besondere talente van die gesinslede?
- Watter kulturele en godsdienstige waardes word gehandhaaf en oorgedra van geslag tot geslag?

- Waar en wanneer het die gesinslede oral gewoon en hoekom het hulle getrek?
- Hoe kom gesinslede oor die weg met mekaar, wie is geheg aan wie, tussen wie kom konflik of driehoekvorming of emosionele afsnydings voor?
- Waarmee het gesinslede sukses behaal?
- Wat is die algemene gesondheidstoestand van die gesinslede; waaraan is die oupa oorlede?
- Watter temas word tussen generasies oorgedra?
- Watter gebeurtenisse het 'n groot invloed op die gesinslede gehad?
- Wie vervul watter rolle in die gesin, byvoorbeeld witbroodjie of sondebok?
- Met wie kom Sally die beste oor die weg?

Die vrae wat gerig is op die ontdekking van sterktes soos oorlewings-, ondersteunings- en uitsonderingsvrae, sowel as vrae oor moontlikhede en agting (vgl. 2.7.7) kan ook hier gebruik word, soos byvoorbeeld die volgende:

- Hoe het die gesin dit sover reggekry om te oorleef?
- Watter uitdagings moes hulle alles trotseer?
- Watter spesiale vermoëns of eienskappe het gesinslede waarop staatgemaak kan word?
- Op watter persone kan die kind die meeste staatmaak?
- Wie het die kind tot dusver die meeste ondersteun of beskerm?
- Wat was anders voor die pleegsorgplasing?
- Waarop hoop die gesin/pleegkind vir die toekoms?
- Wie of wat kan die gesin/pleegkind help om hierdie ideale te verwesenlik?
- Wat maak die gesin/kind trots?
- Hoe sal die gesin/kind weet dat dit goed gaan; wat sal hulle/hy doen; saam met wie sal hulle/hy wees en hoe sal hulle/hy dink, doen en optree?

Bespreking en die soeke na antwoorde op hierdie soort vrae bied die moontlikheid dat assessering en dienslewering gerig is op die potensiaal en vermoëns in die gesin, die pleegkind sowel as die uitgebreide familie. Dit kan aan die kind die geleentheid bied om sekerheid te kry oor wie en wat vir hom betekenisvol is oor sy herkoms en om verantwoordelikheid te neem vir toekomsbeplanning. Dalk het die kind die pleegsorgsituasie negatief beleef, maar kan hy deur die proses gestimuleer word om dit as 'n geleentheid te gebruik om ideale en drome te verwesenlik. Die biologiese gesin kan ook hierdeur bewus gemaak word dat statutêre ingryping aan hulle die geleentheid bied om potensiaal en verskuilde sterktes in werking te stel ten einde die doel van terugplasing te bereik of minstens 'n positiewe verhouding met die kind in stand te hou. Betreffende die pleeggesin, kan

deur 'n bespreking oor hul genogram bepaal word wat die gesin se motief vir pleegsorg is, of hulle die kind binne hul gesin kan aanvaar, en of daar in die behoeftes van die pleegkind voorsien sal kan word. Verder moet bepaal word of hulle liefdevol, geduldig en gewillig is om 'n verbintenis met die kind aan te gaan en om die biologiese ouers ook te akkommodeer.

5.5.2 Krisisassessering

Dit gebeur dikwels dat maatskaplike werkers kinders moet beveilig wat in onmiddellike gevaar verkeer en daar nie die geleentheid was om voorkomingsdienste te lewer nie. Soms is dit moeilik om te bepaal of die kind of gesin werklik in 'n krisis verkeer en of drastiese stappe geneem behoort te word. Onnodige verwydering kan traumatiese gevolge vir al die partye inhou, terwyl versuim van verwydering aan die ander kant ook weer noodlottige gevolge kan inhou. Volgens Sheafor *et al.* (1994:331) is die groot vraag in die geval van kindermishandeling of verwaarlosing: "… *is the child at risk of serious harm and in need of immediate protection?"* Ten einde die vraag te beantwoord, het die maatskaplike werker bepaalde konkrete kriteria nodig wat tydens krisisassessering gebruik kan word.

Daar moet eerstens onderskei word of dit die gesin is wat in krisis verkeer en of dit die kind is. Laasgenoemde impliseer dat die gesin nie die kind kan beskerm nie, terwyl in eersgenoemde geval intensiewe voorkomingsdienste nog gelewer kan word alvorens tot statutêre optrede oorgegaan word. By oorweging of die kind verwyder moet word, moet die volgende geassesseer word: Is die kind veilig tuis? Wat kan gedoen word om die kind te beskerm? Wat is die alternatief wat die minste skade sal doen (Schultz 2002:66)? Antwoorde hierop behoort vir die maatskaplike werker 'n aanduiding te gee oor wat die onmiddellike optrede behoort te wees.

Schultz (2002:67), 'n Suid-Afrikaanse, praktiserende maatskaplike werker, het 'n model vir assessering van die kind in riskante omstandighede saamgestel vanuit Steinhauer (1991) en De Panfilis en Scannapieco (1994) wat rigtinggewend kan wees in die besluit oor die verwydering van kinders al dan nie. Op grond van die inligting word 'n tabel saamgestel wat deur maatskaplike werkers as 'n kontrolelys gebruik kan word.

Tabel 10: ’n Model vir assessering van die kind in ’n risiko/krisis

Risiko/krisis	**Assesseringskriteria**
Kriteria om te bepaal of die **gesin** in ’n krisis verkeer terwyl dit nog moontlik is om deur intensiewe gesinsbewaringsdienste verwydering te probeer **voorkom** (Schultz 2002:67).	• Daar word nie voldoende in die kind se fisiese behoeftes voorsien nie, maar daar is wel hulpbronne in die gemeenskap beskikbaar wat aangewend kan word. • Die kind openbaar ontwikkelingsagterstande maar die ouers toon begrip vir die behoeftes en is bereid tot inskakeling vir ouerleiding. • Die kind het buitengewone behoeftes waarin die ouers nie kan voorsien nie, maar hulle was tot dusver ongeërg daaromtrent en nie bekend met hulpbronne nie. • Eenmalige mishandeling of seksuele molestering het voorgekom, maar die ouers is gemotiveerd om die kind te beskerm deur byvoorbeeld die oortreder uit hul lewens te verwyder of ’n klag by die polisie in te dien. • Gesins- of huwelikskonflik en krisisse kom voor maar die ouers aanvaar verantwoordelikheid en is bereid om saam te werk en hulp te aanvaar.
Kriteria om te bepaal of die **kind** in ’n krisis verkeer en **tydelik beveilig** behoort te word terwyl gesinsbewaringsdienste by die ouers gelewer word (Schultz 2002:67–69).	• Daar is herhaalde bewerings van mishandeling en die beserings dui op doelbewuste handelinge, terwyl die oortreder dit nie kan of wil verduidelik nie. Niemand in die gesin beskerm die kind nie. Die kind is te klein om dit self te kan doen en hy staan die gevaar om weer beseer te kan word. • Die ouers vrees dat hulle die kind sal seermaak en versoek dat die kind verwyder word. • Die kind versoek om verwyder te word. • Een of albei ouers het ’n lae frustrasietoleransie, is gewelddadig, aggressief, misbruik afhanklikheidsvormende stowwe, seksuele promiskuïteit kom voor en die kind word daaraan blootgestel. • Gesinsgeweld kom gereeld in die teenwoordigheid van die kind voor. • Die kind is siek of beseer en die ouers weier behandeling. • Tekens van seksuele mishandeling kom binne die gesin voor en die ander ouer beskerm die kind nie daarteen nie; of die kind toon tekens van verkragting of volwasse seksuele misbruik en die oortreder het vrye toegang tot die kind. • Kroniese fisiese verwaarlosing, wat skadelik is vir die ontwikkeling van die kind kom voor, die gesin kan nie krisisse hanteer nie, leef in isolasie, het nie ondersteuningsisteme nie of maak nie daarvan gebruik nie, is passief en aanvaar nie verantwoordelikheid nie. • Die kind is alreeds ernstig seergemaak en beskadig. • Emosionele deprivasie kom voor deurdat daar nie ’n emosionele hegtheidsband met iemand bestaan nie, die ouers mishandel die kind emosioneel deur byvoorbeeld ’n negatiewe gesindheid en verwerping. Die ouers stel die kind bloot aan herhaalde skeidings en verliese, wat hom die kans ontneem om ’n hegtheidsband te ontwikkel. • Daar bestaan ’n gebrek aan ouerskapvaardighede, insig in die behoeftes van ’n kind, motivering om die kind te versorg, ’n onbewustheid van die skade wat ouerlike optrede veroorsaak en die ouers is nie geïnteresseerd in verandering nie. • Die ouers gebruik die kind vir hul eie behoeftebevrediging en is egosentries gefokus op hul eie belange.

	• Die kind is betrokke by kriminele aktiwiteite en word daarin versterk deur beïnvloeding, leiding en goedkeuring van die ouers. • Die ouers is voortvlugtend vir die gereg. • Die kind is deur die ouers verlaat en sonder behoorlike sorg. • Die kind se lewe is in gevaar. Hy word blootgestel aan geweld in die gemeenskap en die ouers kan nie behoorlik toesig hou nie. • Daar bestaan nie oorlewingshulpbronne in die gemeenskap nie.
Kriteria wat daarop dui dat **alternatiewe versorging** gereël behoort te word aangesien gesinsbewaringsdienste nie geslaagd was of nie gelewer kan word nie (Schultz 2002:69–70).	• ’n **Korttermynplasing** met vrye toegang is gepas wanneer die ouers kontak met die kind behou en saamwerk tydens dienslewering maar nie in staat is om onafhanklik in die kind se behoeftes te voorsien nie. • ’n **Langtermyn permanente plasing** is geskik wanneer die volgende kriteria bestaan: ➢ Ouers onttrek, verlaat die kind, aanvaar nie hul aandeel in die probleem nie, aanvaar nie verantwoordelikheid nie en weier samewerking tydens dienslewering. ➢ Die oortreder in die geval van seksuele of ander mishandeling toon geen tekens van berou nie en erken ook nie skuld nie. ➢ Die ouers reageer nie op behandeling nie. ➢ Die kind is beskadig, die ouers het beperkte vermoëns en begrip en is nie in staat om remediërend op te tree nie. Die ouers toon tekens van persoonlikheidsprobleme, is onrealisties oor hul situasie, steeds egosentries en gefokus op die bevrediging van hul eie behoeftes en is ten spyte van terapie nie in staat om gebalanseerde en konstante versorging aan die kind te bied nie. ➢ Een of albei ouers is geestesongesteld en daar is niemand in die uitgebreide familie om die kind te versorg nie. ➢ Die ouers kan nie doeltreffend en onafhanklik funksioneer nie, het nie ’n ondersteuningsnetwerk nie, of maak nie gebruik van ondersteuningsisteme nie.

Bogenoemde is praktiese riglyne wat die maatskaplike werker kan gebruik wanneer die moeilike besluit van verwydering al dan nie geneem moet word. Dit is duidelik dat assessering op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme moet geskied, aangesien alle riskante of beskermende faktore in ag geneem moet word om te bepaal tot watter mate die kind se welstand bedreig word en of beveiliging binne of buite die gesin moontlik is. Dit is ook belangrik om die kind se ouderdom in ag te neem, aangesien babas en kleuters meer spoedeisend beveilig behoort te word as groter kinders, wat tot ’n mate vir hulleself kan sorg.

Indien bogenoemde as assesseringskriteria gebruik word om die mate en aard van ’n krisis te bepaal waarin ’n gesin of kind verkeer, is dit duidelik dat verwydering nie sondermeer sal plaasvind nie. Die maatskaplike werker moet eers die tyd gegun word om vroeë intervensie en gesinsbewaring toe te pas, tensy lewensgevaarlike indikatore geïdentifiseer word. Die waarskynlikheid dat kinders onnodig of te vinnig verwyder word, kom sekerlik in die praktyk voor. Heersende omstandighede maak dit

moeilik vir maatskaplike werkers om intensiewe gesinsbewaring te doen, aangesien die aantal kinders wat in riskante omstandighede verkeer so oorweldigend is. Dit kan gebeur dat kinders spoedeisend verwyder word en dat daar op so 'n wyse voorkomend opgetree word sodat maatskaplike werkers weer aandag aan die volgende noodgeval kan skenk. Verder is maatskaplike werkers volgens kinderwetgewing verplig om te reageer op bewerings van kindermishandeling en het dus ook 'n professionele aanspreeklikheid om na te kom, wat kan meebring dat daar liewer te vinnig as te laat opgetree word. Die situasie kan egter verbeter word indien daar meer mensekrag en ondersteuningsnetwerke in gemeenskappe vir opvolging en vroeë intervensie beskikbaar is. Indien pleegsorg na verwydering plaasvind, het die pleeggesin ook eiesoortige omstandighede en behoeftes waaraan vervolgens aandag geskenk word.

5.6 PLEEGGESIN

Die pleeggesin is reeds volledig omskryf. (Vgl. 1.7.7 en 5.1.3.) Dit bly 'n moeilike taak vir welsynsinstansies om genoeg en bevoegde pleegouers vir sorgbehoewende kinders te werf. Die sukses van 'n pleegsorgplasing word grootliks bepaal deur noukeurige keuring, deeglike voorbereiding, 'n geskikte passing tussen gesin en kind, goed beplande toesigdienste en terugplasing wat volgens 'n proses bestuur word, of langtermynplasing. Daar moet egter ook gemeld word dat die bespreking grootliks gefokus is op formele of professionele pleegsorg en nie familieplasings nie (vgl. 3.6), aangesien keuring nie so streng in laasgenoemde geval toegepas word nie ter uitoefening van die beleid om die kind sover moontlik binne familieverband te behou. Dit bly egter steeds noodsaaklik dat daar 'n maatskaplike ondersoek by sodanige pleeggesinne gedoen word om te bepaal of die plasing in die beste belang van die kind sal wees. Familieplasings is nie 'n waarborg vir sukses nie en daarom behoort pleegtoesigdienste steeds plaas te vind. Die eerste stap in die proses van formele pleegsorg, is die werwing van pleegouers.

5.6.1 Werwing van pleegouers

Volgens die sterkteperspektief behoort maatskaplike werkers sover moontlik hul gemeenskappe as bron van pleegouers te ontgin. Werwing kan volgens die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg (South African National Council for Child and Family Welfare 1987: 97–98), op die volgende maniere gedoen word:

- Deur gebruik te maak van die media soos die radio, pers en televisie. Deur artikels oor pleegsorg te publiseer, kan die publiek ingelig en opgevoed word sowel as moontlike pleegouers gewerf word. Televisieprogramme kan gebruik word om die publiek se aandag te vestig op tekortkominge in die kindersorgstelsel of in gemeenskappe wat kinders se

ontwikkeling strem. In ’n poging om geskikte pleegouers te vind wat in daardie besondere kind se behoeftes kan voorsien word daar soms ’n profiel oor ’n kind gepubliseer, veral kinders met spesiale behoeftes. Dit is egter noodsaaklik dat welsynsinstansies seker maak dat die inligting feitelik korrek gepubliseer word en dat die kind se privaatheid nie in die proses geskend word nie.

- Gebruik maatskaplike werkers en pleegouers om potensiële pleegouers te werf. Voorstellings van pleegsorg kan verskillend deur maatskaplike werkers en deur pleegouers voorgedra word en dit is goed om van albei se perspektiewe gebruik te maak ten einde die publiek breedvoerig in te lig.

Die media en openbare skakeling word dus beskou as belangrike werwingsmetodes. Openbare skakeling is op sigself ’n spesialiteitsterrein en daarom is dit noodsaaklik dat welsynsinstansies kundiges op die gebied kry sodat die publiek doeltreffend aangespreek kan word om na vore te kom as pleegouers. Volgens die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:39) is daar ’n gebrek aan werwingsaksies en waar dit wel toegepas word, is dit dikwels onsuksesvol vanweë gebrekkige advertensie en onvoldoende inligting met te min trefkrag en vaardigheid. Verder is werwingsprogramme nie deurlopend en gekoördineerd nie en dikwels sporadies en van korte duur. Die mening is dat die gebruik om ’n spesifieke kind se omstandighede in die media te publiseer dikwels ’n groot, maar kortstondige emosionele reaksie tot gevolg het en nie daarin slaag om werklik geskikte pleegouers na vore te laat kom nie. Die komitee beveel aan dat daar op plaaslike vlak gesamentlike werwingspogings tussen organisasies behoort te wees wat meer koste-doeltreffend en met groter trefkrag geloods kan word. Verder behoort pleegsorg-werwing ’n gemeenskapaksie te wees waar werwingsprogramme gekoördineerd en deurlopend geskied. Sodoende kan ’n bank van goedgekeurde pleegouers opgebou word wat deur al die welsynsinstansies in die omgewing gebruik kan word.

Bogenoemde aanbeveling is in ooreenstemming met die huidige benadering dat maatskaplikewerk-aksies gemeenskaps- en ontwikkelingsgerig behoort te wees. Gemeenskappe behoort verantwoordelikheid vir sy lede te aanvaar en hulpbronne sover moontlik ter bevordering van die welstand van sy inwoners beskikbaar te stel. Dit sluit ook aan by die beginsels van die sterkteperspektief dat elke gemeenskap oor sterktes beskik, vol hulpbronne is en dat hulpverleningsaktiwiteite in sy natuurlike voorkoms binne gemeenskapsopset behoort te geskied. Sodanige bewusmaking en werwingsaksies kan deur die proses van gemeenskapswerk deur maatskaplike werkers wat oor spesiale kundigheid in reklame en werwingstegnieke beskik, aangepak word. Daar kan ook gebruik gemaak word van konsultante waar dit wel bekostig kan word, of vrywilligers in die spesialiteitsveld kan gewerf word.

'n Aantal jare gelede het die Prince George's County Department of Social Services (Phelps 1989:1–2) in die VSA 'n kritiese tekort aan pleegouers ondervind. In reaksie hierop is nuwe werwingspogings aangewend om in die behoefte te voorsien. Sukses is veral behaal deur meer fondse vir werwing beskikbaar te stel en opleidingsprogramme sowel as 'n sterk administratiewe stelsel te ontwikkel waardeur werwingsaksies bestuur kon word. Daar bestaan ook in lisensiëringsproses waardeur 'n lisensie vir pleegsorg aan pleegouers wat die keuring slaag, uitgereik word. Ervare personeel is nodig om die stelsel te bestuur betreffende werwing, die hantering van aansoeke, lisensiëring en gesinsassessering. 'n Vereniging vir pleegouers kan ook 'n waardevolle bydrae lewer om pleegouers te werf en inligting te voorsien, terwyl 'n ondersteuningsbasis opgebou kan word deur 'n "*buddy system*" en die samestelling en verspreiding van gereelde nuusbriewe. Dit is egter onmoontlik om so 'n stelsel sonder die nodige fondse, personeel en hulpbronne te bedryf. In Suid-Afrika waar daar voortdurend 'n tekort aan pleegouers ondervind word, kan die daarstelling van 'n pleegsorgbestuurstelsel per gebied wat alle organisasies in daardie gebied bedien, dalk meewerk tot die oplossing van die probleem.

Dit is ook belangrik dat daar in Suid-Afrika van moderne tegnologie soos die internet gebruik gemaak word. Verskeie webbladsye is besoek en daar is gevind dat daar veral in die VSA van hierdie metode gebruik gemaak word om inligting- en werwingsaksies oor pleegsorg so aan die publiek beskikbaar te stel. Op die webbladsy van Social Services in die VSA (Social Service Home 2005:1–3) is die volgende inligting beskikbaar:

- Wat behels pleegouerskap?
- Hoe lank kan die kind bly?
- Wat doen pleegouers?
- Vereistes vir pleegouerskap.
- Vrae en antwoorde oor pleegsorg soos byvoorbeeld:
    - Wat gebeur as ek na die plasing probleme met die kind ondervind?
    - Kan pleegouers 'n spesifieke plasing weier?
    - Kan pleegouers die kind aanneem?
    - Oor watter kwaliteite behoort pleegouers te beskik?
    - Waar kan ek meer inligting oor pleegsorg bekom?

Dit is belangrik dat sodanige bekendstellings oor pleegsorg ook illustrasies behoort te bevat wat pleegsorg treffend uitbeeld. Verder moet daar veral spesifiek aangedui word watter organisasies in die verskillende dele van 'n gebied hieroor vir verdere besonderhede gekontak kan word. Die volgende stap in die proses betreffende pleegouerskap is die keuring van geskikte persone of gesinne.

5.6.2 Keuring van pleegouers

Belangstellende kandidate vir pleegsorg kan keuring as ’n teenstydigheid beleef in die sin dat ’n beroep en aanspraak op gemeenskapslede gemaak word om na vore te kom as pleegouers om dan aan ’n keurproses onderwerp te word. Die South African National Council for Child and Family Welfare (1987:98–99) stel dit dat potensiële kandidate eerstens ingelig moet word oor wat pleegsorg behels en prakties impliseer en dat persone wat werklik ongeskik blyk te wees se dienste na ander terreine op die gebied van kindersorg gekanaliseer word waar hulle wel ’n bydrae kan maak. Die volgende kriteria kan gebruik word vir keuring van pleegouers:

- Geskiktheid vir pleegsorg in die algemeen of geskiktheid vir ’n kind met spesifieke behoeftes. Met geskiktheid word bedoel dat pleegouers oor die regte eienskappe en motiewe beskik soos wat later verder bespreek word.
- Die gesinsamestelling moet ondersoek word en die moontlike uitwerking wat die opname van ’n pleegkind kan uitoefen op die wisselwerking tussen gesinslede. Die mening is dat gesonde gesinsfunksionering nie deur pleegsorg in ’n riskante situasie geplaas word en die gevaar loop om in ’n disfunksionele gesinsisteem te ontwikkel nie.
- By egpare waar afhanklike kinders steeds in die gesin is, kan dit gebeur dat pleegkinders van dieselfde ouderdom of geslag as die biologiese kinders, ’n bedreiging vir laasgenoemde mag inhou – die natuurlike status van oudste of jongste kind behoort nie negatief beïnvloed te word deur die plasing nie. Die ideaal is dat die pleegkind binne die normale ouderdomsverspreiding van die biologiese kinders moet inpas en gemaklik deur die gesin geakkommodeer kan word.
- Egpare met volwasse kinders. Die ervaring wat sodanige ouers van kinderopvoeding het, kan ’n groot bate vir pleegsorg wees en gewoonlik voel hierdie ouers dat hulle nog ’n sinvolle bydrae kan maak.
- Kinderlose egpare. Die motief van hierdie ouers moet deeglik ondersoek word en hulle moet duidelik die verskil tussen aanneming en pleegsorg begryp, aangesien hulle doelbewus of onbewustelik terugplasing kan teenwerk indien die motief is om ’n kind te hê in plaas daarvan om aan ’n sorgbehoewende kind ’n versorgingsgeleentheid te bied. In gevalle waar die biologiese ouers nie ’n betekenisvolle rol speel nie en die moontlikheid van permanensie bestaan, kan so ’n plasing wel oorweeg word.
- Egpare met een kind. Die motief vir die aansoek moet weer eens deeglik ondersoek word, dat dit nie byvoorbeeld is om ’n maat vir hul kind te soek of om hul kind se probleme te help oplos nie.
- Enkelouergesinne of enkellopende persone. Die ideaal is dat pleegkinders geplaas word waar daar ’n vader- en moederfiguur is. Dit is egter nie altyd haalbaar nie en dit is ’n

algemene feit dat pleegsorg in Suid-Afrika by enkelouers of by alleenlopende persone (veral grootmoeders) gereël word. Hierdie soort gesinne kan 'n waardevolle bydrae maak – veral in gevalle waar 'n pleegkind sukkel om verhoudings met ander te bou, kan 'n enkelpleegouer minder bedreigend wees.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat 'n volledige situasie-analise van voornemende pleeggesinne volgens geskikte assesseringskriteria gemaak behoort te word. Daar moet eerstens bepaal word of pleegsorg binne die betrokke gesin wel die beste belange van 'n pleegkind kan dien; en tweedens dat dit nie 'n bedreiging vir die voornemende pleeggesin se funksionering inhou nie. Die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:40) stel dit dat die belangrikheid van keuring nie genoeg beklemtoon word nie en indien dit verkeerd of net oppervlakkig gedoen word, word die kind 'n proefkonyn wat moet aandui of die pleegouer geskik is al dan nie. Dit kan waarskynlik aanleiding gee tot onnodige mislukte plasings en oorplasings wat die kind sodanig ontwrig en verwerp laat voel en dat hy later nêrens kan in- en aanpas nie.

Pleegouers behoort oor besonderse eienskappe te beskik waarvan die volgende voorbeelde hiervan is (Department of Social Welfare, Discussion document on Foster Care Policy 1998:6):

- Dit moet persone wees wat daarvan hou om kinders te versorg.
- Hulle moet hulleself tot pleegsorg kan verbind.
- Persoonlikheidseienskappe waarna opgelet word, is geduld, sorgsaamheid, begrypend, nie-veroordelend en buigsaamheid.
- Sensitiwiteit vir etnies-kulturele aangeleenthede.
- Gewilligheid tot samewerking in 'n vennootskapspan met die professionele pleegsorgliggaam om die doelstellings van die plasing te bereik.
- Voornemende pleegouers moet voldoen aan basiese vereistes vir die veiligheid, gesondheid en welsyn van pleegkinders.
- Gewilligheid om deel te neem aan voortgesette opleidingsgeleenthede ten einde in staat te wees om doeltreffend en ingelig met pleegkinders en biologiese ouers te werk.

Ander belangrike elemente omtrent die pleegouers sentreer om die motiewe en gewilligheid om kinders in pleegsorg te neem, hetsy of dit 'n enkelpleegouer of volledige gesinsisteem met ander biologiese kinders is en die beskikbaarheid van ekstra steunstelsel en pleegtoesigdienste wat deur 'n welsynsinstansie gelewer kan word. Die navorsers Wilson *et al.* (2003:995) het na aanleiding van 'n gevallestudie die sentrale omstandighede van 'n gunstig pleegsorgplasing soos volg beskryf:

- ’n Vaardige en ervare pleegouer met kwaliteite soos: gemotiveerdheid om ’n pleegouer te wees, ’n realistiese en duidelike verbintenis met die pleegkinders, ’n sin vir professionaliteit en ’n relatief spanningsvrye situasie.
- Die pleegouer behoort pleegsorg as ’n genotvolle situasie vol uitdagings te beskou.
- Pleegouers moet besef dat pleegsorg nie ’n maklike taak is nie en moet realistiese verwagtinge en planne vir die kind koester.
- Die pleegouer behoort redelik ontspanne te wees en moet ’n realistiese besef hê van eie vermoëns en behoeftes, byvoorbeeld om gereeld vryetyd in te ruim of om sielkundige berading te ontvang wanneer nodig.
- Hulle behoort oor die vermoë te beskik om hulp te identifiseer en te gebruik, wat nodig is om die pleegsorg te laat slaag van byvoorbeeld die gesin, maatskaplike werkers, sielkundiges, pediaters, die skool en ekstra hulp met die huishouding.
- Die vermoë om ten spyte van moeilik hanteerbare gedrag die positiewe in die pleegkind raak te sien, is ’n belangrike ingesteldheid. Veral as dienste volgens die sterkteperspektief gelewer word, moet pleegouers oor die beginsels daarvan ingelig word, aangesien dit ’n verskil in hul eie benadering kan meebring.
- Dit moet moontlik wees vir die pleegouer om emosioneel met die pleegkind te kan bind ten einde in staat te wees om die verhouding tussen versorger en kind te laat slaag.

Bogenoemde kenmerke sentreer grootliks rondom die pleegouer se vermoëns en dit sou sekerlik die ideaal wees om sodanige ouers te kon keur. Ongelukkig is die realiteite in Suid-Afrika dat daar nie eers genoeg pleegouers is om kinders in pleegsorg te neem nie en dat gewilligheid en om ’n huis te vind waar ’n kind se basiese behoeftes aan voeding, skuiling en veiligheid bevredig kan word, in meeste van die gevalle die grootste keuringskriteria word.

Wilson *et al.* (2003:998) stel dit dat die vermoë tot responderende ouerskap ook belangrik is, aangesien pleegkinders gewoonlik probleme in drie hoofareas ondervind, naamlik verbintenis, gedrag en selfbeeld. Die kinders het dikwels soveel verwerping en verliese ervaar dat hulle sukkel om weer ’n verbintenis met iemand aan te knoop. Verder openbaar hulle dikwels moeilik hanteerbare gedrag en het gewoonlik ook min sukses behaal wat hul gevoel van selfwaarde kon verhoog en hul selfbeeld is meestal beskadig. Dit is dus noodsaaklik dat die pleegouer die kind se vrees vir verwerping moet verminder, sy selfbeeld moet verhoog en terselfdertyd moontlike woede en angstigheid wat onderliggend is aan uitdagende gedrag moet verminder. Die wyse waarop met die kind gekommunikeer word, liefde wat oorgedra word, om met hom oor homself en sy verlede te praat sodat hy homself kan verstaan, om hom veilig te laat voel en die vermoë om gepas te op moeilike gedrag te reageer, is alles eise wat aan pleegouers gestel word.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat pleegouers oor bepaalde eienskappe behoort te beskik en dat dit belangrik is om die regte pleegouer vir ’n spesifieke kind se behoeftes te keur. Dit is veral van belang om die vermoë van pleegouers te evalueer om met kinders van verskillende ontwikkelingsfases oor die weg te kom en om te kan aansluit by hul bepaalde behoeftes. Soms is ouers uitstekend met die versorging van babas en kleuters maar vind dit moeilik om die adolessente fase te hanteer. Vervolgens word aandag geskenk aan aspekte waarna opgelet behoort te word by die plasing van kinders in verskillende ontwikkelingstadia.

Volgens Smith (1981:63–64) kan die volgende basiese potensialiteite in die pleeggesin die **voorskoolse** kind se aanpassing na plasing bevorder:

- Betroubare pleegouers wat in hul optrede vir die kind ’n relatief voorspelbare leefwêreld skep waarin hy weer kan leer om mense te vertrou en sy angstigheid kan verminder, sodat hy dit kan waag om weer verhoudinge aan te knoop.
- Kontinuïteit en bestendigheid in ouerskap verminder die kind se vrees vir ’n herhaling van skeidingsgebeure en bevorder sy identiteitsvorming in sy nuwe omgewing.
- Pleegouers wat die kind aanvaar en liefhet, bied aan hom veiligheid en sekuriteit, sodat hy weer kan leer om liefde te ontvang en te gee en sodoende makliker sy verdedigingsmeganismes prysgee.
- Die voorskoolse kind moet ruim geleentheid tot spel en leer gebied word. Spel sal veral help om angs te verminder en om van negatiewe gevoelens ontslae te raak.
- Pleegouers moet ruim geleentheid aan die kind bied om ’n regmatige plek aan sy eie ouers toe te ken en die rol wat hulle in sy lewe speel, erken. Indien die pleegouers nie mededingend teenoor die biologiese ouers optree nie, sal dit meebring dat die kind makliker met hulle ’n verhouding opbou.
- Rolverwarring kan maklik by die voorskoolse kind ontstaan oor die twee stelle ouermodelle in sy lewe. Pleegouers moet veral bedag wees op die verskillende waardes en norme wat in die twee ouerhuise geld en die invloed wat dit op die vorming van die kind se eie waardestelsel kan uitoefen.

Dit verg dus deeglike voorbereiding en harde werk van die pleegouers om die emosionele afstand met die voorskoolse pleegkind te oorbrug en ’n bestendige verhouding met hom op te bou. Dit kan alleen mettertyd geskied en deur konstante fokus op die kind se sterktes en potensiaal en die uitbreiding daarvan. Ten spyte van die voorkoms van meervoudige probleme soos naels byt, enurese, aggressie, woede-uitbarstings en ander uitdagende gedrag, is die beginsel van die sterkteperspektief om nie op probleemgedrag te fokus nie, maar op die ontdekking van sterktes en

potensiaal wat ontwikkel kan word ten einde die kind so die geleentheid te bied om daarop te fokus en waarskynlik die problematiek so te oorkom.

Die volgende basiese potensialiteite in die pleeggesin is bevorderlik vir die **laerskoolse** pleegkind se aanpassing (Smith 1981:73–76):

- Die pleeggesin moet in staat wees om 'n veilige en stabiele tuiste aan die kind te bied waar hy liefde en aanvaarding geniet en waar sy strewe na onafhanklikheid, wat tipies van hierdie lewensfase is, erken word.
- Die laerskoolkind moet veilig genoeg voel om na 'n ander portuurgroep te kan uitreik en die pleegouers moet die funksionele waarde van 'n portuurgroep gedurende hierdie tyd besef en aanvaar.
- Geleentheid tot spel, skeppende aktiwiteite en die aanleer van nuwe vaardighede moet besef word en die kind moet aangemoedig word om dit binne sy portuurgroep te beoefen.
- Tydens dié fase is dit van besondere belang dat die laerskoolkind aanvaarbare lewenswaardes en norme aanleer om 'n fondament te lê waarop gedurende adolessensie gebou kan word. Die pleeggesin se waardestelsel kan verskil as dit waaraan die kind gewoond was en daarom sal dit besondere eise aan hulle stel om botsende waardes te versoen.
- Die hele pleeggesin moet betrek word by die kind se inskakeling omdat die pleegbroers en pleegsusters 'n besondere rol in sy aanpassing kan speel.
- Pleegouers moet aan die kind ruimte en vryheid gee om sy verhouding met sy ouers te handhaaf. Dit stel besondere eise aan pleegouers om die kind se hunkering na sy eie ouers te hanteer, veral as hulle in 'n swak lig gestel word deur 'n fantasiebeeld wat die kind van sy biologiese ouers skep.

Dit is duidelik dat die pleeggesin aan die kind in hierdie fase 'n basis vir die aanleer en vaslegging van sosialiseringsvaardighede moet bied, aangesien dit een van die hoofontwikkelingstake is. Die opbou en instandhouding van verhoudings en die vaslegging van 'n waarde- en normestelsel word dikwels beskadig tydens die blootstelling aan sorgbehoewende omstandighede en behoort daarom in besonder aandag te geniet.

Betreffende die **adolessent** kan die volgende basiese potensialiteite in die pleeggesin die aanpassing na plasing bevorder (Smith 1981:84):

- Eerstens moet die pleegouer oor kennis beskik van die aspekte waarmee 'n adolessent worstel soos liggaamsverandering en die belewing van nuwe en soms angsvolle seksuele gevoelens en poog om kommunikasie daaroor te stimuleer.

- Pleegsouers moet die adolessent se vermoë tot intellektuele redenasie funksioneel benut deur sy verwydering en gevolglike plasing met hom te bespreek.
- Ruimte moet aan die adolessent gebied word om uitdrukking te gee aan emosies wat verdedigingsmeganismes sal verminder.
- Geleentheid tot prestasie, om keuses te maak, en eie besluitneming, wat gepaard gaan met opbouende terugvoer deur die pleegouers, sal 'n gevoel van prestasie en erkenning vir eie pogings bied en die kind motiveer om 'n sukses van sy lewe te maak.
- Verder moet die pleegouer leiding aan die adolessent in sy verhouding met sy portuurgroep en in die besonder die teenoorgestelde geslag bied.
- Twyfelvrae oor godsdiens is ook tipies van hierdie lewensfase en daarom moet kennis oor sy besondere godsdiens uitgebrei word en twyfelvrae beantwoord word.

Deur aandag te skenk aan die spesifieke behoeftes van die lewensfase en besondere empatiese meelewing oor sy verwydering en die impak wat dit op sy lewe het, kan die pleegouer die adolessent versterk om verby die feit dat hy uit ouerlike sorg verwyder is na 'n toekoms gerig op sy talente en sterktes te beweeg. Dit is veral belangrik dat die adolessent 'n toekomsvisie moet ontwikkel en planne maak vir byvoorbeeld 'n loopbaan.

Die keuring van pleegouers behels dus 'n holistiese ondersoek oor gesinsamestelling, gesinsfunksionering, ouerskapvaardighede, die vermoë om spesiale behoeftes en uitdagende gedrag te kan hanteer, asook om kinders in verskillende ontwikkelingstadiums te kan hanteer, sowel as die motief vir pleegsorg. Dit is belangrik om die beginsel toe te pas dat dit eerstens gaan oor die beste belang van die kind en dat 'n geskikte gesin vir die pleegkind gevind moet word. Daar moenie bloot 'n pleegkind vir spesifieke pleegouers gesoek word om in laasgenoemde se behoeftes te voorsien nie. Dit is uiters belangrik om pleegouers se motiewe te ondersoek, wat suiwer ingestel behoort te wees om aan 'n sorgbehoewende kind 'n gesinslewe te bied en nie om die pleegouers te problematiek op te los of om in hul emosionele behoeftes te voorsien nie. Die ideaal sou dus wees dat die pleegsorgliggaam oor 'n bank van 'n verskeidenheid goedgekeurde pleegouers beskik waaruit 'n geskikte gesin vir 'n spesifieke kind gekies kon word. Hierdie ideaal kan slegs bereik word deur potensiële pleeggesinne te werf, te assesseer, op te lei en voortdurend te voorsien van 'n netwerk ondersteuningsisteme en materiële bystand.

5.6.3 Voorbereiding op pleegsorg

Voorbereiding is noodsaaklik weens die feit dat daar belangrike verskille tussen natuurlike en pleegouerskap bestaan. Dis onrealisties om te verwag dat pleegouers die situasie sal kan hanteer omdat hulle "goeie" mense is wat lief is vir kinders. Pleegkinders het gewoonlik spesiale behoeftes

wat ’n ekstra dimensie voeg by die normale eise wat ouerskap verg en daarom is voorbereiding daarop so noodsaaklik. Tydens die voorbereidingsproses moet die volgende verskille tussen natuurlike en pleegouerskap in gedagte gehou word (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:100–101):

- Daar is geen bloedbande tussen pleegouer en -kind nie (behalwe in die geval van familieplasings) en gewoonlik het daar nie binding tussen die kind as baba en die pleegouers gevorm deur versorging nie. ’n Liefdesband en gehegtheid kan egter ontwikkel, hoewel dit langer kan neem en verskillend is van die liefde tussen ouer en biologiese kind. (Vgl. 4.3.2 en die beginsel dat kinders voor die ouderdom van drie jaar makliker bind met pleegouers, tot op 12 jaar nog redelik nuwe bindings kan vorm, maar daarna net ’n goeie verhouding met nuwe versorgers kan bou.)
- Daar is nie gemeenskaplike oorgeërfde eienskappe nie, wat impliseer dat pleegouers nie trekke van hulleself in die pleegkind kan identifiseer en verstaan nie. Aan die ander kant is dit dalk makliker vir pleegouers om negatiewe gedrag of geestes- en liggaamlike ongesteldhede te aanvaar, wetende dat hulle nie geneties daarmee verbind kan word nie.
- Voorgeboortelike verwerping kon nie plaasvind nie en omdat die pleegouers gewillig is om die pleegkind te neem, is die kind meestal welkom in die gesin. Verwerping kan egter later intree, wat ’n negatiewe impak op die pleegkind kan hê.

Dit is dus belangrik dat pleegouers die andersoortige samestelling van pleeggesinne besef en dat hierdie andersheid aanvaar moet word deurdat daar nie van die pleegkind verwag kan word om soos die biologiese kinders nie te reageer. Verder moet die bloed- en emosionele verbintenis tussen pleegkind en biologiese ouers erken en gerespekteer word, anders kan dit gebeur dat gesinshereniging teengewerk word. Indien dit nie erken word nie, kan die kind se verlies aan sy biologiese verbintenis aanleiding gee tot herkomsverwardheid en verdeelde lojaliteite tussen die mense wat hom versorg en die mense aan wie hy geneties verbonde is.

Voorbereiding op pleegouerskap is noodsaaklik vanweë die volgende aspekte (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:101–102).

- Pleegsorg is tydelik en pleegouers moet dit duidelik begryp. Tydens voorbereiding word dus die geleentheid aan pleegouers gebied om hulleself te vergewis van die motief waarom hulle bereid is om as pleegouers te dien en die ruimte wat aan biologiese ouers verleen moet word.

- Die rol wat kinders se vroeër ervaring speel, moet verreken word. Daar moet besef word dat die kinders anders grootgeword het as wat die pleegouers dit sou benader en dus bepaalde ervaringe het wat huidige gedrag beïnvloed.
- Pleegouers moet ouerskapverantwoordelikhede deel met die biologiese ouers en die welsynsinstansie. Dit is noodsaaklik dat pleegouers weet watter verwagtinge aan hulle gestel word asook die verwagtinge wat hulle van die welsynsinstansie kan koester en dat sekere regte en verantwoordelikhede aan hulle oorgedra kan word, maar dat die biologiese ouers sekere regte en verantwoordelikhede bly behou. (Vgl. 6.2 wetlike aspekte.) Ooreenkomste wat gesluit word ten opsigte van kontak tussen biologiese ouer en kind is veral ook hier van belang.
- Pleegkinders se omstandighede is gewoonlik kompleks van aard deurdat hulle gevoelens van ouerlike verlies ervaar. Pleegouers moet daarvoor begrip toon en ook die implikasies vir die kind van meervoudige ouers in sy lewe verstaan en uitklaar.
- Pleegouerskapvaardighede word tydens pleegsorgdienste van buite af geëvalueer. Daar moet byvoorbeeld op 'n gereelde basis pleegtoesigverslae gelewer word waardeur die pleegouers se hantering van die situasie volledig geassesseer word.
- Pleegsorg moenie net voorsien in basiese behoeftes soos kos en skuiling nie, maar behoort 'n terapeutiese milieu vir kinders te skep. Die ouers moet dus hul rol in die pleegsorgplan verstaan en ook bygestaan word om dit prakties toe te pas.
- Kinders met 'n lae selfbeeld en swak identiteitsvorming moet opgebou word. Hiervoor is spesiale vaardighede nodig wat tydens 'n opleidingsprogram oorgedra kan word. Pleegouers moet dus gewillig wees om by 'n deurlopende opleidingsprogram in te skakel.

Tydens voorbereiding moet pleegouers besef dat pleegsorg spesiale ouerskapvaardighede van hulle sal verg en dat hulle 'n kind in hul gesin inneem met 'n bepaalde agtergrond, persoonlikheid en ervaring van andersoortige gesinslewe as waaraan hulle gewoond is. Vanweë die feit dat die kind sorgbehoewend bevind is, word van die veronderstelling uitgegaan dat verwaarlosing of mishandeling op fisieke, emosionele, sosiale of geestelike gebiede plaasgevind het en dat herstel ten opsigte van een of meer van hierdie aspekte moet plaasvind. Ten einde hiertoe in staat te wees, moet hulle opgelei en voorberei word om hul plek, rol en taak in die pleegsorgsituasie te begryp.

'n Opleidingsprogram vir pleegouers behoort op die volgende aspekte te fokus (South African National Council for Child and Family Welfare 1987:101–102):

- Spanwerk tussen pleegouers, die welsynsinstansie en ander rolspelers soos die skool, kerk, gesondheidsdienste en ander dienste na gelang van die kind se behoeftes.

- Begrip, uitbouing en die versterking van eie gevoelens en reaksies oor die pleegsorgrol en die aanwending van persoonlike sterktes.
- Ondersteuning en erkenning van hul dienste as pleegouers en voorbereiding op gevoelens en reaksies wat tydens die plasing mag voorkom.
- Die ontwikkeling van 'n groepsidentiteit met ander pleegouers en die voordele wat inskakeling by 'n pleegsorggroep vir hulle kan inhou.
- Pleegouers moet gestimuleer word om hul eie leerbehoeftes te identifiseer en om groei en ontwikkeling in reaksie op hierdie behoeftes te inisieer.
- Die bevordering van suksesvolle ouerskapervarings.
- Oordrag van kennis ten opsigte van pleegsorg, die beleid van die welsynsinstansie ten opsigte van pleegsorg, die rol van die maatskaplike werker en spesiale behoeftes van pleegkinders.
- Stimulering van die behoefte aan verdere vrae en om van toekomstige leergeleenthede gebruik te maak.

Daar behoort dus 'n holistiese benadering gevolg te word in die opleidingsprogram wat die rol en take van pleegouers uitspel, fokus op die beste belang van die kind, maar wat duidelik ook die behoeftes van die pleegouers in ag neem. Die hantering van moeilike gedrag is veral 'n groot uitdaging waarvoor pleegouers te staan kom en wat besondere vaardighede van hulle vereis, maar wel in 'n opleidingsprogram ondervang kan word. Hill-Tout, Pithouse en Lowe (2003:47–49) het veral hieraan aandag geskenk tydens 'n tweejaarlange semi-eksperimentele ondersoek in Brittanje wat gedoen is oor die impak van opleiding aan pleegouers in tegnieke oor die hantering van uitdagende gedrag. Uitdagende gedrag in die ondersoek het die volgende ingesluit: drostery, diefstal, selfbesering, geweld, aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit wat grootliks toe te skryf is aan minderbevoorregte omstandighede, emosionele skade en 'n mate van gestremdheid. Die opleiding aan pleegouers is gerig op die begrip en hantering van gedrag deur vaardighede wat 'n duidelike voorkomingsdimensie het. In dié opsig was dit gerig op die assessering en analisering van gedrag volgens 'n sistemiese benadering ten einde versorgers met die volgende drie vaardighede toe te rus: die vermoë om positiewe alternatiewe te ontwikkel tot uitdagende gedrag; om voorkomend ingestel te wees; en reaktiewe strategieë ten einde krisissituasies te hanteer. Tydens die opleiding is die volgende vier soorte intervensiestrategieë as mees toepaslik beskou, naamlik kognitiewe probleemoplossingstegnieke, ouerskapbestuur, gesinsterapie en multi-sistemiese terapie. Groepsterapie, algemene verhoudingsvaardighede en psigodinamies-georiënteerde behandeling word ook as toepaslik beskou. Volgens die navorsers is dit noodsaaklik dat 'n konstruktiewe in plaas van 'n patologiese benadering gevolg word en dat daar gefokus word op hoe die kind hom meer aanvaarbaar in die toekoms kan gedra, in plaas daarvan om op gedrag

as sulks te fokus. Verder is dit belangrik om die opleiding binne die bekende en natuurlike omgewing aan te bied, waar die persone gemaklik en tuis voel en dit maklik sal kan toepas.

Wilson *et al*. (2003:1000) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat strategieë om uitdagende gedrag op 'n gepaste wyse te benader, 'n belangrike vaardigheid is wat pleegouers behoort te ontwikkel. Dit behels byvoorbeeld om duidelik bereikbare take te stel, om positiewe versterking in te bou in geval van mislukkings, om beperkinge te stel, konsekwent te wees en deurlopend veiligheid en 'n liefdevolle verbintenis te stel. Responderende pleegouerskap behels dus die vermoë om ten spyte van moeilike gedrag en omstandighede veiligheid, sekuriteit en verbondenheid te demonstreer.

Die benadering tot uitdagende gedrag stem ooreen met die uitgangspunte van die studie, naamlik dat daar gefokus word op dit waarna gestreef word en bystand verleen word vir die bereiking van doelwitte, in plaas daarvan om heeltyd op die probleemgedrag ingestel te wees. Die noodsaak van 'n opleidingsprogram vir pleegouers om hierdie beginsel vas te lê is dus duidelik. Daar is egter ook ander elemente wat noodsaaklik is vir geslaagde pleegsorg, soos wat Pithouse, Lowe en Hill-Tout (2004:20–22) deur verdere navorsing oor die pleegouer se houding, motiewe en ervaring onderneem het. Hieruit blyk dit dat pleegouers se rol 'n professionele element behoort te kry deur "… *capacity-building and not simply to think one size fits all response of training and support"*. Pleegsorg word al hoe meer gekonfronteer met kinders wat verskillende tipes nood ervaar en moet behandelingsgeoriënteerd benader word. Ondersteuning moet aan pleegouers verleen word deur hulle as volwaardige rolspelers en spanlede te erken, van die regte inligting te voorsien, praktiese hulp te verleen met spesifieke probleme en hulle finansieel behoorlik te vergoed sodat hulle in staat kan wees om werklik 'n bydrae te maak tot die kind se groei en ontwikkeling.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat pleegsorg besonderse uitdagings aan ouerskapvaardighede stel en dat pleegouers 'n behoorlike ondersteuningsisteem behoort te hê ten einde dit ook 'n bevredigende en suksesvolle ervaring vir hulle te maak. Benewens die ondersteuningsnetwerk is kennis, vaardighede en 'n bepaalde gesindheid ten opsigte van pleegouerskap ook noodsaaklik, wat deur 'n opleidingsprogram voorsien kan word. Op grond van bogenoemde inligting word die volgende pleegoueropleidingsprogram voorgestel.

Tabel 11: Voorgestelde opleidingsprogram vir pleegouers

Tema	Leeruitkoms
Inligting oor pleegsorg as alternatiewe sorg	Kennisoordrag ten opsigte van: die betekenis van pleegsorg en verwante begrippe, motiewe vir pleegouerskap, die samestelling van 'n pleeggesin en die inpassing van die pleegkind by die gesinsisteem.
Keuring en voorbereiding van pleegouers	Eienskappe van voornemende pleegouers en spesiale ouerskapvaardighede wat pleegsorg verg.
Biologiese ouers en familie van die pleegkind	Die kind se reaksie op verwydering en strukturering van kontak tussen ouer en kind en gesinsherenigingsdienste.
Die samestelling van 'n pleeg-sorgplan	Assessering van die pleegkind se behoeftes en 'n sistemiese en sterktegerigte benadering tot intervensie.
Veerkragtigheid	Ontwikkeling van veerkragtigheid by die pleegkind.
Verhoudingsbou of hegtheidsband	Die bou van 'n gesonde verhouding met die pleegkind en ruimte vir instandhouding van die verhouding met biologiese ouer; of in die geval van langtermynpleegsorg die ontwikkeling van 'n hegtheidsband.
Hantering van spesiale behoeftes	Vaardighede in die hantering van uitdagende gedrag of ander spesiale behoeftes soos lae selfbeeld, emosionele onsekerheid, leerprobleme of ander gestremdhede vanuit 'n sterkteperspektief.
Ontwikkelingsfases en -take van kinders	Kennis oor eiesoortige behoeftes gedurende die verskillende ontwikkelingsfases met spesifieke verwysing na die ekstra dimensie van pleegsorg.
Spanwerk en pleegsorg	Kennis oor verskillende professionele spanlede, die welsynsinstansie se pleegsorgbeleid en die pleegouer se rol en taak in spanwerk.
Ondersteuning aan pleegouers	Ondersteuningsnetwerk wat beskikbaar is en hoe om deurlopend daarvan gebruik te maak, byvoorbeeld die pleegouertoelae, inskakeling by pleegouergroepe en prosedures om van ander dienste soos gesondheid gebruik te maak.

Bron: eie samestelling

Die grootste gedeelte van die program sal ter voorbereiding op pleegsorgplasing gehanteer word en daarna behoort pleegouers deurlopend in te skakel by opleiding wat op 'n gereelde basis deur die welsynsinstansie aangebied word. Pleegouers kan byvoorbeeld aanvanklik by 'n drie-dag-kursus betrek word, waarna waarskynlik na 'n twee- tot drie-uur-sessie een keer per maand oorgeskakel sal word. Pleegoueronderseuningsgroepe behoort op 'n gereelde basis aangebied te word.

5.6.4 Pleegsorgtoesigdienste aan die gesin

Pleegsorgtoesigdienste impliseer dat daar dienste aan die pleegouers en die pleegkind volgens 'n pleegsorgplan gelewer word wat gerig is op die behoeftes en sterktes van eerstens die kind, maar ook die pleeggesin wat die biologiese kinders (waar van toepassing) van die pleegouers aktief insluit. Pleegtoesigdienste fokus dus op drie subsisteme in die pleeggesin, naamlik die pleegkind, die pleegouers en die biologiese kinders van die pleegouers indien hulle steeds aktief deel van die pleeggesin uitmaak. Eerstens word doeltreffende pleegsorgtoesigdienste in die algemeen bespreek.

- **'n Program vir pleegsorgtoesigdienste**

Daar behoort duidelike riglyne te bestaan oor die program wat gevolg gaan word tydens die pleegsorgtoesigdienste waarop volgens die beleid van die welsynsinstansie tussen die maatskaplike werker en die pleeggesin ooreengekom word. Unrau *et al*. (2004:21) het in die VSA navorsing gedoen oor die uitkomste van 'n "… *remodelled foster care programme known as Promise*". Die program is ontwerp om dienste aan gesinne te verbeter deur die voorsiening van 'n "… *non-categorical, comprehensive, strength-focused, family-centred and team-oriented innovations that maximised worker autonomy to provide services tailored to the unique needs of foster children, birth families and foster families*".

Die "*promise*"-program het dus die volgende ten doel, naamlik dat (Unrau *et al.* 2004:22):

- maatskaplike werkers nie beperk word deur 'n voorgeskrewe program waarvolgens pleegsorgdienste gelewer word nie, maar dat dienste gerig word om die behoeftes van die individuele kliënt te ontmoet;
- assessering gedoen word volgens 'n sterktegebaseerde, gesinsgesentreerde benadering;
- dienslewering gerig word op die behoeftes van die pleegkinders, hul biologiese ouers en die vermoëns van die pleeggesinne;
- pleegouers toegelaat word om te onderhandel oor versterkende dienste soos supervisie van ouerlike besoeke aan pleegkinders;
- ervare en bekwame pleegouers teen vergoeding gebruik word om portuurgroep ondersteuning te verleen aan ander pleegouers wat probleme ondervind; en
- pleegouers waar permanensiedoelwitte binne die gespesifiseerde tyd bereik is belonings soos geskenkbewyse ontvang om byvoorbeeld na 'n restaurant of rolprentteater te gaan.

Die program word bedryf deur 'n multiprofessionele span wat weekliks vergader om gevalle te bespreek en gesamentlike verantwoordelikheid word aanvaar vir dienslewering. Die program het ook sy eie begroting wat dit moontlik maak om krisisse soos nooddienste, gespesialiseerde terapie of die opleiding van pleegouers se onkoste te dra (Unrau *et al.* 2004:22).

Hiervolgens is dit duidelik dat die program ingestel is op die gebruikmaking van sterktes en tereg, soos wat die naam aandui, ingestel is op belowende aspekte ten einde positiewe uitkomste te probeer bewerkstellig. Dit is ook duidelik dat die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die program nie oorgelaat word aan een maatskaplike werker, wat waarskynlik nog kan wissel deur die verloop van dienslewering nie en dat gereelde evaluering oor vordering moet plaasvind. Benewens die sterktegerigte perspektief word doeltreffende beheer en bestuur oor die uitvoering van die program dus ook toegepas.

Die hoofdoel van die program is drieledig, naamlik stabiliteit ten opsigte van die plasing, die gevallewerker, en permanensie. Die uitkomste van die program is na ŉ periode van 15 maande vergelyk met ŉ kontrolegroep wat konvensionele pleegsorgdienste ontvang het. Die bevindinge van die navorsing toon dat dié program meer suksesvol was ten opsigte van plasings- en gevallewerkstabiliteit, terwyl daar nie ŉ betekenisvolle verskil getoon is ten opsigte van permanensiebeplanning nie. Laasgenoemde kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die 15-maandeperiode dalk te kort was om dit regtig te evalueer (Unrau *et al.* 2004:25–28).

Wat egter belangrik is by die bepaling van dienslewering aan die pleeggesin, is dat ooreengekom word oor die sterktes en behoeftes van die gesin; dat dit in spanverband gedoen moet word; en dat die rolle en take van die verskillende rolspelers gespesifiseer moet word. Verder behoort programme spesifiek bestuur te word, terwyl vordering en uitkomste gereeld gemonitor en geëvalueer behoort te word. Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat hoë verwagtinge van die pleeggesin gekoester word en daarom word daar vervolgens meer gefokus op dienslewering aan die pleegouers om hulle te ondersteun ter uitvoering van die taak.

- **Dienste aan die pleegouers**

By die lewering van pleegsorgtoesigdienste is dit belangrik om dit volgens ŉ gesinsistemiese benadering te doen, aangesien die plasing van ŉ pleegkind ŉ rimpeleffek op die gesinsisteem as sodanig sowel as die verskillende subsisteme sal hê. ŉ Studie van Höjer (2004:38, 41–45) in Swede met die doel om vas te stel hoe mans en vroue hul taak as pleegouers ervaar en watter impak pleegsorg op hul gesinsverhoudinge gehad het, het die volgende resultate getoon:

- Vroue inisieer gewoonlik die gedagte van pleegouerskap.
- Mans raak mettertyd al hoe meer betrokke, sodat albei later verbind is tot die plasing.
- Die motief vir pleegsorg is grootliks geleë in "*the concept of care*". Die pleegmoeders beskou hulleself as bevoegde tuisteskeppers en versorgers wat ŉ bydrae kan lewer tot die kind in nood.
- Dit verg egter baie moeite en energie van die vrou om alles tuis te organiseer en almal se belange te balanseer.
- Die impak van pleegsorg op die huweliksverhouding word oor die algemeen as positief beskryf, deurdat dit die egpaar nader aan mekaar bring, omdat hulle emosionele en ander aangeleenthede oor die pleegsorg moet bespreek.
- ŉ Stabiele en vertrouensverhouding tussen die egpaar is ŉ voorvereiste vir suksesvolle pleegsorg.
- Pleegouers is oor die algemeen meer positief oor die effek van die pleegsorgplasing op hul kinders as wat die kinders self is.

- Dit raak soms moeilik om pleeg- en biologiese ouerskap te versoen. Biologiese kinders kry minder tyd en aandag omdat pleegkinders gewoonlik meer probleme het wat spesiale aandag benodig en die ouers se eerste prioriteit raak. Verder is dit vir hulle moeilik om besittings en kamers met die pleegkinders te deel. Dit ontstel ook die biologiese kinders wanneer die pleegkinders se ouers hulle benadeel of ontwrig en teleurstel.
- Biologiese kinders leer egter om meer begrypend en empaties te wees teenoor mense wat nie so bevoorreg is nie en hulle help met die versorging van jonger pleegkinders.

Hieruit is dit dus duidelik dat 'n pleegsorgplasing voor- en nadele inhou vir die pleegouers en hul kinders en gesinsverhoudinge in die algemeen. Wanneer daar sistemies daarna gekyk word, bestaan die pleeggesin uit die egpaarsubsisteem, ouersubsisteem, pleegouersubsisteem en die biologiese pleegkindsubsisteem. Dit kan 'n ingewikkelde gesinsdinamika tot gevolg hê wat besondere vaardighede van die ouers vereis om 'n toestand van homeostase in die gesin te handhaaf. Deur op die sterktes van elke gesinslid te fokus en die positiewe waarde wat wedersydse versorging en omgee vir mekaar inhou te bou, behoort die gesin die plasing as voordelig te beleef. Vervolgens word meer spesifiek aandag geskenk aan die noodsaak om die biologiese kinders van die pleegouers by pleegsorgdienste te betrek.

- **Dienste aan biologiese kinders van die pleegouers**

Volgens navorsing wat onafhanklik deur Watson en Jones (2002:49–54) en Spears en Cross (2003:38–45) in die Verenigde Koninkryk gedoen is, word die biologiese kinders wat nog afhanklik is van hul ouers of selfs die wat reeds die huis verlaat het, se belange as rolspelers soms buite rekening gelaat of verwaarloos. Die navorsers se bevindinge is geïntegreer en kom basies op die volgende neer:

- Die betekenis van die kinders se rol in die geslaagdheid van die pleegsorg word onderskat.
- Dit is die hele gesin wat kinders in pleegsorg neem, biologiese kinders kry soms ekstra versorgingstake in die proses. Veral as die pleegkinders nog klein is, moet hulle babas oppas, met die kinders speel en vir hulle voorlees, bad, aantrek en doeke omruil.
- Die kinders moet van die begin af by die besluitnemingsproses betrek word en hulle moet voorberei en opgelei word oor hul rol ten opsigte van die pleegkind. Soms ontstaan daar rolverwarring oor of hulle die pleegkind se vriend of raadgewer moet wees, tot watter mate hulle ingelig moet word oor vertroulike aspekte, of en watter geheime hulle oor negatiewe situasies moet bewaar.
- Biologiese kinders ervaar 'n gebrek aan ondersteuning en het 'n behoefte aan openlike kommunikasie asook om meer te weet van die kinders wat in pleegsorg by hulle geplaas word. Hulle reg om in enige regs- en administratiewe prosedure gehoor te word, moet dus

beskerm word deur hulle in te lig oor die pleegsorgplasing en daar moet omgesien word na hul beste belange.

- Pleegsorg beïnvloed die hiërargiese orde in die gesin en sommige lede kan ervaar dat hulle in minder prominente posisies in die gesin ingedruk is, byvoorbeeld as die pleegkind ouer as die oudste kind is.
- Uitsonderlike eise word aan die kinders van pleegouers gestel ten opsigte van geduld en begrip vir die pleegkind se behoeftes en probleme.
- Die moeilikste aspek vir die kinders is om hul ouers se tyd en aandag, hul kamers en privaatheid met die kinders te deel. Hulle word afgeskeep wanneer die ouers onder groot druk verkeer en hulle ondervind irritasie en konstante onderbreking deur die pleegkinders wanneer hulle saam met hul ouers wil verkeer.
- Die psigologiese impak kan behels dat die kinders skeidingsangs en gevoelens van onveiligheid ervaar wanneer hulle besef dat die pleegkinders net tydelik daar geplaas is of dat hulle probleme ondervind het soos geweld, seksuele mishandeling of dwelmmisbruik. Hulle kan begin vrees dat so iets hulle ook kan tref.
- Voordele wat pleegsorg vir biologiese kinders inhou, is die positiewe aandag van ouer pleegkinders, kameraadskap, om na babas om te sien, meer waardering vir hul eie gesin en die bevrediging wat dit bied om ander mense te help.
- Die kinders baat by die pleegsorg deurdat hulle kommunikasie- en luistervaardighede verbeter en dat hulle makliker met die buitewêreld kan verkeer uit die ervarings wat hulle gehad het om met die pleegkinders oor die weg binne hul eie gesins- en huisverband te kom.
- Kinders het oor die algemeen gemengde gevoelens oor pleegsorg en meen dat die beste deel daarvan is om nuwe mense te ontmoet en vriende te maak, meer waardering te kry vir dit wat hulle het, om liefde te gee en ’n speelmaat te kry. Die minder aangename aspekte is om totsiens te sê wanneer die kinders uitgeplaas word, of van hul besittings word in die proses gesteel of gebreek, en soms word hulle geboelie en gedreig.
- Die kinders baat by groepe wat saamgestel word uit ander kinders van pleegouers waar hulle gedeelde ervarings kan bespreek, woede kan ontlaai, rassisme kan hanteer, verliese kan deel oor wanneer hulle geheg geraak het aan ’n pleegkind wat die gesin verlaat het en hul eie gevoelens kan verbaliseer en beter begryp.
- Pleegouers neem meestal die besluit om kinders in pleegsorg te neem wanneer hul eie kinders ouer en selfs onafhanklik is, juis om hulle die moontlike negatiewe impak van pleegsorg te spaar. Die navorsing het dan ook uitgewys dat die ouer kinders die pleegsorgsituasie makliker hanteer omdat hulle nie meer deel is van die huishouding nie.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die pleeggesin in totaliteit betrek moet word by die werwing-, keuring- en voorbereidingsproses, veral gedurende pleegsorgtoesigdienste. Tydens die voorbereidingsfase kan kennis en vaardighede oorgedra word en gesindhede kan beïnvloed word, maar eers by die plasing van die pleegkind kan die werklike effek op die gesin eers bepaal word. Dit is daarom noodsaaklik dat die kinders van die pleegouers deurlopend by dienslewering betrek word ten einde seker te wees van hul rol, plek en regte in die gesin. Dit is noodsaaklik dat die kinders betrek word by die opleidingsprogram, veral as die pleegkinders emosionele of gedragsprobleme openbaar wat 'n steurende effek op die gesinsisteem het.

Gedrag van die pleegkind wat veral 'n bedreiging vir die pleeggesin kan inhou, is byvoorbeeld seksuele afwykings, geweld, aggressie, en die weiering om grense en verantwoordelikhede te aanvaar (Sargent & O'Brien 2004:33–34). In dié verband is die sterkteperspektief van groot waarde, aangesien dit nie op die uitdagende gedrag as sodanig fokus nie, maar op die sterktes, vermoëns en behoeftes van die pleegkind, pleegouers en hul kinders ten einde die probleemsituasie in 'n groeigeleentheid te omskep. Dit is belangrik dat maatskaplike werkers die pleegouers sal bystaan om hul eie gesinslewe te beskerm, aangesien dit nie maatskaplik geregverdig kan word om gesonde gesinsfunksionering te bedreig deur 'n pleegsorgplasing nie. Ten einde hierdie beginsel te respekteer, is dit noodsaaklik dat daar veral aanvanklik besondere aandag geskenk sal word aan die aanpassing van die pleegkind by die gesin en dat verdere behoeftes daarna deurlopend aangespreek sal word.

- **Integrasie van die pleegkind by die pleeggesin**

Wanneer pleegkinders die pleeggesin betree, is dit logies dat daar 'n aanpassingsperiode sal verloop, aangesien volgens gesinsistemiese beginsels nuwe wisselwerking en transaksies ontwikkel waardeur wedersydse beïnvloeding tussen die bestaande gesinsisteem en die pleegkind plaasvind. Die gesin word "hersaamgestel" met die binnekoms van die pleegkind en transaksies met die breër omgewing word ook beïnvloed, soos veral die skool, gesondheidsdienste en die deurlopende monitering van die welsynsinstansie. (Vgl. 2.5.1–2.5.2.) Dit kan aanvanklik stres (vgl. 2.5.3) in die gesin veroorsaak indien die aanpassing destruktief is en daarom moet daar gefokus word op die bevordering van streshanteringsvaardighede ten einde die homeostase van die gesin te herstel en die pleegkind die ervaring van verwantskap (vgl. 2.5.4) en 'n welkome woonplek (vgl. 2.5.6) te bied waar hy 'n nuwe lewenskoers (vgl. 2.5.7) kan vind.

'n Ondersoek van Heptinstall *et al.* (2001:8) na kinders se perspektief en ervaring van gesinslewe in die lig van hul pleegsorgplasing het getoon dat kinders verskillend reageer op die skeiding van hul biologiese gesinne na 'n pleeggesin. Dit behels byvoorbeeld buitengewone inskiklikheid, vermyding, woede en ander reaksies soos reeds bespreek. (Vgl. 4.5.1.) Ten einde dit te hanteer

behoort die kind se behoeftes van onsekerheid, onveiligheid, angstigheid en verlies aangespreek te word. Verdere bevindinge van die navorsing oor die aanpassing van die kind by die pleeggesin betreffende binding met hul familie, die pleeggesin en betekenisvolle ander, het die volgende getoon (Heptinstall *et al.* 2001:15):

- Die binding tussen die kind en sy biologiese ouers, broers en susters bly steeds vir hom belangrik; daarom is dit noodsaaklik dat kontak tussen ouer en kind sover moontlik behou word en dat broers en susters, indien moontlik, saam geplaas moet word. Hoewel kinders onrealistiese en geïdealiseerde sienings oor hul eie gesinne het, bly hierdie beelde vir hulle belangrik.
- Kinders se interpretasie van hul omstandighede word beïnvloed deur meervoudige faktore (sistemies) en wat in die beste belang van die een kind is, is nie noodwendig die geval met 'n ander kind nie. Kinders se ervarings en persepsies is ook eerder veranderlik as konstant en soos wat hul omstandighede verander, so heroorweeg hulle verhoudings en menings.
- Kinders se aanpassingsgedrag wanneer hulle in pleegsorg geplaas word, word gekomplementeer deur aanpassingstrategieë wat hulle in staat stel om die veranderinge te kan hanteer en om sin te maak van die kompleksiteit van hul gevoelens teenoor hul biologiese ouers aan die een kant en die pleegouers aan die ander kant.
- Oor die algemeen praat kinders nie sommer oor hul gesinsverhoudings of hul gevoelens nie en kan dit nog minder verduidelik; daarom is dit noodsaaklik om kennis te dra oor hoe kinders omgaan met inligting en om aandag te skenk aan wat dalk nié gesê word nie.
- Wanneer na hierdie kinders gekyk word, moet in ag geneem word dat hulle steeds gewone kinders is, ten spyte van skade deur traumatiese gebeure.

Wat belangrik is vir dienslewering vanuit hierdie navorsing, is die waarde wat die sterkteperspektief inhou, naamlik dat aanpassingsprobleme tussen die verskillende subsisteme in die pleeggesin erken sal word, maar dat daar meer gefokus sal word op die sterktes en vermoëns en die ideale wat deur almal nagestreef word ten einde die gesinslede te help om soos 'n span te funksioneer om die probleme aan te spreek. Dit verg egter intensiewe insette van die pleegouers om die kind by hul gesin te integreer en daarom is deeglike en deurlopende pleegsorgtoesigdienste deur die maatskaplike werker onontbeerlik. Ten einde in staat te wees om die biologiese ouers, indien hulle aktief betrokke is, ook te akkommodeer, is dit noodsaaklik dat die pleegouers verstaan wat aanleiding gegee het tot die verwydering van die kinders en wat beplan word met gesinsherenigingsdienste.

5.7 GESINSHERENIGINGSDIENSTE AAN DIE BIOLOGIESE GESIN

Gesinsherenigingsdienste is reeds aan die begin van hierdie hoofstuk omskryf (vgl. 5.1.2) en vervolgens word aandag gegee aan die aard, beginsels en lewering van sodanige dienste aan die biologiese ouers van pleegkinders. Wat Suid-Afrikaanse omstandighede betref, is die volgende betreffende gesinsherenigingsdienste in die Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders (1990:27) geïdentifiseer:

- Kinders word soms verwyder sonder dat behoorlike voorkomingsdienste gelewer is en daarna word 'n kunsmatige situasie geskep waar min kontak tussen ouer en kind plaasvind. Sodanige verwydering bring mee dat 'n hegte binding met pleegouers plaasvind en dat terugplasing nie realiseer nie.
- Dienste aan biologiese ouers gaan soms jare lank onbepland voort, ongeag die behoeftes van die ouers, hul potensiaal vir herstel, die wenslikheid van terugplasing of die uitwerking van so 'n onseker situasie op al die betrokke partye, maar veral op die kind.
- In die praktyk word dienste aan die biologiese ouers en dienste aan die pleegkind dikwels deur verskillende maatskaplike werkers en/of organisasies gelewer. Daar is 'n gebrek aan gesamentlike beplanning betreffende dienslewering, wat kan aanleiding gee tot die nastrewing van botsende doelwitte.
- Gesinsherenigingsdienste word dikwels op die grondslag van krisishulp en ter wille van die voorsiening van statutêre verslae gelewer.
- Maatskaplike werkers wissel gereeld en gaan gebuk onder hoë gevalleladings, wat 'n gebrek aan kontinuïteit in die uitvoering van die beplanning meebring.
- Volgens kinderwetgewing moet maatskaplike werkers bewys dat ouers onbevoeg is om self vir hul kinders te sorg. Dit kan aanleiding gee tot 'n negatiewe verhouding tussen werker en kliënt, wat nadelig inwerk op gesinsherenigingsdienste.

Hiermee word dus geïmpliseer dat kinderverwydering geregverdig is indien dit voorafgegaan is deur intensiewe vroeë intervensiedienste wat steeds nie daarin kon slaag om dit te voorkom nie, behalwe in die geval van 'n ernstige krisis waardeur die kind se welstand bedreig word en onmiddellike beveiliging moet plaasvind. Verder behoort daar koördinering tussen diensleweringsinstansies plaas te vind ten einde dieselfde doelwitte na te streef betreffende die ouers en die kinders in alternatiewe sorg. Vanweë die ongemak wat ouers ervaar tydens die verwydering van hul kinders, moet daar spesiale aandag geskenk word om 'n positiewe en samewerkende werksverhouding tussen ouers en maatskaplike werker daar te stel. In die praktyk moet voortdurend daarteen gewaak word om nie net dienste te lewer wanneer dit tyd word om die verslag oor die verloop van gesinsherenigingsdienste in te handig nie. Dienste aan die biologiese

ouers behoort deurlopend en volgens ŉ bepaalde program te verloop na gesamentlike beplanning tussen die verskillende rolspelers.

Ten einde dienslewering sinvol te beplan, is dit belangrik om die behoeftes van die biologiese ouers te verstaan. Levin (1992:461–462) identifiseer vyf gemeenskaplike eienskappe van ouers waar die kinders verwyder en in pleegsorg geplaas is:

- Isolasie: Die ouers is gewoonlik sosiaal geïsoleer van ondersteunende vriende en familie, leef in armoede, is substansafhanklik en soms dakloos.
- Afhanklikheid: Hulle is van verskeie sisteme soos welsyn, behuising of gesondheid afhanklik en word soms oorweldig deur ŉ verskeidenheid amptenary/burokrasieë wanneer van openbare dienste gebruik gemaak moet word.
- Lae selfbeeld/magteloosheid: Die ouers se hanteringsvermoë word soms lamgelê deur meervoudige oorweldigende daaglikse omgewingstressors; boonop is hulle dikwels enkelmoeders en internaliseer hulle selfhaat of ŉ lae selfdunk. Die korrelasie tussen ŉ swak selfbeeld, depressie, substansmisbruik en kinderverwaarlosing kan nie geïgnoreer word nie.
- Beperkte toegang tot hulpbronne: Hulle word dikwels deur hul maatskaplike omgewing ingeperk om van hulpbronne gebruik te maak, byvoorbeeld wanneer hulle in verafgeleë plattelandse gebiede woon.
- Stigmatisering omdat hulle gefaal het in hul ouerskapvaardighede en verneder en skaam voel.

Dit is dus duidelik dat ouers wie se kinders verwyder is ŉ verlies en verskeie ander negatiewe belewenisse vanweë meervoudige problematiek ervaar en waarskynlik weerstand het teen maatskaplikewerkdienste. Gesinsherenigingsdienste verg derhalwe spesifieke insig en vaardighede van die hulpverlener met ŉ sterkteperspektief, anders verdwyn die ouers uit die kinders se lewens of hulle kompliseer die pleegsorgsituasie.

5.7.1 Doelwitte van gesinsherenigingsdienste

Die hoofdoelstelling van sodanige dienste sou wees dat die gronde vir kinderverwydering opgeklaar behoort te word en die gesin weer herstel word tot op ŉ vlak van normale funksionering. Ten einde die doelstelling te bereik, moet daar verskillende korttermyndoelwitte gestel word in die vorm van ŉ diensleweringsprogram.

Ahart *et al.* (1992:1–5) het programme vir gesinsherenigingsdienste in die VSA in opdrag van die Department of Health and Human Services ondersoek en gevind dat verskillende programme deur

verskillende state gevolg word. Van die doelwitte wat deur die programme nagestreef word, is die volgende:

- Die stabilisering van gesinsomstandighede sodat die kind suksesvol kan terugkeer huis toe of, indien dit nie moontlik is nie, om 'n meer permanente alternatiewe plasing te reël.
- Die lewering van 'n reeks voorkomings- en behandelingsdienste aan kinders en gesinne wat in riskante omstandighede verkeer, soos byvoorbeeld gesondheidsdienste, opvoeding, sielkundige of psigososiale berading en toepaslike verwysings na ander hulpbronne.
- Fasilitering van ouer-kind-kontakte, die bywoning van ouerondersteuningsgroepe en die beskikbaarstelling van spesiale befondsing vir behuisings- of gesondheidsdienste.
- Programme is gesinsgerigte, konkrete kliniese dienste wat intensiewe gevallebestuur verg, maar is ook meestal gemeenskapsgebaseerd afhangende van die gesin se behoeftes.
- Terugplasing gaan gepaard met 'n twee- tot vier-weke voorbereidingsprogram en een- tot twee-weke intensiewe gesinsdienste na terugplasing. Dit sluit in krisisdienste, toerusting met lewensvaardighede, en om gesinne in aanraking te bring met hulpbronne en ondersteuning in die gemeenskap.
- Aktiewe betrokkenheid word van gesinne verwag tydens dienslewering betreffende die ontdekking van gesinsterktes eerder as swakhede en aktivering van menslike en ander hulpbronne binne en buite die gesinsnetwerk.
- Spesiaal opgeleide personeel en fondse word vereis wat beskikbaar gestel kan word vir die uitvoering van gesinsherenigingsprogramme.

Dit is duidelik dat bogenoemde programme afhanklik is van goed opgeleide personeel, voldoende fondse, die ontginning van hulpbronne binne die gesin sowel as 'n ondersteuningsnetwerk in die gemeenskap. Hoewel daar nie formele programme vir gesinsherenigingsdienste in Suid-Afrika geïdentifiseer kon word nie, is die doelstellings van bogenoemde program logies en aanvaarbaar vir enige situasie waar gesinshereniging 'n moontlikheid is en behoort enige opgeleide maatskaplike werker dit te kan bestuur. Die beskikbaarheid van die nodige infrastruktuur vir die uitvoering daarvan binne die plaaslike welsynsopset kan egter bevraagteken word.

Dit is volgens Ahart *et* al. (1992:7) makliker om gesinne bymekaar te hou as om hulle later weer te herenig. Pleegsorg plaas groter druk op gesinne, vereis meer van dienslewering en indien gesinne eers in die stelsel beland, word hulle onder 'n "*professional microscope"* geplaas. Die afleiding kan ook gemaak word dat dit op die lang termyn goedkoper is om kinders binne die gesin te versorg as om pleegouers te keur, op te lei, 'n pleegouertoelae te betaal en pleegtoesigdienste te lewer. Daarom kan dit gestel word dat daar met gesinsherenigingsdienste begin behoort te word by voorkomingsdienste, vroeë intervensie, statutêre intervensie tot by die kontinuum vir versorging van

kinders; dus vanaf vlak een tot vier vir dienslewering in die kinder- en jeugsorgsisteem (vgl. 3.7) met gesinsbewaring as hoofdoel. Na verwydering van die kind, soos in die geval van pleegsorg, is maatskaplikewerkdienste ingestel op die herstel van die gesin tot 'n vroeër vlak van funksionering waar die kinders se welsyn nie bedreig word nie. Die aard van gesinsherenigingsdienste hang van meervoudige faktore in die unieke omstandighede van die gesin af.

5.7.2 Aard van gesinsherenigingsdienste

Die aard van die gesinsherenigingsdienste word beïnvloed deur faktore soos of die kind verwyder is om hom te beskerm teen mishandeling of verwaarlosing, of vanweë die feit dat die ouers nie sy uitdagende gedrag kon hanteer nie. Verdere faktore is of die ouers 'n betekenisvolle rol in die kind se lewe vervul; wat hul rehabilitasievermoë is; of hulle oorlede of dalk onopspoorbaar is; en of hulle bereid is tot samewerking. Die studie van Ahart *et al.* (1992:7–8) in die VSA het getoon dat gesinne wat by gesinsherenigingsdienste betrokke is, kwesbaar is aangesien hulle gewoonlik gebuk gaan onder maatskaplike en ekonomiese probleme soos armoede, substansmisbruik, lae vlakke van geletterdheid en 'n persoonlike geskiedenis van mishandeling en verwaarlosing. Dit sluit aan by Van Delft (1995:191–192) se empiriese ondersoek na veranderlikes wat prognose by gesins-herenigingsdienste in Suid-Afrika beïnvloed en waar lang lyste van probleme geïdentifiseer is soos gebrekkige ouerskapsfunksionering, egskeiding, finansiële nood, mishandeling, verwaarlosing of onbeheerbare gedrag van kinders, alkohol- en dwelmmisbruik, geestesongesteldhede, lae vlakke van verstandelike funksionering en vele ander maatskaplike verskynsels. Klem word geplaas op die prognose van die kliënt wat omskryf word as die som van die kliënt se potensiaal; die prioriteite wat hulpverlening aan hierdie groep kliënte binne die welsynsorganisasie geniet; die maatskaplike werker se professionele vermoë; die welsynsorganisasie se kapasiteit om die dienste te lewer en die heersende maatskaplike welsynsbeleid. Daar is onder andere tot die gevolgtrekking gekom dat daar ernstig besin moet word oor die beste manier waarop dienste aan die groep persone gelewer kan word om in hul spesiale behoeftes te voorsien (Van Delft 1995:197).

Hoewel bogenoemde problematiek in die praktyk nie ontken kan word nie, is die benadering daartoe vanuit die ou paradigma (vgl. 2.3), waar assessering probleemgesentreerd gedoen word met die fokus op dit wat verkeerd is volgens 'n liniêre beredenering van oorsaak-gevolg. (Vgl. 2.1.4.) Ahart *et al.* (1992:7–8) stel dit dat, wanneer met hierdie gesinne vanuit 'n sterkteperspektief gewerk word, dit meer suksesvol is as wanneer dit vanuit 'n "*family deficit"* model gedoen word. Eersgenoemde bemagtig die gesin om hul situasie te verander, terwyl laasgenoemde kan aanleiding gee tot etikettering as meervoudige problematiek en nie werklike veranderinge tot gevolge het nie.

'n Verdere faktor is of die kind se biologiese gesin of familie, soos die ouers of grootouers die plasing ondersteun of teenwerk. Dit is belangrik dat die pleegkind nie met hierdie soort spanning gekonfronteer word nie, of ervaar dat hy gedurig moet kies tussen sy versorgers en sy biologiese familie nie (Wilson *et al.* 2003:997).

Vanuit die situasie in Suid-Afrika soos gestel in die eerste hoofstuk (vgl. 1.1), kom daar min tereg van gesinsherenigingsdienste weens die feit dat die ouers oorlede of onopspoorbaar is en dat pleegsorgplasings meestal in familieverband plaasvind. Die afleiding kan dus tereg gemaak word dat die pleegsorgstelsel duur is om te onderhou as gevolg van pleegouertoelae wat uitbetaal word en die lewering van pleegsorgtoesigdienste. In gevalle waar terugplasing die hoofdoel is, is dit egter noodsaaklik om gesinsherenigingsdienste doelgerig te hanteer deur vaardighede personeel binne multiprofessionele spanverband ten einde die kinders so spoedig moontlik terug te plaas of ander, meer permanente alternatiewe sorg te oorweeg.

5.7.3 Beginsels by die lewering van gesinsherenigingsdienste

By die lewering van gesinsherenigingsdienste is daar bepaalde beginsels wat gehandhaaf behoort te word ten einde die regte benadering teenoor hierdie ouers te toe te pas. Vanuit die gegewens van Fahlberg (1993:138 en 141) kan die volgende beginsels vir die lewering van gesins-herenigingsdienste geïdentifiseer word:

- Ouers is die mees betekenisvolle persone in die lewens van hul kinders en daarom behoort die ouer-kind-verhouding in stand gehou te word, behalwe in gevalle van ernstig afwykende gedrag en patologie wat teenstrydig is met die belange van die kind.
- Afgesien van die rede vir sorgbehoewendheid, moet in gedagte gehou word dat ouers hul kinders die beste ken en dat hierdie verhouding die grootste invloed op hul lewens uitoefen. Daarom is dit belangrik dat ouers geken word in die besluitnemingsproses oor alternatiewe sorg en die kind se toekomsbeplanning.
- Die kind sal altyd die genetiese, kulturele, etniese, sosiale en emosionele invloed van sy gesin van geboorte met hom saamdra en daarom is sy gesin-van-oorsprong belangrik vir sy emosionele welstand.
- Biologiese ouers behoort altyd met respek behandel te word. Hulle voel alreeds afgetakel deur die kinderhofprosedure en die boodskap dat hulle nie hul ouerskap-verantwoordelikhede kon nakom nie. Daarom is hulle gewoonlik sensitief vir die wyse waarop hulle deur welsynsinstansie gehanteer word.
- Beskou die ouers as unieke individue afkomstig uit verskillende agtergronde, kulture, godsdiens, belangstellings en waardes.

- Ouerbetrokkenheid moet sover moontlik bewerkstellig word deur deelname en keuse te bied in plaas van moralisering, dreigemente of veroordeling.

Dit is belangrik dat dienslewering volgens die basiese beginsels van maatskaplike werk soos respek, warmte, aanvaarding, erkenning, begrip, individualisering en toetrede tot die leefwêreld toegepas sal word, sodat hierdie ouers se menswaardigheid opgebou kan word en hoop aan hulle oorgedra kan word. Dit kan veral gedoen word deur aan hulle inspraak te gee en die geleentheid om keuses te maak, maar ook dan verantwoordelikheid vir die gevolge van die keuses te neem. Hierdie beginsels sluit aan by die riglyne vir pleegsorg van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling wat die volgende aspekte ten opsigte van die biologiese ouers insluit (Department of Social Welfare, Discussion Document on Foster Care Policy 1998:8):

- Hulle moet ingelig wees oor hul regte en verantwoordelikhede en voorberei word op die kind se verwydering en die aard van alternatiewe versorging.
- Die ouers moet gemotiveer word om deel te neem aan die toekomsbeplanning van die kind met gesinshereniging as hoofdoel. Indien dit nie moontlik is nie, moet permanensie-beplanning vir hulle aanvaarbaar wees.
- Hulle moet die noodsaak van volgehoue kontak met die kind volgens 'n geskrewe ooreenkoms besef en daarby hou.
- Die ouers moet ingelig wees oor beleid en prosedures ten opsigte van klagtes en ontevredenhede met betrekking tot die pleegsorgsituasie.
- Wetlike implikasies van die hofbevele oor verwydering, gesinsherstel, langtermynplasing of omstandighede waaronder aanneming van die kind sonder hul toestemming sou kon plaasvind, moet aan die ouers verduidelik word.

Dit is duidelik dat die biologiese ouer betrokke moet wees by alle prosedures en nie net bewus moet wees van sy regte nie, maar ook sekere verantwoordelikhede moet nakom ten einde gesinsherstel te laat realiseer. Betreffende die situasie in Suid-Afrika waar dit voorkom dat die minderheid biologiese ouers betrokke is by die pleegsorgplasings, sal daar meer aandag gegee moet word aan permanensie in die vorm van langtermynpleegsorg of aanneming en herkoms-interpretasie.

5.7.4 Terugplasing van pleegkinders by die biologiese gesin

Terugplasing geskied volgens 'n proses na volgehoue kontak tussen ouers en kind en kan alleen realiseer indien daar 'n hegte verbintenis en goeie verhouding tussen hulle bestaan. Al die betrokke partye soos pleeg- en biologiese ouers sowel as die kind moet ingelig wees oor die vereistes en prosedures en oor die lang termyn saam met die maatskaplike werker na hierdie

doelstelling beweeg. Die volgende samevatting word gegee oor die proses van terugplasing op grond van die inligting van Farmer (1993:157–161):

- Terugplasing moet bestuur word en die betrokke partye moet goed daarop voorberei word, aangesien die heraanpassing nie sonder probleme verloop nie. Ouers en kinders het tydens verwydering verskillende ervarings beleef en veranderinge ondergaan, soos byvoorbeeld kinders wat vanaf hul middelkinderjare na adolessensie gegroei het. Die partye bring dus elk aparte ervarings in die gesinsituasie waarby opnuut aangepas moet word; herintegrasie behoort derhalwe besondere aandag geniet.
- Ouers en kinders is geneig om probleme tydens heraanpassing weg te steek uit vrees dat die kinders weer verwyder sal word. Hulle moet daarom voorberei word op die hantering hiervan en verseker word van praktiese bystand. Hiervoor is 'n vertrouensverhouding tussen die ouers en die maatskaplike werker noodsaaklik.
- Ouers moet bygestaan word met praktiese hulp soos dagsorg, naskoolsorg, materiële hulp en vrywilligers om hul taak tot geleidelike oorname van volle ouerskapverantwoordelikhede te vergemaklik.
- Die gesin moet die statutêre voorwaardes vir terugplasing verstaan en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.
- Onnodige risiko's moet sover moontlik uitgeskakel word deur die gesin gereeld te besoek en doelwitte en voorwaardes te hersien en sodoende in veranderde behoeftes te voorsien waar nodig.
- Krisisse moet betyds gehanteer word en nie as mislukkings gesien word nie maar as leergeleenthede, ten einde te voorkom dat verwydering as die oplossing gesien word.

Die proses van terugplasing begin by die eerste stap in die uitvoering van die gesinsherenigings-diensteprogram, anders bestaan die moontlikheid dat ouers en kinders te ver van mekaar betreffende lewensomstandighede en ervarings verwyderd raak. Dit is ook duidelik dat hierdie proses veral sal gerig word deur 'n sterkteperspektief sodat die ouers hoopvol kan bly in die moontlikheid van herstel en hereniging en aktief daartoe kan meewerk.

Wêreldwyd word daar 'n hoë prioriteit geplaas op die terugkeer van pleegkinders na hul ouers en daarom word verwag dat betekenisvolle tyd van maatskaplike werkers en hulpbronne daaraan bestee sal word. Barber en Delfabbro (2004:139) noem dat gesinsherenigingsdienste alreeds oor jare heen met variërende bevindinge nagevors is, maar dat die volgende algemene gevolgtrekkings daaroor gemaak kan word:

- Hereniging is meer waarskynlik oor die kort termyn as oor die lang termyn.

- Kinders wat meer gereeld kontak met hul gesinne het, word makliker met hulle herenig.
- Die aard en kwaliteit van ondersteuningsdienste deur die sisteem is bepalend; konstante wisselwerking tussen biologiese gesinne en maatskaplike werkers en goed gevestigde gevallebestuurprosedures bevorder terugplasing.
- Wanneer aanleidende faktore tot sorgbehoewendheid meer veranderbaar is, byvoorbeeld ouer kinders met uitdagende gedrag word moeiliker teruggeplaas as waar kinders verwyder is omdat ouers byvoorbeeld siek was.
- Dit is moeilik om resultate oor gesinsherenigingsdienste te evalueer, aangesien verskillende faktore 'n rol speel in die uitkomste en daar nie altyd 'n direkte verband bestaan tussen dienslewering en terugplasing nie. Daar moet byvoorbeeld onderskei word tussen passiewe en aktiewe gesinsherenigingsdienste. In die geval van passiewe dienste keer die kinders terug na die ouerhuis nadat die ouer se gesondheid byvoorbeeld verbeter het of 'n ouer uit die gevangenis vrygelaat word. In die geval van aktiewe gesinsherenigingsdienste word dienste ten opsigte van byvoorbeeld die verbetering van ouerskapsvaardighede of uitdagende gedrag gelewer.

Betreffende gesinsherenigingsdienste kan dit dus gestel word dat hierdie gesinne in ernstige nood verkeer en dat besondere uitdagings aan dienslewering gestel word. Die ouers verdwyn dikwels in die stelsel omdat hulle 'n geskiedenis van problematiek ervaar en gebuk gaan onder skuldgevoelens, selfverwyt en die gevoel van waardeloosheid as mense en as ouers. Die moontlikhede wat die sterkteperspektief bied om hulle te benader as persone met sterktes en dat daar hoop is vir herstel, word beskou as die aangewese werkswyse wat die belofte van sukses inhou.

Dit is duidelik dat die bou van 'n hulpverleningsverhouding (vgl. 2.7.5) tussen maatskaplike werker en ouers deurslaggewend sal wees vir hierdie dienste. Kenmerkend van die verhouding volgens die sterkteperspektief is respek, doelgerigtheid, wederkerigheid, vertroue, bemagtiging, hoop en die ontstaan van drome. Sodanige verhouding dien as troostende en helende element wat die versekering bied dat ouers in krisistye sonder vrees die hulp van die maatskaplike werker kan inroep. Daar word egter ook 'n aanspraak gemaak op samewerking en om verantwoordelikheid te neem vir eie herstel. Geloof in die vermoë van hierdie ouers om te verander en om hul kragte te mobiliseer kan risiko's in moontlikhede omskep. (Vgl. 2.7.4.) Die sterkteperspektief-praktyk word dus as uiters geskik beskou vir die lewering van gesinsherenigingsdienste.

5.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die ontleding van die gesinsvlak en vir dié doeleinde is gesinslewe in die algemeen en daarna die pleeg- en biologiese gesinne van die pleegkind bespreek. Dit is duidelik dat fundamentele veranderinge in die gesinslewe plaasgevind het. Daar word byvoorbeeld tien soorte gesinne geïdentifiseer en verwys na veranderde gesinstrukture vanweë egskeiding, saamwonery, enkelouerskap en huishoudings met kinders of grootmoeders aan die hoof van die gesin. Dit is alles faktore wat daartoe aanleiding gee dat maatskaplikewerkdienste aan gesinne volgens die unieke behoeftes van 'n bepaalde gesin gelewer moet word. Assesserings moet daarop fokus om sterktes en behoeftes van 'n spesifieke gesin binne sy bepaalde konteks te identifiseer sodat dienste dienooreenkomstig beplan kan word. Tydens assessering is dit ook noodsaaklik om kennis te dra van die gesinslewensiklus en ontwikkelingstake wat met elke fase gepaard gaan. Sodoende kan probleme en behoeftes wat ervaar word binne konteks begryp en gehanteer word.

Dienslewering aan gesinne word gedoen vanuit 'n ekologies-sistemiese perspektief, wat veral ingestel is op die aard van die wisselwerking en transaksies tussen die kind en sy gesin, hetsy pleeg- of biologiese gesin. Wedersydse beïnvloeding is bepalend of dit 'n disfunksionele of gesond-funksionerende gesin is. Die verwydering van 'n kind uit die biologiese gesin, sowel as die opname van 'n kind in die pleeggesin het 'n sistemiese effek op die totale gesinsfunksionering en heraanpassing en integrasie moet plaasvind om weer 'n toestand van homeostase te bereik. Volgens die sterkteperspektief word daar gepoog om belowende transaksies te laat plaasvind deur die ontdekking van sterktes en potensiaal ten einde problematiek so te oorkom.

Ter bereiking van die ideaal dat kinders binne hul eie gesin behoort op te groei, word daar verwag dat voorkomingsdienste en vroeë intervensie eers gelewer word alvorens oorgegaan word tot statutêre intervensie en pleegsorgplasing. Indien dit egter onafwendbaar is, moet sorg gedra word dat die pleeggesin noukeurig gewerf, gekeur en voorberei word op die plasing en deurlopende toesigdienste ontvang. Daar behoort 'n pleegsorgplan te bestaan wat ooreenstem met die plan vir gesinsherenigingsdienste. Laasgenoemde diens verg besondere vaardighede aangesien terugplasing in min gevalle realiseer. Enersyds het dit waarskynlik te make met 'n gebrek aan mensekrag en vaardighede in die huidige diensleweringstelsel en andersyds kan dit dalk toegeskryf word aan die eiesoortige behoeftes van hierdie ouers wat toereikende ouerskap blokkeer.

Die suksesvolle hantering van pleegsorgplasings wat ontwikkelingsgeleenthede aan kinders kan bied, sowel as die lewering van gesinsherenigingsdienste, hetsy met terugplasing as doel, langtermynpleegsorg met instandhouding van 'n betekenisvolle verhouding tussen ouer en kind, of die terminering van ouerlike regte en aanneming as permanente opsie, bied besondere uitdagings

aan maatskaplike werkers. Dit verg nie alleen vaardighede op alle diensleweringsvlakke nie, maar plaas ook druk op hulpbronne en infrastruktuur in al die sektore betrokke soos justisie, onderwys, polisie se kinderbeskermingsdienste, kinderwetgewing, die ekonomie en gesondheidsdienste. Van hierdie betekenisvolle aspekte word op die volgende vlak van die ekologiese ontledingsisteem verken en beskryf.

HOOFSTUK 6

DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem bestaan uit breër invloede as die gesin, soos formele en informele maatskaplike strukture wat van buite af op die pleegkind inwerk en wat 'n sterkte of hindernis kan wees; met ander woorde, 'n positiewe of negatiewe wisselwerkende invloed. Die sosiaal-strukturele vlak of eksosisteem (vgl. figuur 5) bestaan uit daardie aspekte wat vanaf 'n afstand struktuur en vorm gee aan die aard en vermoëns van die primêre omgewing. Volgens Kemp *et al.* (2002:24) gebeur dit dikwels dat die impak en betrokkenheid van eksterne sisteme oorgesien word in assesserings en intervensiebeplanning. Die teoretiese raamwerk van die studie is juis daarop ingestel dat alle vlakke in die ekologiese ontledingsisteem in ag geneem word ten einde 'n holistiese verkenning van pleegsorg te doen.

Die doel van hierdie hoofstuk is dan om van die mees betekenisvolle sosiaal-strukturele faktore wat 'n invloed op die pleegsorgsituasie kan uitoefen te identifiseer en te analiseer. Dit sluit onder andere die volgende in: beleid en kinderwetgewing; diensleweringsinstansies soos welsynsorganisasies; 'n multidissiplinêre spanbenadering; verskillende rolspelers in die kinderbeskermingsisteem soos onderwys, gesondheid, polisiëring en die regstelsel; maatskaplike kwessies soos MIV/VIGS; sosio-ekonomiese realiteite en drank- en dwelmmisbruik. Verder word ook aandag geskenk aan die assessering van die sosiaal-strukturele vlak ten einde sterktes en struikelblokke betrokke by die funksionering van die kind te analiseer. In aansluiting by die teoretiese raamwerk van die studie, word die ekologiese en sterkteperspektief op die institusionele en organisatoriese konteks van die pleegkind kortliks bespreek.

6.1 'N ANALISE VAN DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND

Elke persoon of gesin skep sy eie ondersteuningsnetwerk binne gemeenskapsopset uit die formele en informele hulpbronne beskikbaar. So kan 'n gesin verskeie kontakte opbou, slegs 'n paar sterk kontakte in stand hou, of van geen ondersteuningsnetwerke gebruik maak nie (Connard & Novick 1996:6). Volgens die ekologiese perspektief moet die situasie van kinders holisties beskou word deur faktore in die breë konteks vanaf gemeenskaps-, provinsiale, en nasionale vlak tot globaal in ag te neem. Langtermyn blootstelling aan onvolledige of disfunksionele gesinstrukture, armoede, ondoeltreffende gesondheidsdienste, skole wat nie volgens standaard funksioneer nie en die

algemene skending van kinderregte kan meebring dat die jeug met sosiaal onaanvaarbare gedrag reageer. Aan die ander kant is langtermynblootstelling aan 'n funksionele gemeenskap, globale erkenning van kinderregte en 'n infrastruktuur met beskermende faktore gunstig vir die ontwikkeling van normaal aangepaste kinders. Die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese sisteem word vanuit dieselfde fundamentele konsepte geanaliseer as in die geval van die individu en die gesin, naamlik: die transaksionele wisselwerking (vgl. 2.5.1) tussen verskillende sisteme; aanpassing tussen persoon en omgewing (vgl. 2.5.2), wat positief of negatief kan wees; stres (vgl. 2.5.3) en destruktiewe of konstruktiewe aanpassing daarby; verwantskap en die behoefte om te behoort en bevoeg te voel ten einde 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel (vgl. 2.5.4); die misbruik van mag, wat die magteloosheid van minderheidsgroepe meebring, teenoor die korrekte aanwending van mag tot voordeel van die omgewing (vgl. 2.5.5); die woonplek of sosiale konteks (vgl. 2.5.6), wat groeibevorderend behoort te wees; en die lewenskoers (vgl. 2.5.7), wat die proses van ontwikkeling wat elke mens volg, inhou en wat funksioneel of disfunksioneel kan wees, afhangende van wisselwerking en aanpassing in transaksies wat tussen die mens en sy omgewing plaasvind. Wanneer die sosiale-strukturele vlak in die konteks van pleegsorg ontleed word, is dit teen die agtergrond van hierdie fundamentele beginsels.

Hoewel die invloed van negatiewe faktore in die omgewing in hierdie hoofstuk bespreek word, is die idee nie om probleemgerig te wees nie, maar om enkele realiteite in die omgewing van die pleegkind uit te lig. Die fokus behoort volgens die sterkteperspektief op hulpbronne en sterktes in die gemeenskap gerig te wees. Daarmee word nie bedoel dat struikelblokke geïgnoreer word nie, maar dat dit gehanteer word met die veronderstelling dat elke gemeenskap oor die moontlikheid beskik om te groei en te ontwikkel en dat elke omgewing, hoe gedepriveerd ook al, oor hulpbronne beskik wat ontgin moet word. (Vgl. 2.7.3.) Die grense van maatskaplikewerkdienste word op hierdie wyse vergroot aangesien dit nie net die individu of die gesin en die hulpverlener is wat betrokke is nie, maar ook die woonbuurt, ander diensleweringsinstansies en die groter gemeenskap, en daarmee saam verhoog die moontlikheid van sukses en volhoubaarheid van verandering. 'n Betekenisvolle fundamentele aspek van die sterkteperspektief wat op die gemeenskap van toepassing gemaak kan word, is veerkragtigheid.

6.1.1 Veerkragtigheid in die omgewing

Veerkragtigheid as fundamentele aspek van die sterkteperspektief is alreeds bespreek (vgl. 2.7.3) in terme van die drie kategorieë naamlik "*I have, I am and I can",* en van toepassing gemaak op die kind as individu (vgl. 4.2 en 4.3.1) en die gesin. (Vgl. 5.4.2.) Betreffende die gemeenskap wys Grotberg (1995:7) daarop dat "*I can*" veerkragtigheidsfaktore ook bestaan uit sosiale en interpersoonlike vaardighede wat kinders kan aanleer, soos die volgende:

- Kinders behoort met ander te kan praat oor goed wat hulle bangmaak of pla (byvoorbeeld hulpverleners).
- Hulle moet metodes vind om probleme op te los (leer probleemoplossende vaardighede by die skool of ander instansies aan).
- Die toepassing van selfbeheersing wanneer die versoeking daar is om verkeerde en gevaarlike goed te doen (byvoorbeeld drank en dwelmmiddels).
- Bepaal wanneer dit 'n geskikte tyd is om te praat of om aksie te neem (leer hoe om krisisse te hanteer).
- Bewustheid oor waar om iemand te vind om my te help wanneer ek dit nodig het (leer ken die hulpbronne in die gemeenskap).

Kinders moet dus bewus gemaak word van hul regte om hulp te ontvang, maar moet ook verantwoordelikheid en inisiatief neem om daardie bronne te soek en op die regte tyd te ontgin. Kinders het dikwels nie die vrymoedigheid om uit te beweeg in hul gemeenskap nie omdat hulle bang of skaam is en daarom moet voorligtingsprogramme by skole en kerke hulle daartoe stimuleer.

Waller (2001:5 en 24–25) bied 'n lys van die volgende beskermende faktore in die gemeenskap wat as buffer kan dien tussen die persoon en risikofaktore wat sy welsyn bedreig: voldoende hulpbronne vir kindersorg, voeding en gesondheidsorg, doeltreffende skole met duidelike reëls, effektiewe kurrikulums, onderrig en berading wat gefokus is op die vestiging van die selfkonsep, persoonlike verantwoordelikheid, doelstellings, duidelike kommunikasie, vaardighede in probleem-oplossing, samewerking tussen die gesin en die skoolpersoneel, gratis middagetes, en die monitering van inisiatiewe en programme met verskillende uitgange. Verdere eienskappe in die gemeenskap is 'n sin vir gemeenskaplikheid (*ubuntu*), gemeenskapswelsyn, stabiliteit en samewerking, beskikbaarheid van sosiale rolmodelle, norme, waardes, ondersteunende vriende, bure, werksgeleenthede, geleenthede vir "behoort-aan" en betekenisvolle betrokkenheid by sport- en geloofsaktiwiteite.

Die kind moet dus in sy omgewing die geleentheid kry om tot 'n normaal aangepaste persoon-in-omgewing (vgl. 2.5.2) te ontwikkel wat die ervaring het van 'n veilige woonplek/habitat (vgl. 2.5.6) waar hy oor lidmaatskap (vgl. 2.7.3) beskik wat sy geografiese wortels en anker kan wees. So 'n gemeenskap is groeibevorderlik en bied moontlikhede vir herstel in die geval van teenspoed. In die praktyk sal dit beteken dat daar 'n geskikte pleegsorgtuiste vir 'n kind in 'n gemeenskap behoort te wees indien sy ouers nie hul ouerlike verantwoordelikhede kan nakom nie.

Net soos wat beskermende faktore 'n positiewe rimpeleffek in gemeenskappe kan hê, so blyk die teendeel ook waar te wees, in die sin dat risikofaktore in gemeenskappe soos armoede, werkloosheid, 'n hoë voorkoms van misdaad, enkelouer- of ouerlose huishoudings, lae opvoedkundige standaarde, gebrek aan hulpbronne en fasiliteite soos goed toegeruste skole, klinieke, aktiewe geloofsgroepe, en hoë stres- en traumavlakke die totale gemeenskap negatief kan beïnvloed. Die kumulatiewe effek daarvan kan byvoorbeeld daartoe bydra dat die kind wat in so 'n gemeenskap opgroei ook by misdaad betrokke raak omdat dit dalk sy honger stil of die ontwikkeling van 'n lae selfbeeld en die gevoel van magteloosheid en hopeloosheid teenwerk. Die alternatief hiervoor is dat die beskermende faktore die oorwig in 'n gemeenskap moet kry sodat dit die negatiewe impak van risikofaktore kan oorweldig. Só, byvoorbeeld kan 'n ondersteunende mentor vanuit 'n ander gemeenskap die kind se situasie omkeer na optimisme en konstruktiewe gedrag deur verhoogde bevoegdheid, wat weer selfvertroue kan laat ontwikkel (Waller 2001:7–8).

Die enigste oplossing blyk dus te wees dienslewering vanuit die ekologiese perspektief, in die sin dat die wedersydse beïnvloeding van beskermende en risikofaktore geanaliseer kan word ten einde gepaste optrede te beplan. Volgens die sterkteperspektief sal daar gefokus word op die bestaande sterktes waaroor 'n gemeenskap beskik, die skep van nuwe hulpbronne, en om mense en hulpbronne op mekaar af te stem. Hiervolgens word die gemeenskap gemotiveer om stres en probleme as uitdagings te sien en nuwe vaardighede aan te leer. Die einddoel van dienslewering sou dus wees om die hoop op positiewe uitkomste aan gemeenskappe te bied. Vervolgens word aspekte wat die mees betekenisvolle invloed op die kind en pleegsorg kan uitoefen, bespreek.

6.2 BELEID EN WETGEWING

Suid-Afrikaanse kinderregte en kindersorgbeleid berus op rigtinggewende nasionale en internasionale regsdokumente, soos byvoorbeeld die *United Nations Convention on the Rights of the Child* wat tydens die World Summit for Children in 1990 saam met 60 ander lande deur Suid-Afrika onderteken is; *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child*; Die Grondwet van die land, Wet no. 108 van 1996 en Konstitusionele hof, veral artikel 28 waar kinderregte uitgespel word; Die Children's Act no. 38 van 2005 en Children's Amendment Act no. 41 van 2007; en die Witskrif vir Welsyn (1997), wat rigtinggewend vir kindersorgdienste is. (Vgl. Children's Institute 2007/2008:24.)

Die maatskaplike werker wat kindersorgdienste en statutêre intervensie lewer, is ook daartoe verbind om te handel volgens die Etiese Kode vir persone geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe met betrekking tot professionele gedrag teenoor die

professie, die kliënt, werkgewer/welsynsinstansie, ander professionele persone en die gemeenskap. Gedrag wat byvoorbeeld teenoor die kliënt, in hierdie geval die pleegkind, geopenbaar moet word, sluit in: konfidensialiteit in die hantering van persoonlike inligting, verantwoordelike administrasie van gelde, 'n verbod op die ontvangs van omkoopvergoeding of diskriminasie op grond van sosiale of ekonomiese status, geslag, ras, geloof, taal of nasionaliteit en die verrigtinge van handelinge waarvoor die maatskaplike werker wel gekwalifiseer en gemagtig is (Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978:3/1–3/5).

Dit is dus duidelik dat wetgewing en beleid in Suid-Afrika deeglik gefundeer is, nie net op nasionale vlak nie, maar ook op internasionale vlak. Professionele diensleweraars beskik oor duidelike riglyne betreffende verwagte optrede, aangesien statutêre en beleidsvoorskrifte toonaangewend is vir die lewering van kinderbeskermingsdienste en alternatiewe sorg soos pleegsorg en daarom word vervolgens aandag geskenk aan algemene beginsels ten opsigte van kinderbeskerming en die spesifieke voorskrifte van die nuwe Kinderwet.

6.2.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)

Die Handves van Regte word in hoofstuk twee van die Grondwet beskryf en is die hoeksteen waarop die demokrasie in Suid-Afrika berus. Dit beskerm die regte van mense in die land en bevestig demokratiese waardes vir menslike waardigheid, gelykheid en vryheid (Department of Social Development, 2nd Draft National Policy for Families 2004:77). Alle beleid ten opsigte van kinders moet dus die beginsels van die Grondwet weerspieël en kinderregte moet in ooreenstemming daarmee wees.

6.2.2 Witskrif vir Welsyn (1997)

Volgens die Witskrif (White Paper for Social Welfare 1997: Chapter 8, section 41) is die staat daartoe verbind om hoë prioriteit te verleen aan die bevordering van gesinslewe en tot die oorlewing, beskerming en ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse kinders. Die doel van gesins- en kindersorgdienste is om die gesinslewe te bewaar en te versterk, sodat 'n geskikte omgewing vir die fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van alle lede daardeur voorsien kan word. Verder behoort maatskaplike dienslewering eerstens te konsentreer op voorkoming, dan op bevordering van gesinsfunksionering deur die voorsiening van vroeë intervensieprogramme en beskerming en laastens op statutêre dienste. (Vgl. 3.7.1, vlakke van dienslewering.)

Betreffende pleegsorg, bepaal die Witskrif (White Paper for Social Welfare 1997: Chapter 7, section 48), dat dit 'n kind-, gesin- en gemeenskapsgesentreerde diens moet wees wat koste-effektief gelewer moet word aan kinders waar die ouers nie in staat is om hulle self te versorg nie. Dit word

ook gestel dat beleid oor pleegsorg hersien moet word en dat programme vir die administrasie, werwing, assessering, en opleiding aandag moet ontvang. Verder moet tradisionele en inheemse pleegsorgstelsels erken word inaggenome die behoeftes en regte van kinders. Dit is duidelik dat pleegsorg dinamies is, voortdurend moet aanpas by veranderde behoeftes en gemeenskappe, maar dat die beskerming van kinderregte en die beste belang van kinders ononderhandelbaar is.

6.2.3 Kinderregte

Kinderregte is 'n saak wat sedert die demokratiese bestel vanaf 1994 in Suid-Afrika, hoë prioriteit geniet. By die samestelling van die land se Grondwet, is benewens basiese menseregte, spesifieke kinderregte in hoofstuk twee by artikel 28 ingesluit. Suid-Afrika is ook verbind tot die *United Nations Convention on the Rights of the Child* van 1989, sowel as *The African Charter on the Rights and Welfare of the Child* van 1990. (Vgl. Maithufi 2000:158.) Die feit dat Suid-Afrika bereid was om homself te verbind tot die wêreld en tot Afrika se siening oor kinderregte, demonstreer duidelik die erns waarmee die saak bejeën word. Vanuit die internasionale verbintenis het die Nasionale Plan van Aksie vir Kinders (*National Plan of Action for Children*) ontstaan waardeur Suid-Afrika verbind is tot die implementering van die regte en ook gereeld verslag moet doen aan die Verenigde Nasies se komitee oor kinderregte in Genéve (Children's Rights Centre s.a.:9–10).

In hoofstuk drie van die *Convention on the Rights of the Child* (1997:33–39) word fundamentele aspekte van kinderregte uiteengesit. Dit word vervolgens in hooftrekke saamgevat.

- **Kinderregte berus op vier pilare:**
    - **Oorlewing:** Bedoelende dat die kind in die eerste plek die reg op lewe het en dat in basiese behoeftes soos kos, skuiling, veiligheid en gesondheidsorg voorsien moet word.
    - **Ontwikkeling:** Kinders moet in staat gestel word om te groei en te ontwikkel deur byvoorbeeld familie, vriende, liefde, vars lug, veilige speelplek en om te kan lag en vrolik wees, na stories en musiek te luister, skool by te woon, toegang tot biblioteke te hê, gestimuleer te word en om hul geloof en kultuur te kan beoefen. Kinders behoort dus die geleentheid te kry om hul potensiaal te ontwikkel (ingesluit kinders met spesiale behoeftes vanweë gestremdhede), sodat hulle suksesvolle selfstandige volwassenes kan word.
    - **Beskerming:** Bedoelende dat kinders beskerm moet word van enige fisiese of emosionele skade of beserings. Die kind moet dus beskerm word teen sorgbehoewende omstandighede soos mishandeling, verwaarlosing, uitbuiting of blootstelling.

- **Deelname:** Kinders het 'n behoefte daaraan om deel te wees van 'n gesinslewe, skool, gemeenskap en 'n volk, om verantwoordelikhede te aanvaar en om na geluister te word. Dit beteken dat kinders deel moet wees van enige besluitnemingsproses wat hul versorging, opvoeding en beskerming raak, inaggenome hul ouderdom en vermoë tot verantwoordelike deelname. Aan die ander kant beteken dit egter nie outonomiteit nie en dat volwassenes byvoorbeeld nie kan toelaat dat kinders onverantwoordelike besluite neem "*... that would cause serious harm or loss to themselves or others"* (Children's Rights Centre s.a.:9–10). In die proses moet kinders dus ook leer om verantwoordelikheid vir hulself, ander mense en die omgewing te aanvaar.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat kinderregte gebaseer is op basiese behoeftes wat vervul moet word as voorvereiste vir normale ontwikkeling en groei tot volwassenheid. Algemene menseregte begin dus by die nakoming van kinderregte.

- **Kinderregte berus op die volgende beginsels** (Convention on the Rights of the Child 1997:33–39):

  - **Geen diskriminasie nie** ("*non-discrimination*")

    Artikel 9 van die Grondwet bepaal dat almal gelyk is voor die reg en dat teen niemand gediskrimineer mag word op grond van byvoorbeeld ras, geslag, etniese of sosiale herkoms, seksuele oriëntasie, ouderdom, geloof, gestremdheid, taal en ander aspekte nie. Betreffende die pleegkind behoort dus geen van die genoemde aspekte in die pad te staan van 'n geskikte pleegsorgplasing nie. In die praktyk is dit egter moeilik om kinders wat byvoorbeeld MIV-positief is, geplaas te kry en hierdie kinders bly dikwels vir lang tye in versorgingsoorde saam met soortgelyke ander kinders, sonder 'n spesiale binding en afgesonderd van die gemeenskapslewe.

  - **Beste belange van die kind** ("*best interests of the child*")

    Artikel 28(2) van die Grondwet bepaal dat 'n kind se beste belange in elke opsig in ag geneem moet word. (Vgl. 1.3.) Die *United Nations Convention on the Rights of the Child* (Children's Rights Centre s.a.:12) se definisie hiervan behels dat alle aksies wat in verband met 'n kind geneem word, altyd die beste belang van die kind in ag moet neem en dat die staat genoegsame versorging moet voorsien wanneer ouers of ander persone nie daarin kan slaag nie. Wat die pleegsorgsituasie betref, sou dit impliseer dat die uniekheid en individuele behoeftes van elke kind deur deeglike assessering bepaal moet word ten einde 'n individuele behandelingsplan saam te stel wat in daardie kind se beste belang sal wees.

- **Die reg op oorlewing, beskerming en ontwikkeling** *("the right to survival, protection and development")*

Die reg op lewe word in artikel 11 van die Grondwet omskryf; en oorlewing en ontwikkeling in artikel 28, wat handel oor behuising, kos, water, beskerming en geleenthede om te ontwikkel. Dit handel oor die bevrediging van basiese behoeftes soos kos, water, skuiling en veiligheid. In die praktyk beteken dit dat basiese menseregte nie nagekom kan word indien daar nie in basiese behoeftes voorsien word nie. Daar word nie in die kind wat verlate of verwerp is, se basiese behoeftes voorsien nie. Daarom word sy basiese regte geskend en is hy sorgbehoewend. Pleegsorg is 'n alternatief om in hierdie kind se basiese behoeftes te voorsien en sodoende sy reg op oorlewing, beskerming en ontwikkeling na te kom.

- **Deelneming of respek vir die kind se siening** ("*participation or respect for the child's view")*

Die kind moet ook 'n aandeel in besluitneming rondom sy toekoms hê, veral in die volgende gevalle: 'n egskeidingsgeding, aanneming, kriminele aangeleenthede, by skole en inrigtings byvoorbeeld in sy versorgingsbeplanning, wanneer besluit moet word oor alternatiewesorg of terugplasing by die ouers. Indien die kind 'n reg op inspraak het, kan hy ook verantwoordelikheid aanvaar vir die uitvoering van take in sy behandelingsprogram, soos reeds onder deelname na verwys as een van die pilare waarop kinderregte berus.

Heptinstall *et al.* (2001:6) verwys na Thomas en O'Kane (1998) sowel as Eekelaar (1994), wat noem dat daar potensiële konflik opgesluit lê tussen die kind se reg tot deelname in die besluitnemingsproses en volwassenes se plig om die beste belang van die kind te bevorder. Dit is nie so eenvoudig om net kinders se mening te vra in komplekse situasies nie, maar dit behoort gepaard te gaan met sensitiewe werk om hul wense en gevoelens in die regte konteks te ontdek. Schofield (2005:29) wys daarop dat kennis oor die verskillende ontwikkelingsfases en -take van kinders (vgl. 4.2) die praktisyn kan help om aan die een kant uitvoering te gee aan die erkenning van die kind se reg om inspraak te hê en aan die ander kant om in sy beste belang te handel ten tye van besluitneming oor sy toekomstige versorging. Die kind se reg om gehoor te word en die reg tot beskerming van sy welsyn kan potensieel kompeterend of komplementerend tot mekaar wees en die enigste manier om dit te versoen, is om staat te maak op teorieë wat ontwikkelingsgerig is. Begrip van die kind se denke, gevoelens, gedagtes en hoop dra daartoe by dat assesseringsuitkomste en dienslewering meer akkuraat kan wees. Hierdie benadering word gekritiseer in die sin dat die maatskaplike werker homself weer aanstel in die rol van deskundige en sodoende die stem van die kind stilmaak, wat oënskynlik as teenstrydig met die sterkteperspektief

beskou kan word. Dit handel egter juis daaroor dat daar na die kind geluister word en dat kennis oor ontwikkeling gebruik word om die kind se spesifieke behoeftes beter te verstaan soos wat hy dit gedurende daardie fase van sy lewe normaalweg ervaar. Volgens Schofield (2005:30) is dit: *"about understanding children's point of view as well as their developmental needs, striving to make sense of what their lives have meant to them and seeing the world through their eyes."*

Hieruit blyk dit weer eens dat daar deurlopend 'n balans tussen regte en verantwoordelikhede gehandhaaf moet word. Dit kan dien as deel van die kind se opvoedingsproses om te leer om besluite te neem en dan ook verantwoordelikheid te neem vir die uitvoering van daardie besluite; dat optrede gevolge het wat gehanteer moet word en wat as 'n groeigeleentheid gebruik kan word.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat Suid-Afrika daarmee eens is dat kinderregte hoë prioriteit moet geniet, maar die uitvoering van hierdie beginsels blyk egter volgens Matthias (2005:754) 'n probleem te wees, aangesien kwesbare groepe kinders steeds op straat leef en aan uitbuitende arbeidspraktyke blootgestel word . Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrika sukkel om genoegsame hulpbronne te voorsien op die terrein van die ekonomie, gesondheid, onderwys, veiligheid en sekuriteit en algemene maatskaplike dienste aan kinders. Die positiewe hiervan is egter dat beleids- en wetlike voorskrifte in ooreenstemming is met internasionale standaarde en dat beweging in die bereiking van die ideaal as 'n proses beskou moet word wat nie oornag kan gebeur nie. Hiervan is die nuwe Kinderwet, waarin kinderregte statutêr opgeneem is, 'n duidelike bewys van voorgestelde veranderinge waarna gestreef word.

6.2.4 Kinderregte en die Kinderwet

Kinderregte, soos omskryf in die *Convention of the Rights of the Child* (1997), moet as riglyne dien vir die maatskaplike werker in enige aksie wat geneem word tydens voorkomings- en statutêre dienslewering aan die kind. Kinderregte word vervolgens kortliks weergegee:

(1) Elke kind het die reg tot:
   - (a) 'n naam en 'n nasionaliteit vanaf geboorte;
   - (b) gesinsorg of ouerlike sorg of tot behoorlike alternatiewe sorg wanneer verwyder word vanuit gesinsopset;
   - (c) tot basiese voeding, skuiling, gesondheidsorg en maatskaplike dienste;
   - (d) om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of enige aftakeling;
   - (e) om beskerm te word teen arbeidspraktyke waar hy uitgebuit word;
   - (f) om nie toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat
     - (i) onaanvaarbaar is vir 'n kind van daardie ouderdom;

(ii) ’n risiko is vir die kind se welstand, opvoeding, fisiese, intellektuele of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling;

(g) om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in welke geval dit moet wees in ooreenstemming met die regte van kinders in artikel 12 en 35 van die Grondwet, en dan vir die kortste moontlike tyd met die reg om:
(i) apart aangehou te word van persone bo 18 jaar; en
(ii) behandel te word en onder omstandighede te verkeer wat die kind se ouderdom in ag neem;

(h) om ’n regsverteenwoordiger op staatskoste te kry in siviele prosedures waardeur die kind geraak word; en

(i) om nie gebruik te word in gewapende konflik nie en in tye van gewapende konflik beskerm te word.

(2) Die kind se beste belange is altyd voorop in elke saak waarby ’n kind betrokke is.

Die eerste deel van kinderregte handel oor basiese versorging binne gesinsverband en op behoorlike alternatiewe versorging indien dit nie kan plaasvind nie. Verder het dit te make met die kind se regte betreffende arbeid, veilige aanhouding tydens botsing met die gereg, en regsverteenwoordiging, sowel as beskerming tydens oorlogsituasies.

In die Children’s Act (2005:36–37) word in artikel 15 verwys na die “*Enforcement of rights”* deur ’n bevoegde hof, ook die Kinderhof, wanneer enige kind se regte bedreig, geskend of mee ingemeng word. Artikel 16 verwys spesifiek ook daarna dat kinders ouderdomsgepaste en volgens hul vermoëns verantwoordelikhede het teenoor hul gesinne, gemeenskap en die staat. Tydens dienslewering behoort kinders dus ook te besef dat hulle nie net op regte kan aanspraak maak nie, maar ook verantwoordelikheid moet neem vir hul gedrag en ontwikkeling.

Daar word spesifiek ook na kinderregte in artikel 12 van die Children’s Act (2005:36) verwys wat handel oor die beskerming van kinders teen skadelike kulturele praktyke wat in hoofstuk sewe (vgl. 7.2) bespreek word. Ouers of versorgers kan kinders nie dwing om deel te neem aan kulturele praktyke wat hulle emosioneel of fisies kan afbreek of beskadig nie. Kinders is kwesbaar en weerloos in sodanige situasies omdat van hulle verwag word om gehoorsaam te wees aan hul ouers en omdat daar nie altyd in afgesonderde dele van die land genoegsame kinderbeskermingsdienste beskikbaar is nie. Daarom rus daar ook ’n groot opvoedingstaak op wetstoepassers en diensleweringsinstansies om kinders bewus te maak van hul regte en hulle in te lig oor hulpbronne.

Volgens artikel 13 in die Children's Act (2005:36), het kinders die reg op inligting oor gesondheids-bevordering, seksualiteit, voortplanting, die voorkoming van siektes, en konfidensialiteit oor hul gesondheidstatus of dié van hul versorger(s). Hiervolgens moet kinders gesondheids- en geslagsopvoeding ontvang oor veral die gevare van voortydige seksuele aktiwiteite en die oorsake van VIGS. Dit laat egter ook ruimte aan 'n kind om reeds op 'n vroeë ouderdom toegang te kry tot kontrasepsie en gevolglik seksueel aktief te wees, wat nie net fisiese en emosionele nadelige gevolge inhou nie, maar ook morele en godsdienstige kwessies insluit.

Dit is egter nie net kinders wat regte en verantwoordelikhede het nie, maar ook **ouers het verantwoordelikhede en regte soos** uiteengesit in hoofstuk vier van die Children's Act (2005:38–48). Dit kom kortliks op die volgende neer:

- 'n Persoon mag volle verantwoordelikheid vir en regte ten opsigte van 'n kind hê indien hy vir daardie kind sorg, kontak behou, as voog optree en tot die onderhoud van die kind bydra. Sodanige persoon het ook regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind oor kontrakte, toestemming tot huwelik of aanneming, verwydering uit die land, aansoek om 'n paspoort, of enige vaste eiendom.
- Biologiese moeders van kinders, getroud of ongetroud met die biologiese vader, het volle regte en verantwoordelikhede ten opsigte van hul kinders.
- Biologiese vaders, getroud met die kind se moeder, het volle regte en verantwoordelikhede. Indien nie getroud met die moeder nie, het die vader ook volle regte en verantwoordelikhede indien hy by haar gewoon en 'n vaste verhouding gehad het, of met die moeder se toestemming vir 'n redelike tyd vir die kind gesorg het.
- Biologiese vaders wat nie regte en verantwoordelikhede het in terme van bogenoemde nie, kan dit wel bekom deur 'n ooreenkoms wat deur die Hoë hof, Egskeidingshof of Kinderhof bekragtig kan word.
- Die natuurlike voog kan ook substituutouers aanwys wat deur die Hoë hof bekragtig kan word.
- Meer as een persoon kan deur die Hoë hof as 'n medehouer (*"co-holder")* van ouerlike verantwoordelikhede en regte aangewys word. Dit sluit egter nie toestemmingsregte in tot 'n huwelik, aanneming, om die land te verlaat of om aansoek vir 'n paspoort te doen nie.
- Persone wat oor geen ouerlike regte en verantwoordelikhede beskik nie, maar wat vrywillig die kind versorg, is verplig om die kind te beveilig betreffende gesondheid, algemene welstand en ontwikkeling.
- Indien ouers verantwoordelikhede en regte ten opsigte van kinders deel en probleme in die uitoefening daarvan ondervind, kan hulle met die hulp van die gesinsadvokaat,

maatskaplike werker of 'n sielkundige ouerskapsplanne (*"parental plans")* laat opstel wat handel oor waar en saam met wie die kind kan bly, asook oor onderhoud, skoolbywoning en godsdiensonderrig.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die Kinderwet ingestel is op die behoud van ouerlike regte en verantwoordelikhede en om, indien probleme voorkom, sover as moontlik daaroor te onderhandel en tot 'n ooreenkoms te kom wat in die beste belang van die kind sal wees. Dit is veral opvallend dat die bestaan van 'n formele huwelik, die gebrek daaraan of 'n gebroke huwelik nie 'n struikelblok moet wees vir ouers om regte en verantwoordelikhede na te kom nie. Hierdie beginsel sluit aan by die sistemiese benadering waar, in die geval van byvoorbeeld egskeiding, die egpaarsubsisteem (vgl. 2.1.2) skei, maar dat ouers moet besef dat hulle nog steeds deur die ouersubsisteem ouerlike verantwoordelikhede moet nakom en mekaar se regte respekteer. Verder word daar ook aan uitgebreide familie of ander betekenisvolle persone die geleentheid gegee om ouers by te staan deur as medehouers van verantwoordelikhede en regte te kan funksioneer.

Die verantwoordelikhede en regte van pleegouers word in artikel 188 van die Children's Amendment Act (2007:78) uiteengesit. In langtermynplasings is dit moontlik om volle gesag oor te dra wanneer belangrike besluite oor die pleegkind geneem moet word.

Kinderregte moet geïntegreerd op alle vlakke by enige aksies waarby kinders betrokke is, toegepas word; dus ook in die pleegsorgsisteem. Dit is een van die fundamentele beginsels wat die maatskaplike werker moet toepas deur eerstens daarop te let tot hoe 'n mate die kind se regte nagekom word, of daarteen ingedruis word en, indien wel, waardeur.

6.2.5 Kinderwet, Wet No. 74 van 1983 en nuwe kinderwetgewing No. 38 van 2005 en No. 41 van 2007

Ingrypende veranderinge het in kinderwetgewing oor die afgelope aantal jare in Suid-Afrika plaasgevind**.** Die voormalige Wet op Kindersorg, Wet No. 74 van 1983, kon nie meer voorsiening maak vir die behoeftes van die kinderbeskermingsisteem nie en sommige bepalings van die Wet moes verskeie kere gewysig word. Dit het aanleiding gegee tot die aanstelling van die Regskommissie (*Law Commission*) reeds in 1996 deur die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling. Die opdrag aan die Regskommissie was om die Wet op Kindersorg van 1983 te hersien en 'n nuwe, meer omvattende Wetsontwerp saam te stel. Die besprekingsdokument nr. 103 van die Regskommissie het begin met die uitgangspunt van artikel 29(1)(d) tot (g) van die Grondwet dat kinders die reg het tot beskerming teen mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting. Die Kommissie het ook die beskouing gehandhaaf dat meervoudige faktore aanleiding kan gee tot kindermishandeling en dat die Wet daarom 'n reeks van maatreëls moes insluit om die verskynsel vanuit verskillende

hoeke en op verskillende vlakke aan te spreek (South African Society for the Prevention of Child Abuse and Neglect 2003:1).

Die fokus van Wet No. 74 van 1983 was nog altyd grootliks gerig op die statutêre hantering van skade wat reeds betreffende die kind plaasgevind het en om te voorkom dat dit voortgesit word; dus op tersiêre voorkoming van mishandeling en op die voorsiening van beskerming aan die kind daarna (Matthias 2004:172). Hierdie stelling word deur Bower (2004:workshop) bevestig, naamlik dat die visie van die Wet 'n holistiese benadering tot die kind is wat nie net ingestel is op beskerming na verwaarlosing of mishandeling nie, maar ook op die voorkoming daarvan en die voorsiening van helende dienste om mishandeling as verskynsel in die gemeenskap aan te spreek.

Daar het dus 'n klemverskuiwing plaasgevind van hantering van verwaarlosing en mishandeling deur statutêre intervensie na voorkomende en vroeë intervensie. Die nuwe wet maak voorsiening vir primêre voorkoming (vlak een), vroeë intervensie (vlak twee), en 'n verbeterde formele beskermingsisteem wanneer kinders ten spyte van al die maatreëls nog verwyder moet word (vlakke 3 en 4). (Vgl. 3.8.) Die nuwe wet stel ook 'n multidissiplinêre benadering (vgl. 6.4) voor wat samewerking tussen al die verskillende strukture van die staat met belangrike verantwoordelikhede teenoor kinders, tesame met die gemeenskapsverenigings, wil bevorder (South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect 2003:1).

Die aanvanklike Children's Bill is om tegniese redes in twee verdeel. Die eerste konsepwet handel oor aangeleenthede wat die primêre verantwoordelikheid van die nasionale regering is en die Children's Act is deur die Parlement in 2005 aanvaar. Die tweede konsepwet handel oor aangeleenthede wat deur die nasionale en provinsiale regerings gedeel word en dit is in 2007 deur die Parlement aanvaar. Vervolgens word sekere afdelings van die Children's Act No. 38 van 2005 en die Children's Amendment Act No. 41 van 2007, bespreek wat as betekenisvol vir die doeleindes van hierdie studie oor pleegsorg beskou word.

- **Doelwitte van die Wet No. 38 van 2005 en Wet No. 41 van 2007**

Die doelwitte van die Wet word uiteengesit in hoofstuk een, artikel 2 (Children's Act 2005: 28–30) en kom daarop neer om:

- gesinsbewaring en versterking te bevorder;
- betekenis te gee aan konstitusionele regte van kinders betreffende gesinsorg of gepaste alternatiewe sorg indien verwydering plaasvind;
- uitvoering te gee aan die land se verantwoordelikheid om die welstand van kinders in terme van internasionale maatreëls bindend op die Republiek na te kom;

- voorsiening te maak vir strukture, dienste en middele ter bevordering en monitering van die fisiese, intellektuele, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van kinders;
- gemeenskapstrukture te versterk en te ontwikkeling om die versorging en beskerming van kinders te bevorder;
- kinders te beskerm teen enige vorm van diskriminasie, uitbuiting of enige ander fisiese en morele skade;
- beskerming aan sorgbehoewende kinders te verleen;
- spesiale behoeftes van kinders met gestremdhede te erken; en
- in die algemeen die beskerming, ontwikkeling en welsyn van kinders te bevorder.

Die hoofdoel van die Wet is dus die beskerming van kinders teen enige omstandighede of persoon wat nie hul beste belang dien nie en verder word 'n verpligting geplaas op die skepping en voorsiening van die nodige infrastruktuur om uitvoering te kan gee aan die bepalings van die Wet. Dit sou waarskynlik welsynsinstansies, die polisie se voormalige kinderbeskermingseenheid (tans is die herinstelling van die eenheid weer in oorweging), onderwys, gesondheid en die kinderhofsisteem insluit.

- **Interpretasies van relevante begrippe**

Daar word vervolgens verwys na enkele begripsomskrywings soos in die Children's Act (2005:16–28) uiteengesit en wat relevant is vir die doeleindes van hierdie studie.

Kind beteken enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Die afleiding word gemaak dat die wetgewing nie voorsiening maak vir die beskerming van 'n kind voor geboorte nie. Dit sou ook teenstrydig wees met wetgewing oor aborsie.

Mishandeling ("*abuse*") is enige vorm van skade of slegte behandeling soos aanranding, seksuele mishandeling of misbruik, bullebakkery/boelie, uitbuiting deur arbeid, blootstelling aan enige gedrag wat psigologiese of emosionele skade aan die kind kan veroorsaak.

Seksuele mishandeling beteken:

- seksuele molestering en aanranding, of om dit toe te laat;
- om 'n kind aan te moedig of te forseer vir seksuele bevrediging van 'n ander persoon;
- te gebruik vir, of doelbewus bloot te stel aan seksuele aktiwiteite of pornografie; of
- te koppel aan of toe te laat tot kommersiële seksuele uitbuiting, of op enige wyse dit te ondersteun of daaraan deel te neem.

Seksuele mishandeling het derhalwe nie net te make met aktiewe betrokkenheid nie, maar sluit ook passiewe deelname of aanmoediging van die kind tot seksuele misbruik of blootstelling deur ander persone in.

'n **Sorgbehoewende kind** ("*a child in need of care and protection*"), word omskryf in artikel 150 van die Children's Act *(*2005:96) as 'n kind wat:

1. (a) verlaat of wees en sonder waarneembare bestaansmiddele is;
   (b) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur die ouer of versorger nie;
   (c) op straat leef of werk of bedel vir 'n lewe;
   (d) afhanklik is van afhanklikheidsvormende stowwe en nie ondersteun word om behandeling te kry vir sodanige verslawing nie;
   (e) uitgebuit word of leef in omstandighede wat die kind se uitbuiting bevorder;
   (f) leef in, of blootgestel word aan omstandighede wat ernstige skade kan veroorsaak aan die kind se fisies, geestelike of sosiale welstand;
   (g) in 'n risiko verkeer deur terug te keer na die toesig van 'n ouer, voog of versorger indien daar rede is om te glo dat hy/sy blootgestel word of in omstandighede sal leef wat ernstige skade aan die kind se fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn kan veroorsaak;
   (h) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is; of
   (i) mishandel, opsetlik verwaarloos of verneder word deur 'n ouer, versorger of persoon wat ouerlike verantwoordelikhede en regte het of 'n familielid van die kind, of deur 'n persoon onder wie se beheer die kind is.

(2) Kinders wat 'n slagoffer van kinderarbeid is of 'n kind aan die hoof van 'n kinder-hoofhuishouding moet verwys word vir 'n maatskaplike ondersoek.

(3) Indien sodanige kind in (2) nie sorgbehoewend bevind word nie, moet die maatskaplike werker hulp verleen soos berading, mediasie, voorkoming of vroeë intervensie.

Kinders wat in 'n toestand van liggaamlike of geestelike verwaarlosing, mishandeling of onder afbrekende omstandighede verkeer vanweë die feit dat hulle nie ouers het nie, of oorgelaat is aan die versorging van onverantwoordelike en onbevoegde ouers, voogde of ander versorgers, of kinders wat uitdagende gedrag openbaar, kan voor die Kinderhof gebring word. Hierdie gronde stem grootliks ooreen met die bepalings in die ou Kinderwet No. 73 van 1984, deurdat onderskei word tussen gronde vir sorgbehoewendheid wat grootliks in die kind self geleë is soos uitdagende gedrag wat spesiale behandeling vereis, of wat grootliks in die gesin of omgewing geleë is. Volgens die ekologiese perspektief word die faktore onderskei en nie geskei nie, aangesien 'n sirkulêre beskouing met die klem op wisselwerking tussen verskillende bydraende faktore gevolg

word en die feit dat ŉ kind sorgbehoewend raak nie aan een enkele oorsaak toegeskryf kan word nie. Die gronde vir sorgbehoewendheid kan egter oorwegend intern of ekstern betreffende die kind en sy leefwêreld wees.

Versorger *("care-giver*") beteken enige persoon anders as die biologiese of aanneemouers wat die kind versorg, afgesien daarvan of die persoon ouerlike verantwoordelikhede of regte in verband met die kind het. Die versorger kan wees ŉ (Children's Act 2005:18–20):

- pleegouer;
- persoon met toestemming van die ouer of voog;
- persoon by wie die kind in tydelike veiligheidsorg verkeer;
- persoon aan die hoof van ŉ kinder- en jeugsorgsentrum waar die kind geplaas is;
- persoon aan die hoof van ŉ skuiling;
- ŉ kinder- en jeugsorgwerker wat ŉ kind sonder gesinsorg in die gemeenskap versorg;
- kind aan die hoof van ŉ kinderhuishouding ("*child-headed household*").

Wanneer daar in die studie verwys word na die versorger van die kind, is die bedoeling dat dit enige persoon kan wees behalwe die biologiese ouer. **Versorging** in verband met ŉ kind beteken om (Children's Act 2005:18):

- binne beskikbare middele die kind te voorsien van: ŉ geskikte woonplek, lewensomstandighede wat bevorderlik is vir sy gesondheid, welsyn en ontwikkeling en die nodige finansiële steun te verleen;
- die kind se welstand te beveilig en te bevorder;
- die kind te beskerm teen slegte behandeling, mishandeling, verwaarlosing, afbreking, diskriminasie, uitbuiting en enige ander fisiese en morele skade;
- die regte van die kind te respekteer, beskerm, bevorder en die nakoming daarvan te verseker of enige inmenging daarmee te voorkom;
- die opvoeding en onderrig van die kind te ondersteun, insluitend geloof en kultuur, op so ŉ wyse dat dit gepas is vir sy ouderdom, volwassenheid en ontwikkelingstadium;
- die kind te lei en te ondersteun in besluitneming, in ag genome sy ouderdom, volwassenheid en ontwikkelingstadium;
- menslik aanvaarbare leiding aan hom te bied oor sy gedrag;
- ŉ goeie verhouding met die kind in stand te hou; en
- oor die algemeen te verseker dat in alle sake die beste belang van die kind die hoogste prioriteit sal geniet.

Daar word dus van die **versorger of ouer** verwag om verantwoordelikheid te neem vir die kind se **versorging** op fisiese, emosionele, sosiale, kulturele, geestelike en opvoedkundige vlakke binne die raamwerk van kinderregte op so 'n wyse dat dit die kind se beste belang sal dien. In Suid-Afrika is hierdie bepalings moeilik haalbaar wanneer die algemene lewensomstandighede waarin die meeste kinders verkeer in ag geneem word. Gedurende Junie 2005 tot Julie 2007 was 7 930 807 kinders afhanklik van 'n kindertoelae, wat die skrale bedrag van R200 per maand beloop en tans verhoog is na R240 per maand en tot op die ouderdom van 14 jaar uitbetaal word (Children's Institute 2007/2008:71). Daarbenewens word die praktyk gekonfronteer met ongerymdhede deurdat persone voorgee dat hulle die kind se versorger is omdat die ouers onopspoorbaar is en daarom geregtig is op 'n kindertoelae. By nadere ondersoek word dan vasgestel dat die ouer tydelik verdwyn het, net om weer te verskyn wanneer die toelae uitbetaal word en om self ook daarin te deel. Verskeie maatreëls geniet tans aandag om die ongerymdhede te voorkom deurdat daar eers verskillende vorms van bewys gelewer moet word dat die biologiese vader byvoorbeeld nie in staat is om onderhoud te betaal nie. Al hierdie maatreëls vererger die werkslas van maatskaplike werkers en vertraag die uitvoering van behandelingsdienste en bestaan daar 'n behoefte aan 'n doeltreffende ondersteunende diens wat administratiewe rompslomp kan hanteer.

Verwaarlosing beteken dat ouerlike verantwoordelikhede om in die kind se basiese fisiese, intellektuele, emosionele of maatskaplike behoeftes te voorsien, nie nagekom word nie (Children's Act 2005:24). Verwaarlosing is dus die teenoorgestelde van versorging.

Uitbuiting of misbruik van 'n kind sluit die volgende in (Children's Act 2005:22):

- alle vorme van slawerny of soortgelyk aan slawerny, insluitend 'n skuldverbintenis of gedwonge huwelik
- seksuele uitbuiting
- diensbaarheid ("*servitude*")
- gedwonge arbeid of diens
- kinderarbeid wat ingevolge artikel 141 verbied word
- verwydering van liggaamsdele.

Die verbod teen kinderarbeid sluit dus grootliks die misbruik van kinders in die vorm van diens of arbeid en liggaamlike skade in. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat kinders gehoorsaam moet wees aan volwassenes en nie opgewasse is om hulleself te beskerm teen uitbuiting nie en daarom maak dit hulle kwesbaar vir kinderarbeid. Daar is reeds heelwat maatreëls ingestel om kinders teen sodanige misbruik te beskerm, deur byvoorbeeld die Network against child labour (NACL 2006:workshop).

- **In die beste belang van die kind**

Die bepaling of toepassing van kinderregte berus altyd op die beginsel van die beste belange van die kind, soos wat Maithufi (2000:140) dit aanhaal uit die drie basiese bronne van kinderregte, naamlik die Grondwet van Suid-Afrika, *"[t]he United Nations Convention on the Rights of the Child, and the African Charter on the Rights and Welfare of the Child: In all actions concerning children, whether undertaken by public or private welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration."* Schultz (2002:9) sluit hierby aan met die stelling dat, "*The child's best interest implies that the opportunity exists for consistent and balanced fulfilment of all his needs in such a way that he has the opportunity to develop his potential in a healthy and normal way, both physically and psychologically."* Gesonde ontwikkelingsgeleenthede behoort egter ook op sosiale en geestelike vlak vir die kind geskep te word wanneer 'n holistiese benadering gevolg word.

Standaarde oor die beste belang van die kind word omskryf in artikel 7 in die Children's Act (2005:32–34) en vervolgens aangehaal. Wanneer daar in die Wet verwys word na die beste belang van die kind, moet die volgende faktore in ag geneem word, indien van toepassing in die bepaalde situasie:

(a) die aard van die **verhouding** tussen –
  (i) die kind en die ouers, of enige spesifieke ouer; en
  (ii) die kind en enige ander versorger of persoon betekenisvol in daardie omstandighede;

(b) die **houding** van die ouer, of enige spesifieke ouer, teenoor:
  (i) die kind; en
  (ii) die beoefening van ouerlike verantwoordelikhede of regte in verband met die kind;

(c) die **vermoë** van die ouers, of enige spesifieke ouer, of enige ander versorger of persoon wat voorsien in die behoeftes van die kind, ingesluit emosionele en intellektuele behoeftes;

(d) die waarskynlike **effek** wat enige **verandering** in die kind se omstandighede op hom sal hê, ingeslote die waarskynlike effek van enige skeiding van –
  (i) een of albei ouers; of
  (ii) enige broer of suster of ander kind, of enige ander versorger of persoon saam met wie die kind gewoon het;

(e) die **praktiese probleme** en koste van die kind om kontak te hê met die ouers, of enige spesifieke ouer en of die probleme en koste die kind se reg op persoonlike verhoudings

en direkte kontak met die ouers, of enige spesifieke ouers op 'n gereelde basis te behou, sal affekteer;

(f) die **behoefte** van die kind –

(i) om in die sorg van sy of haar ouer, gesin of uitgebreide familie te bly;

(ii) om kontak te behou met sy of haar gesin, uitgebreide familie, stam, kultuur of tradisie;

(g) die kind se –

(i) ouderdom, volwassenheid en ontwikkelingstadium;

(ii) geslag; en

(iii) agtergrond en enige ander relevante karaktereienskappe van die kind;

(h) die kind se fisiese en emosionele **sekuriteit** en sy of haar intellektuele, emosionele, sosiale en kulturele ontwikkeling;

(i) enige gestremdheid wat die kind mag hê;

(j) enige kroniese siekte waaraan die kind mag ly;

(k) die behoefte van die kind om binne 'n **stabiele gesinsomgewing** op te groei en waar dit nie moontlik is nie, in 'n omgewing so na as moontlik aan 'n versorgende gesinsomgewing;

(l) Die behoefte om die kind te **beskerm** teen enige fisiese of psigologiese skade wat veroorsaak kan word deur –

(i) onderwerping aan mishandeling, verwaarlosing, uitbuiting of afbreking, of om die kind aan geweld of skadelike gedrag bloot te stel; of

(ii) om die kind bloot te stel aan mishandeling, vernedering, of slegte behandeling, geweld of skadelike gedrag teenoor 'n ander persoon;

(m) enige **gesinsgeweld** wat die kind insluit of 'n ander gesinslid van die kind; en

(n) watter **aksie of besluit** sal verdere wetlike of administratiewe prosedures in verband met die kind vermy of verminder.

Volgens statutêre vertolking handel die beste belang van die kind oor 'n gesonde en stabiele verhoudingslewe, houdings van versorgers teenoor die kind, behoeftes van die kind en die vermoë van versorgers om daarin te voorsien, en om onnodige risiko's uit te skakel. Die uiteensetting in die Wet oor die beste belang van die kind word as 'n groot voordeel beskou, aangesien in vorige en ander wetgewing en beleidstukke telkens verwys word na die beste belang van die kind sonder dat konkrete kriteria daaroor uitgespel word. Artikel 7 kan dus tot 'n redelike mate verseker dat, veral in die Egskeidings- en Kinderhofsituasie, eenvormige vertolking verleen word aan die bedoeling van die beste belange van die kind.

- **Kinderhowe**

Kinderhowe word omskryf in hoofstuk vier van die Children's Act (2005:54–76). Dit maak 'n omvattende deel van die Wet uit en word onder drie dele bespreek, naamlik deel een wat handel oor die oprigting, status, jurisdiksie en voorsittende beamptes van die hof; deel twee handel oor kinderhofverrigtinge; en deel drie wat oor voorverhore, gesinsgroepkonferensies, ander leke-forums en skikking van sake buite die hof handel. Slegs artikels wat as relevant tot die studie beskou word, word kortliks bespreek.

- **Kinderhofverrigting**

Bevele wat deur die Kinderhof gemaak kan word, word uiteengesit in artikel 46 (Children's Act 2005:58–60). 'n Opsomming van die bevele word in die onderstaande tabel uiteengesit.

Tabel 12: Bevele wat deur die Kinderhof gemaak kan word ten opsigte van 'n sorgbehoewende kind

Versorgingsopsie	**Variasies**
1. 'n Kinderhof kan die volgende bevele maak:	
(a) Alternatieweversoringsbevel	• Pleegsorg • Kind- en jeugsorgsentrum • Tydelike veiligheidsorg
(b) Kinderhoofhuishouding onder toesig van 'n volwassene	
(c) Aannemingsbevel	
(d) Gedeeltelikesorgbevel ("*partial care*") vir spesifieke ure van die dag of nag vir 'n sekere periode	Gedeeltelike versorging word voorsien wanneer 'n persoon, met of sonder vergoeding, na meer as ses kinders omsien namens hul ouers of versorgers gedurende spesifieke ure van die dag of nag, of vir 'n tydelike periode in terme van 'n privaatreëling tussen die ouer/versorger en die verskaffing van die diens. Die sluit nie dienste in wat deur 'n skool, skoolkoshuis of hospitaal verskaf word nie (Children's Amendment Act 2007:14).
(e) Gedeeldesorgbevel ("*shared care order*") deur verskillende versorgers of sentrums op verskillende tye of periodes.	
(f) Toesigbevel oor die kind, ouer/versorger onder maatskap-like werker of ander persoon aangewys deur die hof.	
(g) 'n Bevel waardeur 'n kind, ouer/versorger onderwerp word aan:	• Vroeë intervensieprogramme • Gesinsbewaringsprogramme ("*family preservation"*) • Beide bogenoemde programme
(h) Kinderbeskermingsbevel	• Dat die kind aanbly, onthef word van, of terugkeer na versorging onderworpe aan voorwaardes deur hof gestel. • Toestemming tot mediese behandeling of operasie ten opsigte van die kind. • Opdrag aan die ouer/versorger of kind om professionele berading te ondergaan, of deel te neem aan bemiddeling, gesinsgroepkonferensie of toepaslike probleemoplossende forum.

	• Opdrag aan die kind of ander betrokkene om deel te neem aan professionele assessering. • Opdrag aan 'n hospitaal om 'n kind daar te hou op redelike gronde dat die kind onderwerp word aan mishandeling, verwaarlosing of besering. • Opdrag aan 'n persoon om spesifieke waar nodig vaardigheidsontwikkeling, opleiding, behandeling of rehabilitasieprogramme te ondergaan vir die beskerming en welsyn van die kind. • Opdrag aan 'n persoon wat misluk het om statutêre pligte ten opsigte van 'n kind na te kom om redes daarvoor aan die hof voor te lê. • Opdrag aan 'n staatsinstansie om die kind by te staan in toegang tot openbare dienste; by versuim daarvan, moet redes aan die hof voorgelê word. • Opdrag dat 'n persoon uit 'n kind se huis verwyder word. • Beperk of verbied 'n persoon se kontak met 'n kind. • Laat kontak toe tussen 'n persoon en 'n kind, maar op die voorwaardes van 'n hofbevel.
(i) 'n Kontribusiebevel	
(j) 'n Bevel waardeur 'n persoon opdrag ontvang om 'n Kinderhof-ondersoek te doen	
(k) Enige ander bevel wat 'n Kinderhof kan maak in terme van 'n ander bepaling van die Wet	
2. 'n Kinderhof kan enige bevel intrek, uitstel of wysig in terme van subartikel 1, of met 'n nuwe bevel vervang.	

Die Kinderwet no. 74 van 1983 het slegs voorsiening gemaak vir vier opsies na sorgbehoewendbevinding naamlik: terugplasing by die ouers onder voorwaardes en toesig, pleegsorg, kinderhuissorg, nywerheidskool of aanneming. In teenstelling hiermee maak die nuwe Kinderwet voorsiening vir 'n verskeidenheid bevele deur die Kinderhof. Dit kan basies ingedeel word in bevele ten opsigte van: tydelike, alternatiewe sorg in gesinsverband of in 'n sentrum; aanneming as permanente versorgingsopsie; verskeie variasies en maatreëls vir versorging binne gemeenskapsverband; vroeë intervensieprogramme of enige voorgeskrewe assessering en behandeling; of beskermingsbevele teen persone of situasies wat moontlike risiko's vir die kind inhou. Daar word wel, soos in vorige wetgewing, 'n tweejaar-tydsbeperking op die geldigheid van bevele geplaas, waarna dit hersien moet word vir opheffing, oorplasing of ontheffing, maar enige ander tydsbeperking kan ook volgens die oordeel van die hof bepaal word indien dit as in die beste belang van die kind beskou word. Die Kinderhof kan ingevolge artikel 48 van die Children's Act (2005:60) enige van sy bevele verleng, terugtrek, uitstel, verander, of monitor, en selfs spertye oplê of verander. Enige bevel soos deur die Kinderhof uitgereik, word dus deur die Kinderhof self bepaal en kan nie soos in vorige wetgewing by wyse van indiening van 'n verslag by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling hernu, gewysig of opgehef word nie. Dit wil egter

voorkom asof maatskaplike werkers nie meer so belas sal word met herhaaldelike verpligte tweejaarlikse verslae oor pleegtoesig- en gesinsherenigingsdienste in gevalle van langtermynplasings waar gesinsherstel nie haalbaar is nie. Artikel 159 van die Children's Act (2005:108) handel oor die duur van Kinderhofbevele wat na twee jaar verval en artikel 186 van die Children's Amendment Act (2007:76) bepaal dat 'n pleegsorgbevel onder sekere omstandighede gemaak kan word tot die kind die ouderdom van 18 jaar bereik. Die Wet laat dus ruimte om bevele soepel na gelang van individuele omstandighede toe te pas.

Verder word alternatiewesorgopsies beperk tot pleegsorg, kinder- en jeugsorgsentrums of tydelike veiligheidsplasing. Voorheen is veiligheidsplasing net gebruik om die kind tydens krisisintervensie te beveilig en die opening van Kinderhofverrigtinge of spesiale waarneming en assessering met die oog op 'n aanbeveling oor die beste alternatiewesorgopsie vir die kind.

Hierdie uitgebreide pligte kan 'n groot las op die Kinderhof plaas, veral in terme van verslaggewing oor vordering of versuim in verband met vroeë intervensieprogramme en sal beslis meer mensekrag en infrastruktuur verg as wat tans beskikbaar is. Betreffende vroeë intervensieprogramme word daar byvoorbeeld voorsiening gemaak vir **voorverhoorkonferensies** (artikel 69), **gesinsgroepkonferensies** (artikel 70) en **lekeforums** (artikel 71). Die doel van **voorverhore** (*"pre-hearing conferences"*) is vir mediasie, om dispute te skik of om kwessies vir die Kinderhof te definieer (NACL 2006:14). Op hierdie wyse kan 'n saak uit die Kinderhof gehou word of tyd bespaar word deurdat belangrike kwessies duidelik uiteengesit word vir voorlegging. In die praktyk sou 'n voorverhoor waarskynlik gehou word indien die ouers nie saamstem met die uitslag in die vorm van 'n maatskaplike verslag na die omstandighede van die kind nie en daar oor die aanbeveling tot 'n vergelyk gekom moet word.

Met **forums** word bedoel dat die Kinderhof sake na gepaste lekeforums kan verwys in 'n poging om die kwessie buite die hof deur middel van mediasie te skik (NACL 2006:14). Die afleiding word gemaak dat ooreenkomste wat buite die Kinderhof bereik word, deur die Kinderhof afdwingbaar gemaak kan word as voorkomingsmaatreël om die kind binne gesinsverband te bewaar en te vrywaar van die bepalings van 'n hofbevel.

Die afleiding word gemaak dat **gesinsgroepkonferensies** gebruik behoort te word om partye betrokke by 'n saak wat na die Kinderhof verwys word, bymekaar te bring ten einde oplossings te vind. Dit het sy oorsprong in Nieu-Seeland waar dit aanvanklik ingestel is vir die hantering van kinders in konflik met die wet. Deur gesinsgroepkonferensies word die oortreder, slagoffer en hul gesinne by die besluitnemingsproses betrek met die doel om groepskonsensus te bereik betreffende versoening, vergoeding en rehabilitasie (Youth Justice Process in New Zealand 2002:1). Die Child, Youth and Family Services (s.a:1 en 4) van Nieu-Seeland beskryf 'n

gesinsgroepkonferensie as ’n formele vergadering vir lede van die gesinsgroep om nie slegs sake van jeugoortreders te hanteer nie, maar ook om die versorging en beskerming van jong kinders met maatskaplike werkers te bespreek oor wat gedoen kan word om seker te maak dat ’n kind veilig en goed versorg word. Die stappe wat normaalweg gevolg word, kom kortliks op die volgende neer: eerstens om inligting deur te gee aan al die lede oor hoekom die byeenkoms plaasvind, watter kwessies bespreek sal word en watter hulp beskikbaar is; tweedens word tyd aan die gesin gegee om die saak privaat te bespreek en met voorstelle na vore te kom oor die beveiliging en versorging van die kind; derdens rapporteer die gesin terug aan die volle konferensie om veral te sê of hulle saamstem dat daar ’n probleem is, wie verantwoordelikheid sal aanvaar en watter hulp benodig word. ’n Plan waarmee al die partye saamstem moet uitgewerk word oor die aard van die dienste, kostes daaraan verbonde en wanneer dit hersien sal word. Indien daar nie tot ’n ooreenkoms gekom kan word nie, word die saak na die hof verwys om ’n beslissing te maak.

Volgens Sheldon en Macdonald (2009:232) bied gesinsgroepkonferensies ’n geleentheid om probleme te herformuleer op wyses wat oplossingsgerig is deurdat sterktes en hulpbronne wat binne die gesin en/of familie en gemeenskap bestaan, geïdentifiseer kan word. Dit bring dus nie net die partye bymekaar nie, maar maak ook ’n aanspraak op die gesin of familie om self verantwoordelikheid te neem vir oplossings, terwyl die proses deur die hulpverleners gefasiliteer word. Die beginsels van inspraak, erkenning van selfbeslissingsreg en medeverantwoordelikheid vir besluitneming word dus nagekom terwyl dit ook ooreenstem met die werkswyse van die sterkteperspektief, naamlik dat gesin- en gemeenskapsterktes ontgin moet word en dat kliënte eienaarskap moet neem van hul probleme binne ’n samewerkende verhouding met hulpverleners. (Vgl. 2.7.4, beginsel 5.)

- **Kinderhofprosedures**

Deel twee van Kinderhowe handel in artikels 52 tot 66 oor hofprosedures (Children’s Act 2005:46–67) waar aandag geskenk word aan die reëls van die hof, regsverteenwoordiging vir ouers, versorgers en kinders, geslotenheid en bywoning van die Kinderhof, dagvaardiging van getuies en verslae deur maatskaplike werkers en ander professionele persone. Die detail van die artikels word nie bespreek vir die doeleindes van die ondersoek nie. Artikel 65 het wel te make met die monitering van ’n Kinderhofbevel waarvolgens ’n maatskaplike werker in opdrag van die hof periodiek verslag moet lewer oor die verloop van die plasing en dat ’n bevel op grond daarvan bevestig, gewysig of teruggetrek kan word. Hierdie artikel sal waarskynlik van toepassing wees op pleegsorg waar die kind teruggeplaas kan word indien die redes vir verwydering aangespreek is en die ouers gunstig gereageer het op ’n intervensieprogram. In ander gevalle kan dit wees dat die

kind nie langer as gevolg van uitdagende gedrag of onbevredigende omstandighede by die versorger kan aanbly nie en na byvoorbeeld 'n kinder- en jeugsorgsentrum oorgeplaas moet word.

Artikels 67 en 68 (Children's Act 2005:72) handel oor klerke van die Kinderhof wat verantwoordelik sal wees vir aanmeldings, verwysings, die bywoning van kinderhowe, reëlings vir regsverteenwoordiging en administratiewe prosedures oor die verloop van bevele wat deur die hof gemaak word. Die Klerk van die Kinderhof kan waarskynlik beskou word as die skakelpersoon tussen die publiek en die Kinderhof, aangesien alle sake eers by hierdie persoon aangemeld moet word, hetsy vir 'n Kinderhofverhoor of vir skikkingsooreenkomste buite die hof.

Die hoofstuk in die Kinderwet oor kinderhowe dui op die uitbreiding van pligte en magte en dis duidelik dat maatreëls en infrastruktuur geskep sal moet word om al hierdie take veral op vroeë intervensievlak ten uitvoer te bring. Dit wil voorkom asof daar heelwat maatskaplikewerktake gekoppel word aan veral ooreenkomste en intervensie ten einde kinders uit die statutêre sisteem te hou, of nasorg- en rehabilitasiedienste te lewer na uitreiking van 'n Kinderhofbevel. Volgens die Children's Institute (2007/2008:19 en 48) was daar 12 252 geregistreerde maatskaplike werkers in 2007. Tydens registrasie word nie onderskei tussen maatskaplike werkers wat werksaam is in die kinder- en gesinsorgveld en dié werksaam in ander spesialiteitsterreine of in privaatpraktyk nie. Daar word bereken dat minstens 16,504 maatskaplike werkers teen 2010/11 benodig word om die Kinderwet te implementeer; dus word 'n geweldige tekort aan mensekrag voorsien om by die volle uitvoering van die Wet te kom, tensy 'n groter inname vir opleiding en beter vergoeding van maatskaplike werkers ernstig aandag geniet.

Verder is dit ook noodsaaklik dat ander maatskaplike diensberoepe soos maatskaplike hulpwerkers, gemeenskapsontwikkelaars en kinder- en jeugsorgwerkers aangewend word om byvoorbeeld voorkomingsprogramme te loods. Volgens die paradigma van die nuwe Kinderwet behoort wegbeweeg te word van 'n streng kliniese model na 'n meer ontwikkelingsgerigte benadering om te voorkom dat kinders in die statutêre sisteem beland (Children's Institute 2007/2008:30). Ook wat betref pleegsorgdienste kan hulpwerkers en kinder- en jeugsorgwerkers doeltreffend aangewend word by die monitering van pleegsorgplasings wat nie intensiewe intervensie benodig nie.

6.3 DIENSLEWERINGSINSTANSIES

Welsynsinstansies wat kinderbeskermingsdienste lewer, word ingedeel in staatsinstansies soos die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development) en nie-regeringsorganisasies soos die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorgdienste, Vroue-organisasies

soos Vrystaat Versorging in Aksie in die Vrystaat en kerklike instansies soos die Christelike Maatskaplike Rade van die Ned. Geref. Kerk. (Vgl. 1.5.2.) Aangesien die staat beskou word as die wetgewende en beleidsinstansie wat rigtinggewend moet wees op welsynsgebied, word dit eerstens bespreek.

6.3.1 Staat en Departement Maatskaplike Ontwikkeling

Die staat, insluitend alle staatsdepartemente op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak word beskou as sleutel diensleweringsinstansies aan gesinne. Op nasionale vlak het die staat die verantwoordelikheid om beleid te formuleer vir dienslewering aan kinders en gesinne. Befondsing en praktiese riglyne vir die implementering van beleid moet op provinsiale vlak uitgeoefen word, en plaaslik moet fondse toegeken word en dienste en programme moet geïmplementeer word (Department of Social Development, 2nd Draft National Family Policy 2004:61).

Die Staat is die leier in dienslewering en het die verantwoordelikheid om 'n doeltreffende vennootskap tussen alle rolspelers en die siviele gemeenskap sowel as die privaatsektor te ontwikkel en te fasiliteer ten einde 'n geïntegreerde diens aan alle gesinne te lewer. Die staat is vir die volgende verantwoordelik (Department of Social Development Final Draft, National Family Policy 2005(4):24):

- Die skepping van 'n instaatstellende wetgewende omgewing. Die afleiding word gemaak dat wetgewing die nodige infrastruktuur behoort te voorsien wat dienslewering aan gesinne kan vergemaklik.
- Koördineer die geïntegreerde beplanning, hulpbronvoorsiening en implementering van dienste. Die staat het dus 'n oorhoofse funksie om toe te sien dat dienste daargestel, sonder oorvleueling tussen rolspelers uitgevoer en eweredig versprei word.
- Die voorsiening van fasiliteite, dienste en programme. Die afleiding word gemaak dat dit byvoorbeeld versorgingsfasiliteite vir kinders of ander persone met spesiale behoeftes soos gestremdes en substansafhanklikes kan wees.
- Die voorsiening van fondse wat gesinne direk of indirek raak. Pensioene, toelae, voedingskemas en ander subsidies aan privaatinisiatief om die dienste te lewer kan waarskynlik hiervan voorbeelde wees.
- Om navorsing te doen oor gesinslewe, inligting te versamel en te verwerk. Op hierdie wyse kan dienslewering tred hou met die behoeftes van die praktyk en wetenskaplik verantwoordbaar wees.

- Die bevordering en fasilitering van navorsing en inligtingbestuur. Diensleweringsinstansies moet aangemoedig word om navorsing te onderneem en resultate moet aan rolspelers deurgegee word.
- Monitering en evaluering oor die impak van die staat se diens en besteding. Die effektiwiteit van dienste moet dus deurlopend gemeet en bepaal word of dit ekonomies regverdigbaar is.
- Om norme en standaarde te ontwikkel. Hierdeur kan eenvormigheid in die welsynsisteem bevorder word indien die staat breë riglyne voorsien.
- Ontwikkel 'n vennootskap met ander rolspelers binne en buite die staatsdiens. Hierdie rol kan as 'n voorvereiste gesien word vir die instaatstellende en koördineringsfunksie van die staat, aangesien 'n uitvoerbare werksooreenkoms tussen al die vennote in die welsynsisteem moet bestaan en in stand gehou moet word.
- Die ontwikkeling van 'n strategie vir kommunikasie wat nasionale prioriteite betreffende gesinne weerspieël. 'n Voorbeeld hiervan kan wees die wyse waarop armoedeverligting moet plaasvind. Dit is die staat se taak om die publiek in te lig oor wetgewing, beleid en programme en hoe om toegang tot dienste te bekom.

Bogenoemde verwys na verantwoordelikhede wat die staat in die algemeen het ten opsigte van die versterking van die gesinslewe. Vervolgens word spesifieke verantwoordelikhede van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling teenoor die welsynsisteem uitgelig (Department of Social Development, Final Draft National Family Policy 2005(4):24):

- Die ontwikkeling, fasilitering en implementering van intersektoriale en interdissiplinêre protokol. Samewerking tussen verskeie rolspelers is onmoontlik sonder riglyne en voorskrifte vir optrede. (Vgl. 6.4.)
- Die vermindering en versagting van risikofaktore wat gesinne kan verhinder om hul verskillende rolle en verantwoordelikhede na te kom. Dit kan byvoorbeeld na armoedeverligting verwys. (Vgl. 6.5.2.)
- Die versekering van 'n doeltreffende en holistiese diensleweringsisteem, insluitend die voorkoming, vroeë intervensie, statutêre intervensie, herintegrasie en rehabiliterende dienste en programme. Dienslewering op dié vier vlakke word as rigtinggewend vir alle diensleweringsinstansies op die welsynsterrein beskou.
- Die skepping van 'n instaatstellende omgewing waardeur gesinne versterk en heropgebou kan word. Die Departement behoort dus programme te loods om 'n gesonde gesinslewe aan landsburgers voor te hou.

- Bedinging vir gesinsbewaring. Gesinslewe moet sover moontlik deur dienslewering in stand gehou word en kinders behoort slegs as allerlaaste uitweg verwyder en in alternatiewe sorg geplaas te word.

Hieruit is dit duidelik dat die staat en spesifiek die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, 'n oorhoofse bestuursfunksie betreffende welsynsdienste in die land het. Hierdie bestuursfunksie behoort 'n bevorderlike klimaat vir samewerking daar te stel en instaatstellend vir die uitvoering van beleid te wees. Die staat behoort dus self uitvoering te kan gee aan hierdie verantwoordelikhede en dit vir 'n nieregeringsorganisasie wat byvoorbeeld kinder- en gesinsorgdienste lewer, moontlik te maak om gemaklik hieraan deel te neem. (Vgl. 6.3.3.) Dit is egter bekend in die praktyk dat maatskaplike werkers in die staatsdiens veel beter vergoed word as dié werksaam by nieregeringsorganisasies, terwyl laasgenoemde organisasies gebuk gaan onder hoë werksladings en beperkte hulpbronne. Die organisasies moet byvoorbeeld voortdurend fondsinsamelings-veldtogte reël om basiese dienste te lewer. Sodoende word tyd aan fondsinsameling bestee terwyl kosbare tyd vir professionele dienste verlore gaan.

In die *Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services* (Department of Social Development 2006:internet), word dit gestel dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se totale diensleweringspakket aan die publiek uit drie hooffunksies bestaan, naamlik: bestaansbeveiliging ("*social security*"); maatskaplike welsynsdienste (*"social welfare services*)*;* en gemeenskapsontwikkeling (*"community development"*). Dit is bekend dat die grootste deel van die begroting vir welsyn aan bestaansbeveiliging bestee word (88%, vgl. 6.3.2), terwyl die welsynsbeleid eintlik ingestel is op 'n holistiese ontwikkelingsgerigte benadering met die doel dat landsburgers welsynsdienste slegs as 'n hulpmiddel sal gebruik met die uiteindelike mikpunt van onafhanklikheid en selfhulp.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat die staatsdepartement vir welsynsdienste toonaangewend behoort te wees vir die lewering van dienste in die land. In die praktyk vind daar voortdurend samesprekings tussen die staat en privaatinstansies plaas en word daar ook geleentheid gegee om kommentaar en insette te lewer by die samestelling van beleidsdokumente (soos byvoorbeeld aangedui word in die verskillende konsepte wat oor die gesinsbeleid uitgereik is). Hierdie beleidsdokumente is oor die algemeen van hoogstaande gehalte, maar die uitvoering daarvan word telkens gekelder deur die tekort aan mensekrag en hulpbronne in die praktyk.

6.3.2 Bestaansbeveiliging

Bestaansbeveiliging word in die Witskrif vir Welsyn (White Paper for Social Welfare 1997:Chapter 7, section 1) omskryf as 'n verskeidenheid van openbare en privaatmaatreëls wat kontant of

goedere of beide voordele voorsien, eerstens in die geval waar 'n individu se vermoë om te verdien permanent beskadig is, net onderbreek is, nooit ontwikkel het nie, of net in werking gestel kan word teen onaanvaarbare maatskaplike koste en so 'n persoon dit nie kan vermy om arm te wees nie; en tweedens met die doel om kinders te onderhou. Die terrein van bestaansbeveiliging is om: armoede te voorkom, armoede te verlig, maatskaplike vergoeding en die verspreiding van inkomste. Betreffende kinders sou die voordeel van bestaansbeveiliging daarin geleë wees dat dit kan voorkom dat kinders vanweë materiële nood verwyder moet word en in die geval van pleegsorg kan dit die kind laat voel dat hy nie afhanklik is van ander se goedgesindheid nie, maar dat daar wel deur die staat in sy basiese behoeftes in die vorm van 'n pleegouertoelae voorsien word. Soos uiteengesit in kinderregte (vgl. 6.2.4, het die staat 'n verpligting om te verseker dat kinders oorleef en ontwikkel en om in hul behoeftes te voorsien indien die ouers nie hul verantwoordelikhede nakom nie. Daar moet eerstens behoorlike maatreëls in plek wees by Departement van Justisie om te verseker dat ouers wat onwillig is om hul finansiële verpligtinge teenoor hul kinders na te kom, wel daartoe verplig kan word deur kontribusiebevele in die geval van Kinderhofsake en die nakoming van onderhoudsbevele in die geval van egskeiding of waar ouers apart woon.

In die Witskrif vir Welsyn (White Paper for Social Welfare 1997:Chapter 7, section 3) word dit gestel dat ongeveer 88% van die totale begroting vir welsyn op bestaansbeveiliging bestee word. Die regering se doelwit is om die afhanklikheid van maatskaplike toelaes te verminder en landsburgers meer selfstandig aan die ekonomie te laat deelneem. Die vorige Minister van Finansies het in 'n middeltermyn begrotingsbeleidsdokument verklaar dat daar 'n skerp jaarlikse styging van meer as 30% in pleegsorg- en ongeskiktheidstoelaes in die land plaasgevind het. Die druk op die staat om materiële hulp in die vorm van toelaes te verleen word al groter. Kommer bestaan egter oor die gebrekkige administrasie van hierdie toelaes en volgens die Minister is die aanvraag na pleegsorgtoelae byna vier keer meer as kindersorgtoelae en sal dit "… byvoorbeeld ontstellend wees as gevind word dat mense hul kinders in pleegsorg plaas om groter toelaes tussen ontvangers te verdeel" (Leuvennink 2004:4). Hieruit blyk dit dat daar voortdurend in Suid-Afrika gewaak moet word om nie die persepsie te laat ontstaan dat dit 'n welsynstaat is waar mense hulle verantwoordelikheid teenoor kinders op die staat kan afskuif nie. Vanuit mediaberiggewing soos hierbo genoem en indrukke in die praktyk van mense se verwagting van welsynsdienste wat soms grens aan 'n "bakhandmentaliteit", is dit duidelik dat projekte onderneem behoort te word wat mense gereed maak oor hoe om welsynsdienste te gebruik sodat die oorspronklike bedoeling daarvan bereik kan word, naamlik hulpverlening wat tot selfhelp lei. Die mening word ook gehuldig dat daar 'n beperking per gesin geplaas behoort te word op die aantal kinders waarvoor toelae

ontvang kan word. Dit kan dalk die bewerings dat volwassenes kinders misbruik om staatstoelae te bekom tot 'n mate aanspreek.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is deeglik bewus van hierdie probleem, soos wat aangedui word in die *Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services* (2006:internet) waar bestaansbeveiliging steeds beskou word as een van die hooffunksies van die Departement se totale dienslewering, maar sedert 1 April 2005 beskou word as "… *an independent agency with its own budget*." Die rede vir dié besluit is dat die fokus op bestaansbeveiliging te prominent geraak het ten koste van ander ontwikkelingsgerigte dienste en dat dit finansieel nie meer volhoubaar is nie. Bestaansbeveiliging behoort 'n maatreël te wees wat grootliks onmiddellike verligting kan bring vir dié wat weer van die sisteem afgehaal kan word en verwys kan word na maatskaplike dienste en gemeenskapsontwikkeling, ten einde volhoubaarheid in intervensie-pogings te bewerkstellig. Bestaansbeveiliging behoort dus net 'n veiligheidsnet te wees terwyl ander ontwikkelingsgerigte dienste aan persone gelewer word om hulle weer selfstandig te kry. Betreffende pleegsorg behoort die pleegouertoelaag beskou te word as 'n belegging in die pleegkind se toekoms deurdat dit voorsiening moet maak vir die kind se opvoeding en opleiding sodat hy na ontheffing selfversorgend kan raak. Dit is egter moeilik om in die praktyk beheer hieroor uit te oefen, aangesien daar te veel pleegsorggevalle is in vergelyking met beskikbare maatskaplike pleegtoesigdienste.

6.3.3 Formele en informele welsynsektor

Die rol van die formele en informele welsynsektor is om ondersteuningsdienste en hulpbronne aan gesinne te voorsien, sodat hulle in staat kan wees om hul verantwoordelikhede na te kom. Die welsynsektor het 'n sterk geskiedkundige ontwikkeling vanuit die privaatsektor (Bernstein & Gray 1997:46). Daar is oor die jare heen 'n vennootskap opgebou tussen die staat en die privaat welsynsinstansies, wat die las op die staat om te voorsien verlig. Die sisteem bestaan uit die formele welsynsektor, wat welsynsinstansies en organisasies van verskillende kerkgenootskappe insluit wat deur die staat gesubsidieer word. Hierdie organisasie lewer volledige dienste aan kinders, jeugdiges en gesinne. Die informele welsynsektor bestaan uit nieregeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies wat tans nie 'n subsidie ontvang nie. Dan is daar ook die informele maatskaplike netwerke soos familie, vriende, bure, selfhelpgroepe en geloofsgroepe wat ook hulpbronne en steun bied (Department of Social Development 2nd Draft National Family Policy 2004:67). In die *Final Draft National Family Policy* (Department of Social Development 2005(4):26) word bevestig dat die formele en informele welsynsektor as die implementeerders van beleid en wetgewing, sowel as die diensleweraars op grondvlak beskou word. Dit is dan ook meestal hierdie organisasies wat pleegsorgdienste lewer. Die staat het dus 'n verantwoordelikheid om hierdie

instansies inspraak te gee by die samestelling van wetgewing en beleid aangesien dit neerkom op dienslewering vanuit die gemeenskap aan die gemeenskap.

Vanuit 'n ekologiese perspektief behoort dienslewering deur welsynsinstansies volgens Germain (1985:128) gerig te wees op die verwydering of vermindering van stres (vgl. 2.5.3) en/of die versterking van die interne en eksterne hulpbronne ten einde die stres te kan hanteer. Negatiewe of bose kringlope in die individu, gesin, groep en gemeenskappe moet vervang word met heilsame kringlope soos selfvertroue, bevoegdheid, selfbeheersing en om verantwoordelikheid te neem vir besluite en die ontwikkeling van 'n gunstige wisselwerking met die omgewing, wat bevorderlik is vir gedragsverandering. Die paradigma van stres en hantering daarvan wat welsynsinstansies met kinders, biologiese ouers en pleegouers behoort na te streef, kan die volgende insluit:

- Verwydering, vermindering of versagting van stres; dus projekte om ondersteunende gemeenskappe te ontwikkel wat omgee vir kinders.
- Ondersteuning van probleemoplossende en hanteringsmeganismes deur die aanleer van vaardighede in ouerskap, positiewe hantering van die omgewing, selfhandhawing en opbouende interpersoonlike verhoudings; dus die aanleer van lewensvaardighede ten einde suksesvol te funksioneer.
- Hantering van negatiewe gevoelens en verhoging van selfbeeld deur empatie, ondersteuning van aanpassingsmeganismes en die vermindering van wanaangepastheid; dus die beginsel van suksesvolle aanpassing tussen individu en omgewing. (Vgl. 2.5.2.)
- Voorsiening van inligting oor kinderontwikkeling, omgewingshulpbronne of enige ander inligting waaraan die gesin 'n behoefte het deur gebruik te maak van sterktes en hulpbronne in die omgewing.
- Aanbieding van geleenthede tot besluitneming en aksie sowel as die stel van konkrete en uitvoerbare doelwitte binne 'n aanvaarbare tydsbetstek.
- Hulpverlening om riskante handelinge te beperk deur die inagneming van gevolge, die ontwikkeling van alternatiewe en, waar nodig, deur beperkinge te stel; elke gemeenskap behoort oor waardes, norme en reëls vir interne beheer te beskik, maar waar persone mekaar se welsyn bedreig, moet eksterne hulp beskikbaar wees soos die polisie, kinderhulplyn en ander noodlyne vir byvoorbeeld gesinsgeweld.
- Herstel van kontak met gesin, familie, vriende, bure, die kerk en ander groepe, wat gesinsherenigingsdienste kan ondersteun.
- Bystand om die nodige hulpbronne van die formele diensleweringsisteem te bekom; welsynsdienste moet toeganklik wees vir dié wat dit regtig nodig het, maar daar moet ook

maatreëls wees vir beskerming teen misbruik, soos byvoorbeeld 'n middeletoets vir bestaansbeveiliging.

Dit is duidelik vanuit bogenoemde dat hulpverlening nie net aan die individu of gesin gelewer kan word nie, maar ook aan die gemeenskap as 'n geheel. Hulpverlening is ook nie net die taak van kinder- en gesinsorginstansies nie, maar die verligting van stres en die verhoging van hanteringsmeganismes moet deel vorm van die beleid van alle diensleweringsinstansies. (Vgl. 6.4.) Hierdeur ontwikkel positiewe en belowende transaksies wat bevorderlik is vir die algemene welstand van mens en omgewing.

Wanneer gelet word na die spesifieke taak en rol van welsynsinstansies, word die volgende riglyne vir pleegsorgtoesigdienste gestel (Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy 1998:9):

- Daar moet 'n duidelike beleid en riglyne bestaan vir die hantering van pleegsorg ten opsigte van die werwing en keuring van pleegouers, die plasing van kinders en die lewering van pleegtoesigdienste.
- Die organisasie moet oor 'n personeelontwikkelingsprogram beskik waarvolgens maatskaplike werkers voortgesette opleiding kan ontvang in pleegsorgdienste.
- 'n Supervisiesisteem waardeur die maatskaplike werker wat pleegtoesigdienste lewer, gelei en ondersteun kan word.
- Alle aksies, gebeurtenisse en intervensie ten opsigte van die kind moet duidelik gedokumenteer word.
- Interne sesmaandelikse vorderingsverslae moet geskryf word vir die evaluering van doelstellings, soos ooreengekom en bekragtig deur die hof en in die pleegsorgplan aangedui.
- Permanensiebeplanning behoort binne 18 maande na die pleegsorgbevel geëvalueer te word om te bepaal of daar beweeg word in die rigting van terugplasing of vestiging van pleegsorg op die lang termyn.

Dit is dus duidelik dat die nieregeringsorganisasie wat as die pleegsorgliggaam beskou word, oor 'n verantwoordbare stelsel moet beskik waarvolgens interne beheer oor dienslewering uitgeoefen kan word en verslag gedoen kan word oor die statutêre posisie en toekomsbeplanning van die kind. Die privaat welsynsinstansies maak dan ook die grootste gedeelte van die empiriese ondersoek van hierdie studie uit. Dit sluit instansies in wat geregistreer is om kinder- en gesinsorgdienste te lewer waarvan pleegsorgplasings en -toesigdienste 'n groot deel van die werkslading uitmaak en is

onder andere die Verenigings vir Kinder- en Gesinsorgdienste en Vroueorganisasies, soos uiteengesit in hoofstuk een. (Vgl. 1.5.2.)

6.3.4 Geloofsgroepe en kerkgenootskappe

Geloofs- en kerklike groepe speel 'n belangrike rol in die lewe van kinders en gesinne betreffende maatskaplike opbou en herstel. So het kinders tydens 'n werkswinkel (Children's Institute 2001:72) byvoorbeeld die behoefte uitgespreek dat geloofsinstansies 'n belangrike rol kan speel in die lewens van kinders wat deur MIV geaffekteer word. Hulle ervaar 'n gebrek aan begrip aan die kant van sommige kerkleiers oor MIV, dit terwyl kerkleiers juis 'n belangrike rol speel in die beïnvloeding van houdings en aksies in die gemeenskap. Hierdie instansies het 'n sentrale rol te vervul in die stryd teen MIV/VIGS en ter ondersteuning aan kwesbare kinders en gesinne. Kinders het versoek dat meer opvoeding en inligting hieroor tydens eredienste en spesiale werkswinkels geskied.

Geloofsgebaseerde aktiwiteite voorsien 'n sosiale struktuur aan gesinne wat geloofs-, maatskaplike en materiële ondersteuning bied. Dit bied ook 'n morele raamwerk om waardes en norme binne die gesin te vestig en gesinslewe te bevorder. Verder help dit persone met die herstel van hul selfbeeld en 'n sin vir beheer en kontrole, wat dikwels benadeel word deur stresvolle situasies (Department of Social Development 2nd Draft National Family Policy 2004:67). Dit word ook in die *Final Draft National Family Policy* (Department of Social Development 2005(4):27) gestel dat gesinne wat probleme ervaar dikwels eerste na hul kerk toe gaan vir hulp, en daarom word dit beskou as 'n betekenisvolle ondersteuningsisteem vir die gesinslewe. Vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing word dit as die basis beskou waarop gesonde morele waardes opgebou en gevestig kan word om verval te voorkom en waar mense mekaar in liefde kan ondersteun en respekteer.

Kerklike welsynsinstansies wat geregistreer is om pleegsorgdienste te lewer vorm ook deel van hierdie studie se empiriese ondersoek en word onderskei in hoofstuk een. (Vgl. 1.5.2.) Hierdie instansies is landswyd werksaam en lewer 'n groot bydrae tot pleegsorg deurdat kerklike strukture geskik is om pleegouers te werf, medeverantwoordelikheid vir lidmate te aanvaar en nie net geestelik na pleegkinders om te sien nie, maar ook materieel, emosioneel en sosiaal.

Samevattend kan dit gestel word dat nie-regeringsorganisasies soos kerklike instansies, Kinder- en gesinsorgverenigings en Vroueorganisasies die ruggraat van welsynsdienste op grondvlak uitmaak. Ook wat betref die lewering van pleegsorgdienste is dit bekend dat hierdie instansies hoë gevalleladings hanteer, ten spyte van finansiële tekortkominge en ontoereikende subsidiëring om byvoorbeeld die doelwitte van die nuwe Kinderwet (vgl. 6.2.5) in terme van voorkoming en vroeë intervensieprogramme na te kom. Maatskaplike werkers en ander maatskaplike diensgroepe

verdien byvoorbeeld 'n veel laer salaris as hul eweknieë in diens van die staatsdepartement (Children's Institute 2007/2008:40).

6.3.5 Sakesektor

Die formele en informele sakesektor het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die gesin deur byvoorbeeld 'n ondersteunende rol te speel teenoor gesinne van hul werknemers in die vorm van programme wat die gesinslewe versterk. Die sakesektor moet ook betrokke gemaak word in werkskeppingsprogramme, die oordrag van vaardighede en ekonomiese bemagtiging ten einde byvoorbeeld die werkloosheidsverskynsel in die land aan te spreek (Department of Social Development, *Final Draft National Family Policy* 2005(4):28). Die beginsels is dus gedeelde verantwoordelikheid binne 'n holistiese benadering waar alle instansies moet besef dat die bevordering van 'n gesonde gesinslewe tot voordeel van die totale gemeenskap is en verseker ook bydra tot 'n gesonde ekonomie. Die sakesektor kan ook 'n rol speel in die ondersteuning van pleegkinders deur byvoorbeeld borgskappe vir die ontwikkeling van spesiale talente soos in sport, musiek of kuns te verskaf, of selfs om spesiale mediese kostes te dek wat nie deur die staat voorsien word nie.

6.3.6 Vrywilligers

Vrywillige werkers is die ruggraat van nie-winsgewende organisasies en daarom behoort beleid vrywilligers in te sluit. Deur vrywilligers op te lei en van hulpbronne te voorsien, is 'n goeie belegging deurdat hulle 'n noodsaaklike deel vorm ter versterking van die gemeenskap (Department of Social Development, 2nd Draft, *National Family Policy* 2004:68-69). Dit is bekend dat vrywilligers nog altyd 'n onmisbare deel van welsynsinstansies uitgemaak het betreffende finansiële bydraes en diensbaarheid. Daar is talle maatskaplikesorgtake wat deel uitmaak van die welsynsisteem, maar deur vrywilligers verrig kan word, soos byvoorbeeld materiële hulpverlening, behuising, versorging van bejaardes, gestremdes en kinders. Maatskaplike werkers behoort dus gedurig vrywilligers te werf en op te lei om hierdie deel van die take te verrig. Voorbeelde hiervan in die kinderbeskermingsisteem is reeds in hierdie studie bespreek, soos byvoorbeeld gesin-vir-gesin-pleegsorg (3.6.7), vriendekringpleegsorg (3.6.8), onderbroke of gasheerpleegsorg (3.6.9) en die oog-op-die-kind-projek (3.6.10).

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die staat wel die vernaamste verantwoordelikheid het om in die vorm van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling welsynsdienste aan sy landsburgers te lewer, maar dat die uitvoering daarvan op grondvlak grootliks deur nie-regeringsorganisasies geskied. Daar moet egter voortdurend gewerk word aan 'n samewerkende vennootskap om hierdie interafhanklikheid van mekaar te versterk en uit te bou ter wille van holistiese dienslewering.

6.4 MULTIPROFESSIONELE SPANBENADERING

'n Multiprofessionele span bestaan uit 'n groep (twee en meer), saamgestel uit lede wat in verskillende professionele dissiplines opgelei is en saamwerk om 'n gemeenskaplike probleem op te los of 'n gemeenskaplike doelwit te bereik deur middel van deurlopende interkommunikasie, herondersoek en evaluering van individuele pogings om spandoelwitte te bereik, en wat as groep verantwoordelikheid vir die eindresultaat aanvaar (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:30). Dit is dus duidelik dat die gemeenskaplike doelwit die saambindende faktor is en dat alle rolspelers daartoe verbind moet wees ten einde sukses te behaal. In die Children's Act (2005:30) word daar in artikel 4r en 5 verwys na die implementering van die Wet binne die staatsdiens volgens 'n intersektoriale benadering in alle sektore vanaf nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke. Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling is dan ook daarvoor verantwoordelik om 'n nasionale beleidsraamwerk daar te stel om die implementering, afdwingbaarheid en administrasie hiervan in belang van kinders in die Republiek te verseker. Die raamwerk maak voorsiening vir interdepartementele samewerking binne die staatsdiens sowel as enige nie-regeringsorganisasie wat programme en projekte aanbied waarby kinders betrokke is. Dit sluit aan by artikel 14(1) van die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* wat betekenisvolle deelname van nieregeringsorganisasies, plaaslike gemeenskappe en betekenisvolle bevolkingsgroepe in die beplanning en bestuur van diensprogramme aan kinders vereis (Matthias 2005:755–756). Die skrywer verwys ook na McKendrick (2001) wat noem dat multiprofessionele samewerking met 'n reeks ander professionele persone en staatsdepartemente noodsaaklik is in 'n land waar daar een maatskaplike werker vir 40 000 mense is. Die spanlede kan professionele persone soos maatskaplike werkers, kinder- en jeugsorgwerkers, medici, ekonome en regspersone insluit, sowel as paraprofessionele werkers soos gemeenskapsontwikkelaars, primêre gesondheidswerkers en opvoedkundiges (Matthias 2005:757).

Ten einde hierdie ideaal te bereik, is 'n gedeelde visie en missie nodig oor sake wat dienslewering aan kinders raak. Daarom behoort die nasionale beleidsraamwerk van die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling rigtinggewend in dié verband te wees. Vanuit praktykervaring en volgens rapportering van kinders wat deur MIV/VIGS geaffekteer word tydens 'n werkswinkel van die Children's Institute (2001:79), is hul ervaring dat daar 'n groot gaping bestaan tussen bestaande beleid en die implementering daarvan. Kinders sukkel om toegang te kry tot doeltreffende hulpverlening en daar is 'n gebrek aan intersektoriale samewerking tussen byvoorbeeld gesondheid, welsyn en onderwys en selfs ook op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Daar is 'n behoefte aan meer mensekrag en finansies om beleid te implementeer. Dit bly dus steeds 'n uitdaging om verskillende rolspelers by dienslewering aan kinders te betrek en daar bestaan nog 'n groot gaping tussen beleid en praktyk in die sin dat dit grootliks afhang van individuele rolspelers se

positiewe gesindheid om deel te neem aan kinderbeskermingsaktiwiteite, eerder as wat dit afgedwing kan word. Soms neem dit soveel tyd in beslag om die rolspelers byeen te bring dat maatskaplike werkers dikwels maar volle verantwoordelikheid neem, wat weer verhoogde druk en werkslas tot gevolg het.

Vanweë die praktiese probleme wat word met spanwerk ondervind, stel Bronstein (2003:299) 'n model vir interdissiplinêre samewerking voor wat bestaan uit vyf komponente: interafhanklikheid, nuut geskepte professionele aktiwiteite, buigsaamheid, kollektiewe eienaarskap van doelstellings en reflektering op die proses. 'n Samevatting van die model word in die onderstaande tabel uiteengesit.

Tabel 13: Komponente vir interdissiplinêre samewerking

Komponent	Omskrywing
Interafhanklikheid	Dit impliseer die volgende: afhanklikheid van mekaar vir doelbereiking; gereelde onderlinge formele en informele geskrewe en mondelinge kommunikasie; 'n duidelike begrip oor rolverwagtinge en take van eie professie en van ander professies betrokke; en respek vir kollegas se menings en insette. Dit gaan dus oor wat elke professionele spanlid kan bied en tot hoe 'n mate spanlede op mekaar kan staatmaak om 'n gemeenskaplike doel te bereik.
Nuut ontwikkelde, professionele aktiwiteite	Dit verwys na gesamentlike aktiwiteite, programme en strukture waardeur meer bereik kan word as wanneer elke professie afsonderlik sou handel. Hierdie aktiwiteite maksimaliseer die kundigheid van elke spanlid. Die gesamentlike poging het dus 'n kragtiger trefkrag as individuele handelinge.
Buigsaamheid	Dit verwys na gedrag waardeur kompromieë getref word tydens verskille, aanpasbaarheid tydens veranderde omstandighede, en om te handel na die eise van die situasie, al was dit nie normaalweg deel van die spesifieke spanlid se taak nie ("*role-blurring*"). Dit wou byvoorbeeld impliseer dat, in die afwesigheid van die verpleegkundige, die maatskaplike werker ook mediese inligting kan gee vanuit kennis wat juis vanweë spanwerk opgedoen is.
Kollektiewe eienaarskap van doelstellings	Gedeelde verantwoordelikheid behels dat spanlede hulleself verbind tot eienaarskap vir die bereiking van die gestelde doelwitte. Ten einde dit te bereik moet spanlede 'n gesamentlike visie en missie hê, betrokke wees by die besluitnemingsproses en saamstem oor strategieë wat gevolg gaan word. Verantwoordelikheid word dus gesamentlik aanvaar vir suksesse sowel as mislukkings.
Refleksie op die proses	Terugvoer oor die prosesse gevolg, is belangrik om die samewerkende verhouding te versterk en om groter doeltreffendheid te bereik. Spanlede moet verbind wees tot selfevaluering en om probleme openlik aan te spreek ten einde 'n beter diens aan die kliënt te lewer.

Bron: Bronstein 2003:299–302

Die beste belange van die kliëntsisteem behoort altyd tydens multiprofessionele spanwerk die rigtinggewende faktor te wees, aangesien dit groter is as die span en dat die proses alleen suksesvol kan wees as alle lede daartoe verbind is. Bronstein (2003:302) meld dat daar bevind is

dat maatskaplike werkers al meer betrokke raak by spanwerk. Daarom is dit belangrik dat maatskaplike werkers deeglik onderrig moet wees in die komponente van spanwerk, wat veral die proses insluit waarvolgens besluite geneem en deurgevoer behoort te word. Indien daar in gemeenskappe gewerk word waar die idee van spanwerk nog nie lewensvatbaar is nie, sou dit dan ook 'n taak van die maatskaplike werker wees om deur gemeenskapsontwikkeling hierdie infrastruktuur en hulpbron daar te stel.

Betreffende die pleegsorgsituasie beklemtoon Sargent en O'Brien (2004:33) die noodsaak van 'n multidissiplinêre benadering vir die hantering van kinders met emosionele en gedragsprobleme in die pleegsorgsisteem. 'n Aspek van hierdie soort dienslewering word na verwys as die "c*aring system*", wat bestaan uit die individuele kind, die pleegouers en die professionele ondersteuning. Dit bestaan uit indirekte hulpverlening deur die fasilitering van byeenkomste tussen die netwerk van volwassenes wat die kind ondersteun. Hierdie dienste sentreer dus grootliks om die welsynsisteem en is alreeds in die voorafgaande hoofstukke bespreek onder die pleegkind en die gesinslewe by dienste voor, tydens en na pleegsorgplasing. Die mees algemene rolspelers in die breër konteks waarna vervolgens verwys word, kan insluit die polisiediens en justisie, die opvoedkundige stelsel en gesondheidsdienste. Ander rolspelers soos sielkundiges, arbeidsterapeute of fisioterapeute kan na gelang van die kind se behoeftes ook betrek word en die kriteria vir betrokkenheid behoort te wees dat die rolspeler 'n betekenisvolle rol in die kind se lewe speel en 'n bydrae kan maak om die beste belang van die kind te dien.

6.4.1 Polisiediens en Departement van Justisie

Die voorkoming en beheer van misdaad word as die hooftaak van die polisie beskou. Daar is egter 'n aantal faktore wat polisiewerk bemoeilik en ondoeltreffend maak, soos byvoorbeeld lae polisieverteenwoordiging tot die bevolkingstal en 'n gebrek aan vertroue tussen die gemeenskap en die polisie en gevolglike swak samewerking tussen die twee partye. Laasgenoemde is waarskynlik te wyte aan die ervaring van swak dienslewering deur die publiek (Bezuidenhout 2004a:172). Die polisie behoort moeite te doen om veral kinders se vertroue deur polisievriendelike dienslewering te wen, sodat hulle self na vore kan kom wanneer hulle polisiebeskerming benodig.

Volgens inligting van die *2nd Draft National Family Policy* (Department of Social Development 2004:42) bestaan daar 'n wydverspreide mening dat die staat se reaksie op kindermishandeling onvoldoende is. Gedurende 2004 was daar slegs die volgende spesialiseenhede van die polisie in die land: 33 vir kinderbeskerming, 12 vir gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksbeskerming- en seksoortredings en 156 opgeleide individuele speurders in dié verband. Verder word gerapporteer dat gevallelêers wegraak, dat distriksgeneeshere nie altyd die toerusting het om forensiese

ondersoeke te doen nie en dat polisie-ondersoeke vir vervolging swak en ongekoördineerd is. Die regsisteem gee dikwels daartoe aanleiding dat kinders weer getraumatiseer word deur die uitstel van sake vanweë swak ondersoekwerk.

In die praktyk gebeur dit meestal dat ernstige gevalle van kindermishandeling eerstens by die polisie aangemeld word waarna dit na maatskaplike dienste en moontlike mediese dienste verwys word. Die taak van die polisie is om die slagoffer te beskerm, verklarings af te neem en bewyse te versamel. Indien kriminele ondersoeke ter sprake is, moet die oortreder tot verantwoording gebring word (Böning 2006:12). Die polisie is dikwels die eerste stap in die proses van ondersoek en het 'n uiters belangrike taak in die kinderbeskermingsisteem wat gespesialiseerde kennis en vaardighede verg. Dit is egter 'n groot leemte in die praktyk dat, veral in die kleiner sentra, dieselfde polisiebeamptes met alle sake moet werk en hulle nie werklik opgelei is vir kinderbeskermingstake nie. Verder is dit duidelik dat gespesialiseerde eenhede totaal onderbeman is in vergelyking met 'n bevolking van meer as 40 miljoen mense. Dit is waarskynlik die rede waarom die spesialiseenhede soos die Eenheid vir Kinderbeskerming afgeskaf is en dat daar verwag word van polisielede om alle sake te hanteer soos dit voorkom. Tans is daar sprake van die herinstelling van spesialiseenhede.

Betreffende die rol van Departement Justisie, word veral verwys na die Kinderhof, Kriminele hof en die Hof vir Gesinsgeweld. Daar bestaan reeds 'n aantal spesialiseenhede van die Hof vir Gesinsgeweld wat die behoeftes van slagoffers kan hanteer, maar in die meeste gevalle is die dienste in die Suid-Afrikaanse Polisiediens nog onvoldoende. Die slagoffer se kontak met die kriminele sisteem eindig normaalweg by die rapportering van die saak en die publiek en ander diensleweringsorganisasies het klagtes oor die ondoeltreffende polisiëring en hantering van byvoorbeeld gesinsgeweld (Department of Social Development, *2nd Draft National Family Policy* 2004:40). Dit is algemeen bekend in die praktyk dat vroue gesinsgeweld aanmeld, maar vanweë al die struikelblokke in die polisiestelsel dikwels nie voortgaan met die klag nie en dan maar weer betrokke raak by gesinsgeweld sonder dat die doel van 'n beskermingsbevel bereik word.

Die polisie sowel as die regstelsel behoort te verseker dat oortreders teenoor kinders vervolg word soos byvoorbeeld in die geval van verkragting. Daar kan van die maatskaplike werker verwag word om ondersoek in te stel na die omstandighede van die oortreder en om die wenslikheid van vervolging te evalueer. In sodanige gevalle moet die belange van die kind opgeweeg word teenoor die gevolge daarvan as die oortreder vervolg sou word al dan nie, veral in die gevalle waar die oortreder die enigste broodwinner is. Daar kan ook in die kriminele howe gebruik gemaak word van 'n tussenganger wat óf 'n maatskaplike werker óf 'n sielkundige kan wees wat die vrae van regspersone aan die kind in eenvoudige taal op die vlak van die kind kan oordra. Verder moet die

tussenganger ook belangrike inligting aan die hof deurgee soos wanneer die kind byvoorbeeld moeg raak in uitgerekte sake en eers behoort te rus. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker se rol as tussenganger gesien moet word as om na die beste belange van die kind om te sien en nie om bewyse te verskaf vir kriminele sake nie. Ten einde as tussenganger op te tree moet 'n spesiale kursus eers by die Departement van Justisie gevolg word. Verder kan kriminele howe ook voorvonnisverslae van maatskaplike werkers aanvra waar die oortreder reeds skuldig bevind is en die hof geadviseer moet word oor gepaste vonnisoplegging. In die ondersoek word byvoorbeeld opgelet na die beste belange van die slagoffer, die gemeenskap, die impak wat dit op die slagoffer gehad het, die aard van die oortreding en die belange van die oortreder, waarop 'n aanbeveling betreffende 'n gepaste vonnis gebaseer word (Böning 2006:12).

Indien 'n kind die slagoffer van bogenoemde soort oortredings is, is dit noodsaaklik dat daar ondersoek ingestel word na moontlike sorgbehoewendheid. Sou dit blyk dat die versorgers of ouers nie hul verantwoordelikheid nagekom het om die kind teen mishandeling of seksuele uitbuiting te beskerm nie, sou dit waarskynlik nie in belang van die kind wees om aan te bly in sodanige versorgingsposisie nie. Die Kinderwet (NACL 2006:5) maak daarvoor voorsiening dat enige ander hof 'n saak na die Kinderhof kan verwys om te bepaal of 'n kind sorgbehoewend is en te besluit oor gepaste alternatiewe sorg soos byvoorbeeld pleegsorg.

Die Departement Justisie handel ook anders met kinders in konflik met die wet. Daar is spesiale howe wat na jeugdiges omsien en veral kinders van 14 jaar en jonger sover as moontlik uit die kriminele sisteem probeer hou. Kinders in konflik met die wet word hanteer volgens die bepalings van die Child Justice Act, Act no. 75 of 2008 wat onlangs aanvaar is. Hiervolgens moet daar sover moontlik verhoed word dat kinders wat vir 'n kriminele oortreding gearresteer is voor die hof verskyn alvorens hulle eers geassesseer is deur byvoorbeeld 'n maatskaplike werker. Die kinders kan verwys word na 'n afwentelingsprogram ("*diversion programme*") waar hulle individuele en groepsterapie ontvang. Die doel van die program is om soveel as moontlik kinders uit die kriminele sisteem te hou deur aan hulle lewensvaardighede oor te dra. Indien die kind positief reageer op die program wat ongeveer ses weke duur, word 'n aanbeveling aan die hof gemaak om nie te vervolg nie. In die geval van ernstige oortredings soos verkragting of indien die kind nie samewerking toon in die afwentelingsprogram nie, kan die hof op vervolging besluit en vonnisse oplê soos gevangenisstraf, korrektiewe toesig, uitgestelde vonnis op sekere voorwaardes of verwysing na 'n verbeteringskool. Die hof kan die saak ook na die Kinderhof verwys indien daar rede is om te glo dat gronde vir sorgbehoewenheid bestaan (Du Plessis 2005: waarnemingsbesoek). So kan die kind dan ook in pleegsorg geplaas word en sal hy dan aangewese wees op gespesialiseerde pleegtoesigdienste om te voorkom dat hy verder in die kriminele sisteem beland.

Die Kinderhof is ook deel van Departement Justisie en is alreeds bespreek. (Vgl. 6.2.) Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die Kinderhof nie die kind as 'n oortreder sien nie, maar die hooftaak van kinderbeskerming het en daarom 'n kindervriendelike aanslag moet hê. Die Kinderhof word nie in 'n formele hofsaal gehou nie, maar om 'n ronde tafel in 'n kantoor waar slegs partye wat werklik belang het by die kind toegelaat word.

Samevattend word die verantwoordelikhede van die Polisiediens en Justisie soos volg gestel (Department of Social Development, *Final Draft National Family Policy* 2005(4):25):

- Ondersteuning van beleid en wetgewing vir maatskaplike ontwikkeling. Dit is veral die polisie wat moet toesien dat hierdie wetgewing toegepas word en dat persone wat misdrywe teenoor kinders pleeg, suksesvol vervolg en gestraf sal word.
- Verseker 'n veilige omgewing vir gesinne in die algemeen. Dit is bekend dat geweld geredelik in Suid-Afrika voorkom en dat kinders se reg tot beskerming hierteen nie altyd realiseer nie.
- Prioritiseer die veiligheid van kinders. Kinders word as kwesbaar beskou en daarom het die regstelsel 'n besonderse verantwoordelikheid om 'n veilige omgewing vir kinders te skep en te onderhou.
- Verseker die rehabilitasie en herintegrasie van oortreders. Indien jong kinders in konflik met die wet kom, val die klem eerstens op afwenteling uit die kriminele sisteem en nie op strafregtelike vervolging soos in die geval van volwassenes nie.
- Herstellende regsaksie ten einde die gesin te bewaar. Een van die hooffunksies van regsoptrede is die rehabilitasie van die oortreder en daarom moet dit veral in die gesinslewe in gedagte gehou word.
- Die versekering van 'n doeltreffende gesinsregsisteem, ingeslote die howe. Die Departement Justisie behoort oor spesialiteitshowe te beskik om gesinsake te hanteer ten einde die bewaring van gesinslewe te bevorder.

Hieruit is dit dus duidelik dat die polisie op grondvlak een van die belangrikste rolspelers in die kinderbeskermingsisteem is aangesien dit dikwels die eerste aanmeldingsbron is. Verder het die Departement Justisie in die vorm van hofdienste ook 'n uiters belangrike taak om kinders te beskerm teen misdade en oortreders toepaslik te straf wat ook as afskrikking en voorkoming teen sodanige misdade kan dien. Dit is uiters noodsaaklik dat maatskaplike werkers sal saamwerk met hierdie rolspelers en 'n sleutelrol sal speel deur toe te sien dat kinders beskerm word teen misdade, nie onnodig of ontoepaslik gestraf word nie en dat, indien kinders onder sorgbehoewende omstandighede verkeer, hulle wel in gepaste alternatiewe sorg soos pleegsorg geplaas word.

6.4.2 Onderwyssisteem

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996, is skoolbywoning verpligtend vir 'n kind tot op die ouderdom van 15 jaar of graad nege, watter een ook al eerste bereik word. Die Wet bepaal ook dat geen kind toelating tot 'n openbare skool geweier mag word op grond van die feit dat sy ouers nie skoolgeld kan betaal nie. Ten spyte hiervan is daar kinders tussen die ouderdom van ses en 15 jaar wat geensins of nie gereeld skool bywoon nie. Só, byvoorbeeld is daar sekere landdrosdistrikte in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal waar meer as 25% kinders tussen sewe en 18 jaar nie in die skool is nie. Gebrekkige skoolvoorbereiding, onvoldoende opvoedkundige voorsiening en swak ondersteuning deur versorgers gee aanleiding tot hoë druipsyfers. Só moet ongeveer 23% van graad-een-leerders in die land hul eerste skooljaar herhaal, wat weer onnodige verhoogde kostes tot gevolg het en die kind se selfbeeld benadeel (Department of Social Development, *2nd Draft National Family Policy* 2004:31).

Dit is bekend dat uitvalle by skole in Suid-Afrika 'n ernstige probleem is en dat dit verband hou met maatskaplike probleme soos VIGS en armoede. Kinders wat honger ly of siek voel sukkel om te konsentreer in die klas. Kinders moet dikwels lang afstande op 'n leë maag skool toe stap omdat vervoer nie bekostig kan word nie of omdat dit nie beskikbaar is nie. Sommige kinders kan nie skool bywoon nie of is nie in staat om aandag te gee aan skoolwerk nie deurdat hulle ander gesinslede moet versorg of die broodwinner is vanweë VIGS. Aan die ander kant bied die skoolomgewing ook 'n waardevolle geleentheid tot die identifisering, monitering en ondersteuning van kwesbare kinders, hoewel dit in min skole realiseer. Kinders ervaar diskriminasie en word geterg en verneder deur ander kinders indien hul huishoudelike omstandighede bekend raak by die skool (Children's Institute 2001:24).

Onderwysamptenare by skole, dagsorgsentrums, kleuterskole en jeugwerkers is ingevolge artikel 110 van die Children's Amendment Act (2007:44), verplig om vermoedens van kinderverwaarlosing of mishandeling aan te meld. Indien dit na 'n ondersoek sou blyk dat die vermoedens ongegrond was, kan geen siviele regsgeding teen die onderwyser ingestel word nie, aangesien die aanmelding in goedertrou gemaak is. Hierdie artikel verwys nie net na die onderwyser nie, maar na verskeie ander diensprofessies in die welsyns-, gesondheids-, regs- of godsdiensberoepe. Dit gebeur egter dikwels dat onderwysers in 'n posisie is om vermoedens van mishandeling, misbruik of verwaarlosing in die skoolopset waar te neem.

Dit is dus duidelik dat die skool se rol nie beperk kan word tot akademiese onderrig nie. Dit het ook 'n verantwoordelikheid om by te dra tot die ontwikkeling van bevoegde en funksionele lede van die samelewing. In die *Final Draft National Family Policy*, Department of Social Development (2005(4):25), word die rol van die Departement van Onderwys soos volg uiteengesit:

- Ondersteuning van beleid en wetgewing vir maatskaplike ontwikkeling. Skole kan dus gebruik word om leerders in te lig oor ŉ gesonde lewenstyl.
- Gesinne moet betrek word by kwessies oor opvoeding. Ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite behoort noodwendig die gesinslewe te versterk.
- Onderrig in lewensvaardighede behoort gesinskwessies in te sluit. Die hantering van maatskaplike kwessies soos kindermishandeling, alkohol- of dwelmmisbruik en eienskappe van gesonde gesinslewe kan geïntegreer word by leerprogramme.
- Hulpbronne vir die beplanning en implementering van programme moet beskikbaar gestel word. Die skoolopset bied ŉ ideale infrastruktuur om kinders te bereik tydens nasionale programme soos byvoorbeeld jeugdagvieringe.
- Ouerbetrokkenheid by skole. Indien ouers verteenwoordig is by skoolaktiwiteite soos om op die beheerraad en ander komitees te dien, neem hulle medeverantwoordelikheid vir gesonde onderrig.
- Voorsiening van vroeë kinderontwikkelingsdienste. Die afleiding word gemaak dat skole reeds deur kleuterskoolonderrig kan verseker dat kinders beter skoolgereed is.
- Bedinging vir skoolmaatskaplikewerkdienste. Dit word as ŉ leemte beskou dat weinig skole oor ŉ maatskaplikewerkdiens beskik om vroeë intervensie aan kinders te lewer wat in riskante omstandighede verkeer en makliker in die skoolstelsel geïdentifiseer kan word.
- Jeugontwikkeling. Uitkomsgerigte leerplanne bied geleentheid deur die module oor lewensvaardighede om kinders te onderrig oor MIV/VIGS, die hantering van groepsdruk en ander maatskaplike kwessies.

Dit is duidelik vanuit bogenoemde dat hoë verwagtinge aan onderwysers gestel word om kinders holisties op te voed en daarom sou dit ŉ groot voordeel kon wees indien maatskaplike werkers in skole aangestel kon word om daardie aspek van onderrig aan te bied. Oor die algemeen werk maatskaplike werkers en onderwysers in die praktyk nou saam betreffende die monitering van kinders, om belangrike inligting oor die kind se gedrag en vordering deur te gee en om saam te werk aan ŉ gepaste behandelingsprogram. Dit is veral belangrik dat onderwysers bewus is van ŉ kind se pleegsorgstatus ten einde die kind in skoolverband te beskerm en deel te neem aan die pleegsorgplan.

6.4.3 Gesondheidsisteem

Die kinders wat betrokke was by die werkswinkel van die Children's Institute (2001:30) beleef die gesondheidsorg oor die algemeen as ontoeganklik en onvoldoende. Hulle ervaar klinieke en hospitale in sommige opsigte negatief en verbale mishandeling en diskriminasie teen hulle word gerapporteer. Van die gesondheidsorgfasiliteite is nie kindervriendelik nie en kinders het nie

genoegsame toegang tot berading, advies, toetsing en kondome nie. Verder is daar ook nie altyd die nodige medikasie wanneer hulle siek is nie, of hulle kan nie vervoer tot by klinieke bekostig nie. Dit is 'n algemene feit dat Suid-Afrika nog nie oor die nodige infrastruktuur beskik om in basiese gesondheidsorg aan al die kinders in die land te voorsien nie in ag genome dat 21% van kinders onder vyf jaar in 2001 aan diarree oorlede is (Matthias 2005:754).

Soos in die geval van onderwysers, is geneeshere, verpleegkundiges, tandartse, homeopate, vroedvroue, arbeidsterapeute, fisioterapeute, sielkundiges, spraakterapeute en tradisionele geneeshere ingevolge die Children's Amendment Act (2007:44) ook verplig om vermoedens van mishandeling, beserings of ondervoeding van kinders aan te meld. In die praktyk speel gesondheidswerkers 'n uiters belangrike rol in die kinderbeskermingsisteem deurdat mediese ondersoeke vir forensiese bewyslewering in die hof gedoen moet word. Verder moet mediese behandeling ook aan slagoffers of oortreders verleen word. Daarom is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker doelbewus sal bou aan 'n professionele werksverhouding met die omgewing se gesondheidswerkers, aangesien dit 'n belangrike hulpbron is, nie alleen om kinders te beskerm nie, maar ook om mediese dienste aan die pleegkind te lewer.

Samevattend word die verantwoordelikhede van die Departement Gesondheid na aanleiding van die Department of Social Development, *Final Draft National Family Policy* (2005(4):25) gestel:

- Die ontwikkeling van programme, beleid en dienste wat die geestelike en fisiese gesondheidsbehoeftes van gesinne aanspreek, insluitend: primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsdienste; en spesiale aandag aan gesondheidsdienste aan gesinne wat geraak word deur MIV/VIGS, geweld, ondervoeding, infeksies, kroniese siektes en geestesongesteldhede.
- Bevordering van gesondheid en opvoeding op gemeenskapsvlak; dienste behoort holisties gelewer te word op alle vlakke waar die kind betrokke is.

Gesondheidsdienste is dus, net soos welsyn, verantwoordelik vir die voorkoming, behandeling en nasorg betreffende die kind se fisiese en geestelike welstand. Pleegouers ondervind dikwels frustrasie omdat hulle afhanklik is van staatsgesondheidsdienste, wat tydrowend is omdat dit die massabevolking moet bedien. Verder moet hulle soms met die minimum tevrede wees omdat hulle andersins privaat sal moet betaal vir mediese hulpmiddels soos oogkundige of tandheelkundige dienste of selfs sielkundige/psigiatriese dienste.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat behoorlike kinderbeskermingsdienste afhanklik is van 'n hele netwerk in die breër konteks en dat elke rolspeler bewus moet wees van sy eie take en oor kennis moet beskik van die rolle en funksies van die ander rolspelers ten einde realistiese wedersydse

verwagtinge en samewerking te skep. Betreffende pleegsorg is 'n sistemiese benadering tot die plasing noodsaaklik waar die wisselwerking tussen kind, pleeg- en biologiese ouer en die ondersteuningsisteme in die breër konteks voordurend geanaliseer moet word ten einde bewus te wees van bestaande hulpbronne sowel as om leemtes te identifiseer en aan te spreek.

6.5. MAATSKAPLIKE KWESSIES OP DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND

Maatskaplike kwessies soos MIV/VIGS, sosio-ekonomiese realiteite, alkohol- en dwelmmisbruik en kindermishandeling word geïdentifiseer as voorbeelde van die mees betekenisvolle vir die doeleindes van hierdie studie oor pleegsorg. Die aspekte word vervolgens bespreek.

6.5.1 Die impak van MIV/VIGS op verskillende sisteme van die kind

VIGS (verworwe immuniteitsgebreksindroom) is 'n siekte wat veroorsaak word deur 'n virus wat die brein kan beskadig en die liggaam se vermoë om teen siekte te veg vernietig. Dit is moontlik dat die individu geïnfekteer word en die verwante virus kan oordra sonder om enige simptome te toon. VIGS word primêr op die volgende wyses versprei (Benner 1992:318):

- deur seksuele verkeer met 'n geïnfekteerde persoon;
- deur naalde en spuite te deel met geïnfekteerde persone en verbruikers van heroïen, kokaiën of ander dwelms;
- besmetting van die baba in die uterus, voor of tydens geboorte; en
- by uitsondering deur bloedoortappings.

Dit is duidelik dat die kind van voor geboorte af kwesbaar is vir VIGS en homself nie kan beskerm teen blootstelling of uitbuiting deur volwassenes byvoorbeeld deur voorkoming van swangerskap, seksuele misbruik of later die ouer kind wat weens 'n gebrekkige waardestelsel of onkunde betrokke raak by onvanpaste seksuele aktiwiteite en dwelmmisbruik nie.

Heimann (1996:63–64) verwys na 'n publikasie van die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing wat in 1996 verskyn het na aanleiding van 'n werkswinkel wat gehou is oor MIV/VIGS. Inleidend is dit gestel dat in die totale geskiedenis van die mensdom nog geen siekte so 'n impak op die maatskaplike, politieke, opvoedkundige, ekonomiese en persoonlike lewens van mense gehad het as in die geval van VIGS nie. VIGS was in 1996 alreeds 15 jaar vantevore beskryf en die eerste geval is van 'n kind toe 13 jaar gelede aangemeld. Na die verloop van agt jaar (1996–2004) word Suid-Afrika en die res van Afrika met 'n pandemiese voorkoms van geïnfekteerde mense en die

verspreiding van die siekte gekonfronteer. Dit het veral 'n impak op die sosiale, mediese en ekonomiese sisteme.

Die meeste sterftes kom onder jong en middeljarige volwassenes voor. Gevolglik is dit meestal kinders en bejaarde persone wat ekonomies nie produktief is nie en versorg moet word wat agtergelaat word. Die uitgebreide familienetwerk wat altyd vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar het, word alreeds maksimaal benut en dit is veral in die stedelike gebiede waar elders 'n heenkome vir kinders gevind moet word. Die periode van vyf tot tien jaar tussen MIV-infektering en die dood impliseer dat die meeste geïnfekteerde persone nog nie ernstig siek geword het of besig is om te sterf nie. Die impak van die epidemie is daarom nog net aan die begin en sal drasties oor die volgende 10–15 jaar toeneem soos ook blyk uit navorsing wat in 2004 deur 'n *General Household Survey* onderneem is. Dit dui daarop dat 1,2 miljoen kinders tussen geboorte en 18 jaar hul moeder of beide ouers verloor het waarvan meer as 600 000 sterftes aan VIGS toegeskryf kan word. Projeksies word gemaak dat indien daar nie 'n drastiese verbetering is in behandeling van volwassenes met MIV/VIGS nie, die getal teen 2015 sal verhoog na ongeveer twee miljoen (Leatt, Rosa & Hall 2005:5).

Die stelling kan gemaak word dat die toename in pleegsorgplasings verband hou met onder andere die VIGS-pandemie. Kinders word na familie gestuur wat dit nie kan bekostig om sonder 'n toelaag vir hulle te sorg nie en dan aansoek doen vir pleegsorg ten einde 'n pleegouertoelae te bekom. Aangesien die ouers nie van die siekte kan herstel nie, is dit 'n langtermynpleegsorgplasing en word die belasting op die pleegsorgstelsel al swaarder deurdat kinders tot die ouderdom van 18 en selfs 21 jaar ter wille van skoolopleiding daar moet bly. Geen terrein van die kind wat deur VIGS geaffekteer word, se lewe bly onaangeraak nie en daar word vervolgens kortliks verwys na die fisiese, maatskaplike en emosionele impak van VIGS.

- **Fisiese impak**

Volgens Benner (1992:319) kan die volgende simptome by babas en kinders dui op 'n MIV-positiewe status:

- die baba tel nie gewig op nie of daar vind gewigsverlies plaas;
- kroniese of herhaaldelike diarree;
- gereelde koorsigheid;
- hardnekkige orale fungusinfeksies;
- herhaaldelike bakteriële infeksies;
- agterstand in ontwikkeling;
- klier-, long-, hart-, lewer-, nier- en velontsteking;

- neurologiese inkortings soos stadige reaksies van die brein kan ook ontstaan.

Geïnfekteerde babas en kleuters het 'n geringe kans op 'n normale kinderlewe vanweë hul eie toestand en hul moeder wat gewoonlik kronies siek is of op 'n vroeë leeftyd sterf. Hierdie kinders word dan afgeskuif na die uitgebreide familienetwerk of beland in 'n versorgingsoord wanneer hul kronies begin siek word. Volgens Van Vuren (2004:208–209) kan 'n MIV-positiewe status in sommige gevalle vinnig en drasties ontwikkel tot volwaardige VIGS, maar gewoonlik gebeur dit progressief van oor die algemeen gesond met matige siekte-episodes soos onder andere geswelde kliere, koorsigheid en veluitslag na al meer ernstige simptome en siekte soos swaminfeksies, herpes simpleks, diarree, gewigsverlies, tering en longontsteking totdat die dood intree. Benewens die fisiese ongemak, gebrek aan lewenskwaliteit en -verwagting is die maatskaplike impak van die siekte verreikend betreffende die kind se verhoudingslewe en versorgingsposisie.

- **Die maatskaplike impak van MIV/VIGS op die kind**

Die maatskaplike impak word kortliks bespreek betreffende die verlies aan ouerlike versorging en alternatiewesorg moontlikhede.

- **Verlies aan ouers**

'n Weeskind is 'n kind wat jonger as 18 jaar is en wat moederloos is of albei sy ouers verloor het. In die meeste Afrika-lande verkies weeskinders om in hul eie huishouding te bly en die neiging is dat die oudste kind, ongeag die geslag, die rol as hoof van die huishouding inneem. Dit bring mee dat die kinders voortydig geforseer word om verantwoordelikhede van volwassenes te aanvaar. Dit gebeur dat meisies in hierdie rolle seksueel misbruik word vanweë emosionele behoeftes en gevolglik kwesbaar raak vir tienerswangerskappe en MIV-infeksie. Verder gebeur dit dikwels dat meer as een in die gesin na lang periodes van siekte aan VIGS sterf, wat gevolglike uitgawes vir mediese dienste en begrafnisse meebring. Die gesin se bronne word basies uitgeput, wat meebring dat die kinders hul toevlug tot die straat neem en probeer oorleef deur te bedel (Smart 1996:14).

Ter voorkoming van bogenoemde situasie stel Heimann (1996:64) voor dat die behoeftiges, siekes, oues en jonges bymekaar gebring moet word om mekaar wedersyds te ondersteun waar hulle hul trots en kultuur en agtergrond kan behou en na aanvanklike befondsing van buite in staat gestel moet word om onafhanklik te funksioneer. Deur groepsversorging ("*kibbutz-like community centres*") kan mense gehelp word om mekaar te ondersteun tydens siekte en dood en oorlewendes sal oor 'n meer vaste basis beskik waarvandaan hulle in die toekoms kan funksioneer. Deur gemeenskapsentrums kan wetlike regte, kos, klere, behuising en gesondheidsorg, dissipline en opvoeding beskerm word. Die voorstel maak veral sin omdat die uitgebreide familienetwerk al

meer besig is om te verswak, veral in stedelike gebiede. Waar dit in die meer tradisionele sisteem nog redelik sterk is, word dit só oorlaai deur die groot aantal weeskinders dat hierdie veiligheidsnet ook besig is om te wankel onder die druk. Dit is veral in gebiede waar droogte, hongersnood en politieke onrus voorkom. Indien die kinders daar bly, word van hulle verwag om hard te werk en word hulle kragte en vermoëns by verre oorskry, terwyl hulle oorgesien word wanneer die hulpbronne in die huishouding versprei word. Soms word die broers en susters ook van mekaar geskei en by verskillende familielede geplaas, omdat 'n enkele kind makliker geakkommodeer kan word as 'n paar. Die realiteit is dat daar bykans nie 'n maand verloop sonder dat iemand in die kind se omgewing aan VIGS sterf nie (Smart 1996:14). Hierby kan nog die emosionele uitputting van voortdurende bywoning van begrafnisse gevoeg word, wat telkens 'n verlies en traumatisering vir die kind tot gevolg kan hê. Die emosionele skade en langtermynimpak op die kind kan moeilik verreken word en sal beslis 'n effek hê op sy latere volwasse lewe.

'n Verdere maatskaplike implikasie is volgens Smart (1996:15) dat bejaardes die persone in die familie is wat die meeste ekonomiese druk ervaar om vir weeskinders te sorg. Eerstegenerasieversorgers staar 'n rolommekeer in die gesig op 'n tydstip wanneer hulle veronderstel is om afhanklik te wees van die tweede generasie.

Volgens kinders wat 'n werkswinkel oor MIV/VIGS bygewoon het (Children's Institute 2001:56) moet hulle saamleef met 'n kronies siek of sterwende moeder en moet hulle ook dikwels hierdie ouer versorg. Die dood van hul ouers raak die kinders op alle lewensterreine en gee dikwels aanleiding tot fisiese of seksuele mishandeling, verminderde opvoedingsgeleenhede en swak toegang tot dienste en intervensie. Hierdie kinders het 'n behoefte aan ondersteuningsgroepe deur kerke, welsynsinstansies, klinieke, skole of hospitale. Gesondheidswerkers wat bewus is van sterwende volwassenes en agtergeblewe kinders, moet sorg dat die kinders toepaslik verwys word vir dienste. Verder behoort ouers bewus gemaak te word van die feit dat hulle voorsorg moet tref vir hul kinders se toekoms deur byvoorbeeld 'n testament op te stel. Na aanleiding van die werkswinkel deur die Children's Institute (2001:68) word aanbeveel dat intersektoriale samewerking tussen byvoorbeeld gesondheidsorg, opvoeding en maatskaplike werk bevorder moet word om dienste aan die kinders te fasiliteer en sodanige huishoudings te identifiseer ten einde hierdie kwesbare kinders teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm. Dit stem ooreen met die beleid oor multiprofessionele samewerking. (Vgl. 6.4.)

Dit is duidelik dat kinders wat volwasse rolle soos versorgers en broodwinners moet oorneem, grootliks van hul kinderregte ontneem word, soos byvoorbeeld ouerlike sorg, gereelde skoolbywoning en beskerming teen onvanpaste werk. Daar is kennis geneem tydens 'n werkswinkel oor MIV/VIGS (Children's Institute 2001:68), dat kinders groot waardering het vir

familie of vriende wat hulle met liefde versorg na hul moeder se dood. Die kinders word egter ook dikwels uitgebuit en families is nie altyd veilige plekke nie. Kinders rapporteer insidente soos: "… *being rejected, called names, having to use separate utensils, not being allowed to touch younger children in the household, being locked up away from others, fed leftovers and expected to complete the bulk of household chores and being beaten more readily than the ones who belong to the house*" (Children's Institute 2001:78). Dit is dus duidelik dat die kinders nie werklik 'n gevoel van "behoort-aan" in hierdie alternatiewe sorg ervaar nie. Hulpverleners moet daarop bedag wees dat familieplasings nie noodwendig altyd in die beste belang van die kind is alvorens dit gewettig word deur voogdyskap of pleegsorg nie.

- **Formele alternatiewe sorg soos pleegsorg en aanneming**

Volgens McKerrow en Verbeek (1996:42), wat 'n ondersoek gedoen het na die status van weeskinders in die Natalse Middellande, behoort pleegsorg eerstens oorweeg te word by die uitgebreide familie alvorens beweeg word na die Westerse of moderne pleegsorg, veral in die tradisionele swart gemeenskappe. Die aspek is reeds in hoofstuk drie bespreek. (Vgl. 3.1.3.)

Betreffende aanneming in die swart gemeenskappe is daar die volgende hindernisse geïdentifiseer (McKerrow & Verbeek 1996:42):

- Multikulturele aannemings bly steeds onder bespreking aangesien sekere instansies nog daarteen gekant is, asook oor die argument dat die kind se identiteitsvorming daardeur kan skade lei.
- Oorwegend wil aanneemouers graag kinders aanneem wat by hulle inpas sodat hulle as 'n gewone gesin beskou kan word.
- Voornemende aanneemouers voldoen nie aan die kriteria wat vir aanneming gestel word nie, omdat hulle byvoorbeeld in 'n skuiling ("*shack/umjondolo*") woon of hul inkomste uit 'n smokkelkroeg verdien (*"shebeen or spaza shop*"), wat nie as 'n betroubare bron van inkomste beskou word nie.

Die kriteria vir keuring van pleeg- of aanneemouers behoort aandag te geniet sodat dit voorsiening kan maak vir Westerse aannemings sowel as inheemse Afrika-tradisies ten einde in die behoeftes van kinders in die multikulturele land te voorsien. Dit is dus duidelik dat alternatiewe sorg, hetsy aanneming of pleegsorg, eerstens binne familieverband oorweeg moet word, maar dat aanneem- en pleegouers voortdurend gewerf en gekeur (vgl. 5.6.1) moet word om in die groeiende behoefte van ouerlose kinders voorsiening te maak. Enige plasing behoort voorafgegaan te word deur deeglike assessering en daarna deur behoorlike toesigdienste ter beskerming van die kind teen

wanpraktyke. Alternatiewe sorg wat die kind verder verwaarloos of mishandel, is growwe nalatigheid van die kinderbeskermingsisteem en 'n ernstige skending van kinderregte.

- **Inrigtingversorging**

Ten spyte van die beleid dat kinders as laaste opsie in kinder- en jeugsorgsentrums geplaas behoort te word, is daar 'n toename in die behoefte aan sodanige versorging vanweë die disintegrasie in die natuurlike gesinsisteem en familienetwerk. Daar is ook 'n vrees vir stigmatisering in gemeenskappe en die vroeë afsterf van kinders waar dit bekend is dat hulle MIV-positief is, wat die aansprake op sentrumversorging vergroot (Smart 1996:15). McKerrow en Verbeek (1996:42) stel die vraag of dit eties korrek is om kinders betrokke by VIGS nog verder te stigmatiseer deur hulle saam in spesiale inrigtings te plaas Dit is ook bekend dat huise waar VIGS-wesies versorg word finansieel swaar kry en 'n tekort aan personeel of versorgers ondervind.

Dit blyk dus moeilik te wees om kinders 'n normale lewe in inrigtingsopset te laat ervaar, maar soms is dit die enigste alternatief wat beskikbaar is. Die gemeenskaplike faktor van VIGS verwante omstandighede hoef nie noodwendig negatief te wees nie, veral indien die kinders van kleinsaf so versorg word en veiligheid en geborgenheid by mekaar ervaar en stigmatisering en diskriminasie hieroor gespaar word.

- **Emosionele impak van VIGS op kinders**

Kinders wat deur MIV geïnfekteer is of wat daardeur geaffekteer word, ervaar dikwels diskriminasie by die huis, in die skool, winkels, openbare vervoer en andersins. In sommige gevalle word MIV as 'n straf beskou omdat hulle stout was of omdat hulle getoor is. Verder moet hierdie kinders dikwels vir lang tye met die lyding van VIGS-slagoffers saamleef en ervaar hulle angs oor wanneer die persoon gaan sterf. Kinders wat die werkswinkel oor MIV/VIGS bygewoon het, voel sterk daaroor dat meer gedoen moet word om dienste te verbeter, dat ondersteuningsgroepe gehou moet word. Volgens die kinders het die werkswinkel byvoorbeeld as 'n versterkende faktor gedien (Children's Institute 2001:46 en 78).

Dit wil dus voorkom dat groepwerk 'n belangrike doel kan dien om kinders te bemagtig om hul MIV-positiewe status of andersins betrokkenheid by VIGS te hanteer. Veral aangesien hierdie kinders se grootste verlies waarskynlik dié van ouerlike versorging en 'n vaste ouerhuis is waar 'n hegtheidsband en die gevoel van "behoort-aan" gevorm word. Van Vuren (2004:212) bevestig dit met die stelling dat die mees dramatiese maatskaplike impak van VIGS op die gesinslewe is, aangesien dit aanleiding gee tot die disintegrasie van verhoudings – nie net binne individuele gesinne nie, maar ook binne die uitgebreide familienetwerk. Dit is asof hierdie kinders van hul hoop op normaliteit ontneem word aangesien dit 'n terminale siekte is en hulle gedurig met die dood

gekonfronteer word. Deur middel van groepwerk kan die kinders waarskynlik sekuriteit in mekaar ervaar en tog gestimuleer word om ten spyte van voortdurende verliese en emosionele trauma, volgens die sterkteperspektief hoop te ervaar in sterktes en potensiaal wat in hulself en in hul omgewing geleë is.

- **Seksuele mishandeling**

Volgens terugvoer van kinders tydens 'n werkswinkel oor MIV/VIGS (Children's Institute 2001:50), is dit duidelik dat die kinders meer uitgelewer is aan mishandeling na hul moeder se dood en ervaar hulle 'n gebrek aan beskerming. Hulle beleef 'n magteloosheid en woede oor die hantering tydens mediese sorg en berading, sowel as die feit dat verkragters dikwels nie voor die regbank tot verantwoording gebring word nie. Kinders wat seksueel mishandel word, staar die onmiddellike trauma van die mishandeling en die lewenslange gevolge om saam met MIV te leef in die gesig. Kinders is uitgesproke woedend oor die persepsie dat hulle geteiken word vanweë die geloof dat MIV/VIGS gesond gemaak kan word deur seksuele verkeer met maagde. Hierdie persepsie behoort in die openbaar uitgedaag te word deur openbare figure, en persone wat skuldig bevind word aan kinderverkragting behoort die maksimum straf opgelê te word.

Dit is duidelik dat ouerlose kinders kwesbaar is en dat hul regte om teen seksuele uitbuiting beskerm te word dikwels nie nagekom word nie. Pleegsorg is een van die maatreëls wat getref kan word om die kind se basiese regte op oorlewing, beskerming en ontwikkeling na te kom.

- **Algemene impak op die omgewing**

Daar word geskat dat soveel as 25% van die tweede geslag sowel, as sommige versorgers van die eerste en derde geslag geëlimineer sal word of versorging sal benodig as gevolg van VIGS. Dit laat die meeste kinders en ouer persone uiters kwesbaar en van hulle word verwag om die gaping in terme van inkomste, versorging en ondersteuning te vul. Die impak op gesondheid, welsyn en opvoeding is dus omvangryk en ver bo die beskikbare hulpbronne. Hospitale en gesondheidsorg-sisteme sukkel alreeds om die groot pasiëntelading te dra en dit is bekend dat ernstige siek mense ontslaan word omdat hospitale nie versorgingsoorde is vir kroniese siekes nie. Gemeenskaps-gebaseerde tuisversorging word dus as alternatief ingestel sodat pasiënte tot hul dood tuisversorg kan word (Smart 1996:15). Daar word volgens Van Vuren (2004:213) beweer dat 50% tot 60% van toelatings tot openbare hospitale MIV/VIGS-verwant is. Dit is duidelik dat die reeds oorbelaaide gesondheidsisteem nie toegerus is vir die al groter wordende druk op dienste nie.

Daar moet ook gewaak word teen die ineenstorting van die welsynsisteem, wat sal verhoed dat kinders beskerm word teen uitbuiting en dat hulpbronne op behoeftes afgestem word. VIGS hou 'n groot bedreiging vir die onderwyssisteem in deurdat al hoe meer onderwysers geïnfekteer en siek

word en dus onbevoeg raak om met hul werk voort te gaan (Smart 1996:16). Verder word kinders opvoedingsgeleenthede ontneem deurdat hulle self siek word en nie kan vorder op skool nie of vroeg die skool moet verlaat om familielede te versorg (Van Vuren 2004:213).

Die rol van die kerk is nog nie na behore ontgin nie betreffende die Bybelse aanspraak wat gemaak word dat daar gesorg moet word vir die weduwees en wese, asook veral die morele en geestelike leierskap wat tydens kinderopvoeding uitgeoefen moet word (Smart 1996:16). Daar is reeds verwys na die rol van die geloofsgroepe (vgl. 6.3.4) en dat dit 'n fundamentele funksie kan vervul; eerstens om mense hoop te gee, om morele standaarde te verhoog en die omgee en wedersydse versorging van geloofsgenote wat daarmee saamgaan. Die spirituele aspek word ook verder geanaliseer (vgl. 7.3) en die beskermende rol wat dit in kinders se lewe kan speel.

Gemeenskaps-, geloofs- en nie-regeringsorganisasies is kritiese komponente in dienslewering aan kinders betrokke by VIGS. Van die kinders is totaal aangewese op weldoeners vir voedsel, kleding, skoolgeld, emosionele steun en algemene sorg. Die werk wat egter deur die organisasies gedoen word, bereik slegs 'n klein deel van die groeiende getal kinders wat hulp benodig en daarom behoort hierdie organisasie meer steun en erkenning te ontvang ten einde hulle in staat te stel om werksaamhede uit te brei (Children's Institute 2001:76). Hierdie feit is reeds beklemtoon (vgl. 6.3) en daar behoort voortdurend samesprekings met owerhede gevoer te word om meer hulpbronne af te wentel na vrywillige organisasies wat in die gemeenskap vanuit die gemeenskap funksioneer en die meeste in aanraking is met die werklike nood.

- **Voorkoming van VIGS**

Die antwoord lê gewis in die voorkoming van die siekte en voorkomingsaksies volgens 'n ekologiese perspektief behoort positiewe resultate te lewer, aangesien dit 'n holistiese benadering is en al die rolspelers en dissiplines betrek. Verder is dit moontlik om bydraende faktore op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteem te analiseer, dienooreenkomstig te assesseer en intervensie te beplan sowel as resultate te evalueer.

Gedurende 1994 is daar alreeds 'n projek geïnisieer deur die NACCW (National Association of Child Care Workers) waarna verwys word as Project Chance met die volgende doelstellings (Mnyati 1996:43):

- Opleiding van kinder- en jeugsorgwerkers in die voorkoming van verspreiding van MIV/VIGS en in die versorging van kinders en jeug wat daardeur beïnvloed word of wat geïnfekteer is.
- Die daarstel van 'n databasis oor alle organisasies wat betrokke is by kinder- en gesinswelsyn op die gebied van MIV/VIGS.

- Die samestelling van ’n taakgroep om te kyk na samewerking, navorsing, bedinging en alternatiewe sorg.

Die beginsel van voorligting, inligting en gesamentlike beplande aksie blyk dus die mees effektiewe strategie te wees. Voorkomingsprogramme wat in Zimbabwe aangebied word, is onder andere die volgende (Dhlembeu 1996:45):

- Besprekingsprogramme oor uitdagings waarvoor die jeug te staan kom om selfvertroue te ontwikkel in besluitneming. Hoewel die klem op kommunikasie val, is die doel ook om basiese inligting oor VIGS en verwante aangeleenthede aan skoliere oor te dra sodat hulle in staat sal wees om ingeligte besluite te neem oor hul toekoms.
- Vir die naskoolse jeug word groepbesprekings, asook drama en dansgroepe aangebied waarmee die ware feite oor VIGS en die lewe uitgebeeld word.
- Vir volwassenes word VIGS-opvoedingsprogramme deur kerke, politieke leierskap, tradisionele leiers en dokters aangebied. Dit word deur die staat in samewerking met nieregeringsorganisasies gedoen.

Hieruit blyk dit dat voorkomingsprogramme verskil volgens die behoeftes van verskillende teikengroepe. Die jeug, jong volwassenes en ouer volwassenes behoort verskillend benader te word. Weer eens word die noodsaak van agtergrondskennis oor ontwikkelingsfases en -take (vgl. 4.2) beklemtoon ten einde verskillende teikengroepe suksesvol te bereik. In Suid-Afrika word vrae gestel oor Vigsonderrig in skole vanweë die feit dat die jeug se seksuele gedrag onverander bly, terwyl meer as R900 miljoen reeds daarop spandeer is. Die vorige Minister van Onderwys het verklaar dat daar gekyk moet word na die doeltreffendheid van Vigsonderrig en die identifisering van kwesbare leerlinge en weeskinders vir hulpverlening (Rademeyer 2006:9). Die wyse waarop voorligting en inligting gedoen word sowel as die bevoegdheid van die persone wat dit aanbied, is dus van kardinale belang. Soos tereg deur die betrokke Minister gestel word, behoort sodanige aksies met navorsing gepaard te gaan ten einde wetenskaplike feite te bekom oor behoeftes en resultate van programme.

6.5.2 Sosio-ekonomiese realiteite

Dit is ’n algemene feit dat ekonomiese en maatskaplike omstandighede interafhanklik is van mekaar in die sin dat maatskaplike ontwikkeling beswaarlik in die afwesigheid van ekonomiese ontwikkeling kan plaasvind en dat mense ekonomies makliker in gesonde maatskaplike omstandighede kan ontwikkel. Sosio-ekonomiese realiteite wat vervolgens bespreek word, sluit in armoede, werkloosheid en behuisingsnood en hoe dit die kind se leefwêreld raak.

- **Armoede**

Armoede beteken dat behuising, behoorlike voeding, vervoer en werksgeleentheid onbereikbaar raak vir die individu of gesin (Benner 1992:321). Minstens 45% van die Suid-Afrikaanse bevolking leef in absolute armoede terwyl baie huishoudings steeds onbevredigende toegang tot skoon water, energie, gesondheidsorg en opvoeding het. Armoede behels meer as onvoldoende inkomste. Dit is die "*inability of individuals, households or communities to command sufficient resources to satisfy a socially acceptable minimum standard of living"*. Dit sluit in 'n gebrek aan geleentheid, toegang tot bates en krediet sowel as maatskaplike uitsluiting en daarom is kinders besonder kwesbaar in toestande van armoede. Armoede is kompleks met vele fasette (Report of the Workshop on the Establishment of a Child Research Network. 2003:3). Tereg vra McSherry (2004:727) die vraag oor die verbintenis tussen kinderverwaarlosing en armoede: "*Which came first, the chicken or the egg*?" Is kinderverwaarlosing 'n manifestasie van armoede, of is dit toe te skryf aan ouerlike optrede, met ander woorde, is dit hul wisselwerking met die omgewing wat daartoe aanleiding gee dat hulle 'n lewenstyl van maatskaplike deprivasie (armoedig) handhaaf en sodoende hul kinders verwaarloos? Ten spyte van die feit dat verskeie studies oor armoede 'n verband met kinderverwaarlosing toon, is dit ook nie so dat alle arm gesinne hul kinders verwaarloos nie. Hierdie redenasie sluit aan by die teoretiese raamwerk van die studie dat kinderverwaarlosing nie liniêr benader behoort te word nie, maar sirkulêr. Armoede, en by implikasie ook kinderverwaarlosing, word dus vanuit 'n holistiese perspektief aangespreek, wat insluit dat faktore in die persoon en omgewing geanaliseer word ten einde die probleem aan te spreek.

Daar bestaan algemene konsensus dat tussen 60% en 70% van Suid-Afrikaanse kinders in armoede leef. Navorsing wat gedurende 2004 deur "*General Household Survey"* onderneem is, het kinders in huishoudings met 'n inkomste van R 1 200 en minder per maand bereken op 'n gemiddeld van 66%. Die verspreiding van armoede in die nege streke van die land verskil deurdat die hoogste voorkoms in die provinsies van Limpopo (81%), die Oos-Kaap (79%) en KwaZulu-Natal (69%) is, met die oorblywende provinsies wat 60% en meer sodanige kinders het, uitgesonderd Wes-Kaap (35%) en Gauteng (44%) (Leatt *et al.* 2005:3–4). Dit is dus duidelik dat gemiddeld minder as die helfte van Suid-Afrikaanse kinders oor genoeg lewensmiddele beskik wat aan hulle die geleentheid en toegang tot normale gesonde ontwikkeling bied.

'n Verskeidenheid faktore kan bydra tot armoede waarvan die mees betekenisvolle in Suid-Afrika die volgende kan insluit (Bezuidenhout 2004b:184–185):

- Swak gesondheid, wat aanleiding gee tot gereelde afwesigheid van die werk, verlies aan inkomste en hoë mediese koste, veral persone wat nie oor 'n mediese fonds beskik nie.

- Werksverwante faktore soos stakings, ontslag, personeelvermindering en mislukte besighede.
- Omgewingsfaktore soos droogtes, brande, vloede, peste en ander skadelike omgewingsfaktore wat byvoorbeeld boerdery benadeel en 'n skaarste in voedselproduksie en prysstyging in basiese voedsel meebring.
- Industriële en nie-industriële ongelukke: Ongelukke in die werksopset kan die werker ongeskik vir werk laat en die gesin sonder 'n broodwinner. Motorongelukke kan veral in gevalle sonder of met beperkte versekering meebring dat gesinne inkomsteloos gelaat word.
- Afwesigheid van die broodwinner: In gevalle waar die broodwinner verdwyn of te sterwe kom, is die gesin kwesbaar vir armoede.
- Substansmisbruik: Waar gesinsinkomste misbruik word op drank of dwelms of indien die broodwinner sy werk as gevolg daarvan verloor.
- Opvoeding en opleiding: 'n Gebrek hieraan dra daartoe by dat persone aangewese is op laagbesoldigde werk en ook weer eens nie in die posisie is om hul kinders beter geleenthede te bied nie.
- Gesinsgrootte: Groot gesinne vind dit moeilik om almal te onderhou, veral indien hulle boonop laag besoldig is.
- Oorloë en geweld: Dit is bekend dat oorlog 'n gemeenskap kan vernietig en destruktief inwerk op mikro-, meso-, ekso- en makrovlak. Verder kan persone wat gedurig met geweld gekonfronteer word nie normaal funksioneer nie en in die proses kan werk- en inkomsteverliese gely word.
- Onwettige immigrante: Dit is bekend dat daar heelwat onwettige immigrante in Suid-Afrika is wat landsburgers werksgeleenthede ontneem en sterk meeding in informele ekonomiese aktiwiteite soos straatverkope. Dit gee ook dikwels aanleiding tot insidente van rassehaat en verhoog gewelddadige optrede in woonbuurtes.

Die faktore kan dus geleë wees in die ouer self, in die gesin as sodanig of in die breër konteks en wanneer dit daartoe aanleiding gee dat daar nie in die basiese behoeftes aan kos, kleding, skuiling en geleenthede tot opvoeding en opleiding voorsien word nie, verkeer sodanige kinders onder sorgbehoewende omstandighede. Vele kinders beland in die pleegsorgstelsel omdat hulle fisies verwaarloos is. Armoede op die konkrete vlak gee ook aanleiding tot ander gronde vir sorgbehoewendheid soos kinderarbeid, betrokkenheid by misdaad, seksuele misbruik en emosionele verwaarlosing van kinders. Behalwe dus dat kinders verlate, ouerloos of haweloos gelaat kan word, kan hulle ook steel of inbreek, of selfs afhanklikheidsvormende stowwe misbruik

as 'n manier om te probeer oorleef. In die proses leer hulle nie 'n gesonde lewenstyl aan nie en raak gedepriveerd op fisiese, emosioneel, sosiaal en geestelike gebied.

In Suid-Afrika words verskeie dienste aan kinders betreffende armoedeverligting deur die staat sowel as nie-regeringsorganisasie gelewer. Voorbeelde van programme wat deur die staat gefinansier word en bedoel is om kinders direk of indirek te bevoordeel, is die volgende (Leatt *et al.* 2005:15–23):

- **Kindertoelae** (*"Child support grant*") (Vgl. 6.3.2.)

Die nie-bydraende bystand is die grootste enkele maatreël vir armoedeverligting in Suid-Afrika. Tussen Junie 2005 tot Julie 2007 is aan 7,930,807 kinders tussen 0 en 13 jaar se versorgers maandeliks 'n bedrag van R180 uitbetaal (Children's Institute 2007/2008:71). Die toelae is gedurende 2009 verhoog na R240 per maand.

Die voordeel is aanvanklik vanaf 1998 aan kinders vanaf geboorte tot ses jaar uitbetaal, maar is progressief oor die laaste aantal jare uitgebrei na kinders tot die ouderdom van 15 jaar. Goedkeuring van die toelaag is sedert 2009 nie meer afhanklik van die kind se geboortesertifikaat nie, aangesien te veel probleme ondervind word met kinders wat nie oor sodanige bewyse beskik nie. In sodanige gevalle moet die versorger 'n verklaring aflê dat hy verantwoordelikheid neem vir die kind neem. (Vgl. tabel 33.) Probleme word ondervind by die uitvoering en kontrolering dat die toelae wel tot voordeel van die kind gebruik word vir basiese behoeftes soos kos, klere en opvoeding en dat dit nie deur volwassenes misbruik word nie. Verder is dit ook moeilik om onopspoorbaarheid van ouers, veral vaders wat dalk onderhoud kan betaal, te verifieer (Leatt *et al.* 2005:15–16).

Die kindertoelae moet as 'n hulpmiddel gesien word om te voorkom dat kinders weens materiële nood van hul ouers of bekende omgewing verwyder word en in die formele kinderbeskermingsisteem beland wat veel duurder vir die staat uitwerk. 'n Pleegouertoelae het byvoorbeeld in 2007 die bedrag van R620 per maand beloop terwyl die eenheidskoste vir 'n kind in Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum (2007:Vakkundige Komitee) van die Ned. Geref. Kerk in Bloemfontein, ongeveer R3 500 per maand beloop het. Die groot verskil tussen die kindertoelae en die pleegsorgtoelae bring in baie gevalle mee dat familie aandring op 'n pleegsorgplasing ter wille van die hoër toelae.

- **Nasionale skoolvoedingsprogram** ("*National School Nutrition Programme")*

Die program word deur die Departement van Onderwys aangebied en sluit in die voorsiening van 'n maaltyd of versnapering gedurende skooldae aan laerskoolkinders. Die hantering van die program

kan egter problematies wees, aangesien die mees behoeftige skole geïdentifiseer word en dan moet daar nog spesifieke leerlinge geïdentifiseer word vir wie die voordeel bedoel is. Die program maak ook net voorsiening vir kinders wat tydens die oorhandiging van die voedsel by die skool is en is nie vir hoërskoolleerlinge beskikbaar nie (Leatt *et al.* 2005:17). Die afleiding word gemaak dat die program bedoel is om leerlinge se skoolprestasie te bevorder deur toe te sien dat hulle nie honger is wanneer hulle moet konsentreer in die skool nie. Dit sou egter moeilik wees om te bepaal of die doel bereik word indien daar nie sekerheid bestaan of dit toeganklik is vir alle kinders wat dit werklik nodig het nie. Dit wil voorkom asof die seleksieproses 'n probleem vir onderwysers kan wees om te bepaal watter kinders werklik die hulp nodig het en die vraag ontstaan onmiddellik of sodanige kinders dan nie weer by die skool as arm en behoeftig geëtiketteer word nie. Betreffende pleegsorg, behoort die pleegkind nie aangewese te wees op so 'n voedingsprogram nie, aangesien die pleegouertoelae in die behoefte behoort te voorsien.

- **Vrystelling van skoolfooie**

Die Departement van Onderwys het 'n beleid hieroor ingestel om te voldoen aan die kind se reg tot skoolopleiding. Ouers kan aansoek doen vir volle of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld en die aansoek is onderworpe aan 'n middeletoets. Die beheerliggame van skole is verantwoordelik om die ouers hieroor in te lig en dit toe te pas, maar die skole ontvang nie vergoeding van die Departement vir die verlies aan inkomste nie. Dit is dan veral skole met kinders vanuit lae inkomstegroepe wat al meer onder hierdie verliese ly aangesien skole met kinders vanuit hoër inkomstegroepe ekstra fondse in om byvoorbeeld ekstra onderwysers aan te stel (Leatt *et al.* 2005:18). Dit is dus duidelik dat die voordeel nie altyd by die kind uitkom wat daarop aangewese is nie omdat beheerliggame dit nie altyd toepas nie weens die groot verliese aan inkomste wat dit meebring. Aangesien die pleegouertoelaag slegs in basiese behoeftes kan voorsien, behoort die pleegkind vrygestel te word van skoolgelde, aangesien skoolfondse tot etlike honderde rand per maand kan beloop, afhangende van die skool wat die kind bywoon.

- **Gratis gesondheidsdienste**

Van die dienste wat sedert 1994 ingestel is, was onder andere dat gratis mediese dienste aan behoeftige kinders onder ses jaar en swanger vroue gelewer word. Dit is later uitgebrei na gratis primêre gesondheidsdienste vir almal wat nie mediese skemas het nie en aangewese is op gesondheidsfasiliteite in die openbare sektor en meer onlangs ook na kinders met gestremdhede op sekondêre en tersiêre vlakke. Daar is egter steeds toelatingsfooie by hospitale betaalbaar wat op 'n glyskaal bereken word, gebaseer op 'n middeletoets. Kinders ouer as ses jaar kan dus deur hierdie stelsel benadeel word indien hul versorgers nie die toelatingsfooie kan betaal nie. Dit kan as teenstrydig beskou word met die kind se reg op gesondheidsdienste, veral in ag genome die

kroniese siektes as gevolg van MIV/VIGS onder kinders. Verder bestaan daar ook kommer oor die swaar belading op voorkomende gesondheidsdienste soos immunisering, die monitering van kinders se groei en voeding asook skoolgesondheidsdienste. Dit is veral op hierdie vlak waar daar deur voorkomende maatreëls 'n beter toekoms vir die kind verseker kan word (Leatt *et al.* 2005:19–20).

In die praktyk is dit duidelik dat gesondheidsdienste nie oral in die behoeftes van die bevolking kan voorsien wanneer mense ure in rye moet sit en wag en soms teruggestuur word om later weer te kom nie. Intussen moet vervoergeld na hospitale betaal word. Kinders kan nie skool bywoon as hulle die hele dag vir 'n doktersbesoek en medikasie moet wag nie. Kliënte kla ook dikwels dat daar nie die nodige medikasie beskikbaar was nie of dat pasiënte nie behoorlik in hospitale versorg word nie, of te vroeg ontslaan word. Dit gebeur veral in die pleegsorgsituasie waar die kind op gratis mediese dienste geregtig is en die pleegouers en die kind sodanige dienste ontoeganklik of moeilik bereikbaar vind, veral wanneer meer gespesialiseerde hulp benodig word. Sommige pleegouers maak planne om self vir die dienste te betaal maar dit is duidelik volgens die armoedesituasie dat dit vir min beskore is.

- **Beleid oor gratis watervoorsiening**

Volgens die beleid kry elke huishouding in die land maandeliks ses kiloliters water gratis. Verdere verbruik moet volgens 'n stygende skaaltarief betaal word; hoe hoër die verbruik, hoe duurder die water. Dié voordeel is in ooreenstemming met die kind se reg op oorlewing en dit bevoordeel die kind indirek deurdat daar nie tyd spandeer word om byvoorbeeld water aan te dra nie en meer tyd vir skoolaktiwiteite beskikbaar is. Die voordeel is egter net beskikbaar vir kinders wat op formele woonerwe woon. Kinders in plakkerskampe moet byvoorbeeld water vanaf gemeenskapskrane of in plattelandse gebiede vanwaar die naaste bron beskikbaar is, aandra. Inligting kan ook nie by plaaslike rade bekom word oor hoeveel kinders werklik hieruit voordeel trek nie (Leatt *et al.* 2005:20–21). Dit wil voorkom asof die beleid alle landsburgers bevoordeel en nie so 'n betekenisvolle verskil inhou vir die kind in werklike armoede wat in landelike onderontwikkelde gebiede of informele woongebiede woon nie. Die voorsiening van basiese dienste soos water behoort dus beter plaaslike owerhede bestuur en geadministreer te word deur om seker te maak dat dit by die behoeftige kind uitkom en aan hom ontwikkelingsgeleenthede besorg.

- **Behuisingsubsidieskema**

Dit is algemeen bekend dat die behuisingsnood in Suid-Afrika groot is. Daar word verskillende betekenisse aan behuisingsnood geheg. Dit kan byvoorbeeld gesien word as kinders en ouers wat in 'n plakkershut of skuiling woon, of die wat op straat woon, of die wat die een nag na die ander in

verskillende skuilings oorslaap (Benner 1992:321). Wat ook al die situasie, sodanige skuilings, of substandaardbehuising, of geen huis nie, het ’n beperkende effek op kinders.

Wat die situasie in Suid-Afrika betref, verwys Leatt *et al*. (2005:22) na Hall (2005) wat meen dat daar oor ’n periode van 10 jaar tussen 1994 en 2004, 1,6 miljoen behuisingseenhede voltooi is of onder konstruksie was. Die kriteria vir toegang tot behuisingsubsidie is onder andere dat die aansoeker deel moet wees van ’n georganiseerde gemeenskap waar behuisingsontwikkeling geïnisieer word, of in ’n informele gemeenskap moet bly wat vir opgradering of hervestiging geïdentifiseer is; bevoordeeldes moet eerstens huiseienaars wees en getroud of in ’n permanente verhouding wees en/of bewys lewer van afhanklikes; en die gesamentlike inkomste van die huishouding moet onder R3 500 per maand wees. Die aansoek vir behuisingsvoordele verwys net na afhanklikes en nêrens word op die aansoek spesifiek na kinders gevra nie. Die tipe behuising is ook basies volgens dieselfde plan en maak nie voorsiening vir groter of kleiner huishoudings nie, wat meebring dat van hierdie huise oorbewoon word en kinders nie privaatheid geniet nie (Leatt *et al*. 2005:23–24). Dit is dus duidelik dat die beleid vir behuisingsvoordele nie primêr gerig is op die bevoordeling van kinders nie.

Beleidmakers behoort oor die algemeen meer sensitief en ingestel te wees om kinderregte betreffende oorlewing, beskerming en ontwikkeling na te kom. Volgens die Grondwet en die algemene nasionale beleid is dit belangrik dat kinderregte op alle vlakke ’n integrale deel moet vorm van alle soorte dienste.

Betreffende die pleegkind, gebeur dit dikwels dat die kind by familie geplaas word wat in informele behuising woon. Die maatskaplike werker het ’n verantwoordelikheid om toe te sien dat kinderregte nagekom word en daarom word sodanige dienslewering dikwels met etiese dilemmas gekonfronteer. Dit sou nie in die beste belang van die kind wees om hom te verwyder van sy bekende familie-opset nie, maar aan die ander kant word hy die geleentheid tot behoorlike ontwikkeling ontneem deur hom te plaas waar nie die nodige infrastruktuur en dienste soos behuising, water, gesondheidsorg en ’n goed funksionerende skool bestaan nie. Aan die ander kant is plasingsgeleenthede in meer bevoorregte gebiede ook skaars omdat mense wat wel oor skaars hulpbronne soos ’n een- of tweeslaapkamerhuis beskik, dit nie met nog meer lede wil deel nie omdat hulle self graag vooruitgang wil maak.

Maatskaplike werkers het al in sommige gebiede met behulp van borge behuisingskemas vir pleegkinders begin. Sodanige skema wat deur die Suid-Afrikaanse Lotto geborg word, is besoek op Brandfort in die Vrystaat. Die skema is geïnisieer en word bedryf deur die maatskaplike werker en hulpwerker van die Vrystaat Versorging in Aksie (Coetzee 2008: waarnemingsbesoek). Die skema voorsien duidelik in ’n groot behoefte in die gemeenskap en is beslis ’n voorbeeld van hoe

pleegsorggroepskemas waarvoor die nuwe Kinderwet voorsiening maak, bedryf kan word. Enkele groepskemas word ook deur die Apostolic Faith Mission bedryf soos reeds beskryf. (Vgl. 365.)

Hoewel 'n holistiese perspektief op ekonomiese realiteite geplaas word, word werkloosheid as een van die belangrikste bydraende faktore tot armoede beskou. Laasgenoemde is egter ook weer toe te skryf aan verskeie ander bydraende faktore.

- **Werkloosheid**

Volgens die *Report of the workshop on the establishment of a child research network* (2003:24–25) het werkloosheid 'n betekenisvolle impak op gesinne om te voorsien in hul gesinslede se behoeftes. Statistiek van Maart 2003 toon dat die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika tot 30,5% gestyg het. Wat maandelikse inkomste betref, word 'n persoon met 'n inkomste van minder as R2 000 per maand as arm geklassifiseer; laermiddelklaspersone is persone met minder as R5 000 per maand; en middelklaspersone is persone wat meer as R5 000 per maand verdien. Die helfte van die Suid-Afrikaanse huishoudings kan as arm geklassifiseer word, 30% as laer middelklas en 12% as middelklas. Meer onlangse statistieke toon 'n verlaging in die werkloosheidsyfer. 'n Opname van die *General Household Survey* in 2004 toon dat 26,2% van die ekonomies-aktiewe bevolking werkloos was. Die verlaging word toegeskryf aan ekonomiese groei weens die nasionale ekonomiese, fiskale, handel en nywerheidsbeleid, sowel as arbeidsbeleid en programme. Dit word egter steeds gestel dat werkloosheid en armoede, in soverre dit kinders raak, endemies, wyd verspreid en onaanvaarbaar hoog is (Leatt *et al*. 2005:4). Tans is daar ook nie juis vooruitsigte op verbeterde ekonomiese toestande en vermindering in armoede nie vanweë die resessie waarin die land verkeer. Al meer broodwinners verloor hul werk weens die ekonomiese toestande soos byvoorbeeld fabrieke en myne wat sluit en daar word verwag dat armoede sal toeneem met verhoogde druk op maatskaplike en bestaansbeveiligheidsdienste.

Dit is egter ook belangrik om te onthou dat werkloosheid nie noodwendig armoede beteken nie, soos in die geval van huweliksmaats waar die een eglid nie buitenshuis werk nie en deur die ander onderhou word. Wat belangrik is betreffende kinders, is dat daar 'n gesinsinkomste moet wees om in hul versorgingsbehoeftes te voorsien.

Kroniese armoede kan 'n aanduiding wees van die individu se karaktereienskappe, soos bejaardes en gestremdes, of die omgewing, soos hoë werkloosheid en grondloosheid of beide. Daar bestaan 'n verwantskap tussen swak gesondheid, lae opvoeding en gebroke gesinne aan die een kant en oneweredige verspreiding van hulpbronne, onvoldoende infrastruktuur en skaars werksgeleenthede aan die ander kant. Die kombinasie van hierdie faktore gee daartoe aanleiding dat mense vasgevang raak in armoede. Huishoudings in kroniese armoede sluit in landelike huishoudings,

huishoudings waar vroue of bejaardes aan die hoof is, en afgedankte plaaswerkers. Die ouderdomspensioen wat bejaardes ontvang, dien dikwels in arm huishoudings as die enigste bron van inkomste en die hele gesin wat soms uit drie geslagte bestaan, word daaruit onderhou. Gedurende die afgelope 10 jaar is dit veral VIGS-wesies en huishoudings wat direk deur VIGS geaffekteer word wat as die mees prominente kategorie vir kroniese armoede geïdentifiseer word (Report of the Workshop on the Establishment of a Child Research Network 2003:29). Bezuidenhout (2004b:181) sluit hierby aan deur te meld dat dit meestal enkellopendes sonder 'n inkomste, werklose of laag besoldigde vroue wat enkelouers is, kinders, bejaardes, minderheidsgroepe wat weens politieke of sosiale hindernisse nie 'n behoorlike inkomste kan verdien nie en gestremdes is wat almal afhanklik is van ander versorgers wat in armoede leef.

Dit is dus die kwesbare deel van die bevolking wat die meeste gebuk gaan onder armoede en meer struikelblokke moet oorkom om net in basiese behoeftes te voorsien. Hulle is dikwels só vasgevang in 'n oorlewingstryd dat die energie en wil om sterktes raak te sien net nie daar is nie en in die proses word ontwikkelingsgeleenthede waarskynlik misgekyk. Vanuit bogenoemde besonderhede is dit duidelik dat armoede 'n wesenlike rol speel in sorgbehoewendheid van kinders en dus 'n bydraende faktor is tot die oorvol pleegsorgsisteem. Plasing in pleegsorg geskied ook dikwels by arm gesinne ten einde die kind binne bekende familie- en gemeenskapsopset te behou en daarom is dit moontlik dat sodanige pleegsorgplasings nie noodwendig 'n beter lewe aan die kind bied nie en dat die pleegouertoelae in die proses deur die hele versorgingsnetwerk geabsorbeer word om by te dra tot al die huisgenote se behoeftebevrediging.

6.5.3 Alkohol- en dwelmmisbruik en chemiese afhanklikheid

Chemiese afhanklikheid behels die behoefte aan en vertroue op 'n dwelmmiddel om op 'n gereelde basis 'n positiewe gevoel te bereik. Die dwelmmiddel kan alkohol, 'n voorgeskrewe of nie-voorgeskrewe middel, of 'n kombinasie daarvan wees. Die term *chemiese afhanklikheid* vervang alkoholisme en dwelmafhanklikheid (Zastrow 2001:419). Afhanklikheidsvormende middels word in vier groepe verdeel, naamlik narkotiese middels soos morfien, heroïen of petidien; depressante soos kalmeermiddels en alkohol; stimulante soos kokaïen, waaronder eetlusdempers of ander opkikkers; en hallusinogene soos dagga en LSD. Individue reageer verskillend op verskillende soorte dwelms maar dit word grootliks geneem ter wille van die euforiese effek daarvan en die kunsmatige gevoel van welsyn. Ongekontroleerde en gereelde gebruik veroorsaak stelselmatig dat die liggaam 'n weerstand daarteen opbou en om dieselfde effek te verkry, moet die inname al meer verhoog word. Wanneer inname gestaak word, word fisiese en psigologiese onttrekking ervaar (Bezuidenhout 2004c:119–120). Die persoon moet dus aanvaar dat hy sy vermoë tot matige

inname permanent verloor het en dat die enigste uitweg 'n totaal dwelmvrye lewenstyl is; dus algehele soberheid.

Vanuit praktykervaring is dit bekend dat die misbruik van afhanklikheidsvormende stowwe 'n bydraende faktor tot kindermishandeling is soos wat blyk uit assesseringsresultate wat in Kinderhofverslae vervat word oor die gronde vir sorgbehoewendheid. Kinders word blootgestel aan omstandighede wat aanleiding kan gee tot fisiese, emosionele, sosiale of geestelike skade wanneer ouers misbruik maak van drank of dwelms en versuim om hul ouerlike verantwoordelikhede na te kom of wanneer hulle die kind mishandel deur byvoorbeeld gewelddadige gedrag. Chemiese afhanklikheid het dus aan die een kant te make met ouerlike versuim of aktiewe negatiewe optrede, maar aan die ander kant ook met kinders wat dit misbruik of afhanklik raak. In die nuwe Kinderwet word bepaal dat kinders wat afhanklik is van afhanklikheidsvormende stowwe en nie ondersteun word om behandeling te kry nie, ook op grond hiervan sorgbehoewend bevind kan word (Children's Act 2005:96). In die Department of Social Development, *2nd Draft National Policy on Family Life* (2004:32 en 37) word verwys na 'n ondersoek van 1998 in 20 Wes-Kaapse skole, waartydens dit aan die lig gekom het dat dwelmmisbruik in 90% van die skole 'n ernstige probleem is.

Vanuit die ekologiese perspektief kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat chemiese afhanklikheid as bydraende faktor tot sorgbehoewendheid van kinders en pleegsorg as moontlike alternatiewe sorg op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem ter sprake is en geïntegreerd voorkom. Op individuele vlak kan dit die kind self wees wat misbruik maak van afhanklikheidsvormende middels, maar weens die feit dat dit aanvaarbaar en beskikbaar in sy omgewing is of omdat hy daarmee wil eksperimenteer. Verder kan portuurdruk, druk om te presteer of om spanning, angstigheid, frustrasie en stres te hanteer ook bydraende faktore wees. Betreffende gesinsfaktore word beweer dat substansmisbruik, gesinsgeweld en kindermishandeling 'n sterk korrelasie met mekaar toon. Dit het ook weer te make met gemeenskapsfaktore wat 'n rol kan speel, soos norme wat geld, byvoorbeeld die aanvaarbaarheid van drankmisbruik al dan nie, disfunksionele gemeenskappe en gebrek aan opvoeding en inligting oor dwelmmisbruik (Tomison 1996:2). Vanuit 'n sirkulêre perspektief kan daar dus geredeneer word dat die individu, gesin, groep, gemeenskap mekaar wedersyds beïnvloed en dat die een nie sonder die ander gehanteer kan word nie. Daar is middels beskikbaar in die omgewing waaroor sekere houdings en waardes gehandhaaf word betreffende die gebruik of misbruik daarvan en dan is daar persone of gesinne wat meer kwesbaar as ander is om dit te misbruik. Só is daar byvoorbeeld die kind met 'n lae selfbeeld wat aanvaarding soek in die groep of sukkel om spanning te hanteer, of die gesin wat woon in 'n omgewing waar misbruik veral oor naweke algemeen voorkom en gemeenskappe nie ingelig is oor die gevare daarvan nie.

Daar bestaan ’n verband tussen kindermishandeling en die effek wat alkohol en/of dwelms op die mens het, aangesien emosionele onstabiliteit, lae frustrasietoleransie of ’n geneigdheid tot aggressiwiteit vererger kan word by die inname daarvan. Verder is dit bekend dat alkohol/dwelms inhibisies verlaag wat mense weerhou van reagerende gedrag soos fisiese of seksuele geweld, of dat taboes in die samelewing oor byvoorbeeld kinderverkragting dan geïgnoreer word. Dwelmmiddels onderdruk ook mense se gewetens soos skuld of skaamte wanneer kinders misbruik of mishandel word. Dit word dan dikwels as verskoning gebruik vir die persoon se wandade, as dat hy nie beheer gehad as gevolg van die bedwelmende effek van die middels nie (Tomison 1996:5).

Dit is duidelik dat die stelling gemaak kan word dat dwelmmisbruik ’n bydraende faktor is tot die feit dat kinders sorgbehoewend bevind word en in die pleegsorgsisteem beland. Indien die kind self ’n verslawingsprobleem het, sal hy aangewese wees op gespesialiseerde of professionele pleegsorg (vgl. 3.6.6), aangesien dit besondere vaardighede van die pleegouers verg om hiermee te handel. Indien die probleem by die versorgers geleë is, kan gesinsherstel nie plaasvind tensy dit onder beheer is nie, aangesien dit die kind aan alle vorms van verwaarlosing of mishandeling kan blootstel. Kontak en besoektye van die biologiese ouers by die pleeggesin verloop ook dikwels in sodanige gevalle problematies, aangesien ouers wat onder die invloed van byvoorbeeld drank besoeke aflê of op ander wyses skakel, ontwrigtend op die pleeggesin se funksionering inwerk.

Hoewel daar nog vele ander sosiale kwessies is wat ’n rol kan speel by kinderverwydering en pleegsorgplasing soos byvoorbeeld geweld, kriminele aktiwiteite en gevangenissetting, seksuele wanpraktyke, gebrek aan opvoeding en opleiding, is bogenoemde kwessies bespreek as van die vernaamste bydraende faktore. Die belangrikste beginsel wat hier gehandhaaf word, is dat kinderverwaarlosing of -mishandeling nie deur een enkele faktor veroorsaak word nie, maar dat, tipies van die ekologies-sistemiese benadering, alle moontlike bydraende faktore op die verskillende vlakke geanaliseer behoort te word ten einde behoeftes en sterktes te identifiseer en toepaslik aan te spreek. Daarom word vervolgens aandag geskenk aan assesseringstegnieke toepaslik op die sosiaal-strukturele vlak van die ontledingsisteem.

6.6 ASSESSERING VAN DIE PLEEGKIND SE OMGEWING

Dit is reeds genoem dat die rol van omgewingsfaktore dikwels onderskat word wanneer beweerde kinderverwaarlosing of -mishandeling ondersoek word. Volgens die teoretiese raamwerk vir die studie behoort die kind se omgewing vanaf mikro- tot makrovlak geassesseer te word ten einde positiewe en negatiewe wisselwerking tussen die verskillende sisteme in die omgewing te

identifiseer. Sodanige assessering verseker dat intervensieprogramme ingestel is op holistiese dienslewering. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar aan twee assesseringstegnieke voorkeur gegee, naamlik die ekokaart en die maatskaplike netwerkkaart.

6.6.1 Ekokaart

Deur middel van die ekokaart kan 'n verskeidenheid inligting saam met die kind/gesin oor die omgewing ingewin word. Volgens Thomlison (2002:62) kan deur die ekokaart vasgestel word met watter sisteme die gesin in wisselwerking verkeer en waar veranderinge dalk in die omgewing nodig is om transaksies te bevorder. Die volgende inligting kan deur middel van die ekokaart bekom word:

- Die bestaan van of gebrek aan ondersteunende verhoudings of konflikareas.
- Of daar 'n gebrek aan kontak of raakvlakke bestaan wat verander moet word.
- Of sosiale isolasie 'n probleem is.
- Die vloei van hulpbronne tussen die gesin en ander betekenisvolle mense, instansies en organisasies wat ondersteunend of 'n stressor in die omgewing kan wees.
- Deur die ekokaart kan hulpbronne en intervensie wat nodig is om stressors aan te spreek, bepaal word.

Op hierdie wyse kan dus 'n holistiese beeld gevorm word oor die aard van transaksies en aanpassing tussen die persoon en sy breër omgewing. Dit sluit aan by die omskrywing van Zastrow (2006:243) dat die ekokaart 'n skematiese voorstelling van die persoon-gesin-in-omgewing is wat gesamentlik deur die maatskaplike werker en die kliënt opgestel moet word ten einde 'n holisties-ekologiese perspektief op die gesin en die aard van maatskaplike verhoudings met groepe en ander instansies in die ekologiese konteks te bekom.

'n Ekokaart word op die volgende wyse saamgestel (Thomlison 2002:62–63):

- Plaas die gesin in die middel van die skets as 'n sirkel.
- Trek sirkels rondom die gesinshuishouding om die omgewing aan te dui soos werk, dagsorg, skool, uitgebreide familie, kerk, ontspanning, vriende van die gesin, vriende van die kinders en ander toepaslike aspekte soos vriende waarmee saamgedrink word.
- Verskillende lyne word tussen die sisteme getrek om die kwaliteit van die verhouding aan te dui, soos byvoorbeeld:
  - Reguit lyne vir sterk verhoudings: _____
  - Gebroke lyne vir swak verhoudings: ----------
  - Gesnyde/gekapte lyne vir spanningsvolle verhoudings:

- Pyle om die vloei van energie in die verhouding aan te dui
- Verhoudingskonflik

Vervolgens word die gevallestudie van die pleegkind soos geskets in hoofstuk vyf (vgl. 5.5.1), verder geïllustreer betreffende wisselwerking met die omgewing. *Sally word aanvaar deur die pleegouers se uitgebreide familie wat moeite doen om haar nie soos 'n buitestaander tydens familiegeleenthede te laat voel nie en hulle neem haar gereeld uit om die pleegouers spesiale tyd met mekaar te gee. Die klasonderwyser is ingelig oor Sally se versorgingsposisie en doen moeite om skoolagterstande in te haal; sy is verwys vir remediërende hulpklasse by die skool. Die pleegouers het Sally laat inskakel by die kerk se groepsaktiwiteite en die gemeente ondersteun die gesin met die plasing. 'n Pleegsorgplan is deur die toesighoudende maatskaplike werker in samewerking met die pleegouers opgestel en deel daarvan is maandelikse tuisbesoeke, en individuele sessies met Sally om haar gedrag te hanteer en binding te monitor. Die gesin is ook ingeskakel by die pleegouer-ondersteuningsgroep. Probleme word egter ondervind met die lewering van mediese dienste deurdat die pleegmoeder Sally uit die skool moet neem om bykans die hele dag in rye hul beurt af te wag, veral by die tandheelkundekliniek aangesien Sally se tande verwaarloos is en sy waarskynlik mondchirurgie sal moet ondergaan. Verder ondervind Sally ook probleme om te sosialiseer, aangesien sy steeds neig tot woede-uitbarstings en soms afknouerig is. Die kinders spot haar oor haar pleegsorgstatus en dit is veral dan wanneer sy aggressief reageer en deur die groep verwerp word. Wat die gesinsherenigingsdienste betref, maak die moeder en grootmoeder slegs sporadies kontak en indien hulle wel skakel of 'n besoek aflê, ontwrig dit die plasing en neem dit weer tyd om die pleeggesin te stabiliseer.*

Volgens die onderstaande ekokaart dien die skool, kerk en uitgebreide familie van die pleeggesin as 'n hulpbron wat die pleegsorgsituasie versterk. Die gesin verkeer in wisselwerking met die gemeenskap met deurdringbare grense wat 'n gesonde inset-deurset-uitsetproses laat plaasvind. 'n Voorbeeld hiervan is veral die bykomende hulp met huiswerk van die skool se kant en familielede wat ekstra stimulasie bied. Aan die ander kant moet Sally se verhoudings met haar portuurgroep aandag geniet en die hantering van frustrasie. Die gesukkel met mediese en tandheelkundige dienste behoort op hoër vlak aandag te geniet, dalk deur skakeling tussen die welsynsinstansie en gesondheidsdienste betreffende beleidsaspekte oor beter tandheelkundige dienste aan staatspasiënte. Daar behoort ook met die gesinsherenigingsdienste geskakel te word sodat Sally se moeder en ouma die effek en kwaliteit van hul kontak kan verbeter. Maatskaplikewerkdienste en 'n deurlopend aangepaste pleegsorgplan versterk ook die pleegsorgplasing.

Figuur 9: Voorbeeld van 'n ekokaart



Bronne: Thomlison 2002:64 en Zastrow 2006:245

6.6.2 Maatskaplike netwerkkaart

Maatskaplike netwerke is patrone wat die persoonlike verhouding van die individu aandui waardeur hy ondersteun word tydens alledaagse eise en tydens spanningsvolle situasies. Maatskaplike netwerkkaarte is 'n hulpmiddel om die beskikbare ondersteunende persone te identifiseer (Thomlison 2002:63–64). Hierdeur kan dus 'n beeld gevorm word van die totale ondersteuning-sisteem waaroor beskik word of dit byvoorbeeld materiële, fisiese, emosionele, sosiale of geestelike ondersteuning is, die beskikbaarheid, hoeveelheid en kwaliteit daarvan, sowel as die gebrek daaraan.

Individue of gesinne wat genoeg ondersteuningsbronne het, is gewoonlik beter daaraan toe tydens krisisse as dié wat sonder eksterne hulp en steun moet klaarkom. Sosiale ondersteuning kan gesinne op die volgende wyses bevoordeel (Thomlison 2002:66):

- Vermindering van sosiale isolasie. Die gesinne behoort dus betrokke te wees by gemeenskapsaktiwiteit en kan leer deur wisselwerking met die omgewing.
- Verhoog kennis oor gemeenskapsbronne. Sodoende sal hulle weet waar om aan te klop vir hulp.
- Bied geleentheid om probleemoplossende vaardighede aan te leer en te oefen. Deur kontak en blootstelling kan kinders binne 'n veilige en ondersteunende omgewing hierdie vaardighede aanleer.
- Bied geleentheid vir modellering en beoefening van kommunikasievaardighede binne gesinne. Kinders wat in wisselwerking is met die omgewing leer by ander en kan begelei word wanneer hulle foute maak.
- Voorsien kameraadskap. Verhoudings word gebou deur sosiale wisselwerking en die persoon ervaar verbondenheid en die gevoel van "behoort-aan" in sy omgewing.
- Bied emosionele ondersteuning gedurende krisisse. Kinders met geborgenheid weet dat hulle altyd op hul ondersteuningsnetwerk kan staatmaak en beleef daarom nie soveel spanning en onsekerheid tydens krisisse nie.
- Verhoog selfbeeld en hanteringsvaardighede. 'n Positiewe selfbeeld verhoog selfvertroue en dit behoort makliker vir kinders binne 'n sosiale ondersteuningsnetwerk te wees om alledaagse lewenseise te hanteer.

Hieruit is dit duidelik dat kinders afhanklik is van 'n sosiale netwerksisteem aangesien hulle daarin sekuriteit ervaar en ook leer hoe om ander tydens krisisse by te staan. (Beginsel van mededeelsaamheid, vgl. 4.4.1.) By die samestelling van die netwerkkaart kan die volgende vrae gevra word vir assesseringsdoeleindes (Thomlison 2002:66):

- Wat is die gesin se geskiedenis om steun te verleen aan ander mense sowel as eie gesinslede?
- Wat is die gesin se ervaring om ondersteuning van ander mense en van gesinslede te ontvang?
- Wat is die huidige fisiese en geestestoestand van die gesinslede en afhanklike kinders?
- Wat is die aanspraak op die versorgingsrol en watter impak het dit op die reeks en aantal persone in die maatskaplike ondersteuningsnetwerk?
- Ontvang die gesin negatiewe informele maatskaplike ondersteuning, bedoelende dat vriende, bure en familie-/gesinslede ondersteuning bied wat nie verlang word nie of wat skadelik is vir die welstand van die gesin.

Die vrae is dus daarop gerig om positiewe sowel as negatiewe invloede te identifiseer. Op hierdie wyse kan vasgestel word wat **is** die individu/gesin, wat **het** die individu/gesin en wat **kan** hulle vir ander bied; dus veerkragtigheidsfaktore waarop teruggeval kan word om struikelblokke te oorkom deur steunstelsels te vind en doeltreffend aan te wend. (Vgl. 4.3.1.)

Hieruit is dit duidelik die pleegsorgsituasie veel meer insluit as die kind en sy onmiddellike omgewing. Die standpunt word onderskryf deur Heptinstall *et al.* (2001:9, 15) wat navorsing gedoen het oor die pleegkind se aanpassing by 'n pleeggesin. Daar is gevind dat die pleegkind se interpretasie van sy eie situasie deur meervoudige faktore beïnvloed word en wat in die beste belang van die een kind is, nie noodwendig die beste vir 'n ander kind is nie. Die navorsers het vier betekenisvolle verbintenisse waarin die pleegkind betrokke is geïdentifiseer, naamlik die huishouding van hul versorgers in die geval die pleeggesin; familie soos biologiese ouers, stiefouers en broers en susters en half- of stiefbroers en susters; vriende; en formele ander soos onderwysers en maatskaplike werkers. Hieruit is dit duidelik dat daar nie net 'n verskeidenheid faktore is om in ag te neem nie, maar dat die betekenisvolle rol wat verskillende persone in die kind se lewe kan vervul, geïdentifiseer moet word en dat voortgesette kontak en 'n verhouding met hierdie persone in stand gehou moet word indien dit die beste belang van die kind sal dien.

'n Maatskaplike netwerkkaart word saamgestel deur 'n sirkel te trek en in agt afdelings te verdeel. Die werk/skool, organisasies/kerk, vriende, bure, formele dienste, huishouding en ander familie word aangedui. Maatskaplike ondersteuningsbronne van die gesin word geassesseer deur hulle te vra om lede in die netwerk te identifiseer en daarna word elke lid onder een of meer van die toepaslike afdelings ingeskryf (Thomlison 2002:66–68).

Figuur 10: Voorbeeld van ’n maatskaplike netwerkkaart



Bron: Thomlison 2002:67

Die assessering kan verder uitgebrei word om nie net bronne van ondersteuning te identifiseer nie, maar ook die kwantiteit en kwaliteit daarvan. Daar word dus byvoorbeeld by die skool aangedui dat remediërende hulpklasse een keer per week beskikbaar is; of dat die familie die pleegkind een naweek per maand uitneem; en dat die welsynsorganisasie se maatskaplike werker beskikbaar is vir krisisse maar ’n tweeweeklikse vaste afspraak het om te werk aan die uitvoering van die pleegsorgplan.

Wanneer die pleegkind se sosiaal-strukturele konteks geassesseer word, is die eko- en netwerkkaart geskikte hulpmiddels om ’n holistiese perspektief te bekom op die kind en die gesin binne die konteks; dus die persoon-in-omgewing met ’n uitbeelding van hindernisse of behoeftes en sterktes. Zastrow (2006:244) stel dit dat die ekokaart die werker en kliënte help om wisselwerking tussen die gesin en ander sisteme grafies voor te stel en om problematiese dinamika tussen die sisteme te identifiseer en te verstaan. Die ekokaart kan in die geval van pleegsorg omvattend opgestel word deur byvoorbeeld die biologiese of pleeggesin of albei in te sluit, afhangende van hoe betekenisvol die rolle van die verskillende partye vir dienslewering is, veral in gevalle waar gesinshereniging ’n realiteit is en albei gesinne se betrokkenheid ten opsigte van die kind geanaliseer moet word. Die sosiale netwerkkaart kan aanvullend tot die ekokaart gebruik word om

die kwaliteit en kwantiteit van hulpbronne en dienste in die omgewing te analiseer. Veral met die doel om behoeftes op hulpbronne af te stem of om die nood aan hulpbronne uit te wys.

6.7 SAMEVATTING

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat pleegsorg nie net bestaan uit die pleegkind, pleeg- en biologiese gesinne nie, maar wel deeglik ook deur groepe, instansies en sosiale verskynsels in die breër konteks geraak word. Die geslaagdheid van pleegsorg is dus afhanklik van 'n verskeidenheid faktore en persone en gunstige omstandighede in die breër konteks kan net voordelig wees vir die plasing. Op die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem word verwys na die institusionele en organisatoriese konteks wat 'n positiewe of negatiewe wisselwerkende invloed op die pleegsorgsituasie kan uitoefen en waarna verwys word as die eksosisteem. Die bespreking handel oor beleid en wetgewing, diensleweringinstansies, 'n multidissiplinêre benadering en maatskaplike kwessies wat 'n invloed het op die feit dat kinders in die pleegsorgsisteem beland en hoe hierdie faktore geassesseer kan word.

Beleid en wetgewing is rigtinggewend vir die lewering van kinderbeskermingsdienste en in Suid-Afrika is dit op nasionale vlak in ooreenstemming met internasionale standaarde. Daar bestaan dus duidelike riglyne vir regerings- en nie-regeringsorganisasies vir kinderbeskermingsdienste en alternatiewe sorg soos pleegsorg. Die afgelope tyd is talle veranderinge aangebring in kinderwetgewing en tydens die skryf van hierdie hoofstuk was die beplanning dat die nuwe Kinderwet gedurende 2008 stelselmatig geïmplementeer sal word tot 2009 wanneer al die regulasies ook beskikbaar sal wees. Dit sal egter tyd neem om al die veranderinge aan veral die Kinderhofstelsel aan te bring en daar word voorsien dat genoegsame mensekrag en hulpbronne van die vernaamste struikelblokke sal wees om te oorkom. Indien die wet in werking gestel word, behoort dit 'n klemverskuiwing van reaktiewe na proaktiewe optrede teweeg te bring.

Betreffende dienslewering word daar onderskei tussen regerings- en nie-regeringsinstansies. Dit is duidelik dat die staat die verantwoordelikheid het om wetgewing en beleid te formuleer, maar wel op 'n demokratiese wyse deurdat nieregeringsinstansies by die proses betrek moet word. Hierdie beginsel word wel toegepas, soos duidelik blyk uit die vele konsepdokumente wat die finale voorafgaan. Dit is egter ook duidelik dat die uitvoering van beleid problematies is weens die gebrek aan hulpbronne en mensekrag. In hierdie opsig speel geloofsgroepe en die sakesektor 'n belangrike rol deur fondsinsamelingsprojekte te ondersteun en ook direk betrokke te wees by die lewering van die diens. Hieruit vloei ook die multidissiplinêre benadering voort ten einde 'n netwerk van ondersteuning en dienslewering daar te stel. Die span word gewoonlik saamgestel uit

professionele persone wat ’n bydrae kan maak tot die pleegkind se welstand op fisiese, psigiese, maatskaplike en religieuse vlak. Lekepersone kan ook deel vorm van die span in soverre hul ’n bydrae kan maak tot die beste belang van die kind soos byvoorbeeld by die hou van gesinsgroepkonferensies.

Hoewel daar ’n sterktegerigte benadering in die studie gevolg word, is dit noodsaaklik om maatskaplike kwessies wat ’n bydrae tot sorgbehoewende omstandighede en pleegsorgplasing kan lewer, te identifiseer ten einde voorkomende en remediërende maatreëls in te stel. Die belangrikste wat in hierdie opsig bespreek word, is die rol van sosio-ekonomiese realiteite soos armoede, behuisingsnood en werkloosheid; die endemiese afmetings wat MIV/VIGS alreeds in Suid-Afrika aanneem en die implikasies daarvan vir kinders; sowel as alkohol- en dwelmmisbruik. Dit is duidelik dat kinders kwesbaar is in omgewings waar hierdie kwessies ’n hoë voorkoms het en dat diensleweraars probleme ondervind om die nood doeltreffend aan te spreek.

Assesseringstegnieke word kortliks bespreek deur te verwys na die doeltreffende gebruik van die ekokaart en maatskaplike netwerkkaart ten einde die wedersydse beïnvloeding van beskermende en risikofaktore in die omgewing van die pleegkind te analiseer, sowel as die kwantiteit en kwaliteit daarvan. Hoewel die doel van die studie nie gefokus is op intervensie nie, is die einddoel van dienslewering aan die pleegkind tog om belowende transaksies te bevorder en pleegsorg te laat ontwikkel tot ’n gesins- en gemeenskapsaksie waar al die partye meewerk aan ’n suksesvolle plasing.

HOOFSTUK 7

DIE SOSIOKULTURELE VLAK VAN DIE PLEEGKIND IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Hierdie hoofstuk handel oor die vierde vlak in die ekologiese ontledingsisteem van pleegsorg, naamlik die sosiokulturele aspekte. Dit bestaan uit die makrosisteem van die voorafgaande vlakke soos bespreek in hoofstukke vier tot ses. Met verwysing na figuur vyf (vgl. 2.9.4), word dit inleidend gestel dat die ekologiese perspektief impliseer dat menslike en sosiale sisteme voortdurend in wisselwerking met mekaar is ten einde hulpbronne, ondersteuning, terugvoer en stimulasie te bewerkstelling vir aanpassing, oorlewing en ontwikkeling. In figuur vyf word die ekologiese konteks met vier sirkels voorgestel vanaf mikrosisteem (individu), mesosisteem (gesin), eksosisteem (sosiaal-strukturele) en die makrosisteem (sosiokulturele) wat beskou kan word as die oorhoofse sisteem.

Betreffende die pleegkind word daar in die eerste twee vlakke van die ekologiese ontledingsisteem gefokus op die kleinste intieme persoonlike en onmiddellike omgewing van die daaglikse bestaan, terwyl die twee buitenste vlakke meer te make het met eksterne faktore wat ’n invloed uitoefen op die pleegkind se welstand. Ter onderskeiding van die twee buitenste vlakke word op die sosiaal-strukturele vlak gefokus op strukturele faktore soos beleid, wetgewing, diensleweringsinstansies en maatskaplike verskynsels wat kinderwelstand beïnvloed, terwyl die makrovlak na die meer abstrakte elemente van die omgewing verwys soos waardes en beginsels, kulturele en godsdienstige aspekte. Die invloed van hierdie abstrakte elemente wat grootliks met veronderstellings, houdings en waardes te make het, word dikwels onderskat, terwyl dit bepalend kan wees om maatskaplike verandering te bewerkstellig. Verder is die makrosisteem omsluitend van die ander vlakke omdat die invloed van hierdie elemente relevant is tot al vier vlakke in die ekologiese ontledingsisteem. Oor die algemeen is dit makliker om konkrete elemente te identifiseer, te assesseer en dienslewering dienooreenkomstig te beplan, terwyl dit dikwels die meer abstrakte elemente is waarvan die invloed op problematiek en dienslewering moeilik verrekenbaar is, veral in ’n land soos Suid-Afrika met soveel diversiteit. Die bespreking word gevoer in terme van of die verskillende aspekte as ’n beskermende of risikofaktor vir die pleegkind beskou kan word.

Fraser (2004:4) verwys na Coie *et al.* (1993) wat ’n **risikofaktor** omskryf as enige invloed wat die moontlikheid van skade kan verhoog, kan bydra tot ’n meer ernstige toestand, of die probleemtoestand in stand hou. Risiko’s is dus moontlikhede wat aanleidend kan wees tot die gevolgtrekking dat die kind as ’n “hoë” risiko vir sorgbehoewendheid geassesseer word, veral

wanneer aspekte soos drankmisbruik, armoede, geestesongesteldhede en ander maatskaplike verskynsels in kombinasie voorkom.

Beskermende faktore, aan die ander kant, is sterktes wat kinders kan beskerm teen risiko's en wat suksesvolle aanpassing of veerkragtigheid kan bevorder. Fraser, Kirby en Smokowski (2004:27–30) wys daarop dat sommige skrywers tussen beskermende faktore en veerkragtigheid (vgl. 2.7.3) onderskei deur na laasgenoemde te verwys as dit wat intern tot die kind is en eersgenoemde as dit wat op die eksterne vlak geleë is. Die betrokke skrywers definieer egter beskermende faktore as beide interne en eksterne hulpmiddels wat risiko's verminder. Beskermende faktore kan dus in die persoon self of in die omgewing geleë wees, solank dit die kind in staat stel om riskante omstandighede positief te hanteer en wanaanpassing of disfunksionering voorkom.

Soos reeds genoem, word op die makrovlak nie net gefokus op die spesifieke genoemde aspekte soos kultuur nie, maar die ekologiese ontledingsisteem word holisties in oënskou geneem. Ter aanvang hiervan word eienskappe van omgewings wat stimulerend of riskant vir kinderontwikkeling kan wees bespreek, soos aangehaal deur *The family from a child development perspective* (2005:3), na aanleiding van Caldwell en Bradley (1984):

- 'n Relatief hoë frekwensie volwasse kontak waarby 'n relatief klein hoeveelheid volwassenes betrokke is; die kind behoort dus sterk bindings of verhoudings met 'n intieme groep volwassenes te hê.
- 'n Positiewe emosionele klimaat waarbinne die kind leer om ander en homself te vertrou; indien die kind weet dat hy op volwasse versorgers kan staatmaak, kan hy ook selfvertroue en emosionele sekerheid ontwikkel.
- 'n Optimale vlak van behoeftebevrediging; dus basiese lae-orde sowel as hoërorde behoeftebevrediging.
- Die voorsiening van 'n verskeidenheid sensoriese insette en reeks modelle wat nie die kind se vermoë om te ontvang, te klassifiseer en te respondeer, oorlaai nie; die kind moes dus optimaal gestimuleer word vir sy bevatlikheidsvermoë sonder dat te hoë eise aan hom gestel word.
- Persone wat genoegsaam en konstant respondeer met fisiese, verbale en emosionele duidelikheid om gebruiklike en voorbeeldige gedrag te modelleer en om sodanige gedrag te versterk wanneer toepaslik; tydens sosialisering moet aanvaarbare gedrag konstant aan die kind gemodelleer word.
- 'n Omgewing wat die minimum sosiale beperkinge op eksplorerende en motoriese gedrag plaas; die kind behoort binne perke geleentheid te kry om te verken en te eksploreer.

- Versigtige organisering van die fisiese en tydelike omgewing wat verwagtinge vir bevestiging of hersiening van objekte en gebeure toelaat; die kind se omgewing moet dus gestruktureerd wees maar verandering en aanpassing toelaat soos nodig.
- Die voorsiening van ryk en variërende kulturele verwagtinge wat deurlopend geïnterpreteer word deur persone met wie die ervaringe gedeel kan word; kulturele gebruike en waardes moet dus aanvaarbaar deur betekenisvolle persone in die kind se lewe aan hom oorgedra word.
- Die beskikbaarheid van speelapparaat wat die koördinasie van sensories-motoriese prosesse en 'n speelomgewing vir die gebruik daarvan toelaat; kinders behoort te kan speel aangesien dit normale ontwikkeling stimuleer.
- Kontak met volwassenes wat sukses waardeer en wat poog om sekondêre motiveringsisteme verwant tot prestasie in die kind te genereer; kinders behoort dus gestimuleer te word om te strewe na sukses en dienooreenkomstig erkenning ontvang.
- Die kumulatiewe programmering wat gepaste ervaringe vir die kind se huidige vlak van kognitiewe, sosiale en emosionele organisasie voorsien; die kind behoort dus soos wat hy ontwikkel, blootgestel te word aan ervaringe wat gepas is vir elke stadium wat hy deurgaan en kan bydra tot totale gesonde ontwikkeling op alle terreine.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat kinderontwikkeling te make het met die kind as individu binne 'n gesin wat deel is van 'n bepaalde omgewing en dat die eindresultaat betreffende fisiese, emosionele, sosiale en geestelike aspekte afhanklik is van 'n wisselwerking tussen die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteme. Dit is belangrik dat die kind tot 'n groeibevorderende woonplek behoort waar herstel kan plaasvind indien probleme wel voorkom. Vervolgens word gefokus op waardes en beginsels wat deur die professie maatskaplike werk gehandhaaf word betreffende kinderbeskermingsdienste, waardes wat in die samelewing teenoor kinders en gesinne geld, veral waar pleegsorg ter sprake is en dan ook die rol van kulturele en godsdienstige aspekte as beskermings- of risikofaktore. Toepaslike begripsomskrywings word onder die onderskeie drie afdelings gehanteer wanneer die spesifieke aspek onder bespreking is.

7.1 WAARDES EN BEGINSELS BETREFFENDE KINDERBESKERMING

Maatskaplikewerkdienste word altyd vanuit sekere waardes en beginsels gerig omdat daar met mense individueel, in groep- of in gemeenskapsverband gewerk word en dienste nie net op grond van wetenskaplike kennis en vaardighede gelewer word nie, maar ook 'n sterk houdingselement bevat. Potgieter (1998:38) kom na aanleiding van verskeie skrywers se menings tot die

gevolgtrekking dat waardes omskryf kan word as gewenste ideale waarna mense in die gemeenskap strewe en wat gebaseer is op onbewysbare oortuigings of geloof oor mense en lewensomstandighede. Waardes ontwikkel mettertyd vanuit persoonlike ervarings van individue, gesinne, groepe of gemeenskappe en dit voorsien standaarde en riglyne vir optrede. Dit word gewoonlik altyd aangemoedig deur gevoelens en emosies wat mense stimuleer tot aksie en sluit gewenste veronderstellings oor menslike gedrag in sowel as aangewese maniere waarop mense gehelp behoort te word. Waardes kan dus gesien word as riglyne vir gedrag of, soos in die geval van maatskaplike werk, as riglyne vir professionele optrede en dit is altyd die bron vir etiese beginsels. 'n Beginsel is 'n algemene waarheid wat gegrond is op waardes. Dit word dan voorskrifte vir aksie gebaseer op waardes; dus 'n reël wat altyd nagevolg behoort te word. Egan (2002:43) stel dit ook dat waardes gebaseer is op onbewysbare oortuigings oor die lewe en mense. Dit ontwikkel mettertyd vanuit persoonlike ervaring en bied riglyne en standaarde vir houding en gedrag. Die hulpverlener se waardes is dus bepalend vir gesindheid en gedrag wanneer met mense gehandel word.

Hepworth, Rooney en Laarsen (2002:8) is ook van mening dat alle professies waardes het wat rigting gee aan praktisyns en dat hierdie waardes nie geskei kan word van die gemeenskap se waardes nie. Inteendeel, dit neig om die gemeenskap se gewete te raak in terme van uitoefening van waardes. Die gemeenskap se waardes word gewoonlik in staatsdokumentasie gereflekteer. Só, byvoorbeeld word menseregte in Suid-Afrika deur die Grondwet beskerm en hierdie beginsel moet in alle ander beleidstukke van dienslewering weerspieël word. In maatskaplike werk word die respektering van mense se selfbeskikkingsreg en deelname in besluitnemingsprosesse byvoorbeeld hoog aangeslaan. Vervolgens word waardes en beginsels eie aan die maatskaplikewerkpraktyk in meer besonderhede bespreek.

7.1.1 Waardes en beginsels vir maatskaplikewerkdienste

Waardes en beginsels wat uiteengesit word in die Witskrif vir Welsyn (White Paper for Social Welfare 1997: Chapter 2, section 8–24), word as fundamenteel en rigtinggewend tot maatskaplikewerkdienste beskou. Dit behels die lewering van ontwikkelingsgerigte welsynsbeleid en programme wat op die volgende beginsels berus:

- Versekering van basiese welsynsregte: Die staat wil die progressiewe bereiking van bestaansbeveiling verseker vir almal wat nie hulleself of hul afhanklikes kan onderhou nie.
- Gelykheid: Eweredige verspreiding van hulpbronne en die aanspreek van ongelykhede betreffende ras, geslag, geografiese gebied soos stedelik of landelik en sektorale

ongelykhede; dus behoort gelyke geleenthede aan almal, ook dié met spesiale behoeftes, gebied word.

- Geen diskriminasie nie: Maatskaplike welsynsdienste en programme moet bevorderlik wees vir nie-diskriminasie, verdraagsaamheid, wedersydse respek, diversiteit en behoort alle groepe in die samelewing in te sluit.
- Demokrasie: Behoorlike en doeltreffende meganismes moet bestaan om deelname van die publiek en alle welsynsinstansies te bevorder in besluitneming oor beleid en programme wat hul raak. Rolspelers, insluitend die verskaffer en die kliëntsisteem, sal waar moontlik betrek word by konsultasie deur hul verteenwoordigers. Diegene wat nie in staat is om hulself te verteenwoordig nie, soos byvoorbeeld jong kinders, sal toegelaat word om deur belangegroepe verteenwoordig te word. Hierdie beginsels is nou verbonde aan deelname van die publiek in diensleweringsprogramme op welsynsterrein soos byvoorbeeld gemeenskapsprojekte.
- Verbeterde lewenskwaliteit: Die welsynsisteem streef daarna om alle mense, in besonder die benadeeldes, kwesbares en die met spesiale behoeftes, se lewenskwaliteit te verhoog deur gelyke verspreiding van hulpbronne en dienste.
- Menseregte: Dienste en programme moet gebaseer wees op die respektering van menseregte en fundamentele vryheid soos uiteengesit in die Grondwet van die land.
- Mensgerigte beleid: Beleid moet gerig wees op die mense se beste belange.
- Belegging in menslike kapitaal: Welsynsprogramme moet tot optimale maatskaplike ontwikkeling van individue, gesinne en gemeenskappe bydrae. Belegging in menslike kapitaal is ook ’n bydae tot ekonomiese ontwikkeling en daarom moet die staat se hulpbronne beskikbaar wees vir maatskaplike programme.
- Volhoubaarheid: Intervensiestrategieë wat ontwerp is om prioriteitsbehoeftes aan te spreek, moet finansieel lewensvatbaar, ekonomies uitvoerbaar en koste-effektief wees.
- Vennootskap: Welsynsprogramme en -beleid moet in vennootskap met publieke organisasies, die privaatsektor en staatsdepartemente ontwikkel en bevorder word.
- Intersektoriale samewerking: ’n Intersektoriale benadering moet die ontwerp, formulering, implementering en monitering van teen-armoede-strategieë rig; dus multidissiplinêre samewerking.
- Desentralisering van dienslewering: Die regering is verbind tot die afwenteling van welsynsfunksies na plaaslike regeringsvlak ten einde verhoogde toegang tot dienste, verbeterde koördinering tussen dienste, plaaslike bemagtiging en groter respondering tot behoeftebevrediging te bevorder.

- Kwaliteit dienste: Alle maatskaplike programme moet streef na voortreflikheid en die voorsiening van ’n kwaliteit diens.
- Deursigtig en toerekeningsvatbaar: Alle welsynsinstansies, openbaar en privaat, moet deursigtig en verantwoordbaar wees op alle vlakke, insluitend diensleweringsvlakke.
- Toeganklikheid: Instansies moet geredelik toeganklik, proaktief sowel as reaktief ten opsigte van almal in nood wees. Struikelblokke wat dit moeilik of onmoontlik maak vir sommige mense om op gelyke vlak op alle lewensterreine deel te neem moet verwyder word. Spesiale opleidingsprogramme moet voorsien word om ontwikkeling van toeganklike dienste te fasiliteer.
- Toepaslikheid: Maatskaplike programme, metodes en benaderings moet toepaslik wees, mekaar komplementeer en menslike pogings versterk, selfrespek en onafhanklikheid bevorder en responderend wees tot maatskaplike, kulturele en ekonomiese omstandighede in gemeenskappe. Die voorgesette gebruik van mense, materiaal en die aarde se natuurlike hulpbronne moet beskerm word tot voordeel van toekomstige generasies.
- *Ubuntu*: Die beginsel van sorg vir mekaar se welstand moet bevorder word. “*Each individual’s humanity is ideally expressed through his or her relationship with others and their’s in turn through a recognition of the individual’s humanity. Ubuntu means that people are people through other people.” (*White Paper for Social Welfare 1997: Chapter 2, section 24.) Hiervolgens kry menswees betekenis deur omgee en die versorging van ander.

Die beginsel van *ubuntu* word veral belangrik geag in die Afrika-kultuur, terwyl in Westerse kulture meer klem geplaas word op onafhanklikheid en selfverwesenliking en die bereiking van persoonlike bo kollektiewe doelwitte. Kulturele verskille (vgl. 7.2) moet in ag geneem word by die toepassing van beginsels. Dit sal ook bepaal wie geraadpleeg word in verband met watter soort probleme, byvoorbeeld ’n professionele persoon of ’n tradisionele persoon soos ’n toordokter of ander raadgewer (Ross & Deverell 2004:22). Hoewel bogenoemde beginsels grondliggend behoort te wees by die lewering van welsynsdienste is dit steeds belangrik dat kulturele sensitiwiteit aan die dag gelê word by die toepassing daarvan.

Betreffende waardes en beginsels vir die maatskaplikewerkpraktyk, word veral aangesluit by Potgieter (1998:38–45) wat waardes in drie kategorieë verdeel, naamlik:

- Waardes waarvolgens na mense gekyk word;
- waardes as drome of ideale vir mense; en
- waardes waarvolgens met mense gehandel word.

Egan (2002:46) bespreek waardes vir die hulpverlener omvattend terwyl Ross en Deverell (2004:45–46) met hul bespreking oor waardes as houding teenoor mense (die wyse waarop na mense gekyk word); waardes as ideale vir mense; en waardes as etiese wyse waarop met mense gehandel word, aansluit by Potgieter (1998:38) se indeling. Vervolgens word waardes in die onderstaande tabel na aanleiding van bogenoemde drie skrywers se inligting, samevattend bespreek.

Die kern-professionele waardes word onder die eerste twee hofies voorgestel en die professionele beginsels in die derde kategorie om aan te sluit by die definiëring van waardes (riglyne vir gedrag) en beginsels (algemene waarhede en voorskrifte vir aksie soos gebaseer op waardes). Die eerste kolom handel oor waarde-oriëntasies met spesifieke sienings oor mense en hul omgewing (houdings); in die middelste kolom word kernwaardes deur beginsels in werking gestel en dit dien as riglyne wat voorskryf hoe daar met kliënte gehandel behoort te word; en die derde kolom fokus op waardes wat spesifieke ideale oor mense uitdruk.

Tabel 14: Maatskaplikewerkwaardes en -beginsels

Primêr/Fundamenteel	Sekondêr/Instrumenteel	Fundamenteel/Primêr
Waardes as houding teenoor mense. Bedoelende waarde-oriëntasie wat spesifiek gerig is op mense en hul omgewing.	**Waardes as wyse waarvolgens met mense gewerk word (beginsels).** Kernwaardes in kolomme 1 en 3 funksioneer deur die onderstaande beginsels en dien as riglyne oor hoe om met mense te handel.	**Waardes as drome of ideale vir mense.** Dit is waardes waardeur spesifieke ideale of uitkomste vir mense uitgedruk word.
Waardigheid en integriteit: Mense moet met respek en begrip bejeën word, afgesien van individuele eienskappe, groepslidmaatskap of sosio-ekonomiese status. Respek word betoon deur omgee vir die welsyn van ander, geen skade te veroorsaak nie, bevoegdheid, vaardigheid en verbintenis tot hulpverlening. Demonstreer besorgdheid en dat jy "vir" die kliënt is, veronderstel dat die kliënt wil saamwerk totdat die teendeel bewys word, moenie die kliënt veroordeel nie, fokus op die kliënt se agenda en beste belang, plaas die klem op die totale persoon en beskou hom as waardig om 'n vol lewe te lei.	**Individualisering:** Mense behoort as unieke individue benader te word. Dit behels die toetrede tot die ander se leefwêreld bevry van eie persepsies en 'n gewilligheid om gedagtes, vrese, aspirasies en pyn te verstaan. Dit beteken nie kondonering van gedrag, gevoelens of beskouings van die ander nie, maar 'n selfversekerde persoon wat in staat is om die self te gebruik tot voordeel van die ander. Individualisering is oop vir diversiteit maar word beperk deur menslikheid en eie subjektiewe beskouings. Blootstelling aan ander menings, kulture en ander realiteite kan openheid bevorder.	**Billikheid**: Die term *billikheid* word verkies bo gelykheid omdat eersgenoemde verwys na regverdigheid en uniekheid in plaas van eenvormigheid. Elke mens behoort 'n billike geleentheid te kry tot groei en ontwikkeling, dus toegang tot hulpbronne en hulp om ideale te bereik. Billikheid as 'n ideaal vir mense is gebaseer op waardigheid en respek met erkenning van diverse eienskappe.
Diversiteit en uniekheid: Mense verskil in ras, etnisiteit, kultuur, ouderdom, geslag, geloof, seksuele oriëntasie, klas, fisiese en geestelike vermoëns. Mense lyk verskillend en ervaar hul situasie verskillend en mag daarom nie geëtiketteer te word nie. Vermy dus stereotipering en erken diversiteit en uniekheid, dit stimuleer die beginsel van aanvaarding.	**Aanvaarding:** Aanvaar persone vir wat hulle kan word en nie vir wat hulle is nie, dit impliseer die moontlikheid vir groei en ontwikkeling. Aanvaarding moet fokus op sterktes en potensiaal. Dit beteken nie om noodwendig saam te stem nie, maar berus op 'n begrip vir pyn en ongemak en word gebou op respek, omgee en geloof in verandering.	**Demokrasie:** Dit impliseer dat elke persoon belangrik is en 'n stem het wat gehoor moet word. Almal moet gelyke voorregte, verpligtinge en verantwoordelikhede aanvaar om hulpbronne te voorsien en dienste te lewer ten einde maatskaplike funksionering te bevorder en kwessies soos armoede, mishandeling en diskriminasie te elimineer.
Vermoë om te groei en te verander: Elke persoon beskik oor potensiaal en die moontlikheid van verandering. Groei vind plaas deur die bereiking van lewenstake en behoort voltooi te word gedurende sekere lewensfases. Geleenthede vir groei en verandering word beïnvloed deur beperkinge in die persoon self, die sisteem of deur 'n gebrek aan toegang tot hulpbronne.	**Gekontroleerde emosionele betrokkenheid**: Dit behels 'n balans tussen objektiewe en subjektiewe betrokkenheid en om te respondeer met die nodige sensitiwiteit. Onderskei waar die maatskaplike werker se verantwoordelikheid eindig en waar die kliënt s'n begin – dit is die kliënt se probleem en deur verantwoordelikheid te neem word probleemoplossende vaardig-hede aangeleer.	**Maatskaplike geregtigheid:** Maatskaplikewerkdienste en -instansies behoort toeganklik te wees vir alle persone en proaktief sowel as reaktief tot menslike behoeftes. 'n Sisteem tot maatskaplike geregtigheid streef na opvoeding vir almal, werkgeleenthede, gesonde omgewing, behuising, skoon water, sanitasie, gesonde kos en 'n welsynsisteem wat dienste aan kwesbares lewer en dié wat nie op hul eie kan funksioneer nie, soos jong kinders.

Behoefte om te behoort: Mense is afhanklik van mekaar en ontwikkeling vind plaas deur wisselwerking en verhoudings tussen persoon-in-omgewing. Basiese behoeftes word voorsien deur omgee en mededeelsaamheid. “Behoort-aan” skep gevoelens van waardevol te wees en is basies tot ’n positiewe selfbeeld.	**Nie-veroordelende aanvaarding:** Dit het sy oorsprong in aanvaarding en ’n nie-blamerende houding maar sluit die vermoë in om te assesseer en te evalueer. Dit fokus is nie op die persoon nie, maar op die situasie. Dit vermy blamering en beskuldiging of om oorsake uit te wys. In die soeke na oplossings word die kliënt aangemoedig om keuses te maak tussen alternatiewe. Nie-veroordeling beteken nie dat daar vanuit ’n waardelose staat gewerk word nie.	
Verantwoordelikheid teenoor self en medemens: Mense het keuses en die vermoë om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Elke persoon moet verantwoordelikheid vir sy eie lewe aanvaar. Daarna word ook verwys as selfbeskikkingsreg. Hulpverlening moet onafhanklikheid bevorder. Betreffende die medemens moet besorgdheid oor ander ook ontwikkel word.	**Self-beslissingsreg:** Dit impliseer nie dat mense net kan keuses maak, sonder inagneming van ander nie. Die klem is op die kliënt se vryheid om beredeneerde keuses te maak. Wanneer destruktiewe gedrag voorkom wat ander kan benadeel, kan dit nodig raak om in te gryp en professioneel verantwoordbare beperkings op die kliënt te plaas soos deur die verkryging van hofbevele. Daar bestaan ’n sensitiewe balans tussen oorneem en om insette te lewer wat die kliënt in staat stel om die regte besluite te neem.	
Opregtheid, warmte en empatie: Dit verwys na die egtheid van die hulpverlener. Woorde, emosies en aksies moet kongruent en geïntegreerd wees te midde van professionele optrede. Warmte staan teenoor ’n koue, kliniese tegniese benadering. Empatie word oorgedra deur begrip vir die kliënt se leefwêreld te toon en vanuit sy perspektief daarna te kyk, terwyl objektiwiteit behou word deur nie emosioneel betrokke te raak nie.	**Toerekenbaarheid:** Maatskaplike werkers word volgens die **Etiese Kode** van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe aanspreeklik gehou vir professionele optrede. Die beginsel van toerekenbaarheid is drievoudig: Eerstens behels dit bevoegdheid en doeltreffendheid in dienslewering; tweedens impliseer dit dat die kliëntsisteem ook verantwoordelik is vir keuses en aksies wat bevorderlik is vir hul waardigheid en strewe na verandering; en derdens hou maatskaplike werkers ook ander instansies en beamptes aanspreeklik vir verbetering van dienste. Vertroulikheid is ’n kardinale etiese aspek wat altyd geldig is. Inligting mag slegs openbaar gemaak word wanneer bewys kan word dat dit in die beste belang van die kliënt is of wanneer daarvoor toestemming verleen is.	

Bron: Aangepas uit Potgieter (1998:39–45), Egan (2002:46–55) en Ross en Deverell (2004:43–47)

Een van die kernwaardes in maatskaplike werk wat veral beklemtoon word, is maatskaplike geregtigheid. Soos in tabel 14, kolom drie aangedui word, kom dit daarop neer dat maatskaplike dienste vir alle landsburgers toeganklik moet wees, in die besonder kwesbare groepe soos kinders. Wanneer dit op pleegsorg van toepassings gemaak word, sou dit in praktyk behels dat biologiese ouers eerstens deur dienslewering in staat gestel behoort te word om hul kinders self te versorg – dus gesinsbewaringsprogramme. Indien dit na aanwending van alle moontlike hulpmiddels en dienste onmoontlik blyk te wees, behoort die kind dan deur middel van pleegsorg die geleentheid te kry tot volwaardige versorging en ontwikkeling. Pleegouers behoort ondersteun te word om hierdie diens in die beste belang van die kind te lewer. Die feit van sorgbehoewendbevinding en pleegsorg is dikwels afbrekend vir die kind en die biologiese gesin. Dit is dan ook in hierdie geval waar die maatskaplike werker in die kliënt se selfbeslissingsreg ingryp deur 'n hofbevel en professioneel verantwoordbare beperkinge plaas ter beskerming van die pleegkind se belange. Ten spyte van hierdie ingryping moet dienslewering steeds gerig word deur professionele waardes soos die erkenning van diversiteit en unieke belewenis van hul situasie, sowel as die vermoë om te groei en te ontwikkel. Die behoefte om te "behoort aan" is veral prominent omdat die kind ontwortel is en nuwe verhoudings in die pleegsorgsituasie moet aanknoop. Verder is dit ook 'n proses om verantwoordelikheid te aanvaar vir die gebeure en te fokus op die sterktes van die pleegsorg-plasing sodat dit 'n ontwikkelingsgeleentheid vir die kind kan wees en nie 'n struikelblok nie.

Volgens die algemene benadering van die etiese kode vir maatskaplike werkers beskik elke mens oor unieke waarde en potensiaal, ongeag oorsprong, etnisiteit, geslag, ouderdom, geloof, sosio-ekonomiese en regstatus. Professionele gedrag sluit in die nakoming van waardes en beginsels teenoor die kliëntsisteem, kollegas, ander professionele persone, werkgewer, gemeenskap en die professie as sulks en is dus 'n logiese verwagting van geregistreerde maatskaplike werkers (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe 1999:4–2).

Volgens Krieglstein (2006:22) is maatskaplike werk as professie ernstig verbind tot maatskaplike geregtigheid en geen diskriminasie nie. Daar is alreeds in die voorafgaande hoofstukke daarop gewys dat gestelde beginsels vir dienslewering moeilik haalbaar is in 'n ontwikkelende Suid-Afrika waar behoeftes verreweg die beskikbare hulpbronne oorskry. In die maatskaplikewerkpraktyk is dit 'n daaglikse stryd vir die beskikbare mensekrag en welsynsinstansies om net die grootste nood aan te spreek en veral betreffende kinderbeskermingsdienste, om krisisse doeltreffend te bestuur en kinders betyds te beveilig. Dit is algemeen bekend dat daar 'n groot gaping bestaan tussen beleidsdokumente, soos byvoorbeeld die Witskrif vir Welsyn, wat handel oor ideale dienslewering en dit wat prakties haalbaar is weens beperkte subsidies, mensekrag en gebrek aan alternatiewe plasingsmoontlikhede vir sorgbehoewende kinders. Maatskaplike werkers word dus dikwels in uiters moeilik situasies geplaas betreffende professionele aanspreeklikheid en praktyk werklikhede

wanneer met letterlik honderde gevalle gewerk word en pleegtoesigdienste byvoorbeeld nie gelewer kan word nie aan kwesbare kinders wat die risiko loop om deur die sisteem getraumatiseer te word. Die vraag ontstaan wie verantwoordelikheid hiervoor moet neem, die maatskaplike werker wat in 'n onhoudbare situasie werk, die welsynsinstansie wat dit toelaat, of owerhede wat beleid maak maar nie voorsiening maak vir die uitvoering daarvan nie?

Waardes en beginsels wat in die samelewing gehandhaaf word, kan bevorderlik of riskant wees vir kinders se welstand. Vervolgens word aandag geskenk aan waardes wat 'n rol kan speel in die feit dat kinders onder sorgbehoewende omstandighede verkeer en in pleegsorg geplaas word. Die identifisering van hierdie riskante waardes is veral belangrik met die oog op voorkomingsdienste.

7.1.2 Waardes in die samelewing riskant tot kindbeskerming

Op grond van die blote waarneming van gemeenskappe waar kinders opgroei, skoolgaan en sosialiseer, kan die stelling gemaak word dat Suid-Afrikaanse kinders oorwegend in riskante gemeenskappe opgroei. Gereelde beriggewing in koerante soos die *Rapport* (Moses 2006:12) met opskrifte soos: *SA is kinder-onvriendelik, toon groot toename in seksmisdade*, illustreer wat met kinders gebeur. In die betrokke berig word daar verwys na statistieke wat 'n toename van 45% in die aantal klagte van kindermishandeling toon en seksuele oortreders wat al hoe jonger word. So is daar die geval in die Oos-Kaap waar gesoek word na 'n veertienjarige seun oor die verkragting van 'n driejarige meisie en in Johannesburg is kinders so jonk as nege beskikbaar vir seks in ruil vir duur geskenke. Gedurende die Kinderbeskermingsweek in Junie 2006 is daarop gewys dat tegnologie dit makliker maak vir kinders om toegang tot pornografiese materiaal te verkry. Verdere kommer is uitgespreek dat groot ophef van kinders gedurende die Kinderbeskermingsweek gemaak word, maar gedurende die res van die jaar raak hulle vergete. Die vraag kan dus tereg gevra word of sodanige spesiale projekte wat gepaard gaan met duur finansiële uitsette die moeite werd is as dit nie volhoubaarheid toon nie. Die wyse waarop dienslewering bestuur en gefinansier word, behoort derhalwe ook onder die soeklig geplaas te word.

Dit is veral **gesinswaardes** wat grootliks in die slag bly onder die invloed van maatskaplike faktore soos verstedeliking, groter mobiliteit onder mense, die veranderde posisie van die vrou en die man se tradisionele eienaarskap betreffende sy vrou en kinders. Die man se gesag en sy reg om volgens sommige kulture te heers, word op verskeie maniere uitgedaag soos byvoorbeeld deur regstellende aksies in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is veral vroue wat die topposte kry en manlike aanstellings is die laagste op die prioriteitslys. Rolomkering vind plaas deurdat die vrou wat tradisioneel na die gesin omgesien het nou beter werkgeleenthede kry en die man dikwels sy werk verloor en na die kinders moet omsien of self heeltemal gemarginaliseer word. Sistemies

gesien (vgl. 2.1.2) word die hiërargiese ordening van die gesin dus versteur en kan die toenemende gewelddadige gedrag van mans teenoor vroue en kinders waarskynlik gesien word as 'n poging om sy posisie te herstel deur 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand te bewerkstellig.

Posel (2005:239–250) bespreek die posisie van die man in die post-apartheid era in Suid-Afrika betreffende **seksuele geweld, waardes en politieke toestande**. Seksualiteit was nog altyd deel van politiek in die sin dat dit te make het met mag en Suid-Afrikaners ervaar in die post-apartheidbedeling intense openbare strydvrae, aktivisme en konfrontasie betreffende seksuele kwessies. Prinsipiële besorgdheid bestaan oor seksuele neigings veral van mans en oor die verpolitisering van seksualiteit wat vervleg is met 'n waarneembare krisis oor manlikheid. Tot en met middel van die 1990's is die kwessie van seksuele geweld verklein en gemarginaliseer tydens openbare debatte en politieke betrokkenheid. Van tyd tot tyd is deur die media gefokus op verkragting en kort episodes van openbare besorgheid en geïnteresseerdheid is uitgespreek maar oor die algemeen het dit in geheimhouding en in stilte plaasgevind (Posel 2005:240). Kinderverkragting is in die Afrika-gemeenskappe geheim gehou omdat dit as 'n skande en 'n aanval op die gesin en familie beskou is en indien dit openbaar gemaak sou word, impliseer dit dat niemand met daardie dogter sou wou trou nie en dat sy 'n teiken word vir ander verkragters omdat daar geredeneer word dat sy in elke geval alreeds verkrag is. Daar word ook geredeneer dat seksuele geweld primêr 'n oortreding teenoor die vrou/kind se liggaam is. Haar persoonlike individualiteit en die emosionele trauma word ontken, sowel as enige skending van fundamentele morele kwessies of die legitimiteit van manlike outoriteit wat dit insluit (Posel 2005:242–243).

Teen die einde van 2001 het bespreking oor seksuele geweld en spesifiek **verkragting** meer prominent geraak en is groter druk in die openbaar uitgeoefen om die stilte te verbreek. Nie-regeringsorganisasies en gemeenskapsdrukgroepe het al meer begin om die politici uit te daag om seksuele geweld in die openbaar aan te spreek en spesifiek sterk afkeur uit te spreek. Sake soos kinderverkragting en strawwe vir seksuele oortredings is in die parlement en die media bespreek. Dit is 'n moeilike saak *"in a country long accustomed to dismissing sexual violence as either a male prerogative, or an understandable – if unfortunate – response to the sexual temptations or dissidence of women, this anxiety about male sexuality was especially unusual."* (Posel 2005:240.) Dit is egter onmoontlik om die gemeenskap op die weg van morele hervorming te stuur sonder om die kwessie van magsmisbruik van mans teenoor vroue of kinders aan te spreek.

Dit is veral verkragting van babas wat tans hewige reaksie ontlok, aangesien die slagoffer totaal onskuldig en kwesbaar is teenoor die brutaliteit van die oortreder. Dit word beskou as 'n morele polariteit in 'n nuutgebore demokratiese Suid-Afrika wat goed behoort te wees vir almal en waarin hierdie destruktiewe gedrag voorkom. Seksuele misbruik van babas word metafories beskou as 'n

morele skending van die nuutgebore nasie. Tog word dit ook gestel dat seksueel onaanvaarbare gedrag geleë is in 'n breër matriks van morele angstigheid, sosiale onstabiliteit en politieke wedywering of stryd (Posel 2005:241).

Die fundamentele beskouing van seksuele geweld of verkragting behoort dus te wees 'n daad wat fisiese en psigologiese trauma inhou vir die slagoffer, maar ook 'n aanduiding van radikale morele en maatskaplike foute en regsprosedures betreffende wetstoepassing. Dit kom daarop neer dat die kinderbeskermingsisteem weerlose en onskuldige kinders faal deur hulle nie te beskerm teen seksuele geweld nie – weer eens die beginsel van maatskaplike geregtigheid wat nie nagekom kan word nie. (Vgl. 7.1.1.)

Die kwessie van **kinderverkragting** het ook te make met MIV/VIGS weens die mite dat MIV-positiewe mans jong meisies of spesifiek maagde verkrag en glo dat dit hulle van die siekte kan genees (Posel 2005:245). Daar word beweer dat dit die toename in kinderverkragting meegebring het en sodoende ook die siekte se verspreiding. Die verkragting van byvoorbeeld die baba in 2001 in Louisvale in die Noord-Kaap het nasionaal en internasionaal groot kritiek uitgelok en hewige protesreaksie deur die algemene publiek, op radio, televisie, in tydskrifte en koerante het hierop gevolg. Suid-Afrika moes erken dat verkragting die mees fundamentele politieke en morele uitdaging is waarmee die nuutgebore demokrasie gekonfronteer word (Posel 2005:246–247). Ses jaar later word in die *Volksblad* (Cronje 2007:12) weer berig oor 'n negejarige dogtertjie van Louisvale wat vermis geraak het en haar lyk wat 'n paar dae later onderstebo in 'n vullisdrom gevind is. Sy is onsedelik aangerand en die polisie vermoed dat sy versmoor het. In dieselfde berig word verwys na spesiale projekte wat onderneem word deur die gemeenskaps-polisiëringsforum om voorkomend op te tree en kinders te beskerm. Tans word weer 'n dringende beroep op ouers gedoen om behoorlik toesig te hou oor hul kinders en om maatskaplike euwels soos drankmisbruik in die gemeenskap aan te spreek. Maatskaplike werkers meen dat hierdie soort insidente simptome is van 'n siek samelewing waar bandeloosheid, roekeloosheid, misdaad, alkoholmisbruik en 'n gebrek aan ouerlike toesig voorkom en veral kinders wat sonder vaders grootword, kinders is wat nie geleer word om persoonlike grense te stel of respek vir hulself of ander het nie. Hierdie aspekte is dus sterk waarde-georiënteerd en kan onmoontlik aangespreek word sonder om terug te keer na basiese gesinswaardes en gesonde, funksionele gesinsisteme waar kinders normaal gesosialiseer word binne sterk gefundeerde godsdienstige beginsels.

Daar word beweer dat verkragting die grootste skandaal vir manlikheid is en morele paniek veroorsaak. Posel (2005:248) verwys na Stanley Cohen (1980) wat morele paniek beskou as 'n toestand, episode, persoon of groep van persone wat gedefinieer word as 'n bedreiging vir gemeenskapswaardes en belange; dit word gewoonlik deur die massamedia en prominente of

besorgde persone in die openbaar bespreek; diagnoses en oplossings of hanteringswyses word mee na vore gekom tot die toestand verdwyn, wegraak of vererger en meer sigbaar raak. Seksuele geweld het in baie opsigte hierdie proses gevolg deurdat dit gedurende die apartheidsjare onderdruk is en skielik die hoogte ingeskiet het as 'n maatskaplike kwessie waaroor groot besorgheid bestaan. Dit het ook in nuwe vorms na vore gekom soos babaverkragtings en die geweld waarmee seksuele oortredings gepaard gaan. Dit gaan ook gepaard met die skande vir manlikheid aangesien van vaders verwag word om hul gesinne te beskerm terwyl kinderverkragting in baie gevalle binne gesinsverband plaasvind. "*The most brutal threats to women and children had come from the men closest to them: no longer protectors, fathers, husbands, relatives and friends had been exposed as predators … the most intimate settings were now the most dangerous zones … home had become the zone of moral menace of the worst kind."* (Posel 2005:249.)

Manlikheid en vaderskap, tradisioneel beskou as die pilare van nasiebou, word dus in sy wese aangetas deurdat daar bykans nie 'n enkele geval van geweldsmisdaad plaasvind waarby 'n man nie betrokke is nie. Daarom is dit belangrik om die disfunksionele morele standaarde wat in die land gehandhaaf word in totaliteit aan te spreek, maar ook spesifiek die kwessie van onaanvaarbare manlike gedrag.

'n Ander kwessie wat sterk na vore tree is **geweld in skole** en daarmee saam uitdagende gedrag van kinders. Gereelde beriggewing word gesien oor bullebakkery, afknouery, aanrandings en selfs die tragiese dood van kinders na 'n bakleiery. In die Volksblad (Rademeyer 2006:9) word berig van 'n sestienjarige skoolseun wat oorlede is na 'n vuisgeveg. In dieselfde berig word verwys na 'n navorsingsprojek wat deur prof. Corene de Wet van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat onderneem is en waar 32,4% leerders aangedui het dat hulle al deur medeleerders te lyf gegaan is en 11,2% word minstens een keer per week deur medeleerlinge geslaan, geskop of op ander maniere seergemaak. Sielkundiges en kriminoloë meen dat dié soort gedrag te make het met die toename in geweld in die samelewing. Kinders lees van geweld, sien dit op televisie en beleef dit dikwels in hul ouerhuise. 'n Gebrek aan dissipline, sterk morele waardes en standaarde, sowel as 'n gebrek aan liefde en aandag word as bydraende faktore genoem.

Die genoemde gebrek aan dissipline lei noodwendig tot die kwessie van die aanvaarbaarheid van **lyfstraf** of nie. Lyfstraf is diepgewortel in die Suid-Afrikaanse kultuur met byvoorbeeld uitdrukkings soos, "'n pak op sy tyd is soos brood en konfyt" en baie ouers glo nog aan beheersde lyfstraf. Dit behoort egter nie benut te word as 'n wyse waarop ouers van hul frustrasie oor 'n kind se wangedrag ontslae wil raak nie, maar dit behoort gepaard te gaan met 'n ondersteunende verduideliking aan die kind (Schoeman 1999:370). Hoewel ouers nie belet kan word om lyfstraf toe

te pas nie, is dit verbode in skole en in enige opvoedkundige instellings en ook wat pleegsorg betref. Die afleiding word gemaak dat lyfstraf maklik misbruik kan word en dat enige vorm van geweld teenoor kinders onaanvaarbaar is. Meer positiewe en opbouende strafmaatreëls word dus ondersteun, hoewel dit ook belangrik is dat kinders die boodskap moet kry dat hulle verantwoordelikheid vir hul gedrag moet aanvaar. Verder is dit belangrik dat gesagsfigure soos ouers en onderwysers nie lamgelê behoort te word deur reëls en regulasies wanneer dissipline toegepas moet word nie, aangesien aanvaarbare waardes en gedrag op hierdie wyse vasgelê moet word.

'n Verdere kwessie wat kenmerkend van 'n moderne samelewing is en waarby kinders al meer begin betrokke raak, is **inligtingtegnologie**. Elektroniese toerusting soos rekenaars, internet en selfone hou beslis voordele in, veral betreffende die beskikbaarheid van kennis, maar ongelukkig ook gevare en risiko's vir kinders se veiligheid en waardesisteme. Selfone raak byvoorbeeld 'n noodsaaklikheid vir kinders vir sosiale netwerk en om speletjies te speel. Vir ouers bied dit gemoedsrus omdat dit toeganklikheid tot en monitering van hul kinders kan vergemaklik. Aan die negatiewe kant raak veral tieners obsessioneel oor selfone en die internet om afsprake te reël en te kommunikeer. Die Christian Science Monitor (2007:1) verwys na 'n opname gemaak deur Teenage Research Unlimited (2007), wat toon dat 20–30% kinders meen dat hul geselsmaat hulle konstant kontroleer, teister of beledig en onwelvoeglike voorstelle vir seksuele aktiwiteite maak via selfone of teksboodskappe. Die risiko bestaan dat kinders mettertyd totaal gekontroleer word in terme van gedagtes, gevoelens en optrede deur die ander persoon met wie hulle voortdurend elektronies kommunikeer. Daarna word verwys as "*dating violence".* Die gebruik van selfone en ander elektroniese toerusting moet dus gepaard gaan met die nodige opvoeding aan kinders oor die voordele wat dit inhou indien dit reg gebruik word; wat aanvaarbare waardes daaroor is; gesonde verhoudings; en hoe hulle die tekens van misbruik en mishandeling kan identifiseer.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar heelwat riskante waardes in die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan wat 'n struikelblok vir gesonde kinderontwikkeling kan wees. Die vernaamste hiervan kan wees 'n gees van geweld, ongeduld en gebrek aan beheer oor woede en frustrasie, swak morele waardes soos wat dit na vore kom in seksuele wangedrag en soms algehele gebrek aan dissipline en selfbeheersing. Gesonde en aanvaarbare waardes soos respek vir mekaar, selfbeheersing en gesonde beheer oor negatiewe emosionele uitdrukkings word fundamenteel in die gesinslewe gevorm. 'n Gebrek daaraan sou kon heenwys na disfunksionele gesinsisteme waarvan die wederkerige invloed uitkring na alle vlakke van die samelewing. Daar sou derhalwe aangevoer kon word dat 'n gebrekkige waardestelsel op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem aanleidend kon wees tot kinderverwaarlosing en -mishandeling en verhoogde pleegsorgplasings.

7.1.3 Waardes en beginsels beskermend vir kinders

Kinderregte soos alreeds uiteengesit (vgl. 6.2.3), bied riglyne vir optrede teenoor kinders deur hul versorgers, opvoeders, gesagsfigure en die gemeenskap in die algemeen. Dit kom kortliks daarop neer dat kinders beskerm teen enige vorm van diskriminasie; fisiese, psigiese, sosiale of geestelike mishandeling of verwaarlosing moet word; dat daar na hulle geluister moet word en dat hulle betrokke moet wees by besluite oor hul toekoms; dat hulle ontwikkelingsgeleenthede moet kry en dat daar altyd in hul beste belang gehandel behoort te word. Waardes betreffende die hantering van kinders is dus duidelik uiteengesit in Suid-Afrika.

Wanneer dit van toepassing gemaak word op pleegsorg, is die belangrikste beginsel dat kinders binne **gesinsverband** versorg en beskerm behoort te word. Indien dit nie haalbaar is weens sorgbehoewende omstandighede nie, dan is dit die staat en privaatsektor se morele verantwoordelikheid om die kind te beveilig en 'n geleentheid tot 'n normale lewe te gee, verkieslik binne gesinsopset. Die gemeenskapswaarde betreffende pleegsorg behoort dus te wees dat kinders in die pleegsorgsisteem opgeneem moet word indien hulle welsyn bedreig word, maar dat hulle nie langer daar moet bly as wat werklik nodig is nie. 'n Fundamentele waarde van pleegsorg is dat kinders permanensie benodig (vgl.3.9) en 'n betekenisvolle emosionele binding moet hê. Kinders ontwikkel deur 'n reeks versorgende wisselwerkings met ouers, broers en susters, familie, kultuur en omgewing. 'n Kind se identiteit en sin vir die self groei deur hierdie verhoudings en daarvoor moet die geleentheid deur pleegsorg tydelik of meer permanent volgens behoefte geskep word indien dit nie binne die biologiese gesin kan plaasvind nie (The National Association of Foster Care Reviewers 1997:1).

Die mees noodsaaklike waarde vir kwesbare kinders in die samelewing behoort dus die bereidheid tot pleegsorg te wees ten einde aan die kind 'n liefdevolle, aanvaardende omgewing te bied waar hy die geleentheid kan kry om tot 'n normaal aangepaste volwassene te ontwikkel. 'n Ander aspek wat ten nouste met waardes saamhang en in hierdie hoofstuk bespreek word, is kultuur.

7.2 KULTURELE ASPEKTE EN KINDERBESKERMING

Daar word talle definisies in die literatuur oor kultuur aangetref waarvan enkeles vervolgens bespreek word. *The National Association of Foster Care Reviewers* (1997:1) in Amerika beskou kultuur as 'n geïntegreerde patroon van menslike gedrag wat gedagtes, taal en aksies insluit soos gewoontes en oortuigings, sosiale vorms, en kenmerke van ras, geloof, sosiale groep of klas volgens die individu se persepsie. Kurtz (2002:1) wys daarop dat kultuur nie net te make het met die individu se etniese agtergrond nie, maar verwys na Sealey en McDonald wat kultuur in twee

verdeel, naamlik eksterne items wat gesien, gehoor, aangeraak en gevoel kan word soos geloof, taal, kleredrag, behuising, literatuur, speletjies, gewoontes, rituele en gesinstyle. Interne aspekte is dit wat nie tasbaar is nie soos waardes. Interne sowel as eksterne aspekte van kultuur behoort as belangrike oorwegings te dien by die voorsiening van kultureel respekterende pleegsorg vir kinders.

Betreffende die ekologiese perspektief op pleegsorg en kultuur word aangesluit by Hanson (1992:3) wat daarop wys dat gemeenskappe hoogs interaktief is en dat individue in konstante wisselwerking en responderend met mekaar is en dat die eienskappe van daardie individue gevorm word deur wisselwerking. Gemeenskappe het kulturele waardes en praktyke wat menslike gedrag rig en 'n sosiale raamwerk voorsien wat wisselwerking vorm. Daarom word kultuur gesien as daardie raamwerk wat lewenspraktyke rig en afbaken of begrens. Dit beteken egter nie dat kultuur rigied is en bestaan uit voorgeskrewe gedrag of eienskappe nie, maar dat dit eerder 'n raamwerk is waardeur aksies gefiltreer word. Persone van dieselfde kultuur kan dus tendense deel, maar nie alle lede van die groep sal op dieselfde wyse optree nie. Ander faktore soos sosio-ekonomiese status, geslag, ouderdom en opvoeding sal ook 'n impak op kulturele gedrag hê. Daar is dus steeds heelwat heterogeniteit wat in ag geneem behoort te word tydens pleegsorgplasings binne dieselfde kultuurverband.

Kultuur is ook nie staties nie, maar verander en pas aan soos wat ontwikkeling plaasvind. 'n Bepaalde kulturele konteks dien egter as rigtingwyser en verwysingsraamwerk vir die gedrag van daardie kulturele groep. Swartz (1998:7) ondersteun hierdie beskouing deur dit te stel dat kultuur nie staties is nie, want interpretasies van reëls verander mettertyd om aan te pas by verskillende omstandighede. Dit is nie moontlik om rigiede grense te trek rondom kulture asof dit aparte entiteite is nie – veral in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika. Almal word beïnvloed deur 'n verskeidenheid kragte, vanaf die onmiddellike gesinskring, deur die skool, gesondheidsisteem, politieke omstandighede, massamedia en al hoe meer deur tegnologiese en elektroniese aspekte.

Alledaagse waardes en norme in 'n gemeenskap word grootliks gerig deur kultuur; só, byvoorbeeld kan 'n omgewing in terme van blanke kulturele terme gekonstrueer word. Betreffende maatskaplikewerkdienslewering aan die publiek kan dit die geval wees dat: "*Western aesthetics and cultural norms frequently dominate the structure and furnishings of social service agencies, creating environments that many clients perceive as unwelcoming at best, and oppressive at worst"* (Kemp *et al.* 2002:25).

Tot onlangs is Westerse waardes en idees as die vernaamste bron vir ontwikkeling in Suid-Afrika beskou, hoewel die belangrikheid van ander waardes en norme duidelik was. Tans weer word die klem geplaas op inheemse dienslewering en Afrika-tradisies soos *ubuntu/botho* raak meer dominant en word voorgehou as die norm. Die goue reël sou egter 'n meer akkommoderende

houding ten opsigte van alle kulture wees, aangesien suksesvolle ontwikkeling doeltreffende harmoniëring vereis en verskillende kulturele bydraes as toegevoegde waarde waardeer in plaas daarvan om sommige te onderdruk of te ontken. Daarom is dit 'n uitdaging om bekend te raak met al die verskillende inheemse kulture en positiewe waardestelsels en om dit te inkorporeer met ontwikkelingsbeleid en -prosesse. Op hierdie wyse kan pleegsorg ten beste binne homogene sowel as heterogene kulturele kontekste toegepas word.

In die nuwe Kinderwet (Children's Act 2005:section 12) word voorsiening gemaak dat kinders se reg tot beoefening van hul maatskaplike, kulturele en religieuse herkoms beskerm moet word. Kinders word egter ook deur artikel 12 teen skadelike kulturele praktyke beskerm (vgl. 6.2.4) soos om in 'n huwelik ingedwing te word, teen manlike of vroulike besnydenis of maagdelikheidstoetse onder die ouderdom van 16 jaar. Indien sodanige praktyke wel deel vorm van hul kultuur, moet kinders bo die ouderdom van 16 jaar eers daartoe toestemming verleen en hulle is ook geregtig op berading voor die tyd. Die vraag ontstaan egter hoedanige beheer hieroor uitgeoefen kan word en of kinders bo 16 jaar die vrymoedigheid sal hê om tot sodanige praktyke toestemming te weier in die lig van kulturele druk wat uitgeoefen word.

7.2.1 Kultuur as beskermingsfaktor vir kinders

Volgens 'n ondersoek wat ingestel is deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, 2nd Draft National Policy for Families 2004:16) tydens die formulering van 'n nasionale beleid vir gesinne in Suid-Afrika, is die volgende kulturele faktore uitgelig wat 'n invloed op gesinslewe en 'n effek op kinderbeskerming het:

- Elke kulturele groep het tradisies wat daarop ingestel is om gesinslewe te onderhou en elke groep moet aanpas by veranderde omstandighede. Só, byvoorbeeld was daar in die Afrika-kultuur 'n familienetwerk om huwelike deur middel van 'n aantal meganismes te reël soos die betaal van *lobola*. Daardeur het die vrou deel geword van haar man se familie, wat impliseer dat sy van die een vorm van beheer en beskerming van haar eie vader beweeg het na die toesig en beskerming van haar eggenoot, skoonmoeder en hoof van die skoon-familie. Die gebruike word steeds voortgesit in veral landelike gebiede, maar die invloed van 'n Westerse lewe en verstedeliking van die swart vrou het meegebring dat sy nie meer so beheer wil word deur 'n familienetwerk nie en die gesinslewe moes weer daarby aanpas.
- In die geval van Indiërs bestaan die familienetwerk uit 'n hiërargiese stelsel onder die outoriteit van 'n senior man. Sodanige kulturele gebruike is 'n primêre bron van maatskaplike en huweliksondersteuning sowel as 'n verpligting wat bevorderlik vir kinders se sekuriteit kan wees.

- Blanke gesinne neig oorwegend tot ’n nukleêre gesinslewe volgens hul oorspronklike Europese wortels en selfstandige funksionering is die eintlike verwagting.
- In die vorige bedeling is huweliks- en gesinslewe voorgeskryf volgens die waardes van die regerende party wat Westerse konsepte bevorder het, terwyl tradisionele huwelike nie erken is nie. Die huidige beleid is demokraties en ingestel op selfverwesenliking en die bevordering van eie kulturele gebruike.

Bogenoemde tradisionele kulturele gebruike sou derhalwe as ’n versterkende faktor vir kinderbeskerming kon dien, aangesien dit behoudend vir die huwelik- en gesinslewe kan wees. Die ondersoek deur die Human Sciences Research Council (2004:71) oor kinder- en gesinslewe meld dat die groot verskil tussen werklikheid en ideaal die jong kinders verwar. Die werklikheid is dat kinders in omstandighede lewe waar vaders grootliks afwesig is en die tradisionele veronderstelling oor mans as die primêre versorger en leier van die huishouding nie figureer nie en dat baie kinders buite-egtelik gebore word en tussen uitgebreide familielede grootword. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat veranderde kulturele gebruike ten opsigte van kinders en die afbreking van gesinstradisies van die bydraende faktore tot kinderverwaarlosing en -mishandeling is, wat dan lei tot pleegsorgplasings.

Die waarde daarvan dat kulturele norme en verwagtinge vir die alledaagse lewe uitspel wat voordelig vir kinderbeskerming kan wees, word al meer besef. Allsopp en Thumbadoo (2002:19–20) meld dat kulturele praktyke wat verlore gegaan het al hoe meer aan kinders en jeugdiges geleer behoort te word omdat dit ’n sin vir “behoort-aan” en positiewe Afrika-identiteit kan bevorder. Daar is talle gebruike in Afrika wat voordelig is vir kinderversorging, soos vergewensgesindheid, harmonie, heling, “behoort-aan” en “verwant-wees-aan”. *Ubuntu* en deelname vorm deel van die gees waarin met problematiese kinders en jeugdiges gewerk behoort te word en moet as ’n sterkte gesien word wat aan jongmense gemodelleer kan word.

Fraser *et al.* (2004:26) wys daarop dat in die VSA veerkragtigheids- en risikofaktore verskillende betekenisse in verskillende kulture kan hê. Afro-Amerikaanse vroulikes word enkelouers, hoof van huishoudings en het oor die algemeen op ’n vroeër leeftyd kinders as Europees-Amerikaanse vroue. Wanneer dit sonder inagneming van kulturele beskouinge geassesseer word, word dit dikwels as risikofaktore vir kinders beskou. Dit terwyl Afro-Amerikaanse kultuur tradisioneel ander gesinslede, veral die grootouers, insluit by die versorging van kinders en ’n breër ondersteunings-netwerk bied as in die geval van Europees-Amerikaanse kinders in enkelouergesinne. Dit hoef dus nie noodwendig as ’n risiko geassesseer te word nie. Die betekenis van potensiële risikofaktore moet dus geïnterpreteer word in die konteks van kulturele waardes, geloofsoortuigings, maatskap-like steun, ras en etniese sosialisering en enige ander faktore wat kinderopvoeding kan beïnvloed.

Die definiëring van mishandeling en verwaarlosing van kinders in verskillende etniese, rasse en kulturele groepe het sedert die 1990's betekenisvolle aandag geniet en kenners is daarmee eens dat verskillende kinderopvoedingspraktyke nie sonder meer as goed of sleg bestempel kan word nie. Waaroor dit eintlik gaan, is of die veiligheid van die kind verseker kan word al dan nie (Thomlison 2004:94). Dit sluit aan by die sterkteperspektief, wat ingestel is op die ontdekking van sterktes en potensiaal en in die verband dan spesifiek hoedat kulturele faktore tot voordeel van die pleegkind aangewend kan word. Familieplasings (vgl. 3.6.2) wat algemeen onder veral die Afrika-kultuur voorkom en waar die kind binne sy bekende omgewing behou kan word, is 'n voorbeeld hiervan.

Kenmerkend van die sterkteperspektief is die konsep van veerkragtigheid. Waller (2001:5, 25) bied 'n lys van beskermende faktore betreffende kulturele/etniese identiteit wat as buffer kan dien tussen die persoon en risikofaktore wat sy welsyn bedreig: sterk, positiewe etniese identiteit, weerstand tot onderdrukking of etniese aktivisme, identifisering van tradisionele oortuigings en waardes, deelname aan tradisionele praktyke en ras of etniese sosialisering. Indien 'n persoon dus sterk geanker is in en behoort tot 'n etniese groep wat hy as sy habitat of woonplek ervaar, kan dit gesonde groei en ontwikkeling stimuleer of as ondersteunings- en beskermingsnetwek dien in tye van teenspoed.

Kemp *et al.* (2002:17) stel 'n kulturele perspektief op die omgewing van die kind voor as 'n voertuig vir kulturele simbole, hulpbronne en verwagtinge. Die daaglikse omgewing op sigself is draers van maatskaplike boodskappe wat kenmerke raak van die persone wat daarin woon. Sosiale oortuigings oor mense, hul regte en verantwoordelikhede en hul plek in die wêreld word vertaal in en uitgedruk deur ruimtelike reëlings en strukture. Wanneer 'n praktyk van bemagtiging beoefen word, is die primêre doelwitte om marginalisering en onderdrukking van mense en gemeenskappe teen te staan sodat almal gelyke toegang tot hulpbronne en dienste kan hê en om maatskaplike en fisiese omstandighede te verander wat die lewenskwaliteit van mense negatief beïnvloed.

Kulturele praktyke kan derhalwe bevorderlik wees vir kinderbeskerming as dit byvoorbeeld in ooreenstemming is met algemene menseregte en kinderregte, positiewe waardes oordra en versorgend is teenoor veral kinders. Dit is egter nie noodwendig waar dat alle kulturele praktyke altyd bevorderlik vir die beste belange van kinders is nie.

7.2.2 Kultuur as risikofaktor vir kinders

Kulturele aspekte kan ook soms 'n struikelblok tydens dienslewering wees soos die beskouing oor siekte en die behandeling daarvan. Moderne Westerse gemeenskappe is bekend met mediese diagnoses van siektes en oorsake soos infeksies, oorerwing, gevolge van ongesonde lewenstyle

en ander onbekende fisiese faktore en respondeer normaalweg goed op behandeling soos antibiotika, vitamiene, chirurgiese prosedures, oefening en rus. Ander etniese groepe se beskouing van die oorsake en behandeling van siektes of ander fisies verwante toestande kan drasties verskil. Geloof in bonatuurlike kragte soos toordery, bose geeste, vervloeking, hekse en geloofsgenesing kan ernstige teenstrydighede meebring in die hantering van nie alleen fisiese nie, maar ook psigologiese en maatskaplike verskynsels (Hepworth *et al.* 2002:222–223). In Suid-Afrika kom byvoorbeeld die behandeling van MIV/VIGS gedurig onder die soeklig aangesien tradisionele behandeling deur allerhande kruie of sangomas steeds gewild bly en daar skeptisisme bestaan oor die gebruik van Westerse medisyne soos antiretrovirale middels.

Suid-Afrika is sterk beïnvloed deur Eurosentriese kulturele gebruike via die setlaars en koloniale administrateurs, veral die wyse waarop blanke kinders opgevoed word. Hoewel die sosialisering en dissiplinering van swart kinders verskil van etniese groep tot etniese groep, is ook hulle nie onaangeraak gelaat deur Europese invloede nie, aangesien die opvoedings-, religieuse en regsisteme grootliks op die Europese model gebaseer was. Hierdie artikuleringsproses het veral die swart mense vasgevang tussen hul eie tradisionele kulture en Westerse kulture betreffende kinderopvoedingspraktyke en strafmaatreëls vir wangedrag. Die apartheidsisteem gedurende die 1940's en daarna, met gepaardgaande wanpraktyke soos gebrekkige skoolsisteme en opleidingsgeleenthede en die gebruik van kinders vir goedkoop arbeid, word beskou as faktore wat kon bydra tot problematiek wat huidig ondervind word met uitdagende gedrag onder jeugdiges. Tans word waargeneem dat jeugdiges frustrasie en woede ervaar en hulle dikwels tot geweld en misdaad wend aangesien die meeste steeds onvervulde begeertes het. Hoewel die opstand en stryd teen apartheid 'n positiewe uitkoms in die vorm van 'n demokratiese bestel vanaf 1994 gehad het, het dit ook 'n negatiewe kant deurdat die jeug opgegroei het in 'n klimaat van geweld en opstand wat voortgesit word in die vorm van 'n lewenstyl met 'n gebrek aan respek vir menselewe en eiendom. Dit, tesame met die verlies aan tradisionele opvoedingspraktyke wat die jeugdige vanaf kinderstadium na volwassenheid begelei het, sowel as die gebrek aan ouerlike beheer en toesig, die stadige pas van vordering betreffende ontwikkeling en onvervulde verwagtinge, kan as aanleidende faktore tot uitdagende gedrag onder jeugdiges beskou word (Bezuidenhout 2003:4).

Die huidige agtienjariges in die land was nog voorskools toe apartheid beëindig is en 'n nuwe demokratiese bestel binnegegaan is waar sterk klem op menseregte geplaas word. Die ideale wat gestel word vir 'n nuwe Suid-Afrika, behels egter 'n lang proses wat steeds in wording is na 15 jaar, terwyl baie van die huidige jeugdiges ongeduld en frustrasie ervaar omdat hulle nog nie gebaat het by die nuwe Suid-Afrika nie en steeds agtergeblewe en benadeel voel. Uitdagende gedrag van kinders raak 'n al groter probleem in die pleegsorgsisteem. Die familiesorgopsie raak al kleiner in die stedelike gebiede en daar kan nie van pleegouers verwag word om hul eie funksionele

gesinsisteem bloot te stel aan die ontwrigting van 'n uitdagende tiener nie. Alternatiewe versorgingsopsies is dus beperk vir hierdie kinders en daarom is daar 'n groot behoefte aan hulpbronne om professionele pleegsorg uit te brei. (Vgl. 3.6.6.) Bonecutter en Gleeson (s.a.:69) wys daarop dat armoede, substansmisbruik, geweld in gesinne sowel as in gemeenskappe die natuurlike tradisionele hulpverleningsisteem van die familie bedreig. Daar bestaan verhoogde nood aan familiesorg en terselfdertyd is daar 'n verhoogde betrokkenheid van die formele kindersorgsisteem in die natuurlike familiesorgsisteem, terwyl al meer kinders by nie-verwante pleegouers geplaas moet word en daar ook 'n afname is in terugplasing van pleegkinders by hul biologiese ouers.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat kulturele tradisies oor wedersydse hulpverlening, sterk familiebande, "behoort-aan" en verwantskap bedreig en beskadig word deur verstedeliking, ekonomiese welvaart en individualisering van die moderne samelewing. 'n Gebrek aan kulturele identiteit en kultuurvermenging en -integrasie het dus 'n nadelige invloed op die pleegsorgsisteem en in die besonder op familiesorg. Ten einde die rol van kultuur as behoudend of versterkend vir kinderbeskerming te bepaal of riskante kulturele gebruike te identifiseer, behoort 'n deeglike assessering van die situasie gedoen te word.

7.2.3 Etnies-kulturele assessering

Etnies-kulturele faktore beïnvloed die probleme wat mense ervaar en daarom is kennis van die kliënt se kulturele agtergrond noodsaaklik, veral as dit verskil van die hulpverlener s'n. Sonder sodanige kennis kan ernstige foute tydens assessering gemaak word oor wat beskou word as funksioneel of disfunksioneel (Hepworth *et al.* 2002:244–245). Só, byvoorbeeld kan die vrou 'n ondergeskikte of gelyke status teenoor die man geniet, of die dissiplineringswyse van kinders en kommunikasie met ouers kan baie verskillend wees in die onderskeie kultuurgroepe. In die Afrika-kultuur word kinders tradisioneel nie toegelaat om te verskil van ouer mense nie en moet respek betoon word deur algehele gehoorsaamheid. Indien intervensie teenstrydig is met hierdie tradisies kan dit gesinskonflik verhoog. Aan die ander kant moet maatskaplike werkers waak teen stereotipering deur bloot te aanvaar dat algemene Afrika-kulturele gebruike algemeen geldend is. In Suid-Afrika is daar verskeie etniese groepe soos Suid-Sotho, Tswana, Zulu, Xhosa, Pedi, Tsonga, Venda, Swazi onder die Swart bevolking; en dan is daar ook nog die Bruin bevolking, byvoorbeeld die Kleurling, Khoi-San, Maleier, Nama en Griekwa; sowel as die Blanke bevolkingsgroep, terwyl 11 verskillende tale gepraat word. Verder is daar ook verskille in die mate waartoe nog tradisioneel geleef word of wat die invloed van verstedeliking en die moderne lewe was. Binne homogene kultuurgroepe kan daar dus 'n verskeidenheid onder individue bestaan en moet beginsels van individualisering, uniekheid, respek en selfbeslissingsreg altyd gehandhaaf

word. Daar moet ook onderskei word tussen gedrag wat beïnvloed word deur kulturele faktore of deur individuele faktore soos fisiese gestremdheid of geestesongesteldhede.

Dit gebeur ook dikwels dat maatskaplike werkers werk in situasies waar etniese minderheidsgroepe vermeng het met etniese meerderheidsgroepe (Hepworth *et al.* 2002:245). In Suid-Afrika kan sodanige vermenging geredelik voorkom en dan moet gesinne waar lede van twee verskillende kulture afkomstig is in verhouding tot die invloed van beide kulturele oorsprong geassesseer word. Eie aan die sterkteperspektief, behoort daar gefokus te word op sterktes in die verskillende kulture wat tydens hulpverlening aangewend kan word.

Volgens Lynch (1992:41) behoort daar tydens die assessering van 'n kind of gesin spesifieke inligting ingesamel word oor kulturele siening en kinderopvoedingspraktyke, gesinsrolle en strukture, gestremdhede, gesondheid en gesondheidspraktyke. Die goue reël is om nie veronderstellings te maak oor prioriteite, hulpbronne of enige ander aangeleenthede nie, veral indien die kliënt se kultuur verskil van die hulpverlener s'n. Lynch (1992:41–43) verwys na Wayman, Lynch en Hanson (1990) se riglyne vir tuisbesoeke wat gebruik kan word om inligting te bekom oor die gesin se kulturele waardes en voorkeure binne die konteks van 'n gesinsistemiese benadering tot intervensie. 'n Samevatting van die riglyn word vervolgens weergegee:

- Gesinstrukture
    - Gesinsamestelling betreffende: gesinslede, besluitnemers, besluitnemingsproses, lede in die huishouding, vriendekring, hiërargie in die gesin en of status in die gesin verband hou met geslag of ouderdom.
    - Primêre versorgers, betreffende die volgende aspekte: Wie is die primêre versorgers? Wie help met 'n taak? Die hoeveelheid moedersorg teenoor ander deelnemers? Hoeveel tyd spandeer die kind weg van die primêre versorger? Bestaan daar konflik tussen versorgers oor versorgingspraktyke? Watter ekologiese of omgewingsfaktore soos behuising of werk maak inbreuk op kinderversorging?
    - Kinderopvoedingspraktyke: eksploreer oor voedingspraktyke, maaltydreëls, soorte kos, oortuigings oor borsvoeding, bottelvoeding, vaste kos vir babas, reëls vir kosvoorbereiding en -hantering of enige teenstrydighede onder gesinslede oor die voeding van babas en kleuters.
    - Gesinslaappatrone betreffende die volgende: Slaap die baba in dieselfde kamer as die ouers of wanneer word die baba uitgeskuif? Is daar 'n vasgestelde bedtyd, hoe word kinders gedurende die nag gehanteer as hulle wakker word en hoe word doekomruiling gedoen?

- Hantering van ongehoorsaamheid en aggressie: wat is die parameters vir aanvaarbare gedrag van kinders, vorms van dissiplinering, en wie neem dissiplinêre aksies?
- Gesin se reaksie op 'n huilende kind: Hoe lank word gewag voordat 'n huilende baba opgetel word en hoe kalmeer die versorger 'n omgekrapte kind?
- Gesin se persepsie betreffende gestremdhede by kinders: Watter kulturele of geloofsfaktore beïnvloed die gesin se siening van gestremdhede en word iemand daarvoor verantwoordelik gehou?
- Siening van gesondheid en genesing: Hoe word mediese behoeftes gehanteer, vertrou hulle op Westerse mediese dienste of holistiese benaderings of kombineer hulle dit? Wie besluit oor mediese aangeleenthede, gesinslede, oudstes, vriende, volksgenesers, gesinsdokter of mediese spesialiste? Stem al die gesinslede saam oor mediese behoeftes?
- Gesin se siening van hulpverlening: By wie soek die gesin hulp – gesinslede of buitestaanders? Wat is hul algemene gevoelens oor hulpverlening, byvoorbeeld skaamte, woede? Eis hulle dit as 'n reg of word dit beskou as onnodig? Tot watter instellings tree hulle toe – medies, opvoedkundig of maatskaplik – en watter gesinslede tree in wisselwerking met ander sisteme?

Bogenoemde assessering het dus ten doel om die soort gesin te bepaal, hoedat en deur wie gesinrolle en -take vervul word, die verkenning van kinderversorgings- en opvoedingspraktyke, sowel as die gesin se reaksie op siekte en gesondheid, problematiek en teenspoed en hul houding oor hulpverlening. Dit sluit aan by riglyne vir gesinsassessering (vgl. 5.5) waarby spesifiek etnies-kulturele praktyke gekombineer kan word.

Taal- en kommunikasiestyle (Lynch 1992:43).

- Taal: Wat is die inheemse taal en kan die gesin byvoorbeeld Engels praat wat meer algemeen verstaan word?
- Tolkgebruik: Van watter kultuur is die tolk afkomstig en is hy bekend met die gesin se oorsprong? Is die gesin gemaklik met die tolk en sal die gesinslid meer gemaklik wees met 'n tolk van dieselfde geslag?

Dit is onmoontlik om 'n deeglike assessering te doen sonder doeltreffende kommunikasie. Indien die gesin nie direk met die maatskaplike werker kan kommunikeer nie, moet eers vasgestel word wat die gesin se voorkeure oor tolkgebruik is om te voorkom dat aanstoot gegee word tydens onderhoudvoering.

- Interaksiepatrone (Lynch 1992:43).

- Kommunikeer die gesin op direkte of indirekte wyse? Kommunikeer hulle stilweg of luidrugtig? Deel hulle gevoelens wanneer hulle emosionele kwessies bespreek en vra hulle direkte vrae? Wil hulle ook ingelig wees oor die agtergrond van die hulpverlener en is die hulpverlener gemaklik daarmee?

Die maatskaplike werker behoort sensitief te wees vir nieverbale sowel as verbale kommunikasiestyle en daarby aanpas tydens onderhoudvoering. Indien gesinslede nie daaraan gewoond is om gevoelens te deel nie, moet daar byvoorbeeld eers gewerk word aan 'n vertrouensverhouding en intervensie sal aangepas moet word om kliënte te help om 'n emosionele bewussyn te ontwikkel ten einde in staat te wees om gevoelens te eksploreer.

Lynch (1992:44) wys verder daarop dat kultuur slegs een aspek is wat 'n individu en gesin se houding, waardes, oortuigings en gedrag bepaal. Sosio-ekonomiese status, opvoedkundige peil, mate van affiliasie en identifikasie met hul oorsprong en huistaal is alles veranderlikes wat in ag geneem behoort te word ten einde 'n gesin te kan assesseer.

Vanuit bogenoemde kan dit samevattend gestel word dat assessering op hierdie vlak ekosistemies en sterktegerig behoort te wees en dat die volgende aspekte van belang is:

- Agtergrondskennis van meerderheids- en minderheidskulture wat die kliënt se leefwêreld op interne sowel as eksterne vlak kan beïnvloed, is onontbeerlik vir die maatskaplike werker ten einde korrek te assesseer.
- Duidelikheid moet bekom word oor konseptualisering en betekenisgewing oor wat byvoorbeeld funksioneel en disfunksioneel is vir 'n bepaalde kultuurgroep.
- Daar moet gewaak word teen stereotipering aangesien homogene kulture steeds 'n verskeidenheid kan insluit.
- Algemene maatskaplikewerkbeginsels en -waardes moet ten alle tye gehandhaaf word, afgesien van kulturele verskille, aangesien dit aansluit by die respektering van algemene menseregte.
- Assessering van kulturele aspekte moet die individu, gesin en gemeenskap insluit; dus holisties, terwyl dit primêr ingestel is op die identifisering van kulturele sterktes wat tot voordeel van die kliënt aangewend kan word.

Etnies-kulturele assesseringriglyne kan gekombineer word met die ander assesseringskriteria wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek word (vgl. 4.4, 5.5 en 6.6) ten einde 'n holistiese beeld van die kliënt se maatskaplike funksionering te bekom. Dit is veral noodsaaklik om 'n pleegkind se behoeftes en sterktes te bepaal ten einde 'n gepaste pleegsorgplasing te reël en 'n kultureel sensitiewe pleegsorgplan daar te stel.

Daar is reeds verwys na die invloed van veranderde maatskaplike omstandighede soos verstedeliking en veranderde gesinstrukture op pleegsorg (vgl. 3.1.3) en dat die uitgebreide familienetwerk nie meer outomaties die sekuriteitsisteem is nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar voortdurend 'n tekort aan pleegouers bestaan en dat maatskaplike werkers kinders by gewillige persone moet plaas, wat nie noodwendig beteken dat dit binne kulturele en geloofsverband kan wees nie.

7.2.4 Multikulturele pleegsorg

Kinders word op verskillende maniere deel van 'n gesin soos deur natuurlike geboorte, aanneming of pleegsorg. Daar is 'n groeiende diversiteit in gesinne en kinders word in 'n verskeidenheid van gesinne groot, soos reeds gedefinieer (vgl. 5.2.1), leef hulle by ouers wat getroud is, waar hertroues plaasgevind het, saamleefverhoudings van hetero- of homoseksuele ouers of enkelouers. Betreffende pleegsorg is die ideaal dat 'n kind die geleentheid moet kry om normale gesinslewe binne 'n volledige gesin met 'n vader en moeder te ervaar. Vanweë verskeie faktore soos egskeiding, dood en veranderde gesinstrukture, is dit egter nie meer moontlik om genoeg sodanige pleeghuise te bekom nie en daarom moet daar verby die gewone gesinstrukture gekyk word na die identifisering en versterking van versorgingsplekke waar kinders geleentheid tot groei en ontwikkeling kan kry. 'n Voorbeeld van sodanige situasie is waar kinders by verskillende rassegroepe geplaas word.

Die Kinderwet (1983) is reeds gedurende 1991 gewysig om voorsiening te maak vir multikulturele plasings van kinders. Dit tesame met die politieke veranderinge wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, het multikulturele gesinne in 'n reënboognasie al hoe meer aanvaarbaar geraak. Die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg in Durban het begin om multikulturele plasings te reël weens die tekort aan plasingsmoontlikhede vir kinders wat verlaat is deur hul ouers en aangewese is op intensiewe aandag van 'n primêre versorger weens ernstige verwaarlosing. Sodanige plasings is slegs gedoen wanneer daar nie geskikte versorgers van dieselfde ras bekom kon word nie. Die plasings het deurlopend gepaard gegaan met navorsing en het veral gefokus op ouerskapbeoefening in multikulturele opset en die vorming van 'n persoon se etniese identiteit (Ledderboge & Van Rooyen 2003:326).

Betreffende die wetlike en beleidsaspekte in Suid-Afrika, was die Law Commission (2002:79–80) se aanbeveling vir die nuwe Kinderwet dat kultuur, geloof en taalverband van die kind, verkieslik moet ooreenstem met die van die pleegouers. Pleegsorg by versorgers wat in hierdie opsigte verskil, is aanvaarbaar in die volgende gevalle:

- wanneer die kind reeds met die voornemende pleegouers 'n verbintenis het; of

- indien geen pleeggesin met dieselfde agtergrond gevind kan word nie.

Hierdie aanbeveling is wel opgeneem in die nuwe Kinderwet (Children's Act 2005:64). Die afleiding word gemaak dat dit bedoel is om te verseker dat kinders die geleentheid kry om groot te word in 'n milieu wat ooreenstem met dié van sy biologiese gesin en nie vervreemd word van sy eie herkoms nie. Soos reeds genoem is hierdie ideaal egter nie altyd haalbaar nie weens 'n tekort aan plasingsmoontlikhede.

Studies wat deur Ledderboge (2001:18) gedoen is oor multikulturele plasings deur die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg van Durban het getoon dat die meeste kinders daarby baat om deel te wees van 'n gesinsopset, maar dat die volgende spesifieke aspekte van belang is by multikulturele pleegsorgplasings:

- Die kind se behoefte om te "behoort-aan" en 'n eie identiteit op te bou terwyl hy opgroei binne 'n ander kulturele opset.
- Die impak van 'n plasing van 'n kind van 'n ander ras, kultuur, taal en geloof op die pleeggesin moet duidelik verreken word.
- Die invloed van die pleeggesin se kultuur op die kind en sy behoefte om te weet waar hy vandaan kom – hy behoort deurlopend in aanraking gebring te word met sy kultuur van oorsprong.
- Die kind se behoefte om die redes waarom hy in pleegsorg geplaas is te begryp en te verwerk, soos die feit dat sy biologiese ouers hom verwerp het en geen belangstelling in hom toon nie en die pleegouers se rol in die verwerkingsproses.
- Dis 'n mite om te glo dat dit genoeg is om 'n kind uit jammerte in pleegsorg te neem. 'n Kind het behoefte aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding en wil ook weet waar hy vandaan kom.

Multikulturele plasings kan dus nie lukraak of emosioneel impulsief uit jammerte vir 'n verwaarloosde of verlate kind gedoen word nie. Die pleegouers se motief en vaardigheid om die unieke situasie te hanteer moet deeglik geassesseer word en pleegtoesigdienste moet voorsiening maak vir hierdie ekstra dimensie.

Verdere navorsingsresultate vanuit direkte onderhoude met ouers het die volgende getoon ten opsigte van die profiel van ouers en kinders (Ledderboge & Van Rooyen 2003:327–328):

- Persone wat kinders vanuit 'n ander rassegroep aanvaar, doen dit uit liefde vir die kinders en die meerderheid van die ouers is getroude pare. Multikulturele ouerskap is dus nie die "... *cure for singles to adopt the easy way*" soos dikwels beweer word nie.

- Die meeste kinders betrokke by die navorsing wat transkultureel geplaas is, was swart kinders. Dit was meestal babas wat deur hul ouers verlaat is, wat alreeds gesondheidsprobleme ondervind het en wat op kroniese medikasie was.

Die kinders het dus spesiale behoeftes, wat die versorging gekompliseerd kan maak en daarom behoort die ouers oor 'n sterk ondersteuningsnetwerk te beskik ten einde in die kinders se kulturele behoeftes ook te kan voorsien. Volgens Ledderboge en Van Rooyen (2003:331) is die grootste argument teen transkulturele plasings gewoonlik dat die kind vervreemd raak van sy oorsprong. In die studie het al die kinders kontak gehad met ander persone van hul eie etniese herkoms. Die vraag ontstaan egter of dit prakties moontlik is om daarmee vol te hou, veral as dit 'n langtermynplasing is en die kind alreeds van baba- of kleuterstadium by die pleegouers is.

Volgens die ekologies-sistemiese perspektief vind aanpassing plaas deur wisselwerking tussen verskillende sisteme ten einde homeostase te bereik. Die jong kind afkomstig vanaf 'n ander kultuur as dié van die pleegouers sal dus opgroei binne die pleeggesin se konteks van gebruike, geloof, taal en tradisies. Kurtz (2002:38) verwys hierna as "*enculturation",* bedoelende leer deur waarneming waardeur verandering mettertyd in sosialisering plaasvind. Die pleegkind pas dus aan en skakel in by gesinsrituele om aanvaar te word en die gevoel van behoort te ervaar. Aan die ander kant het 'n sterk kulturele identiteit 'n impak op die ontwikkeling van 'n sterk persoonlike identiteit. Pleegkinders voel dikwels gefragmenteerd in terme van hul identiteit, veral tydens die bereiking van adolessensie. Wat van belang is vir pleegsorg is dat die kind se sin vir identiteit, wat grondliggend is vir sy selfwaarde, nie beskadig of vernietig mag word in die proses nie.

Multikulturele pleegsorgplasings is 'n komplekse verantwoordelikheid aangesien die pleegouers uiteenlopende benaderings moet integreer terwyl die integriteit van hul eie gesinstradisies, geloof en roetines onderhou moet word. Kurtz (2002:38) verwys na navorsing van Zuniga (1991) wat getoon het dat een-derde van die gesinne wat kinders van ander kulture in pleegsorg gehad het nie aandag geskenk het aan die kwessie van integrasie van die kind se kultuur by hul eie gesinsroetines nie. Gesinne wat wel daaraan aandag geskenk het, het geneig om die proses met verloop van tyd te staak. Webb (2003:13) bevestig die mening dat kinders in multikulturele plasings dikwels in konflik verkeer tussen twee stelle kompeterende waardes en norme, wat kan meebring dat hul een stel optrede vir die gesin het en 'n ander stel vir die skool en gemeenskap.

Pleegsorg binne eie kulturele opset kan op sigself ingewikkeld raak aangesien dit nie so eenvoudig is as om net te fokus op ooreenstemmende eienskappe van velkleur en ras nie, want kultuur is meer kompleks as dit. Kultuur sluit in wie die totale persoon is en alles wat vir hom en sy geboortegesin bekend is in terme van etnisiteit, geloof, sosiokulturele ervaringe, geografiese wortels, tradisies, kos, klere, waardes, geslagsrolle en sedes. Wanneer hierdie breër perspektief

toegepas word, is dit steeds nie ’n maklike taak om ’n pleegkind by te staan om aan te pas nie, al is dit in ’n grootliks homogene omgewing as dié waaruit hy afkomstig is. Dit is ook nie moeilik om in te sien waarom pleegouers verkies om die humanistiese houding in te slaan van ignorering van kultuur en die pleegkind eenvoudig as nie verskillend van enige ander persoon in die gesin te hanteer nie. Deur die beoefening van hierdie filosofie word die kind se unieke identiteit ongelukkig net geïgnoreer. Verder is die kanse goed dat konflik kan ontstaan wanneer die twee kulture in wisselwerking tree as die pleegouers en die pleegkind afsonderlik handel volgens eie kulturele praktyke (Kurtz 2002:36).

Pleegsorg is dus veel meer kompleks as net kulturele aanpassing, soos alreeds in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit. Multikulturele plasings is egter ook ’n realiteit in Suid-Afrika vanweë die tekort aan pleeggesinne om al die sorgbehoewende kinders te akkommodeer. (Vgl. 1.1.) Daarom behoort daar genoeg maatreëls in praktyk ingestel te word om die beste van sodanige plasings te maak. Ledderboge (2001:19–20) stel voor dat die volgende opvoedkundige program met multikulturele versorgers gevolg word om hulle voor te berei op die eise van sodanige plasings:

- **Sessie een** handel oor die opbou van die kind se gesonde selfbeeld. Aspekte wat aandag behoort te geniet is die oordrag van die kind se agtergrondinligting, taalgebruik, kontak met sy eie kultuur en die opbou van betekenisvolle verhoudings en rolmodelle van persone met dieselfde kultuur om ’n eie etniese identiteit te vestig, egoversterking, en ’n begrip van die verskil tussen kultuur, ras en etnisiteit.

- **Sessie twee** handel oor die verandering van die gesin se identiteit met die inname van ’n kind van ’n ander ras. Ouers rapporteer dat hulle oortuigings en waardes verander het, dat hulle bewus geraak het van eie vooroordele en waninterpretasies en geleer het om verskille as verrykend te ervaar. Verder is hul sosiale verhoudinge geraak deurdat hulle vriende verloor het maar ander nuwe vriendskappe gemaak het en dat van hul familie binne die eerste jaar hul verskille oorkom het. Die ouers het ook bewus geraak van die werklikhede in Suid-Afrika en meer sensitiwiteit en empatie daarvoor ontwikkel.

- **Sessie drie** het te make met die hantering van rassisme en dat ouers toegerus moet word met vaardighede oor hoe om rassistiese boodskappe en bedreigende situasies te hanteer, hoe om sodanige situasies te konfronteer, en proaktiewe optrede om dit te voorkom of die effek daarvan op die kind te versag.

- **Sessie vier** is daarop gerig om die versorgers 'n begrip te laat ontwikkel vir die ouers se posisie in gevalle waar die kind verlaat of verwerp is. Dit moet hulle in staat stel om die kind te help met sy herkomsinterpretasie.

Na aanleiding van bogenoemde inligting word voorgestel dat daar 'n **ekstra sessie** afgestaan word aan die kwessie van kultuurintegrasie met behoud van kulturele identiteit van die pleeggesin sowel as die pleegkind. Hulle moet bewus gemaak word van die wisselwerkende invloed tussen die pleegkind en die pleeggesin en dat die pleegsorgplasing nie die pleegkind se kulturele identiteit behoort te fragmenteer, beskadig of vernietig nie.

Dit is dus duidelik dat multikulturele plasings 'n ekstra dimensie het wat eiesoortige vaardighede van die pleegouers vereis benewens die gewone eise van pleegsorg en dat dit nie lukraak aangepak kan word nie. Met die regte leiding en nodige herkomsinterpretasie is dit egter moontlik om aan die kind 'n geleentheid tot suksesvolle groei en ontwikkeling te bied. Multikulturele pleegsorg is dus 'n sterkte in gemeenskappe wat nie oor die hoof gesien moet word ter wille van die eerste oorweging van plasings binne kulturele opset nie. Die proses moet egter met groot omsigtigheid en professionele bevoegdheid gehanteer word.

7.2.5 Kulturele bevoegdheid van die maatskaplike werker

Kennis van waardes en norme verwant aan die kliënt se kultuur van oorsprong is noodsaaklik wanneer dit kenmerkend verskil van die maatskaplike werker. Sonder sodanige kennis kan ernstige foute gemaak word tydens die assessering van die verskillende sisteme op mikro-, meso-, ekso- en makrovlak, byvoorbeeld wat in die een kultuur as disfunksionele gedrag beskou word, kan heel normaal vir 'n ander kultuur wees (Hepworth *et al.* 2002:244). Só kan versterking tot self-handhawende gedrag van die vrou teenoor die man in die Afrika-kultuur waar die tradisionele houding van onderdanigheid teenoor die man gehandhaaf word, huwelikskonflik vererger en sal ander maniere gevind moet word om die vrou te bemagtig.

Betreffende kinders, word in sommige kulture verwag dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie en die ou tradisionele standpunt dat volwassenes die beste weet. Hierdie beskouing is teenstrydig met algemeen aanvaarde kinderregte dat kinders moet deelneem aan besluitneming oor hul toekoms en dat hulle 'n "stem" het waarna geluister moet word vir soverre hulle ouderdom en ontwikkelingsfase dit toelaat. Dit kan spanning veroorsaak wanneer die maatskaplike werker byvoorbeeld die kinders by 'n gesinsterapiesessie of spelterapie wil laat inskakel. Daarom is dit belangrik om eers die ouers se siening oor betrokkenheid van kinders by terapie te eksploreer alvorens dit voorgestel word (Webb 2003:128).

Maatskaplike werkers moet altyd waak teen stereotipering en vooroordele vanuit eie kulturele perspektiewe. Zastrow (2007:326) wys daarop dat verskeie studies aandui dat maatskaplike werkers vooroordele en wanopvattings van hul eie gemeenskappe deel wanneer hulle met kliënte werk en dat die neiging is om eie kultuur, sosiale of ekonomiese waardes as die norm te gebruik. Dit is egter natuurlik om te verwag dat lewenservaring die maatskaplike werker se lewensbeskouing tydens dienslewering sal beïnvloed. Dit beteken egter nie dat dit onmoontlik is om 'n professionele diens op multikulturele vlak te lewer nie. Wat belangrik is, is dat besonderse sensitiwiteit aan die dag gelê sal word en dat die kliënt se omstandighede volgens sy eie werklikheid geassesseer word.

Bonecutter en Gleeson (s.a.:71–72) verwys na kulturele bevoegdheid, wat behels dat die maatskaplike werker voortdurend daarna sal streef om diversiteit tussen kulturele groepe en binne kulturele groepe te waardeer. Dit sluit ook in doelbewuste pogings om kulturele sterktes en hulpverleningstradisies in families te identifiseer. Betreffende pleegsorg is dit volgens Jordan (2005:10) belangrik om gedurende die passing van kind en pleegouer toe te sien dat die versorgers bedrewe behoort te wees in die hantering van die kind se herkoms, posisie van die geboortegesin en kultuur. Die maatskaplike werker behoort potensiële pleegouers só deur keuring te ken dat 'n besluit tydens die passing gemaak kan word oor hul vermoë om kulturele diversiteit te kan hanteer. Dit sluit in die vermoë om die kind se sterktes, moeilikhede, identiteit en etnisiteit te kan aanvaar. Passing word bemoeilik wanneer kinders tydens 'n krisis geplaas moet word, aangesien daar nie tyd is om al die aspekte te verreken nie. Daarom is dit veral voordelig as daar 'n goeie werksverhouding tussen pleegouer en maatskaplike werker bestaan sodat die proses deurlopend kan plaasvind. Kulturele bevoegdheid is nie 'n doel wat bereik word nie maar 'n voortdurende proses in die strewe na verhoogde selfbewustheid, om diversiteit te waardeer en om ingelig te wees oor enige natuurlike bronne ter beskerming van die welsyn van kinders.

Zastrow (2007:353) verwys hierna as etnies-sensitiewe praktyk wat begrip vir diverse etniese, kulturele en minderheidsgroepe in teorie en beginsels insluit. Dit is gebaseer op die siening dat praktyk in ooreenstemming moet wees met die waardes en houding wat aansluit by die kliënt se lidmaatskap. Juis om hierdie rede word die sterkteperspektief as uiters geskik beskou om in diverse omstandighede te gebruik, want daarvolgens word die kliënt se vermoëns en sterktes geïdentifiseer, gebruik, gebou en versterk. Verder word hul eie aspirasies, hulpbronne en geloof beklemtoon in die proses van doelbereiking tydens dienslewering. In Suid-Afrika as multikulturele land is dit van besondere belang dat kennis gedra word van die kulturele en geloofsverbintenisse van die kliëntsisteem waarmee gehandel word ten einde selfbeskikkingsreg en selfhelp te bevorder.

Betreffende die pleegsorgsituasie is daar talle aanpassings in die beleid en wetgewing van die tradisioneel Westerse konsep van professionele pleegsorg gemaak na byvoorbeeld die erkenning van familiesorg as wetlike alternatiewe sorg in nuwe kinderwetgewing. Dit is belangrik dat die betrokkenes in die pleegsorgsituasie billik en regverdig behandel word en dat maatskaplike geregtigheid teenoor al die partye gehandhaaf sal word. Verder moet hul demokratiese regte beskerm word deur 'n behoorlike diens te lewer waarin die partye 'n aandeel in byvoorbeeld die beplanning van pleegsorg kan hê.

Aan die ander kant moet kennis oor die kliënt se kultuur in transkulturele werk nie aanleiding gee tot stereotipering van die kliënt nie. Binne homogene kulturele groepe bestaan daar groot variasies en kan gedrag nie sonder meer op grond van basiese kennis van die meerderheidsgroep verklaar en gehanteer word nie (Hepworth *et al.* 2002:244–245). Die sluit weer eens aan by die ekologies-sistemiese perspektief van die persoon-in-situasie wat in wisselwerking verkeer met verskillende sisteme wat tydens dienslewering in ag geneem moet word. Sò word in Suid-Afrika verskillende etniese groepe onder die swart bevolking aangetref en behoort pleegsorgdienste dienooreenkomstig gelewer te word. Dit is egter nie net etnies-kulturele aspekte wat van belang is op die sosiokulturele vlak nie, godsdiens word ook as een van die mees fundamentele aspekte vir analisering beskou.

7.3 GODSDIENSTIGE ASPEKTE EN KINDERBESKERMING

Die meeste bronne wat geraadpleeg is oor godsdienstige aspekte en maatskaplike werk is dit eens dat hierdie aspek meestal afgeskeep word tydens die opleiding van maatskaplike werkers en dat die invloed daarvan op die maatskaplike funksionering van die kliënt onderskat of verwaarloos word tydens assessering en dienslewering (Hodge 2001:203, Hodge 2006:317 en Zastrow 2007:365). Volgens die ekologies-sistemiese perspektief moet godsdiens ingesluit word ten einde holistiese te werk en vanuit die sterkteperspektief kan geloof dien as bron van hoop en 'n betekenisvolle rol in maatskaplike herstel speel.

In die literatuur word daar onderskei tussen spiritualiteit en geloof. Hodge (2001:204 en 2006:318) beskou **spiritualiteit** as 'n ontologies gedrewe impuls na 'n verbintenis of verhouding met God of 'n fundamentele transendente realiteit. **Geloof** kan begryp word as 'n uitdrukking van die spirituele verhouding wat 'n individu verenig met 'n morele gemeenskap wat soortgelyke ervarings van die transendente realiteit deel. Geloof is dus 'n uitvloeisel van spiritualiteit wat uitgedruk word in spesifiek geïnstitusionaliseerde **godsdiens**, rituele, beskouinge en praktyke. Spiritualiteit word gesien as 'n verhouding met God, of wat ook al as Opperwese gesien word, wat betekenis, rigting

en ’n missie in die lewe gee. Hierdie verhouding dra vrugte soos liefde of vergewensgesindheid wat die individu se verhouding tot die self, omgewing, ander en die Opperwese beïnvloed. Zastrow (2007:365–366) sluit by hierdie omskrywings aan met die mening dat hoewel spiritualiteit en geloof verskillend is, dit verwant is aan mekaar en die kernkonsepte van spiritualiteit word gesien as ’n persoonlike soeke na betekenis in die lewe, om ’n sin vir identiteit en ’n waardesisteem te hê; dus persoonlike belewenis en betekenisgewing en ’n verhouding met die Opperwese. Geloof verwys na die formele institusionele konteks van spirituele geloof en praktyk, dus die wyse waarop spiritualiteit na vore kom in byvoorbeeld aanbidding. Spiritualiteit is dus oopkoepelend en kom na vore in ’n spesifieke godsdiens. Die Christen se geloof is geanker in God die Vader, die Seun Jesus Christus en die Heilige Gees; dus die Drie-enige God. (Vgl. Bybel 1983: Johannes 15:23–26.) Godsdiens word beoefen op grond van hierdie geloof deur byvoorbeeld nagmaal- en doopbediening. Die vrug van geloof word gesien in liefde teenoor God, die naaste, die self en die omgewing wat deur praktiese naastediens en die resultaat van ’n spesifieke verhouding tot God gedemonstreer behoort te word. (Vgl. Bybel 1983: Matt 25:31–46.)

’n Addisionele faktor wat die geïnteresseerdheid in die assessering van spiritualiteit stimuleer, is die professie se groeiende aanvaarding van die sterkteperspektief wat die kliënt se persoonlike en omgewingsterktes as sentraal tot die hulpverleningsproses beskou (Hodge 2001:204). Die meeste kliënte verklaar gewoonlik dat spiritualiteit en geloof vir hulle ’n betekenisvolle sterkte is. In Suid-Afrika word algemeen beweer dat 70% van die bevolking Christene is. Die vraag ontstaan of dit nie ’n onderbenutte sterkte nie is in ’n land wat deur ’n wye spektrum van misdaad geteister word, soos moord, gewelddadige aanranding, verkragting, roof, diefstal en bedrog nie, wat alles heenwys na ’n gebrek aan respek vir lewe en eiendom, verslawing aan drank- en dwelmmiddels, sowel as kinderverwaarlosing en -mishandeling. Die meeste gelowe hang ’n spesifieke waardestelsel aan wat hierdie soort maatskaplike verskynsels behoort te voorkom. Vanuit ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing word die mens volgens Genesis 26 beskou as ’n skepsel en beelddraer van God wat dienooreenkomstig gerespekteer behoort te word (Bybel 1983).

Franklin, Corcoran en Harris (2004:288) verwys na verskeie navorsers wat daarmee eens is dat geloofsinstansies en ’n verbintenis tot ’n spesifieke geloof as ’n beskermende faktor dien vir kinders om byvoorbeeld nie betrokke te raak by vroeë seksuele aktiwiteite nie. Dit is belangrik dat kinders eerder aktief betrokke raak by hul kerke en dat hul geloof praktiese betekenis kry in hul alledaagse lewe deur die uitlewing van ’n bepaalde waardestelsel.

Vir die Christen is die Bybel (1983) die rigsnoer en spesifiek die Tien Gebooie soos uiteengesit in Eksodus 20:1–17 en Markus 12:29–31 waar dit saamgevat word in liefde tot God, die naaste en die self. Dit sou beteken dat ouers hul kinders op ’n verantwoordelike wyse behoort groot te maak en

dat, indien hulle weens onvermydelike omstandighede soos siekte, dood of ander rampe nie daartoe in staat is nie, die mede-Christen volgens die liefdesgebod as substituut behoort op te tree wat dan in die vorm van pleegsorg kan geskied.

Volgens Jordan (2005:7) is die meeste kinders in alternatiewe sorg afgesny van 'n spirituele fondasie. Daarom behoort dit deel te wees van die dienslewering om die kind te begelei na 'n verhouding tot God. Dienste in dié verband hoef nie noodwendig deur die maatskaplike werker gelewer te word nie maar gepaste hulpbronne soos die kerk of geestelike leiers kan hierby betrek word. Dit is egter noodsaaklik dat wanneer holisties gewerk word, die kind en die pleegouers volledig geassesseer word ten opsigte van die fisiese, psigologiese, sosiale en spirituele. Weinig assesseringskriteria skenk werklik aandag aan die spirituele assessering en in die proses gaan die fundamentele aspek verlore.

Betreffende die ontwikkeling van maatskaplike werk moet in gedagte gehou word dat dit sy oorsprong in geloofsorganisasies het. Die groot motivering van Christene om naastediens te lewer is Bybels gefundeerd in die gebod van naasteliefde en die morele verpligting tot maatskaplike-dienslewering. Heelwat hedendaagse maatskaplike verskynsels bevat 'n waarde dimensie gesetel in godsdiens soos standpunte oor aborsie, die aanvaarding van homoseksuele en lesbiese persone en die wettiging van huwelike tussen pare van dieselfde geslag (soos wat onlangs in Suid-Afrika plaasgevind het), kloning, godsdiensbeoefening binne skoolverband en reproduktiewe tegnologiese ontwikkeling met skenkersaad of surrogaatmoederskap. Geloof word gesien as rigtinggewend en betekenisvol in besluitneming oor enige van genoemde kwessies en daarom is dit belangrik dat maatskaplike werkers tydens assessering ook die geloofskomponent moet insluit (Zastrow 2007:366).

Dit is veral aspekte waarby kinderbeskerming betrokke is wat ernstige geloofs- en etiese vraagstukke vir maatskaplike werkers kan inhou, soos in die geval van 'n kinderlose egpaar wat dit moeilik vind om 'n kind van hul keuse aan te neem en van kontroversiële metodes soos kunsmatige inseminasie of surrogaatmoederskap gebruik maak om 'n baba te bekom, of lesbiese egpare wat kunsmatig bevrug word. In meeste van hierdie gevalle gaan dit oor die bevrediging van volwassenes se behoefte aan 'n kind en nie om die beste belang van die kind nie. Die vraag is byvoorbeeld hoe herkomsinterpretasie aan 'n kind gedoen word waar geen agtergrond beskikbaar is oor byvoorbeeld die biologiese vader nie en wat die effek daarvan op so 'n kind se selfbeeld kan wees as hy/sy op so 'n wyse verwek is. Aan die ander kant is daar reeds soveel ouerlose, siek, verwaarloosde of mishandelde kinders in Suid-Afrika wat smag na ouerhuise, terwyl die meeste kinderlose pare 'n normale gesin verkies waar nie soveel geïdentifiseerde risiko's soos byvoorbeeld kroniese siektes, gedragsprobleme of ander emosionele skade as gevolg van mishandeling ter

sprake is nie. Dit is dus ’n teenstrydigheid wat ook etiese en morele kwessies insluit en waarvoor nie ’n maklike oplossing bestaan nie.

Maatskaplike werkers moet waardering en respek hê vir kliënte se geloof wat van hul eie verskil. Geloof kan die hoofbron van onverdraagsaamheid, diskriminasie en onderdrukking word, veral wanneer in ag geneem word dat meer oorloë oor geloofsverskille geveg is as oor enige ander rede. Daarom is dit dan ook noodsaaklik dat opleiding van maatskaplike werkers kennis oor verskillende gelowe moet insluit ten einde begrip en sensitiwiteit vir die kliënt te ontwikkel. Die mees prominente gelowe sluit in: Judaïsme, Christendom, Islam en Boeddhisme (Zastrow 2007:366). Suid-Afrika is ’n land met godsdiensvryheid en ingevolge algemene menseregte moet die kind se geloof van oorsprong gerespekteer word. Daar word derhalwe van die pleegouer verwag om redelike pogings aan te wend om te verseker dat die kind opgroei in die geloof van sy gesin van oorsprong. Tydens passing van pleegkind en pleegouer moet daar oorleg aan die dag gelê word dat kinders nie geplaas word by ’n gesin waar geloofsbeoefening wedersyds kan aanstoot gee nie.

Aangesien daar vanuit die ekologies-sistemiese perspektief gewerk word, word die afleiding gemaak dat net soos in die geval van kultuur, daar voortdurend ’n wisselwerking plaasvind wat godsdiensbeoefening betref en daarom sal integrasie plaasvind in die geval waar godsdienstige verskille tussen pleegkind en pleeggesin bestaan. ’n Praktiese voorbeeld hiervan kan wees ’n tafelgebed voor ete of huisgodsdiens waarby die pleegkind noodwendig betrek sal word al verskil dit van sy geloof en spiritualiteit.

Jordan (2005:8) stel dit dat die impak van ’n pleegkind op die lewe van die pleeggesin stresvol kan wees. Indien die gesin geanker is in die Woord van God, op Hom vertrou en glo dat hul pogings met sukses geseën sal word, kan dit as motivering dien om ten spyte van moeilik omstandighede ter wille van die welstand van die kind voort te gaan met die pleegsorg. Die betekenisvolheid van godsdiens en of dit kan dien as ’n sterkte, beskermende faktor of ’n risiko of struikelblok in die pleegsorgplasing, kan bepaal word deur spirituele assessering.

7.3.1 Spirituele assessering

Daar is reeds verwys na die verskil tussen spiritualititeit, geloof en godsdiens (vgl. 7.3), naamlik dat spiritualiteit te make het met die soeke na sin en betekenis in die lewe, terwyl geloof ’n uitvloeisel is van spiritualiteit wat uitgedruk word in ’n spesifieke vorm van godsdiens. Spiritualiteit is die oorkoepelende konsep wat as sterkte geassesseer word en waarvoor kwalitatiewe metodes verkieslik is bo kwantitatiewe metodes, omdat dit ’n subjektiewe interne realiteit is wat moeilik is om te kwantifiseer met byvoorbeeld meetinstrumente en omdat dit min ruimte bied om begrip van individuele ervaring te deel. Verder kan dit varieer volgens verskillende spirituele tradisies.

Daarom word kwalitatiewe metodes verkies, aangesien dit meer holisties, oop-einde, individualisties, ideografies en prosesgeoriënteer is. Een van die meer prominente kwalitatiewe metodes is om die religieuse of spirituele geskiedenis van beide ouers betreffende geloof en praktyk sowel as die graad van integrasie met die groter religieuse gemeenskap te geëksploreer. Dit is belangrik om die openbare (doop, aanneming, lidmaatskap) en private (besprekings en ervarings) betekenis te begryp soos wat dit deur die kliënt beleef word. Vrae kan gebruik word om spiritualiteit op 'n outobiografiese narratiewe formaat te assesseer wat gemaklik en natuurlik vir die kliënt is. Vrae kan ook gerangskik word om 'n spesifieke einddoel te bereik soos: plasing binne die religieuse gemeenskap byvoorbeeld lidmaatskap; persoonlike betekenis wat geheg word aan simbole of rituele; en verhouding tot religieuse hulpbronne soos die aard van die verhouding tot God en hoe God betrokke is in persoonlike probleme. Op hierdie wyse kan geloof- en spirituele sterktes bepaal word. Spirituele genogramme, kaarte of onvoltooide sinne kan ook gebruik word om inligting betekenisvol te bekom en te organiseer (Hodge 2001:205–206)

Hierdie kwalitatiewe assesseringsmetodes kan geëvalueer word op 'n kontinuum van lae-graad gestruktureerdheid soos die narratiewe metodes op die een punt, tot hoogs gestruktureerde metodes op die ander punt wat vrae insluit wat poog om die kliënt se ervaringe te struktureer. Laasgenoemde hou die gevaar in dat maatskaplike werkers weer probleem-georiënteerd kan raak en nie indiepte inligting bekom nie. In die artikel word 'n assesseringsmetode beskryf wat lae en hooggestruktureerde assesseringsbenaderings kombineer. Die raamwerk vir spirituele assessering is vanuit 'n narratiewe en antropologiese raamwerk ontwikkel. Die spirituele antropologie bied 'n teoretiese raamwerk om inligting te versamel en data te begryp met die oog op intervensie. Hodge (2001:206–207) verwys ook na Watchman Nee (1968) wat spiritualiteit konseptualiseer as 'n geïntegreerde eenheid wat bestaan uit gemeenskap, gewete en intuïsie. Al drie die dimensies is in wisselwerking met mekaar, beïnvloed mekaar wedersyds en word soos volg gedefinieer:

- Gemeenskap verwys na die individu se vermoë om verbonde te wees en 'n verhouding met die Opperwese – vir die Christen is dit God.
- Gewete word beskou as die individu se subjektiewe, etiese leidinggewende sisteem oor wat reg en geregtigheid is en die persoon se diep gesetelde waardesisteem – vir die Christen is dit byvoorbeeld die nakoming van die Tien Gebooie wat onder andere behels respek vir menselewens, en om nie te steel of te vloek nie.
- Intuïsie word geassosieer met kennis, meer spesifiek insig op gewetensvlak wat die normale inligtingsprosesseringskanale omseil, byvoorbeeld die skielike ingewing om vir iemand te bid.

Sodanige assessering vind aansluiting by die sistemiese perspektief deurdat die komponente van spiritualiteit, geloof en godsdiens mekaar wedersyds beïnvloed. Dit kan wees dat 'n persoon spiritueel is maar nie godsdienstig nie; of godsdienstig is maar nie spiritueel nie; of beide godsdienstig en spiritueel. Indien die kliënt sy geloof verprakties behoort sy lewenstyl dit te weerspieël deurdat hy nie net 'n sekere geloof aanhang nie, maar ook kerkdienste bywoon en sy waardestelsel dienooreenkomstig in die praktyk uitleef en sodoende sin en betekenis in die lewe vind.

Die interpreterende narratiewe raamwerk word gebruik om 'n outobiografiese spirituele geskiedenis te bekom. Dit word begin deur die bou van 'n vertrouensverhouding en die werker se primêre taak is om aandagtig te luister en onnodige onderbrekings te vermy wanneer die kliënt sy storie vertel. Aangesien dit 'n sensitiewe en private aangeleentheid vir die kliënt kan wees, moet van gespreks-vaardighede soos empatie, parafrasering, aanvaarding en subtiele vraagstelling gebruik gemaak word wat die kliënt sal help om sy storie te vertel sodat die werker spirituele sterktes kan ontdek. Die volgende narratiewe raamwerk vir spirituele assessering word voorgestel (Hodge 2001:207–208):

- Beskryf die religieuse of geloofstradisie waarmee jy grootgeword het. Hoe het jou gesin hul geloof uitgedruk? Hoe belangrik was spiritualiteit vir jou gesin en uitgebreide familie?
- Watter soort persoonlike ervarings/praktyke staan vir jou uit tydens jou jare by die huis? Wat maak hierdie ervarings spesiaal? Hoe het dit jou latere lewe beïnvloed?
- Hoe het jy verander of ryper geword vanweë daardie ervaringe? Hoe sal jy jou huidige spirituele of religieuse oriëntasie beskryf? Is jou spiritualiteit 'n persoonlike sterkte? Indien wel, hoe?

Gesprekvoering vind derhalwe plaas aan die hand van die narratiewe raamwerk om spiritualiteit as sterkte te ontdek en tot voordeel van die pleegsorgsituasie aan te wend. Die interpreterende antropologiese raamwerk sluit die volgende in (Hodge 2001:208):

- Effek: Watter aspekte van jou spirituele lewe gee vir jou plesier? Watter rol speel dit in die hantering van bekommernisse? Hantering van pyn? Hoe bied dit vir jou hoop vir die toekoms? Wat hoop jy om te bereik in die toekoms?
- Gedrag: Is daar spesifieke spirituele rituele of praktyke wat jou help om hindernisse in die lewe te hanteer? Wat is jou vlak van betrokkenheid in geloofsgebaseerde gemeenskappe? Hoe ondersteunend is jy? Is daar spirituele ondersteunende individue waarmee jy kontak behou?

- Kognisie: Wat is jou huidige religieuse/spirituele geloof? Waarop is dit gebaseer? Watter gelowe vind jy spesifiek betekenisvol? Wat is jou geloof oor persoonlike beproewing? Hoe help dit jou om hindernisse te oorkom? Hoe beïnvloed jou geloof jou gesondsheidspraktyke?
- Gemeenskap: Beskryf jou verhouding met die Opperwese. Hoe ervaar jy die Opperwese? Hoe kommunikeer die Opperwese met jou? Hoe bemoedig hierdie ervarings jou? Was daar tye van diepe spirituele intimiteit? Hoe help die verhouding jou om lewensuitdagings in die gesig te staar? Hoe sou die Almagtige jou beskryf?
- Gewete: Hoe bepaal jy reg en verkeerd? Wat is jou kernwaardes? Hoe help jou spiritualiteit jou om met skuld/sonde te handel? Watter rol speel vergifnis in jou lewe?
- Intuïsie: Tot watter mate ervaar jy intuïtiewe voorgevoelens of insigte? Was hierdie insigte 'n sterkte in jou lewe? Indien wel, hoe?

Bogenoemde het dus te make met die verpraktisering van geloof en spiritualiteit en die invloed daarvan op die kliënt se alledaagse lewe. In 'n latere artikel van Hodge (2006:318–319) word verwys na die spirituele assesseringsraamwerk van die Joint Commission on Accreditation of Healthcare Organizations (JCAHO) in die Verenigde State van Amerika. Daar word gefokus op drie areas, naamlik: (1) denominasie of geloofstradisie; (2) betekenisvolle spirituele geloof; en (3) belangrike spirituele praktyke. Die JCAHO-vrae wat gevra kan word, moet slegs as 'n riglyn beskou word om te assesseer wat in 'n spesifieke geval relevant mag wees, byvoorbeeld: "Ek het gewonder of ... geloof vir jou belangrik is?/Jy 'n kerk bywoon?/Wat lyding vir jou beteken?/Wat siekte beteken? Aangesien die JCAHO gerig is op gesondheidsorg, is assesseringsvrae noodwendig meer op gesondheid gefokus, soos spiritualiteit en siekte, lyding en gesondheid en die behandeling daarvan. Daar is twee tabelle met voorgestelde vrae vir assessering en Hodge (2006:320) stel voor dat slegs 'n aanvanklike assessering gedoen word oor algemene aspekte van geloof en dat dit dan opgevolg word met meer spesifieke vrae oor geloof en praktyk ten einde die betekenisvolheid van die kliënt se spiritualiteit te eksploreer.

'n Ander riglyn vir assessering om die geloofsisteem van die kliënt te verstaan en wat nou aansluit by die sterkteperspektief, is dié van Hepworth *et al.* (2002:251) met die volgende vrae:

- Wat is jou bronne van sterke en hoop?
- Hoe druk jy jou spiritualiteit uit?
- Identifiseer jy met 'n spesifieke geloof?
- Is jou geloof 'n bron van hulp vir jou?

Antwoorde op hierdie vrae kan 'n aanduiding vir die maatskaplike werker wees of die kliënt byvoorbeeld 'n Christen, Moslem, ateïs of enige ander geloofsgroep aanhang en wat die praktiese betekenis daarvan op sy denke, gevoelens en gedrag is. Dit kan soms gebeur dat geloof sentraal staan tot die problematiek wat ervaar word. Ouers kan byvoorbeeld verskil oor die godsdienstige opvoeding van hul kinders, of egpare verskil godsdienstig oor die rol van man en vrou. Gesinne ervaar konflik oor gedrag soos voorgeskryf deur sekere geloofsgroepe oor byvoorbeeld voorhuwelikse geslagsverkeer, gebruik van kontrasepsie, alkohol of homoseksualiteit. Verder het dit ook te make met persoonlike ervaring van rampe, trauma, swaarkry, goed en kwaad, skaamte en skuldgevoelens en vergewensgesindheid (Hepworth *et al.* 2002:251). Volgens hierdie assessering kan dus bepaal word of geloofsaspekte 'n bron van versterking is en of dit 'n hindernis in die kliënt se maatskaplike funksionering kan wees.

'n Verdere vraelys vir die assessering van geloofsaspekte is dié van Zastrow (2007:371), wat grootliks fokus op die oorsprong van die kliënt se geloof, of dit verander het en waarom en of dit verskillend is van die wat die naaste aan jou is, sowel as geloofskwessies wat mag bestaan. Sodanige vrae kan wees:

- Wat is jou eintlike geloof en spirituele beskouings?
- Wat is jou huidige geloof of spirituele lidmaatskap?
- Sal jy jouself beskryf as streng of toegeeflik tydens die navolging van waardes en beginsels van jou geloofsoortuiging?
- Watter veranderinge het sedert jou kinderjare in jou geloofsoriëntasie plaasgevind en watter gebeure of ervaringe word geassosieer deur hierdie veranderings?
- Hoe het jou ouers se geloof jou in die verlede beïnvloed en beïnvloed hul geloof jou steeds. Indien ja, hoedanig?
- Hoe dink jy wat is die spirituele geloof wat deur jou ouers gehandhaaf word en glo jy tans dieselfde?
- Wat glo die persone die naaste aan jou, byvoorbeeld jou huweliksmaat of vriend?
- Volgens watter geloof is hulle grootgemaak en hou hulle steeds hierby? Waarom of waarom nie?
- Watter indien enige, geloof of spirituele kwessies het probleme tussen jou en die wat die naaste aan jou is, veroorsaak? Is daar tans onopgeloste spirituele kwessies tussen jou en jou maat/genoot?
- Hoe gemaklik is jy met jou huidige geloof of spirituele oortuigings?
- Worstel jy tans met jou geloof. Indien ja, wat is die kwessies?

Hierdie vraelys kan veral nuttig wees wanneer daar met die gesin-van-oorsprong gehandel word. Op hierdie wyse kan die aard van die kliënt se geloof en spiritualiteit en die rol wat dit speel met die gewone assessering van maatskaplike funksionering geïntegreer word. Verder kan bepaal word hoe dit versterk en uitgebou kan word, aangesien geloof maklik deur krisisse en nood oorweldig kan word en die persoon weer bewus gemaak kan word van die versterkende of beskermende faktor wat dit kan wees in die hantering van problematiek. Betreffende pleegsorg is dit belangrik dat die kind die geleentheid kry om sy geloofsverbintenis te vestig en te laat groei deur deelname aan godsdienstige aktiwiteite, sodat dit versterkend en rigtinggewend in sy lewe kan wees. Veral as volwassenes hom of haar in die steek laat, kan geloof as anker dien om hoop te bied vir die toekoms. Dit moet dus deel uitmaak van assessering en die pleegsorgplan.

Tydens bogenoemde bespreking is veral gefokus op waardes en beginsels wat grootliks gevorm word deur kulturele, spirituele en godsdienstige aspekte en hoedat dit op makrovlak vanuit 'n ekologies-sistemiese perspektief geassesseer en geanaliseer kan word, asook aangewend kan word as 'n sterkte in die pleegsorgsituasie. Ten einde die literatuurstudie af te sluit oor 'n ekologiese perspektief op pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders, word vervolgens gepoog om 'n kernagtige, holistiese assesseringsriglyn daar te stel wat al vier die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem insluit.

7.4 HOLISTIESE ASSESSERING VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEME

In hoofstukke vier tot ses is assesseringskriteria onderskeidelik ten opsigte van die pleegkind as individu, die gesin en die omgewing bespreek. Hoewel in hierdie hoofstuk gefokus word op die assessering van waardes, kulturele en godsdienstige faktore, word gepoog om 'n samevattend holisties sistemiese assessering saam te stel waarbinne pleegsorg in oënskou geneem kan word.

Volgens Hepworth *et al.* (2002:202–203) bestaan akkurate assessering uit spesifieke inligting wat die funksionering en wisselwerking van die verskillende sisteme beïnvloed en 'n rol speel in die ontstaan en in standhouding van die probleem. Fraser (2004:5) beklemtoon die feit dat die ekologiese perspektief fokus op die individu en die konteks en dat kinders ontwikkel en aanpas deur transaksies met ouers, sibbes, eweknieë, onderwysers, afrigters, kerkleiers en verskeie ander, soms ten goede, soms ten kwade. Volledige inligting hieroor stel die kliënt en hulpverlener in staat om omstandighede op interne sowel as eksterne vlak wat met probleemgedrag geassosieer word te identifiseer, te analiseer en in spesifieke terme te beskryf sodat gepaste intervensie toegepas kan word. Volgens die sterkteperspektief word daar egter nie net op risikofaktore of struikelblokke

gefokus nie, maar ook op sterktes of beskermingsfaktore wat uitgebou kan word ten einde probleemoplossing en ontwikkeling te bewerkstellig.

Vervolgens word na aanleiding van Fraser (2004:4–5) en Fraser *et al.* (2004:37–47) risiko- en beskermingsfaktore op die verskillende vlakke van die ekologiese konteks bespreek wat as riglyn kan dien vir holistiese assessering. **Risikofaktore** wat in die **breër konteks** van die kind geïdentifiseer kan word, is onder andere: beperkte ontwikkelingsgeleenthede vir opleiding en werk, armoede en rassediskriminasie, wat veral voorkom wanneer kern gemeenskapstrukture soos skole, kerke, gesondheidsdienste en besighede swig onder die druk van armoede, werkloosheid, rassespanning, geweld en kriminele aktiwiteite (Fraser *et al.* 2004:37). Dit is belangrik dat negatiewe elemente nie oorheersend moet wees in gemeenskappe sodat kinders later sodanig gesosialiseer word om betrokke te raak by bendes, dwelms, geweld, prostitusie en onaanvaarbare gedrag nie.

Op **gesinsvlak** verwys Fraser *et al.* (2004:39–41) na kindermishandeling, ouerlike konflik, psigopatologie, en ondoeltreffende ouerskapfunksionering wat insluit onaanvaarbare dissiplineringsmetodes, 'n gebrek aan probleemoplossende vaardighede, frustrasie en ongeduld wat waarskynlik aanleiding tot gesinsgeweld kan gee.

Op **individuele vlak** word verwys na gesondheids- en genetiese problematiek soos intellektuele inperking, gemaklike of gekompliseerde temperament, ontwikkelingsagterstande, neurologiese probleme, geestesongesteldhede of alkohol- en dwelmmisbruik en uitdagende gedrag (Fraser *et al.* 2004:41–42). Wanneer kinders sorgbehoewend bevind word, kan dit nie net toegeskryf word aan 'n enkele faktor op een van die ekologiese ontledingsvlakke nie, maar 'n kombinasie van faktore wat op die verskillende vlakke in destruktiewe wisselwerking met mekaar verkeer en die kind se voortbestaan ernstig bedreig.

Aan die ander kant kan **beskermende faktore** dien as voorkomend tot kinderverwaarlosing en mishandeling. Op **omgewingsvlak** word verwys na genoemsame hulpbronne, geleenthede vir opvoeding en opleiding of werksgeleenthede, uitgebreide sosiale ondersteuningsnetwerke en verhoudings en die teenwoordigheid van 'n versorgende volwassene en mentor (Fraser 2004:43–45).

Op **gesinsvlak** word positiewe wisselwerking met ouers, kohesie, warmte, harmonie, toesig en die afwesigheid van mishandeling of verwaarlosing genoem. Intellektuele vermoë en gepaste stimulasie, motivering om sukses te behaal en gemaklike temperament is van die aspekte waarna op **individuele vlak** verwys word (Fraser *et al.* 2004:45–47).

Samevattend word die volgende holistiese assesseringsraamwerk vanuit kernaspekte vir assessering saamgestel soos in die voorafgaande hoofstukke bespreek. Die veronderstelling is dat intensiewe assessering steeds op die verskillende vlakke aan die hand van die gestelde raamwerke gedoen word, maar dat die onderstaande kan dien as 'n breë opsommende raamwerk wat heel aan die begin gebruik kan word om tentatiewe gevolgtrekkings te maak oor aspekte wat mettertyd meer in diepte geanaliseer en aangespreek behoort te word.

Tabel 15: Holistiese assesseringsraamwerk

Assesseringsvlak Assessering word ekologies-sistemies gedoen op al vier vlakke van die ontledingsisteme ten einde 'n holistiese perspektief te bekom.	**Assesseringskriteria vir die identifisering van sterktes of beskermingsfaktore** Identifiseer op al vier vlakke sterktes, potensiaal, hulpbronne en onder-steuningsnetwerke ten opsigte van die verskillende aspekte.	**Assesseringskriteria vir die identifisering van struikelblokke/ risikofaktore.** Identifiseer op al vier vlakke hindernisse, leemtes, behoeftes of enige faktore wat skade kan veroorsaak of verhoog.
Vlak 1: Mikrosisteem op individuele vlak	**Fisiese:** Gesonde en goed versorgde voorkoms, normale energievlakke, sportief, gesonde eet- en leefgewoontes. **Psigies:** Emosioneel intelligent, kan emosies erken en uitdruk, rustig en beheers, opgeruimd, gelykmatig. **Kognitief:** Normale intellektuele funksionering, suksesvol in skool-opleiding, verbale uitdrukkings- en gesonde begripsvermoë, ervaar bemeestering, beskik oor gesonde oordeelsvermoë. **Konatief:** Gemotiveerd en doel-gerig vir die lewe, openbaar hoop en realistiese ideale, beplan en implementeer voornemens. **Sosiaal:** Vermoë om gesonde sosiale verhoudings te bou en in stand te hou, aanpasbaar, positiewe selfkonsep, selfvertroue, mededeelsaam, in staat tot onafhanklike optrede, empaties en meelewend.	**Fisiese:** Liggaamlik ongesteld, ge-stremd, verwaarloosde voorkoms, tekens van aanranding of mishan-deling, vetsug of ondervoeding. **Psigies:** Onderdruk of ontken emosies, afgestomp, gespanning, tekens van depressie, angstigheid, emosioneel labiel, aggressief, geïrriteerd, getraumatiseerd en verlieservarings. **Kognitief:** Ingeperktheid deurdat gesukkel word om self verbaal uit te druk, logies te redeneer en redelike besluite te neem. Swak skool-vordering weens beperkte vermoëns of leerprobleme. **Konatief:** Onwillig, ongemotiveerd, ignorerend, doelloos en sonder toekomsdrome. **Sosiaal:** Geneig tot konflik en openbaar uitdagende antisosiale gedrag, substansmisbruik, armoe-dig, betrokke by kriminele aktiwiteite en bendebedrywighede.

Vlak 2: Mesosisteem op gesinsvlak	**Gesin:** Dien as belangrikste ondersteuningsnetwerk, vermoë tot aanpassing by veranderings en om homeostase te onderhou; dus funksionele gesinsisteem. Positiewe ouer-kind-verhouding en doeltreffende ouerskapfunksionering, ouerlike toesig en versorging, gevoel van "behoort-aan", 'n sterk moeder-kind-binding, stewige gesins- en familienetwerk wat as ouersubstituut kan funksioneer indien die gesinslewe krisisse ervaar.	**Gesin:** Disfunksionele sisteem wat gekenmerk word deur disekwilibrium, rolverwarring, geestesongesteldheid, kinderverwaarlosing of -mishandeling, gebrekkige of onvanpaste dissiplinering, egskeiding, enkel-ouerskap, konflik en spanning. Gronde vir sorgbehoewendheid bestaan maar geen familiesorgsisteme is beskikbaar nie.
Vlak 3: Eksosisteem op sosiaal-strukturele vlak	**Hulpbronne en fasiliteite:** Toegang tot gesondheidsdienste, skole, rekreasiefasiliteite, veilige woonbuurte, werksgeleenthede, ekonomiese groei, bevolkingsgroei en diensleweringsinstansies soos welsynsorganisasies en kinderbeskermingsisteme soos doeltreffende polisiëring, dagsorgfasiliteite en skole. **Sosiale omgewing:** Stimulerende omgewing met positiewe portuur assosiasie. Voldoende alternatiewe versorgingsgeleenthede vir kinders soos beskikbare pleeggesinne of kinder- en jeugsorgsentrums.	**Hulpbronne en fasiliteite:** Ontoeganklike of onbekostigbare gesondheidsdienste, gebrek aan kwaliteit onderrig in skole, oorbevolking, gebrekkige dienslewering op plaaslike en nasionale vlak, kriminele aktiwiteite, dwelms vryelik beskikbaar. Oor die algemeen 'n onveilige en riskante omgewing. **Sosiale omgewing:** word gekenmerk deur geweld, wetteloosheid, diskriminasie, besoedeling, kroniese siektes, armoede, onvoldoende behuising en infrastruktuur, substansmisbruik en algemene sosiale disintegrasie met gebrekkige alternatiewesorggeleenthede vir sorgbehoewende kinders.
Vlak 4: Makrosisteem op sosiokulturele vlak	**Kulturele aspekte:** Sterk informele ondersteuningsnetwerke vir die opvoeding en versorging van kinders van die uitgebreide familie en gemeenskap. **Waardes en norme** is geanker in positiewe kulturele identiteit en gebruike. **Geloofsoortuigings** word uitgeleef in kerklike betrokkenheid en alledaagse lewe.	**Kulturele perspektiewe** op siekte en behandeling wat nadelige gevolge vir die kind se welstand inhou. **Immorele waarde- en normestelsel** en skending van menseregte, anargie en gebrek aan respek vir menselewens en die natuur. **Godsdiens** speel nie 'n positiewe rigtinggewende rol in gemeenskap of persoonlike gewetensvorming nie.

7.5 SAMEVATTING

Die makrosisteem bestaan uit die sosiokulturele vlak en fokus primêr op aspekte soos waardes, beginsels, kultuur en godsdiens wat houdings en gedrag deur die wisselwerkende effek op alle vlakke beïnvloed. Die bespreking word grootliks gevoer om te bepaal of hierdie aspekte aan die een kant 'n beskermingsfaktor vir kinders is wat 'n groeibevorderende ontwikkelingsgerigte woonplek of habitat skep waar herstel kan plaasvind indien problematiek wel voorkom. Aan die ander kant word gekyk na risikofaktore wat nadelig inwerk op kinderbeskerming en kan aanleiding gee tot sorgbehoewende omstandighede waar pleegsorg as alternatief benut moet word.

Eerstens word gekyk na waardes en beginsels vir die maatskaplikewerkpraktyk wat ingedeel word in waardes as houding teenoor mense soos respek vir diversiteit; waardes as wyse waarop met mense gehandel word soos nie-veroordelende aanvaarding; en waardes waardeur ideale vir mense gestel word soos billikheid en geregtigheid. Die professie het dus duidelike riglyne oor verwagte houdings, optredes en doelwitte vir die kliëntsisteem. Verder bestaan ook waardeverwante beskermingsfaktore in die vorm van beleids- en wetsdokumente soos kinderregte, gesinsbeleid en algemene menseregte soos gelyke geleenthede en toeganklikheid tot hulpbronne en dienste. Dit is egter ook duidelik dat hierdie ideale op papier nie altyd haalbaar is met die beperkte hulpbronne en dienste wat in Suid-Afrika beskikbaar is nie. Ten minste word die beskermende waardes waarna gestrewe kan word, wel vasgestel en kan dit as positiewe rigtingwysers dien.

Waardes in die samelewing riskant vir die welstand van kinders is onder andere die gebrek aan respek vir lewe deur die hoë voorkoms van gewelds- en seksuele misdrywe, veral teenoor kinders. Dit is duidelik dat kinders benadeel word deur disfunksionele gesinsisteme en die veranderde posisie van die man (vader) en vrou (moeder) waarvan die wedersydse beïnvloeding verder uitkring na die breër konteks in die samelewing soos ongedissiplineerde, gefrustreerde en uitdagende jeugdiges en 'n gebrek aan omgee vir mekaar. Pleegouerhuise kan egter as 'n beskermende waarde in die samelewing gesien word, deurdat vele sorgbehoewende kinders by familie of ander persone in pleegsorg geplaas word.

Pleegsorg behoort op 'n kultureel gerespekteerde wyse beoefen te word, bedoelende dat kinders sover moontlik binne eie kulturele konteks geplaas word. In gevalle waar daar nie sodanige pleegouerhuise beskikbaar is nie, moet geleenthede tot kontak met en behoud van kultuur van oorsprong geskep word. Tradisionele waardes soos *ubuntu* behoort in stand gehou te word ten einde inheemse versorgingsisteme sover moontlik maksimaal te benut. Verder behoort maatskaplikewerkopleiding kulturele bevoegdheid en etniese sensitiwiteit te bevorder, sodat

maatskaplike werkers toegerus kan wees om dienste te lewer in diverse omstandighede en kan bepaal watter kulturele waardes riskant of bevorderlik vir kinderbeskerming kan wees.

'n Verdere aspek wat as beskermende faktor vir kinders kan dien, is godsdiens en spiritualiteit. Die stelling word gemaak dat die rol van godsdiens tydens maatskaplikewerkdienslewering tot dusver afgeskeep en onderbenut is, terwyl dit uitstekend aansluit by die groeiende bewustheid oor die waarde van dienslewering vanuit 'n sterkteperspektief. Daarvolgens kan geloof en spiritualiteit gesien word as 'n bron van hoop en geloof in die moontlikheid van herstel. Aan die een kant kan godsdiens mense motiveer tot naastediens deur kinders in pleegsorg te neem en aan die ander kant kan dit vir die pleegkind dien as anker om ten spyte van moeilike omstandighede suksesvol te ontwikkel.

Assesseringsraamwerke vir kultuur en spiritualiteit word bespreek waarvolgens spesifieke inligting bekom kan word oor watter aspekte in die pleegkind se lewe dien as beskermende of risikofaktor. Op grond van verskillende assesseringsraamwerke soos reeds bespreek, word gepoog om 'n holistiese assesseringsraamwerk vanaf mikro-, meso-, ekso- en makrovlakke daar te stel. Sodanige raamwerk kan gebruik word om die pleegkind se omstandighede holisties te analiseer in terme van risiko- en beskermingsfaktore; dus behoeftes en sterktes. Hierdie inligting kan dan gebruik word om die beste beskikbare pleeghuis te selekteer en 'n volledige pleegsorgplan in werking te stel.

HOOFSTUK 8

METODOLOGIESE ORIËNTERING TOT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Hierdie hoofstuk word ten aanvang van die empiriese gedeelte van die navorsingsverslag aangebied en bestaan uit 'n uiteensetting van die metodologie, implementeringswyse en navorsingsparadigma wat tydens die empiriese gedeelte van die navorsing toegepas word. In hoofstuk nege word oorgegaan na die analise en interpretasie van die data wat tydens die empiriese ondersoek verkry is. 'n Kernagtige uiteensetting is reeds in hoofstuk een (vgl. 1.5.2) gegee oor die basiese metodologie en uitvoering van die empiriese studie ten opsigte van die navorsingsmetodes, populasie, werwing van deelnemers steekproefprosedures en -grootte sowel as data-analisemetodes. Vervolgens word die navorsingsmetodologie meer in diepte bespreek en op die studie van toepassing gemaak.

8.1 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Enkele relevante begrippe in die navorsingsmetodologie van maatskaplike werk word in hierdie afdeling omskryf.

8.1.1 Fokusgroep

Morgan (1997), soos aangehaal deur Greeff (2005:300), beskryf 'n fokusgroep as "... *a research technique that collects data through group interaction on a topic determined by the researcher".* Fokusgroepe kan ook as metode gebruik word om onderhoude te voer ten einde 'n beter begrip te bekom oor hoe mense voel en dink oor 'n kwessie, produk of diens. Deelnemers word geselekteer omdat hulle oor sekere eienskappe beskik wat aan die onderwerp verwant is. In die groep word 'n atmosfeer geskep wat deelnemers aanmoedig om hul standpunte, beskouings, ervarings, wense en kommer te deel, sonder dat hul gedwing word om te stem of konsensus te bereik. 'n Fasiliteerder lei die groepsgesprek en die groepsbespreking word gebruik om data te genereer. Dit kan as selfstandige of aanvullende data-insamelingsmetode gebruik word, of dit kan gekombineer word met een of meer gelykstaande metodes (Greeff 2005:299–300). In die geval van hierdie navorsing word fokusgroepe aanvullend tot kwantitatiewe navorsing gebruik.

8.1.2 Onderhoudvoering in navorsing

Die hoofdoel van onderhoude wat gebruik word om data in te samel is om dit wat die individu dink, voel en doen en wat hy oor die onderwerp wil sê na vore te bring, sowel as om subjektiewe realiteit

in ’n geformateerde bespreking te bied wat deur ’n onderhoudvoerder gerig en bestuur word en later in ’n navorsingsverslag geïntegreer kan word (Henning *et al*. 2004:52). Onderhoude kan gerig word deur ’n vooraf opgestelde vraelys of onderhoudskedule om bepaalde data te bekom. Die deelnemer geniet die vryheid om ander aspekte na vore te bring en word beskou as die deskundige wat die maksimum geleentheid tot deelname behoort te kry (Greeff 2005:296).

Hoewel daar nie gebruik gemaak is van individuele onderhoude vir die doeleindes van data-insameling vir hierdie navorsing nie, is riglyne vooraf opgestel aan die hand waarvan groepsgesprekke in die fokusgroepe gefasiliteer is. (Vgl. 9.2.1.) Groeplede is egter die vryheid tot deelname gebied vir soverre inligting relevant tot die bespreking was.

8.1.3 Steekproef

Strydom (2005c:194) verwys na die definisie van Arkava en Lane (1983) wat ’n steekproef beskou as bestaande uit elemente van die populasie wat by die studie ingesluit kan word. Die steekproef is ’n poging om die populasie waaruit geneem is te verstaan. Dit is selde moontlik om die totale populasie te betrek weens beperkte tyd en middele, sowel as die hantering van groot hoeveelhede data en daarom kan ’n indiepte steekproef meer ekonomies en intensief wees.

Daar kan onderskei word tussen waarskynlikheidseleksietipe en nie-waarskynlikheid seleksietipe steekproewe. In die geval van eersgenoemde bestaan die moontlikheid dat enige element of lid van die populasie by die steekproef ingesluit kan word en in laasgenoemde geval kan die waarskynlikheid nie gespesifiseer word nie maar die moontlikheid vir insluiting bestaan wel. Nie-waarskynlikheid seleksietipe steekproewe word gereeld gebruik vir gerieflikheids- en ekonomiese redes, soos in hierdie geval om besprekingsgroepe saam met ’n seminaar te reël vir ’n homogene groep (Welman, Kruger & Mitchell 2005:56). ’n Waarskynlikheidseleksietipe gestratifiseerde ewekansige steekproef word vir die kwantitatiewe ondersoek gebruik.

8.1.4 Steekproeftrekking

Steekproeftrekking is die proses waardeur waarnemings geselekteer word (Babbie & Mouton 2001:164). Strydom (2005c:192) verwys na Kerlinger (1986) se definisie van steekproeftrekking, naamlik dat dit beteken om enige deel van ’n populasie of universum te neem as verteenwoordigend van daardie populasie of universum. Dit beteken egter nie noodwendig dat die steekproef verteenwoordigend is nie, maar liewer dat dit geag word as verteenwoordigend te wees. Bevindings van ’n studie kan slegs veralgemeen word as aanvaar kan word dat dit wat in daardie steekproef waargeneem is, in enige ander groep van die populasie waargeneem sal kan word.

Daar word in hierdie navorsing gebruik gemaak van gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking wat 'n waarskynlikheidseleksiestipe steekproef is. (Vgl. 1.5.2 en 8.4.1.)

8.1.5 Vooraf/loodsondersoek

'n Vooraf- of loodsondersoek word in die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (Vaktaalkomitee 1995:70) omskryf as 'n proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n beoogde ondersoek getoets word. Dit kan beskou word as 'n kleinskaalse ondersoek of proefneming van alle beplande aspekte van die hoofondersoek (Strydom 2005b:206). Die uitvoerbaarheid van die navorsing kan dus getoets word en dit is ook 'n geleentheid om onnodige foute uit te skakel.

Maatskaplikewerknavorsing het te make met mense en maatskaplike verskynsels en word daarom gekonfronteer met unieke etiese kwessies. Enkele van hierdie etiese aspekte word vervolgens bespreek ten einde die navorser se bewustheid en sensitiwiteit vir etiese aspekte veral tydens die empiriese ondersoek te bevestig.

8.1.6 Vraelys

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (Vaktaalkomitee 1995:70) definieer 'n vraelys as 'n stel vrae op 'n vorm wat die deelnemer ten opsigte van 'n navorsingsprojek invul. Hierdie navorsing is oorwegend kwantitatief (vgl. 8.4.1) van aard en daarom word grootliks van vraelyste gebruik gemaak om die nodige data te bekom. Die betrokke vraelys is in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel en word as Bylae B aangeheg.

8.1.7 Wetenskap, navorsing en maatskaplikewerknavorsing

Die begrip *navorsing* word gebruik om te verwys na die proses waarvolgens wetenskaplike metodes toegepas word om vakkennis uit te brei, in hierdie geval sosiale en gedragswetenskappe, wat gerig is op die bestudering van menslike gedrag. *Wetenskap* word gewoonlik met die mediese en natuurwetenskappe en tegnologiese prestasies geassosieer, maar kan net so doeltreffend op die gedragswetenskappe van toepassing gemaak word, of die tegnieke kan verskil van dié van natuurwetenskappe (Huysamen 1993:1). Wetenskap is 'n wyse om kennis te bekom deur die benutting van prosedures, tegnieke en instrumente (Ferreira 2004a:4). Met navorsing word dus bedoel dat nuwe kennis bekom word of dat bestaande kennis getoets en uitgebrei word by wyse van 'n krities-analitiese en diepgaande ondersoek na feite deur die gebruik van wetenskaplik-gefundeerde prosedures, tegnieke of instrumente.

Maatskaplikewerknavorsing word in die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (Vaktaalkomitee 1995:41) omskryf as 'n proses waarvolgens ondersoek na die teorie en praktyk van maatskaplike

werk ingestel word. Dit sou dus impliseer dat ’n probleem geïdentifiseer word en dat wetenskaplike inligting benodig word om dit aan te spreek deur die ontdekking van nuwe kennis en vaardighede of die uitbreiding van bestaande inligting ten einde ’n beter diens aan die kliëntsisteem te lewer. Dit is derhalwe ’n ondersoek na die teorie en praktyk van maatskaplike werk en in hierdie geval pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir sorgbehoewende kinders.

8.2 NAVORSINGSETIEK

Vir maatskaplikewerknavorsers beteken etiek die verantwoordelikhede wat navorsers teenoor die deelnemers, borge en diegene het wat potensieel daarby kan baat. Dit sluit verskeie kwessies in soos die bekendmaking van inligting wat moontlike borge of deelnemers in ’n slegte lig kan stel, of die aanmelding al dan nie van ongerymdhede wat deur die navorsing na vore kom. Etiek hang af van standaarde wat gehandhaaf word en hierdie standaarde is gebaseer op menslike waardes wat kan wissel (Monette, Sullivan & De Jong 1998:45). In die meeste verklarende woordeboeke en in algemene gebruik word etiek geassosieer met moraliteit en oor wat as reg en verkeerd beskou word. Die vraag kan tereg gestel word: wat is reg en wat is verkeerd? Vir die meeste mense is dit gebaseer op bronne soos geloof of politieke ideologieë, of dogmatiese waarneming van wat blyk te werk en wat nie werk nie. Dit kan aanleiding gee tot eindelose en frustrerende redenasies oor wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Betreffende navorsingsetiek word daar volstaan by wat ooreengekom is onder die professionele groep van maatskaplike werkers, naamlik breë, algemene riglyne oor wat as navorsingsetiek beskou kan word (Rubin & Babbie 2001:74). Enkele aspekte hiervan word bespreek soos van toepassing op hierdie navorsing.

8.2.1 Skade aan eksperimentele onderwerpe en/of deelnemers

In die gedragswetenskappe moet deelnemers beskerm word teen enige fisiese of emosionele skade wat deur die navorsingsprojek veroorsaak kan word. Enige fisiese ongerief moet beperk word, terwyl in ag geneem moet word dat die gevolge van emosionele skade soms moeilik is om te bepaal, terwyl dit selfs meer verreikende gevolge kan hê (Strydom 2005a:58).

In die geval van hierdie navorsing word geen wesenlike skade voorsien vir die maatskaplike werker as professionele persoon of werknemer van ’n welsynsinstansie wat die vraelys invul of deelneem aan ’n fokusgroepbespreking nie. Al ongerief wat dit kan inhou, is die tyd wat bestee moet word om aktief as deelnemer deel te neem. Die klem val op die verkenning en beskrywing van die pleegsorgstelsel en indien leemtes geïdentifiseer word, is die doel nie om enige instansie of persoon te benadeel nie, maar om ’n bydrae te lewer wat vir die deelnemers en die pleegsorgpraktyk op die lang termyn voordelig kan wees.

8.2.2 Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming beteken dat alle deelnemers ingelig moet wees oor die doel, prosedure, moontlike voor- en nadele van die navorsing, die aanspraak wat dit sal maak in terme van tyd, aktiwiteite of openbaarmaking van enige vertroulike inligting, sowel as die geloofwaardigheid van die navorser. Die deelnemers moet ook wetlik en psigologies bevoeg wees om toestemming tot deelname te verleen en moet die geleentheid kry om voor en tydens die ondersoek vrae te stel (Strydom 2005a:59).

Vraelyste word vergesel van 'n inligtingsbrief (vgl. Bylae A) waar die doel en omvang van die navorsing uiteengesit word ten einde die deelnemer in staat te stel om ingelig toe te stem tot deelname aan die projek. Anonimiteit word ten alle tye in die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing gehandhaaf. Deelnemers vir die fokusgroepe word betrek by 'n seminaar (vgl. Bylae C) wat fokus op opleidingsbehoeftes in die pleegsorgpraktyk en waar hulle ingelig word dat die resultate van die fokusgroepbesprekings vir navorsingsdoeleindes benut word.

8.2.3 Misleiding van onderwerp en/of deelnemers

Misleiding vind plaas wanneer deelnemers doelbewus mislei word oor wat die navorsing werklik behels, of waar die navorser onbewus was van enige misleiding, of die misleiding onverwags later gebeur het. Indien enige misleiding geïdentifiseer word, op watter stadium van die navorsing ook al, moet die deelnemers gedurende 'n ontlontingsonderhoud daarvan verwittig word (Strydom 2005a:60–61). Daar word deurlopend gepoog om tydens kwantitatiewe en kwalitatiewe data-insameling deelnemers in te lig oor die aard en doel van die navorsing en indien misleiding wel onverwags gebeur, sal regstellings deur ontlonting of in die verslag gemaak word.

8.2.4 Skending van privaatheid/anonimiteit/vertroulikheid

Privaatheid impliseer die element van persoonlike privaatheid, terwyl vertroulikheid verwys na die hantering van inligting op 'n vertroulike wyse (Strydom 2002a:67). Privaatheid en vertroulikheid word verseker in die dekbrief (vgl. Bylae A) wat die vraelys vergesel en geen deelnemer sal persoonlik gekoppel word aan besprekingsresultate van fokusgroepe nie. (Vgl. Bylae C.) Geen identifiserende besonderhede word op die vraelys ingevul nie, maar slegs die naam van die welsynsinstansie, sonder aanduiding van die stad/dorp. Daar word gebruik gemaak van die hulp van verskillende kundiges by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein vir die afronding en kodifisering van die vraelys (prof. C. Esterhuyse); die Rekenaarsentrum om rou data te bekom (me. K.A. Smith); sowel as die grafiese voorstellings van die verwerkte data (dr. A. Verster). Geen persoonlike besonderhede van deelnemers word aan die kundiges voorsien nie. Hulle werk slegs

met die kwantitatiewe data wat uit die anonieme vraelyste bekom is. Die kwalitatiewe inligting word slegs deur die navorser gehanteer en kan ook nie aan ’n spesifieke persoon of instansie gekoppel word nie, aangesien die terugvoer op grond van groepskonsensus geskied en die groepe divers en vrywillig saamgestel word.

8.2.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Die navorser is onder ’n etiese verpligting om bevoegdheid te demonstreer in die totale navorsingsproses vanaf die voorstel, literatuurstudie, identifisering van die universum, steekproefprosedure, navorsingsmetodologie, dataverwerking, skryf van die navorsingsverslag en die nakoming van etiese beginsels. Die professionele navorser moet diversiteit in terme van kultuur, gewoontes en norme van die universum respekteer en te alle tye poog om objektief te bly (Strydom 2005a:64).

Die maatskaplike werkers wat die vraelyste invul kan afkomstig wees van verskillende kulturele groepe met diverse waarde- en normestelsels, verskillende opleidingsinstansies en wat ook by verskillende welsynsinstansies werk waar die pleegsorgbeleid selfs verskillend toegepas kan word. Die pleegsorgpraktyk bestaan ook uit diverse groepe wat tiperend is van ’n multikulturele land soos Suid-Afrika. Die riglyn wat binne hierdie diversiteit gevolg word, is dit wat van enige professionele maatskaplike werker verwag word, naamlik respek vir diversiteit. Verder word die interpretasie van die data word sover menslik moontlik sonder vooroordele gedoen. Die navorser ontvang ook studieleiding van ’n kundige dosent in maatskaplike werk wat bevoegdheid en die hantering van etiese aspekte in navorsing verhoog.

8.2.6 Samewerking met medewerkers

Navorsing word soms met die hulp van borge onderneem, wat vereis dat ’n formele kontrak oor wedersydse verwagtinge aangegaan word. Kollegas is soms ook formeel of informeel in ’n mindere of meerdere mate betrokke, wat ook ’n wedersydse ooreenkoms betreffende rolverwagtinge en wedersydse erkenning vir bydraes uitspel om misverstande te voorkom (Strydom 2005a:64–65). Betreffende hierdie navorsing is daar geen borg betrokke nie. Child Welfare Bloemfontein and Childline Free State word as vennoot betrek by die organisering van die seminaar waarvan die fokusgroepbesprekings deel uitmaak ten einde te verseker dat die program volgens praktykbehoeftes saamgestel word en dat dit ook in opleidingsbehoeftes voorsien. Daar word in die bronnelys verwys na kollegas wat as inligtingsbronne geraadpleeg is. Optrede word gerig deur die riglyne vir navorsingsetiek en die Etiese Kode vir professionele maatskaplike werkers soos deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe saamgestel.

8.2.7 Bekendmaking of publikasie van bevindinge

Die navorser behoort 'n verslag so korrek en objektief as moontlik saam te stel. Daar rus 'n etiese verpligting op die navorser om ten alle tye te verseker dat die ondersoekprosedures korrek verloop en dat niemand deur die bevindinge mislei word nie. Inligting moet duidelik geformuleer en ondubbelsinnig oorgedra word om enige vorm van wanvoorstellings of beïnvloeding van resultate te beperk of te vermy. Plagiaat is byvoorbeeld 'n ernstige etiese oortreding en daarom moet daar erkenning gegee word aan alle bronne wat geraadpleeg is en persone wat saamgewerk het. Tekortkominge en foute in die navorsing moet erken word. Die navorsingsresultate moet objektief weergegee word, sonder om te veel detail te gee of om die beginsel van vertroulikheid te skaad. Sodanige verslaggewing is 'n vorm van erkenning en uitdrukking van waardering aan die gemeenskap vir deelname (Strydom 2005a:66).

Daar word in die navorsingsverslag gepoog om deur teksverwysings en in die bronnelys die nodige erkenning te gee aan alle bronne van inligting, hetsy in die literatuur of empiriese studie gebruik. Verder word navorsingsbevindinge so noukeurig en getrou moontlik deur beskrywende statistiek op verskillende wyses in die verslag deur grafiese en skematies voorstellings en frekwensietabelle uiteengesit. Interpretasies van gegewens word op feitelike evaluerings van die data gebaseer. Verslaggewing oor fokusgroepbesprekings word kernagtig in tabelvorm weergegee en berus op skriftelike terugvoer deur hulpfasiliteerders sowel as mondelinge terugvoer wat aan die groter groep gegee is.

8.2.8 Ontlonting van deelnemers

Ontlontingsessies behoort na afhandeling van die ondersoek gedoen te word om die geleentheid aan deelnemers te bied om as gevolg van die navorsing deur ervarings en gevoelens te werk en sodoende enige moontlike skade te beperk wat ten spyte van voorkomende maatreëls plaasgevind het. Die navorser moet enige misvattings onder deelnemers regstel (Strydom 2005a:66). Die kliëntesisteem word nie direk as deelnemers in die betrokke navorsing betrek nie, maar wel die hulpverlener en daar word meer gefokus op die diens wat gelewer word; dus word die pleegkind slegs indirek betrek. Die fokus val op die verkenning en beskrywing van die pleegsorgpraktyk deur die anonieme invul van 'n vraelys en fokusgroepbesprekings. Sensitiwiteit word aan die dag gelê om enige fisiese of emosionele ongemak wat deelnemers aan fokusgroepbesprekings kon ervaar, agterna te ontlont. Alle deelnemers ontvang besonderhede oor waar die navorser persoonlik, telefonies of per elektroniese pos gekontak kan word.

8.2.9 Etiese kode vir navorsing

Maatskaplike werkers as 'n professionele groep het deur die National Association for Social Workers die volgende riglyne vir etiese optrede tydens navorsing aanvaar (Rubin & Babbie 2001:81):

- Die maatskaplike werker betrokke by navorsing moet moontlike gevolge wat die ondersoek vir mense kan inhou, versigtig oorweeg.
- Deelnemers moet ingelig wees oor die navorsing en vrywillig toestemming verleen, sonder enige geïmpliseerde deprivasie of penalisering vir weiering tot deelname en met inagneming van privaatheid en waardigheid.
- Deelnemers moet beskerm word teen ongeoorloofde fisiese of geestesongemak, gevaar, skade of enige deprivasie.
- Evaluering van dienste of gevalle moet slegs om professionele redes en alleenlik met persone direk en professioneel daarby gemoeid, te bespreek word.
- Inligting oor deelnemers tydens die navorsing bekom, moet vertroulik hanteer word.
- Die maatskaplike werker mag net krediet neem vir werk deur homself gedoen en moet erkenning gee aan bydraes deur ander gelewer.

Die navorser beoog om in die studie die etiese riglyne na te kom deur fisiese, sosiale, emosionele skade of ongerief, of enige ongemak ten opsigte van die deelnemers sover moontlik te vermy of te beperk. Verder word erkenning gegee aan inligtingsbronne gebruik en deelnemers betrokke by die ondersoek se identiteit word beskerm. Resultate word sover moontlik noukeurig en korrek weergegee met die uitsluitlike doel om die kwaliteit van professionele pleegsorgdienste te verhoog. Misleiding of wanvoorstellings word sover moontlik voorkom en indien foute insluip, sal regstellings waar moontlik gedoen word. Die navorser aanvaar verantwoordelikheid vir die beplanning en uitvoering van die ondersoek en strewe na geldigheid en betroubaarheid, maar die beperkings van die ondersoek en bevindings word ook erken en uitgewys, terwyl ruimte gelaat word vir alternatiewe interpretasies.

8.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Daar word onderskei tussen drie soorte navorsingdoelstellings, naamlik verkennende, beskrywende en verklarende studies. Hierdie navorsing is verkennend en beskrywend en die prosedure word vervolgens uiteengesit.

8.3.1 Verkennende studie

Die doel van sodanige studie is om 'n spesifieke terrein, in hierdie geval pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir sorgbehoewende kinders, te verken. Volgens Mouton en Marais (1992:45) kan die doelwitte van verkennende navorsing wees om:

- nuwe insigte oor die domeinverskynsel in te win;
- as 'n vooronderskoek tot 'n meer gestruktureerde studie van die verskynsel te dien;
- sentrale konsepte en konstrukte te ekspliseer;
- prioriteite vir verdere navorsing vas te stel; en
- nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Die navorsing oor pleegsorg is grootliks gerig op die onwikkeling van nuwe insigte ten einde dienslewering op alle vlakke van die ekologiese ontledingsisteme te verbeter en in die proses kan verdere prioriteite vir navorsing vasgestel word. Tydens die verkenning moet die vraag "wat" beantwoord word deur die onderneming van 'n sistematiese en uitgebreide studie. Aangesien daar nie vaste riglyne vir verkennende studies bestaan om na te volg nie, kan die rigting van die ondersoek maklik verander en daarom moet die navorser kreatief en oop vir nuwe idees wees (Ferreira 2004a:17–18). 'n Verskeidenheid van bronne op die terrein van pleegsorg word geraadpleeg met die ingesteldheid om ontdekkings te maak.

Daar bestaan drie metodes waardeur verkennende navorsing gedoen kan word (Mouton & Marais 1992:45):

- 'n Oorsig van die bestaande, toepaslike literatuur.
- 'n Opname onder diegene wat praktiese ervaring van die probleem het.
- 'n Ontleding van insigstimulerende voorbeelde.

Vir die betrokke navorsing word inligting oor pleegsorg versamel deur praktisyns werksaam in die diensveld self vir die empiriese studie te nader, in plaas daarvan om die pleegsorgkliëntsisteem direk te betrek. Hierdie metode word gebaseer op die "*expert-need approach to community needs-assessment as postulated by Bradshaw (1975) in Jansson (1993)"* soos aangehaal deur Roestenburg (1999:128), en is 'n erkende tegniek om gemeenskapsbehoeftes mee te bepaal. Die siening van deskundiges betreffende pleegsorgdienste word vir die doeleindes van hierdie studie as geskik en gepas beskou, aangesien die uitkoms gerig is op wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering. Daar word beoog om minstens 100 deskundiges te betrek wat op 'n daaglikse basis met pleegsorggevalle werk. Vir die doeleindes van die empiriese studie word van sowel vraelyste as fokusgroepbesprekings gebruik gemaak om die verskillende vorms van pleegsorg in die praktyk te verken ten einde 'n holistiese perspektief op die huidige stand van die

pleegsorgpraktyk te bekom. Verkennende en beskrywende navorsing gaan meestal saam in die praktyk.

8.3.2 Beskrywende studie

Deur beskrywende navorsing word 'n indieptebeskrywing van 'n spesifieke individu, situasie, groep, organisasie, stam, subkultuur, interaksie of sosiale voorwerp gebied. Die klem kan ook val op 'n beskrywing van die frekwensie waarmee 'n bepaalde eienskap of veranderlike in 'n steekproef voorkom. Die onderskeiding van dié soort navorsing val saam met die onderskeiding tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Mouton & Marais 1992:46). (Vgl. 8.4.) In beskrywende studies begin die navorser met 'n duidelik gedefinieerde onderwerp en voer die navorsing uit om dit akkuraat te beskryf. Die "hoe"- en "wie"-vrae moet beantwoord word (Ferreira 2004a:19). Die skrywer verwys ook na die doelstellings van beskrywende studies soos uiteengesit deur Neumann (1997). Beskrywende studies is om:

- dit wat is, op die een of ander wyse akkuraat en noukeurig te beskryf;
- 'n akkurate profiel van 'n groep te verskaf;
- 'n proses, meganisme of verhouding te beskryf;
- 'n verbale of numeriese prentjie/persentasie te bied;
- inligting te vind om nuwe verduidelikings te stimuleer;
- basiese agtergrondsinligting of 'n konteks te bied;
- 'n stel van kategorieë of klassifikasietipes te skep;
- 'n reeks van stappe te belig; en
- inligting te dokumenteer wat vorige oortuigings ten opsigte van 'n onderwerp weerspreek.

In hierdie navorsing word 'n bepaalde, duidelik gedefinieerde maatskaplike onderwerp, naamlik pleegsorg, so akkuraat en noukeurig as moontlik beskryf aan die hand van 'n literatuurstudie, en hoe dit in die praktyk met behulp van kwantitatiewe en kwalitatiewe data-insameling beoefen word. Die resultate van die kwantitatiewe navorsing word in gestruktureerde statistiese gegewens aangebied, terwyl die resultate van die kwalitatiewe navorsing samevattend en beskrywend in tabelle weergegee word. Vervolgens word die wyse waarop steekproeftrekking plaasgevind het, beskryf, waarna tot die navorsingsparadigma oorgegaan word.

8.4 NAVORSINGSPARADIGMA VAN DIE STUDIE

In die studie word gebruik gemaak van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die kwantitatiewe studie is die dominante paradigma en word aangevul deur 'n kleiner komponent van kwalitatiewe

ondersoek oor enkele tendense vanuit die kwantitatiewe resultate. Die twee soorte benaderings word vervolgens omskryf en van toepassing op die studie gemaak.

8.4.1 Kwantitatiewe benadering

Kwantitatiewe navorsing word breedweg deur Mouton en Marais (1992:159) omskryf as 'n benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseer, sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n reikwydte wat meer presies afgebaken is en relatief na aan die natuurwetenskappe se benaderings geleë is. Die kwantitatiewe navorser sal probeer om sy konsepte so te kies of selfs te skep dat daar slegs een betekenis aan die woord geheg kan word. Die navorser moet 'n eksplisiete operasionele definisie van 'n konsep of konstruk gee om dit sigbaar en meetbaar te maak (Mouton & Marais 1992:164). Sodanige navorsing is dus meer ingestel op die spesifieke definiëring van die *wie, wat, wanneer, waar, waarom* en *hoe*, dus die meetbare aspekte van menslike gedrag.

Die kwantitatiewe benadering van hierdie navorsing het ten doel om algemeen geldende tendense in die pleegsorgpraktyk op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme te identifiseer, te verken en te beskryf. Hiervoor word gebruik gemaak van vraelyste. Die vraelys word gebaseer op inligting soos bekom vanuit die literatuurstudie en met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord ten opsigte van die kind as individu, gesinne betrokke, die sosiale strukture en kulturele konteks. Ten einde die nodige inligting te bekom, word daar gebruik gemaak van die volgende soorte vrae in die vraelys. Vergelyk Delport (2002:179–190) en Ferreira (2004a:34–36):

- **Ongestruktureerde** of oop vrae word by die kwalitatiewe deel as onderhoudsriglyne vir fokusgroepe gebruik oor kwessies waar deelnemers aangemoedig word om 'n eie mening te gee en sodoende meer idees te genereer oor die hantering van die pleegsorgpraktyk. Betreffende die vraelys word oop vrae egter beperk, aangesien dit tydrowend vir die deelnemer is tydens die invul van die vraelys, sowel as vir die verwerking van die data. Heelwat van die gestruktureerde vrae bied die geleentheid om "*ander*" by te voeg met die versoek om te "*spesifiseer*", wat die geleentheid tot 'n eie mening bied. (Vgl. vraag 15, Bylae B.)
- Met **gestruktureerde** of geslote vrae kry die deelnemer die geleentheid om een of meer response te kies vanuit 'n aantal gegewe responskategorieë. Daar word voorkeur gegee aan geslote vrae in die vraelys omdat die pleegsorgpraktyk op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem gedek word en die graad, frekwensie en omvang daarvan meer doelgerig deur geslote vrae verken kan word. Resultate kan ook makliker en meer betroubaar verwerk word. Onder gestruktureerde vrae word van die volgende variasies gebruik gemaak:

- Veelkeusevrae waar drie of meer response gegee kan word ten einde fyner verskille waar te neem. (Vgl. Afdeling A, vraag 5, Bylae B.)
- Geskaleerde vrae waar deelnemers 'n sekere punt op 'n skaal toeken. Sodanige vrae word aangewend om inligting te bekom oor nie-eksakte en meer subjektiewe sake soos grade van bevrediging oor byvoorbeeld dienste gelewer. (Vgl. Afdeling B, vraag 6, Bylae B.)
- Stellings word meestal gebruik om data van 'n meer subjektiewe aard te bekom oor houdings en menings. 'n Verskeidenheid stellings relevant tot die ondersoek word gemaak en die responsopsies word op 'n skaal aangebied. (Vgl. Afdeling B, vraag 9, Bylae B.)
- Opvolgvrae word gebruik na 'n "*ja/nee*"-respons ten einde meer inligting te bekom oor die deelnemer se respons en sodoende 'n tregtereffek te kry wat verdieping in kennis en fyner detail na vore bring. (Vgl. Afdeling C, vraag 1 en 2, Bylae B.)
- Kontrolelyste word ook gebruik deur 'n reeks beskrywende items te gee en die deelnemers te versoek om aan te dui watter van die items die situasie die beste beskryf. (Vgl. Afdeling B, vraag 1, Bylae B.)

Daar word dus grootliks gebruik gemaak van verskillende soorte gestruktureerde vrae ten einde beantwoording vir die deelnemer en dataverwerking te vergemaklik. Aanvullende inligting kan onder "ander" bygevoeg word, sodat die deelnemer steeds die geleentheid kry om waarde tot die vraelys toe te voeg en belangrike inligting nie verlore gaan nie. Die kwalitatiewe navorsing word gebruik om duidelike tendense wat uit die vraelys na vore kom, verder te ondersoek, sowel as om triangulasie te bewerkstellig.

Versendingsmetodes aan moontlike deelnemers wissel van elektronies, landpos, faks of persoonlik, afhangende van die fasiliteite beskikbaar vir die mees ekonomiese en gemaklikste wyse van versending sowel as die geografiese bereikbaarheid. Daar word meestal gebruik gemaak van elektroniese versending aangesien dit betreklik goedkoop is en 'n wye gebied daardeur gedek kan word. Die volgende prosedures word gevolg vir vraelysversending, asook om sover moontlik terugvoer te verseker:

- Adreslyste van welsynsinstansies is beskikbaar op die webbladsy (http://www.socdev.gov.za/NPO) vir nie-regeringsorganisasies (kerklike instansies, vroueorganisasies en takke van Kinder- en Gesinsorgverenigings) sowel as die webbladsye

van die verskillende Provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling (http://www.socdev.gov.za/. wat deur die area soos Vrystaat gevolg word).

- Welsynsinstansies soos aangedui in tabel 1 (vgl. 1.5.2) word telefonies of persoonlik genader – afhangende van die geografiese bereikbaarheid – om die nodige toestemming te verkry om aan die navorsing deel te neem. Hiertydens word ook ooreengekom op die gemaklikste versendings- en verspreidingsmetode. Deur persoonlike betrokkenheid word gepoog om deelname te verhoog.

- In elk van die versendingsmetodes word 'n meegaande dekbrief met inligting oor die navorser self en die doel daarvan uiteengesit. (Vgl. Bylae A.)

- Op die vraelys is duidelike instruksies oor die wyse waarop dit ingevul behoort te word. Daar word nie van veldwerkers gebruik gemaak nie en die navorser is nie persoonlik teenwoordig tydens die invul van die vraelys nie. Daarom word daar gepoog om duidelik en spesifiek te wees ten einde sover moontlik misverstande uit te skakel en deelnemers te motiveer tot deelname. (Vgl. Delport 2005:166).

Die vraelys as data-insamelingsmetode word dus in die kwantitatiewe opname gebruik. Vervolgens word steekproeftrekking in kwantitatiewe navorsing bespreek, waarna dit op hierdie navorsing van toepassing gemaak word.

- **Steekproef en steekproeftrekking**

Die soort steekproeftrekking wat gebruik word, is reeds in die eerste hoofstuk kortliks beskryf (vgl. 1.5.2), naamlik gestratifiseerde, ewekansige steekproeftrekking wat 'n waarskynlikheidseleksietipe steekproef is. Steekproef (vgl. 8.1.3) en steekproeftrekking (vgl. 8.1.4) is reeds vroeër in hierdie hoofstuk gedefinieer. Die **populasie** vir die studie bestaan uit drie nie-regeringsorganisasies en die staatsinstansie, naamlik die Departement Maatskaplike Ontwikkeling wat pleegsorgdienste onder alle bevolkingsgroepe in die nege streke van die land lewer. (Vgl. tabel 1.) Die populasie verwys in hierdie geval na subgroepe in die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik, naamlik die lewering van pleegsorgdienste. Populasie is 'n term wat grense verskaf ten opsigte van die eenhede wat bestudeer word, terwyl universum na alle moontlike deelnemers verwys wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser geïnteresseerd is (Strydom 2005c:193). Die universum is vir die doeleindes van hierdie navorsing te breed daarom word dit meer afgebaken tot die populasie van die vernaamste welsynsinstansies wat pleegsorgdienste lewer.

Die grootte van die steekproef word onder 1.5.2 uiteengesit en die beginsel vir **steekproefgrootte** is gevolg, naamlik, hoe groter die populasie, hoe kleiner die steekproefpersentasie en andersom

(Strydom 2005c:194). Die grootte van die populasie kon nie presies bepaal word nie, aangesien die webbladsy waarop die inligting bekom is, 2002 gedateer is en daar verskeie ander nie-relevante organisasies ook saam met die welsynsinstansies verskyn. Al die geselekteerde welsynsinstansies wat geïdentifiseer is, naamlik die Vereniging vir Kindersorg (*Child Welfare*), vroue-organisasies en kerklike instansies, funksioneer landwyd en is bekend as die mees betekenisvolle nie-regeringsinstansies wat dienste, waaronder pleegsorg, aan gesinne lewer. Daar word gepoog om minstens al die genoemde organisasies in elke streek te betrek ten einde die steekproef minstens landwyd te doen.

Verteenwoordiging is 'n verdere aspek van steekproeftrekking wanneer veralgemenings van die steekproef na die groter populasie gemaak word. Verteenwoordiging beteken dat die steekproef oor dieselfde eienskappe moet beskik as die populasie relevant tot die navorsing en daarom word ewekansige steekproeftrekking as die mees doeltreffende tegniek beskou vir 'n optimale geleentheid om 'n verteenwoordigende steekproef uit die populasie te trek (Strydom 2005c:196). Die steekproef wat gedoen is, kan as verteenwoordigend vir die lewering van pleegsorgdienste beskou word, omdat die geselekteerde welsynsinstansies groot gevalleladings in die verband hanteer.

'n **Ewekansige steekproef** beteken dat elke lid van die populasie 'n gelyke kans het om geselekteer te word. In hierdie geval is die geregistreerde nie-regeringsorganisasies sowel as die provinsiale en streekkantore van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling wat op die onderskeie departementele webbladsye gevind is (vgl. 1.5.2), gebruik om 'n lys van die populasie betrokke by die navorsing saam te stel. Welsynsinstansies is vanuit die lys geïdentifiseer om by die steekproef te betrek. Die grootte van die steekproef is volgens die kriteria vir steekproefgrootte soos hierbo uiteengesit, bepaal. (Vgl. Strydom 2005c:197.)

Twee hoofgroepe steekproefprosedures bestaan, naamlik **waarskynlikheidstipe** en **nie-waarskynlikheidstipe**. In die kwantitatiewe navorsing is die waarskynlikheidstipe gebruik, wat gebaseer is op ewekansigheid. Dit beteken dus dat enige welsynsinstansie in die geïdentifiseerde groepe 'n gelyke kans het om geselekteer te word. **Gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking** is gekies om te gebruik aangesien dit 'n metode is waardeur 'n groter mate van verteenwoordiging bekom kan word en steekproeffoute ook verminder kan word, aangesien dit 'n homogene populasie is wat uit 'n aantal toepaslike elemente tot die onderwerp bestaan (Rubin & Babbie 2001:276). Deur gestratifiseerde steekproeftrekking word die populasie in 'n aantal strata verdeel wat wedersyds eksklusief is en die lede oor homogene eienskappe beskik. Die soort steekproef word hoofsaaklik gebruik om te verseker dat die verskillende segmente van die populasie voldoende in die steekproef verteenwoordig word (Strydom 2005c:198 en 200). Daar

word gepoog om al drie nie-regeringsorganisasies sowel as die staatsdepartement in al die provinsies by die navorsing te betrek. (Vgl. tabel 1 en16.)

Na afhandeling van die kwantitatiewe deel van die navorsing, word oorgegaan na die kwalitatiewe opname wat die kleiner komponent van die empiriese ondersoek uitmaak. Vervolgens word die kwalitatiewe benadering meer in diepte bespreek.

8.4.2 Kwalitatiewe benadering

Mouton en Marais (1992:159 en 164) beskryf die kwalitatiewe benadering as prosedures wat nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan word. Die kwalitatiewe navorser heg betekenis aan konsepte en konstrukte wat in eie reg ontleed kan word om tot verdieping van begrip oor 'n bepaalde verskynsel te kom. Sodanige navorsing sal dus 'n meer filosofiese benadering hê wat ingestel is op die kwaliteit van menslike gedrag as wat dit formalisties en voorskriftelik sal wees.

Deur die kwalitatiewe benadering word daar ondersoek ingestel na die hulpverlener, in dié geval die maatskaplike werker, se interpretasie of belewenis van sekere tendense of uitdagings in die pleegsorgpraktyk. Volgens Schoeman en Botha (1991:50) is die kwalitatiewe navorser meer oop om nuwe inligting te bekom, homself by die situasie aan te pas en om uit die situasie te kan leer deur self daarby betrokke te wees. In die geval van hierdie navorsing word persoonlike betrokkenheid bekom deur die fokusgroepbesprekings en die seminaar bied 'n leergeleentheid oor knelpunte en moontlike oplossings in die pleegsorgpraktyk deurdat deskundiges as hoofsprekers optree.

- **Fokusgroepe as metode van onderhoudvoering in kwalitatiewe navorsing**

Die hoofdoel van fokusgroepe is om selfonthulling tussen deelnemers te bevorder en te bepaal wat mense werklik dink en voel. Meervoudige standpunte, response en gekonsentreerde data kan so binne 'n korter periode ingesamel word. Dit is 'n uitstekende geleentheid om na mense te luister en van hulle te leer terwyl kommunikasielyne tussen fasiliteerder en deelnemer sowel as deelnemers onder mekaar geskep word. Fundamenteel verklein dit die gaping tussen die wêreld van die navorser en die deelnemer. Fokusgroepe bevat drie van die grondliggende sterktes wat in kwalitatiewe metodes voorkom, naamlik: eksplorering en ontdekking, konteks en diepte, en interpretasie (Greeff 2005:299–301). Fokusgroepe is 'n uitstekende wyse om die maksimum deelname en betrokkenheid te verseker van die gemeenskap waarop die navorsing die meeste impak sal uitoefen (Marlow 2005:145).

In die geval van hierdie navorsing word fokusgroepe gebruik om uitdagings en tendense in die pleegsorgpraktyk na te vors en nuwe moontlikhede te ondersoek, veral met die implementering van

die nuwe kinderwetgewing en om kommunikasie tussen opleiding of navorsing en die praktyk te bevorder. Dit word dus as 'n ideale geleentheid beskou om die gemeenskap wat direk deur die navorsing geraak word, te betrek en sodoende teorie en praktyk te integreer terwyl deelnemers bewus gemaak word van die waarde van navorsing. Groepslede deel gewoonlik makliker in groepskonteks en word sodoende aangemoedig om meer geredelik hul ervaringe en gevoelens oor die pleegsorgpraktyk te bespreek.

- **Beplanning van die fokusgroepe**

Volgens Greeff (2005:303–304) is noukeurige beplanning in verband met deelnemers, omgewing en vrae vir besprekings die sleutel tot doeltreffende fokusgroepe. Weldeurdagte, vry antwoordvrae bied die geleentheid tot 'n verskeidenheid response vanuit verskillende perspektiewe, hoewel dit 'n gefokuste omgewing moet wees om suksesvolle uitkomste te bereik. Aangesien die navorser werksaam is by 'n opleidingsinstansie (Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein), is toestemming van die Departementshoof verkry om 'n seminaar oor pleegsorg as deel van voortgesette opleiding aan te bied en terselfdertyd deelnemers by fokus-groepbesprekings oor sekere temas as deel van die kwalitatiewe navorsing te betrek. Ten einde die seminaar en die navorsing op werklike praktykbehoeftes te baseer, word Child Welfare Bloemfontein and Childline Free State as spesialiteitsorganisasie in kindersorg genader om die seminaar in vennootskap aan te bied. Toestemming is by die direkteur van die organisasie verkry om 'n seminaarkomitee bestaande uit die navorser en maatskaplikewerkpraktisyns saam te stel. Dit is die taak van die seminaarkomitee om temas vir die seminaar en fokusgroepbesprekings te formuleer op grond van voorlopige resultate van die kwantitatiewe opname en praktykbehoeftes, sowel as om die hoofsprekers en fokusgroepfasiliteerders te identifiseer.

Aandag moet geskenk word aan die doel van die uitkomste, tydsduur, deelnemers, riglyne vir vrae, plek, datum en tyd van fokusgroepbesprekings (Greeff 2005:303). Die doel van die seminaar is om uitdagings in die pleegsorgpraktyk te ondersoek en die implementering van nuwe kinderwetgewing betreffende pleegsorg te bespreek. Die seminaar word oor twee dae beplan en moontlike deelnemers is maatskaplike werkers betrokke by die pleegsorgpraktyk. Riglyne vir vrae word vooraf deur die seminaarkomitee saamgestel. Die seminaar word by die Universiteit van die Vrystaat te Bloemfontein aangebied, aangesien 'n geskikte lokaal beskikbaar is, dit sentraal geleë is en die omgewing redelik bekend is aan potensiële deelnemers. 'n Datum word gedurende die laaste semester van 2008 beplan na afhandeling van die kwantitatiewe opname en tydens die implementering van nuwe kinderwetgewing wat mettertyd plaasvind. 'n Nuwe riglyn en protokol vir pleegsorg word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die vooruitsig gestel en

uitkomste van die seminaar kan aan die betrokke owerhede deurgegee word vir moontlike insluiting by die protokol.

Vir die werwing van deelnemers, word van **doelgerigte steekproefneming** gebruik gemaak wat 'n **nie-waarskynlikheid seleksietipe steekproef** is en op die oordeel van die navorser berus deur doelbewus maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste lewer en oor kenmerkende eienskappe beskik, by die seminaar en fokusgroepbesprekings te betrek. Die steekproef kan dus as relevant tot die populasie beskou word, aangesien dit maatskaplike werkers verteenwoordig wat pleegsorgdienste in Suid-Afrika lewer (Welman *et al* 2005:69). Vir die praktiese toepassing daarvan is 'n seminaarprogram (Bylae C) saamgestel en tesame met registrasievorms uitgestuur na die beskikbare adresse wat gebruik word vir die kwantitatiewe opname, sowel as die adreslys van die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat, waarvolgens voortgesette opleidingsprogramme geadverteer word, asook die adreslys en advertensiekanale van Child Welfare. Die teikengroep is steeds maatskaplike werkers betrokke by pleegsorgdienste, maar uitnodigings word nie beperk tot die vier genoemde welsynsinstansies (vgl. 1.5.2) wat by die kwantitatiewe opname ingesluit is nie ten einde breër en vrywillige deelname te bevorder. Fokusgroeponderwerpe word op die registrasieprogram aangedui en deelnemers word vooraf versoek om hul keuse aan te dui oor die fokusgroep waarby hulle verkies om in te skakel. Deur hierdie reëling word verseker dat die **groepsamestelling** vrywillig, volgens behoefte, vinnig en doeltreffend tydens die byeenkoms kan plaasvind.

Betreffende die **fasilitering** van die groep word onder andere aandag geskenk aan die selektering van vaardige fasiliteerders, die rol van die fasiliteerder, die grootte en homogeniteit van die groepe, of meer as een fasiliteerder benodig word, die ontwikkeling van riglyne vir besprekings, benodigdhede vir sessies en hoe veldnotas geneem sal word. Groeplede moet ingelig wees oor die navorsingsonderwerp, wat van hulle verwag word, wat hulle in ruil kan verwag en dat hulle ter enige tyd kan onttrek terwyl ondersteuning ook na die tyd beskikbaar sal wees indien hulle 'n verdere behoefte aan bespreking het. Betreffende die aantal groepsessies, word 'n totaal van vier sessies voorgestel met herevaluering na die derde sessie. Daar bestaan egter nie 'n vaste reël hieroor nie, maar dit word wel vermeld dat een sessie riskant, maar nie noodwendig verkeerd is nie. Die data moet dan spesifiek geïnterpreteer word volgens wat na vore gekom het in die unieke groep. Betroubaarheid oor die antwoorde word as 'n kritiese element beskou. Die kernvraag handel nie oor die hoeveelheid data nie, maar eerder oor die waarde daarvan (Greeff 2005:306).

Die groepe word vrywillig saamgestel deurdat enige geregistreerde maatskaplike werker wat betrokke of geïnteresseerd is in pleegsorgdienste kan inskryf vir die seminaar en tussen die verskillende fokusgroepe kan kies. Moontlike deelnemers word in 'n meegaande brief met die

program en registrasievorm ingelig oor die doel van die seminaar en die navorsingselement wat daarmee gepaardgaan. (Vgl. Bylae C.)

Volgens Greeff (2005:306–307) behoort die **fasiliteerder** oor die volgende eienskappe te beskik: gemaklik en bekend met groepsprosesse, duidelike en spesifieke vaardighede in verbale en geskrewe kommunikasie, vriendelikheid en 'n sin vir humor, 'n goeie luisteraar en 'n empatiese en positiewe houding. Verder moet die fasiliteerder oor genoegsame agtergrondskennis van die onderwerp beskik, kommentaar in perspektief kan plaas en kritiese areas kan opvolg. Selfdissipline en beheer oor persoonlike standpunte moet toegepas kan word, terwyl groeplede ondersteun moet word in die uitdrukking van verskillende standpunte en die spesifieke ondersoek van onderliggende redes tot standpunte. Die fasiliteerder moet in staat wees om beheer in die groep uit te oefen en 'n studieriglyn te volg terwyl groepsentoesiasme en geïnteresseerdheid terselfdertyd onderhou moet word.

Fasiliteerders word met inagneming van bogenoemde eienskappe deur die seminaarkomitee geïdentifiseer, maar veral op grond van ervaring en verteenwoordigend van die verskillende welsynsinstansies wat pleegsorgdienste lewer, ten einde 'n breë spektrum van ervaring te betrek. Hulpfasiliteerders word ook betrek ten einde groter groepe te kan akkommodeer en om volgens Greeff (2005:307) fasiliteerders by te staan om notas te neem, vir waarneming, analise en konsultering.

Daar word basies gebruik gemaak van ongestruktureerde **vrae**. Aanvanklik word die doel of hoof onderwerp van die ondersoek gestel om reaksie van die deelnemers te kry en daarna word oorbeweeg na meer gestruktureerde vrae om spesifieke inligting te bekom (Welman *et al*. 2005:202). Vrae kan volgens Greeff (2005:309) soos volg ontwikkel word: spesifiseer die probleem, identifiseer vrae deur 'n dinkskrum, berei die eerste, voorlopige vrae voor, plaas dit in volgorde, bereken die tyd benodig, verkry terugvoer van ander, toets die vrae en hersien indien nodig. Tentatiewe vrae word aanvanklik deur die navorser op grond van die literatuurstudie, gesprekvoering met kundiges en voorlopige resultate van die vraelyste ontwikkel waarna dit aan die seminaarkomitee beskikbaar gestel word vir verdere afronding.

'n Voorbereidingsessie word voor die seminaar met fokusgroepfasiliteerders en hulpfasiliteerders gehou om die rigtinggewende vrae te bespreek. Riglyne vir fasilitering word gegee ten opsigte van die volgende:

- 'n Omskrywing van fokusgroepe en wat dit behels. (Vgl. 8.1.1.)

- Die doel daarvan naamlik om 'n atmosfeer in die groep te skep wat deelnemers aanmoedig om hul standpunte, beskouings, ervarings en idees te deel en nuwe ontdekkings te ondersoek.
- Beplanning, voorbereiding en verkenning van die onderwerp word gelei deur rigtinggewende vrae en verwagte uitkomste van die bespreking.
- Ooreenkoms oor die samestelling van die groepe volgens eie keuse, die aantal lede per groep, tydsbesteding en groepsvaardighede benodig.
- Notas word geneem en terugvoer word by wyse van 'n rekenaarvoordrag (*Powerpoint*) voorberei en aan die volle groep gegee sodat almal daarin kan deel.
- Kennisname dat terugvoer oor **drie** van die temas vir navorsingsdoeleindes gebruik word en dat dit deel vorm van kommentaar oor al die ander besprekings wat aan die Vrystaats Provinsiale Departement Maatskaplike Ontwikkeling deurgestuur word ter voorbereiding vir die samestelling van riglyne en 'n protokol vir pleegsorg.

Bogenoemde riglyne en rigtinggewende vrae word op skrif aan fasiliteerders en assistente gegee ter voorbereiding op fokusgroepbesprekings.

- **Analise van data**

Die data wat ontwikkel word deur fokusgroepbespreking kan baie omvangryk wees en moeilik om te analiseer teenoor 'n gestruktureerde opname (Rubin & Babbie 2001:590). Verder kan analise en interpretasie van fokusgroepdata ook gekompliseerd wees want dit verteenwoordig die realiteit van die groepslede se ervaringe. Die doel van analise is om neigings en patrone wat in 'n enkele fokusgroep of tussen telkens verskillende fokusgroepe voorkom te identifiseer. Rekordhouding berus op opnames, notas en op wat onthou word. Analise moet sistematies, in volgorde, verifieerbaar en deurlopend wees (Greeff 2005:311). Die feit dat terugvoer by wyse van 'n voordrag gelewer word, kan voordelig wees vir die analise en interpretasie van die data, aangesien dit alreeds gekonsentreer en gestruktureerd volgens 'n gesamentlike besluit van die fokusgroepledeweergegee word. Dit en kan ook tydens die terugvoersessie aangevul word.

- **Sterktes en tekortkominge van fokusgroepe**

Fokusgroepe is betreklik goedkoop. Resultate word vinnig gegenereer en dit verleen soepelheid in ondersoek. Die groepsdinamika wat ontwikkel kan aspekte oor die onderwerp na vore bring wat nie voorsien is nie en wat waarskynlik nie tydens individuele onderhoude of deur die invul van 'n vraelys na vore sou kom nie (Rubin & Babbie 2001:589). Greeff (2005:312) identifiseer ook die volgende sterktes: die vermoë om gekonsentreerde data oor die presiese onderwerp te produseer; daar kan op die interaksie van die groep staatgemaak word om die data te produseer; vergelykings

wat deelnemers maak tussen mekaar se ervarings en menings is ’n waardevolle bron van insig in komplekse gedrag en motivering; die groep bied ’n stimulerende opset vir lede om idees sonder vrees vir kritiek uit te druk; die sinergie van die groep het die potensiaal om belangrike konstrukte te ontsluit wat verlore mag gaan tydens individueel ontginde data; dinamiese, emosionele prosesse kan ook in die groep ontsluit word; fokusgroepe skep ’n meer volledige en dieper begrip van die verskynsel; en dit stimuleer die spontane uitruiling van idees, gedagtes en houdings binne die sekuriteit van ’n groep. Die seminaar bied ’n ideale geleentheid om die genoemde sterktes te ontgin, nie net tydens fokusgroepbesprekings nie, maar ook tydens die interaksie wat gedurende die twee dae plaasvind.

Fokusgroepe hou egter ook nadele in soos dat die persone wat dit bywoon dalk die meeste ontevrede is oor die onderwerp en die wat tevrede is nie belangstel om deel te neem nie. Groepsdruk kan ook meebring dat sommige deelnemers saamstem net omdat die meerderheid positief of negatief oor ’n saak reageer (Rubin & Babbie 2001:590). Verdere tekortkominge kan die volgende insluit: fokusgroepe vereis navorsers wat ervare is in groepsprosesse; bevooroordeeldheid mag ’n probleem wees; bevindinge kan nie outomaties op die groter populasie geprojekteer word nie; indien fasiliteerders nie vaardig is nie, bestaan die moontlikheid dat net aktiewe deelnemers se menings opgeneem word en passiewe deelnemers kan daardeur beïnvloed of geïnhibeer word. Die geneigdheid van mense om binne die norm te wil in- en aanpas, kan ook ’n nadeel wees (Greeff 2005:312). Tydens die voorbereidingsessie sal veral aandag geskenk word aan die voorkoming of beperking van genoemde tekortkominge.

8.5 VOORAF/LOODSONDERSOEK

Drie privaat welsynsinstansies wat pleegsorgdienste in die Bloemfontein en ander dele van die Vrystaat lewer, is tydens personeelontwikkelingsgeleenthede besoek. (Vgl. 1.5.2.) ’n Literatuur-ondersoek is toe reeds oor die onderwerp begin en die navorsingsvoorstel was in die beplannings-fase. Die doel van die onderhoude was om spesialiste in die veld te raadpleeg oor die doenbaar-heid van die studie en om potensiële deelnemers te werf. Soos reeds in die eerste hoofstuk genoem, is die behoefte aan die navorsing en die toeganklikheid van die praktyk tot deelname bevestig.

Betreffende die empiriese ondersoek word ’n loodsondersoek oor die geskiktheid en werkbaarheid van die vraelys onderneem met minstens twee deelnemers, waarvan een elektronies en een per handaflewering getoets word. Die twee deelnemers word versoek om kommentaar te lewer oor die bewoording en volgorde van die vrae aan te dui, indien daar oorbodige of verwarrende vrae

voorkom, asook of noodsaaklike aspekte dalk uitgelaat is. Verder moet opgelet word na die uitleg en lengte van die vraelys en of enige vraag dalk kan aanstoot gee (Strydom 2005b:211). Die doel van die loodsondersoek betreffende die vraelys is om betyds regstellings aan te bring en sodoende onnodige komplikasies met die invul daarvan en die verwerking van die data te vermy en te voorkom. Verder kan hierdeur ook getoets word of noodsaaklike aspekte van pleegsorg wel ingesluit is vir die doeleindes van die ondersoek en sodoende kan dit bydra om die betroubaarheid (vgl. 8.6) van die vraelys as meetinstrument te verhoog. Wat dataverwerking betref, word die konsepvraelys eers voorgelê aan 'n kundige in meetinstrumente (Esterhuyse 2008), sowel as die rekenaarsentrum van die Universiteit van die Vrystaat (Smith 2009), om te besluit op kodering en om betyds aanpassings te maak wat elektroniese dataverwerking kan vergemaklik.

Vir die doeleindes van kwalitatiewe data-insameling word 'n riglyn vir vrae saamgestel wat tydens 'n beplanningsvergaderings met die seminaarkomitee en met fokusgroepfasiliteerders en assistente bespreek word. Hierdeur kry die navorser die geleentheid om betyds aanpassings te maak ten einde die nodige inligting te bekom.

8.6 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Volgens Mouton en Marais (1992:81) is die sentrale geldigheidsoorweging in die proses van data-insameling **betroubaarheid**, dit wil sê of die toepassing van 'n meetinstrument of verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings sal lei. Delport (2005:163) kom tot die gevolgtrekking dat betroubaarheid oor die algemeen verwys na die mate waartoe onafhanklike administrasie van dieselfde instrument (of grootliks dieselfde) konsekwent dieselfde (of soortgelyke) resultate onder vergelykbare omstandighede oplewer. Betroubaarheid is primêr nie ingestel op wat gemeet word nie, maar met *hoe goed* dit gemeet word. Dit het dus te make met 'n meetinstrument wat konstant en akkuraat is ten einde geldige resultate te bekom.

Betroubaarheid word volgens Mouton en Marais (1992:81) deur vier veranderlikes bepaal, naamlik: die **navorser** wat die persoon wat die projek lei, onderhoudvoerder, of veldwerker kan wees; die **subjek** wat bestudeer word en 'n individu of groep wat waargeneem of ondervra kan wees, word hierna die deelnemer genoem; die **meetinstrument** kan dui op gestruktureerde instrumente soos 'n vraelys of onderhoudskedule of 'n ongestruktureerde item of lys van waarnemingskategorieë; en die **navorsingskonteks** verwys na die breë tydruimtelike omstandighede soos 'n gegewe jaar of land en die spesifieke tydruimtelike opset waar die navorsing gedoen word. In hierdie geval lei die navorser self die gestruktureerde vraelysopname. Die fokusgroepe word in samewerking met 'n

seminaarkomitee beplan en uitgevoer. Die deelnemers bestaan uit maatskaplike werkers wat in die praktyk by pleegsorgdienste binne die konteks van 'n welsynsinstansie betrokke is.

Geldige resultate kan nie sonder betroubaarheid bekom word nie. Volgens Delport (2005:160) word met **geldigheid** bedoel dat die meetinstrument eerstens die konsep meet waaroor die vraag handel, en tweedens dat die konsep korrek gemeet word. Die twee aspekte is interafhanklik, aangesien iets nie akkuraat gemeet kan word indien 'n ander konsep gemeet word nie. Geldigheid het dus te make met die feit dat 'n meetinstrument moet doen wat dit veronderstel is om te doen. Dit kan ook verskillende doelwitte hê wat in aantal, soort en omvang/trefwydte kan verskil. In hierdie ondersoek word primêr gebruik gemaak van 'n vraelys as meetinstrument met 'n kleiner komponent van fokusgroepbesprekingsresultate. Die vraelys word as uiters betroubaar beskou, aangesien dit gestruktureer is volgens die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem ten einde 'n holistiese perspektief op die pleegsorgpraktyk te bied en kompak met behulp van 'n deskundige saamgestel is. Onderwerpe vir die fokusgroepbesprekings berus op tendense wat as uitdagings in die pleegsorgpraktyk geïdentifiseer word deur die opname en konsultasie met die praktyk. Konsensus word in die fokusgroep oor terugvoer bereik wat weer tydens 'n formele voordrag aan die volle/groter groep gekontroleer word.

- **Inhoudsgeldigheid**

By inhoudsgeldigheid word twee vrae gevra: Meet die instrument werklik die konsep wat veronderstel word? Voorsien die instrument 'n voldoende/geskikte steekproef van items wat daardie konsep verteenwoordig? Byvoorbeeld, beskryf die items wat pleegsorg beskryf werklik pleegsorg? Kan die items wat die skaal bevat wat pleegsorg meet daarop aanspraak maak dat dit 'n voldoende steekproef van indikators is wat pleegsorg meet (Delport 2005:161)? Inhoudsgeldigheid van die vraelys word deur die navorser getoets aan die hand van die literatuurstudie oor die bestaande wetenskaplike kennis van pleegsorg, sowel as deur die loodsondersoek onder die maatskaplike werkers in die pleegsorgpraktyk om seker te maak dat noodsaaklike inligting vir die doeleindes van die ondersoek wel ingesluit is. Inhoudsgeldigheid van die fokusgroepbesprekings is afhanklik van die diepte waarmee die onderwerp bespreek en gefasiliteer word om bepaalde uitkomste te lewer.

- **Gesigsgeldigheid**

Gesigsgeldigheid het te make met die voorkoms van die meetinstrument. Die vraelys moet dus lyk asof dit kan meet wat dit veronderstel is om te meet, anders kan dit weerstand van die deelnemers uitlok wat weer die resultate negatief kan beïnvloed (Delport 2005:161). Die vraelys moet derhalwe nie net korrek meet nie, maar die voorkoms moet ook sodanig wees dat dit deelnemers beïndruk

dat dit kan meet wat dit veronderstel is om te meet en aanmoedig om deel te neem ten einde die regte resultate te bekom. ’n Statistikus word betrek by die ontwerp en samestelling van die vraelys sodat dit tegnies en esteties korrek gedoen word ten einde gesigsgeldigheid te verhoog.

Betreffende die fokusgroepbespreking word daar geleentheid aan deelnemers gegee om mekaar se ervaring en menings in ’n stimulerende opset te deel en aan lede die geleentheid te bied om idees sonder vrees vir kritiek uit te druk (Greeff 2005:312). Inskrywings vir die seminaar sowel as deelname en fokusgroepkeuse is vrywillig en daarom behoort lede nie weerstand te hê om aan groepsbesprekings deel te neem nie, maar die dinamika stimulerend en verrykend te ervaar.

- **Kriteriaverwante geldigheid**

Deur kriteriageldigheid word wegbeweeg van subjektiewe assessering na meer objektiewe bewyse van geldigheid. Dit sluit meervoudige meting in en word verkry deur tellings op ’n instrument te vergelyk met eksterne kriteria wat bekend of veronderstel is om die konsep, neiging of gedrag wat bestudeer word te meet. Daar moet dus een of meer eksterne of onafhanklike kriteria wees waarmee die telling op ’n instrument vergelyk kan word. Dis vanselfsprekend dat die betrokke kriteria wat gebruik word op sigself geldig en betroubaar moet wees. Ongelukkig is dit so dat geldige en betroubare kriteria nie altyd bestaan nie of dat dit nie behoorlik getoets is nie (Delport 2005:161). In dié geval word nie gebruik gemaak van formele eksterne kriteria nie, maar meting in die vraelys word vergelyk met gegewens bekom uit die literatuurstudie sowel as deur kruisvalidasie wat verkry word vanuit kwalitatiewe fokusgroepbesprekings om veral tendense wat in die vraelys oor pleegsorg na vore kom, verder te toets.

Betroubaarheid van die navorsing word verhoog deur die insluiting van meerdere data-insamelingsmetodes wat deur komplementariteit die nadele van mekaar korrigeer en waarna verwys word as kruisvalidasie of triangulasie (Mouton & Marais 1992:92–93). Die resultate word uitgedruk in beskrywende statistiek en verhalende terugvoer van fokusgroepe ten einde tendense uit te wys, gevolgtrekkings te maak en aanbevelings dienooreenkomstig te rig betreffende pleegsorgdienste en verdere navorsingsmoontlikhede.

8.7 OBJEKTIWITEIT VAN DIE NAVORSER

Dit is nodig om die navorser se objektiwiteit te ondersoek alvorens interpretasie van data plaasvind ten einde vooroordeel, diskriminasie of stereotipering sover moontlik uit te skakel. Dit is onmoontlik om menslikheid en subjektiwiteit totaal uit te skakel, maar bewustheid van die noodsaak van wetenskaplike objektiwiteit kan die aspek verhoog. Die volgende faktore kan ’n rol speel in die

objektiewe insameling en interpretasie van sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe data wat vanuit die empiriese ondersoek verkry is (Schoeman 2004, soos aangehaal deur Ferreira 2007d:45):

- **Konseptuele raamwerk:** In die eerste hoofstuk (vgl. 1.2) word die uitgangspunte van die studie uiteengesit, naamlik dat pleegsorg 'n komplekse verskynsel is wat vanuit 'n ekologies-sistemiese perspektief verken en beskryf kan word. Kinderverwaarlosing en die noodsaak van pleegsorg as alternatiewe opsie vir kinders is die resultaat van 'n verskeidenheid aanleidende en instandhoudende faktore op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem en daarom word 'n holistiese, sirkulêre bo 'n liniêre, oorsaaklike oriëntasie verkies. Daarbenewens word die verkenning en beskrywing van pleegsorg gerig deur die sterkteperspektief wat gerig is op belowende en ontwikkelingsgerigte prosesse van wisselwerking tussen die persoon en omgewing, op behoeftes en sterktes en nie op individuele patologie nie. Wanneer interpretasie en betekenisgewing aan resultate van die ondersoek dus gedoen word, is dit sistemies, sirkulêr en holisties gerig op behoeftes, sterktes en hulpbronne en nie ingestel op siekte-, patologie- en probleemgeörienteerde denke nie. Dit beteken nie dat probleme geïgnoreer word nie, maar behels 'n paradigma-skuif na ontwikkeling, bemagtiging en probleemoplossing.

- **Navorser se persoonlike geskiedenis:** Die navorser het ongeveer tien jaar ondervinding in gesinsorgwerk, waaronder pleegsorgtoesigdienste, maar is reeds die afgelope 15 jaar voltyds betrokke by die akademiese opleiding van studente in maatskaplike werk met beperkte geleentheid tot praktykbetrokkenheid. Persoonlike belangstelling in statutêre intervensie met kinders en in die besonder pleegsorg en aanneming as alternatiewesorg-opsies, was nog altyd lewendig, vandaar die keuse van die onderwerp. Beperkte praktyk-betrokkenheid en voltydse akademiese betrokkenheid mag 'n invloed uitoefen op die interpretasie van gegewens. Dit is juis vanweë hierdie rede dat Child Welfare Bloemfontein as vennoot genader is om die seminaar oor pleegsorg aan te bied en dat fokusgroep-besprekings as navorsingmetode gekies is om direkte interaksie met deelnemers te ervaar. Werkwinkels oor die onderwerp word ook gereeld in die praktyk bygewoon. Aan die ander kant kan akademiese betrokkenheid 'n breër perspektief bied om inligting oor sterktes en uitdagings vanuit verskillende kontekste in die pleegsorgpraktyk te bekom en aan teoretiese konsepte te meet.

- **Ras, geslag en huwelikstatus van die navorser:** Die navorser is 'n blanke, Christen-Afrikaanssprekende, getroude vrou en interaksie om vraelyste in te vul of aan fokusgroepbesprekings deel te neem vind plaas met maatskaplike werkers met diverse persoonlike omstandighede, mindere of meerdere akademiese opleiding, ervaring en van

ander kulturele herkoms, geslag, geloof en/of ras. Dit kan daartoe aanleiding gee dat inligting oor die werklike situasie in die praktyk verswyg of verdraai weergegee word, of dat dit anders deur die navorser geïnterpreteer word vanweë haar Westerse herkoms en Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die navorser is egter deeglik bewus van en sensitief vir diversiteit in 'n multikulturele konteks en die noodsaak van praktisering volgens inheemse teorie.

8.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word gepoog om die navorsingsmetodologie vir die uitvoering van die empiriese ondersoek te beskryf in terme van etiese aspekte, navorsingsdoelstelling, metodes, benaderings, loodsondersoek, betroubaarheid en objektiwiteit. Wat die navorsingsetiek betref, word etiese gedrag teenoor die deelnemers en die totale gemeenskap beklemtoon. Maatskaplike werkers as dienslewerraars is die deelnemers, maar pleegkinders sowel as pleeg- en biologiese ouers word indirek deur die ondersoek geraak omdat dit handel oor pleegsorgdienslewering. Verder is welsynsinstansies en beleidmakers of wetgewers ook indirek betrokke aangesien dit rigtinggewend vir dienslewering is. Daarom is dit noodsaaklik dat die navorsing onderhewig is aan professionele, etiese beginsels wat geldend is vir die professie maatskaplike werk sowel as navorsing in die geesteswetenskappe ten einde die deelnemers en die gemeenskap te beskerm teen ongerymdhede of skade. Navorsingsdoelstellings moet bereik word deur verkennende en beskrywende prosedures. In die proses behoort nuwe insigte te ontwikkel en ontdekkings gemaak te word ten opsigte van die pleegsorgpraktyk op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem.

Metodologiese benaderings wat gevolg word, is hoofsaaklik kwantitatief met 'n kleiner, aanvullende kwalitatiewe komponent. Data-insameling geskied grootliks deur 'n gestruktureerde vraelys en ongestruktureerde fokusgroepbesprekings waardeur triangulasie bewerkstellig word. Die populasie is geregistreerde maatskaplike werkers direk betrokke by pleegsorgdienste en daar word in die kwantitatiewe ondersoek gebruik gemaak van gestratifiseerde, ewekansige steekproefneming. In die kwalitatiewe ondersoek word gebruik gemaak van doelbewuste steekproefneming deur die samestelling van fokusgroepe uit maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste lewer. 'n Loods-ondersoek word vooraf gedoen om die werkbaarheid van die vraelys en rigtinggewende vrae vir fokusgroepbesprekings uit te toets ten einde probleme betyds te identifiseer en regstellings te maak. Verder word beplan om dataverwerking elektronies met die hulp van kundiges te doen, waarna resultate grafies of verhalend voorgestel word met die nodige interpretasies. Gevolgtrek-kings en aanbevelings berus op die literatuur- sowel as empiriese studie. Daar word gestrewe na objektiwiteit en om betroubaarheid en geldigheid van die navorsing te verhoog deur teoreties gefundeerd en professioneel te werk te gaan.

HOOFSTUK 9

EMPIRIESE GEGEWENS

Die empiriese studie word gebaseer op die inligting soos weergegee in die literatuurstudie en die doel daarvan is om pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir sorgbehoewende kinders in die praktyk te verken en te beskryf. In die voorafgaande hoofstuk is die metode en werkswyse ten opsigte van data-insameling aangedui. In hierdie hoofstuk word oorgegaan tot die rapportering, analise, interpretasie en betekenisgewing van die ingesamelde data wat deur die kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoeke verkry is. Vervolgens word resultate wat vanuit die vraelyste verkry is, uiteengesit, waarna oorgegaan word na die resultate van die kwalitatiewe fokusgroepbesprekings.

9.1 ANALISE VAN DATA-INSAMELING VIR DIE KWANTITATIEWE OPNAME

Vir die doeleindes van die kwantitatiewe opname is vraelyste uitgestuur soos beskryf in 1.5.1 en 8.4. In sommige gevalle is daar probleme ondervind om korrekte adresse of telefoonnommers te bekom aangesien van die inligting op die webbladsy verouderd is. Verskeie telefoonoproepe is gemaak en e-posse gestuur om die nodige inligting te bekom, wat ook nie altyd suksesvol was nie. Lang prosedures om toestemming te bekom of met die gemagtigde persoon in aanraking te kom en om kollegas te motiveer om deel te neem, was van die struikelblokke wat ondervind is. Daar is ook gevind dat poste vakant is of dat maatskaplike werkers só oorlaai is dat hulle nie nog kans sien om vraelyste in te vul nie. Daar is gepoog om sover as moontlik persoonlike, telefoniese of elektroniese kontak met moontlike deelnemers te maak alvorens vraelyste landswyd na al nege provinsies soos volg uitgestuur is:

- Handaflewering in die Vrystaat: 54
- Landpos: 51 (toestemming is verleen dat kopieë van die vraelys gemaak kon word om verder binne die instansie te versprei).
- Elektroniese pos: 46 (met die versoek dat dit na soveel as moontlik deelnemers binne die instansie versprei word).
- Faks: 1 (nie ’n baie doeltreffende metode nie omdat die vraelys uit 16 blaaie bestaan wat maklik deurmekaar kon raak by ontvangs).

Dit is dus nie moontlik om die werklike grootte van die populasie te bepaal nie, aangesien daar nie beheer uitgeoefen kon word of die vraelyste wel verder versprei is en hoeveel maatskaplike werkers dit bereik het wat dit geïgnoreer of ingevul het nie. Verder is die totale aantal maatskaplike

werkers wat by pleegsorgdienste betrokke is nie bekend nie. Die kanse was egter goed dat die vraelyste maatskaplike werkers betrokke by pleegsorgdienste wel kon bereik omdat die genoemde vier welsynsinstansies in al nege provinsies betrek is. In die onderstaande tabel word 'n uiteensetting gegee van vraelyste wat terugontvang is. Sien ook figure 14 en 15.

Tabel 16: Respons op vraelyste versend volgens welsynsinstansie en provinsie

Geografiese gebied	Kerklike instansies	Vroue organisasies	Kindersorg-verenigings	Departement Maatskaplike Ontwikkeling	Totaal vir die gebied
Vrystaat	16	4	4	3	**27**
Oos-Kaap	10	1	1	0	**12**
Wes-Kaap	0	0	12	0	**12**
KwaZulu-Natal	1	5	0	0	**6**
Noord-Kaap	2	0	2	1	**5**
Noordwes	3	1	0	0	**4**
Limpopo	0	1	1	0	**2**
Gauteng	0	0	0	0	**0**
Mpumalanga	0	0	0	0	**0**
Totaal per welsynsin-stansie	**32 (47,8%)**	**12 (17,9%)**	**20 (28,4%)**	**4 (5,9%)**	**68**

Die verwagte respons soos aangedui in tabel 1 (vgl. 1.5), naamlik 111 vir nieregeringsorganisasies is nie bereik nie deurdat 64 vraelyste (57,7%) terugontvang is; en van die beplande 27 van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is slegs 4 (6%) vraelyste ontvang. Vanuit die totale aantal verwagte vraelyste van 138 (100%) is dus 68 (49,3%) ontvang. Die respons kan egter as verteenwoordigend beskou word omdat dit uit sewe van die nege provinsies in die land (77,8%) verkry is. Verder is 'n respons van al drie nieregeringsorganisasies wat deel van die steekproef vorm, verkry en, hoewel tot 'n mindere mate, ook van die staatsdepartement. (Vgl. figuur 15.) Daar bestaan begrip vir die situasie van maatskaplike werkers in die oorlaaide pleegsorgpraktyk en daar word vermoed dat die lengte van die vraelys moontlike deelnemers kon afskrik. Dit is egter kompak saamgestel en kan ingevul word deur slegs die toepaslike blokkie te merk. Daar is enkele vrae in Afdeling C (2, 3 & 10) wat meer tyd kon neem, byvoorbeeld waar statistiek verlang word, maar wat waarskynlik deel vorm van die kantoor se maandelikse statistiek en dus bekend behoort te wees.

Tydens die loodsondersoek het slegs een deelnemer aangedui dat die vraelys te lank is, waarna dit met 'n bladsy verkort is. Aangesien die vraelys handel oor 'n verkenning op al vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, behoort dit omvattend te wees wat dit moeilik maak om verder af te

skaal en die risiko te neem dat die navorsingsvrae nie behoorlik beantwoord sal kan word nie. Die respons wat verkry is, word as uiters waardevol beskou omdat dit inligting bevat wat handel oor 'n holistiese verkenning van die pleegsorgpraktyk.

Die verwerking van die data is deur die Rekenaarsentrum van die Universiteit van die Vrystaat gedoen op die rekenaarprogram ... (Smith 2009), waarna die rou data aan die navorser oorhandige is vir voorstelling en interpretasie. Die voorstelling van die data is met die hulp van 'n wiskundige statistikus by dieselfde universiteit op die rekenaarprogram *Microsoft Office Excel* gedoen (Verster 2009). Sommige van die figure word gekompakteer met slegs kernbevindinge weergegee waar dit nie 'n betekenisvolle verskil aan die interpretasie en gevolgtrekking sou maak nie, omdat meer detail die verslag te lank en omslagtig sal maak. (Vgl. byvoorbeeld figuur 18.) Daar word beplan om verdere publikasies te doen waartydens die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem afsonderlik en met meer detail hanteer sal word.

Vervolgens word data soos bekom uit die vraelys in die vorm van tabelle en figure aangebied. Die figure en tabelle word kronologies volgens subopskrifte genommer, maar binne die raam van die figuur of tabel word die Afdeling en vraagnommer van die vraelys aangedui om dit vir die leser makliker te maak om die vraag in Bylae B waaroor die data in die figuur of tabel handel, op te spoor – byvoorbeeld Figuur 18 se subopskrif is: Verskillende variasies waarin pleegsorg voorkom en binne die figuur word dit aangedui as: B3: Variasies in pleegsorg, bedoelende Afdeling B, vraag 3.

9.1.1 Afdeling A: Sosio-demografiese inligting

Die vrae in die eerste afdeling van die vraelys het ten doel om 'n profiel van die maatskaplike werker as deelnemer te bekom in terme van geslag, bevolkingsgroep, ouderdom, jare ervaring en opleiding. Verder word inligting ingewin oor die area en welsynsinstansie waar die deelnemer werksaam is. Die inligting word benodig om die konteks waarbinne die navorsing plaasgevind het, vas te stel, sonder bekendmaking van deelnemers se identiteit. Die afdeling bestaan uit sewe vrae wat in sewe figure voorgestel word waarna 'n samevattende interpretasie van die hele afdeling gegee word.

Figuur 11: Geslag



Figuur 12: Bevolkingsgroep



Figuur 13: Ouderdom



Figuur 14: Provinsie



Figuur 15: Welsynsinstansie



Figuur 16: Opvoedkundige kwalifikasie



Figuur 17: Jare ervaring



Die vraelys is deur oorwegend blanke (vgl. figuur 12), vroulike (vgl. figuur 11) maatskaplike werkers, gebore tussen 1941–1989 (vgl. figuur 13) ingevul (een deelnemer gebore in 1989 is te jonk vir 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker en is waarskynlik 'n fout). Daar is geensins doelbewuste seleksie in dié verband gedoen nie. Enige ras, geslag of ouderdom maatskaplike werker betrokke by pleegsorg by die drie welsynsinstansies en Departement Maatskaplike Ontwikkeling waar die vraelyste versprei is, kon aan die navorsing deelneem.

Ouderdomsgroepe die meeste verteenwoordig is tussen 29 en 38 (29,7%); 49 en 58 (23,6%); en jonger as 28 (23,6%) jaar; dus meestal volwassenes en middeljariges met lewenservaring. Die grootste aantal deelnemers (41%) het een tot vyf jaar ondervinding in maatskaplike werk (vgl. figuur 17), waarna die ander groepe meestal oor meer as tien jaar ondervinding beskik. Wanneer die mees verteenwoordigende ouderdomsgroep en jare ervaring van deelnemers met mekaar vergelyk word, kan dit wees dat van die deelnemers op 'n later ouderdom as direk na skool met hul studies begin het en dus later as die gewone 22-jarige ouderdom gegradueer het, teenoor persone wat direk na skool begin studeer het. Verder is dit waarskynlik dat hulle eers 'n ander beroep as maatskaplike werk beoefen het. Die meeste deelnemers beskik oor 'n vierjaargraad in maatskaplike werk (66,2%), waarna dié met driejaaropleiding volg. (Vgl. figuur 16.) Dit dui waarskynlik op die ouer deelnemers wat nog die driejarige kursus voltooi het, aangesien die opleiding gedurende die sewentigerjare na vier jaar verleng is. Enkele deelnemers (15,4%) beskik oor nagraadse opleiding.

Die beste terugvoer (47,8%) is van maatskaplike werkers in diens van kerklike instansies ontvang, terwyl Kindersorgverenigings en die Vroueorganisasies soos Vrystaat Versorging in Aksie ook redelik verteenwoordigend is. Die swakste terugvoer (6%) is van die staatsinstansie, die Departement Maatskaplike Ontwikkeling ontvang. (Vgl. figuur 15.) Streeksgewys is die beste terugvoer vanuit die Vrystaat ontvang, waarna die Oos- en Wes-Kaap volg. Enkele terugvoer is van al die ander provinsies behalwe Gauteng en Mpumalanga ontvang. (Vgl. figuur 14.) Die navorser is self in die Vrystaat werksaam en het gevolglik persoonlike kontak met welsynsinstansies wat, voordelig was vir die beter terugvoer vanuit die gebied.

Samevattend kan dit gestel word dat die meeste deelnemers blanke vroue is wat oor 'n vierjaargraad in maatskaplike werk beskik, wat redelik beroepsondervinding sowel as lewens-ervaring het, meestal afkomstig uit die Vrystaat en werksaam by nieregeringsinstansies.

9.1.2 Afdeling B: Pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders

Die doel van hierdie afdeling is om die persepsie wat oor pleegsorg in die praktyk bestaan te bepaal in terme van omskrywing, doel, variasies waarin dit voorkom, plasingskriteria, dienste voor,

tydens en na die plasing, permanensiebeplanning vir pleegkinders, redes vir terminering van die plasing en stellings oor die huidige stand van die pleegsorgpraktyk.

Tabel 17: Kernelemente wat deel uitmaak van die omskrywing en doel van pleegsorg

Pleegsorg word in 3.3 omskryf en die doel word in 3.4 uiteengesit. Die belangrikste aspekte van die omskrywing en doel is in die vraag gekombineer in 'n lys bestaande uit 16 kernelemente. Deelnemers moes op 'n vyfpuntskaal die mate waartoe hulle saamstem dat hierdie stellings omskrywend is en die bedoeling van pleegsorg weerspieël, aandui.

B1: Kernelemente	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Pleegsorg word gebruik vir versorging van kinders wat tydelik op bevel van die kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is.	18	21	23	26	12
Pleegsorg word gebruik vir kinders wat permanent op bevel van die kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is om 'n lewenslange verbintenis te vorm	37	31	13	6	12
Dit is die beste alternatiewe sorg vir kinders omdat dit binne gesins- en gemeenskapsopset plaasvind	**54**	31	12	3	-
Pleegsorg moet verkieslik by familielede gereël word	27	46	21	3	3
Pleegkinders word meestal by vooraf gewerfde en goedgekeurde pleegouers ingepas.	25	23	17	28	8
Groeppleegsorgskemas is 'n moontlikheid vir die groeiende aantal pleegsorgplasings	24	33	27	11	5
Langtermynpleegsorg gaan gewoonlik oor in aanneming	13	2	12	40	33
Pleegtoesigdienste word ten alle tye deur 'n maatskaplike werker volgens 'n pleegsorgplan gelewer	34	23	26	13	3
Pleegtoesigdienste word in sommige gevalle deur hulpwerkers of kinder- en jeugsorgwerkers volgens 'n pleegsorgplan gelewer	9	29	34	16	12
Die hoofdoel van pleegsorg is om veilige, gesonde en ondersteunende versorging aan sorgbehoewende kinders te bied	**71**	22	4	3	-
Pleegsorg word meestal gebruik vir die voorsiening in materiële behoeftes van kinders wat in armoede verkeer	28	29	21	15	7
Pleegsorg word meestal gebruik om weeskinders te versorg	**50**	28	12	10	-
Behoud van gesinsverhoudings en gesinsherstel is die natuurlike doel van pleegsorg	22	42	19	13	3
Deur pleegsorg word in kinders se opvoedkundige, maatskaplike, sosiale en gesondheidsbehoeftes voorsien en positiewe lewensvaardighede word oorgedra	47	32	15	6	-
Pleegkinders se kulturele, etniese en godsdienstige herkoms word gerespekteer, behou en uitgebou tydens die plasing	41	37	21	-	2
Permanensiebeplanning vorm deel van alle pleegsorgplasings	23	34	33	2	8
Ander (spesifiseer)	17	50	-	-	33

[2]Kernelemente wat die meeste tot 'n **baie groot mate** (meer as 50%) aangedui word, is dat pleegsorg 'n veilige en gesonde versorgingsposisie vir kinders behoort te wees en dat dit die beste alternatiewe sorg is omdat dit binne gesins- en gemeenskapsverband plaasvind. Dit is ook die alternatiewe sorg wat die meeste gebruik word om weeskinders te versorg. Vervolgens moet daar deur middel van pleegsorg in kinders se kulturele, etniese, godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplike, sosiale en gesondheidsbehoeftes voorsien word. Pleegsorg word ook gebruik om lewenslange verbintenisse te vorm waar kinders permanent op bevel van die kinderhof versorg kan word. Pleegsorg word meer binne as buite familieverband gereël. Deelnemers beskou groepskemas as 'n moontlikheid om voorsiening te maak vir die toename in die aantal kinders wat op pleegsorg aangewese is. Pleegsorgtoesigdienste behoort hoofsaaklik deur 'n maatskaplike werker volgens 'n pleegsorgplan en nie primêr deur hulpwerkers of kinder- en jeugsorgwerkers gelewer te word nie. Verder moet gesinsherstel en rehabilitasie deel van die pleegsorgplan uitmaak, hoewel dit in min van die gevalle werklik realiseer. Permanensiebeplanning moet altyd deel van die proses wees sodat die kind voel dat hy iewers behoort en sekerheid oor sy toekoms het. Pleegsorg word ook gebruik om weeskinders en kinders wat in armoede verkeer te versorg. Die volgende aspekte is deur deelnemers by ander aangevul:

- " 99% weens afsterwe van ouers."
- "Jonger pleegouers doen dit soms net vir die geld."
- "Baie mense doen aansoek vir pleegsorg van weeskinders ter wille van die toelaag. Nadat die toelaag uitbetaal word, stel hulle nie meer belang in die kinders nie. Dit is 'n groot oorsaaklike faktor vir artikel 34 oorplasings."
- "Foster care only viable with proper infrastructure and support."

Volgens die tabel stem die meeste deelnemers van 'n **baie groot tot 'n groot mate** saam met die geïdentifiseerde kernelemente oor die definiëring en doel van pleegsorg. Dit kom egter voor dat die toename in weeskinders die omskrywing en doel van pleegsorg beïnvloed omdat daar in die meerderheid van pleegsorggevalle nie meer sprake van tydelikheid, rehabilitasie of gesinsherstel is nie en die pleegouertoelae 'n groot rol in die motief vir die plasing speel, want sodoende word fondse bekom om vir verlate en weeskinders te sorg.

[2] Die vyf kolomme vir die vyfpuntskaal tel in elke ry dwars op na 100%, die beginsel geld vir alle soortgelyke tabelle in die hoofstuk. By interpretasie word meestal net verwys na die hoogste persentasies of dit wat tot 'n groot mate voorkom. In groot tabelle word die hoogste persentasie ten opsigte van elke aspek dwars op die skaal donkerder gemerk.

Figuur 18: Verskillende variasies waarin pleegsorg kan voorkom



Tradisioneel word pleegsorg by familie of vooraf goedgekeurde pleegouers wat nie familie is nie vir die tydelike versorging van sorgbehoewende kinders gereël. Dit is dan ook die opsies waarvoor in die Kinderwet voorsiening gemaak word, sowel as groepspleegsorgskemas wat in die nuwe Kinderwet bygevoeg is. Die term *pleegsorg* het egter nie in alle lande en kulture dieselfde betekenis nie en word in verskillende variasies toegepas. Met die toenemende aanvraag na alternatiewe sorg is daar plaaslik ook al bespiegel oor meer variasies ten einde al die kinders buite inrigtingsverband te probeer akkommodeer.[3]

Die doel van die vraag is om eerstens te bepaal of die verskillende variasies waarna in die literatuur in 3.6 en tabel 3 verwys word, wel as 'n vorm van pleegsorg beskou kan word; en tweedens of dit wel by die deelnemers se dienslewering voorkom. Die volgende variasies is by die vraag ingesluit: korttermynpleegsorg met die oog op spoedige gesinsherstel, langtermynpleegsorg met 'n geringe kans op gesinsherstel, familiepleegsorg, groepspleegsorgskemas en professionele pleegsorg vir kinders met spesiale behoeftes soos siekte of gestremdhede. Ander opsies soos gesin-vir-gesin-, vriendekring- en gasheerpleegouers, sowel as kinderhoofhuishoudings en oog-op-die-kind-projekte is ook ingesluit om te bepaal of dit as pleegsorg beskou kan word of nie.

Deelnemers moes eerstens *ja/nee* aandui, of die opsie as 'n variasie van pleegsorg al dan nie beskou kan word; en tweedens of dit ja/nee, binne die pleegsorgpraktyk waar hulle werksaam is voorkom of nie (byvoorbeeld familiesorg op bevel van die kinderhof is *ja/nee* 'n variasie en *ja/nee* dit kom voor of nie waar die deelnemer werk). Dit kon dus wees dat die deelnemers saamstem met

[3] Die persentasies in figuur 18 tel nie op na 100% nie, want 8,6% respondente het JA in kolom een ingevul maar nie die tweede deel beantwoord nie, en 5,6% het NEE in kolom een ingevul maar ook nie die tweede deel beantwoord nie.

die soort pleegsorg en *ja* merk, maar dat dit nie voorkom waar hulle werksaam is nie en hulle dus *nee* in die volgende kolom merk, of andersom.

Vanuit die resultate blyk dit dat 30% (*ja/ja*) deelnemers saamstem met die variasie en dat dit ook voorkom by die dienste wat deur hulle gelewer word; terwyl 26% (*ja/nee*) saamstem met die variasie maar dat dit nie voorkom in die pleegsorgpraktyk waar hulle werksaam is nie. Slegs 2% (*nee/ja*) stem nie saam met die variasie nie maar dui aan dat dit wel voorkom waar hulle werk; terwyl 27% (*nee/nee*) nie met die variasie saamstem nie en dit ook nie by hulle praktyk voorkom nie. Hieruit word afgelei dat die deelnemers met meer variasies saamstem as wat huidig toegepas of as pleegsorg erken word. Dit is waarskynlik die meer tradisionele soorte pleegsorg soos in 3.6.1 beskryf, by goedgekeurde, nieverwante pleegouers, of familieplasings soos in 3.6.2 beskryf, wat toegepas word. Groepspleegsorgskemas word onder 3.6.5 bespreek, maar is tans in die proses van ontwikkeling. Dit is dan ook die drie variasies van pleegsorg wat spesifiek in die Kinderwet vermeld word. Professionele pleegsorg soos in 3.6.6 beskryf, is as variasie voorgestel maar uiteindelik nie in die nuwe Kinderwet as opsie opgeneem is nie. Die ander variasies soos gasheer- of vriendekringpleegouers, word waarskynlik meer ondersteunend ("*shared care"*) tot pleegsorg gebruik, wat moontlik kan bydra tot plasingstabiliteit en die voorkoming van mislukte plasings of selfs as voorkomende maatreëls om kinders uit die statutêre sisteem te hou (vgl. tabel 3 en 12), soos wat ook die bedoeling van die nuwe Kinderwet is. Kinderhoofhuishoudings kan ook aan pleegsorg gekoppel word, in die opsig dat die kinders in pleegsorg by familie of ander volwassenes geplaas word wat naby die kinderhoofhuishouding woon. Die volwassenes neem dan die toelae namens die kinders in ontvangs en hou toesig oor hul alledaagse versorging sonder dat hulle in dieselfde huis woon. Volgens resultate behoort meer variasies in pleegsorg oorweeg te word ten einde in praktykbehoeftes te voorsien.

Figuur 19: Omstandighede van die kind wat as plasingskriteria kan dien

Met hierdie vraag word gepoog om te bepaal of daar voorkeur aan pleegsorg bo ander soorte alternatiewe sorg vir kinders in sekere ontwikkelingstadiums of met sekere spesiale omstandighede gegee word. Hierna kan ook verwys word as plasingskriteria vir pleegsorg. Slegs die hoogste persentasies wat op die skaal voorkom, word spesifiek na verwys.



Vanuit die figuur blyk dit dat daar tot ŉ **baie groot mate** voorkeur verleen word aan pleegsorg as versorgingsopsie vir voorskoolse (72%) en laerskool (66%) kinders sowel as kinders met afwesige biologiese ouers (70%). Dit stem ooreen met die literatuur waar alternatiewe gesinsorg verkies word vir die jonger kind sowel as die kind waar gesinsherstel nie ŉ realistiese moontlikheid is nie. (Vgl. 3.7.3 en 3.8.)

Pleegkinders met betrokke en samewerkende biologiese ouers (30%) word die meeste tot ŉ **groot mate** ook in pleegsorg geplaas, waarskynlik weens die feit dat dit ŉ korttermynplasing kan wees en

spoedige rehabilitasie en gesinsherstel in die vooruitsig gestel word (vgl. 3.8.4), of dat die ouers aanvaar het dat hulle nie die kind kan versorg nie en die pleegouers as ŉ hulp en nie as ŉ bedreiging vir die gesin beskou word nie.

Hoërskoolkinders (52%) word die meeste tot ŉ **gemiddelde** mate in pleegsorg geplaas, aangesien adolessente meestal makliker binne die neutrale omgewing van ŉ kinder- en jeugsorgsentrum aanpas en liewer daar geplaas word. Daar word tot ŉ **geringe** mate gebruik gemaak van pleegsorg vir kinders wat uitdagende gedrag openbaar (46%), geestesongesteld (43%) is of met intellektuele ingeperktheid (29%). Sodanige situasies stel besondere uitdagings aan die gemiddelde pleeggesin en word slegs by spesiaal goedgekeurde pleegouers toegepas. (Vgl. 3.6.6.) Kinders met oorbetrokke en veeleisende ouers (30%) word meestal in ŉ **geringe mate** of **geensins** in pleegsorg geplaas nie, aangesien die ouers se inmenging die pleegsorgsituasie kompliseer. Kinders met spesiale fisiese behoeftes soos gestremdheid (29%–27%) word vanaf ŉ **gemiddelde tot groot** of **geringe mate** wel in pleegsorg geplaas. Dit sou weereens afhang van die beskikbaarheid van pleegouers wat oor die spesifieke kwaliteite beskik om sodanige uitdagings te kan hanteer. Die volgende is onder andere deur deelnemers bygevoeg:

- *"pleegouers is baie skaars."*
- *"The abovementioned depends on: why the child is found in need of care; if it is short/long term foster care placements; if the foster parents have skills to care for children with special needs; and if the foster care placement promotes family preservation and community care."*
- *"MIV-positief dien as ŉ oorwegingskriteria vir pleegsorg"* – die deelnemer dui nie aan of dit spesifiek op die pleegouer of -kind van toepassing is nie. Indien dit betrekking het op die kind, word besondere eise aan die pleegouers in terme van versorgingsvermoëns en middele gestel.

Volgens die resultate blyk dit dat plasingskriteria wel as breë riglyne gebruik word in die besluit of pleegsorg in die beste belang van die kind sal wees, maar dat al die veranderlikes in ag geneem moet word betreffende die kind se behoeftes, ontwikkelingstadia en die aard en beskikbaarheid van alternatiewe sorg, waarna in die volgende vraag verwys word.

Figuur 20: Prioriteite vir die keuse van die pleegsorgplasing

Vanweë die feit dat daar dikwels beweer word dat kinders by die eerste moontlike beskikbare pleeghuis geplaas word weens die groot tekort aan pleegouers, is die vraag gestel om te bepaal wat werklik prioriteit in die praktyk geniet.



Vanuit die figuur blyk dit dat die meeste deelnemers die kind se behoeftes (88%) sowel as die beskikbaarheid van 'n pleeggesin (75%) as **baie belangrik** beskou. Hoewel albei persentasies hoog is, wil dit tog voorkom asof die kind se behoeftes die grootste bepalende faktor is. Een deelnemer het die volgende opmerking gemaak: "*kan nie altyd kies nie*", en die afleiding word gemaak dat kinders geplaas word waar 'n moontlikheid beskikbaar is, hoewel dit nie altyd volgens die behoeftes van die kind is nie. Dit kan ook verwys na die familieplasings waar die familie alreeds vir 'n geruime tyd na die kind omsien en dan kom aansoek doen om 'n pleegsorgplasing, veral terwille van die toelae. Dit kan ook wees dat geredeneer word dat die een aspek van die ander afhanklik is en dat pleegsorg nie gereël kan word as daar nie beskikbare pleegouers is nie. Daarom is deurlopende werwingsprogramme vir pleegouers so belangrik. (Vgl. figuur 32.)

Figuur 21: Die pleegsorgproses en dienslewering voor, tydens en na die plasing

Deur hierdie vraag word gepoog om te bepaal wat die pleegsorgproses behels en tot hoe 'n mate dit gevolg word deur aandag te skenk aan diensleweringsaspekte voor, tydens en na die pleegsorgplasing soos in 3.8 uiteengesit.



Voor die plasing behoort die kind behoorlik geassesseer te word om versorgingsbehoeftes te bepaal. Verder moet pleegouers gekeur word en daar behoort 'n passingsproses tussen pleegouer en kind plaas te vind om seker te maak dat die kind by die gesin sal kan inskakel. 'n Voorplasingsbesoek moet gereël word sodat die kind georiënteer kan word tot die nuwe tuiste en al die partye moet deur die statutêre proses begelei word. Die doelwitte van die plasing moet ook bepaal word. Vanuit die resultate blyk dit dat daar **meestal altyd** aan die voorbereidingsaspekte (varieer tussen 15%–83%) aandag geskenk word. Een deelnemer wys daarop dat: "*children are staying with family already. Not always the best, but the better"* en 'n ander deelnemer meld dat *"90% van die plasings is weeskinders by bekende familie"* – dus word voor-plasingsprosedures nie gevolg nie. Die voorplasingsresultate moet derhalwe geïnterpreteer word in terme van formele pleegsorgplasings waar die kinders by nuut geselekteerde pleegouers geplaas word.

Tydens die plasing is die samestelling van 'n pleegsorgplan saam met die ander rolspelers van die belangrikste take. Ander sake wat aandag behoort te geniet is die skolastiese plasing, uitklaring van die verskillende partye se regte en verantwoordelikhede, bekendstelling aan hulpbronne soos mediese dienste en pleegouertoelae, dissiplineringsmetodes, voeding, kleding en hantering van kontak met die biologiese ouers. Vanuit die resultate blyk dit ook dat daar **meestal altyd** (varieer tussen (22%–84%) tydens die plasing aan hierdie aspekte aandag geskenk word. Hierdie sake

behoort altyd prioriteit te geniet, afgesien daarvan of die kinders by familie of vreemde pleegouers geplaas word.

Na die plasing behoort verlies- of skeidingsreaksies by die kind hanteer te word en veral aanpassing en integrasie by die nuwe gesin sonder verlies aan eie identiteit. Verder moet die veerkragtigheidseienskappe van die kind geïdentifiseer en uitgebou word. Sekerlik van die belangrikste take vir die toesighoudende maatskaplike werker is vorderingsverslae en die gereelde hersiening van die pleegsorgplan sowel as die tweejaarlikse statutêre hersiening van die plasing. Volgens die resultate word hierdie take **in feitlik elke geval** (19%– 97%) en **tot in 75%** (2%–38%) van die gevalle na omgesien. Dit is veral die statutêr-verwante en administratiewe take wat nagekom moet word, terwyl daar tog kommer bestaan oor deurlopende intervensie aan die pleegkind as die resultate van tabel 27 vergelyk word.

Die volgende kommentaar is op hierdie vraag deur deelnemers gelewer:

- *"Slegs jaarlikse besoeke is nodig waar die kinders al vir jare deur familie versorg word."*
- *"Met 400 lêers en 10 kinderhofsake (weeskinders) per maand kan net van pleegouergroepe gebruik gemaak word. Hulle woon nie almal die pleegouergroepe by nie en kry dus geen insette nie. Oor die algemeen is dit ook die plasings met probleme."*
- *"Children are sometimes already very long in care"*

Vanuit die resultate blyk dit dat deelnemers van mening is dat die proses van dienslewering veral voor en tydens die plasing nagekom word en ietwat laer na die plasing. Vanuit die kommentaar blyk dit tog dat dit moeilik haalbaar kan wees vanweë die toename in pleegsorgplasings en dat baie van die plasings reeds jare voortduur en daarom nie intensiewe aandag ontvang nie. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat deelnemers die vraag beantwoord het volgens kennis van verwagte en aanvaarbare prosedures en nie volgens die werklike situasie nie, veral in ag genome die dalende tendens in resultate na die plasing.

Tabel 18: Permanensiebeplanning en pleegsorg

Die vraag oor permanensiebeplanning het ten doel om te bepaal of pleegsorg aangewend word om so spoedig moontlik stabiliteit in die kind se lewe te bewerkstellig deur gesinsherstel of indien onmoontlik, ander meer permanente reëlings buite biologiese gesinsverband te tref. [4]

B7: Prosedures wat deel vorm van permanensiebeplanning	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Korttermynpleegsorg met die oog op spoedige gesinsherstel	14	14	**29**	28	15
Beplande langtermynpleegsorg vanweë gebrek aan terugplasings-moontlikhede en die vorming van lewenslange verbintenisse	**52**	**27**	16	2	3
Pleegsorg met die oog op aanneming	9	8	21	**45**	18
Pleegsorg met oordrag van voogdyskap	11	6	18	27	**38**

Permanensiebeplanning word in 3.9 bespreek en die hiërargiese orde daarvan behels dat daar eerstens gepoog word om kinders op die kort termyn te plaas met die oog op spoedige gesinsherstel. Resultate dui daarop dat dit slegs tot ŉ **gemiddelde** (29%) of **geringe mate** (28%) realiseer. Daarnaas volg langtermynpleegsorg vanweë gebrekkige terugplasingsmoontlikhede om op so ŉ wyse ŉ lewenslange verbintenis te vorm. Volgens die resultate is dit die vorm van permanensie wat tot ŉ **baie groot mate** (52%) plaasvind. Permanensie kan ook aanneming of oordrag van voogdyskap behels. Dit blyk onderskeidelik in ŉ **geringe mate** (45% en 27%) of **geensins** (18% en 38%) plaas te vind nie, waarskynlik omdat geen pleegouertoelae dan uitbetaal word nie. Die bestendigste vorm van permanensie, naamlik langtermynpleegsorgplasings, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die meeste plasings by familie (vgl. figuur 24) geskied van kinders wat meestal wees of verlate is en dat daar aanvaar word dat die kind deel van die gesin sal bly, selfs na terminering van die formele plasing.

[4] Tabel tel in elke ry dwars op tot !00%

Tabel 19: Terminering van pleegsorgplasings

Die redes vir terminering van pleegsorg word in 3.8.4 bespreek. Met hierdie vraag word gepoog om te bepaal waarom en op watter stadium van die kind se lewe pleegsorg gewoonlik in die praktyk getermineer word.

B8: Redes vir terminering van pleegsorgplasings	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Rehabilitasie en terugplasing by die ouers	**21**	6	21	**45**	7
Aanneming	8	2	18	**41**	32
Mislukte plasing en oorplasing na ander alternatiewe versorgingsposisie	11	28	**39**	22	-
Skoolverlating na 15 jaar	11	22	**28**	**28**	12
Ontheffing deurdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het, of skoolverlating na 18 jaar	**50**	39	6	5	-
Die pleegouers raak ongeskik vanweë ouderdom	10	13	27	**42**	8
Die pleegouers raak ongeskik vanweë siekte	10	15	31	**39**	5
Pleegouers is oorlede	24	21	**30**	21	4
Pleegouertoelae is misbruik	12	12	26	**40**	9
Ander (spesifiseer)	8	**31**	15	**31**	15

Die resultate is in ooreenstemming met tabel 18 dat die meerderheid pleegkinders op die lang termyn in pleegsorg bly totdat hul die ouderdom van 18 jaar bereik of tot na skoolverlating. Daarnaas wissel die redes vir terminering van pleegouers wat oorlede is, ongeskik raak vanweë ouderdom of siekte, mislukte plasing, toelae wat misbruik word of kinders wat die skool op ŉ vroeë ouderdom verlaat. Volgens 45% van die deelnemers word pleegsorg getermineer omdat rehabilitasie en terugplasing by die ouers tot ŉ **geringe mate** realiseer, terwyl 21% meen dat dit van ŉ **baie groot** en **gemiddelde mate** tog ook voorkom. Verder bly die meeste kinders (50%) in pleegsorg tot 18 jaar of voltooiing van skoolopleiding.

Deelnemers het verder onder ander bygevoeg dat die plasing om die volgende redes getermineer word:

"Children display uncontrollable behaviour."

"Behaviour problems of child."

"Foster child abused/neglected."

"Uncontrollable behaviour/absconding"

"Foster parents abuse child."

"Kind oorlede."

Die resultate bevestig weereens die bewering dat pleegsorg meestal oor die lang termyn by familie plaasvind totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik of hulle skoolopleiding voltooi het en dat rehabilitasie of gesinsherenigingsdienste (vgl. 5.7.4) in die minderheid van gevalle realiseer.

Tabel 20: Stellings oor die huidige stand van die pleegsorgpraktyk

In die literatuurstudie word deurlopend na die uitdagings in die pleegsorgpraktyk verwys, veral onder 1.1 waar motivering vir die onderneming van die studie gegee word. In Afdeling B, vraag 9 van die vraelys word hierdie uitdagings in die vorm van stellings gemaak.

B9: Stelling oor die pleegsorgpraktyk	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Die pleegsorgstelsel is oorlaai	**65**	22	6	5	2
Die pleegsorgstelsel is onderbefonds in terme van hulpbronne vir dienste en toelae	**42**	28	18	6	6
Die pleegsorgstelsel ly skade vanweë 'n tekort aan maatskaplike werkers	**74**	12	9	2	3
Daar bestaan 'n gebrek aan multidissiplinêre samewerking	**39**	30	19	9	3
Kinders dryf rond in die pleegsorgstelsel vanweë gebrekkige dienste en word dikwels verder getraumatiseer	21	24	**27**	22	6
Die maatskaplikewerkprofessie gaan gebuk onder 'n lae moreel	**33**	23	27	9	7
Gevalleladings vir pleegtoesigdienste is onhanteerbaar hoog en dienslewering sentreer om die nakoming van statutêre keerdatums	**72**	21	4	2	2
Die fokus van pleegtoesigdienste is probleemgeoriënteer en nie oplossings-/ontwikkelings-/sterktegerig nie	**46**	30	16	2	6
Pleegkinders word maklik en onvoorbereid oorgeplaas van een pleegsorg na 'n ander	13	**30**	18	25	13
Daar bestaan 'n groot gaping/verskil tussen kindersorgbeleid en praktykwerklikhede	**38**	**38**	15	8	3
Die ware doel van pleegsorg gaan verlore weens die gebruik daarvan vir armoedeverligting en om weeskinders te versorg	**55**	33	8	2	3
Ander (spesifiseer)	63	12	-	-	25

Die meeste deelnemers stem veral van ’n **baie** tot **’n groot mate** saam met die tekort aan maatskaplike werkers (74%), onhanteerbaar hoë gevalleladings en dienslewering wat sentreer om die nakoming van statutêre keerdatums (72%). Die oorlading van die pleegsorgstelsel gaan hand aan hand met die misbruik van pleegsorg vir armoedeverligting (vgl. 9.2.2) en om weeskinders te versorg (55%). Die fokus van dienslewering is meer probleemgeoriënteerd en nie soseer oplossing-/ontwikkelings-/sterktegerig (46%) nie. Verder is die pleegsorgstelsel onder-befonds in terme van hulpbronne en dienste (42%) en bestaan daar ’n gebrek aan multidissiplinêre dienslewering (39%). Die gaping tussen dit wat in kindersorgbeleid voorgeskryf word en die praktykwerklikhede is groot (38%), terwyl die maatskaplikewerkprofessie onder ’n lae moreel gebuk gaan (33%). Dit gebeur ook dat pleegkinders onvoorbereid oorgeplaas word na mislukte plasings of vanweë ongeskiktheid van die versorgers en op hierdie wyse verder deur die stelsel getraumatiseer word (30% groot mate), hoewel dit nie tot so ’n groot mate voorkom as in die geval van eersgenoemde stellings nie. Die volgende aspekte is deur die deelnemers by die lys gevoeg:

- *“Claims of abandonment”*
- *“Fraudulent claims of abandonment”*
- *“By armoede nie van toepassing nie, weeskinders wel en swak prognose van biologiese ouers.”*
- *“Geen keuring – kinders reeds by die grootouers of ander familie woon na die afsterwe van hul ouers of omdat die biologiese vader onbekend is” – die afleiding word gemaak dat ’n pleegsorgplasing by familie deur die statutêre proses geneem word net om die plasing te formaliseer en ’n toelae te bekom.*
- *“Kinders verskuif hul self na geskikte versorgers veral na die ouderdom van 14 jaar. Hulle wil bly waar daar ’n mindere mate van dissipline is, of hulle voel veiliger” – hierdie stelling bevestig die gebrek aan gereelde monitering en behoorlike pleegtoesigdienste weens die oorbelaaide praktyk.*
- *“Kinders se trauma veral rondom verlies word nie aangespreek nie – sukkel later met probleem gedrag alternatiewe plasing moet gesoek word” – hierdie stelling sluit aan by die traumatisering wat ’n ontoereikende pleegsorgstelsel inhou en die gebrek aan intervensie.*
- *“People can’t cope with child support grant and can’t meet child’s needs and apply for foster care” – hierdeur word die misbruik van die stelsel vir armoedeverligting weereens bevestig.*
- *“Armoedeverligting nie van toepassing nie”* – hierdie is waarskynlik die uitsondering waar pleegsorg nog volgens doelstellings toegepas word.”

Vanuit die gegewens blyk dit dat deelnemers bykans in alle gevalle grootliks met die stellings oor die huidige stand van die pleegsorgpraktyk saamstem en dit selfs deur verdere stellings bevestig.

Temas wat veral beklemtoon word, is oorlading, gebrek aan mensekrag en hulpbronne en dat die ware doel van pleegsorg verlore gaan vanweë die gebruik daarvan vir armoedeverligting en die versorging van weeskinders. Beweerde mishandeling en gebrek aan behoorlike monitering en intervensie om die kinders se nood aan te spreek, word ook weereens bevestig. Vanuit die resultate blyk dit dat pleegsorg besondere uitdagings aan die dienslewerende maatskaplike werker en welsynsinstansies stel wat 'n demoraliserende uitwerking op die kwaliteit van dienslewering kan uitoefen.

9.1.3 Afdeling C: Individuele en gesinsfaktore

Vrae in hierdie afdeling handel oor die eerste (mikrosisteem) en tweede vlak (mesosisteem) van die ekologiese ontledingsisteem wat fokus op die pleegkind as individu en sy onmiddellike omgewing, waarvan die biologiese en pleeggesin as die mees betekenisvolle beskou kan word.

Figuur 22: Aantal kinders in pleegsorg

Die deelnemers moes in hierdie vraag aandui aan hoeveel kinders pleegtoesigdienste in hul gevalleladings gelewer word. Meer as een kind kan per gesin in pleegsorg verkeer en daarom sal die aantal pleegkinders meer wees as die aantal pleeggesinne. (Vgl. figuur 28.)



Vanuit die figuur blyk dit dat die meerderheid maatskaplike werkers (31%) aan tussen 100 en 200 pleegkinders dienste lewer, waarna 100 (29%) en minder volg, terwyl 200 tot 300 (19%) daarnaas volg. In enkele gevalle word buitensporige hoë ladings van tussen 600 en 1 000 en 300 en 500 pleegkinders aangedui. Slegs pleegtoesigdienste aan minder as 100 pleegkinders kan as aanvaarbaar beskou word. Die aanvaarbaarheid al dan nie van die getal pleegkinders sal ook daarvan afhang of die betrokke maatskaplike werker slegs pleegtoesigdienste lewer of ook na

ander gevalle moet omsien. Maatskaplike werkers en die welsynsinstansie word deur hierdie hoë ladings in 'n situasie geplaas waar dit onmoontlik is om professionele aanspreeklikheid te aanvaar vir die kwaliteit van dienslewering.

Figuur 23: Ontwikkelingsfases van die kinders in pleegsorg

Die bedoeling van die vraag is om te bepaal wat die ouderdomsverspreiding van kinders waarmee die maatskaplike werkers handel oor die algemeen is.



Ongeveer 50% van die deelnemers dui aan dat met 10 en minder **babas** in pleegsorg gehandel word, waarna 10 tot 20 babas tot 'n redelike mate voorkom. **Voorskoolse** kinders kom min of meer op 'n eweredige basis voor wat wissel van net minder as 10 tot 50, waarna minder deelnemers 100 tot 200 voorskoolse kinders aandui. **Laerskoolkinders** blyk die grootste voorkoms in 'n enkele ontwikkelingsfase van tussen 50 tot 100 kinders op die meeste deelnemers se gevalleladings te wees. **Adolessente** het ook 'n verbasende voorkoms van tussen 50 en 100 en selfs 100 tot 200 op deelnemers se ladings, veral aangesien daar nie altyd so baie van pleegsorg as alternatiewe sorg vir hierdie ontwikkelingsfase gebruik gemaak word nie. (Vgl. 4.2.4.) Dit kan ook wees dat die huidige adolessente op 'n vroeër leeftyd in pleegsorg geplaas is, veral in die lig daarvan dat die meeste plasings op die lang termyn geskied. (Vgl. tabelle 19 en 25.)

Samevattend kan dit gestel word dat nie soveel deelnemers pleegtoesigdienste aan babas lewer nie terwyl pleegsorg eintlik as die mees gepaste alternatief vir die besondere behoeftes van die suigeling beskou word. (Vgl. 4.2.1.) Voorskoolse kinders is van hoog tot laag versprei, terwyl laerskool kinders in hoër ladings voorkom. Pleegsorg as alternatief binne gesinsverband word ook bo kinder- en jeugsorgsentrums vir voorskoolse (vgl. 4.2.2) sowel as laerskoolkinders (vgl. 4.2.3)

beskou. Adolessente maak 'n betekenisvolle deel van die deelnemers se gevalleladings uit terwyl die neiging meer is om hierdie groep kinders in neutrale omstandighede soos 'n kinder- en jeugsorgsentrum te plaas. Maatskaplike werkers behoort dus bekend te wees met die behoeftes van al die verskillende ontwikkelingsfases en -take van kinders soos uiteengesit in die literatuur onder 4.2, sowel as geskikte intervensiemetodes ten einde doeltreffende dienste aan alle kinders in die pleegsorgpraktyk te kan lewer. Dit dui weereens op die hoë verwagtinge wat aan maatskaplike werkers gestel word.

Figuur 24: Die voorkoms van familie teenoor nie-familiepleegsorg

Die verhouding waarin familie- teenoor nie-familieplasings voorkom, veral in die lig van die bewering dat laasgenoemde die praktyk oorheers, word deur hierdie vraag getoets.



Met formele pleegsorg word bedoel dat pleegouers vooraf gewerf, gekeur en opgelei word om oorweeg te word vir die plasing van 'n kind wat nie aan hulle verwant is nie. Sodanige plasing word voorafgegaan deur 'n passingsproses waartydens bepaal word watter pleegouers kan die beste in die bepaalde kind se behoeftes voorsien. Dit blyk uit die eerste staafdiagram dat minder as 20% en daarna tussen 20–40% formele plasings in meeste van die deelnemers se gevallelading voorkom, terwyl familieplasings 80–100% van die meeste deelnemers se pleegsorgladings uitmaak. Familieplasings oorheers dus die gevalleladings, wat ooreenstem met die bewering dat pleegsorgplasings in die meeste gevalle net geformaliseer word by familie (vgl. tabel 32), waar die kinders alreeds 'n geruime tyd op privaat reëling versorg word. Die welsynsinstansie word dus genader met 'n versoek tot pleegsorgplasing, waarskynlik om toegang tot die pleegouertoelae te bekom en nie soseer om maatskaplike dienslewering ter bevordering van die welstand van die kind nie. Hierdie gesinne is gewoonlik arm, maar gewillig om vir die kinders te sorg en daarom moet ander voorsiening as die statutêre sisteem vir materiële bystand daargestel word. (Vgl. 9.2.2.)

Tabel 21: Individuele, gesins- en omgewingsfaktore aanleidend tot pleegsorgplasings

In hierdie vraag is aanleidende faktore op die mikro-, meso- en eksosisteem van die ekologiese ontledingsisteem gekombineer ten einde die bydraende rol tot verhoogde pleegsorgplasings te verken en te beskryf.

C4: Bydraende faktore	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Uitdagende gedrag wat ouers nie kan hanteer nie	12	10	25	**36**	16
Gesinsfaktore soos huweliks-/verhoudingskonflik	5	17	27	**36**	15
Onbevoegde ouerskapfunksionering	23	**31**	19	22	6
Onopspoorbare ouers en verlate kinders	**50**	**35**	10	6	-
Ouers skuif hul verantwoordelikhede vir kinderbeskerming op familie of openbare diensleweringsinstansies af	26	23	**33**	15	3
Fisiese verwaarlosing	**29**	27	21	20	3
Emosionele verwaarlosing	19	23	**32**	23	3
Fisiese mishandeling	20	14	26	**35**	6
Emosionele mishandeling	17	14	**34**	31	5
Seksuele misbruik of mishandeling	13	10	35	**38**	5
Kinderverkragting	11	3	20	**46**	20
Ontoepaslike strafmaatreëls soos lyfstraf	5	9	21	**42**	23
Gesinsgeweld	13	19	22	**39**	8
Enkelouerskap weens egskeiding, buite-egtelikheid, afwesige vaders of die dood	20	15	20	**31**	14
Werkloosheid	24	21	18	**29**	8
Armoede	**30**	19	19	24	8
Kriminele aktiwiteite	8	8	**34**	32	18
Alkohol- en dwelmmisbruik	21	25	**28**	19	6
Ontoereikende behuising/skuiling	16	20	23	**33**	8
Dood weens siektetoestande soos MIV/VIGS en tuberkulose	**66**	15	9	7	2
Liggaamlike ongesteldheid van ouers	9	10	27	**43**	10
Geestesongesteldhede van ouers	8	12	22	**37**	21
Ander (spesifiseer)	33	33	11	-	22

Dit blyk dat **individuele** faktore soos uitdagende gedrag van die kind wat nie deur die ouer hanteer kan word nie, ’n meer geringe rol speel terwyl die **gesinsfaktore** tot ’n groter mate bydraend tot

pleegsorgplasings is. Dit is veral dood weens siektetoestande soos MIV/VIGS en tuberkulose (66%, **baie groot mate**) en onopspoorbare ouers en kinders wat verlaat word (50% en 35% onderskeidelik van **baie groot** tot **groot mate**) waarna onbevoegde en onverantwoordelike ouerskap en fisiese verwaarlosing volg. Emosionele verwaarlosing en mishandeling sowel as fisiese mishandeling kom min of meer tot 'n gelyke mate voor, terwyl die voorkoms van seksuele misbruik of mishandeling en kinderverkragting ietwat laer is. Gesinsgeweld, ontoepaslike strafmaatreëls en huweliks- of verhoudingskonflik kom meer van 'n **gemiddelde** tot 'n **geringe mate** voor. Enkelouerskap as bydraende faktor wissel van 'n **geringe** tot 'n **baie groot mate**, terwyl liggaamlike of geestesongesteldheid van ouers oorwegend tot 'n **geringe mate** voorkom. **Omgewingsfaktore** kom min of meer in prioriteitsorde voor van armoede, werkloosheid, alkohol- en dwelmmisbruik, swak behuising en kriminele aktiwiteite.

Die volgende faktore aanleidend tot pleegsorgplasings, is deur deelnemers bygevoeg:

- *"'n Gebrek aan insig van ouerlike verantwoordelikhede by ouers."*
- *"Fathers not accepting responsibility."*
- *"Wanvoeding."*
- *"Death, other than HIV,TB."*
- *"HIV simptoms cannot definitely say HIV."*
- *"Verlate kinders."*
- *"Een ouer dood, ander ouer onopspoorbaar."*
- *"Weeskinders."*
- *"Emosionele verwaarlosing*."

Al die toevoegings sluit aan by die genoemde faktore in die die vraag. Dit wil amper voorkom asof deelnemers groter klem daarop wou plaas, aangesien dit deurlopende temas is wat in die resultate na vore kom en veral sentreer om ontoereikende ouerskapsfunksionering en die dood van ouers. Al die genoemde faktore speel egter tot 'n meerdere of mindere mate 'n rol in die toename in pleegsorgplasings, soos duidelik in die onderstaande samevattende figuur 25 oor die detail van tabel 21 geïllustreer word.

Figuur 25: Individuele, gesins- en omgewingsfaktore aanleidend tot pleegsorgplasing



Hoewel die enkele genoemde uitstaande temas soos in tabel 21 oor veral gesinsfaktore aangedui word, in hoë persentasies in 'n **baie groot mate** voorkom, blyk dit dat die ander faktore tot 'n mindere of meerdere mate meer eweredig verspreid tot sorgbehoewend-bevinding en pleegsorgplasings bydra, aangesien die verskil in persentasies nie so groot is nie. Die grootste persentasie dui op 'n **geringe bydraende mate** (29%) tot **gemiddeld** (24%) en **baie groot** (20%) tot 'n **groot mate** (17%). **Geensins** is minder as 10% en daarom kan die afleiding gemaak word dat al die genoemde faktore aanleiding kan gee tot pleegsorgplasings, maar dat dit veral na gebrekkige ouerskapsfunksionering heenwys.

Tabel 22: Pleegsorgplan ter versterking van die pleegkind se funksionering

Die veronderstelling is dat elke pleegsorgkind se plasing volgens ’n plan bestuur word en deur die onderstaande vraag word die inhoud van sodange plan getoets.

C5: Aspekte van ’n pleegsorgplan	**Stem beslis saam**	**Stem saam**	**Onseker**	**Stem nie saam nie**	**Stem beslis nie saam nie**
Fokus op veerkragtigheidsfaktore wat dit vir die kind moontlik maak om ten spyte van disfunksionele omstandighede aan te pas en te ontwikkel	**45**	31	19	3	2
’n Sterktegerigte benadering wat geloof in die self en hoop vir die toekoms skep	**52**	39	8	2	-
Die ontwikkeling van ’n hegtheidsband wat positiewe verbintenisse met betekenisvolle volwassenes insluit	**48**	**48**	3	-	2
Onafhanklikheid word bevorder waardeur die kind homself kan skei van problematiese omstandighede en fokus op selfstandige optrede en eie voortbestaan – bemagtiging	**47**	42	9	2	-
Inisiatief en bevoegdheid tot probleemoplossing word gestimuleer	40	**49**	9	2	-
Humor en distansiëring van pyn word gestimuleer	21	**39**	30	6	3
Emosionele intelligensie word bevorder	38	**41**	15	3	3
Spiritualiteit en kerklidmaatskap word aangemoedig	41	**49**	8	3	-
Fisiese gesondheid word geskep deur toepaslike hulpbronne	37	**54**	8	-	2
Geleentheid tot positiewe etniese en kulturele identiteitsvorming word geskep	40	**51**	8	2	-
Selfvertroue word opgebou	**54**	40	3	2	2
Suksesvolle bemeestering van ontwikkelingstake volgens verwagte mylpale word gestimuleer	**54**	40	5	2	-
Mededeelsaamheid word aangemoedig	**48**	45	6	2	-
Hulpvaardigheid word aangemoedig	**48**	43	5	5	-
Ander (spesifiseer)	25	25	13	-	38

Deelnemers moes op die skaal aandui tot watter mate hulle saamstem met die aspekte wat in die pleegsorgplan ingesluit behoort te word. Aspekte waarmee veral beslis saamgestem word, is dat pleegkinders ontwikkelingsgeleenthede moet kry en selfvertroue opbou, dat hulpbronne nodig is vir fisiese gesondheid (54%), dat ’n sterktegerigte benadering (52%) gevolg moet word en dat die pleegkind se reg tot etniese en kulturele identiteitsvorming erken moet word. Die ontwikkeling van ’n hegtheidsband of verbondenheid, hulpvaardigheid, onafhanklikheid, mededeelsaamheid en veerkragtigheidsfaktore gaan daarmee gepaard. Daar word ook saamgestem dat probleem-oplossing, kulturele en spirituele bevoegdheid, sowel as emosionele intelligensie en fisiese

gesondheid belangrike aspekte van die pleegsorgplan moet uitmaak. Die volgende items is deur deelnemers bygevoeg:

- "*Ondersteuning deur multidissiplinêre spanne bv. Famsa, opv. hulpdienste."*
- *"Bogenoemde sou ideaal wees! Nie in realiteit nie."*
- *"Taal bly 'n groot probleem" – waarskynlik omdat hulpverlener en kliënt mekaar nie verstaan nie.*
- *"Biologiese ouers se rol en verantwoordelikheid moet duidelik wees."*

Hieruit blyk dit dat kommunikasie tydens hulpverlening 'n struikelblok kan wees, aangesien die meeste deelnemers in byvoorbeeld hierdie navorsing, blankes is wat aan baie swart pleegkinders en -gesinne dienste moet lewer. Verder kom dit ook na vore dat maatskaplike werkers wel deeglik bewus is van die inhoud en noodsaak van 'n pleegsorgplan, maar dat die uitvoering daarvan in die meeste gevalle nie haalbaar is nie weens die genoemde struikelblokke in die pleegsorgpraktyk. Dit word duidelik geïllustreer in die samevattend figuur 26 oor die bogenoemde tabel.

Figuur 26: Inhoud van die pleegsorgplan



Feitlik al die deelnemers stem met die inhoudsaspekte van die pleegsorgplan saam, wat daarop dui dat daar nie 'n gebrek aan kennis, vaardigheid en gesindheid bestaan om 'n sterkte- en ontwikkelingsgerigte pleegsorgplan vir die pleegkind saam te stel nie. Dit sou net moeilik wees om aan al hierdie aspekte aandag te skenk in die lig van die resultate in figuur 22 (groot aantal kinders in pleegsorgladings) en figuur 23 (verskillende ontwikkelingsfases) en tabel 20 (stellings oor die pleegsorgpraktyk soos oorlading en tekort aan mensekrag). Dit is veral die ontwikkeling van

veerkragtigheid (vgl. 4.3.1) en ’n hegtheidsband (vgl. 4.3.2) met ’n versorger of betekenisvolle persoon waardeur die pleegkind bemagtig kan word om in ’n goed aangepaste volwassene te ontwikkel.

Tabel 23: Tipe pleegsorggesin

Verskillende soorte gesinne word in 5.2.1 bespreek en deur hierdie vraag word bepaal in watter soort gesinne pleegkinders gewoonlik geplaas word.

C6: Soort gesin	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Nukleêre gesin bedoelende ’n moeder, vader en kinders wat nie verwant is aan die pleegkind nie	13	19	**34**	33	2
Nukleêre gesin bedoelende ’n moeder, vader en kinders wat verwant is aan die pleegkind/familieplasing	53	27	16	4	-
Egpare met volwasse kinders wat nie meer in die huis woon nie	15	27	**33**	22	3
Getroude kinderlose pare wat pleegkind(ers) versorg	12	5	25	**43**	15
Ongetroude pare wat saamwoon en pleegkind(ers) versorg	8	11	20	**33**	29
Enkelouergesin bedoelende ’n moeder of vader met pleegkind(ers)	25	**39**	16	10	9
Kinderhoofhuishoudings met pleegkinders	2	11	20	33	**35**
Homoseksuele pare wat dien as pleegouers	-	-	5	17	**79**
Multigeneratiewe gesin bestaande uit grootouer/ouer/kinders/ ander familielede en pleegkind(ers)	**33**	**34**	20	9	3
Grootouerhuishoudings met pleegkinders	**64**	27	6	3	-
Niehuishoudinggesin waar ’n groep persone saambly in een huishouding en verantwoordelikhede deel vir ’n pleegkind	3	2	12	18	**65**
Hersaamgestelde gesin waar biologiese ouers, stiefouers, biologiese kinders, stiefkinders en pleegkinders saamwoon	5	13	19	21	**42**

Die volgende gesinstipes kom min of meer in prioriteitsorde voor: grootouerhuishoudings (64%), nukleêre gesinne wat familie van die kind is (53%), multigeneratiewe gesinne (34%), enkelouergesinne (39% groot mate), egpare met volwasse onafhanklike kinders (33% gemiddeld), nukleêre gesinne wat nie verwant is aan die kind nie (34% gemiddeld), kinderlose egpare 43% gering), ongetroude pare wat saamwoon (33% gering). Die ander tipe gesinne kom in enkele gevalle voor maar het die hoogste persentasie in geensins: hersaamgestelde gesinne, niehuishoudinggesinne waar groepe mense saamwoon, kinderhoofhuishoudings met pleegkinders

en homoseksuele pare wat nie juis as pleegouers figureer nie. Een deelnemer maak die volgende opmerking: "*mother very ill and blind – family look after her children – foster care*" – so 'n reëling sou kon aansluit by multigeneratiewe gesinne. 'n Ander deelnemer maak die volgende opmerking by homoseksuele egpare as pleegouers: "*In white culture, don't occur in black culture"* – wat die noodsaak oor verdere navorsing in multikulturele en inheemse pleegsorgpraktyk bevestig.

Samevattend word dit gestel dat grootouergesinne die meeste funksioneer as pleegouers (64%), waarna nukleêre gesinne wat familie van die kind is en enkelouergesinne volg. Dit stem ooreen met die feit dat die meeste plasings binne familieverband plaasvind. (Vgl. figuur 24.) Een van die doelstellings van pleegsorg is juis om die kind binne normale gesinsverband te laat opgroei wat, beslis uitdagings aan grootouer- en enkelouergesinne (vgl. 5.2.4) stel. Die voordeel is egter steeds dat die kind buite inrigtingsverband binne sy bekende familie en gemeenskap kan opgroei. Die resultate sluit weereens aan by dominante temas wat reeds geïdentifiseer is oor ouers wat kinders verlaat of oorlede is aan VIGS-verwante siektes en familie, veral grootouers, wat die kinders moet grootmaak en afhanklik is van 'n pleegouertoelae. Die vraag ontstaan dus of veral grootouers die kind deur al die ontwikkelingsfases (vgl. figuur 23) sal kan begelei, veral in ag genome die groot ouderdomsverskil en die gebrek aan deurlopende pleegtoesigdienste. Sodanige gesinsamestellings hou beslis risiko's vir die beste belang van die kind in.

Tabel 24: Voorkomingsdienste alvorens kinderverwydering en pleegsorg plaasvind

Dienslewering aan kinders word volgens 'n raamwerk met verskillende vlakke gelewer soos omskryf in 3.7.1, wat begin by voorkoming en vroeë intervensie wat behoort plaas te vind alvorens na die statutêre vlak en kontinuum vir alternatiewe sorg beweeg word. Deur hierdie vraag word bepaal hoedanig sodanige dienste in die praktyk realiseer.

C7: Dienslewering alvorens kinderverwydering plaasvind	**In elke geval**	**In ongeveer 75% van gevalle**	**In ongeveer 50% van gevalle**	**In minder as 25% van gevalle**	**Nooit**
Voorkomingsdienste ter versterking en bewaring van gesinslewe	**37**	28	12	16	6
Interdissiplinêre samewerking tussen rolspelers tydens vroeë intervensieprogramme	22	**31**	19	21	6
Gemeenskapsprojekte vir die opbou van gesinslewe	6	20	**38**	27	9
Groepe in ouerskapsvaardighede	15	19	**35**	24	7
Ouerskapsplanne en gesinsbewaring	10	18	**34**	25	13
Maatreëls om toepaslike hulpbronne beter te gebruik ter versterking van gesinslewe	15	31	**32**	18	4
Gesinsgroepkonferensies	18	15	18	**28**	22
Assessering van behoeftes en sterktes van die gesin	21	**27**	24	20	8
Selektering van gepaste intervensiemodelle ten einde gesinsproblematiek aan te spreek	14	17	39	23	8
Sesmaandelikse evaluering van behandelingsplan	15	16	25	**33**	10

Vroeë intervensie wat veral gelewer word is gesinsbewaring (37%). Interdissiplinêre samewerking en die assessering van behoeftes en sterktes van die gesin word ook tot 'n mate gelewer, hoewel nie in elke geval nie. Verder word wel gebruik gemaak van toepaslike hulpbronne, gemeenskaps-projekte, groepe in ouerskapsvaardighede, samestelling van ouerskapsplanne, gesinsgroep-konferensies, gepaste intervensie om gesinsproblematiek aan te spreek en sesmaandelikse evaluering van die behandelingsplan, maar nie tot 'n groot mate nie. Een deelnemer voeg by dat "*parents died and fathers never involved*". Die resultate dui duidelik daarop dat voorkomings-dienste nie realiseer volgens beleidsvoorskrifte nie, naamlik dat statutêre intervensie daardeur

voorafgegaan behoort te word nie. Dienste begin gewoonlik op statutêre vlak wanneer die saak aangemeld word en direk tot 'n pleegsorgplasing oorgegaan word.

Figuur 27: Soort behuising waar pleegsorg plaasvind

Die doel van die vraag is om te bepaal of daar in die pleegkind se basiese reg aan behoorlike en veilige skuiling voldoen word in die pleegsorgsisteem.



Meer as 40% van die deelnemers meen dat pleegsorgplasings **tot 'n baie groot mate** in informele behuising geskied, waarna pleegouers met 'n eie of gehuurde huis/woonstel volg (ongeveer 22% deelnemers se mening). Dit blyk dat sommige pleegouers wel in 'n gehuurde huis of woonstel of tot 'n mindere mate by familie of vriende woon. Een deelnemer voeg by dat "*huise wat voorsien word*" – waarskynlik deur die staat of munisipaliteit. Dit bevestig die inligting dat heelwat pleegouers arm is en waarskynlik familiekinders inneem terwyl hulle skaars in hul eie behuisingsbehoeftes kan voorsien soos in figure 29 en 30 ook aangedui word en in die bespreking oor sosio-ekonomiese realiteite in 6.5.2.

Figuur 28: Aantal pleeggesinne per deelnemer

Daar is reeds in figuur 22 die aantal kinders in die pleegsorglading per deelnemer aangedui. Met hierdie vraag word bepaal aan hoeveel pleeggesinne dienste gelewer word.



Vanuit die resultate blyk dit dat die meeste deelnemers (25%) aan tussen 50 tot 100 pleeggesinne dienste lewer, waarna minder as 50 en 150 tot 200 gesinne volg. Wanneer dit vergelyk word met figuur 22 oor die hoeveelheid pleegkinders waaraan dienste gelewer word, wil dit voorkom asof die meeste gesinne meer as een pleegkind in hul sorg het. Verder moet in gedagte gehou word dat hierdie deelnemers meestal werksaam is by nieregerings-gesinsorgorganisasies waar hulle benewens pleegsorgdienste, ook nog generiese maatskaplike werk beoefen en daarom waarskynlik in totaal 'n nog groter gevallelading moet hanteer.

Figuur 29: Maandelikse inkomste van pleeggesinne

Die algemene finansiële posisie van pleegouers word deur hierdie vraag getoets.



Volgens die meeste deelnemers verdien pleeggesinne maandeliks tussen R1 000 en R2 499 (34%), waarna dit afneem na R500 tot R999 (31%). Sommige deelnemers het aangedui dat die pleegouertoelae van R650 alreeds deel uitmaak van hierdie inkomste, terwyl twee ander aangedui het dat dit nie daarby ingereken is nie. In baie gevalle is daar meer as een kind in pleegsorg, wat ook daarop kan dui dat dit die enigste vaste gesinsinkomste kan wees. **Dit wys weer heen na die argument dat pleegsorg gebruik word vir armoedeverligting en dat die kind nie die volle voordeel van die toelae kry nie.** Dit kan ook wees dat hierdie kinders deur hul ouers verlaat is of dat die ouers oorlede is en dat familie hulle ten spyte van armoede in hul sorg geneem het en wel na die beste van hul vermoë na hul omsien.

Figuur 30: Werksposisie van die pleegouers

Die vraag sluit by figuur 29 aan om te bepaal of daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die inkomstebronne en werksposisie van die pleeggesin en tot watter mate pleegouers ekonomies produktief is deur die beoefening van 'n professie of ander beroepsgroepe.



Vanuit die resultate kom dit na vore dat die meeste deelnemers meen dat pleegouers tot 'n **baie groot mate** van 'n staatstoelae (meer as 40%) afhanklik is wat kan insluit 'n kindertoelae, ouderdomspensioen (grootouerplasings) of 'n pleegsorgtoelae. In sommige gevalle is pleegouers se enigste inkomste vanaf 'n gemiddelde tot baie groot mate die pleegouertoelae. Pleegouers is ook tot 'n groot mate werkloos (meer as 40%) of poog om tussen 'n **baie groot** tot **gemiddelde mate** 'n inkomste deur informele werk te bekom wat geen vaste sekuriteit bied nie. Een deelnemer

verwys na *"tydelike kontrakwerk*." Slegs enkele pleegouers is van 'n **gemiddelde** tot **geringe mate** betrokke by die arbeidersklas met of sonder byvoordele en beoefen tot 'n **geringe mate** 'n professie. Daar is dus weinig pleeggesinne wat selfstandig in eie behoeftes kan voorsien en 'n gemiddelde tot bogemiddelde lewenstyl handhaaf wat sekuriteit aan 'n gesin bied. Die resultate bevestig die sosio-ekonomiese realiteit (vgl. 6.5.2) van werkloosheid, armoede en die oënskynlike persepsie dat pleegouertoelae as 'n bron van inkomste beskou kan word.

Tabel 25: Lewering van gesinsherenigingsdienste

Deur die vraag word bepaal hoe grondig die stelling is wat dikwels gemaak word dat gesinsherenigingsdienste slegs in enkele gevalle realiseer en dat kinders oor die algemeen in langtermynpleegsorg verkeer. (Vgl. 5.7.4.)

C11: Gesinsherenigingsdienste	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Biologiese ouers aktief betrokke by 'n gesinsherenigingsprogram met 'n sterk moontlikheid van terugplasing	2	8	21	**54**	16
Biologiese ouers sporadies betrokke met 'n geringe kans op gesinsherstel	12	**32**	21	28	7
Biologiese ouers is betrokke by kinders maar terugplasing is nie haalbaar nie vanweë langtermyn-/permanente gebreke soos kroniese siekte of gevangesetting	2	12	25	**50**	12
Biologiese ouers is onopspoorbaar, geen dienste nie	**47**	31	13	6	3
Biologiese ouers is oorlede, geen dienste nie	**66**	18	10	3	3
Ander (spesifiseer)	13	25	25	-	38

Die resultate dui daarop dat deelnemers van mening is dat gesinsherenigingsdienste **tot 'n baie groot mate** nie gelewer word nie, omdat die ouers oorlede (66%) of onopspoorbaar (47%) is. Daar is slegs in 'n klein persentasie (2%) 'n moontlikheid van terugplasing of betrokkenheid van biologiese ouers, hoewel terugplasing weens kroniese of langtermyn- probleme nie haalbaar is nie. Verder is daar ook die biologiese ouers wat net sporadies betrokke is (12%) wat gesinsherstel ook nie moontlik maak nie. Deelnemers voeg die volgende by:

- *"Een ouer oorlede, een onopspoorbaar."*
- *"Unkown fathers demanding family re-unification years after placement."*
- *"Bological parents uncooperative."*

- *"Biological parents unknown."*

Die oorheersende tema is dat gesinsherstel slegs in uitsonderlike gevalle haalbaar is en dat kinders oor die algemeen op langtermynpleegsorg aangewese is. Maatskaplike werkers is statutêr verplig om gesinsherenigingsdienste te lewer en solank daar kontak met die biologiese ouer bestaan moet tweejaarliks verslag gedoen word oor die moontlikheid van terugplasing tensy bewys kan word dat dit uitgesluit is soos deur artikel 186 van die Children's Amendment Act (2007:76) bepaal word en in 6.2.5 uiteengesit is.

Tabel 26: Mate waartoe gedrags-, emosionele en fisiese probleme by pleegkinders voorkom
Die vraag is ingesluit omdat daar bewerings is dat meervoudige probleme met pleegkinders ervaar word wat moeilik in die oorlaaide pleegsorgpraktyk geïdentifiseer en behandel kan word, veral op voorkomende vlak.

C13: Gedrags-, emosionele en fisiese probleme	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Aggressiewe gedrag.	4	22	**43**	24	7
Uitdagende gedrag.	7	29	**41**	19	3
Misdadige gedrag.	-	4	24	**59**	13
Onttrekking van ander mense en aktiwiteite	2	3	28	**52**	15
Angstigheid.	4	9	34	**50**	3
Fisiese probleme soos byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, asma	4	9	22	**57**	7
Dieetstoornisse	3	4	10	40	**43**
Urinese	-	-	20	**62**	18
Enkoprese	-	2	8	**54**	37
Slaapstoornisse	-	3	15	**65**	17
Substansmisbruik	5	21	27	**39**	9
Skoolversuim	6	15	**45**	28	6
Swak selfbeeld en identiteitskrisis	9	14	**49**	25	3
Ander (spesifiseer)	18	46	-	18	18

Vanuit die resultate blyk dit dat die hoogste persentasies by **gemiddelde mate** aangedui word betreffende swak selfbeeld en identiteitskrisis (49%), skoolversuim (45%) en aggressiewe gedrag (43%). Enkele problematiek wat onder **geringe mate** aangedui word, is slaapstoornisse (65%),

urinese (62%), misdadige gedrag (59%), gesondheidsprobleme (57%), sosiale ontrekking (52%) en angstigheid (50%). Problematiek wat onder 'n **groot mate** aangedui word, maar ook teen 'n betreklik lae voorkoms, is uitdagende (29%) en aggressiewe (22%) gedrag sowel as substansmisbruik (21%).

Die volgende probleme is deur deelnemers aangevul:

- *"Girls falling pregnant at 15."*
- *"Promisku/seksueel aktief."*
- *"Seksuele losbandigheid."*
- *"Gedragsprobleme a.g.v. leerprobleme."*
- *"Minder opvallend bv. angstigheid ens. nie so baie soos bv. aggressiewe gedrag nie."* – die waarskynlike bedoeling is dat die emosioneel verwante probleme maklik misgekyk word teenoor uitreagerende gedrag.
- *"Taal is 'n probleem om werklik by emosionele aspekte van die pleegkind uit te kom. Ongedissiplineerdheid is die heel grootste probleem, omdat swart ouers nie weet hom om dit toe te pas nie."*
- *"Omdat ons min kontak met die kind het, bestaan daar nie altyd 'n sterk vertrouensverhouding nie. KInders praat dus nie oor die oorsaak van sy gedrag nie."*

Hoewel die resultate nie op 'n hoë voorkoms van problematiek dui nie, word dit betwyfel of die omvang werklik bekend is. Wanneer die hoë gevalleladings in ag geneem word, kan tereg die vraag gestel word of die toesighoudende maatskaplike werker probleemgedrag kon identifiseer met slegs periodieke besoeke en of die pleegouers wat van die pleegouertoelae afhanklik vir 'n bestaan is, dit wel aanmeld. Gewoonlik kom die saak ter sprake wanneer dit alreeds krisisafmetings aangeneem het.

Tabel 27: Hulpverleningsmetodes om problematiek tydens pleegtoesigdienste te hanteer

Die bedoeling van die vraag is om te bepaal wat op intervensievlak tydens pleegtoesigdienste in die praktyk toegepas word.

C14: Hulpverleningsmetode	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Gevallewerkintervensie	**52**	37	7	4	-
Groepwerk met kinders met soortgelyke problematiek	12	27	24	**35**	3
Spelterapie	6	9	31	**34**	19
Verwysing na/samewerking met ander hulpverleningsprofessies soos arbeidsterapie of sielkunde	12	24	28	**36**	-
Gemeenskapswerk met opvoedkundige- en voorligtingsessies	7	18	**34**	31	10
Pastorale/spirituele hulpverleningsessies	2	10	22	**52**	15
Mediese dienste	5	22	28	**34**	10
Opvoedkundige dienste vir leergeremdhede	9	16	18	**43**	15
Avontuurgebaseerde terapie	3	5	6	22	**64**
Ander (spesifiseer)	-	-	-	40	60

Dit is duidelik dat intervensie meestal deur die gevallewerkmetode (52%, **baie groot** en 37%, **groot mate**) toegepas word. Daarnaas volg die groepwerkmetode (12%, **baie groot mate** en 27%, **groot mate**). Gemeenskapswerk word in ’n **gemiddelde** (28%) en **geringe mate** (36%) toegepas. Ander vorms van hulpverlening soos spelterapie, verwysing na ander hulpverleningsprofessies, mediese dienste, opvoedkundige dienste, pastorale hulp en avontuurgebasseerde terapie word meestal tot ’n **geringe mate** gebruik. Een deelnemer voeg by dat: “*avontuurterapie beplan word vir later in 2008*” en ’n ander opmerking: “*psychological treatment – poor. Everytime another person to see. Start again from beginning*”.

Die hulpverleningsmetode wat die meeste gebruik word, is die duurste omdat dit op ’n een-tot-een-basis plaasvind, maar dis noodsaaklik om statutêre verslaggewing te doen. Die relatief lae voorkoms van hulpverlening sluit aan by die resultate van tabel 26 oor die hantering van probleemgedrag of die gebrek daaraan, wat waarskynklik nie geïdentifiseer word nie deurdat monitering nie deurlopend plaasvind nie.

Figuur 31: Gereeldheid van pleegtoesigdienste

Die veronderstelling is dat pleegsorgplasings deurlopend gemonitor moet word en dat vorderingsverslae minstens sesmaandeliks saamgestel word ten einde in staat te wees om dienste te evalueer en na twee jaar 'n aanbeveling te kan maak oor moontlike gesinsherstel of permanensiebeplanning.



Vanuit die resultate blyk dit dat monitering meestal kwartaalliks (36%) gedoen word, waarna halfjaarliks en jaarliks elk met 24% volg. In ag genome die hoë gevalleladings, word pleegtoesigdienste op 'n redelik gereelde basis gelewer. Wanneer die resultate met tabel 27 vergelyk word, word die inhoud en kwaliteit van sodanige dienste egter bevraagteken, omdat dit onmoontlik is om met sulke hoë gevalleladings intensief terapeuties betrokke te raak. Dienslewering is waarskynlik ingestel op die nakoming van statutêre verpligtinge soos om die bevel na twee jaar weer te hernu sodat die pleegsorgtoelae steeds uitbetaal kan word.

Figuur 32: Werwingsprogramme vir pleegouers

Die vraag is ingesluit, aangesien daar 'n tekort aan pleegouers bestaan en 'n deurlopende werwingsprogram 'n moontlike oplossing kan wees.



Dit blyk dat minder as die helfte van die welsynsinstansies betrokke by die ondersoek oor 'n werwingsprogram beskik. Daar bestaan 'n nypende tekort aan pleegouers en indien daar nie deurlopende werwing gedoen word nie, moet in elke geval waar 'n kind geplaas word, eers tyd bestee word om pleegouers te soek. Maatskaplike werkers kry waarskynlik nie tyd om werwingsprogramme te inisieër en deurlopend te loods nie vanweë die hoë gevalleladings en individuele werkswyse soos deur tabel 27 uitgewys.

Figuur 33: Werwingsmetodes

Die vraag volg op die voorafgaande om te bepaal van watter werwingsmetodes, soos uiteengesit in 5.6.1, die welsynsinstansies wat wel werwing doen, gebruik maak.



Werwingsmetodes kan insluit die media soos radio en televisie, koerant- en tydskrifberigte of advertensies, gepubliseerde artikels oor die profiel van 'n spesifieke kind waarvoor spesifieke pleegouers gesoek word, inligtingspamflette, spesiale gemeenskapsprojekte, webbladsye oor pleegsorg en die identifisering van spesifieke gesinne. Een deelnemer voeg "*groupwork sessions"* by en 'n ander stel *"kanselafkondigings"* voor.

Vanuit die resultate blyk dit dat welsynsinstansies meestal **geensins** (41%) van enige van die werwingsmetodes gebruik maak nie. Werwing word tot 'n geringe mate gedoen, wat skynbaar aan hoë werksladings, 'n gebrek aan koördinering en spesialiteitsposte toegeskryf kan word.

Figuur 34: Areapleegsorgaksie

Ten einde die situasie soos in figure 32 en 33 uiteengesit, aan te spreek, sou gesamentlike optrede deur alle welsynsinstansies betrokke by pleegsorg waar mensekrag en hulpbronne gedeel kan word, tot voordeel van 'n hele gebied wees; vandaar vraag 18 om die mening van die deelnemers te toets oor die daarstelling van 'n streekspleegsorgaksie.



Deelnemers se mening is gevra oor die daarstelling van 'n pleegouerregister met goedgekeurde pleegouers waarby kinders van alle welsynsinstansies in daardie area ingepas en geplaas kan word (37% beslis ja); 'n multidissiplinêre pleegsorgpaneel om keuring en passings te hanteer (34% neutraal en 31% beslis ja); gekoördineerde, deurlopende werwingsaksies (40% beslis ja); die lisensiëring van goedgekeurde, praktiserende pleegouers (37% beslis ja en 35% neutraal); en die beskikbaarheid van 'n terapeutiese span om in gekompliseerde gevalle te konsulteer (47% baie beslis ja en 43% beslis ja). Die staafdiagram dui daarop dat die meeste deelnemers **beslis ja** tot **baie beslis ja** en **neutraal** daarteenoor staan. Een deelnemer voeg by "*dit sal fantasies wees*" om 'n multidissiplinêre span beskikbaar te hê vir moeilike sake.

Figuur 35: Eienskappe van pleegouers

Die volgende staafdiagram handel oor eienskappe waaroor pleegouers behoort te beskik soos in 5.6.2 bespreek word.



Die volgende eienskappe van pleegouers is in die vraelys gestel en onder **baie beslis ja** met die volgende persentasies aangedui: liefde vir kinders (88%), geduld (86%), 'n nieveroordelende houding (81%), buigsaamheid (57%), sorgsaamheid (75%), sensitiwiteit vir etnies-kulturele aspekte (58%), bereidheid tot samewerking met die welsynsinstansie (81%), akkommoderend tot die biologiese ouers (57%), realistiese selfkennis (64%), bereidheid om opleiding te ondergaan (77%) en deurlopend in te skakel by groepsessies (64%), kennis oor kinderopvoeding en kinderontwikkelingstadiums sowel as die dissiplinering van kinders (64%), die hantering van uitdagende gedrag (66%), oordrag van lewensvaardighede (64%), Seksuele opvoeding (66%), stabiele gesinsverhoudings (70%), die vermoë tot emosionele verbintenisse (49%) en om die tydelikheid van pleegsorg te kan hanteer (76%). Deelnemers vul die vraag met die volgende aan:

- *"Moet oor 'n eie inkomste beskik – nie afhanklik wees van die pleegsorgtoelae nie."*
- *"Al die aspekte is egter buite die vermoë van die meeste swart pleegouers. Met hulle beperkte vermoëns sorg baie van hulle egter baie mooi vir die pleegkinders en is die kinders gelukkig."*
- *"Aanvaar dat hulle stukkende kinders ontvang en moontlik kan misluk en dat die fout nie noodwendig by hulle lê nie."*

Volgens die staafdiagram stem feitlik al die deelnemers **baie beslis en beslis** saam dat pleegouers oor hierdie eienskappe behoort te beskik. Daar behoort dus oorwegend eenstemmigheid te bestaan oor keuringskriteria en opleiding van pleegouers tussen verskillende welsynsinstansies en

maatskaplike werkers. Die feit dat deelnemers hieroor eenstemmig is, beteken egter nie dat dit moontlik is om pleegouers hiervolgens te keur nie vanweë die genoemde struikelblokke in die pleegsorgpraktyk. Dit is ook duidelik dat daar baie pleegouers is wat ten spyte van beperkte middele na die beste van hul vermoë na die kinders omsien.

9.1.4 Afdeling D: Sosiaal-strukturele faktore

Vrae in hierdie afdeling handel oor die derde vlak van die ekologiese ontledingsisteem, naamlik die eksosisteem of die sosiaal-strukturele vlak, wat fokus op die invloed van strukture en ander faktore in die samelewing op die kind se leefwêreld soos wat in hoofstuk ses van die verslag bespreek word. Dit behels onder andere die statutêre sisteme (vgl. 6.2) en ander multidissiplinêre rolspelers. (Vgl. 6.4.) Ander faktore wat ook hier 'n invloed het, is byvoorbeeld armoede en behuisingsnood (vgl. 6.5.2) asook MIV/VIGS (6.5.1). Laasgenoemde aspekte is egter grootliks ingesluit by afdeling C, aangesien dit gekombineer kon word met die vrae wat oor gesinsfunksionering handel. Weereens word die wisselwerkende effek van verskillende bydraende faktore beklemtoon, soos in hoofstuk twee uiteengesit.

Figuur 36: Kinderregte en pleegsorg

Die eerste vraag het ten doel om te bepaal of kinderregte binne die pleegsorgsisteem beskerm en toegepas kan word soos onder 6.2.3 bespreek word.



In die vraag is daar na die volgende kinderregte verwys (persentasies wat tot 'n baie groot mate op die skaal aangedui word, is tussen hakies): beskerming teen diskriminasie (33%), streef na die beste belange van die kind (41%), bevordering van die reg op oorlewing, beskerming en ontwikkeling (44%), voldoende voeding, skuiling en gesondheidsorg (53%), beskerming teen mishandeling, verwaarlosing (52%) en ongewenste arbeidspraktyke (40%), sowel as die reg op

regsverteenwoordiging (36%) wanneer nodig en deelname en respek vir die kind se mening (42% gemiddeld). Een deelnemer voeg "*voorsiening aan emosionele behoeftes"* by, en 'n ander wys daarop dat *"hulle probeer hulle bes"* – waarskynlik die maatskaplike werkers wat probeer om kinderregte onder moeilike omstandighede na te kom. Volgens die staafdiagram is deelnemers van mening dat dit moontlik is om kinderregte binne die pleegsorgsisteem tot 'n **baie groot mate, groot mate** en **gemiddelde mate** na te kom.

Figuur 37: Doelwitte van die Kinderwet

Met vraag twee word bepaal of die doelwitte van die nuwe Kinderwet, no. 38 van 2005, soos in 6.2.5 uiteengesit, in die pleegsorgpraktyk bereik kan word.



Doelwitte waarna verwys word, is die volgende: beskikbaarheid van strukture en middele vir fisiese, psigologiese, intellektuele, emosionele en maatskaplike ontwikkeling, gemeenskapstrukture vir die versorging en beskerming van sorgbehoewende kinders, beskerming teen mishandeling of verwaarlosing, provinsiale en nasionale beheermaatreëls en voorsiening van hulpbronne, internasionale beheermaatreëls en samewerkingsooreenkomste, beskikbaarheid van fondse/subsidie en menslike hulpbronne, 'n doeltreffende regstelsel soos Kinderhowe, die polisie en kinderbeskermingstrukture, gesinsgroepkonferensiefasiliteite, beskikbaarheid van gepaste forums, navorsingsgeleenthede, multiprofessionele spanne, gesinsbewaringsprogramme, bestaansbeveiliging en pleegsorgtoelae, subsidiëring van privaat welsynsdienste, duidelike pleegsorgbeleid, supervisiesisteem en personeelontwikkeling en doeltreffende dokumenteringstelsel en rekordhouding. Een deelnemer voeg by dat "*spanning onder personeel omdat subsidies onseker is"* – die afleiding word gemaak dat personeel onseker is of hulle die nodige fondse sal ontvang om dienste volgens die nuwe Kinderwet te lewer.

Die resultate dui daarop dat die bereiking van statutêre doelwitte in prioriteitsorde van oorwegend van ’n **gemiddelde mate** (30%) tot **gering** (22%) en **groot mate** (18%) wissel. Die nuwe Kinderwet word sedert 2008 geleidelik geïmplementeer en daarom het sommige deelnemers dit moeilik gevind om die vraag te beantwoord, aangesien al die afdelings nog nie in werking is nie en almal waarskynlik nog nie ondervinding in die toepassing daarvan het nie. Dit is egter ook bekend dat wetgewing en beleid uitstekend saamgestel word, maar dat daar groot tekortkominge bestaan by die uitvoering in terme van beskikbaarheid van mensekrag, infrastruktuur, finansies en ander hulpbronne.

Figuur 38: Geslaagdheid van multidissiplinêre werkswyse in die pleegsorgpraktyk
Deur dié vraag word bepaal tot watter mate multidissiplinêre spanwerk soos onder 6.4 bespreek word, in die pleegsorgpraktyk geslaagd is.



Die resultate dui op wisselende respons van **soms** (35%) tot **gewoonlik** (32%), maar ook **selde** (24%) of **altyd** (9%). Dit sluit waarskynlik by die voorafgaande vraag aan waar daar ook net tot ’n **gemiddelde mate** daarin geslaag word om die doelwitte van statutêre dienste na te kom, waarvan spanwerk een is. Die resultate hou ook verband met die volgende vraag, wat handel oor die verskillende rolspelers wat nodig is om dienste te laat realiseer.

Figuur 39: Rolspelers in die pleegsorgsisteem



Rolspelers wat as **baie belangrik** op die verskillende staafdiagramme aangedui word, is soos volg in prioriteitsorde:

Maatskaplike werker (92%)
Onderwyser (71%)
Familie of ander betekenisvolle persone (69%)
Sielkundige (43%)
Polisie (40%)
Geneesheer en hulpwerker (38%)
Kinder- en jeugsorgwerker (37%)
Geestelike/pastorale leier (32%)
Vrywilliger (32%)
Verpleegkundige (28%)
Regsverteenwoordiger (24%)
Arbeidsterapeut (23%)
Psigiater (22%)

Rolspelers wat laer as 35% op die **baie belangrike** skaal aangedui word, kan nie noodwendig as onbelangrik beskou word nie, aangesien hulle ook van **belangrik** tot **gemiddeld** geëvalueer word. Al die spanlede kan ook nie by elke geval figureer nie en ander spesialiteitsdienste soos arbeidsterapie en psigiatrie word slegs betrek na gelang van die kind se behoeftes. Die kern is egter dat hierdie rolspelers beskikbaar behoort te wees indien die dienste benodig word, wat waarskynlik nie altyd die geval is nie, soos die resultate in figuur 38 aandui.

9.1.5 Afdeling E: Sosiokulturele faktore

Hierdie afdeling van die vraelys handel oor die vierde en makrosisteem van die ekologiese ontledingkonteks en streef daarna om vas te stel hoedat waardes, houdings, kulturele en godsdienstige aspekte die pleegsorgsituasie kan beïnvloed. Daar word eerstens begin met waardes, houdings of beginsels fundamenteel tot maatskaplike dienslewering.

Tabel 28: Maatskaplikewerkbeginsels

E1: Waardes/beginsels/houdings in Maatskaplike werk	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Waardigheid, integriteit en respek vir kinders	**75**	22	3	-	-
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende ras/etnisiteit	**65**	27	9	-	-
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende seksuele oriëntasie	**45**	33	19	2	2
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende vermoëns	**50**	37	10	3	-
Erkenning van vermoë om te groei en positief te verander	**63**	29	7	-	-
Behoefte om te behoort en waardevol te wees	**68**	25	6	2	-
Verantwoordbare selfbeslissingsreg	**60**	22	18	-	-
Egtheid, empatie, begrip en warmte	**70**	21	8	2	-
Individualisering	**69**	15	16	-	-
Billikheid en regverdigheid	**66**	24	10	-	-
Gelykheid en geregtigheid	**66**	22	12	-	-
Aanvaarding	**77**	18	6	-	-
Gekontroleerde emosionele betrokkenheid	**50**	35	15	-	-
Nie-veroordelende aanvaarding	**63**	27	10	-	-
Toerekeningsvatbaar deur professionele en eties-aanvaarbare gedrag	**63**	22	13	2	-

Beginsels wat 70% en hoër tot ’n **baie groot mate** toegepas word, is aanvaarding, waardigheid, integriteit en respek, sowel as egtheid, empatie, begrip en warmte vir kinders. Daarnaas volg

beginsels wat 60% en hoër tot ’n baie groot mate geëvalueer word, naamlik individualisering, ’n behoefte om waardevol te wees, billikheid en regverdigheid, gelykheid en geregtigheid, erkenning van diversiteit, nie-veroordeling, etiese toerekeningsvatbaarheid, erkenning van die vermoë om te verander en selfbeslissingsreg. Gekontroleerde emosionele betrokkenheid en erkenning van diversiteit in seksuele oriëntasie word tussen 40–50% tot ’n **baie groot mate** geëvalueer. Volgens die resultate is maatskaplike werkers baie bewus van die beginsels wat in die professie geld en word dit grootliks in die pleegsorgpraktyk toegepas.

Waardegeörienteerde faktore wat in die samelewing voorkom en ’n beskermings- of risikofaktor vir die welstand van kinders kan wees, word onder 7.1.2 en 7.1.3 bespreek.

Tabel 29: Waardegeörienteerde samelewingsfaktore

E2: Samelewingsfaktore wat pleegsorgplasings kan beïnvloed	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Historiese apartheidsbeleid en ongelykhede in dienslewering	7	13	24	**25**	31
Postapartheidsera gekenmerk deur politieke magstryd en wedywering	8	12	14	29	**38**
Krisis oor manlikheid en verpolitisering van seksualiteit, wat verband hou met seksuele geweld	8	13	**27**	24	28
Magsmisbruik van mans teenoor vrouens en kinders in die vorm van geweldsmisdaad	12	22	**27**	**27**	13
Gebrek aan openbare afkeer aan seksuele of ander geweldsmisdaad	8	14	**39**	21	18
Ontoereikende wetstoepassing of onvanpaste strawwe vir seksuele- en geweldsoortredings	15	27	**36**	15	8
Mites soos dat seks met kinders/maagde MIV/VIGS genees	17	15	21	**26**	21
Die mite dat verkragting slegs ’n fisiese daad is sonder emosionele impak/trauma	13	15	21	**25**	**25**
Geweld in skole/bullebakkery	15	21	25	**28**	10
Ander (spesifiseer)	50	17	-	-	33

Vanuit die resultate blyk dit dat deelnemers van mening is dat die genoemde faktore nie ’n **baie groot** of **groot** invloed het op die welstand van kinders nie, aangesien die persentasies wissel van 7–27% (uitgesonderd **ander**). Onder **gemiddelde** en **geringe mate** kom die hoogste persentasies voor by gebrek aan openbare afkeur van seksuele of ander geweldsmisdaad (39% en 21%). Daarnaas volg ontoereikende wetstoepassing of onvanpaste strawwe vir seksuele en geweldsoortredings (35% en 15%). Die invloed van geweld en bullebakkery in skole word 20% en

hoër van **groot tot gering** geëvalueer, terwyl geweldsmisdaad van mans teenoor vroue en kinders (27% **gemiddelde** en **geringe mate**) en mites oor verkragting (21–26% **gemiddeld** en **gering**) geëvalueer word. Een deelnemer beweer dit "*word baie weggesteek in swart gemeenskap*". Die afleiding word gemaak dat dit veral te make het met gewelddadige optrede of magsmisbruik teenoor kwesbare groepe en mites wat byvoorbeeld oor VIGS bestaan. 'n Ander deelnemer voeg by: *"industrialisation and urbanisation where men immigrated to cities for work and never accepted responsibility for their children."* Hierdie opmerking sluit aan by vorige verwysings na onopspoorbare vaders en onverantwoordelike ouerskap met spesifieke verwysing na verstedeliking en industrialisasie waar vaders in die stede gaan werk en hul gesinne in landelike gebiede agterlaat sonder om reëlings vir hul versoring te tref.

Volgens die resultate speel samelewingsfaktore 'n gemiddelde tot geringe mate en selfs geensins 'n rol in die pleegsorgpraktyk nie. Aangesien hierdie elemente meer abstrak is, kan dit wees dat dit nie altyd waargeneem of ingesluit word by die pleegsorgondersoek nie. Die vermoede bestaan dat daar primêr op die kind (mikrosisteem), die gesin (mesosisteem) en die onmiddellike omgewing (eksosisteem) tydens die assessering en plasing gefokus word en dat die sistemiese invloed van die makrosisteem onderskat of selfs verwaarloos word. Dit is ook moeilik vir maatskaplike werkers om hierdie aspekte te identifiseer omdat dit deur die gesin of individu weggesteek word uit vrees dat hulle deur die gemeenskap geëtiketteer sal word.

Tabel 30: Spirituele aspekte verreken tydens pleegsorgplasings

Vraag drie handel oor die mate waartoe spirituele aspekte soos onder 7.3 bespreek, tydens die pleegsorgplasing verreken behoort te word.

E3: Spirituele aspekte	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**
Oorweging van godsdienstige oriëntasie as plasingskriteria	22	18	**40**	18	3
Spiritualiteit word as 'n persoonlike sterkte beskou	28	**34**	27	12	-
Inskakeling by godsdienstige aktiwiteite vorm deel van die pleegsorgplan	28	31	**32**	7	2
Fasiliteer die rol van spiritualiteit in die hantering van pyn, bekommernis en hoop	25	28	**32**	13	2
Die rol van spiritualiteit in die vorming van 'n gesonde waardestelsel word benut	31	**36**	25	8	-
Geleentheid vir die opbou van 'n persoonlike verhouding met 'n Opperwese word geskep	27	**35**	24	12	2

Vanuit die resultate kom dit voor dat die rol van spiritualiteit in die vorming van 'n gesonde waardestelsel van 'n **groot** (36%) tot **baie groot mate** (36%) benut moet word. Ander spirituele aspekte met 'n redelike voorkeur behels dat spiritualiteit as 'n persoonlike sterkte beskou moet word, dat kinders die geleentheid moet kry om 'n persoonlike verhouding met 'n Opperwese te bou, en dat spiritualiteit benut moet word in die hantering van pyn en bekommernis en hoop daardeur geskep kan word. Die oorweging van godsdienstige oriëntasie as plasingskriterium word die hoogste onder 'n **gemiddelde mate** (40%) aangedui, wat kommerwekkend is, aangesien wetgewing voorskryf dat dit altyd 'n oorweging moet wees by die plasing van kinders in pleegsorg, soos ook in figuur 41 aangedui word. Die situasie kan waarskynlik teruggevoer word na die gebrek aan plasingsmoontlikhede en dat dit verantwoord kan word dat die beveiliging van kinders swaarder weeg as ooreenstemmende geloofsoortuigings.

Die volgende vrae is slegs deur deelnemers beantwoord wat by multikulturele plasings betrokke is.

Figuur 40: Betrokkenheid by multikulturele pleegsorgplasings



Slegs 37% van die deelnemers is betrokke by multikulturele plasings.

Figuur 41: Aspekte wat verreken word by multikulturele plasings

Deelnemers moes aandui tot watter mate aspekte soos bespreek onder 7.2.4 by multi-kulturele plasings vereken behoort te word.



Die volgende aspekte is by die vraag ingesluit: geleentheid vir die pleegkind om sy eie kultuur te leer ken en te behou, hantering van verlies aan eie kultuur, deurlopende herkomsinterpretasie, die invloed van die pleeghuis se kultuur en gewoontes op die pleegkind in terme van kultuurver-menging en -integrasie en ook omgekeerd die invloed van die pleegkind se kultuur op die pleeggesin, hantering van rassistiese situasies en die maatskaplike werker se kulturele bevoegdheid. Volgens die resultate wil dit voorkom asof hierdie aspekte van 'n **gemiddelde tot groot mate** by die plasing verreken word. Die Children's Amendment Act (2007:74) bepaal in artikel 184 dat pleegkinders sover moontlik binne kulturele verband geplaas moet word en indien dit nie toegepas kan word nie, moet redes daarvoor aangevoer word. In sodanige gevalle behoort die kind geleentheid te kry om gereeld met sy kultuur, ras, taal en godsdiens van herkoms in aanraking te kom.

Figuur 42: Die voorkoms van multikulturele pleegsorgplasings

Na aanleiding van die literatuurstudie in 7.2.4 wat aandui dat swart kinders die meeste by multikulturele plasings betrokke is, word deur die vraag bepaal hoedanig plasings oor rasgrense heen geskied.



Volgens die reslutate is 87% deelnemers van mening dat dit meestal **geensins** gebeur dat wit kinders by swart ouers geplaas word nie, terwyl 42% en 33% deelnemers onderskeidelik meen dat swart kinders vanaf 'n **geringe** tot **gemiddelde** mate by wit pleegouers geplaas word. Ter interpretasie van die eerste staafdiagram, moet in ag geneem word dat die swart bevolking die grootste groep in die land is en dat die vraag nie noodwendig beantwoord is op grond van velkleur (swart of wit) nie, maar ook op grond van etniese groep, veral as die opmerkings van deelnemers in ag geneem word.

- *" 'n Kleurlingkind is by wit pleegouers geplaas."*
- *"Kleurlinge? – ook verskillende swart etniese groepe soos Xhosa, Zoeloe, Sotho, ens."* – die deelnemer vra dus of pleegsorg by verskillende etniese groepe ook as multi-kultureel bestempel moet word.
- *"Huiswerker se kind in pleegsorg geneem."* – In so 'n geval sal die moeder waarskynlik steeds baie betrokke by die kind wees.
- *"Sotho-kinders se moontlikhede tot hulpbronne is baie min, veral die fisies gestremde en verstandelik gestremde kind"* – die afleiding op laasgenoemde opmerking word gemaak dat die kinders moeilik plaasbaar onder hul eie rassegroep is vanweë spesiale behoeftes en beperkte hulpbronne.

Figuur 43: Motiewe vir multikulturele pleegsorgplasings

Die motiewe vir multikulturele plasings word verder deur die vraag ondersoek.



Volgens die figuur blyk dit dat 'n liefde vir kinders (54% baie groot mate) die belangrikste motief is om 'n kind van 'n ander ras/etniese groep in pleegsorg te neem. Daarna volg die behoefte om vir mekaar te sorg (29% groot mate). Dit blyk nie dat meer negatiewe motiewe soos 'n jammerte vir kinders, of 'n maklike weg vir enkellopende, kinderlose, of homoseksuele pare om kinders te bekom is nie, of bloot om politieke regstellings van ongeregtighede van die verlede te maak, 'n betekenisvolle rol speel nie. Alle pleegouers se motief tot enige pleegsorgplasing behoort in elke geval deeglik ondersoek te word, afgesien van die kind se voorkoms of herkoms, of dit familie is en die kind alreeds daar woon, en of dit meer 'n formele reëling buite familieverband is.

Een deelnemer maak die volgende opmerking: "*Ek is bekommerd oor die plasing – geen langtermynnavorsing is nog gedoen (volgens my kennis) om vas te stel hoe die kinders dit oor 10 tot 20 jaar gaan ervaar nie.*"

Algemene kommentaar of aanbevelings aan die einde van die vraelys

Enkele deelnemers het met die volgende kommentaar of aanbevelings afgesluit:

- *"Aard van maatskaplike probleme en gebrek aan bronne – maak pleegsorg- alternatiewe nie altyd die beste nie. Wat beskikbaar is, moet benut word."*

- *"Maatskaplike werkers is in die posisie dat hulle die beste moet benut wat beskikbaar is."*
- *"Foster care is creating high case loads for social workers. Social workers do not get time to do what they are trained for."*
- *"Train more auxilliary workers to do foster-care placements."*
- *"Social workers get paid too little."*
- *"Ek sou die vraelys makliker kon beantwoord as daar onderskei is tussen weeskinders se plasings wat onvermydelik is en plasings waar die welsynsorganisasie ingegryp het vanweë verwaarlosing of mishandeling."*
- *"Pleegsorgkeurings en pleegsorgdienste kan nie effektief gedoen word nie as gevolg van 'n tekort aan maatskaplike werkers en hoë gevalleladings."*
- *"Pleegsorgtoesigdienste word nie na die beste van die betrokke werkers se vermoëns gelewer nie, maar volgens beskikbare tyd en mensekrag. Sou daar meer hulp in die veld wees (hulpwerkers en beter salarisse om maatskaplike werkers te behou), sal minder plasings misluk en kinders daardeur verder getraumatiseer word. Pleegsorg en -ouers is werklik waardevol."*
- *Mag die werk tot positiewe verbetering van omstandighede vir almal lei – nog 'n deelnemer hoop dat die navorsing iets gaan teruggee vir die tyd spandeer aan die vraelys"*

Die oorheersende tema vanuit bogenoemde aanvullings is dat maatskaplike werkers gefrustreerd is met die hoë pleegsorgladings, en dat hulle vasgevang is in materiële nood en versorgingstake en nie by professionele maatskaplike dienslewering uitkom nie. Die opleiding van meer hulpwerkers kan die las verlig betreffende die monitering van minder gekompliseerde pleegsorgplasings. Verder bestaan die mening dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen professionele pleegsorgplasings en die versorging van weeskinders, aangesien laasgenoemde grootliks in die pleegsorgstelsel opgeneem word sonder dat ander redes as materiële nood vir sorgbehoewendbevinding bestaan. Dit is 'n ernstige, ongewenste praktyk om kinders om oorwegend materiële redes in die statutêre sisteem op te neem.

9.1.6 Samevatting oor die kwantitatiewe empiriese ondersoek

Die vraelys (vgl. Bylae B), is in vyf afdelings verdeel. Afdeling A handel oor sosio-demografiese inligting en Afdelings B tot E is volgens die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem ingedeel, wat as teoretiese fundering vir die studie dien. Die figure en tabelle en die interpretasies daarvan is volgens hierdie Afdelings van A tot E gedoen.

Die resultate van Afdeling A gee ’n aanduiding van die profiel van die maatskaplike werkers wat as deelnemers in die ondersoek gedien het, sowel as die werkgewer en gebied waar die dienste gelewer word. Hiervolgens is maatskaplike werkers betrokke by pleegsorgdienste oor ’n wye spektrum van ouderdom, werkservaring en opleiding by die steekproef ingesluit. Die deelnemers was egter oorwegend wit en vroulik, hoewel enige maatskaplike werker werksaam by die genoemde vier welsynsinstansies en by pleegsorgdienste betrokke die vraelys kon invul. Die meeste van die inligting handel oor pleegsorg in die Vrystaat by nieregeringsorganisasies, aangesien die ander provinsies nie so sterk deelgeneem het nie.

Afdeling B handel oor pleegsorg as alternatiewe sorg vir sorgbehoewende kinders. Daarvolgens is bevind dat daar grootliks eenstemmigheid bestaan oor hoe pleegsorg gedefinieer kan word en wat dit behels. Betreffende variasies waarin pleegsorg voorkom, blyk dit dat die meeste plasings oor die lang termyn binne familieverband geskied. Die minderheid is korttermynplasings by voorafgoedgekeurde pleegouers wat nie aan die kind verwant is nie. Dit wil ook voorkom asof daar nog nie veel gebruik gemaak word van groepspleegsorgskemas nie. Verder blyk dit asof daar eenstemmigheid bestaan oor dienste wat voor, tydens en na die plasing aan die pleegkind, pleegouers en biologiese ouers gelewer moet word. Dit is duidelik dat voorkeur gegee word aan pleegsorg vir jonger kinders met afwesige of onbetrokke ouers, terwyl kinders met uitdagende gedrag en spesiale behoeftes ook in pleegsorg geplaas word, maar tot ’n geringe mate. Deelnemers is dit eens dat die pleegsorgpraktyk met groot uitdagings soos oorlading, gebrek aan mensekrag en hulpbronne te make het. Die stelsel word ook aangewend vir armoedeverligting en dienste is grootliks probleemgeoriënteerd en nie oplossings-/sterkte- of ontwikkelingsgerig nie. Ten spyte van hierdie uitdagings bied familieplasings steeds aan die kind ’n geleentheid om binne gesins- en gemeenskapsverband op te groei.

Data in Afdeling C handel oor individuele en gesinsfaktore, wat ’n rol by pleegsorgplasings speel. Maatskaplike werkers word gekonfronteer met hoë gevalleladings, wat dit moeilik maak om intervensieprogramme van gehalte te lewer. Kinders van alle ontwikkelingsfases word in pleegsorgladings aangetref, hoewel in die ondersoek die meeste in die voorskoolse fase verkeer. Dit is egter noodsaaklik dat maatskaplike werkers bekend is met die behoeftes van pleegkinders in al die verskillende ontwikkelingstadiums.

Pleegkinders word ook grootliks by grootouers of ander familie en enkelouergesinne geplaas wat self in armoede betreffende behuising, werkposisie en inkomste verkeer. Die afleiding word gemaak dat die pleegouertoelae deur die hele gesin geabsorbeer word en nie soseer op die behoeftes van die pleegkind afgestem is nie, wat laasgenoemde van gehalte versorging en opvoeding kan ontneem. Verder blyk dit dat daar nie tydens dienslewering by voorkoming en vroeë

intervensie uitgekom word nie, maar dat statutêrevlakdienste meestal as reaktiewe optrede deur ŉ pleegsorgplasing gelewer word. Gesinsherenigingsdienste word wel aan ŉ klein persentasie biologiese ouers gelewer, maar terugplasings vind uiters selde plaas. Die meeste biologiese ouers is óf oorlede óf onopspoorbaar en die kinders bly tot volwassenheid of skoolverlating in pleegsorg. Dit blyk dat pleegtoesigdienste of monitering van die plasing op ŉ gereelde basis plaasvind en dat daar nie met ernstige emosionele, fisiese of gedragsprobleme by die pleegkinders gehandel word nie. Wanneer die hulpverleningsmetodes hiermee vergelyk word, blyk dit dat daar nie veel van intervensie sprake is nie en dat dienslewering vermoedelik gerig is op die nakoming van statutêre en administratiewe prosedures deur gebruikmaking van die gevallewerkmetode.

Hoewel daar ŉ tekort aan pleegouers bestaan, word die behoeftes van die kind steeds voorop gestel wanneer die beskikbaarheid van ŉ pleeggesin oorweeg word. Die tekort aan pleegouers kan nie sonder deurlopende werwingsprogramme, keuring en die opleiding van pleegouers aangespreek word nie. Deelnemers is ten gunste daarvan dat werwingsaksies en pleegsorg meer gekoördineerd in spesifieke geografiese gebiede hanteer behoort te word waar mensekrag en hulpbronne gesamentlik aangewend kan word. Die motiewe van pleegouers behoort in elke geval deeglik ondersoek te word om te verseker dat dit oor die beste belang van die kind gaan en nie oor bysake soos ŉ pleegsorgtoelae nie.

Afdeling D handel oor sosiaal-strukturele faktore waarin deelnemers aandui dat kinderregte en die doelwitte van die Kinderwet binne die pleegsorgsituasie wel nagekom kan word. Betreffende ŉ multidissiplinêre werkswyse word saamgestem met die noodsaak daarvan, hoewel dit nie altyd realiseer nie.

In Afdeling E word aandag geskenk aan die meer abstrakte elemente wat soms ŉ indirekte invloed op pleegsorg uitoefen en waarskynlik onderskat word, soos houdings en waardes in die samelewing teenoor kwesbare groepe soos kinders, magsmisbruik, misdaad en geweld en die impak van siekte en emosionele trauma. Dit blyk egter dat maatskaplikewerkbeginsels en spirituele aspekte grootliks in die pleegsorgpraktyk gerespekteer word. Van die deelnemers is ongeveer net ŉ derde by multikulturele plasings betrokke. Dit is meestal swart kinders wat by wit of gesinne van ander etniese groepe geplaas word en die vernaamste motiewe daarvoor blyk te wees liefde vir kinders en om vir mekaar te sorg. Die kulturele sensitiwiteit en herkomsinterpretasie aan die kind word van ŉ gemiddelde tot groot mate in sodanige plasings nagekom.

Vanuit bogenoemde resultate van die kwantitatiewe opname word die volgende tendense vir verdere verkenning deur die kwalitatiewe ondersoek uitgesonder:

- Pleegsorgplasings vind baie meer binne familieverwantskap as by nie-familielede plaas, terwyl pleegsorgskemas 'n derde moontlikheid is wat ingevolge nuwe kinderwetgewing daargestel is, maar wat nog in die beginstadium van ontwikkeling is. Pleegsorgplasings word volgens 'n proses gedoen. Die toepassing van die pleegsorgproses verskil ten opsigte van die drie moontlikhede en daar sal veral aanpassings gemaak moet word in die lig van nuwe kinderwetgewing wat ook die moontlikheid toelaat dat pleegtoesigdienste nie noodwendig tweejaarliks hersien moet word nie, veral in die geval van langtermynfamilie-plasings.

- Pleegtoesigdienste of monitering verg baie aandag van maatskaplike dienste en ander maniere van toesigdienste sal ontwikkel moet word, waar onderskei word tussen blote roetinemonitering in die geval van ongekompliseerde langtermynplasings en waar intensiewe intervensie met die oog op rehabilitasie en terugplasing nodig is, veral in die lig van die tekort aan maatskaplike werkers en onhanteerbare hoë gevalleladings.

- Daar bestaan 'n groot tekort aan pleegouers en daarom behoort die werwing, keuring en opleiding van pleegouers meer georganiseerde en gespesialiseerde aandag te ontvang om in hierdie behoefte te kan voorsien.

- Dit blyk dat die pleegsorgstelsel vir armoedeverligting aangewend word, deurdat familie wat verlate en weeskinders versorg, verkies om die kinders wettig in pleegsorg te neem en nie net aansoek te doen vir 'n kindertoelae nie. Sodanige kinders verkeer in materiële nood en is nie noodwendig aan ander sorgbehoewende omstandighede soos mishandeling blootgestel nie. Die kindertoelae is egter ongeveer 'n derde van die bedrag van die pleegsorgtoelae en word tans slegs tot die ouderdom van 15 jaar toegeken. Daar moet dus indringend ondersoek ingestel word na ander meer volhoubare armoedeverligting vir kinders buite die statutêre sisteem.

Vervolgens word oorgegaan na die kwalitatiewe deel van die empiriese ondersoek waar hierdie tendense verder verken is. Die data is met behulp van fokusgroepbesprekings versamel.

9.2 ANALISE VAN DATA-INSAMELING VIR DIE KWALITATIEWE OPNAME

Die kwalitatiewe opname deur middel van fokusgroepbesprekings is as deel van 'n seminaar oor pleegsorg in samewerking met die spesialiteitsorganisasie Child Welfare Bloemfontein Child Line Free State uitgevoer. Die seminaar het op 23 en 24 Oktober 2008 plaasgevind. (Sien volledige besonderhede oor die program en registrasiebesonderhede in Bylae C.) Temas vir die

fokusgroepe (vgl. 9.1.6) is in oorleg met die seminaarkomitee geformuleer, aangesien dit noodsaaklik is dat die hooftemas moet aansluit by die huidige knelpunte en leerbehoeftes van die praktyk ten einde geïnteresseerdheid en deelname in die besprekings te verkry. Die nuwe Kinderwet word geleidelik geïmplementeer en die seminaarkomitee het bevestig dat daar onsekerheid oor die praktiese uitvoering van al die bepalings oor pleegsorg bestaan, veral betreffende groepspleegsorgskemas. Verdere aspekte is die oorlading van die pleegsorgpraktyk, deels as gevolg van die feit dat dit gebruik word vir armoedeverligting en die gebrek aan pleegouers sowel as die gebrek aan kwaliteit dienslewering betreffende die werwing, keuring en opleiding van pleegsorgouers en die assessering, intervensie en monitering van die plasing.

Die **doel van die seminaar is dus tweeledig**, naamlik om in die **opleidingsbehoeftes** van die praktyk te voorsien en terselfdertyd deelnemers te werf vir die fokusgroepbesprekings en sodoende die waarde van die **navorsing** te verhoog deurdat dit op werklike praktykbehoeftes gebaseer is. Twee hoofonderwerpe is vanuit die tendense geformuleer, naamlik: *Foster care in the Children's Amendment Act no. 41 of 2007;* en *Foster care and poverty alleviation*. Kundiges op die gebied van die twee onderwerpe is as hoofsprekers vir die tweedag seminaar gereël. Eersgenoemde onderwerp is hanteer deur me. Helena Jackson, Assistent- direkteur, Apostolic Faith Mission, UMEPI (programme to improve the quality of life for children); en laasgenoemde is deur Sanja Bornman van ACESS (Alliance for children's entitlement to social security) gehanteer. (Vgl. Bylae C.) Die seminaar en fokusgroepe het in Engels plaasgevind om deelname vir alle moontlike belangstellendes te verseker.

Die seminaar is deur die navorser self geopen om die navorsing in perspektief te stel en aan deelnemers enkele terugvoer te gee oor tendense wat sover vanuit die kwantitatiewe ondersoek na vore gekom het. Die hoofdoel van die seminaar is duidelik gestel, naamlik om in opleidingsbehoeftes te voorsien en dat van die uitdagings wat in fokusgroepe ondersoek is, by die navorsing ingesluit word. In tabel 31 word 'n uiteensetting gegee van die fokusgroeponderwerpe vir die seminaar met 'n aanduiding van die wat wel by die navorsing ingesluit is of slegs vir opleidingsdoeleindes gebruik is. Die meeste deelnemers was afkomstig uit die Vrystaat, met enkeles van die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal vir wie dit geografies binne bereik was.

Tabel 31: Fokusgroeponderwerpe en aantal deelnemers

Onderwerp	**Aantal deelnemers**
Eerste dag	
Pleegsorg by familielede	16
Pleegsorg by nie-familielede	11
Groepspleegsorgskemas	20
	Totaal: 47
Tweede dag	
Pleegsorgtoelae versus kindersorgtoelae	8
Pre-statutêre maatskaplikewerkdienste aan weeskinders en grootouer- en kinderhoofhuishoudings (nie ingesluit by navorsingsverslag nie slegs vir opleidings-doeleindes)	*11*
Kriteria vir pleegsorg in die beste belange van die kind (nie ingesluit by navorsingsverslag nie slegs vir opleidingsdoeleindes)	*17*
Monitering van pleegsorgplasings.	11
Totaal	**Totaal: 47**

Soos reeds gemotiveer (vgl. 8.4.2), is nie al die fokusgroepbesprekings in die navorsingsverslag opgeneem nie, juis vanweë die rede dat dit ook ’n opleidingsdoelwit het wat breër as die navorsing strek, die kwalitatiewe deel nie so ’n groot komponent van die studie uitmaak nie, en die kwantitatiewe deel alreeds baie lank is. Die fokusgroepbesprekings van dag een word al drie opgeneem omdat dieselfde pleegsorgproses met klemverskille in die verskillende opsies gevolg word en die gehalte van pleegtoesigdienste deel uitmaak van die kernvrae wat in die studie aangespreek word. Die bespreking oor monitering van dag twee word gekombineer met die eerste dag se fokusgroepresultate, aangesien dit ’n belangrike deel van die proses van al drie soorte pleegsorgplasings vorm, soos in tabel 32 uiteengesit word. Betreffende dag twee word slegs die fokusgroep oor die pleegsorgtoelae versus die kindersorgtoelae vir navorsingsdoeleindes gebruik omdat dit oor ’n belangrike tendens wat in die navorsing na vore gekom het, handel, naamlik pleegsorg en armoedeverligting.

Daar is in samewerking met fasiliteerders en assistente aan elke groep ’n skootrekenaar voorsien waarop rekord gehou is oor besprekingsvrae, gevolgtrekkings en aanbevelings. Die fasiliteerder en assistent het formele terugvoer aan die groot groep gelewer, sodat al die seminaargangers in die voordeel van die gekonsentreerde inligting kon deel. Hierdie finale terugvoer word dan ook gebruik as data vir die kwalitatiewe opname soos vervolgens uiteengesit word.

9.2.1 Fokusgroepbesprekings oor pleegsorg by nie-familie, familie of in groepskemas

Die eerste spreker oor die implementering van die bepalings van die nuwe Kinderwet, het hoofsaaklik op groepspleegsorgskemas (*cluster foster care schemes)* gefokus met verwysings na en vergelykings met pleegsorg in gesinsverband. Groepspleegsorg is 'n nuwe pleegsorgopsie en die aanbieder is direk betrokke by 'n skema wat as loodsprojek gebruik word (Jackson AFM:UMEPHI). Direk na die aanbieding is oorgegaan tot die fokusgroepbesprekings oor die uitvoering van die drie soorte pleegsorg waarvoor voorsiening gemaak word in die Children's Amendment Act (2007: artikel 180).

Rigtinggewende vrae is aan die fasiliteerders voorsien om onderskeidelik in die groepe te bespreek, naamlik pleegsorg deur nie-familielede, familielede en groepspleegsorgskemas. Monitering van pleegsorgplasings is in 'n afsonderlike groep bespreek, maar is by die tabel ingewerk, aangesien dit deel van die proses van pleegtoesigdienste vorm. Die volgende rigtinggewende vrae is gestel:

- Hoe kan die verskillende soorte pleegsorg gedefinieer word en wat is die doel daarvan? (Vgl. 3.3, 3.4 en tabel 17 en 32.)
- Hoe kan pleegouers vir die verskillende soorte pleegsorg gewerf word? (Vgl. 5.6.1, tabel 32 en figuur 33.) (Verbale en nieverbale metodes, gesinsgroepkonferensie.)
- Watter aspekte is belangrik by die keuring van pleegouers vir die verskillende soorte opsies? (Vgl. 5.6.2, tabel 32 en figuur 35.) (Pleegouerkeuringspaneel, opleiding, sertifikaat, pleegouerregister, areakeuringspaneel en lisensiëring.)
- Wat is belangrik by die plasing en passing van die pleegkind by die pleeggesin? (Vgl. 3.8, figure 19, 20, 21, 35 en 41 en tabelle 23, 32.) (Assessering, binding, ouderdomsverskille, uitdagende gedrag, kultuur, ras, geloof, soort gesin, ouerskapsvermoëns en voorbereiding van die partye.)
- Watter dienslewering is nodig/monitering? (Vgl. 4.5, 5.6.4, figure 26, 31, 38 en 39 en tabelle 27 en 32.) (Pleegsorgplan, individuele ontwikkelingsplan vir die kind, vorderingsverslae, statutêre verslae, individuele terapie, gesinsterapie, spelterapie, groepwerk, gemeenskapswerk, multidissiplinêre benadering en rolspelers.)

Die uitkomste van die besprekings word vergelykenderwys in die onderstaande tabel weergegee.

Tabel 32: Die pleegsorgproses in die konteks van nie-familie-, familie- en groepspleegsorg

Nie-familieplasing	Familieplasing	Groepskemas
Definiëring en doel Substituutsorg vir kinders wat nie deur hul biologiese ouers versorg kan word nie en wat nie genoegsame familiebande vir pleegsorg het nie. Kan kort- of langtermyn wees. Kinders met emosioneel of fisiese uitdagings kan by pleegouers wat spesiaal opgelei is geplaas word. In die Kinderwet word nie tussen nie-familie- en familieplasings onderskei nie; daar word slegs na pleegsorg verwys wat albei soorte kan insluit.	**Definiëring en doel** Substituutsorg by 'n familielid van die kind soos die grootmoeder, tannie of oom met die doel om die kind binne familie- en gemeenskapskonteks te versorg en te beskerm. Die familie word deur die toekenning van 'n toelaag bemagtig om die kind op 'n meer permanente basis te versorg en familieverhoudings word behou.	**Definiëring en doel** Plasing van kinders met dieselfde nood in twee of meer nabygeleë huise in dieselfde gemeenskap. Groepskemas behoort aan 'n ankergroep soos 'n kerk wat verantwoordelikheid neem vir die bestuur, monitering en ondersteuning van die projek. Die groepspleeghuis behoort nie aan die pleegouer nie maar die pleegouers kan gratis saam met die pleegkinders daar woon. Groepskemas maak daarvoor voorsiening dat gesinslede bymekaar kan bly. Dis gerig op kinders met spesiale behoeftes en die kwesbaarstes soos weeskinders en MIV positiewe kinders. Groepskemas bied aan kinders geleentheid om in 'n normale omgewing te woon in plaas van inrigtingsorg. Groepskemas bied aan gemeenskappe/kerke/groepe die geleentheid om by die nood van kinders betrokke te raak. Groepskemas word spesifiek in die Kinderwet genoem.
Werwing van pleegouers • Werwing behoort 'n spesialiseringspos te wees omdat dit 'n spesialiteitsveld is en bemarking gedoen moet word. • Werwing behoort per gebied en in samewerking met ander relevante instansies in die omgewing georganiseer te word. • Bou 'n pleegouerbank op waaruit pleegouers gekies kan word tydens 'n passingsprosedure wat die beste in 'n spesifieke pleegkind se behoeftes sal kan voorsien.	**Werwing van pleegouers** • Die meeste familielede nader self die welsynsinstansie om 'n spesifieke kind te neem; daarom is normale werwing nie van toepassing nie. • Gewoonlik ontwikkel plasing na die dood van die ouers en die familie besluit by wie die kind moet woon. Maatskaplike werker stem nie altyd saam met die familie se keuse nie. • 'n Gesinsgroepkonferensie kan gebruik word om familielede te begelei om 'n geskikte persoon aan te wys, veral wanneer daar onderhandel moet word vir die beste belang van die kind.	**Werwing van pleegouers** • Dis 'n gemeenskapsgebaseerde program. • Werwing vorm deel van die oprigtingsproses van so 'n skema. • Werf pleegouers deur inligtingsdae en bewusmakingsveldtogte in gemeenskappe te hou oor sodanige skema en die oprigting daarvan. • Adverteer vakatures in die pleegsorgskema. • Bevorder netwerkprosesse in die gemeenskap. Gemeenskap moet verantwoordelikheid vir sy kinders aanvaar.

• Skep 'n webtuiste op die internet waar inligting aan die algemene publiek gegee kan word oor wat pleegsorg behels en die groot nood aan pleegouers bekend gestel kan word. Dit kan ook aan pleegouers 'n beter status gee. • Volg 'n multimediabenadering om pleegsorg bekend te stel – televisie, radio, koerante, tydskrifte. • Rig 'n versoek aan die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dat 'n pleegsorg-bewusmakingsweek geskep word. • Skep en onderhou 'n pleegsorg ondersteuningsgroep. • Plaas advertensies vir kinders met spesifieke behoeftes – gee 'n profiel van die kind met die versoek dat geskikte persone kan aansoek doen om as pleegouers gekeur te word. • Ontwikkel 'n sisteem vir versorging van die versorgers om deurlopende ondersteuning aan pleegsouers te bied en sodoende mislukte plasings te voorkom. • Vertel suksesverhale tydens bemarking. • Gee aandag aan en verhoog die status van pleegouers – hulle moet as vennote in die behandeling van die pleegkind beskou word.	• Betrek alle betekenisvolle familielede van paterne en materne kant.	• 'n Komitee aanvaar verantwoordelikheid vir die finansiële bestuur en onderhoud van die skema.
Keuring van pleegouers • 'n Streekspaneel moet saamgestel word om aansoeke in die gebied te keur. • Paneellede moet multiprofessioneel saamgestel word, bestaande uit verteenwoordigers van die gemeenskap, 'n maatskaplike werker, supervisor, regsgeleerde, sielkundige en koöpteer lede soos nodig volgens individuele sake.	**Keuring van pleegouers** • Nie altyd nodig om 'n paneel te gebruik in familieplasings nie. Kan wel in gekompliseerde sake gebruik word. • Neem ouderdom en gesondheid van pleegouer in ag teenoor ouderdom en behoeftes van die pleegkind – moenie risiko's ignoreer nie al is dit familie, bv. ouma. • Verduidelik die permanensie van sodanige plasings en verwagtinge van die pleegouers.	**Keuring van pleegouers** • Keuringspaneel kan uit die bestuurskomitee van die skema bestaan. • Ouderdom en ervaring van aansoekers speel 'n rol – verkieslik nie jonger as 30 jaar nie. • Persone wat alreeds betrokke is by die kinders en gemotiveerd is, is geskikte kandidate. • Pleegouers moet in staat wees om in 'n span saam te werk.

• Voornemende pleegouers moet van die begin af besef dat die fokus op die beste belange van die kind en nie die ouer is nie. • Registreer pleegouers en reik lisensies/sertifikate uit – dit kan toerekeningsvatbaarheid verhoog.	• Bespreek motiewe van pleegsouers al is dit familie. Wat is gesonde motiewe in die beste belang van die pleegkind? Is dit om na die behoeftes van die familie om te sien soos verwag word? • Wat is die familie se verhouding met die kind? • Wat is die doel en gebruik van die pleegsorgtoelae? • Hou 'n register van familie-plasings in die gebied.	• Moet die behoeftes van kinders kan verstaan. • Pleegouers vir so 'n huis moet verkieslik uit 'n moeder en vader bestaan. • Kan 'n enkelouer wees, afhangende van die behoeftes van die kinders en die vermoëns van die pleegouer. • Pleegouers van groepskemas moet die beginsels van die beste belange van die kind verstaan. • Pleegouers moet onder toesig van die nieregeringsorgani-sasie wat die skema geregistreer het, kan werk.
Opleiding van pleegouers • Stel 'n aanlynopleidings-kursus saam vir die pleegouers wat toegang tot Internet het. Tydens keuring moet alle groepe in die gemeenskap gedek kan word. • Opleiding moet 'n voortgeset-te proses volgens 'n kurrikulum wees. • Pleegouers moet statutêre prosesse en implikasies begryp. • Duidelikheid moet bestaan oor verantwoordelikhede en regte van pleegouers teenoor biologiese ouers.	**Opleiding van pleegouers** • Opleiding is steeds belangrik al is dit familielede moet spesifie-ke vaardighede ontwikkel word. • Die hele familie kan by die opleiding betrek word. • Doen opleiding in groepe en gee aan pleegouers die eienaarskap vir die groepe. • Sorg vir eenvormigheid in die opleiding – volgens 'n kurrikulum. • Verduidelik statutêre prosesse en wetlike implikasies. • Gee riglyne vir spandering van die pleegouertoelaag – wat is aanvaarbaar? • Verduidelik verantwoordelik-hede en regte van pleegouers in konteks wanneer ouers oorlede, onopspoorbaar of betrokke is. • Hou 'n register van goed-gekeurde familieplasings.	**Opleiding van pleegouers** • Pleegouers moet dieselfde as enige ander pleegouer opgelei word, maar met die klem op spanwerk en om kinders in groepe te kan hanteer. • Stel 'n opleidingshandleiding aan pleegouers beskikbaar. • Verduidelik statutêre prosesse en wetlike implikasies. • Verduidelik verantwoordelikhede en regte van pleegouers en pleegkinders.
Plasing/passing • Die versoenbaarheid tussen die pleegkind se behoeftes en pleegouers se vermoëns sowel as die gesinsnetwerk, moet geassesseer word. • Reël voorplasingsbesoeke ter voorbereiding van die partye op die plasing. • Gee aandag aan die integrasie van die kind by die gesin en die gesinsnetwerk. • Gaan 'n ooreenkoms aan met die biologiese ouers – stel	**Plasing/passing** • Interaksionele analise en ontwikkelingsassessering moet deel van die ondersoek vorm. • Voer 'n openlike bespreking met die kind oor familieplasing, afhangende van vermoë tot deelname. • Hoe reageer die kind teenoor verskillende familielede, kan ander familie gereeld besoek? • Broers en susters kan kind ook versorg afhangende van die ouderdom.	**Plasing/passing** • Assesseer of die plasing in die beste belang van die kind sal wees. • Kind moet deel vorm van die besluit oor sy plasing -beginsel van deelname. • Daar moet minstens 'n 12-jaar ouderdomsverskil tussen pleegouer en -kind wees. • Groepspleegsorg is nie geskik vir kinders met uitdagende gedrag nie.

ouerskapsplanne saam met verantwoordelikhede en regte van die onderskeie partye. • Gee aandag aan ooreenkomste tussen kultuur, ras en geloof.	• Grootouers is soms beskikbaar maar nie geskik nie. Betrek vrywilligers en ander familie om bystand te verleen. • Kultuur, ras en geloof is belangrik vir familie. • Stel ouerskapsplanne saam in die beste belang van die kind.	• Kinders met soortgelyke behoeftes word in dieselfde huis geplaas. • Kultuur en ras word bepaal deur die gemeenskap waar die skema geleë is. • Verkieslik moet pleegouer en kinders se geloof ooreenstem. • Die behoeftes van die kind is die mees bepalende faktor in die passingsproses. • Groepspleegsorg is nie geskik vir krisisplasings nie.
Monitering/Pleegtoesigdienste • Stig ondersteuningsgroepe waar pleegouers en -kinders mekaar kan help. Maak bywoning van groepe verpligtend. • Die doel is om die redes vir verwydering aan te spreek en om die gesin te herenig behalwe in die geval van weeskinders of ernstig-mishandelde (seksueel) of verlate kinders. • Vorderingsverslae – stel kontrolelys saam om aan alle aspekte aandag te skenk. • Lei vrywilligers op vir monitering en ondersteuning aan pleeggesin. • Stel die kind se individuele ontwikkelingsplan in die kinderhofverslag voor en hanteer dit as 'n kontrak met die betrokkenes. • Moniteer deurlopend die kind se binding met pleeg- en biologiese ouers. • Stel ouerskapsplanne saam met pleegouers as medehouers van ouerskapsverantwoordelikhede en regte. • Oorplasing van die kind na ander sorg moet slegs as laaste opsie en na intense dienslewering oorweeg word.	**Monitering/Pleegtoesigdienste** • Oorweeg standaard vorderingsverslae oor skoolvordering, aanpassing in die familie, gedrag en maatskaplike omstandighede van die gesin. • Baseer pleegsorgplan op resultate van ontwikkelingsassessering en ouerskapplanne. • Bied individuele terapie aan die kind oor verliese. • Gesinsterapie oor wedersydse verwagtinge, verantwoordelikhede, konflikhantering, dissipline, kinderregte, kommunikasie en finansiële bestuur. • Groepsessies oor vaardighede in ouerskap. • Werk multidissiplinêr en betrek onderwyser, arbeidsterapeut, gesondheidswerkers, kerkleiers/-lidmate, polisie en ander soos nodig. • Betrek vrywilligers om na-ure te monitor en pleeggesinne tuis met praktiese hulp by te staan • Dienste hang af van die redes vir verwydering – evalueer binding en algemene aanpassing na twee jaar en of dienste nog nodig is. • Oorplasing moet laaste opsie wees nadat alle betekenisvolle persone betrek en dienste gelewer is. • Termineer pleegtoesigdienste na twee jaar dienslewering en bevredigende vordering – gaan dus oor na langtermynplasing tot ouderdom van 18 jaar of voltooiing van skoolopleiding.	**Monitering/Pleegtoesigdienste** • Die skema beskik oor 'n georganiseerde ondersteunings- en kontrolesisteem deur bestuurskomitees. • Bestuurskomitee administreer die pleegsorgtoelae en betaal 'n toelae aan die pleegouer; die finansiële las word dus van die pleegouer verwyder • Elke kind moet 'n individuele ontwikkelingsplan hê en vordering moet in terme van die plan geëvalueer word. • Die maatskaplike werker en die pleegouer moet kwartaalliks aan die komitee rapporteer. • Die ontwikkelingsplan moet volgens die kind se behoeftes aangepas word. • Statutêre verslae moet volgens voorskrifte van die Kinderwet voorsien word. • Bied individuele terapie aan die kind oor verliese – spelterapie. • Hou gereelde gesinsvergaderings om verwagtinge, verantwoordelikhede en probleemareas aan te spreek en om as groepshuis oplossings te vind. • Afsonderlike groepsessies vir pleegkinders volgens behoefte en met pleegouers oor ouerskapsvaardighede. • Werk multidissiplinêr met pleegouers, bestuur, maatskaplike werkers, hulpwerkers en vrywilligers, laasgenoemde kan ook professioneel wees om aan kinders met spesifieke behoeftes aandag te skenk bv. sielkundige.

9.2.2 Interpretasie van die tabel

Vervolgens word ’n kort interpretasie van die gegewens in Tabel 32 gegee.

- **Definiëring**

Pleegsorg is in alle gevalle ’n alternatiewe, gemeenskapsgebaseerde en gesin-gesentreerde sorg vir kinders buite die ouerhuis. Die vernaamste verskil is dat dit binne of buite familieverband kan wees. Buite familieverband kan dit binne ’n enkele gesin of as deel van ’n groter groep wees. Pleegsorg behoort in alle gevalle voorsiening te maak dat kinders van dieselfde gesin bymekaar gehou en meer geïndividualiseer word as in die geval van inrigtingsorg. Tans word familieplasings die meeste toegepas. (Vgl. figuur 24.)

- **Werwing van pleegouers**

Dis duidelik dat meer doelbewuste pogings aangewend moet word om pleegouers volgens byderwetse en verskillende metodes te werf om al die vlakke van die samelewing te bereik en om in die groeiende aantal sorgbehoewende kinders se behoeftes te voorsien. Aangesien die prosedures universeel is, moet die behoefte op streeksvlak aangespreek word deur die stigting van ’n area-pleegsorgpaneel wat aandag gee aan die werwing, keuring en plasing van pleegkinders by goedgekeurde pleegouers. Benewens inligtingspamflette of oudio- of visuele advertensies, behoort ’n webwerf geskep te word waar inligting oor pleegsorg binne gesins- of groepsverband, die totale proses, en kontakbesonderhede van die welsynsinstansie deurgegee word. Suksesverhale behoort op die webwerf gepubliseer te word of spesiale werwing vir ’n kind met spesiale behoeftes kan hier gedoen word. ’n Spesialiteitspos behoort vir werwingsdoeleindes geskep te word om dit intensief en doeltreffend uit te voer.

- **Keuring en opleiding van pleegouers**

Keuring behoort deur ’n paneel gehanteer te word wat multiprofessioneel in bepaalde geografiese areas vir die doeleindes saamgestel word. Ongekompliseerde familieplasings, asook groepspleegouers, hoef nie deur die paneel gehanteer te word nie, aangesien die groepskema se bestuur en verskillende komitees alle sake van die kinders in die skema self hanteer. Die gesinsgroepkonferensie kan as tegniek gebruik word om veral dispute tussen familielede in die geval van familieplasings op te los. Kinders moet deelneem aan die plasingsbesluit in soverre hulle oud en ryp genoeg is en deeglik daarop voorberei word. Krisisplasings moet sover moontlik vermy word.

Betreffende opleiding behoort alle pleegouers, ongeag die soort plasing, ’n opleidingskursus volgens ’n bepaalde kurrikulum te volg en ’n handleiding en sertifikaat na suksesvolle afhandeling

daarvan te ontvang. ’n Pleegouerregister behoort in elke area geskep te word waar alle pleegouers in daardie bepaalde gebied kan registreer. Op hierdie wyse kan beter beheer uitgeoefen word oor die geskiktheid van pleegouers en professionele tyd kan gespaar word deur suksesvolle pleegouers byvoorbeeld herhaaldelik vir verskillende soorte plasings deur verskillende welsyns-instansies te gebruik. Verder behoort pleegouers meer ondersteuning en erkenning te ontvang vir hul bydrae en welsynsinstansies moet hulle as vennote in die diensleweringsprogram aan die kind te beskou.

Alle plasings moet deur ’n volledige assessering voorafgegaan word ten einde te bepaal of die pleegsorg in die beste belang van die kind sal wees. Hoewel die prosedures vir familieplasings nie so streng toegepas word nie, byvoorbeeld betreffende ouderdom wanneer dit ’n ouma en haar kleinkind is nie, moet familieplasings nie met minder erns bejeën word nie.

- **Plasing en monitering/pleegtoesigdienste**

Betreffende die plasing is voorbereiding, passing en integrasie by die gesin van die noodsaaklikste aspekte wat aandag moet geniet. In die meeste gevalle van familieplasings blyk dit dat die kind al ’n geruime tyd deur die groter familienetwerk versorg word en daarom sal hierdie deel nie so intensief aandag verg nie. Deurlopende monitering volgens ’n vaste program, gereelde vorderingsverslae en ’n hersiening van die pleegsorgplan word egter in alle gevalle as noodsaaklik beskou. Op hierdie wyse kan sinvolle statutêre verslae oor dienste gelewer en vordering in terme van terugplasing of langtermynpleegsorg gelewer word. Die nuwe Kinderwet maak voorsiening dat pleegsorg na deeglike assessering en intervensie na ’n langtermynplasing sonder interimverslae tot en met die ouderdom van 18 jaar kan oorgaan indien dit gemotiveer kan word as in die beste belang van die kind. Die werkslas ten opsigte van statutêre verslae kan dus hierdeur verlig word, maar dit beteken nie dat monitering nie deurlopend moet geskied nie.

Dit is duidelik dat die proses van pleegsorg, naamlik die werwing, keuring, opleiding, assessering, intervensie en monitering in alle gevalle tot ’n mindere of meerdere mate gevolg moet word. Daar is egter klemverskille soos passing tussen pleegouer/huis en -kind wat meer aandag geniet in groeps- en nie-familieplasings as in familieplasings. Verder sal monitering of intervensie verskil in gevalle waar gesinsherstel ’n realiteit is of waar spesiale behoeftes of uitdagende gedrag hanteer moet word teenoor langtermyn-gevalle waar die kind slegs beskerm moet word deur die stelsel en terugplasing nie deel van die pleegsorgplan uitmaak nie. Ten einde die werklas van maatskaplike werkers te verlig, moet meer gebruik gemaak word van groepwerk en vrywilligers of ander maatskaplike beroepsgroepe vir moniteringsdoeleindes, veral in die geval van minder gekompliseerde en langtermynplasings.

Fokusgroepbesprekings dui telkens op die oorlading van die pleegsorgstelsel en maatreëls wat ingestel behoort te word om dit meer beheerbaar te maak, vandaar die volgende afdeling waar samevattende resultate hieroor weergegee word.

9.2.3 Fokusgroepbespreking oor pleegsorg en armoedeverligting

Volgens terugvoer van die fokusgroep behoort pleegsorg gereserveer te word vir kinders wat sorgbehoewend is vanweë mishandeling, verwaarlosing of verwerping en nie alleen omdat hulle in materiële nood verkeer of net vanweë die feit dat hul ouers oorlede is nie. Familie wat in elk geval bereid is om die kinders te versorg moet deur 'n alternatiewe hulpverleningsprogram deur bestaansbeveiliging in staat gestel word om in die kinders se materiële behoeftes te voorsien. Resultate van die fokusgroepbespreking wat oor hierdie onderwerp handel, word soos volg weergegee:

- Die pleegsorgstelsel verkeer in 'n krisis vanweë onder andere 'n tekort aan mensekrag, hoë gevalleladings, vermeerderde administratiewe take, lang en gekompliseerde wetlike en ander voorgeskrewe prosedures wat maatskaplike werkers se tyd en energie opneem sodat hulle nie by voorkomende en pre-statutêre professionele take uitkom nie.
- Die toename in die aantal kinders aangewese op beskerming deur die staat as gevolg van mishandeling, verwaarlosing, armoede en sterftes van ouers aan VIGS plaas die pleegsorgstelsel onder druk.
- Kinders moet egter slegs as 'n laaste uitweg in die statutêre sisteem opgeneem word, want dit bevorder afhanklikheid en ontwrig en verwyder gesinne van mekaar.
- Die nuwe Kinderwet plaas in hoofstuk agt (artikel 144) die klem op gesinsbewaring en die ontwikkeling van ouerskapsvaardighede en daarom moet ouers of versorgers deur maatskaplikewerkdienste bemagtig word om kinders te beveilig en in hul beste belang op te tree.
- Slegs kinders wat mishandel, verwaarloos of verlaat is en aangewese is op 'n maatskaplike hulpverleningsprogram moet in pleegsorg geplaas word, asook kinders wie se ouers oorlede of werklik onopspoorbaar is en waar geen uitgebreide familiesisteem bestaan wat hulle kan akkommodeer nie.
- 'n Deeglike ondersoek moet gedoen word om te bepaal of die kind "*in need of care or in need of cash"* is en pleegsorg behoort nie gereël te word alvorens die opsie van 'n kindertoelae en private familiesorg oorweeg is nie.

- Die Onderhoudshof moet genader word om onderhoud te bekom van byvoorbeeld die vader wat onbetrokke of oënskynlik onopspoorbaar is.
- Meer selfbemagtigingsprogramme moet aan kliënte gelewer word om selfhelp te bevorder.
- Groter betrokkenheid moet van kerke en ander partye in gemeenskappe by voedselprogramme bewerkstellig word.
- 'n "*Top-up"*-toelae of gesinstoelae word voorgestel wat as 'n tipe gesinsbewaring beskou moet word en met die minste moontlike administrasie gepaard gaan. Behoeftige gesinne wat daarvoor aansoek doen, behoort eenmalig geassesseer te word deur 'n hulpwerker of kinder- en jeugsorgwerker en indien daar kommer bestaan oor die kinders se versorging, moet die saak na die maatskaplike werker verwys word.

Die pleegsorgtoelae word vir armoedeverligting gebruik omdat dit 'n groter bedrag is wat oor 'n langer tydperk ten bate van die kind uitbetaal word. Die twee toelae is soos volg met mekaar vergelyk:

Tabel 33: Vergelyking tussen die pleegsorgtoelae en kindersorgtoelae

Pleegsorgtoelae (*foster care grant)*	**Kindersorgtoelae (*Child support grant)***
• Pleegsorgtoelae word bekom nadat 'n kinderhof-bevel uitgereik is vir amptelike pleegsorgplasing. • Die toelae word nie uitbetaal indien die inkomste van die kind die jaarlikse bedrag van 'n pleegsorgtoelae soos deur die Minister bepaal, twee maal oorskry nie. • Die pleegouer kwalifiseer vir die toelae, ongeag wat sodanige pleegouer se inkomste behels. • Die pleegkind mag nie 'n biologiese kind van die pleegouer wees nie. • Die betrokkenes moet Suid-Afrikaanse burgers wees. • Huidiglik beloop die bedrag R680 per maand.	• Vanaf Januarie 2009 kwalifiseer kinders tussen 0 en 15 jaar vir die toelae. • Die versorger kan die toelae ontvang vir biologiese en ander kinders wat versorg word. • Die aansoeker moet die primêre versorger van die kind wees. • Die aansoeker moet aan die finansiële vereistes voldoen – 'n inkomste van minder as R2 200 per maand. • Geen ander bronne van finansiële ondersteuning moet vir die betrokke kind ontvang word nie. • Die kind mag nie in 'n inrigting wees nie. • Die kind mag nie in ontvangs wees van ander staatstoelae soos 'n pleegsorgtoelae nie. • Suid-Afrikaanse burgerskap word vereis. • 'n Geboortesertifikaat van die kind is nie meer 'n vereiste nie – daar kan 'n verklaring afgeneem word indien die kind nie oor 'n geboortesertifikaat beskik nie. • Geen hofprosedures word vereis vir sodanige aansoek nie. • Tans beloop die bedrag R240 per maand.

Die pleegsorgtoelae sowel as die kindertoelae word volgens maatskaplike werkers misbruik, aangesien persone oneerlik is en voorgee dat kinders se ouers onopspoorbaar of selfs oorlede is. Familielede of versorgers dring aan op pleegsorgplasings omdat die toelae groter is en uitbetaal word totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik. Die volgende voorstelle word gemaak om ongerymdhede betreffende toelae te beheer:

- Opvoeding aan die publiek om die doel van die betrokke toelae te verstaan.
- Ondersteuningsgroepe vir pleegouers om die pleegsorgsituasie reg te bestuur.
- Die instelling van ’n deeglike moniteringstelsel oor die gebruik van toelae in die beste belang van die kind.
- ’n Sentrale instansie behoort daargestel te word waar sake aangemeld kan word indien daar onsekerhede of vrae ontstaan oor die gebruik van toelae.
- Meer volhoubare armoedeverligtingsprogramme wat werkskepping en opleiding bied moet aangebied word sodat persone nie die pleegsorgstelsel vir armoedeverligting gebruik nie. Daar behoort ’n databasis vir arm persone geskep te word, kospakkies moet beskikbaar gestel word, meer studiebeurse moet aan kinders toegestaan word en die staat moet meer inligting oor armoedeverligtingsprogramme aan nieregeringsorganisasies deurgee om samewerking te bevorder.

Maatskaplike werkers word soms in moeilike situasies geplaas soos om ’n pleegsorgplasing te doen op versoek van ’n familielid wat ’n kind versorg terwyl daar onsekerheid bestaan oor die posisie rondom ouers wat onopspoorbaar is of bloot nie hul verantwoordelikhede nakom nie, terwyl dit vermoedelik daaroor gaan om toegang tot die pleegouertoelae te bekom. Tydens ’n bespreking oor die etiese verantwoordelikheid van die maatskaplike werker in terme van toelae en dienslewering is die volgende voorstelle deur die fokusgroep gemaak:

- ’n Pleegsorgplasing behoort nie gedoen te word waar ’n kindertoelae liewer gereël kan word nie.
- Misbruik van toelae moet aangemeld word en kliënte moet opgevoed word oor die korrekte gebruik daarvan.
- Maatskaplike werkers is nie “*glorified grant administrators”* nie, maar moet fokus op professionele werk en maatskaplikesorgtake na vrywilligers en ander beroepsgroepe soos hulpwerkers delegeer.
- ’n Maatskaplike werker is eties verantwoordelik vir maatskaplike dienslewering en indien dit nie gelewer kan word nie, moet kliënte toepaslik verwys word.

9.2.4 Interpretasie van die fokusgroepbespreking oor pleegsorg en armoedeverligting

Daar moet opnuut gefokus word op die doel van pleegsorg, naamlik beveiliging op die kort of lang termyn van kinders wat onder sorgbehoewende omstandighede verkeer, soos in die Kinderwet uiteengesit. Kinders behoort deur pleegsorg 'n geleentheid tot versorging in gemeenskaps- en gesinsopset te kry en die bedoeling van die pleegouertoelae is om in die kind se fisiese, opvoedkundige, rekreasie, sosiale, emosionele en geestelike behoeftes te voorsien. Dit is alreeds 'n klein bedrag om in al die genoemde behoeftes te voorsien en indien dit deel raak van die gesinsinkomste ten einde te oorleef, word die kind die geleentheid tot ontwikkeling grootliks ontneem.

Daar moet daadwerklike vertoë tot owerhede gerig word om armoedeverligtingsprogramme in werking te stel wat ontwikkelingsgerig is en langtermyngevolge kan hê. Verder behoort ander toelae ingestel te word om gesinsinkomste aan te vul tot kinders die ouderdom van 18 jaar bereik of skoolopleiding kon voltooi, maar sodanige maatreëls moet deeglik gemonitor word om misbruik te voorkom. Oorweging kan dalk geskenk word om 'n beperking te stel op die getal kinders waarvoor een gesin in aanmerking kan kom vir aanvullende of kindertoelae, om te verhoed dat kinders misbruik word vir toegang tot staatstoelae.

Maatskaplike werkers moet daarteen waak om kinders in die statutêre sisteem te laat opneem alvorens proaktiewe vroeë intervensie gelewer is. Meer moeite behoort gedoen te word om verlate kinders se ouers op te spoor en die Onderhoudshof te nader waar ouers nie hul finansiële verpligtinge nakom nie. Verder moet maatskaplike werkers daarteen waak om te veel in beslag geneem te word deur statutêre en administratiewe prosedures ten koste van die nakoming van professionele take, veral vroeë intervensie, wat as vereiste deur die Kinderwet gestel word.

9.2.5 Samevatting oor die kwalitatiewe empiriese ondersoek

In die voorafgaande is die resultate van vyf soorte fokusgroepbesprekings uiteengesit, geïnterpreteer en betekenis aan gegee. Die infrastruktuur van 'n seminaar oor pleegsorg is vir dié doeleindes gebruik. Die deelnemers was bewus van die navorsingskomponent wat daarmee gepaard gegaan het. Rekords oor fokusgroepbesprekings wat deur assistent-fasiliteerders gehou is en mondelinge terugvoer wat deur fasiliteerders gelewer is, word as data gebruik.

Resultate van die besprekings dui daarop dat, hoewel daar onderskeidings bestaan tussen pleegsorg by nie-familie, familie en in groepskemas betreffende die definiëring, doel, werwing van pleegouers, passing en plasing van kinders en die monitering daarvan, daar ook ooreenkomste bestaan. In al die plasings behoort 'n assessering om behoeftes en sterktes by beide die pleegkind en -ouer te bepaal, plaas te vind met klemverskil volgens die aard van die plasing. In elke geval

moet deurlopende monitering, intervensie, evaluering en terminering aan die hand van ŉ pleegsorgplan plaasvind. Dit wil tog vanuit die fokusgroepbesprekings voorkom dat daar ŉ deeglike bewustheid bestaan oor die noodsaak van intervensie deur die verwysing na individuele-, gesins-, spel- en groepsterapie. Die gemeenskapswerkmetode kan ook sterker figureer in werwingsaksies waar verwys word na bewusmakingsveldtogte, netwerkprosesse en multimediaskakeling om pleegouers op alle vlakke van die samelewing te werf. Die gebruik van die gesinsgroepkonferensie is ook van besondere waarde by familieplasings ten einde konsensus te bereik oor wie in die beste posisie is om die kind in pleegsorg te neem.

Betreffende die bespreking oor die pleegsorg- en kindertoelae, kan die frustrasie van maatskaplike werkers duidelik waargeneem word oor die toenemende aantal kinders wat by familie gelaat word en die druk wat dan uitoefen word vir ŉ pleegsorgplasing ter wille van toegang tot ŉ groter en meer langdurige toelae as die kindertoelae. Maatskaplike werkers word gevolglik met moeilike vraagstukke en etiese dilemmas gekonfronteer, omdat ŉ kind om materiële redes in die statutêre sisteem opgeneem word. Daar moet dus groter aanspraak op owerhede gemaak word om ander beleid en maatreëls in plek te stel vir armoedeverligting en private versorging van kinders deur familielede. Dit is baie duurder vir die staat om soveel kinders met gepaardgaande administratiewe en professionele dienste in die pleegsorgstelsel te akkommodeer grootliks ter wille van materiële versorging, terwyl dieselfde geld meer ekonomies buite die statutêre sisteem gebruik kan word om selfs meer kinders daarmee te versorg indien anderersoortige toelae geïmplementeer kan word.

Die fokusgroepbesprekings word as uiters waardevol beskou, aangesien die kwaliteit van kennis, vaardighede en gesindheid van maatskaplike werkers as professioneel ervaar is. Hoewel daar deeglik na knelpunte verwys is, is dit duidelik dat moontlikhede vir ontwikkeling ondersoek is en dat groeplede mekaar kon beïnvloed om oplossings vir knelpunte na vore te bring. Die uitdagings is dus nie soseer in ŉ gebrek aan bekwaamheid geleë nie, maar eerder in tekortkominge in die infrastruktuur om die nood in die praktyk doeltreffend aan te spreek.

HOOFSTUK 10

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is ’n literatuurstudie gedoen waartydens pleegsorg aan die hand van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk (vgl. hoofstuk twee), verken en beskryf is. Die benadering word as uiters geskik beskou, aangesien die vier vlakke, te wete die individuele (vgl. hoofstuk vier, die pleegkind), gesins- (vgl. hoofstuk vyf, die pleeg- en biologiese ouer), sosiaalstrukturele (vgl. hoofstuk ses, strukture en maatskaplike verskynsels) en die sosiokulturele vlakke (vgl. hoofstuk sewe, waardes, kulturele en spirituele aspekte), benut is vir ’n holistiese ontleding van die pleegsorgpraktyk. Die ekologiese analise is vanuit ’n sterkteperspektief gedoen om te verseker dat analises nie slegs op problematiek fokus nie, maar dat moontlikhede en belowende transaksies ook in ag geneem word. Dit beteken egter nie dat probleme en realiteite daardeur ontken word nie, maar dat risiko’s en negatiewe faktore sowel as beskermingsfaktore en sterktes op die verskillende vlakke geanaliseer word. Hierdeur word, ten spyte van verskeie uitdagings in die pleegsorgpraktyk, hoop, moontlikhede en ontwikkelingsgeleenthede in die vooruitsig gestel.

Ter aanvulling van die literatuurstudie is ’n empiriese ondersoek deur middel van kwantitatiewe vraelysimplementering en kwalitatiewe fokusgroepbesprekings onderneem. (Vgl. hoofstuk agt en nege.) Gevolgtrekkings en aanbevelings word vervolgens na aanleiding van sowel die literatuur- as die empiriese ondersoeke aangebied.

10.1 NAVORSINGSPROBLEEM, -VRAE EN DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die navorsingsprobleem wat die ondersoek rig, word in 1.3 aangedui, naamlik ’n analise van die wisselwerking tussen risiko- en beskermingsfaktore op die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteme van kinders wat in pleegsorg as alternatiewesorgopsie verkeer en die implikasies daarvan vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering.

Vanuit die navorsingsprobleem vloei die volgende navorsingsvrae voort:

- Wat behels ’n ekologiese perspektief op pleegsorg?
- Wat behels pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders?

- Watter individuele aspekte in die mikrosisteem van die pleegkind behoort ontleed te word ter versterking van die pleegsorgplasing?
- Watter gesinsaspekte in die mesosisteem behoort ontleed te word ter versterking van die biologiese en pleeggesin ten einde die doel van die plasing te bereik?
- Watter sosiaal-strukturele sisteme en faktore het 'n invloed op pleegsorgplasings?
- Watter sosiokulturele sisteme en faktore het 'n invloed op die sorgbehoewendheid van kinders en pleegsorg as alternatiewe sorg?
- Watter implikasies het 'n ekologies-sterktegerigte analise van pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders ten einde aanwysers vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering te formuleer?

Die doel van die studie word in 1.4.1 aangedui, naamlik om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ekologiese perspektief op pleegsorg daar te stel sodat wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering aan kinders in die pleegsorgstelsel afgestem kan word. Na aanleiding van die gestelde navorsingsprobleem, -vrae en doel van die studie, word die volgende gevolgtrekkings gemaak.

10.2 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings berus op die resultate van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing en word gestruktureer aan die hand van die navorsingsvrae.

10.2.1 Die ekologiese perspektief as konseptuele raamwerk

Die ekologiese perspektief bied 'n toepaslike konseptuele raamwerk vir die analise van die pleegsorgpraktyk. Dit kan gemotiveer word aan die hand van die volgende gevolgtrekkings oor die teoretiese konsepte. (Vgl. hoofstuk twee.)

- Die ekologiese perspektief het ontwikkel uit die algemene sisteemteorie wat 'n sirkulêre benadering is en gebruik word om dinamiese wederkerige prosesse op individuele sowel as kollektiewe vlak te begryp in terme van strukture, grense, ekwilibrium, entropie, negentropie, wisselwerking, onderlinge afhanklikheid en inset-deurset-uitset-terugvoer-prosesse. (Vgl. 2.1.)

- Maatskaplike werk as professie het ontwikkel in reaksie op menslike nood; vandaar die ou paradigma van probleemgerigtheid. 'n Historiese perspektief oor die hantering van maatskaplike problematiek dui daarop dat dit grootliks beïnvloed is deur die mediese model met

'n liniêre perspektief van oorsaak-gevolg-relasie en gevolglike diagnoses en etikettering wat plaasgevind het by die toepassing van maatskaplikewerkhulpverlening aan mense. (Vgl. 2.3.)

- Maatskaplike werk is egter gekritiseer oor min resultate en 'n gebrek aan wetenskaplike werkswyse. Die toepassing van die sisteemteorie het 'n groter bewustheid gebring van die invloed van die mens se omgewing op sy funksionering maar steeds was dienslewering grootliks op die individu gerig. (Vgl. 2.4.)

- Deurdat die algemene sisteemteorie 'n sterk inslag gehad het op die ontwikkeling van die ekologiese perspektief, is ekologiese konsepte by die sisteemteorie geïntegreer en daarom word daarna ook as die ekosistemiese perspektief verwys. (Vgl. 2.4.)

- Die ekologiese perspektief is 'n holistiese, interaksionele benadering op die persoon-in-omgewing, wat verder as die oorsaak-gevolg of liniêre denke strek. Sodoende kan problematiek en behoeftes in transaksionele terme gedefinieer word, naamlik dat dit die resultaat is van wanaanpassing tussen die mens en sy verhoudingskonteks. (Vgl. 2.1.4.)

- Fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief (vgl. 2.5) word beskryf in terme van transaksies en aanpassing tussen mens en omgewing, stres, verwantskap, mag, habitat en lewenskoers. Dit word van toepassing gemaak op die pleegkind wat deur verbeterde transaksies met homself, sy gesin en omgewing, aanpassing kan verhoog en stres kan verminder. Deur suksesvolle pleegsorgplasing kan 'n veilige habitat vir die pleegkind geskep word waar aanvaarding en geborgenheid met verhoogde maatskaplike funksionering ervaar kan word.

- Die ekologiese perspektief bied 'n prakties bruikbare teoretiese raamwerk vir die analise van maatskaplike verskynsels, omdat die natuurlike omgewing van die mens ontleed kan word in terme van vier omgewingsisteme, naamlik die mikro-, meso, ekso- en makrosisteem wat die individu, gesin, groep, gemeenskap, maatskaplike, kulturele en institusionele operasionele gebiede onderskeidelik verteenwoordig. (Vgl. 2.9 en figuur 5.) Hierdie ekologiese ontledingsisteme is in hoofstukke vier tot sewe van toepassing gemaak op die pleegkind as individu, sy biologiese, sowel as die pleeggesin, sosiale en strukturele aspekte in die breër omgewing en die allesomvattende makrovlak wat waardes, kulturele en spirituele aspekte insluit.

- Die ekosistemiese perspektief is nie 'n behandelingsmodel nie en daar word ook nie vir die doeleindes van hierdie studie op hulpverlening as sodanig gefokus nie. Die holistiese benadering bied egter aan die maatskaplike werker 'n konseptuele raamwerk vir die analise

van feitlik enige maatskaplike verskynsel en die toepassing van 'n verskeidenheid modelle en hulpverleningaksies. (Vgl. 2.2.)

- In die nuwe paradigma oor die hantering van maatskaplike problematiek is die ontwikkelingsgerigte benaderings en sterkteperspektief wat wegbeweeg van die siekte-versteurde-gebaseerde denke na potensiaal, hoop, hulpbronne, sterktes en selfaktualisering (vgl. 2.7), terwyl die ekosistemiese perspektief weer 'n holistiese beskouing van die persoon in wisselwerking met sy omgewing verseker.

- Uniek tot die studie is die integrasie van die ekologiese benadering met die sterkteperspektief (vgl. 2.6), waarvolgens verseker word dat analises op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem nie net probleemgerig is nie maar 'n holistiese en gebalanseerde analise van behoeftes, sterktes en potensiaal insluit. (Vgl. 2.7 en 2.8.) Daar is 'n groeiende erkenning dat die konsepte van die sterkteperspektief multidimensioneel is en as 'n produk van transaksies binne en tussen meervoudige sistemiese vlakke beskou kan word. Dit is veral die konsepte van veerkragtigheid (vgl. 2.7.3), bemagtiging en verbintenis wat op die pleegkind van toepassing gemaak word.

- Assesseringsraamwerke is op die verskillende vlakke saamgestel vanuit 'n ekologiese en sterktegerigte benadering vir die pleegkind (vgl. 4.4), die gesin (vgl. 5.5), die sosiaalstrukturele (vgl. 6.6) en die sosiokulturele. (Vgl. 7.2.3 en 7.3.1.)

- Die ontwikkeling van die ekologiese perspektief vanuit die sisteemteorie en integrasie met 'n sterktegerigte benadering word samevattend aan die einde van hoofstuk twee in tabel 2 uiteengesit in terme van definiëring, oorsprong, fundamentele konsepte en proses, ten einde die teoretiese fundering van die studie oortuigend en verbruikersvriendelik daar te stel.

- Aan die einde van die literatuurstudie word 'n unieke holistiese assesseringsraamwerk volgens al vier ontledingsisteme samevattend daargestel waarvolgens sterktes of beskermingsfaktore sowel as uitdagings of risikofaktore op individuele, gesins-, sosiaalstrukturele en sosiokulturele vlakke geanaliseer kan word. (Vgl. 7.4 tabel 15.)

Samevattend kan dit gestel word dat die navorsingsvraag oor wat 'n ekologiese perspektief op pleesorg behels beantwoord is in terme van teoretiese begronding, fundamentele konsepte, ekologiese ontledingsvlakke vir die analisering en assessering van maatskaplike verskynsels en die integrasie met die sterkteperspektief. Die navorsingsvraag oor wat die ekologiese perspektief op pleegsorg behels, is dus beantwoord.

10.2.2 Pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders

Na aanleiding van die bespreking in hoofstuk drie oor pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie in die konteks van die formele versorgingsisteem vir kinders en die empiriese resultate, kan daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

- Die historiese ontwikkeling van pleegsorg het elders in die wêreld en in Suid-Afrika gepaard gegaan met ekonomiese en maatskaplike krisisse soos oorloë, hongersnood, siekte, dood en armoede. Pleegsorg is as maatreël ingestel om kinders binne gesinsverband te versorg en op te voed, verkieslik deur die familie self. Aanvanklik was daar nie sprake van maatskaplike intervensie nie. Die doel was om 'n versorgingsplek vir 'n kind te bekom waar oorwegend na fisiese behoeftes omgesien is (vgl. 3.1) – hierdie vroegste ontwikkeling van pleegsorg is besig om te herhaal in die hedendaagse Suid-Afrikaanse gemeenskappe vanweë die toename in die aantal verlate en weeskinders.

- Die professionele ontwikkeling van maatskaplike werk en kinderwetgewing na 1931 het aanleiding gegee tot 'n meer professionele benadering in die pleegsorgpraktyk. Die maatskaplike ondersoek en statutêre optrede was egter op blanke Westerse beginsels gebaseer en reaktief en remediërend van aard (vgl. 3.1), dus moes pleegsorgontwikkeling plaasvind om tred te hou met veranderde omstandighede.

- Pleegsorgontwikkeling in die Afrika-konteks is gebaseer op die tradisie dat ouerlike rolvervulling binne die familiesisteem gedeel word en daarom het kinders die ingeboude sekuriteitsisteem van die familienetwerk gehad. Sosio-politiese invloede en verstedeliking van die moderne lewe, sowel as VIGS-verwante sterftes, het egter hierdie natuurlike sterkte benadeel in die sin dat kinders al hoe meer aangewese is op die formele statutêre sisteem. Die motivering vir die ontstaan van pleegsorg is vandag steeds geldig. Die toepassing daarvan het egter 'n klemverskuiwing ondergaan deurdat kinderwetgewing verander het na 'n meer ontwikkelingsgerigte en proaktiewe werkswyse. (Vgl. 6.2.5.) Ten spyte hiervan is die huidige pleegsorgpraktyk steeds vasgevang in historiese oorwegings, reaktiewe optrede uit noodsituasies, gebrek aan pleegouers en infrastruktuur soos wat later toepaslik verder in die gevolgrekkings na verwys word.

- Die filosofiese onderbou (vgl. 3.2) van pleegsorg is geleë in die veronderstelling dat kinders se psigososiale groei en ontwikkeling die beste binne gesinskonteks kan ontwikkel. Pleegsorg kan daarom omskryf word as die tydelike of permanente versorging van kinders buite biologiese gesinsverband op bevel van die Kinderhof, maar binne alternatiewe gesinsverband. (Vgl. 3.3 en tabel 17 en 32.) Die versorging kan by familie of nie-familie of

in groepskemas wees, met as hoofdoel die beskerming en versorging van kinders op fisiese, psigiese, emosionele, geestelike, sosiale, religieuse en opvoedkundige gebiede. (Vgl. 3.4.) **In werklikheid is die meeste pleegsorgplasings om verlate en weeskinders te akkommodeer langtermyn en binne familieverband.**

- Daar word voorkeur verleen aan pleegsorg teenoor kinder- en jeugsorgsentrums as alternatiewe sorg vir jonger kinders en waar die kanse op gesinsherstel nie 'n realiteit is nie (vgl. figuur 19, 3.7.3 en 3.8), sodat hierdie kinders die belewenis van 'n gesinsopset kan ervaar. Die empiriese ondersoek in figuur 19 toon dat heelwat adolessente in pleegsorg verkeer. Die moontlikheid bestaan dat hulle al van jongs af daar geplaas is omdat die meeste plasings langtermyn is. Kinders met spesiale behoeftes word slegs in enkele gevalle in pleegsorg geplaas, omdat dit spesiale insette van pleegouers verg en professionele pleegsorg (vgl. 3.6.6) ingevolge die Kinderwet nie 'n opsie is nie.

- Die natuurlike doel van pleegsorg is gesinsherstel (vgl. 3.4.2), maar in die meeste gevalle vind dit nie plaas nie en moet 'n meer permanente verbintenis vir die kind deur langtermynpleegsorg (vgl. 3.9.4 en tabel 18) of aanneming (vgl. 3.7.2) geskep word. Laasgenoemde realiseer nie omdat die meeste pleegsorg by arm (vgl. figuur 29) gesinne plaasvind en daar nie sonder die toelae vir die kind gesorg kan word nie. Die kind behoort deur 'n pleegsorgplasing bemagtig en beskerm (vgl. 3.5) te word in die op-weg-wees na normalisering, sosialisering en internalisering in die samelewing, maar die realiteit is dat die meeste pleegkinders in armoedige omstandighede opgroei met die klem op basiese behoeftebevrediging en nie op ontwikkeling, intervensie en herstel nie.

- Die term *pleegsorg* het nie in alle lande en kulture dieselfde betekenis nie en kan in 'n verskeidenheid vorms voorkom. (Vgl. 3.6 en tabel 3.) Vanuit figuur 18 blyk dit dat maatskaplike werkers meer variasies in pleegsorg sou verkies as wat tans toegepas word, waarskynlik om die pleegsorgstelsel te versterk en meer plasingsopsies te bied. Privaat reëlings tussen familie en vriende word op pre-statutêre vlak aangemoedig, maar dit kan ook riskant wees vir die kind indien daar geen monitering is nie. Daar word volstaan met die beskouing dat pleegsorg binne of buite familieverband by goedgekeurde pleegouers of in 'n groepskema op grond van 'n Kinderhofbevel formele erkenning geniet. (Vgl. 6.2.5 tabel 12.) Ander informele maatreëls kan deel vorm van vroeë intervensie en veral om kinders uit die statutêre sisteem te hou maar kan nie na verwys word as pleegsorg nie.

- Hoewel familieplasings voordele vir die kind betreffende binding en identiteitsvorming inhou, kan nie aanvaar word dat dit probleemvry is nie en daarom moet dit altyd deur 'n

maatskaplike ondersoek voorafgegaan en deeglik gemoniteer word om te verseker dat dit die beste belange van die kind dien. (Vgl. 3.6.2 en tabel 32.)

- Pleegsorggroepskemas bied aan kinders die geleentheid om in ’n normale woonbuurt en omgewing in plaas van inrigtingsorg te woon, en dit bied aan ’n gemeenskap die geleentheid om betrokke te raak by noodleniging aan kinders. Dit is nie geskik vir kinders wat uitdagende gedrag openbaar nie en maak meestal voorsiening vir langtermynplasings waar die ouers oorlede, onopspoorbaar, of kronies ongesteld is. (Vgl. 3.6.5 tabel 32).

- Kinderhoofhuishoudings as sodanig (vgl. 3.6.11) is nie ’n vorm van pleegsorg nie omdat kinders 15 jaar en ouer self aan die hoof van die huishouding staan. Tog kan weeskinders in hul bekende omgewing met die ekstra ondersteuning van volwassenes wat namens hulle verantwoordelikheid neem vir ’n kindertoelae, in sodanige huishoudings aanbly. Ander opsies kan ook oorweeg word om kinderhoofhuishoudings te versterk, soos gesin-vir-gesin-pleegsorg (vgl. 3.6.7), vriendekringpleegsorg (vgl. 3.6.8), onderbroke of gasheerpleegsorg (vgl. 3.6.9), of selfs deur die oog-op-die-kind- projek. Kinders kan met ander woorde op ander wyses as die gewone formele pleegsorgplasing beveilig word. Dit is veral in gevalle waar die nood grootliks versorgend en materieel van aard is en daar nie ernstige kwessies soos mishandeling of misbruik ter sprake is nie en ondersteuningsisteme soos familie wel beskikbaar is.

- Pleegsorg vorm deel van die raamwerk bestaande uit vier vlakke van dienslewering aan kinders (vgl. 3.7), naamlik voorkoming, vroeë intervensie, statutêre intervensie en die kontinuum vir alternatiewe sorg. Pleegsorg pas op die laaste twee vlakke en op die kontinuum van versorging word voorkeur gegee aan pleegsorg bo kinder- en jeugsorgsentrums, omdat eersgenoemde binne gesins- en gemeenskapsverband plaasvind.

- Die pleegsorgproses (vgl. 3.8 en figuur 21 en tabel 32) word gehanteer in fases van voor, tydens en na plasing, en word verskillend toegepas by familie, nie-familielede en groepskemas. Dieselfde basiese prosesse word egter gevolg betreffende die ondersoek na die kind se beweerde sorgbehoewendheid, volgens die fases van probleemidentifisering, assessering, doelformulering en beplanning, uitvoering van beplanning en intervensie, evaluering en terminering. Betreffende die pleegouers begin dit by die werwing, keuring, opleiding en plasing van ’n kind wat by die gesinsopset inpas of reeds, in die geval van familieplasings, by die gesin verkeer. Deur inpassing word daar verseker dat die behoeftes van die kind en die vermoëns van die pleeggesin om daarin te voorsien, op mekaar afgestem word. Laasgenoemde plasings is die meer formele of professionele pleegsorg, maar dit vind in die minderheid van gevalle plaas.

- Die gesinsgroepkonferensie kan as ’n doeltreffende tegniek gebruik word om te onderhandel oor en ’n gesamentlike besluit te neem oor die gesin wat in die beste posisie is vir die pleegsorgplasing in die geval van familieplasings. (Vgl. tabelle 12 en 32.)

- ’n Pleegsorgplan moet deel uitmaak van elke plasing waarin voorsiening gemaak word vir die kind se fisiese, psigiese, sosiale, opvoedkundige, godsdienstige en kulturele behoeftes. Sodanige plan behoort minstens sesmaandeliks geëvalueer te word ten einde relevant en doeltreffend te bly. (Vgl. 3.8.3.)

- Terminering van pleegsorg (vgl. 3.8.4) vind gewoonlik plaas wanneer die kind die ouderdom van 18 jaar bereik of, in die geval van verlengde plasings ter wille van skoolopleiding, tot 21 jaar. Dit is selde dat pleegkinders teruggeplaas word na suksesvolle gesinsherenigingsdienste (vgl. 6.7.4 en tabel 25) of dat die kind aangeneem word. Pleegsorg kan ook beëindig word wanneer die plasing misluk en die kind na ander, alternatiewe sorg oorgeplaas word. Hierdie tendens verklaar waarom die pleegsorgpraktyk so oorlaai is.

- Permanensiebeplanning (vgl. 3.9 en tabel 18) vir die pleegkind word in die meeste gevalle wel toegepas, maar nie met die oog op gesinsherstel, aanneming of voogdyskap nie. Die meeste pleegkinders bly op die lang termyn in familieplasings (vgl. figuur 24) en permanensiebeplanning behels die bevordering van ’n lewenslange verbintenis met familie- of ander versorgers. Permanensiebeplanning verseker dat kinders nie sekuriteit- en planloos in die stelsel ronddryf nie.

- Die sukses van die pleegsorgplasing word deur verskeie uitdagings negatief beïnvloed (vgl. 9.2.2 en tabel 20) soos die toename in die aantal kinders aangewese op beskerming as gevolg van mishandeling, verwaarlosing, armoede en VIGS-verwante sterftes, tekort aan hulpbronne, mensekrag en pleegouers, ’n toename in administratiewe take en statutêre prosedures, die lae moreel van maatskaplike werkers vanweë ’n oorweldigende werkslas, uitdagende gedrag van kinders, negatiewe motiewe soos om kinders in pleegsorg te neem ter wille van die toelae en ’n oorwegend probleemgerigte, in plaas van oplossings- en ontwikkelingsgerigte werkswyse. Hierdie elemente werk demoraliserend op diensleweraars in en is nie in die beste belang van pleegkinders nie.

- Daar is reeds begin om maatreëls in te stel om hierdie uitdagings te bowe te kom, soos die ontwikkeling van nuwe kinderwetgewing wat meer op voorkoming en ontwikkeling ingestel is, meer opleiding van hulpwerkers en vrywilligers vir die monitering van veral langtermynfamilieplasings (vgl. 6.2.5) en die oprigting van pleegsorgroepskemas. (Vgl. tabel 32.)

- Pleegsorg as versorgingsopsie is kwesbaar vir mislukking aangesien so baie partye by die plasing betrokke is. Dit gaan oor ’n wisselwerkende proses tussen die eienskappe en behoeftes van die pleegkind, die vaardighede van die pleegouer om te respondeer op verskillende faktore en die breër konteks waarin die pleegsorg plaasvind, insluitend die biologiese ouers en diensleweringsinstansie. Die uitkomste van pleegsorg is dus afhanklik van die wisselwerking tussen hierdie partye van mikro- tot makrosisteem, wat behoorlik deur maatskaplike dienslewering bestuur moet word. (Vgl. 3.10.)

- Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat pleegsorg in die huidige situasie van die land nie altyd die beste belange van die kind dien nie, omdat basiese maatskaplike waardes soos maatskaplike geregtigheid, toerekeningsvatbaarheid, billikheid en demokrasie (vgl. tabel 14) nie altyd nagekom kan word met die huidige situasie betreffende mensekrag, hulpbronne en diensleweringsinstansies nie. Tog voorsien dit in baie ouerlose, verwaarloosde, mishandelde en verlate kinders se basiese behoeftes binne hul bekende gemeenskaps- en familieverband. Pleegouers is ’n onontbeerlike hulpbron in die kindersorgsisteem wat beskerm en uitgebou behoort te word.

Samevattend kan dit gestel word dat die navorsingsvraag oor pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders deur die literatuurstudie in hoofstuk drie en die empiriese ondersoek verken en beskryf is ten opsigte van historiese ontwikkeling, filosofiese onderbou, definiëring van die verskillende tipes pleegsorg, die pleegsorgproses, permanensiebeplanning en die unieke uitdagings waarvoor die huidige pleegsorgpraktyk te staan kom. Dit is veral duidelik dat dit ‘n onmisbare deel van die kindersorgsisteem uitmaak vir die beskerming van kwesbare kinders en dat dit in die lig van nuwe kinderwetgewing, behoorlik beplan en bestuur moet word.

10.2.3 Individuele aspekte in die mikrosisteem ter versterking van die pleegkind

- Kinderontwikkeling verloop in fases van voorgeboorte, suigeling, voorskools, laerskool en adolessensie. Wetlik word ’n kind geag as vanaf geboorte tot die ouderdom van 18 jaar. Elke ontwikkelingsfase word gekenmerk deur bepaalde ontwikkelingstake op fisiese, psigiese, sosiale en religieuse gebied. Die ontwikkeling van die pleegkind word beïnvloed deur beskermende en risikofaktore in die onmiddellike en breër konteks soos funksionele of disfunksionele gesinslewe, die beskikbaarheid of gebrek aan hulpbronne binne ’n responderende of demoraliserende omgewing (vgl. 4.1 en tabel 10) of enige ander betekenisvolle transaksies en wisselwerking tussen persoon-en-omgewing.

- Die suigelingfase word gekenmerk deur vinnige groei en ontwikkeling van motoriese en sensoriese aspekte, kortstondige emosionele reaksies en die ontwikkeling van ’n hegtheidsband met veral die moeder. Die pleegkind se reaksie op verwydering uit ouerlike sorg kan wissel van weinig reaksie tot skeidingsangs. Die pleegmoeder moet veral aandag skenk aan die bou van basiese vertroue deur konstante bemoedering. Traumatiese gebeure en agterstande kan geredelik in hierdie jong fase met die regte stimulasie en versorging ingehaal word. (Vgl. 4.2.1.)

- Die voorskoolse of kleutertydperk word veral gekenmerk deur aansienlike kognitiewe en fisiek-motoriese ontwikkeling sowel as die aanleer van nuwe vaardighede. Genoegsame voorbereiding en stimulasie vir skoolgereedheid is uiters belangrik in hierdie fase. Skeidingsreaksies wat na verwydering uit ouerlike sorg kan voorkom, is onder meer angstigheid, selfblaam, verliesreaksies, woede, vrees en vyandigheid. Die pleegkind kan aanvanklik hewig protesteer teen die verwydering, waarna wanhoop en ontrekking intree en die pleegouers dit verkeerdelik as aanvaarding en aanpassing vertolk. Kinders in hierdie fase is baie aanpasbaar en indien doelbewus aandag aan nuwe bindings geskenk word, kan vertroue in versorgers herstel word. (Vgl. 4.2.2.)

- Die laerskoolfase of middelkinderjare word gekenmerk deur groeipieke, prestasie-gedrewenheid, die aanleer van emosionele beheer en die oorheersing van portuur en die skoolgemeenskap. Verwydering uit die bekende omgewing en portuurgroep kan in hierdie stadium intens persoonlik beleef word weens die verlies aan persoonlike beheer. Die bindingsproses word ook ondermyn en kan aanleiding gee tot herkomsverwardheid, wat negatief inwerk op identiteitsvorming. Hierdie reaksies kan dit dus moeilik maak vir die pleegouers om ’n verhouding met die kind te bou. Tog kan die groeiende intellektuele begripsvermoë voordelig benut word om die pleegkind by te staan om sy situasie te verstaan en daarby aan te pas. (Vgl. 4.2.3.)

- Identiteitsvorming, geslagsrypheid, selfbeeldontwikkeling en onafhanklikheidswording is van die uitstaande kenmerke van adolessensie. Statutêre ingryping versteur hierdie ontwikkelingsprosesse met kritieke gevolge betreffende uitreagerende gedrag en onafhanklikheidswording. Die vermoë tot beredenering en abstrakte denke kan voordelig aangewend word om verwydering te analiseer en deel te neem aan besluitnemingsprosesse oor alternatiewe plasings. (Vgl. 4.2.4.)

- Statutêre ingryping en pleegsorgplasing word gewoonlik deur die kind in enige ontwikkelingsfase as ’n krisis en traumaties beleef tensy die kind al ’n geruime tyd by die

versorgers woon. Skeidingsreaksies verskil na gelang van die ontwikkelingsfase, maar gaan gewoonlik gepaard met verliesreaksies en belemmer die kind se bindingsproses, wat hom onseker en onveilig laat voel. Dit is belangrik dat pleegouers opleiding en voorbereiding in die verband ondergaan en doelbewus werk aan nuwe bindings of verhoudings en die ontwikkeling van veerkragtigheid ten einde die kind te bemagtig om interne en eksterne sterktes te benut om nuwe transaksies te ontwikkel en aan te pas. (Vgl. 4.3.)

- Vanuit die empiriese ondersoek blyk dit dat maatskaplike werkers hoë pleegsorgladings moet hanteer (vgl. figuur 22) van kinders wat in alle ontwikkelingsfases (Vgl. 4.2 en figuur 23) verkeer, met 'n breë spektrum van ontwikkelings- en spesiale behoeftes. Dit verg besondere diensleweringsvaardighede wat in 'n pleegsorgplan vervat behoort te word. Maatskaplike werkers beskik wel oor die vaardighede maar werk oorwegend in 'n diensleweringskonteks, wat die toepassing daarvan bemoeilik.

- Dit is belangrik dat maatskaplike werkers kennis dra van ontwikkelingstadiums en -take van kinders ten einde in staat te wees om ouderdomsgepaste assessering, intervensie en evaluering tydens die lewering van pleegtoesigdienste toe te pas. (Vgl. tabelle 4–7.)

- Konsepte van die sterkteperspektief by die pleegkind wat in die besonder aandag behoort te kry is die ontdekking van interne en eksterne sterktes (vgl. 4.3.3), die ontwikkeling van veerkragtigheid (vgl. 4.3.1) en 'n hegtheidsband (vgl. 4.3.2), sodat die pleegkind in staat gestel kan word om sy volle potensiaal te ontwikkel.

- Kinders wat deur die uitgebreide familiesisteem op privaat reëling met behulp van 'n kindertoelae versorg kan word, behoort nie in pleegsorg geplaas te word nie. Pleegsorg is slegs bedoel vir kinders wat verwaarloos, mishandel of verlaat is, nie kon baat by vroeë intervensie nie en aangewese is op maatskaplike hulpverleningsprogramme op statutêre vlak. (Vgl. 9.2.2.)

- Die vraelysopname het getoon dat die pleegsorgstelsel vanaf 'n gemiddelde tot geringe mate deur ernstige probleemgedrag van kinders gekonfronteer word. (Vgl. tabel 26.) Tog wys enkele deelnemers uit dat onbeheerbare gedrag en seksuele losbandigheid problematies is en ook dat daar nie werklik 'n vertrouensverhouding met pleegkinders bestaan nie omdat die frekwensie van dienslewering so laag is. Die resultate in tabel 26 stem ooreen met figuur 31 oor die frekwensie van kontak en tabel 27 oor hulpverlening aan die pleegkind. Die aard en intensiteit van probleemgedrag is dus vanweë gebrekkige

dienslewering nie werklik bekend nie en dit word waarskynlik eers aangemeld wanneer daar alreeds ŉ krisis bestaan.

- Die ontwikkelingsassesseringsmodel (vgl. 4.4.1) word as ŉ geskikte raamwerk beskou om die pleegkind op individuele vlak te assesseer, aangesien die sentrale fokus van die model op potensiaal en sterktes gerig is terwyl behoeftes ook daardeur bepaal kan word.

- Daar bestaan grootliks eenstemmigheid oor die inhoud en fundamentele aspekte van pleegtoesigdienste aan die pleegkind (vgl. 4.5 en figuur 26), hoewel dienste in die praktyk meer sentreer om administratiewe en statutêre prosesse en daar nie werklike maatskaplike hulpverlening (vgl. tabel 27) toegepas word nie.

- Daar behoort ŉ pleegsorgplan of individuele ontwikkelingsplan vir elke pleegkind te bestaan wat handel oor doelwitte volgens geïdentifiseerde behoeftes, ŉ tydskedule waarbinne die doelwitte bereik moet word en die verantwoordelike persoon wat dit moet uitvoer. (Vgl. 4.5.2 en tabel 8.)

Die individuele aspekte in die mikrosisteem van die pleegkind is deur die literatuurstudie in hoofstuk vier en die empiriese ondersoek, verken en beskryf in terme van ouderdomsgepaste dienslewering aan die pleegkind en die impak van statutêre ingryping veral op die kind se geborgenheid. Die noodsaak van pleegtoesigdienste of monitering volgens ŉ pleegsorgplan wat nie net op probleme fokus nie maar ook op die ontwikkeling van veerkragtigheid en heraanpassing, word as voorvereiste vir ŉ suksesvolle pleegsorgplasing beskou.

10.2.4 Gesinsaspekte in die mesosisteem ter versterking van die biologiese en pleeggesin

- Gesinne kom in ŉ verskeidenheid van vorms voor, wat wissel van ouerpare tot enkelouers, wat op grond van biologiese, emosionele of sosiale redes saamgestel word. Gesinne word met of sonder ŉ wetlike verbintenis saamgestel. (Vgl. 5.1.1.) Pleegkinders word in die meeste gevalle by grootouers of familieverwante nukleêre en enkelouergesinne geplaas. (Vgl. tabel 23.)

- Gesinne beweeg normaalweg deur verskillende lewensiklusse van getroude of saamwoonpaartjies, kindergeboorte, voorskoolse kinders, middelkinderjare, adolessente, lanseringstadium, middeljarige ouers en ouerwordende gesinslede. Elke siklus gaan met gesinsontwikkelingstake en verantwoordelikhede gepaard. (Vgl. 5.2.2 en tabel 9.) Die kind as individu se normale ontwikkeling is interafhanklik van die nakoming van gesinsontwikkelingstake. Indien ouerlike verantwoordelikhede en regte dus nagekom word, word in die beste belang van die kind gehandel. (Vgl. 6.2.5.)

- Funksionele gesinne is fundamenteel gesond omdat onderskeie gesinslede hul rolle ken en vervul, mekaar ondersteun en versorg en sodoende in staat is om krisisse en uitdagings te oorkom en weer te herstel. (Vgl. 5.1.1 en 5.2.) Die vervulling van primêre gesinstake soos die generering van inkomste en hulpbronne, kinderversorging en beskerming, sosialisering, emosionele versorging, intellektuele stimulasie en die vaslegging van gesonde waardes en norme dien as beskermingsfaktore vir die welstand van kinders. (Vgl. 5.2.3.)

- Risikofaktore in die gesin wat tot 'n mindere of meerdere mate aanleiding kan gee tot kinderverwydering en pleegsorgplasings is gewoonlik verskillende vorms van verwaarlosing, mishandeling of seksuele misbruik wat neerkom op onbevoegde en onverantwoordelike ouerskap, onopspoorbare ouers wat hul kinders verlaat of wat siek of oorlede is aan veral VIGS, of ongeskiktheid vanweë liggaamlike- of geestestoestande, armoede, gesinsgeweld, kriminele aktiwiteite en substansmisbruik. (Vgl. 5.2.4, tabel 21 en figuur 25.)

- Veranderde huweliks- en gesinstrukture, soos dat pare van dieselfde geslag trou of bloot saamwoon, 'n toename in egskeiding, enkelouerskap, beroepsgeleenthede vir vroue, kinderhoof- en grootmoederhoofhuishoudings kan 'n destabiliserende uitwerking op gesinsfunksionering uitoefen wat die primêre sosialiseringsinstelling van die kind is en dus verdere risiko's vir normale ontwikkeling inhou. (Vgl. 5.2.4.)

- Die ekologies-sistemiese perspektief (vgl. 5.3, 5.4.2 en 5.5) bied 'n geskikte raamwerk vir die analise van riskante en beskermingsfaktore in gesinsfunksionering en om na aanleiding van die resultate, geskikte intervensie ter versterking van die gesin te lewer. Volgens die raamwerk kan bepaal word tot hoe 'n mate gesinsfunksies (vgl. 5.2.3) in die beste belang van die kind uitgevoer word deur geleentheid te bied tot positiewe aanpassing tussen persoon-in-omgewing, transaksies, aanpasbaarheid, streshantering, verbondenheid en die ontwikkeling van veerkragtigheid. (Vgl. 5.4.)

- Die genogram (vgl. 5.5.1 en figuur 8) kan as 'n uiters geskikte assesseringstegniek gebruik word om inligting oor interpersoonlike verhoudings, triangulasie, multigeneratiewe oordrag, angs en stres, selfdifferensiasie, rolfunksionering en veral emosionele prosesse in gesinsfunksionering te bekom. Die genogram kan ook tydens keuring van pleegouers gebruik word om te bepaal of die kind by die betrokke gesin sal kan inpas en of hulle in sy behoeftes sal kan voorsien.

- Volgens beleidsdokumente word daar 'n hoë prioriteit op gesinsbewaring geplaas. Voorkomingsdienste in die vorm van sterktegerigte gesinsbewaringsprogramme (vgl. 5.4) alvorens kinderverwydering en pleegsorg plaasvind, kom nie tot sy reg in die raamwerk vir

dienslewering aan kinders nie. (Vgl. 3.7.1, 5.4.1–5.4.3 en tabel 24.) Die meeste maatskaplikewerkhandelinge vind op statutêre vlak plaas wanneer die familie die welsynsinstansie nader vir 'n pleegsorgplasing of wanneer die kind deur 'n krisisverwydering beveilig moet word.

- Tydens dienslewering is dit soms moeilik om te bepaal wat die aard en omvang van risikofaktore is waarin die kind verkeer en of die kind of gesin in 'n krisis verkeer en statutêre optrede geregverdig is. Die samestelling van 'n praktiese riglyn vir die assessering van 'n kind in 'n risiko of krisis (vgl. tabel 10) kan as hulpmiddel vir die maatskaplike werker dien wanneer ingewikkelde besluite oor kinderverwydering geneem moet word. Op hierdie wyse word 'n holistiese assessering verseker en kan ook voorkom word dat kinderverwydering onnodig plaasvind.

- Daar bestaan 'n tekort aan pleeggesinne en welsynsinstansies slaag nie daarin om deurlopende werwingsprogramme volgens 'n verskeidenheid van metodes te loods ten einde al die sektore van die samelewing te bereik nie. (Vgl. 5.6.1, figuur 32 & 33 en tabel 32.) Daar bestaan nie georganiseerde werwings-, keurings-, opleidings- en passingsprogramme vir pleegouers op streekvlak nie, terwyl dit 'n erkende nood by alle welsynsinstansies is en elkeen individueel poog om by hierdie take uit te kom.

- Die sukses van pleegsorg is grootliks afhanklik van noukeurige keuring (vgl. 5.6.2) en voorbereiding (vgl. 5.6.3) in die vorm van opleiding (vgl. tabel 11) van pleegouers, sowel as passing tussen die behoeftes van die pleegkind en die vermoë van voornemende pleegouers om daarin te kan voorsien. Die keuring van pleegouers vir familie of nie-familieplasings verskil (vgl. tabel 32), deurdat keuringskriteria nie so streng toegepas word in eersgenoemde geval nie omdat verwantskap tussen pleegouer en -kind hoë prioriteit geniet. Familieplasings is egter nie 'n waarborg vir sukses nie en daarom behoort die maatskaplike ondersoek en pleegtoesigdienste nie afgeskeep te word nie. (Vgl. 5.6.)

- Opleiding van pleegouers (vgl. tabel 11) met die nodige erkenning daarvoor in die vorm van 'n sertifikaat of registrasie (vgl. 5.6.3 en tabel 32), behoort hulle meer bewus te maak van hul rol en medeverantwoordelikheid om die plasing te laat slaag. Sodoende kan ook beter erkenning gegee word vir hul bydrae en die status van pleegouerskap moontlikverhoog word.

- Plasingstabiliteit kan bevorder word indien kinders aangewese op pleegsorg by nie-familielede volgens 'n bepaalde kriteria by beskikbare pleeggesinne ingepas word in terme

van versoenbaarheid tussen die kind se behoeftes en die pleegouers se vermoëns. (Vgl. tabel 32.)

- Maatskaplike werkers stem grootliks saam dat pleegouers oor besondere eienskappe behoort te beskik waarvan liefde vir kinders, 'n verbintenis tot samewerking met rolspelers, sorgsaamheid en sensitiwiteit vir die pleegkind se besondere omstandighede as van die belangrikste beskou word. (Vgl. 5.6.2 en figuur 35.) Eenstemmigheid oor die eienskappe en positiewe motiewe vir pleegouerskap vergemaklik die loodsing van gesamentlike werwingsaksies tussen verskillende welsynsinstansies in dieselfde geografiese gebiede. (Vgl. figuur 34.)

- Pleegouers se biologiese kinders wat nog afhanklik of selfs alreeds onafhanklik is en veral indien hulle nog inwonend is, behoort ingesluit te word by die keurings-, plasings- en toesighoudende proses. (Vgl. 5.6.4.) Indien hulle by die plasing betrokke gemaak word, kan dit positiwiteit en samewerking in die gesin bevorder. Dit kan ook voorkom dat die pleegouers se gesinsfunksionering benadeel word deur die plasing en die integrasie- en aanpassingsproses vergemaklik.

- Pleegouers se motiewe vir die plasing moet suiwer in die beste belang van die kind wees, terwyl dit voorkom asof dit soms gaan om die gesinsinkomste aan te vul deur toegang tot 'n pleegouertoelae. (Vgl. figuur 30 en 9.2.2.) Hierdie soort werkswyse bevorder afhanklikheid en ontwrig en verwyder gesinne van mekaar.

- Die motief vir materiële gewin moet egter nie veralgemeen word nie, aangesien die empiriese ondersoek toon dat die meerderheid eienskappe of motiewe wat by pleegouers geïdentifiseer word, handel oor liefde vir kinders en om vir mekaar te sorg. (Vgl. 5.6.2 en figuur 35.) Daar is dus vele pleegouers wat met groot sorg na kinders omsien met uiters min middele tot hul beskikking en wat hiervoor erkenning moet kry van diensleweringsinstansies.

- Volgens die literatuurstudie (vgl. 5.6.4) behoort pleegtoesigdienste volgens 'n pleegsorgplan gelewer te word wat gesinsgesentreerd is en op sterktes en ontwikkeling fokus. Die program moet multidissiplinêr (vgl. 6.4) uitgevoer word en ingestel wees op plasingstabiliteit en die integrasie van die pleegkind by die gesin met waar van toepassing, behoud van kontak met die biologiese ouers.

- Die empiriese ondersoek toon dat pleegtoesigdienste kwartaalliks, halfjaarliks en jaarliks (vgl. figuur 31) gelewer word, alhoewel daar nie veel hulpverleningsmetodes (vgl. tabel 27) toegepas word nie. Pleegtoesigdienste bestaan waarskynlik in die praktyk uit monitering

(vgl. tabel 32) ter wille van die nakoming van tweejaarlikse statutêre verslae. Hoë gevalleladings (vgl. figuur 22 en 28) bemoeilik indiepte intervensie en pleegtoesigdienste word tot 'n administratiewe prosedure vervlak.

- Gesinsherenigingsdienste (vgl. 5.7) stel besondere uitdagings aan maatskaplike dienslewering omdat met gesinne gewerk word wat in ernstige nood verkeer. Die ouers verdwyn dikwels in die stelsel omdat hulle 'n geskiedenis van problematiek ervaar en gebuk gaan onder skuldgevoelens, selfverwyt en die gevoel van waardeloosheid as mense en as ouers. Die sterkteperspektief word as die aangewese benadering tot gesinsherenigingsdienste beskou omdat dit hoop vir herstel bied. (Vgl. 2.7.3.) Dit verg egter steeds intensiewe insette van maatskaplike diensberoepe wat weereens in spanverband gedoen moet word.

- Die realiteit van Suid-Afrika is dat gesinsherenigingsdienste in die minderheid van gevalle realiseer. (Vgl. 5.7.4 en tabel 25.) Volgens empiriese resultate is die meeste ouers oorlede of onopspoorbaar en dié wat wel beskikbaar is, is grootliks onbetrokke of vasgevang in kroniese problematiek. Tog berus daar 'n statutêre verpligting op maatskaplike werkers om tweejaarliks verslag te doen oor die reaksie en vordering op dienslewering, tensy bewys kan word dat terugplasing in terme van nuwe bepalings in artikel 186 van die Kinderwet (vgl. 6.2.5) uitgesluit is. Op hierdie wyse kan die werkslas op maatskaplike werkers betreffende pleegtoesigdienste en gesinsherenigingsdienste verlig word. Monitering van langtermyn-familieplasings wat nie intensiewe intervensie benodig nie, kan ook deur ander maatskaplike diensberoepe soos hulpwerkers en kinder- en jeugsorgwerkers gehanteer word. (Vgl. 6.2.5.)

Die pleegkind se gesinskonteks, hetsy biologiese of pleeggesin, is volledig verken en beskryf ten einde die noodsaak van gesonde gesinslewe vir gesonde kinderontwikkeling te motiveer. (Vgl. hoofstukke vyf en nege.)

10.2.5 Sosiaal-strukturele sisteme en faktore wat die pleegsorgplasing beïnvloed

- Volgens die ekologiese perspektief kan beskermings- en riskante faktore in die leefwêreld van die kind holisties vanaf gemeenskaps-, provinsiale, en nasionale tot globale vlak geanaliseer word. (Vgl. 6.1.) Langtermynblootstelling aan funksionele gemeenskappe skep gunstige omstandighede vir die ontwikkeling van normaal aangepaste kinders, terwyl blootstelling aan disfunksionele gemeenskappe soos armoede, skending van kinderregte, ondoeltreffende gesondheids- en onderrigdienste aanleidend kan wees tot sosiale deprivasie.

- Volgens die sterkteperspektief moet omgewingstruikelblokke nie geïgnoreer word nie, maar hanteer word met die veronderstelling dat enige omgewing vol hulpbronne is wat ontgin kan word. Dit is veral veerkragtigheidsfaktore (vgl. 6.1.1) in die vorm van sosiale en interpersoonlike vaardighede wat die grense van maatskaplike-dienslewering kan vergroot deur gemeenskapsbetrokkenheid te bewerkstellig. Gemeenskappe moet verantwoordelikheid neem vir die versorging van hul kinders deur betrokke te raak by pleegsorg as vrywilligers, pleegouers of groepskemas. (Vgl. tabel 32.)

- Beleid oor kinderversorging en -beskerming is op die Grondwet van die land, sowel as internasionale beheermaatreëls gebaseer. (Vgl. 6.2.) Daarom beskerm dit die regte van kinders volgens die demokratiese waardes van oorlewing, beskerming, waardigheid, deelname, vryheid, gelykheid en ontwikkeling.

- Kinderregte word hoog geag in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe en die Kinderwet is dienooreenkomstig saamgestel. Volgens kinderwetgewing en beleidsdokumente moet kinders nie net bewus gemaak word van hul regte sonder die beklemtoning van verantwoordelikhede nie. Tydens dienslewering moet kinders dus volgens vermoë en ouderdomsgepas medeverantwoordelikheid aanvaar vir byvoorbeeld samewerking en gebruikmaking van dienslewering en die uitvoering van besluite sodat dit deel vorm van ’n opvoedingsproses en strewe na onafhanklikheid. (Vgl. 6.2.3 en 6.2.4.) Maatskaplike werkers is van mening dat kinderregte binne die pleegsorgsisteem nagekom kan word (vgl. figuur 36), hoewel dit onder ’n gebrekkige infrastruktuur gebuk gaan.

- Ouerlike verantwoordelikhede en regte word duideliker in die nuwe Kinderwetgewing uitgespel ten opsigte van beide die vader en die moeder, getroud of ongetroud, met veral die klem op die verantwoordelikheid om kinders te versorg, te beveilig en ontwikkelingsgeleenthede te bied. Indien ouers konflik ervaar in die uitoefening van verantwoordelikhede en regte, kan hulle bygestaan word met die samestelling van ouerskapsplanne. Familielede of ander betekenisvolle persone kan ook ingesluit word as medehouers van ouerskapsplanne. Hierdie maatreël behoort daartoe by te dra dat beide die vader en moeder meer bewus gemaak kan word van hul verantwoordelikhede in die geval van verwaarlosing, mishandeling of verlating van kinders en hulle nie sonder meer by familie agterlaat wat weer aansoek doen vir ’n kindertoelae of pleegsorg ter wille van ’n inkomste nie. (Vgl. 6.2.4 en 6.2.5.)

- In die nuwe Kinderwet word standaarde vir die beste belang van die kind duidelik uitgespel, wat as riglyn kan dien vir die toepassing van kinderregte en wanneer die beste

versorgingsposisie vir die kind deur die Egskeidings- of Kinderhof bepaal moet word. Kriteria vir die beste belange van die kind kan eenvormige vertolking deur verskillende rolspelers verseker. (Vgl. 6.2.5.)

- Vorige kinderwetgewing was geskoei op die remediërende model en statutêre beskermingsdienste. In teenstelling hiermee bied die nuwe Kinderwet 'n raamwerk vir die lewering van meer ontwikkelingsgerigte en voorkomingsprogramme vir gesins-bewaring. (Vgl. 6.2.5 en tabel 12.) Daar bestaan wisselende menings oor of die doelwitte van die Kinderwet in die pleegsorgpraktyk bereik kan word (vgl. Figuur 37) al dan nie. Die implementering van die wet is in die beginstadium en daarom is die ontwikkeling van 'n infrastruktuur sowel as kennis en vaardigheid in die toepassing daarvan nog in proses.

- Die Kinderwet maak voorsiening vir pleegsorg by nie-familielede sowel as familielede en groepskemas. (Vgl. tabel 12.) Benewens die formele pleegsorgplasings word ook voorsiening gemaak vir vroeë intervensieprogramme soos gesinsbewaring, toesigdienste, gedeelde en gedeeltelike sorg, sowel as kinderbeskermingsbevele waardeur die kind solank moontlik buite die statutêre sisteem beskerm kan word.

- Bestaansbeveiligingsmaatreëls is deur die regering in die vorm van kindertoelae ingestel om kinders te beskerm teen die gevolge van armoede en die pleegsorgtoelae om in die pleegkind se basiese behoeftes te voorsien. Die aanvraag na veral die pleegsorgtoelae het drasties toegeneem, aangesien die bedrag groter is as in die geval van 'n kindertoelae. (Vgl. 6.3.2 en tabel 33.) Kommer bestaan dat kinders misbruik word om pleegsorgtoelae te bekom en dat die fokus van welsynsdienste op bestaansbeveiliging te prominent raak, terwyl dit slegs 'n veiligheidsnet behoort te wees op die weg na selfstandigheid volgens die beleid van ontwikkelingsgerigte welsynsdienste.

- Beleid en kinderwetgewing bied 'n uitstekende basis vir die lewering van kinder-beskermingsdienste, maar dit is algemeen bekend dat die uitvoering daarvan op grondvlak steeds gebuk gaan onder 'n tekort aan hulpbronne en infrastruktuur en dat kwesbare kinders steeds in armoede, op straat en in agtergeblewe toestande leef (vgl. 6.2.3) wat hul gesondheids-, onderrig-, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling benadeel.

- Die vernaamste diensleweringsinstansie vir kinderbeskermingsdienste bestaan uit die Departement Maatskaplike Ontwikkeling (vgl. 6.3.1), wat as toonaangewend in dié verband beskou word. Die belangrikste nieregeringsorganisasies (vgl. 6.3.3 en figuur 15) wat namens die staat aan die pleegkind dienste lewer, is kerklike instansies, vroueorganisasies en die Vereniging vir Kindersorg. Die betrokke organisasies het as deelnemers in die

empiriese ondersoek gedien en was meer verteenwoordigend en bereid tot deelname as die staatsdepartement. (Vgl. tabel 16.)

- Hoewel sewe uit die nege provinsies tot 'n mindere of meerdere mate by die ondersoek betrek is, was die meeste deelnemers afkomstig uit die Vrystaat (vgl. figuur 14) waar die navorser die meeste persoonlike kontakte op welsynsgebied het, en wat beslis 'n rol in die terugvoer gespeel het. Die fokusgroepe het ook grootliks bestaan uit maatskaplike werkers afkomstig uit die Vrystaat; dus kan die resultate op die pleegsorgsituasie in die Vrystaat en tot 'n mindere mate op die res van die land, van toepassing gemaak word.

- Die maatskaplikewerkerskorps wat aan die ondersoek deelgeneem het, bestaan oorwegend uit blanke (vgl. figuur 12), vroulike (vgl. figuur 11) maatskaplike werkers wat wissel van hulle vroeë twintigerjare tot aftree-ouderdom. (Vgl. figuur 13.) Slegs 'n klein persentasie beskik oor nagraadse kwalifikasies (vgl. figuur 16), maar het oorwegend vyf jaar en meer ervaring. (Vgl. figuur 17.) Die pleegsorgpraktyk word dus deur opgeleide en ervare persone bedien.

- Nieregeringsorganisasies gaan gebuk onder finansiële tekorte in die vorm van subsidie en maatskaplike werkers wat teen laer besoldiging werk as by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling. Hoë werkladings en ontoereikende besoldiging dra by tot 'n lae moreel in die professie (vgl. tabel 20) en maatskaplike werkers behoort meer erkenning, beter vergoeding en 'n beter infrastruktuur te kry ten einde meer werksbevrediging te ervaar.

- Die formele en informele sakesektor (vgl. 6.3.5) se betrokkenheid by pleegsorg in die vorm van materiële ondersteuning soos borgskappe vir spesiale projekte vir kinderontwikkeling of versterking van gesinslewe, kan die lewenskwaliteit van die pleegkind verbeter. Op hierdie wyse kan gemeenskapsbetrokkenheid en medeverantwoordelikheid by kinderbeskerming en pleegsorg bewerkstellig word.

- Vrywilligers (vgl. 6.3.6) maak 'n fundamentele deel uit van die welsynsisteem deur bystanddienste sonder vergoeding in die vorm van verskillende ondersteuningsprogramme (vgl. 3.6.7–3.6.9) aan pleeggesinne te lewer, soos die oog-op-die-kind-projek. (Vgl. 3.6.10.) Op hierdie wyse word 'n groot bydrae gelewer, veral in die lig van die tekort aan mensekrag.

- Deur multidissiplinêre spanwerk (vgl. 6.4) kan 'n holistiese versorgings- en dienslewering-sisteem aan die pleegkind gelewer word. Van die vernaamste rolspelers om slagoffers te beskerm en oortreders te vervolg is die polisie en die Departement van Justisie. (Vgl. 6.4.1.) Deur die onderwyssisteem (vgl. 6.4.2) kan pleegkinders se welsyn in skoolverband gemonitor word om terugvoer aan toesighoudende maatskaplike werkers oor vordering en algemene versorging te gee. Gesondheidsdienste (vgl. 6.4.3) is nie net verantwoordelik vir

die behandeling van fisiese en geestestoestande nie, maar ook vir die voorkoming daarvan en nasorgdienste aan veral die kind met kroniese toestande. Ander rolspelers wat na gelang van spesiale behoeftes wat die pleegkind mag hê, betrek word, is byvoorbeeld die sielkundige, arbeidsterapeut, psigiater, regsverteenwoordiger en geestelike leier. (Vgl. figuur 39.)

- Die geslaagdheid van multidissiplinêre spanwerk word wisselend geëvalueer van *soms* tot *gewoonlik*, maar ook *selde* of *nooit.* (Vgl. figuur 38.) Die empiriese resultate kan daarop dui dat die komponente van interdissiplinêre samewerking (vgl. Tabel 13) in sommige gevalle prakties toegepas word en in ander gevalle nie. Dit kan ook dui op 'n gebrek aan inisiatief deur die maatskaplike werker – wat meestal as die primêre rolspeler beskou word – om spanwerk te inisieer. Verder kan dit aanduidend wees van 'n gebrek aan toeganklikheid of beskikbaarheid van rolspelers of dat die reeds oorlaaide maatskaplike werker nie die tyd het om spanwerk te inisieer nie.

- Benewens pleegsorgdienste deur die maatskaplike werker, behoort ander maatskaplike diensberoepe soos hulpwerkers en kinder- en jeugsorgwerkers ook deel van 'n holistiese diensleweringsprogram uit te maak (vgl. 4.2), veral betreffende die hoë werkslading by pleegtoesigdienste in familieverband wat met roetinemonitering gepaard gaan.

- Kroniese siektetoestande en sterftes aan VIGS en tuberkulose speel 'n belangrike rol in die toename in pleegsorgplasings. Projeksies dui daarop dat die aantal kinders wat hul moeder of beide ouers as gevolg van VIGS kan verloor, steeds aan die toeneem is. Die uitgebreide familienetwerk se sterktes word deur hierdie versorgingslas uitgeput, wat verder aanleidend is tot verhoogde pleegsorgplasings. Voorkomingsprogramme ten opsigte van MIV/VIGS word onder verdenking geplaas weens 'n gebrek aan navorsing oor die doeltreffendheid daarvan en die feit dat seksuele gedrag van die jeug nie merkbaar verander nie, sowel as die feit dat VIGS-sterftes steeds toeneem. (Vgl. 6.5.1 en 9.2.2.)

- Kinders word emosioneel, fisies, ekonomies, opvoedkundig en sosiaal ernstig benadeel deur die VIGS-pandemie deurdat die meeste sterftes onder volwassenes in hul middeljare – dus hul ouers – voorkom en kinders dikwels voortydig in 'n volwasse rol ingeforseer word deur die versorging van siek volwassenes, blootstelling aan gereelde sterftes en begrafnisse, en kinder- of grootmoederhoofhuishoudings. Die implikasie vir kinders is dus dat hulle dikwels blootgestel word aan uitbuiting, geen vaste versorgingsbinding het nie, op straat beland, of diskriminasie van hul versorgers ervaar, selfs al word hulle in pleegsorg geplaas. (Vgl. 6.5.1.)

- Ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling hou direk verband met mekaar. Sosio-ekonomiese realiteite wat die pleegsorgstelsel benadeel sluit in behuisingsnood, armoede en werkloosheid. (Vgl. 6.5.2 en figuur 27, 29 & 30.) Ekonomiese ontwikkeling kan dus bydra tot maatskaplike ontwikkeling en andersom.

- Die voorkoms van armoede speel 'n betekenisvolle rol in die toename in pleegsorgplasings, deurdat ouers wat nie vir hul kinders kan sorg nie, hul eenvoudig verlaat of in familiesorg laat. Die meeste van hierdie situasies word in pleegsorg omskep. (Vgl. 6.5.2.) Verder is die meeste pleegouers ook boonop werkloos met hulle enigste bronne van inkomste staatstoelae en verdienste uit informele werk. (Vgl. figuur 29 & 30 en 9.2.2.)

- Pleegkinders word meestal in informele behuising versorg (vgl. figuur 27), wat waarskynlik nie in ooreenstemming is met beleid dat die kind die reg tot beskerming en ontwikkeling het nie, ook wat behuisingsbehoeftes betref. (Vgl. 6.5.2.) Informele behuising bestaan gewoonlik net uit 'n basiese skuiling.

- Pleegouertoelae moet in belang van die kind se fisiese, emosionele, intellektuele, rekreasie- en religieuse behoeftes aangewend word. Wanneer die pleegkind by 'n arm gesin geplaas word, is dit onmoontlik om in al die genoemde behoeftes te voorsien, want die toelae word deel van die totale gesinsinkomste waarin al die inwoners deel. Armoedeverligtings-programme maak nie voldoende voorsiening om kinders binne biologiese gesinsverband en uit die statutêre sisteem te hou nie; daarom word die pleegsorgsisteem hiervoor aangewend. (Vgl. 9.2.2.)

- Maatreëls wat deur die staat ingestel is ter bevordering van die ekonomiese en maatskaplike omstandighede van kinders wat in armoede verkeer, is onder andere skoolvoedingsprogramme, vrystelling van skoolfooie, gratis gesondheidsdienste, gratis watervoorsiening, behuisingsubsidieskemas en die kindertoelae. (Vgl. 6.5.2.) Hoewel hierdie maatreëls as beskermingsfaktore kan dien wanneer dit volgens beleid toegepas word, kom dit steeds nie by al die behoeftige kinders op grondvlak uit nie.

- Volgens die literatuurstudie (vgl. 6.5.3) bestaan daar 'n verband tussen substansmisbruik en chemiese afhanklikheid en kinderverwaarlosing en mishandeling. Vanuit tabel 21 blyk dit dat verskeie faktore op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem van 'n geringe tot baie groot mate bydraend tot pleegsorgplasings kan wees.

- Die ekologiese perspektief met 'n sterktegerigte benadering kan met sukses gebruik maak van die ekokaart en die maatskaplike netwerkkaart om behoeftes en sterktes in die pleegkind se omgewing te assesseer. (Vgl. 6.6.) 'n Belangrike taak van die maatskaplike

werker is om die regte hulpbronne op die pleegkind se behoeftes af te stem; vandaar die noodsaak om die strukturele aspekte soos diensleweringsinstansies en verskillende professionele rolspelers (vgl. 6.3) in die ekologiese ontledingsisteem te verken en in aanraking met die nood te bring.

Verskeie sosiaal-strukturele sisteme en faktore het ‘n versterkende of riskante invloed op die welstand van pleegkinders soos onder andere die beskikbaarheid van hulpbronne en dienste en doeltreffende hantering van maatskaplike verskynsels soos VIGS, armoede en kinderverwaarlosing of -mishandeling. (Vgl. Hoofstuk ses en nege.)

10.2.6 Sosiokulturele sisteme en faktore wat sorgbehoewendheid en pleegsorg beïnvloed

- ’n Pleegsorgpraktyk geskoei op maatskaplikewerkwaardes en -beginsels is noodsaaklik, veral om die etiese en professionele verantwoordelikheid teenoor kinders na te kom. Realiteite in die pleegsorgpraktyk plaas maatskaplike werkers dikwels in etiese dilemmas, aangesien waardes soos veral maatskaplike geregtigheid moeilik haalbaar is met die oorweldigende werkslas waardeur nie werklik vir sulke hoë gevalleladings professionele aanspreeklikheid aanvaar kan word nie. (Vgl. 7.1, tabel 14.) Tog dui die empiriese resultate daarop dat maatskaplike werkers hierdie waardes en beginsels in die pleegsorgpraktyk toepas. (Vgl. tabel 28.)

- Die literatuurstudie in 7.1.2 dui daarop dat Suid-Afrikaanse samelewings verskeie risiko’s vir veiligheid en gesonde kinderontwikkeling inhou vanweë seks- en geweldsmisdade teenoor kinders. Dit is veral mans wat by hierdie misdade betrokke is en dit word toegeskryf aan uitdaging van die man se gesag – dus die patriargale stelsel – in die gesin en samelewing deur regstellende aksie en die veranderde rol van die vrou en moeder. Politieke magstryd en wedywering in die postapartheidsera het dikwels ’n subtiele negatiewe wisselwerkende invloed op die individu, gesin, groep en gemeenskap wat die kind se welsyn in gevaar stel.

- Uitdagende gedrag onder kinders soos geweld in skole, bullebakkery, aggressiewe gedrag, misdaad, swak morele waardes en inligtingstegnologie soos selfone en rekenaars wat nie net gebruik word vir toegang tot opbouende inligting nie maar ook blootstelling aan negatiewe elemente inhou soos pornografie en ongewenste seksuele voorstelle aan kinders, raak ’n groeiende probleem. (Vgl. 7.1.2 en 7.2.2.) Die indruk word soms geskep dat gesagsfigure soos ouers en onderwysers magteloos staan teenoor die hantering en omvang van uitdagende gedrag onder kinders. Gebrekkige samelewingswaardes sou dus aanleiding kon gee tot onbeheerbaarheid, verwaarlosing of mishandeling van kinders en verhoogde pleegsorgplasings.

- Die wisselwerkende rol van hierdie faktore kom nie sterk na vore in die empiriese ondersoek nie. (Vgl. tabel 29.) Hierdie faktore op makrovlak in die ekologiese ontledingsisteem (vgl. 2.9.4) word as meer abstrak met 'n allesomvattende invloed op al die ander sisteme beskou. Dit is 'n meer subtiele invloed wat maklik onderskat kan word omdat dit emosioneel en ideologies gefundeer is en gewoonlik nie aangespreek word deur maatskaplike dienslewering wat meer op die mikro- en mesosisteem fokus nie deurdat daar meestal gebruik van gevallewerk gemaak word. (Vgl. tabel 27.)

- Gestelde waardes en beginsels in die professie maatskaplike werk sowel as die samelewing dien egter ook as beskermingsfaktore vir kinders waar dit wel toegepas en gerespekteer word. (Vgl. 7.1.3.) Dit hou veral verband met waardes wat met spiritualiteit gepaard gaan, soos geen diskriminasie, respek, aanvaarding, eerlikheid, empatie en verbintenis tot waardeklarifikasie nie, wat alles meewerk tot die bevordering van maatskaplike geregtigheid.

- Spirituele ontwikkeling en godsdienstige oriëntasie moet volgens die Kinderwet tydens pleegsorgplasings gerespekteer word. (Vgl. 7.3.) Tydens spirituele assessering (vgl. 7.3.1) kan bepaal word of geloofsaspekte 'n versterking of hindernis in die kind se lewe is. Geloof dien normaalweg as 'n anker en bron van hoop in tye van teenspoed en pyn, veral as volwassenes kinders in die steek gelaat het en behoort daarom as 'n versterkende en beskermingsfaktor tydens dienslewering uitgebou word.

- Die empiriese ondersoek toon dat spiritualiteit en godsdiens wel hoog geag word tydens pleegsorgplasings (vgl. tabel 30), deurdat aan kinders die geleentheid gebied moet word om hul geloofsoortuigings uit te leef en te versterk. Dit is dus ook verkieslik dat die pleegkind en pleegouer 'n ooreenstemmende geloofsverband behoort te hê. Indien dit nie kan realiseer nie, moet die kind volgens kinderwetgewing die geleentheid gegun word om binne sy geloof van oorsprong op te groei, wat soms moeilik haalbaar is aangesien, net soos in die geval van kultuur, geloofsintegrasie ook tydens die alledaagse lewe van die pleeggesin sal plaasvind. (Vgl. 7.3.)

- Ten spyte van riskante samelewingsfaktore bestaan daar ook waardes en beginsels beskermend vir kinders (vgl. 7.1.3) op die makro- en eksovlak in die vorm van kinderregte (vgl. 6.2.3), beleid en ondersteunende kinderwetgewing (vgl. 6.3) sowel as ander beskermingsdienste, soos reeds bespreek in 10.2.5, wat interdepartementeel toegepas behoort te word.

- Kultuur kan ook as ’n risiko- of beskermingsfaktor (vgl. 7.2) vir die pleegkind dien deurdat gemeenskappe kulturele waardes en praktyke voorskryf wat menslike gedrag rig. Tradisionele kulturele gebruike oor gesonde huweliks- en gesinslewe sowel as ondersteunende familienetwerke (vgl. 7.2.1) kan tot voordeel van die kind strek indien dit behoudend is. Veranderde kulturele gebruike en die afbreking van gesinstradisies en familienetwerke deur verstedeliking en ander moderne invloede kan egter ook aanleiding gee tot kinderverwaarlosing en verhoogde pleegsorgplasings.

- Kulturele gebruike wat nie in ooreenstemming met kinderregte is nie kan egter riskant vir kinders wees (vgl. 7.2.2), soos maagdelikheidstoetse, besnydenis of geforseerde huwelike. Hoewel kinders teen die misbruik van kulturele gebruike deur die Kinderwet beskerm word, bestaan daar twyfel of die toepassing van hierdie maatreëls werklik gemonitor kan word in veral verafgeleë landelike gebiede wat gebuk gaan onder beperkte dienslewering en ook omdat kulturele gebruike ’n emosionele en sensitiewe saak is waar kinders nie maklik volwassenes se gesag sal uitdaag nie.

- Kulturele assessering moet gepaard gaan met agtergrondskennis van meerderheids- en minderheidskulture wat die kliënt se leefwêreld op interne en eksterne vlak beïnvloed ten einde stereotipering en vooroordele uit te skakel, veral indien die kliënt en hulpverlener van verskillende kulturele herkoms is. Taal kan veral ’n struikelblok tydens maatskaplike dienslewering wees aangesien daar soveel etniese en taalgroepe in Suid-Afrika bestaan. Tot onlangs is Westerse kulturele waardes as verwysingsraamwerk gebruik vir professionele dienslewering. Tans val die klem op inheemse diensleweringspraktyke (vgl. 7.2) en kulturele bevoegdheid (vgl. 7.2.4) van die maatskaplike werker ten einde die ideaal van maatskaplike geregtigheid na te streef.

- Multikulturele pleegsorgplasings moet deeglik ondersoek word in terme van die motief en vaardighede van die pleegouers en die impak op die kind en pleeggesin betreffende kulturele integrasie en herkomsinterpretasie. Die pleegkind het die reg tot kulturele identiteit en moet daarom nie vervreem word van sy ras, kultuur, taal en geloof nie. Multikulturele plasings kan alleen geregverdig word wanneer hierdie waardes en regte nagekom kan word (vgl. 7.2.4) en daar geen ander opsies binne eie kulturele verband beskikbaar is nie. Sodanige plasings is egter ’n realiteit in Suid-Afrika weens die tekort aan pleegouers en daarom moet dit as ’n sterkte beskou word wat in die beste belang van die kind ontgin kan word. (Vgl. figuur 41.)

- Volgens empiriese gegewens kom multikulturele plasings in die minderheid van gevalle voor (vgl. figuur 40) en is dit meestal swart kinders wat by wit pleegouers geplaas word. (Vgl. figuur 42.) Motiewe vir die plasing kom voor as in die beste belang van die kind, aangesien dit oorwegend gaan oor liefde vir kinders. (Vgl. figuur 43.) Sodanige plasings verg egter groter professionele verantwoordelikheid en kulturele bevoegdheid betreffende pleegtoesigdienste aangesien 'n ekstra dimensie van kulturele integrasie en identiteit deurlopend gemonitor moet word.

Sosiokulturele sisteme en faktore wat sorgbehoewendheid van kinders en pleegsorg beïnvloed, is in hoofstuk sewe en deur die empiriese ondersoek verken en beskryf. Hierdie vlak van die ekologiese ontledingsisteem word maklik afgeskeep tydens die analiseringsproses omdat dit uit die meer abstrakte elemente bestaan soos waardes, kulturele en spirituele aspekte waarvan die invloed allesomsluitend is in terme van die ander sisteme en nie onderskat mag word nie.

10.2.7 Ekologiese analise van pleegsorg en aanwysers vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering

Vir die doeleindes van hierdie studie word nie op hulpverlening as sodanig gefokus nie, maar op die ontleding van pleegsorg op die verskillende vlakke van die ekologiese sisteme om op hierdie wyse 'n bydrae tot die wetenskaplike fundering van die pleegsorgpraktyk te maak. As deel van die analise word assesseringskriteria of -modelle op elke vlak voorgestel waarvolgens beskermings- of riskante faktore geassesseer kan word. (Vgl. tabel 15.) Sodanige assessering kan dan dien as basis vir die beplanning en uitvoering van intervensie. Die voordeel van die ekosistemiese perspektief is dat dit as 'n holistiese raamwerk kan dien waarbinne 'n verskeidenheid van modelle en hulpverleningsaksie toegepas kan word tydens die beoefening van generiese maatskaplike werk. In die literatuurstudie is pleegsorg soos volg op die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme geanaliseer:

- In hoofstuk vier word die mikrosisteem bespreek in terme van verhoudings wat tussen die pleegkind as individu en sy onmiddellike fisiese omgewing bestaan. 'n Analise word gedoen van die kind as individu in verskillende ontwikkelingsfases en -take op fisiese, psigiese, sosiale en religieuse gebiede. 'n Holistiese assesseringsraamwerk is saamgestel waarvolgens individuele behoeftes en sterktes van die pleegkind geassesseer kan word ten einde die maatskaplike werker in staat te stel om wetenskaplik-gefundeerde pleegsorgdienste te lewer.

- 'n Ekologies-sistemiese analise is van die gesinsfunksionering van die pleegkind in hoofstuk vyf gedoen ten opsigte van die biologiese en pleeggesin met spesifieke

verwysing na gesinsvorme, gesinslewensiklus en -take en die wederkerige invloed van veranderde gesinstrukture. ’n Model vir die assessering van beskermende en riskante faktore om die mate en intensiteit van sterktes en krisissituasies te bepaal, sowel as die benutting van die genogram, stel die maatskaplike werker in staat om pleegsorgdienste en gesinsherenigingsdienste aan die onderskeie gesinne holisties te assesseer en te beplan.

- Op die vlak van die eksosisteem in hoofstuk ses is formele en informele sosiale strukture en instellings en die invloed daarvan op die pleegkind geanaliseer. Beleid en wetgewing bied ’n fundamentele raamwerk vir dienslewering aan die pleegkind. Diensleweringinstansies soos die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en nieregeringsorganisasies is verantwoordelik vir die totale pleegsorgproses en die gehalte van maatskaplike dienslewering. Verder word die noodsaak aan ’n multidissiplinêre spanbenadering met veral as rolspelers die Polisiediens, Justisie, Onderwys- en Gesondheidsisteme, geëksploreer. Die eko- en netwerkkaart kan as assesseringsmodelle toegepas word om beskermings- en riskante omgewingsinvloede in die kind se leefwêreld te analiseer waarvolgens dienslewering op gemeenskapsvlak beplan kan word.
- Die makrosisteem vorm die breë kultuur of subkulture waarbinne al die ander sisteme funksioneer. Dit is die oorhoofse ideologiese konteks wat uit abstrakte elemente soos kulturele waardes, norme en geloofsoortuigings bestaan. Volgens die literatuurstudie in hoofstuk sewe kan hierdie waarde- en houdingsaspekte ’n versterkende of riskante invloed uitoefen op die welstand van die kind. Vanuit die empiriese studie blyk dit dat die rol van hierdie aspekte nie so betekenisvol in die praktyk ervaar word nie. Die invloed van sodanige abstrakte elemente is nie altyd so direk waarneembaar op die konkrete vlak waar maatskaplike ondersoeke plaasvind nie en kan daarom maklik misgekyk of onderskat word, veral omdat dienslewering grootliks op individuele en gesinsvlak deur gevallewerk tydens pleegsorgdienste gelewer word.

Tydens die empiriese ondersoek is pleegsorg verken en beskryf deur gebruik te maak van ’n dominante kwantitatiewe opname en ’n aanvullende kwalitatiewe komponent. Die vraelysopname is ook volgens die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme ingeklee en op inligting van die literatuurstudie gebaseer met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord. Kritiese tendense is vanuit die vraelysopname geïdentifiseer wat weer verder verken en beskryf is deur die kwalitatiewe komponent in die fokusgroepbesprekings. Resultate van die empiriese studie word in

hoofstuk nege uiteengesit en is in bogenoemde gevolgtrekkings met die literatuurstudie geïntegreer.

Maatskaplike werk word vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk beoefen, wat beïnvloed kan word deur verskillende diskoerse geassosieer met onder andere biomediese, neoklassieke ekonomiese en regstelsels; geesteswetenskappe; sowel as verbruikersregte, spirituele en religieuse kontekste (Healy 2005:17-91). Vanuit die bogenoemde gevolgtrekkings oor die studie word die afleiding gemaak dat die konteks waarin die pleegsorgpraktyk beoefen word, deur veral die regs- en verbruikersregdiskoerse beïnvloed word:

- Die pleegsorgpraktyk word primêr deur 'n **regsdiskoers** beïnvloed. Die regsdiskoers berus daarop dat die wet gesaghebbend, formeel en rasioneel is en dat aanspreeklikheid voor die reg alle ander oorwegings oorheers. Op hierdie wyse word samelewings gereguleer en orde onderhou (Healy 2005:37). Die pleegsorgpraktyk word grootliks deur die Kinderwet gereguleer, wat berus op die beginsels van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika waarin menseregte en kinderregte (vgl. 6.2.3) hoog aangeslaan word. Voortvloeiend hieruit is die Witskrif vir Welsyn (vgl. 6.2.2) waarin beleid vir die maatskaplikewerkpraktyk waarvan pleegsorg deel uitmaak, uiteengesit word. Tans is die daarstelling van 'n protokol vir pleegsorg ook in die proses van ontwikkeling om by nuwe kinderwetgewing aan te pas. 'n Verdere bewys van die regsdiskoers is die bronnelys van hierdie studie wat bewys dat swaar gesteun is op statutêre en beleidstukke in die verkenning en beskrywing van die pleegsorgpraktyk. (Vgl. SOUTH AFRICA [Republic]/SUID-AFRIKA [Republiek]). Kinderwetgewing is ingestel op voorkoming en herstelling, wat 'n wetlike aanspreeklikheid op maatskaplike werkers plaas om intervensie toe te pas ter voorkoming van kinderverwydering en indien dit onafwendbaar is, dan herstellende dienste te lewer. Soos reeds in voorafgaande gevolgtrekkings aangedui, is dit moeilik om hierdie verpligting na te kom en dit realiseer in die minderheid van gevalle.

- Die **verbruikersregdiskoers** het ook 'n invloed op die pleegsorgpraktyk deurdat dit ingestel is op dienslewering gepas vir die verbruiker se spesifieke behoeftes. Met die verbruikersregbeweging word etikettering en 'n siektegerigte uitkyk op mense uitgedaag met die erkenning van die kliënt se vermoëns en keuses (Healy 2005:71–72). Dié diskoers sluit aan by die sterkteperspektief wat ook grondliggend in hierdie studie is (vgl. 2.8), sowel as by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Development Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services (2006) waar 'n ontwikkelingsgerigte benadering met die klem op verbruikersregte onderskryf word. Die

verbruikersregdiskoers sluit aan by kernwaardes van maatskaplike werk soos bemagtiging, maatskaplike geregtigheid en selfbeslissing deurdat verbruikersdeelname by die bepaling van individuele en gemeenskapsbehoeftes en die wyse waarop dit aangespreek behoort te word, noodsaaklik is.

- Welsynsbeleid en diskoerse kan dus as 'n beskermingsfaktor dien indien dit toegepas word. Wanneer daar egter holisties na die huidige stand van die pleegsorgpraktyk gekyk word, dui dit daarop dat die pleegkind se regte tot fisiese, emosionele, sosiale, intellektuele, spirituele en veral aan behoorlike maatskaplike dienste dikwels verwaarloos en afgeskeep word weens die gebrek aan hulpbronne en fasiliteite en die gebruik van die pleegsorgstelsel vir armoedeverligting. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar spanning bestaan tussen die nakoming van verbruikersregte en praktykwerklikhede.

Deur die onderneming van 'n verkennende en beskrywende teoretiese en empiriese studie, is daar 'n ekologiese analise van die pleegsorgpraktyk vanaf mikro- tot makrovlak gedoen op grond waarvan gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak kan word.

10.3 DOELBEREIKING EN BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE

Na aanleiding van die bostaande gegewens word die gevolgtrekking gemaak dat die doel van die navorsing bereik is, naamlik dat daarin geslaag is om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ekologiese perspektief op pleegsorg daar te stel, sodat wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering aan pleegkinders binne die pleegsorgstelsel afgestem kan word.

Die navorsingsvrae is beantwoord deurdat:

- 'n uiteensetting gegee kon word van die ontwikkeling en fundamentele konsepte van die ekologiese perspektief as holistiese konseptuele raamwerk waarvolgens versterkende en riskante faktore tot pleegsorgplasings geanaliseer kan word (vgl. hoofstuk twee en 10.2.1);
- pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders volledig verken en beskryf is in terme van die ontstaan, definiëring, doel, ontwikkeling en voorkoms in die praktyk (vgl. hoofstuk drie en 10.2.2);
- individuele aspekte in die mikrosisteem van die pleegkind ten opsigte van die fisiese, emosionele, sosiale en spirituele aspekte volgens behoeftes en sterktes in die verskillende

ontwikkelingsfases van die suigeling, voorskoolse, laerskoolkind en adolessent verken en beskryf is (vgl. hoofstuk vier en 10.2.3);

- gesinsaspekte betreffende die pleeg- en die biologiese gesin van die pleegkind in die mesosisteem ontleed is in terme van riskante en beskermingsfaktore ten einde die doel van die plasing op die kort of lang termyn te bereik (vgl. hoofstuk vyf en 10.2.4);
- sosiaal-strukturele sisteme en faktore wat 'n betekenisvolle invloed op pleegsorgplasings uitoefen, is verken en beskryf in terme van groeibevorderende of inhiberende beïnvloeding van die pleegsorgpraktyk (vgl. hoofstuk ses en 10.2.5);
- sosiokulturele sisteme en faktore wat 'n invloed op sorgbehoewendheid van kinders en pleegsorg as alternatiewe sorg uitoefen, is geïdentifiseer en beskryf (vgl. hoofstuk sewe en 10.2.6); en
- die implikasies van 'n ekologies-sterktegerigte analise van pleegsorg as alternatiewe versorgingsopsie vir kinders stel die maatskaplike werker in staat om aanwysers vir wetenskaplik-gefundeerde dienslewering te formuleer na aanleiding van die beskrywing en verkenning van risiko- en beskermingsfaktore in die pleegsorgprakyk.

Deur middel van die beantwoording van die navorsingsvrae is die navorsingsprobleem ontsluit, deurdat 'n analise van die wisselwerking tussen risiko- en beskermingsfaktore op die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosiokulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteme van kinders wat in pleegsorg as alternatiewesorg-opsie verkeer, gedoen is en aanbevelings met betrekking tot die implikasies daarvan vir wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerk-dienslewering aan die praktyk gemaak kan word.

10.4 AANBEVELINGS

Voortspruitend uit die voorafgaande studie en gevolgtrekkings, word aanbevelings ten opsigte van die pleegsorgpraktyk vervolgens gemaak ten einde die implikasies daarvan vir maatskaplikewerkdienslewering aan te toon.

10.4.1 Pleegsorgpraktyk

Aanbevelings word gemaak in terme van voorkomingsdienste, vroeë intervensie en statutêre dienste deur gemeenskapswerkprojekte, groepwerk en gevallewerk betreffende die volgende aspekte in die pleegsorgpraktyk:

- Meer mensekrag in maatskaplike diensberoepe soos maatskaplike werkers, hulpwerkers, kinder- en jeugsorgwerkers en gemeenskapsontwikkelaars, moet beskikbaar gestel word vir die lewering van veral voorkomingsdienste en monitering op individuele, gesins-, groeps- en gemeenskapsvlak om sodoende uitvoering te kan gee aan die bepalings van nuwe kinderwetgewing in terme van voorkoming en gesinsbewaring en om die toename in pleegsorggevalle sodoende beter te beheer.
- Meer fondse en hulpmiddels moet beskikbaar gestel word aan veral nieregerings-organisasies vir voorkomingsprogramme wat op 'n meer ekonomiese wyse deur kleiner organisasies as deur staatsdepartemente bedryf kan word.
- Nieregeringsorganisasies wat op grondvlak werk, behoort beter befonds te word, veral betreffende vergoeding vir maatskaplike werkers en ander maatskaplike diensberoepe, maar ook in terme van infrastruktuur, sodat professionele beroepsgroepe se tyd nie onnodig deur administratiewe en fondsinsamelingstake opgeneem word nie.
- Vergoedingspakkette van maatskaplike werkers in die openbare en privaatsektor behoort aangepas te word sodat dit vergelykbaar is ten einde nieregeringsorganisasies by te staan om personeel te behou.
- Gemeenskapswerkprogramme en groepsessie om ouerskapvaardighede te bevorder vir die doeleindes van gesinsbewaring behoort prioriteit te geniet in dienslewering en by die toekenning van subsidie.
- 'n Groter aanspraak moet deur diensleweringsinstansies op ouers gemaak word waar kinders in riskante omstandighede verkeer om eerstens ouerlike verantwoordelikhede na te kom alvorens kinders in die statutêre sisteem opgeneem word.
- 'n Beter opsporingstelsel behoort in samewerking met die Polisiediens onderhandel te word om ouers wat kinders verlaat op te spoor en hulle by te staan om verantwoordelikheid te aanvaar vir veral materiële onderhoud deur byvoorbeeld die Onderhoudshof te betrek.
- Kinders behoort slegs as laaste uitweg in die statutêre sisteem opgeneem te word, waar mishandeling, verwaarlosing of lewensbedreigende omstandighede voorkom en nie slegs om materiële redes nie of waar gesinsproblematiek of gedragsprobleme deur vroeë intervensieprogramme aangespreek kan word nie.
- Die beskikbare geld vir kindertoelae behoort sodanig bestuur te word dat dit eerstens daarop ingestel is om kinders binne gesinsverband te versorg sonder dat dit nodig is om hulle om materiële redes in die veel duurder statutêre sisteem op te neem, soos in die geval

van pleegsorg. Die kindertoelae se bedrag behoort aangepas te word om meer vergelykbaar met die pleegouertoelae te wees sodat minder druk op die pleegsorgstelsel geplaas word vir die versorging van wees en verlate kinders. Voorts behoort oorweging geskenk te word aan 'n beperking op die getal kinders wat per gesin tot die ouderdom van 18 jaar vir kindertoelae in aanmerking mag kom, sodat kinders nie deur volwassenes misbruik word om toegang tot groter of meer toelae te bekom nie.

- Die pleegsorgstelsel mag nie as 'n armoedeverligtingsprogram gebruik word ten koste van professionele hulpverlening aan pleegkinders wat kan baat by rehabilitasie en gesinsherstel nie. Skaars mensekrag van maatskaplike werkers behoort eerstens vir voorkomings- en intervensieprogramme aangewend te word en ander vorms van armoedeverligting aan gesinne behoort ingestel te word in die vorm van 'n gesinstoelae of bystand deur skoolvoedingsprogramme of, beter nog, werkskepping met die oog op onafhanklikheid.

- Maatskaplike ontwikkeling sluit ekonomiese ontwikkeling in en daarom moet armoede-verligtingsprogramme interdepartementeel in samewerking met byvoorbeeld behuising, gesondheid en onderwys aangepak te word om meer toeganklik vir almal te wees, met spesifieke fokus op selfbemagtiging en die bevordering van onafhanklikheid.

- Voorligtings- en inligtingsprogramme behoort deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en privaat welsynsinstansies aan die publiek gelewer te word oor die verwagtinge van professionele maatskaplikewerkdienste teenoor bloot materiële hulpverlening deur bestaansbeveiligingsprogramme, sodat maatskaplike werkers nie grootliks met materiële hulpverlening geassosieer word en pleegsorgplasings as toegangsweg tot 'n pleegouertoelae gebruik word nie.

- Ten einde die werklas in die pleegsorgpraktyk meer ekonomies en hanteerbaar te maak, behoort pleegsorgdienste minder individueel deur gevallewerk en meer in groepverband gedoen te word deur opleidings- en moniteringsgroepe vir pleegouers en groepe vir pleegkinders volgens geïdentifiseerde behoeftes saam te stel.

- Daar moet voorkom word dat pleegsorgdienste verder in administratiewe en statutêre verpligtinge verval betreffende die verlenging van bevele of die oorplasing van kinders na ander alternatiewe sorg waar vorige plasings misluk het of pleegouers weens ouderdom, siekte of selfs die dood nie meer kan voortgaan nie. Maatskaplike werkers behoort tydens pleegtoesigdienste op intervensie te fokus en gevalle waar roetine monitering voldoende is, moet na vrywilligers of hulpwerkers gedelegeer word.

- Spesialiteitsposte behoort areagewys ingestel te word vir die werwing, keuring, opleiding en registrasie van pleegouers om die tekort aan pleegouers aan te spreek.
- Werwingsprogramme moet oor 'n breër spektrum gedoen word, insluitend mondelinge, geskrewe en elektroniese metodes, sodat alle groepe in die samelewing daardeur bereik kan word.
- 'n Pleegouerbank en -register behoort in bepaalde geografiese areas in stand gehou te word wat tot voordeel van die hele gebied aangewend kan word.
- Die daarstelling van 'n multidissiplinêre pleegsorgstreekpaneel met as funksies die goedkeuring en registrasie van pleegouers en die inpassing van pleegkinders by die pleegouer wat die beste in sy/haar behoeftes kan voorsien, kan tot deegliker pleegouerondersoeke bydra en groter plasingstabiliteit vir die kind verseker.
- Die oorbelading van die pleegsorgpraktyk kan verlig word deur die oprigting van pleegsorggroepskemas. Vir dié doeleindes moet meer gemeenskapsinstellings soos kerke en die sakesektor betrokke gemaak word by die nood van veral weeskinders en die oprigting van sodanige skemas.
- Inheemse benaderings van die Afrika-kultuur waar dit bekende praktyk is dat ouerlike rolvervulling binne die familie- of gemeenskapsisteem gedeel word, kan versterk word in plattelandse gebiede en in stedelike gebiede waar dit verswak het weer ontgin en aangemoedig word om addisionele versterking in te bou vir enkelouers en grootouer- en kinderhoofhuishoudings. Ondersteuning word veral benodig om te kompenseer vir die verlies aan 'n vaderfiguur of ander tekorte wat die gesin mag ervaar in terme van dissiplinering of ekstra stimulasie aan die kinders.
- Pleegsorgplasings by nie-familielede waar 'n pleegkind by 'n spesifieke gekeurde pleeggesin ingepas word, behoort met meer professionele dienslewering gepaard te gaan ten einde die doel van rehabilitasie en gesinsherstel te bereik.
- Intensiewe gesinsherenigingsdienste wat ingestel is op die ontdekking en ontwikkeling van sterktes moet gelewer word om te voorkom dat ouers moedeloos raak en in die stelsel verdwyn en gesinslede onnodig verwyderd van mekaar leef.
- Die invloed van kulturele en spirituele aspekte op die allesomvattende makrovlak, behoort nie onderskat of ondergeskik gestel te word aan individuele-, gesins- en strukturele faktore in die pleegsorgpraktyk nie. Holistiese assesseringsraamwerke moet gebruik word om te verseker dat hierdie aspekte in die pleegsorgplan opgeneem word.

10.4.2 Teorie

Die volgende aspekte behoort teoreties verder in die pleegsorgpraktyk uitgebou te word:

- Die pleegsorgpraktyk behoort vanuit die ekologiese perspektief benader te word ten einde te verseker dat ’n holistiese verkenning plaasvind van die pleegkind as individu binne die pleeg- en biologiese gesinskonteks, sosiale strukture en instellings sowel as die sosiokulturele konteks.

- Maatskaplike werkers behoort kennis te neem van die geïntegreerde gebruik van die ekologiese en sterkteperspektief in veral die assessering van riskante en beskermings-faktore op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme.

- Die nuwe paradigma betreffende die hantering van maatskaplike problematiek wat ontwikkelings- en sterktegerig is, behoort meer doelbewus toegepas te word sodat die praktyk kan wegbeweeg van die siekte-versteurde-gebaseerde denke na potensiaal en moontlikhede. Dit kan ook die moraal van maatskaplikewerkkorps verhoog.

- Assesseringsraamwerke soos die ontwikkelingsmodel, genogram, ekokaart, maatskaplike netwerkkaart en assesseringsriglyn om die omvang van risiko’s en krisisse te bepaal, moet as standaardkriteria aan maatskaplike werkers voorgehou word ten einde wetenskaplike en holistiese assessering te verseker alvorens kinders verwyder en in pleegsorg geplaas word.

Navorsingsresultate van die geïntegreerde, ekosistemiese sterkteperspektief wat gebruik is vir die verkenning van die pleegsorgpraktyk, kan as basis gebruik word vir die ontwikkeling van ’n nuwe teoretiese raamwerk wat geskik is vir die hantering van ’n inheemse pleegsorgpraktyk. Sodoende kan eiesoortige behoeftes van ’n diverse land aangespreek word volgens oorwegend Afrika- of Westerse behoeftes, na gelang van die behoeftes van die kliëntsisteem.

10.4.3 Opleiding

- Voorgraadse studente behoort opgelei te word om die ekologiese perspektief as teoretiese raamwerk te gebruik om ’n verskeidenheid maatskaplike verskynsels holisties te analiseer op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem.

- Opleiding in die sterkteperspektief kan verseker dat maatskaplike werkers die pleegsorgpraktyk met ’n positiewe gesindheid benader wat ingestel is op die ontdekking van sterktes, potensiaal en moontlikhede in die mens en sy omgewing.

- Maatskaplikewerkstudente behoort meer bewus gemaak te word van hul professionele rol en taak ten opsigte van die pleegkind in samewerking met ander maatskaplike

diensberoepe soos hulpwerkers en kinder- en jeugsorgwerkers, sodat 'n rol- en taakverdeling deel van die pleegsorgplan uitmaak ten einde 'n volledige diens te lewer.

- Opleiding moet oor die totale spektrum van dienslewering aan kinders strek met veral klem op die voorkoming en vroeë intervensie, alvorens oorgegaan word tot die statutêre vlak. Dit sal voorkom dat veral die onervare maatskaplike werkers weens werksdruk in 'n diensleweringspatroon meestal op tersiêre vlak verval.
- Die rol en plek van bestaansbeveiligingsmaatreëls moet spesifiek tydens opleiding deurgegee word sodat die doel daarvan as hulpbron tydens maatskaplike dienslewering begryp kan word.
- Opleiding oor die implementering van nuwe Kinderwetgewing en samewerking met ander rolspelers soos kinderhowe, die Polisiediens, gesondheidsberoepe, die onderwys en sielkundige dienste, moet as voorvereiste vir doeltreffende dienslewering gestel word. Op hierdie wyse word maatskaplike werkers opgelei in die beginsels van spanwerk en die samestelling van multiprofessionele spanne en behoort dit as standaardpraktyk aanvaar te word en 'n kultuur van spanwerk te skep waardeur die pleegkind se behoeftes meer holisties aangespreek kan word.
- Pleegsorgopleiding aan maatskaplike werkers moet geïntegreer word met opleiding in kinderontwikkelingsfases, met spesifieke verwysing na die uitwerking wat skeiding van die ouer het op die pleegkind se gedrag, binding met ander versorgers en die integrasie van die pleegkind by die pleeggesin.
- Opleiding in die samestelling van 'n pleegsorgplan om die pleegkind se individuele behoeftes in die gesinskonteks van die pleegouers aan te spreek en, waar van toepassing, moet ouerskapsplanne vir gesinsherstel meer geïntegreerd aangebied word, sodat maatskaplike werkers daarop ingestel kan wees om 'n holistiese diens te lewer.
- 'n Opleidingsprogram en handleiding behoort vir pleegouers saamgestel te word waarin hul verantwoordelikhede en regte volgens die pleegsorgproses uiteengesit word. Formele opleidingsessies moet oor 'n breë spektrum van persoonlike groepsessies, selfdoenmodules in hardekopie sowel as elektronies aanlyn beskikbaar wees, sodat dit toeganklik is vir pleegouers vanuit alle vlakke van die samelewing om daarby te kan inskakel. Erkenning in die vorm van 'n registrasiesertifikaat moet na voltooiing daarvan toegeken word.

- Opleiding moet meer klem plaas op die gebruik van gemeenskapswerk met volhoubare resultate om riskante omstandighede in gemeenskappe aan te spreek en kinders in meer kindervriendelike omgewings te laat opgroei.

- 'n Opleidingsprogram vir vrywilligers betrokke by die monitering van pleegsorgplasings behoort saamgestel te word en beskikbaar te wees aan vrywilligers van alle dienslewe-ringsinstansies in 'n bepaalde geografiese gebied sodat mensekrag en hulpbronne meer ekonomies benut kan word.

- Daar behoort meer hulpwerkers en kinder- en jeugsorgwerkers opgelei te word om betrokke te wees by die pleegsorgpraktyk vir bystanddiens betreffende voorkomings- en gesinsbewaringsprogramme en pleegtoesigdienste, veral by familieplasings en groepskemas.

- Opleiding moet in die hantering van gesinsgroepkonferensies geskied om veral tydens familieplasings al die betekenisvolle persone te betrek ten einde 'n plasing in die beste belang van die kind en tot bevrediging van al die betrokkenes te reël. Dit behoort familiekonflik te beperk en groter samewerking te bevorder.

- Voortgesette professionele ontwikkeling behoort deurlopend deur individuele en groep-supervisie oor die totale spektrum van dienslewering in die pleegsorgpraktyk plaas te vind. Aandag behoort ook geskenk te word aan die moraal en algemene welstand van maatskaplike werkers wat onder groot werksdruk doeltreffend moet funksioneer.

- Opleiding behoort op alle vlakke kulturele bevoegdheid in te sluit wat die maatskaplike werker toerus vir 'n etnies-sensitiewe praktyk en die hantering van diversiteit wat veral van toepassing is op multikulturele pleegsorg.

10.4.4 Navorsing

- Die dominante paradigma vir die navorsing is 'n kwantitatiewe studie met 'n kleiner, aanvullende kwalitatiewe komponent waardeur algemeengeldige data en tendense in die pleegsorgpraktyk verken en beskryf kon word. Aangesien hierdeur 'n holistiese beeld verkry kon word op die verskynsel en maatskaplike dienslewering, word aanbeveel dat verdere kwalitatiewe navorsing onderneem word wat meer spesifiek op intervensie ter verbetering van die gehalte van hulpverlening in die pleegsorgpraktyk fokus.

- Deur die verkennende en beskrywende navorsing is algemene tendense in die pleegsorgpraktyk bekend wat deur verklarende studies uitgebrei behoort te word ten einde verbande te trek tussen veranderlikes soos armoede, VIGS-verwante sterftes, weeskinders,

ouerlike verantwoordelikhede en regte met betrekking tot die werklike doel en aard van pleegsorg.

- Die populasie vir die navorsing het bestaan uit maatskaplike werkers wat pleegsorgdienste lewer en daarom word aanbeveel dat kwalitatiewe navorsing onderneem word om die pleegkind se belewenis van sy situasie en behoeftes te bepaal waarvolgens individuele en groepsintervensie gelewer kan word, veral oor bemagtiging, ontwikkeling van veerkragtigheid, langtermynverbintenisse en die hantering van skeiding en verliesreaksies.
- Navorsing met die pleegouer as deelnemer behoort onderneem te word ten einde pleegouerprogramme oor werwing, keuring, opleiding en ondersteuningsdienste volgens die unieke behoeftes van pleegouers binne of buite familiekonteks of in groepskemas uit te brei
- Die impak van veranderde kinderwetgewing op die pleegsorgpraktyk behoort vanaf implementering deurlopend ondersoek te word ten einde praktiese aanpassings te maak ter bereiking van die doelwitte van die Kinderwet.
- Die verskille en ooreenkomste in die pleegsorgplanne van pleegsorg by familielede, nie-familielede en groepskemas behoort nagevors te word ten einde ’n handleiding saam te stel met meer spesifieke riglyne vir elke vorm van pleegsorg.
- Pleegsorggroepskemas as nuwe model in die pleegsorgpraktyk verdien verdere navorsing ten einde die sukses van bestaande skemas te bepaal en betyds aanpassings te maak wanneer nuwe skemas geregistreer word.
- Die gebrek aan realisering van gesinsherenigingsdienste behoort ondersoek te word ten einde te bepaal wat die bydraende rol kan wees van dienslewering, ouerskapsfunksionering, VIGS-verwante sterftes of die onopspoorbaarheid van ouers.
- Die uitvoering van bestaande beleid oor skoolvoedingsprogramme, die vrystelling van skoolfooie, behuisingsvoordele, kindertoelae, gesondheidsdienste en watervoorsiening aan arm gesinne en kinders behoort nagevors te word in terme van lewensvatbaarheid, of dit die teikengroepe doeltreffend bereik, en tot hoe ’n mate dit prakties bydra tot armoedeverligting.
- Meer navorsing moet gedoen word om inheemse konseptuele raamwerke vir die pleegsorgpraktyk te ontwikkel, aangesien Westerse benaderings nie geskik is vir alle groepe in die diverse samelewing nie.

- Die langtermynimpak van multikulturele plasings op die pleegkind se welstand moet ondersoek word in terme van identiteitsvorming, herkomsinterpretasie en kulturele integrasie.

10.4.5 Beleid

- Beter infrastruktuur, fondse en mensekrag behoort daargestel te word om die bestaande beleid en wetgewing in werking te stel.
- Die bestaande beleid behoort hersien te word by die inwerkingstelling van nuwe Kinderwetgewing ten einde die nodige aanpassings te maak sodat beleid en wetgewing in ooreenstemming met mekaar is.
- Daar behoort 'n pleegsorghandleiding of protokol saamgestel te word in samewerking met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en nieregeringsinstansies wat by die lewering van pleegsorgdienste betrokke is. Riglyne en standaarde oor die hantering van die pleegsorgproses kan verseker dat uitvoering meer eenvormig en doeltreffend geskied.
- Beleid oor pleegsorg en bestaansbeveiliging moet fokus op versterking van onafhanklikheid en gesinsbewaring en waak teen afhanklikheid van toelae.
- Duidelike kriteria en standaarde moet daargestel word oor die kwaliteit en frekwensie van pleegtoesigdienste wat ingestel is om permanensie in die pleegkind se lewe te bewerkstellig deur gesinsherstel, langtermynpleegsorg of aanneming.
- By die samestelling van beleid behoort die professionele en etiese aanspreeklikheid van maatskaplike werkers in ag geneem te word oor wat reg en billik is, in ag genome die realiteite van hoë en onhanteerbare gevalleladings en verwagtings van welsynsinstansies.
- Beleid oor die daarstelling van 'n streeksregister en die lisensiëring van funksionerende pleegouers, sowel as 'n nasionale pleegouerweek, kan daartoe bydra om meer pleegouers oor 'n breër spektrum te werf en beter erkenning en status aan bestaande pleegouers te gee.
- Die samestelling van standaardverslagvorms oor die aard van dienste gelewer en die reaksie van die pleegkind, pleeg- en biologiese ouers daarop, kan verseker dat pleegsorgplasings sowel as gesinsherenigingsdienste minstens sesmaandeliks geëvalueer word, sodat betekenisvolle terugvoer oor vordering en verdere beplanning volgens keerdatum aan die kinderhof voorsien kan word.

- Beleid moet berus op die kernwaardes van maatskaplike werk, naamlik geregtigheid, respek, gelykheid, billikheid, niediskriminasie, deelname en selfbeskikkingsreg en dit behoort in ooreenstemming met praktykwerklikhede en verwagte dienslewering saamgestel te word.

10.5 STELLINGS VIR VERDERE ONDERSOEK OOR DIE PLEEGSORGPRAKTYK

Die volgende aannames en stellings word vanuit die studie gegenereer en behoort ondersoek en nagevors te word:

- Pleegsorg word nie volgens doel vir die tydelike versorging van sorgbehoewende kinders, rehabilitasie en gesinsherstel in die praktyk toegepas nie, maar grootliks om wees- en verlate kinders te akkommodeer.
- Die meeste pleegsorgplasings vind binne familieverband by groot- of enkelouers plaas en daarom behoort dit geskei te word van professionele pleegsorg by nieverwante pleegouers.
- Pleegsorg as tydelike alternatiewe sorg is nie geskik vir die versorging van weeskinders nie en daarom behoort ander meer permanente versorgingsmaatreëls vir weeskinders ingestel te word.
- Pleegsorg is nie ’n oplossing vir die armoedevraagstuk nie en daarom behoort ander, meer volhoubare maatskaplike en ekonomiese maatreëls ingestel te word om dit aan te spreek.
- Kinders word dikwels te vinnig en onnodig in die statutêre sisteem terwille van finansiële voordele opgeneem alvorens voorkomingsdienste, gesinsbewaring en vroeë intervensie plaasgevind het.
- Diensleweringstrukture beskik nie oor voldoende mensekrag en hulpbronne ten einde ’n professionele pleegsorgdiens te lewer nie en hou die risiko tot traumatisering van die pleegkind in.
- Die huidige bestaansbeveilingstelsel ten opsigte van pleegsorgtoelae en kindertoelae hou die moontlikheid van wanbestuur en afhanklikheid vir die begunstigdes in.
- Kinderwetgewing en beleid is uitstekend saamgestel maar implementering in die praktyk blyk problematies te wees.
- Die toename in pleegsorgplasings hou verband met onverantwoordelike ouerskaps-funksionering.

- Die tekort aan pleegouers dui op onbetrokkenheid van gemeenskappe by kinderwelsyn omdat maatskaplike werwingsprogramme nie gespesialiseerde aandag ontvang nie.
- Teoreties is 'n paradigmaskuif gemaak om ontwikkelings- en sterktegerigte maatskaplikewerkdienste te lewer hoewel die uitvoering daarvan steeds primêr remediërend en probleemgerig van aard is.
- Maatskaplikewerkdienste in Suid-Afrika word steeds gedomineer deur Westerse perspektiewe omdat daar te min inheemse teorieë ontwikkel word.
- Die maatskaplikewerkprofessie gaan gebuk onder 'n lae moraal vanweë gekompliseerde werksomstandighede, swak besoldiging en leemtes in die welsynstruktuur.
- Maatskaplike dienslewering is primêr individueel- en gesins- en groepsgeoriënteerd terwyl die invloed van abstrakte elemente soos kultuur en godsdiens onderskat word.

10.6 TEN SLOTTE

Met hierdie navorsing is 'n analise van pleegsorg as alternatiewesorgopsie op die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteme gedoen ten einde 'n bydrae tot wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkdienslewering aan pleegkinders in die pleegsorgstelsel te maak. Vir die doeleindes is 'n verkennende en beskrywende ondersoek vanuit 'n ekologiese perspektief ten opsigte van pleegsorg as maatskaplike verskynsel; individuele aspekte van die pleegkind in die mikrosisteem; gesinsaspekte van die biologiese en pleeggesinne in die mesosisteem; sosiaal-strukturele aspekte in die eksosisteem; en sosiokulturele aspekte in die makrosisteem onderneem. 'n Sterkteperspektief is met die ekologiese perspektief geïntegreer om te verseker dat nie net op problematiek gefokus word nie, maar ook op die ontdekking van potensiaal, oplossings en belowende transaksies.

Die literatuurstudie is volgens die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteme van die ekologiese perspektief ingeklee, wat 'n uitstekende teoretiese raamwerk is vir 'n holistiese en gestruktureerde analise van 'n sosiale verskynsel. Daarna is oorgegaan tot die empiriese ondersoek wat deur middel van 'n dominante kwantitatiewe vraelysopname en aanvullende kwalitatiewe fokusgroepsbesprekings onderneem is. Die resultate van die empiriese opnames word in figure en tabelle voorgestel, geanaliseer en geïnterpreteer. Die gevolgtrekkings en aanbevelings berus op die resultate van die literatuurstudie sowel as die empiriese ondersoek.

Van die vernaamste bevindings is dat pleegsorg ’n groeiende maatskaplike verskynsel in Suid-Afrika is deurdat talle kinders wees gelaat word deur die VIGS-pandemie, in armoede verkeer, of deur hul ouers verlaat, mishandel of verwaarloos word. Die meeste van die plasings is in familieverband en op die lang termyn. Die wesenlike doel van pleegsorg, naamlik dat dit ’n vorm van tydelike alternatiewe sorg is met die oog op rehabilitasie en gesinsherstel realiseer in die meeste gevalle nie.

Die maatskaplikewerkpraktyk word ernstig beïnvloed deur die toename in pleegsorgplasings deurdat maatskaplike werkers hoë gevalleladings moet hanteer, vasgevang word in administratiewe en statutêre dienste terwyl voorkomingsprogramme en vroeë intervensie agterweë bly. Dit is veral toe te skryf aan die toename in weeskinders en kinders wat in armoede verkeer en waarvoor nie ander voorsiening op owerheids- en gemeenskapsvlak gemaak word nie. Kinders word dikwels in die statutêre sisteem opgeneem om toegang tot ‘n pleegsorgtoelae te bekom. Verder geskied die meeste plasings by enkel- of grootouer gesinne wat weereens nie die ideaal van pleegsorg binne normale gesinsverband bereik nie. Die pleegsorgplasing verseker derhalwe nie noodwendig dat in die kind se beste belang opgetree nie, veral aangesien daar weinig tereg kom van maatskaplike dienslewering.

Die bewustheid van die noodsaak aan ouerlike versterking deur gesinsbewaringsprogramme of ouerskapsplanne word beklemtoon om die toename in kinders aangewese op alternatiewe sorg of bestaans-beveiligingsprogramme te probeer beheer. Daar word veral klem gelê op die feit dat pleegsorg nie as ’n armoedeverligtingsprogram gebruik moet word nie, maar deur beter interdepartementele koördinering en volhoubare projekte wat ingestel is op onafhanklikheid en ekonomiese bemagtiging. Verder behoort kulturele en spirituele waardes meer versterk en uitgebou te word vir die doeleindes van kinderbeskerming deur die toepassing van inheemse maatskaplike werk wat natuurlike sterktes maksimaal inspan om gesamentlike verantwoordelikheid vir kinders te neem deur die beginsel van *ubuntu*.

Wat die maatskaplikedienslewering aan pleegkinders betref, behoort die kwessies van beter voorsiening van mensekrag, befondsing van nieregeringsorganisasies en vergoeding van maatskaplike werkers veral aandag te geniet. Die moraal van die professie kan aansienlik hierdeur verhoog word terwyl dit die kwaliteit van dienslewering behoort te verbeter.

BRONNELYS

1. Ahart, A., Bruer, R., Rutsch, C., Schmidt, R. & Zaro, S. 1992. **Intensive foster care reunification programs**. Macro International, Inc. California U.S. Department of Health and Human Services. http://aspe.hhs.gov/hsp/cyp/xsfcprog.htm. Downloaded 9 September 2005.

2. Ainsworth, F. & Maluccio, A. 2003. Towards a new model of professional foster care. **Adoption & Fostering**, 27(4):46–50.

3. Alliance Family Health International. 2000. **Child-headed households**. http://www.ovcsupport.net/sw3256.asp. Downloaded 6 June 2005.

4. Allsopp, M. & Thumbadoo, Z. 2002. Child and Youth Care in Post-Apartheid South Africa: Innovative responses to the challenges of poverty and AIDS. **CYS-Online The international child and youth care network**, 43:1-21, August. http://www.cyc-net.org/cyc-online/sycol-0802-allsopp.html. Downloaded 1 July 2005.

5. Ambrosino, R., Ambrosino, R., Emeritus, J.H., & Emeritus, G.S. 2008. **Social work and social welfare: An introduction.** 6th edition. Belmont, USA: Thomson.

6. Babbie, E. & Mouton, J. 2001. **The practice of social work research.** Cape Town: Oxford University Press.

7. Barber, J.G. & Delfabbro, P.H. 2004. **Children in foster care**. London: Routledge.

8. Bass, S., Shields, M.P.A. & Behrman, M.D. 2004. Children, families, and foster care: Analysis and recommendations. **The future of children**, 14(1):1–28. www.futurechildren.org. Downloaded 28 September 2004.

9. Beek, M. & Schofield, G. 2002. Foster carers' perspectives on permanence: A focus group study. **Adoption & Fostering**, 26(2):14–27.

10. Benner, S.M. 1992. **Assessing young children with special needs: An ecological perspective**. New York: Longman.

11. Bernstein, A. & Gray, M. 1997. **Social Work: A beginner's text**. Kenwyn: Juta.

12. Berrick, J.D. 2006. Neighborhood-based foster care: A critical examination of location-based placement criteria. **Social Service Review**, 80(4):569–583.

13. Bezuidenhout, C. 2003. Introduction and terminology dilemma. *In* **Child and youth misbehaviour in South Africa: A holistic view**. Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds). Pretoria: Van Schaik.

14. Bezuidenhout, F.J. 2004a. Crime. *In* **A reader on selected social issues**. Bezuidenhout, F.J. (ed). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

15. Bezuidenthout, F.J. 2004b. (ed). Poverty. *In* **A reader on selected social issues**. Bezuidenhout, F.J. (ed). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

16. Bezuidenhout, F.J. 2004c. Substance abuse and addiction: Drugs and alcohol. *In* **A reader on selected social issues**. Bezuidenhout, F.J. (ed). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

17. Bonecutter & Gleeson, s.a. Unit ll: The sociocultural context of kinship care. *In* **Achieving permanency for children in kinship foster care: A training manual**. www.uic.edu/jaddams/college/kincare/curriculum vidios/unit2.pdf. Downloaded 12 February 2005.

18. Böning, A.E. 2006. **Modulehandleiding MDB472: Statutêre intervensie**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

19. Bornman, S. 2008. **Foster care and poverty alleviation**. (Presentation as part of the seminar on foster care in the context of new child care legislation and poverty alleviation presented by Department of Social Work, University of the Free State and Child Welfare Bloemfontein and Childline Free State on 23 and 24 October 2008.) Bloemfontein (Unpublished.)

20. Botha, A., Van Ede, D.M. & Piek, J.P. 1990. Die kleutertydperk. *In* **Menslike ontwikkeling**. Louw, D.A. (red.) 2de uitgawe. Pretoria: Haum-tersiêr.

21. Bower, C. 2004. **The Children's Bill: General overview of contents and process**. Bloemfontein: Workshop by the Faculty of Law, University of the Free State.

22. Bowlby, J. 1984. **Attachment and Loss: Volume 1**. 2nd edition. London: Penguin Group.

23. Broad, B. 2001. Kinship care: Supporting children in placements with extended family and friends. **Adoption & Fostering**, 25(2):33–41.

24. Bronkenleg, M. 1998. Attachment and belonging. **Reclaiming Children and Youth**, 7(3):1–5. http://www.cyc-net.org/Journals/rcy-7-3.html. Downloaded 2 December 2005.

25. Bronstein, L.R. 2003. A model for interdisciplinary collaboration. **Social work Journal of the National Association of Social Workers**, 48(3):297–305.

26. Brooks, R. & Goldstein, S. 2002. **Nurturing resilience in our children: Answers to the most important parenting questions**. New York: Contemporary Books.

27. Bybel. 1983. **Die Bybel: Nuwe vertaling**. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

28. Cape Town Child Welfare Society. 2003. **Oog op die kind. Handleiding vir maatskaplike werkers en vrywilligers**. Kaapstad: Cape Town Child Welfare Society.

29. Carlson, B.E. 1984. Causes and maintenance of domestic violence: An ecological analysis. **Social Service Review**, 58(4):569–587.

30. Carstens, P. & Du Plessis, R. 2000. Medico-legal aspects pertaining to children. *In* **Introduction to child law in South Africa**. Davel, C.J. (ed). Lansdowne: Juta.

31. Child Care Act No. 74 of 1983. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

32. Child, Youth and Family Services. s.a. Family group conferences. **Ratonga Services**. http://www.cyf.govt.nz/1254.htm. Downloaded 3 June 2005.

33. Children's Act No. 38 of 2005. **See** SOUTH AFRICA (Republic). 2005.

34. Children's Amendment Act No. 41 of 2007. **See** SOUTH AFRICA (Republic). 2007.

35. Children's Bill. **See** SOUTH AFRICA (Republic). 2002.

36. Children's Institute. 2001. **National children's forum on HIV/Aids**. Cape Town: University of Cape Town. 22–24 August.

37. Children's Institute. 2007/2008. **Child Gauge**. Cape Town: University of Cape Town.

38. Children's Rights Centre. s.a. **Children's rights resource handbook**. Durban: Nelson Mandela Children's Fund.

39. Christian Science Monitor. Living from 12 February 2007. Edition **For teen daters, a cellphone can be an abusive leash**. http://www.csmonitor.com/2007/0212/p13s01-lign.html. Downloaded 12 February 2007.

40. Cilliers, S.P. 1974. **Gesonde gesinsbou**. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

41. Coetzee, H. (Maatskaplike werker) 2008. Waarnemingsbesoek by **Vrystaat Versorging in Aksie se pleegsorgbehuisingskema**. Brandfort.

42. Colton, M. & Williams, M. 1997. The nature of foster care: International trends. **Adoption & Fostering**, 21(1):44–49.

43. Connard, C. & Novick, R. 1996. **The ecology of the family: A background paper for a family-centered approach to education and social service delivery**. Oregon: Northwest Regional Educational Laboratory. http://www.nwrel.org/cfc/publications/ecology2.html. Downloaded 9 September 2005.

44. Conradie, A., Schenck, C.J. & Collins, K.J. 1996. Praktykillustrasie van die vorming en terminering van 'n terapeutiese sisteem volgens ekosistemiese denke. **Die maatskaplikewerk-navorser-praktisyn**, 9(1):38–50.

45. Convention on the rights of the child. 1997. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

46. Cowger, C.D. 1994. Assessing client strengths: Clinical assessment for client empowerment. **Social Work**, 39(3):262–267.

47. Cowger, C.D. & Snively, C.A. 2002. Assessing client strengths. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston: Allyn and Bacon.

48. Cronje, A. 2007. Hoe veilig is die kinders hier? **Volksblad**, 3 Februarie, p. 12.

49. Cunningham Children's Home. s.a. **Circle of Courage**. http://www.cunninghamhome.org/about/circle.htm. Downloaded 2 December 2005.

50. Davel, T. 2000. The status of children in South African private law. *In* **Introduction to child law in South Africa**. Davel, C.J. (ed). Lansdowne: Juta.

51. De Jong, P. & Miller, S.D. 1995. How to interview for client strengths. **Social Work**, 40(6):1–11. http://web7.epnet.com/citation.asp?tb=...4460+sm +ES+ss+SO+7E2E&cf=1&fn=31&m=32. Downloaded 3 June 2003.

52. Delport, C.S.L. 2005. Quantitative data collection methods. *In* **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, S.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

53. Department of Social Development 2nd Draft National Policy for Families. 2004. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

54. Department of Social Development Final Draft National Policy for Families. 2005(4). **See** SOUTH AFRICA (Republic).

55. Department of Social Development Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services. 2006. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

56. Department of Social Development. 2002. **Non-profit organisations (NPO)**. http://www.socdev.gov.za/NPO. Downloaded 22 and 23 November 2004.

57. Department of Social Welfare, Discussion Document on Guidelines for Foster Care Policy. 1998. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

58. De Vos, A.S. 2002. Combined quantitative and qualitative approach. *In* **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

59. De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. *In* **Research at grass roots**: **For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

60. Dhlembeu, N. 1996. HIV/AIDS consequences and responses: the Zimbabwe experience. *In* **Aids, orphans and affordable care**. McKerrow, N.H., Smart, R.A. & Snyman S.A. (eds). Pretoria: Human Sciences Research Council.

61. DuBois, B. & Miley, K.K. 2002. **Social work: An empowering profession**. 4th edition. Boston: Allyn and Bacon.

62. Du Plessis, R. (Hoof-maatskaplike werker) 2005. Waarnemingsbesoek by **One Stop Child Justice Centre for children in conflict with the law**. Bloemfontein.

63. Duvall, E.M. & Miller, B.C. 1985. **Marriage and family development**. 6th edition. New York: Harper & Row.

64. Early, J.T. & GlenMaye, L.F. 2000. Valuing families: Social work practice with families from a strengths perspective. **Social Work**, 45(2):118–130.

65. Egan, G. 2002. **The skilled helper: A problem-management and opportunity-development approach to helping**. 7th edition. Pacific Grove: Brooks/Cole.

66. Esterhuyse, K.G.F. (Statistikus). 2008. Departementshoof Departement Sielkunde. **Vraeslyssamestelling**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

67. Fahlberg, V. 1993. Working with parents. *In* **Prevention and reunification in child care**. Marsh, P. & Triseliotis, J. (eds). London: B.T. Batsford.

68. Farmer, E. 1993. Going home – what makes reunification work? *In* **Prevention and reunification in child care**. Marsh, P. & Triseliotis, J. (eds). London: B.T. Batsford.

69. Ferreira, S.B. 2004a. **Modulehandleiding MDB322: Maatskaplikewerknavorsing**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

70. Ferreira S.B. 2004b. **Modulehandleiding MDB222: Benaderings tot individuele en gesinsfunksionering: Sterkteperspektief**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

71. Ferreira, S.B. 2004c. Van verklarings en probleme na beskrywings, innerlike sterkte en oplossings: 'n Oplossinggefokusde terapeutiese model. **Acta Academica Supplement**, 2004(1):57–87.

72. Ferreira, S.B. 2007d. **Modulehandleiding MDB452 & SWP442 Deel 2: Maatskaplikewerk-navorsingsverslag**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

73. Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 1997. Guidelines for implementing the basic assessment process. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 33(1):44–51.

74. Franklin, C., Corcoran, J. & Harris, M.B. 2004. Risk and protective factors for adolescent pregnancy: Bases for effective intervention. *In* **Risk and resilience in childhood: An ecological perspective**. Fraser, M.W. (ed). 2nd edition. Washington: NASW Press.

75. Fraser, M.W, Kirby, L.D. & Smokowski, P.R. 2004. Risk and resilience in childhood. *In* **Risk and resilience in childhood: An ecological perspective**. Fraser, M.W. (ed). 2nd edition. Washington DC: NASW Press.

76. Fraser, W.F. 2004. The ecology of childhood: A multisystem perspective. *In* **Risk and resilience in childhood: An ecological perspective**. Fraser, M.W. (ed). 2nd edition. Washington DC: NASW Press.

77. Fratter, J. & Ndagire, B.K. 2000. Meeting health and ethnic needs in placement: Planning for African children affected by HIV. **Adoption & Fostering**, 24(1):34–39.

78. Germain, C.B. 1979. **Social work practice people and environments: An ecological perspective**. New York: Columbia University Press.

79. Germain, C.B. 1985. Understanding and changing communities and organisations in the practice of child welfare. *In* **A handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

80. Germain, C.B. & Gitterman, A. 1996. **The life model of social work practice: Advances in theory & practice**. 2nd edition. New York: Columbia University Press.

81. Goldstein, H. 2002. The literary and moral foundations of the strengths perspective. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston: Allyn and Bacon.

82. Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing. *In* **Research at grass roots**: **For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

83. Greif, G.L. & Lynch, A.A. 1983. The eco-systems perspective. *In* **Clinical social work in the eco-system's perspective**. Meyer, C.H. (ed). New York: Columbia University Press.

84. Grobbelaar, S.W.P. & Louw, S. 1990. Ekologie as metafoor vir gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling. **Die maatskaplikewerk-navorser-praktisyn**, Junie:15–22.

85. Grotberg, E.H. 1995. **A guide to promoting resilience in children: Strengthening the human spirit**. http://64.233.183.104/search?q=cache:CYquEzVUUEJ:resilnet.uiuc.edu/library/grotb95b. Downloaded 28 February 2005.

86. Hall, A.D. & Fagen, R.E. 1975. Definition of a system. *In* **General systems theory & human communication**. Ruben, B.D. & Kim, J.Y. (eds). New Jersey: Hayden Book Company.

87. Hanson, M.J. 1992. Ethnic, cultural, and language diversity in intervention settings. *In* **Developing cross-cultural competence**. Lynch E.W. & Hanson M.J. (eds). Baltimore: Paul H. Brookes.

88. Hartman, A. & Laird, J. 1983. **Family centered social work practice**. New York: The Free Press.

89. Healy, K. 2005. **Social work theories in context: Creating frameworks for practice**. New York: Palgrave MacMillian.

90. Heimann, K.W. 1996. Epilogue. *In* **AIDS, orphans and affordable care**. McKerrow, N.H. Smart, R.A. & Snyman S.A. (eds). Pretoria: Human Sciences Research Council.

91. Henderson, P.C. 2003. Questions on fostering: An anthropologist's perspective. *In* **The fate of the child: Legal decisions on children in the new South Africa**. Burman, S. (ed). Lansdowne 7779: Juta Law.

92. Henning, E. *with* Van Rensburg, W. & Smit, B. 2004. **Finding your way in qualitative research**. Pretoria: Van Schaik.

93. Heptinstall, E., Bhopal, K. & Brannen, J. 2001. Adjusting to a foster family: Children's perspectives. **Adoption & Fostering**, 25(4):6–16.

94. Hepworth, D.H., Rooney, R.H. & Laarsen, J.A. 2002. **Direct social work practice: Theory and skills**. Pacific Grove: Brooks/Cole Thomsons Learning.

95. Hill-Tout, J., Pithouse, A. & Lowe, K. 2003. Training foster carers in a preventive approach to children who challenge. **Adoption & Fostering**, 27(1):47–55.

96. Hodge, D.R. 2001. Spiritual assessment: A review of major qualitative methods and a new framework for assessing spirituality. **Social Work**, 46(3):203–214.

97. Hodge, D.R. 2006. A template for spiritual assessment: A review of the JCAHO requirements and guidelines for implementation. **Social Work**, 51(4):317–324.

98. Hoffmann, W. 1987. An ecological perspective in social service provision to persons with physical disabilities. **Maatskaplike werk/Social work,** 23(4):230–237.

99. Höjer, I. 2004. What happens in the foster family? A study of fostering relationships in Sweden. **Adoption & Fostering**, 28(1):38–47.

100. Holman, B. 2003. Private fostering: Old problems, new urgency. **Adoption & Fostering**, 25(4):6–16.

101. Howard Center for Human Science. s.a. **The Circle of Courage**. http://www.howardcenter.org/. Downloaded 2 December 2005.

102. Howe, G.W. 1983. The ecological approach to permanency planning: An interactionist perspective. **Child welfare league of America**, LX11(4):291–301.

103. Human Sciences Research Council. 2004. **Child, youth & family development**. A report commissioned by the National Department of Social Development. Pretoria. http://www.hsrc.ac.za/research/outputDetail.php?id=1831&group=CYFD. Downloaded 2 February 2006.

104. Huysamen, G.K. 1993. **Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe**. Johannesburg SA: International Thomson.

105. Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk. 1998. Department of Social Welfare. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

106. Jackson, H. 2008. **Foster care in the context of Children's Amendment Act, No. 41 of 2007**. (Presentation as part of the seminar on foster care in the context of new child care legislation and poverty alleviation presented by Department of Social Work, University of the Free State and Child Welfare Bloemfontein and Childline Free State on 23 and 24 October 2008.) Bloemfontein (Unpublished.)

107. James, S. 2004. Why do foster care placements disrupt? An investigation of reasons for placement change in foster care. **Social service review**, 78(4):601– 627.

108. Johnson, M. 2004. **Onderhoud** oor pleegsorg met maatskaplike werker van die Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg op 19 Augustus 2004. Bloemfontein.

109. Jordan, P. 2005. **Stewardship and spirituality: Preventing revictimization in foster care**. Presentation at North American Association of Christians in Social Work (NACSW) Convention. Grand Rapids, Michigan. October. http://www.nacsw.org. Downloaded 14 February 2007.

110. Joubert, H. 2004. **Binding tussen die aanneemouer en kind**. Referaat gelewer by Aannemingsimposium van NG Welsynsdienste, Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg en Vrystaat Versorging in Aksie op 4 September 2004, Bloemfontein.

111. Kemp, S.P., Wittaker, J.K. & Tracy E.M. 2002. Contextual social work practice. *In* **Pathways to power: Readings in contextual social work practice**. O'Melia, M. & Miley, K.K. (eds). Boston: Allyn and Bacon.

112. Kilbride, J.E. & Kilbride, P.L. 1994. To have and to share: Culturally constituted fostering in familial settings. *In* **When there's no place like home: Options for children living apart from their natural families**. Blacher, J. (ed). Baltimore: Paul Brooks.

113. Kisthardt, W.E. 2002. The strengths perspective in interpersonal helping. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston: Allyn and Bacon.

114. Kojima, H. 2003. Historical context for development. *In* **Handbook of developmental psychology**. Valsiner, J. & Connolly, K. (eds). London: SAGE.

115. Krieglstein, M. 2006. Spirituality and Social Work. **Dialogue and Universalism.** 16(5/6):21-29.

116. Kurtz, A. 2002. Bicultural foster care: A holistic commitment to the child. **Envision: The Manitoba Journal of Child Welfare**, 1(1):36–49. www.envisionjournal.com/application/Articles/19.pdf. Downloaded 12 February 2007.

117. Laird, J. & Hartman, A. 1985. Temporary and permanent child placement services: Part VI. *In* **A Handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

118. Law Commission. 2002. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

119. Leatt, A., Rosa, S. & Hall, K. 2005. **Towards a means to live: Targeting poverty alleviation to realise children's rights**. Children's Institute, University of Cape Town.

120. Ledderboge, U.F. 2001. Sharing the search for identity and belonging. **Childrenfirst**, 5 (36):18–20.

121. Ledderboge, U.F. & Van Rooyen, C. 2003. Transracial placements: Identities and needs of South African "rainbow families". **Social Work/Maatskaplike Werk**, 39(4):326–334.

122. Levin, A.E. 1992. Groupwork with parents in the family foster care system: A powerful method of engagement. **Child Welfare**, LZXX1/5:57–473.

123. Leuvennink, J. 2004. SA welsynshulp onder erge druk. **Volksblad**, 27 Oktober.

124. Louw, D.A. & Louw, A.E. 1990. Die neonatale fase en babajare. *In* **Menslike ontwikkeling**. Louw, D.A. (red.) 2de uitgawe. Pretoria: Haum-tersiêr.

125. Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. 1990. Die middelkinderjare. *In* **Menslike ontwikkeling**. Louw, D.A. (red.) 2de uitgawe. Pretoria: Haum-tersiêr.

126. Lynch, E.W. 1992. Developing cross-cultural competence. *In* **Developing cross-cultural competence: A guide for working with young children and their families**. Lynch, E.W. & Hanson, J.M. (eds). Baltimore: Paul H. Brooks.

127. Maithufi, I. 2000. The best interest of the child and African customary law. **Introduction to child law in South Africa**. Davel C.J. (ed). Lansdowne 7779: Juta.

128. Marlow, C.R., *with* Boone, S. 2005. **Research methods for generalist social work**. 4th edition. Belmont, USA: Brooks/Cole.

129. Matthias, C.R. 2004. Can we legislate for prevention and early intervention services for children? An analysis of aspects of the 2002 Draft Children's Bill. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 40(2):172–178.

130. Matthias, C.R. 2005. Promoting proactive services and an intersectoral approach on behalf of children. **International Social Work**, 48(6):753–762.

131. McFadden, E.J. 1985. Practice in foster care. *In* **A handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

132. McGoldrick, M., Gerson, R. & Shellenberger, S. 1999. **Genograms: Assessment and intervention**. 2nd edition. New York: W.W. Norton.

133. McHale, S.M. s.a. **How families work: Implications for childhood obesity research and intervention**. The Pennsylvania State University. http://www.nddk.nih.gov/fund/other/MEBDOCA/mchale.pdf. Downloaded 29 September 2005.

134. McKerrow N.H. & Verbeek, H.1996. The current status of orphans in the Natal Midlands. *In* **Aids, orphans and affordable care**. McKerrow, N.H., Smart, R.A. & Snyman, S.A. (eds). Pretoria: Human Sciences Research Council.

135. McSherry, D. 2004. Which came first, the chicken or the egg? Examining the relationship between child neglect and poverty. **The British Journal of Social Work**, 34(5):727–733.

136. Meyer, W.F. 1990. Basiese konsepte van die ontwikkelingpsigologie. *In* **Menslike ontwikkeling**. Louw, D.A. (red.) 2de uitgawe. Pretoria: Haum-tersiêr.

137. Mnyati, S. 1996. Current resources in the Republic of South Africa. *In* **AIDS, orphans and affordable care**. McKerrow, N.H., Smart, R.A. & Snyman S.A. (eds). Pretoria: Human Sciences Research Council.

138. Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 1998. **Applied social research: Tool for the human services**. 4th edition. Orlando: Harcourt College.

139. Moses, A. 2006. SA is kinder-onvriendelik, toon groot toename in seksmisdade. **Rapport**, 4 Junie, p. 12.

140. Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. **Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe**. Pretoria: RGN-Uitgewers.

141. NACL (Network against child labour). 2006. **Workshop on Children's Act summary** at Child Welfare and Childline Free State: Bloemfontein.

142. Naughton, D. & Fay, K.L. 2003. Of kin and culture US children and international kinship care placements. **Adoption & Fostering**, 27(4):30–37.

143. North Carolina's Division of Social Services and the Family and Children's Resource Program. 1998. Intervention points: Increasing resiliency in families and children. **Children's Services Practice Notes**, 3(1):1–2.

144. Odell, T. 2008. Promoting foster carer strengths: Suggestions for strengths-based practice. **Adoption & Fostering,** 32(1):19-28.

145. Odendal, F.F. 2000. **Kernwoordeboek**. Johannesburg: Perskor.

146. Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum. 2007. **Vakkundige Komitee**. Bloemfontein.

147. Pasick, P.L. & Pasick, R.S. 1985. The developing child. *In* **A handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

148. Personeelontwikkeling van NG Welsynsdienste. 2004a. **Onderhoud** oor pleegsorg op 27 Augustus. Bloemfontein.

149. Personeelontwikkeling van Vrystaat Versorging in Aksie (Voormalige Oranje Vrouevereniging, OVV). 2004b. **Onderhoud** oor pleegsorg op 27 Augustus. Bloemfontein.

150. Phelps, D. 1989. Foster home recruitment and retention: A success story – Prince George's County Department of Social Services. **Children Today**. http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m1053/is_n2_v18ai_7252516/. Downloaded 29 September 2005.

151. Pieterse, J.E. 1975. Die ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk in Suid-Afrika. *In* **Maatskaplike werk – 'n Algemene inleiding**. Pieterse, J.E. (red.) Pretoria: Academica.

152. Pitcher, D. 2002. Placement with grandparents: The issues for grandparents who care for their grandchildren. **Adoption & Fostering**, 26(1):6–14.

153. Pithouse, A., Lowe, K. & Hill-Tout, J. 2004. Foster carers who care for children with challenging behaviour. **Adoption & Fostering**, 28(3):20–30.

154. Posel, D. 2005. The scandal of manhood: 'Baby rape' and the politicization of sexual violence in post-apartheid South Africa. **Culture, Health & Sexuality**. 7(3), May:239–252. Online# 2005 Routledge Taylor & Francis Group Ltd.D01:10.1080/13691050412331293467. Downloaded 25 July 2006.

155. Potgieter, M.C. 1998. **The social work process: Development to empower people**. South Africa: Prentice Hall.

156. Rademeyer, A. 2006. Geweld by kinders gekoppel aan samelewing, sê kenners. **Volksblad**, 26 Julie, p. 9.

157. Reclaiming Youth Network. 2005. **RYN News Releases (Circle of Courage Launches New RAP Training Curric)**. http://www.reclaiming.com/news/. Downloaded 2 December 2005.

158. Reclaiming Youth Network. s.a. **The circle of courage philosophy**. http://www.reclaiming.com/about/index.php?page=philosopht. Downloaded 2 December 2005.

159. Report of the workshop on the establishment of a child research network. 2003. **Child well-being and poverty indicators in South Africa: Creating the real picture**. Cape Town.

160. Rice, R.M. 1985. The well-being of families and children. *In* **A handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

161. Rodway, M.R. 1986. Systems Theory. *In* **Social work treatment interlocking theoretical approaches**. Turner, F.J. (ed). New York: The Free Press.

162. Roestenburg, W. 1999. Family-life in a changing society. **Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn/Social Work Practitioner – Researcher**, 11(3):125–136.

163. Ross, E. 1988. An ecological approach to social work with deaf communities. **Maatskaplike werk/Social work**, 24(3):146–152.

164. Ross, E. & Deverell, A. 2004. **Psychosocial approaches to health, illness and disability**. Pretoria: Van Schaik.

165. Rubin, A. & Babbie E. 2001. **Research methods for social work**. Belmont, USA: Wadsworth/Thormson Learning.

166. Saleebey, D. 2002(a). Introduction: Power in the people. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston, USA: Allyn and Bacon.

167. Saleebey, D. 2002(b). The strengths approach to practice. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston,USA: Allyn and Bacon.

168. Sargent, K. & O'Brien, K. 2004. The emotional and behavioural difficulties of looked after children: Foster carer's perspectives and an indirect model of placement support. **Adoption & Fostering**, 28(2):31–37.

169. Schåfer, I.D. & Schåfer, L. 1997. Children, young persons and the Child Care Act. *In* **The law of children and young persons in South Africa**. Robinson J.A. (ed). Durban: Butterworth.

170. Schmid, J. 2007. Quo vadis? Trends in South African child welfare policies. **International Social Work**, 50(4):500-514.

171. Schoeman, H.P. 1999. **'n Ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings**. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Fakulteit van Geesteswetenskappe. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

172. Schoeman, J.H. 1980. Die sisteemteorie. *In* **Benaderings in maatskaplike werk**. Grobbelaar, S.W.P. & Schoeman J.H. (red.) Pretoria: s.l.

173. Schoeman, H.P & Botha, D. 1991. Regverdiging vir kwalitatiewe navorsing in Maatskaplike Werk. **Die Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn/The Social Work Practitioner-Researcher**, 4(3/4):44–61.

174. Schoeman, H.P. & Ferreira, S.B. 2000. Regverdiging vir 'n ekologiese benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 36(4):388-404.

175. Schofield, G. 2005. The voice of the child in family placement decision-making: a developmental model. **Adoption & Fostering**, 29(1):29–44.

176. Schultz, R. 2002. **In the best interest of the child: A practice model**. Pretoria: Christelike Maatskaplike Raad.

177. Seabury, B.A. 1985. The beginning phase: Engagement, initial assessment, and contracting. *In* **A handbook of child welfare: Context, knowledge, and practice**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

178. Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services 2006. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

179. Shaffer, D.R. 1999. **Developmental psychology: Childhood & adolescence**. Boston, USA: Houghton Mifflin.

180. Sheldon, B. & Macdonald, G. 2009. **A textbook in Social Work**. London: Routledge.

181. Sheafor, B.W., Horejsi, C.R. & Horejsi, G.A. 1994. **Techniques and guidelines for social work practice**. 3rd edition. Boston,USA: Allyn and Bacon.

182. Sishuta, H.B. 1996. **Foster care as a form of substitute care in the black community: An exploratory-descriptive study**. Unpublished M.Soc.Sc. thesis in the Faculty of the Humanities. Rhodes University.

183. Skidmore, R.A., Thackeray, M.G. & Farley, O.W. 1994. **Introduction to social work**. New Jersey: Prentice Hall.

184. Smart, R.A. 1996. The social impact of HIV/AIDS. *In* **Aids, orphans and affordable care**. McKerrow, N.H., Smart, R.A. & Snyman, S.A. (eds). Pretoria: Human Sciences Research Council.

185. Smith, K.A. 2009. Bestuurder Akademiese Toepassing Rekenaardienste. **Data-analise**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

186. Smith, R. 1981. **Leer die kind ken: Riglyne vir die maatskaplike werker**. Pretoria: Academica. Downloaded 2 March 2005.

187. Smith, K. & Cowie, H. 1988. **Understanding children's development**. New York: Basil Blackwell.

188. Social Service Home. 2005. **Foster care licensing**. http:///www.co.el-dorado.ca.us/socialservices/whatisfoster.html. Downloaded 2 March 2005.

189. SOUTH AFRICA (Republic). 1983. **Child Care Act, No. 74 of 1983**. Pretoria: Government Printer.

190. SOUTH AFRICA (Republic). 1997. Government of National Unity. **Convention on the Rights of the Child.** Pretoria: Government Printer.

191. SOUTH AFRICA (Republic). 1997. Department of Welfare. **White Paper for Social Welfare**. August. Pretoria: Government Printer. http://www.welfare.gov.za/Documents/1997/wp.htm. Downloaded 14 February 2005.

192. SOUTH AFRICA (Republic). 1998. Department of Social Welfare: Free State Province. **Discussion document on guidelines for foster care policy**. Bloemfontein.

193. SOUTH AFRICA (Republic). 1998. Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk. Free State Province. **Transformation of the child and youth care system**. Pretoria: Government Printer.

194. SOUTH AFRICA (Republic). 2002. **Children's Bill**. Government Gazette No. 25346 of August 2003.

195. SOUTH AFRICA (Republic). 2002. **Law Commission**. Discussion paper 103: Review of the Child Care Act. Project 110: ISBN 0-621-31810-8. Pretoria: Government Printer.

196. SOUTH AFRICA (Republic). 2004. Department of Social Development. **2nd Draft National Policy for Families**. June 2004. Pretoria: Government Printer.

197. SOUTH AFRICA (Republic). 2005(4). Department of Social Development. **Final Draft National Policy for Families**. Pretoria: Government Printer.

198. SOUTH AFRICA (Republic). 2005. **Children's Act, No. 38 of 2005**. Pretoria: Government Printer.

199. SOUTH AFRICA (Republic). 2006. Department of Social Development. **Service Delivery Model for Developmental Social Welfare Services**. http://www.welfare.gov.za/documents/2006/sdm.doc. Downloaded 10 February 2006.

200. SOUTH AFRICA (Republic). 2007. **Children's Amendment Act, No. 41 of 2007.** Pretoria: Government Printer.

201. South African National Council for Child and Family Welfare. 1987. **A guide to foster care practice in South Africa**. Johannesburg: South African National Council for Child and Family Welfare.

202. South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect. 2003. **Children's Bill: Submission on child protection, incorporating prevention and early intervention and children in especially difficult circumstances**. Johannesburg: Unpublished report.

203. Spears, W. & Cross, M. 2003. How do 'children who foster' perceive fostering? **Adoption & Fostering**, 27(4):38–45.

204. Strydom, H. 2005a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service profession. *In* **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

205. Strydom, H. 2005b. The pilot study. *In* **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

206. Strydom, H. 2005c. Sampling and sampling methods. *In* **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (eds). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

207. Stutterheim, E. & Weyers, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: The new approach of the social work service of the South African Police Service. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 40(1):1–14.

208. SUID-AFRIKA (Republiek). **Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders**. 1990. Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, Administrasie: Volksraad. Pretoria: Kaap & Transvaal Drukkers.

209. Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe. 1999. **Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978, Regulasies en Reëls: Handleiding**. 3de uitgawe. Pretoria: SARMDB.

210. Sullivan, W.P. & Rapp, C. 2002. Environmental context, opportunity, and the process of recovery: The role of strengths-based practice and policy. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston, USA: Allyn and Bacon.

211. Swart, I. 2001. **'n Gestaltanalise van gedragsmoeilike kinders.** Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Fakulteit Geesteswetenskappe. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

212. Swartz, L. 1998. **Culture and mental health: A Southern African view**. Cape Town, South Africa: Oxford University.

213. Sykes, J., Sinclair, I., Gibbs, I. & Wilson, K. 2002. Kinship and stranger foster carers: How do they compare? **Adoption & Fostering**, 26(2):38–47.

214. The Circle of Courage. 2002: http://maxweber.hunter.cuny.edu/pub/eres/EDSPC715_MCINTYRE/CircleOfCourage. Downloaded 2 December 2005.

215. The family from a child development perspective. 2005. http://www.unu.edu/unupress/unupbooks/uu/13se/uu13se06.htm. Downloaded 1 July 2005.

216. The Nasional Association of Foster Care Reviewers. 1997. **Culture and foster care review: An overview and position statement**. www.afcr.com/istresources/index.html-2k. Downloaded 12 February 2007.

217. Thoburn, J. 1994. **Child placement: Principles and practice**. 2nd edition. Vermont USA: Ashgate.

218. Thom, D.P. 1990. Adolessensie. *In* **Menslike ontwikkeling**. Louw, D.A. (red.) 2de uitgawe. Pretoria: Haum-tersiêr.

219. Thomlison, B. 2002. **Family assessment handbook: An introductory practice guide to family assessment and intervention**. Pacific Grove, USA: Brooks/Cole.

220. Thomlison, B. 2004. Child maltreatment: A risk and protective factor perspective. *In* **Risk and resilience in childhood: An ecological perspective**. Fraser, M.W. (ed). 2nd edition. Washington: NASW Press.

221. Thompson, C.L, Rudolph, L.B. & Henderson, D. 2004. **Councelling children**. Belmont, USA: Thomson Brooks/Cole.

222. Tomison, A.M. 1996. Child maltreatment and substance abuse. **National child protection clearinghouse.** Discussion paper No. 2 Spring. http://66.249.93.104/search?q=cache:ownHgEnw2moJ.wwwaifs.gov.au/nch/discussio. Downladed 25 July 2006.

223. UNICEF (United Nations Children's Fund). 2003. **Africa's orphaned generations (report)**. New York: 3 UN Plaza.

224. Unrau, Y., Wells, M. & Hartnett, M.A. 2004. Removing barriers to service delivery: An outcome evaluation of a "remodelled" foster care programme. **Adoption & Fostering**, 28(2):20–30.

225. Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk**. Pretoria: Staatsdrukker.

226. Van Bochove, J.W. 1965. **Pleegsorg**. Ongepubliseerde D.Phil, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

227. Van Delft, W.F. 1995. Veranderlikes wat prognose in pleegsorgrekonstuksiedienste beïnvloed. **Die Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn/The Social Work Practitioner-Researcher**, 8(3):186–198.

228. Van Vuren, A. 2004. HIV/Aids: Humanity's most daunting challenge. *In* **A reader on selected social issues**. Bezuidenhout, F.J. (ed). 3rd edition. Pretoria: Van Schaik.

229. Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders. **Kyk** SUID-AFRIKA (Republiek). 1990. Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn.

230. Verster, A. 2009. Departement Statistieke en Wiskundige Statistieke. **Interpretasie en voorstelling van data in figure**. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

231. Viviers, A. 2001. Assistant Director of Children, Yough and families at Departement of Social Development, Free State Province. **An overview of the developmental approach**. Occasional Paper.

232. Von Bertalanffy, L. 1975. General system theory. *In* **General systems theory & human communication**. Ruben, B.D. & Kim, J.Y. (eds). New Jersey: Hayden Book Company.

233. Waller, M.A. 2001. Resilience in ecosystemic context: Evolution of the concept. **American Journal of Orthopsychiatry**, 71(3):1–8.

234. Ward, H., Skuse, T. & Munro, E.R. 2005. "The best of times, the worst of times". Young people's views of care and accommodation. **Adoption & Fostering,** 29(1):8–17.

235. Watson, A. & Jones, D. 2002. The impact of fostering on foster carer's own children. **Adoption & Fostering**, 26(1):49–56.

236. Webb, N.B. 2003. **Social work practice with children**. 2nd edition. New York: Guilford.

237. Weick, A. & Chamberlain, R. 2002. Putting problems in their place. *In* **The strengths perspective in social work practice.** Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston, USA: Allyn and Bacon.

238. Weick, A., Rapp, C., Sullivan, W.P. & Kisthardt, W. 1989. A strengths perspective for social work practice. **Social Work**, 34(4):350–354.

239. Welman, C., Kruger, F. & Mitchell, B. 2005. **Research methodology.** Cape Town: Oxford South Africa.

240. Wet op Maatskaplike Diensberoepe. 1978. Kyk Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.

241. White Paper for Social Welfare. 1997. **See** SOUTH AFRICA (Republic).

242. Wilson, K., Petrie, S. & Sinclair, I. 2003. A kind of loving: A model of effective foster care. **British Journal of Social Work**, 33(8):991–1003.

243. Wiltse, K.T. 1985. Foster care: An overview. *In* **A handbook of child welfare**. Laird, J. & Hartman, A. (eds). New York: The Free Press.

244. Witkin, S. 2002. Foreword. *In* **The strengths perspective in social work practice**. Saleebey, D. (ed). 3rd edition. Boston: Allyn and Bacon.

245. Wolin, S. & Wolin, S. 1994. **Survivor's Pride: Building resilience in youth at risk**. Video in the resiliency series: Attainment Company.

246. Youth Justice Process in New Zealand. 2002. **Family group conference: Information for parents, extended families and friends**. www.mcf.gov.bc.ca/child protection/pdf/brochure parents 2.pdf. Downloaded 3 June 2005.

247. Zaal, N. & Matthias, C. 2000. The child in need of alternative care. *In* **Introduction to child law in South Africa**. Davel, C.J. (ed). Lansdowne: Juta.

248. Zastrow, C. 2001. **Social work with groups: Using the class as a group leadership laboratory**. 5th edition. Pacific Grove: Thomson Brooks/Cole.

249. Zastrow, C. 2006. **Social work with groups: A comprehensive workbook**. 6th edition. Pacific Grove: Thomson Brooks/Cole.

250. Zastrow, C. 2007. **The practice of social work: A comprehensive work text**. 8th edition. Belmont USA: Thomson Brooks/Cole.

BYLAE A

INLIGTINGSBRIEF (Afrikaans en Engels)

Tel. 051-4013328 / 0844017838
Faks 051-4013581
E-pos boninga.hum@ufs.ac.za

Besselsenstraat 56
Universitas
BLOEMFONTEIN
9301

1 Augustus 2008

Maatskaplike werker betrokke by pleegsorgdienste

Ek is 'n dosent verbonde aan die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit van die Vrystaat (UV) en is tans besig met 'n doktorsgraad met die titel: *'n Ekologiese perspektief op pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders.* Daar word gepoog om deur middel van hierdie navorsing 'n holistiese beeld te verkry van:

- die huidige stand van riskante en beskermende faktore wat die pleegsorgpraktyk in Suid-Afrika beïnvloed,
- hoedat die pleegkind en die pleeggesin op individuele- en gesinsvlak versterk kan word ten einde die doel van die plasing te bereik,
- watter faktore op die sosiaal-strukturele en -kulturele vlak 'n invloed uitoefen op sorgbehoewendheid van kinders en die pleegsorgplasing, en
- indikatore vir die bevordering van wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerk-dienste om hedendaagse eise wat gestel word aan die pleegsorgpraktyk doeltreffend te beheer en te bestuur.

Ten einde so 'n omvattende beeld te verkry oor pleegsorg en die uitkomste van die navorsing te bereik, is u deelname as praktiserende maatskaplike werker onontbeerlik. Die inligting wat deur middel van die ingevulde vraelyste ingesamel word, word bekendgestel in 'n navorsingsverslag wat beskikbaar sal wees vir die akademie sowel as die praktyk. Daar word ook beplan om navorsingsartikels te skryf vir moontlike publikasie en die aanbieding van werkswinkels of inligtingsessie word ook in die vooruitsig gestel. 'n Hoë prioriteit word op vertroulikheid gestel. Indien u dus die vraelys invul en aan my terugbesorg, word aanvaar dat u toestemming verleen tot die bekendmaking van inligting sonder skending van u privaatheid.

Instruksies vir die invul van die vraelys word gegee wat u **asseblief eers moet lees**. Dit behoort u ongeveer 45 minute te neem om die vraelys in te vul. U deelname sal opreg waardeer word. Indien u enige onsekerheid ervaar tydens die invul van die vraelys, is u welkom om my te kontak by bogenoemde adres of telefoonnommers.

Terugvoer voor of op **12 September 2008** sal waardeer word.

Die uwe

_____
AE. Böning
Registrasie nommer by Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe: 10-03402

_____
Dr. SB. Ferreira
Promotor Universiteit van die Vrystaat

Tel. 051-4013328 / 0844017838
Fax 051-4013581
E-mail boninga.hum@ufs.ac.za

56 Besselsen Street
Universitas
BLOEMFONTEIN
9301

1 August 2008

Social worker involved in foster care services

I am a lecturer at the Department of Social Work at the University of the Free State (UFS) and is currently busy with a doctoral thesis entitled: *An ecological perspective on foster care as alternative care for children.* The objective of this research is to get a holistic view of:

- the current state of risky and protective factors influencing the practice of foster care in South Africa;
- how the foster child and the foster family can be empowered at individual and family level in order to attain the purpose of the placement;
- which factors at the socio-structural and socio-cultural level exert an influence on children needing care and placing into foster care; and
- indicators for the furtherance of scientifically-based social work services in order to control and manage the current demands on the practice of foster care.

In order to obtain such a comprehensive view of foster care and the outcomes of the research, your participation as practising social worker is indispensable. The information collected by means of the completed questionnaires will be made known in a research report, which will be available to academicians as well as practitioners. The plan is also to write research articles for possible publication and the presentation of workshops or information sessions is also envisaged. Confidentiality is a very high priority. Should you therefore complete the questionnaire and return it to me, I shall accept that you are granting permission for the publication of information without violating your privacy.

Instructions for the completion of the questionnaire are provided which you **first have to read, please**. It should take you approximately 45 minutes to complete the questionnaire. You participation is sincerely appreciated. Should anything be unclear whilst completing the questionnaire, you are welcome to contact me at the above address or telephone numbers.

Feedback before or on **12 September 2008** will be appreciated.

Yours sincerely

_____
A E. Böning
Registration number at the South African Council for Social Work Services Professions: 10-03402

_____
Dr. SB. Ferreira
Promoter University of the Free State.

BYLAE B

VRAELYS (Afrikaans en Engels)

INSTRUKSIES VIR DIE INVUL VAN DIE VRAELYS

1. Beantwoord die vrae deur eenvoudig die nommer in die toepaslike blokkie te **omkring**. *(Indien u u keuse wil verander, trek die oorspronklike sirkel(s) dood en omkring die ander nommer van u keuse.)*

Vroulik	(1)

2. Beantwoord asseblief **alle** vrae.
3. In enkele gevalle word aan u die opsie gegee om "A*nder*" te noem met die versoek dat u *"spesifiseer"*. Dit beteken dat u self in woorde moet aandui wat u bedoel.
4. Wanneer hoeveelhede/aantal van u verwag word soos in Vrae A7, C1,2,3,9 en 10, vul **een syfer per blokkie** in, byvoorbeeld 12:

0	1	2

5. U kan die vraelys **elektronies** invul en as 'n aanhangsel per E-pos terugstuur of uitdruk en per landpos terugstuur. Indien u dit elektronies hanteer, moet u die aanhangsel oopmaak, in "*Microsoft Word"* stoor en u keuse direk langs die nommer merk met 'n **X,** byvoorbeeld:

Vroulik	1X

VRAELYS

AFDELING A: SOSIO-DEMOGRAFIESE INLIGTING

Die vrae in hierdie afdeling, is bedoel om 'n beeld van die maatskaplike werker en die welsyns-instansie betrokke by pleegsorgdienste te kry, u identiteit sal nie hierdeur vasgestel kan word nie.

Kantoorgebruik

Rekordnommer: [ ][ ][ ] 1-3

1. Geslag

Manlik	1	
Vroulik	2	4

2. Bevolkingsgroep:

Swart	1	
Kleurling	2	
Indiër	3	
Wit	4	5

3. Geboortejaar: 19 [ ][ ] 6-7

4. In watter provinsie is u werksaam?

Gauteng	1	
KwaZulu-Natal	2	
Limpopo	3	
Mpumalanga	4	
Noord-Kaap	5	
Noord-Wes	6	
Oos-Kaap	7	
Vrystaat	8	
Wes-Kaap	9	8

5. By watter welsynsinstansie is U werksaam?

Departement Maatskaplike Ontwikkeling	1	
Kerklike instansie	2	
Vroue-organisasie	3	
Kinder- en gesinsorgvereniging	4	9

6. Wat is u **hoogste** opvoedkundige kwalifikasie?

Driejarige diploma/graad in maatskaplike werk.	1	
Gevorderde diploma gelykstaande aan 'n vierdejaar/honneurs-graad.	2	
'n Vierjarige graad in maatskaplike werk.	3	
'n Meestersgraad.	4	
'n Doktorsgraad.	5	10

Kantoorgebruik

7. Dui die aantal **jare** ervaring wat u as maatskaplike werker het in die twee blokkies aan (Bv 2 jaar as | 0 | 2 | Jaar) | | | 11-12

AFDELING B: PLEEGSORG AS ALTERNATIEWE SORG VIR KINDERS

In hierdie afdeling van die vraelys, word gepoog om 'n aanduiding te verkry oor die voorkoms en huidige stand van die pleegsorgpraktyk.

1. Tot watter mate vorm die volgende kernelemente deel van die omskrywing en doel van pleegsorg as alternatiewe sorg by u organisasie? (beoordeel elke element)

Kernelemente	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Pleegsorg word gebruik vir versorging van kinders wat tydelik op bevel van die kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is.	5	4	3	2	1	13
Pleegsorg word gebruik vir kinders wat permanent op bevel van die kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is om 'n lewenslange verbintenis te vorm	5	4	3	2	1	14
Dit is die beste alternatiewe sorg vir kinders omdat dit binne gesins- en gemeenskapsopset plaasvind	5	4	3	2	1	15
Pleegsorg moet verkieslik by familielede gereël word	5	4	3	2	1	16
Pleegkinders word meestal by vooraf gewerfde en goedgekeurde pleegouers ingepas.	5	4	3	2	1	17
Groepspleegsorgskemas ("*cluster foster care schemes"*) is 'n moontlikheid vir die groeiende aantal pleegsorgplasings	5	4	3	2	1	18
Langtermyn pleegsorg gaan gewoonlik oor in aanneming	5	4	3	2	1	19
Pleegtoesigdienste word te alle tye deur 'n maatskaplike werker volgens 'n pleegsorgplan gelewer	5	4	3	2	1	20
Pleegtoesigdienste word in sommige gevalle deur hulpwerkers of kinder- en jeugsorg-werkers gelewer volgens 'n pleegsorgplan	5	4	3	2	1	21
Die hoofdoel van pleegsorg is om veilige, gesonde en ondersteunende versorging aan sorgbehoewende kinders te bied	5	4	3	2	1	22
Pleegsorg word meestal gebruik vir die voorsiening in materiële behoeftes van kinders wat in armoede verkeer	5	4	3	2	1	23
Pleegsorg word meestal gebruik om weeskinders te versorg	5	4	3	2	1	24
Behoud van gesinsverhoudings en gesinsherstel is die natuurlike doel van pleegsorg	5	4	3	2	1	25
Deur pleegsorg word in kinders se opvoedkundige, maatskaplike, sosiale en gesondheidsbehoeftes voorsien en positiewe lewens-vaardighede word oorgedra	5	4	3	2	1	26
Pleegkinders se kulturele, etniese en godsienstige herkoms word gerespekteer, behou en uitgebou tydens die plasing	5	4	3	2	1	27
Permanensiebeplanning vorm deel van alle pleegsorgplasings	5	4	3	2	1	28
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	29-30

3. Pleegsorg kan in verskillende vorme in die praktyk voorkom. Dui in die eerste kolom aan of die genoemde <u>variasie</u> ook as 'n vorm van pleegsorg beskou kan word en tweedens of dit wel <u>voorkom</u> by die dienste wat u lewer. [Indien JA merk 1 en indien NEE merk 2.]

Variasie as vorm van pleegsorg	Variasie			Kom voor		
	Ja	Nee		Ja	Nee	
Formele korttermyn pleegsorg by goedgekeurde pleegouers met die oog op spoedige gesinsherstel	1	2		1	2	31-32
Formele langtermyn pleegsorg met geringe kans op gesinsherstel	1	2		1	2	33-34
Familiesorg op bevel van die kinderhof	1	2		1	2	35-36
Informele vrywillige familiesorg waar die kinders later spontaan terugkeer na hul biologiese ouers wanneer die rede soos tydelike ekonomiese- of opleidingsomstandighede van die ouers opgeklaar is	1	2		1	2	37-38
Private pleegsorg waar voorskoolse kinders vir langer as 'n maand teen vergoeding van sy ouers tydelik versorg word deur 'n persoon anders as 'n familielid	1	2		1	2	39-40
Geregistreerde groepspleegsorgskemas waar versorgers opgelei word om groepe kinders in pleegsorg te neem	1	2		1	2	41-42
Professionele pleegsorg van kinders met spesiale behoeftes ten opsigte van gedrag, gestremdheid of siekte wat deur opgeleide peegouers versorg word	1	2		1	2	43-44
Gesin-vir-gesin pleegsorg waar 'n gesin spesiaal gekeur word om 'n ander gesin periodiek gedurende problematiese tye by te staan deur die kinders sonder vergoeding te versorg	1	2		1	2	45-46
Vriendekring pleegsorg waar kinders met uitdagende gedrag en 'n geskiedenis van mislukte plasings se versorging gedeel word deur 'n groep gekeurde persone / spanversorging	1	2		1	2	47-48
Onderbroke pleegsorg waar gasheerpleegouers kinders oor naweke en vakansies neem vir ekstra stimulasie en ontwikkeling	1	2		1	2	49-50
Kinderhoofhuishoudings waar kinders 16 jaar en ouer in samewerking met volwassenes buite die huishouding verantwoordelikheid neem vir die versorging van jonger kinders	1	2		1	2	51-52
Oog-op-die-kind projek waar kwesbare kinders beskerm of beveilig word binne gesins- en gemeenskapsverband deur opgeleide vrywilligers	1	2		1	2	53-54

4. Tot watter mate word pleegsorg as alternatiewe sorg vir die volgende sorgbehoewende kinders verkies?						Kantoorgebruik
Omstandigheid van die kind	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Voorskoolse kinders	5	4	3	2	1	55
Laerskool kinders	5	4	3	2	1	56
Hoërskool kinders	5	4	3	2	1	57
Kinders met oorbetrokke en veeleisende biologiese ouers	5	4	3	2	1	58
Kinders van betrokke en samewerkende biologiese ouers	5	4	3	2	1	59
Kinders van afwesige biologiese ouers	5	4	3	2	1	60
Kinders met uitdagende gedrag	5	4	3	2	1	61
Kinders met spesiale fisiese behoeftes (siekte of gestremdheid)	5	4	3	2	1	62
Kinders met geestesongesteldhede	5	4	3	2	1	63
Kinders met intellektuele ingeperktheid	5	4	3	2	1	64
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	65-66

5. Hoe belangrik is die volgende faktore by die keuse van 'n pleegsorgplasing?					
Faktor	**Baie belangrik**	**Belangrik**	**Gemiddelde belang**	**Geringe belang**	**Geensins belangrik**
Die kind se behoeftes	5	4	3	2	1	67
Die beskikbare pleegouers/pleeghuis	5	4	3	2	1	68

6. Gebruik die volgende skaal en dui die mate aan waarin die volgende aspekte voor, tydens en na plasing gebruik word. **1 = Word nooit toegepas;** **2 = in minder as 25% van gevalle;** **3 = in ongeveer 50% van gevalle;** **4 = in ongeveer 75% van gevalle;** **5 = die pleegsorgproses word in elke geval toegepas.**	**In elke geval**	**In 75% van gevalle**	**In 50% van gevalle**	**In 25% van gevalle**	**Nooit**	
VOOR PLASING						
Assessering van die kind se versorgingsbehoeftes	5	4	3	2	1	69
Keuring van geskikte pleegouers	5	4	3	2	1	70
Passing van pleegkind by beskikbare geskikte pleegouers	5	4	3	2	1	71
Voorplasingsbesoek van biologiese ouers en kind by voorgenome pleegouers	5	4	3	2	1	72
Voorligting aan pleegkind en biologiese ouers oor die regsposisie van die kind en hul verantwoordelikhede	5	4	3	2	1	73
Voorligting aan die pleegouers oor die doelwitte van die plasing	5	4	3	2	1	74
Begeleiding deur die statutêre proses	5	4	3	2	1	75

TYDENS PLASING						
Samestelling van 'n pleegsorgplan tesame met ander rolspelers	5	4	3	2	1	76
Voorligting aan pleegouers oor hul regte en verantwoordelikhede	5	4	3	2	1	77
Skolastiese plasing, aanpassing en voorsiening in ander opvoedkundige behoeftes	5	4	3	2	1	78
Voorligting aan pleegouers oor relevante hulpbronne soos pleegouertoelae, mediese dienste, skoolgelde	5	4	3	2	1	79
Voorligting oor gesonde voeding, persoonlike higiëne, kleding, rekreasie, respektering van persoonlike eiendom en privaatheid	5	4	3	2	1	80
Voorligting oor positiewe en ouderdomsgepaste dissiplinêrings-metodes en verbod op lyfstraf	5	4	3	2	1	81
Ooreenkoms met biologiese ouers oor besoeke, telefoonoproepe, pos, geskenke en hantering van spesiale geleenthede soos verjaardae	5	4	3	2	1	82
NA PLASING						
Hanteer skeidingsreaksies en verlies na verwydering	5	4	3	2	1	83
Aanpassing en integrasie by pleeggesin met behoud van eie identiteit	5	4	3	2	1	84
Identifiseer en stimuleer veerkragtigheidseienskappe	5	4	3	2	1	85
Gereelde hersiening van die pleegsorgplan en aanpassing	5	4	3	2	1	86
Sesmaandelikse vorderingsverslae oor doelbereiking	5	4	3	2	1	87
Tweejaarlikse statutêre hersiening van die plasing	5	4	3	2	1	88

7. Tot watter mate vorm die volgende prosedures deel van permanensieplasing?

Prosedures	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Korttermyn pleegsorg met die oog op spoedige gesinsherstel	5	4	3	2	1	89
Beplande langtermyn pleegsorg vanweë gebrek aan terugplasingsmoontlikhede en vorming van lewenslange verbintenisse	5	4	3	2	1	90
Pleegsorg met die oog op aanneming	5	4	3	2	1	91
Pleegsorg met oordrag van voogdyskap	5	4	3	2	1	92

8. Tot watter mate kom die volgende <u>redes</u> voor wanneer pleegsorgplasings getermineer word?

Rehabilitasie en terugplasing by die ouers	5	4	3	2	1	93		
Aanneming	5	4	3	2	1	94		
Mislukte plasing en oorplasing na ander alternatiewe versorgingsposisie	5	4	3	2	1	95		
Skoolverlating na 15 jaar	5	4	3	2	1	96		
Ontheffing deurdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het, of skoolverlating na 18 jaar	5	4	3	2	1	97		
Die pleegouers raak ongeskik vanweë ouderdom	5	4	3	2	1	98		
Die pleegouers raak ongeskik vanweë siekte	5	4	3	2	1	99		
Pleegouers is oorlede	5	4	3	2	1	100		
Pleegouertoelae is misbruik	5	4	3	2	1	101		
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1			102-103

9. Tot watter mate is die volgende stellings van toepassing op die huidige stand van pleegsorgpraktyk?

Stelling oor pleegsorgpraktyk	Baie groot mate	Groot mate	Gemiddelde mate	Geringe mate	Geensins	Kantoorgebruik
Die pleegsorgstelsel is oorlaai	5	4	3	2	1	104
Die pleegsorgstelsel is onderbefonds in terme van hulpbronne vir dienste en toelae	5	4	3	2	1	105
Die pleegsorgstelsel ly skade vanweë 'n tekort aan maatskaplike werkers	5	4	3	2	1	106
Daar bestaan 'n gebrek aan multi-dissiplinêre samewerking	5	4	3	2	1	107
Kinders dryf rond in die pleegsorgstelsel vanweë gebrekkige dienste en word dikwels verder getraumatiseer	5	4	3	2	1	108
Die maatskaplikewerk-professie gaan gebuk onder 'n lae moraal	5	4	3	2	1	109
Gevalleladings vir pleegtoesigdienste is onhanteerbaar hoog en dienslewering sentreer om die nakoming van statutêre keerdatums	5	4	3	2	1	110
Die fokus van pleegtoesigdienste is probleemgeoriënteerd en nie oplossings-/ontwikkelings-/sterktegerig nie	5	4	3	2	1	111
Pleegkinders word maklik en onvoorbereid oorgeplaas van een pleegsorg na 'n ander	5	4	3	2	1	112
Daar bestaan 'n groot gaping/verskil tussen kindersorgbeleid en praktykwerklikhede	5	4	3	2	1	113
Die ware doel van pleegsorg gaan verlore weens die gebruik daarvan vir armoedeverligting en om weeskinders te versorg	5	4	3	2	1	114
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	115-116

AFDELING C: INDIVIDUELE- EN GESINSFAKTORE

Hierdie afdeling van die vraelys handel oor die pleegkind as individu en sy onmiddellike omgewing waarvan die biologiese- en pleeggesin as die mees betekenisvolle beskou word.

1. Aan hoeveel kinders lewer u tans pleegsorgtoesig-dienste? 117-119

2. Verdeel die aantal kinders in elk van die volgende ontwikkelingsfases (Dui die getal elke keer aan. Dit moet optel na die totaal in vraag 1)

Fase	Aantal	
Baba of suigelingsfase		120-122
Voorskools		123-125
Laerskool		126-128
Adolessensie		129-131

3. Watter persentasie maak die volgende twee soorte pleegsorg van u gevallelading uit? (Die twee persentasies moet saam 100% wees)

Soort pleegsorg	%	
Formele pleegsorg by goedgekeurde ouers		132-133
Familieplasings		134-135

4. Tot watter mate het die volgende individuele-, gesins- of omgewingsfaktore aanleiding gegee tot die pleegsorgplasings waarby u betrokke is?						Kantoorgebruik
Bydraende faktore	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Uitdagende gedrag wat ouers nie kan hanteer nie	5	4	3	2	1	136
Gesinsfaktore soos huweliks-/verhoudingskonflik	5	4	3	2	1	137
Onbevoegde ouerskapfunksionering	5	4	3	2	1	138
Onopspoorbare ouers en verlate kinders	5	4	3	2	1	139
Ouers skuif hul verantwoordelikhede vir kinderbeskerming op familie of openbare diensleweringsinstansies af	5	4	3	2	1	140
Fisiese verwaarlosing	5	4	3	2	1	141
Emosionele verwaarlosing	5	4	3	2	1	142
Fisiese mishandeling	5	4	3	2	1	143
Emosionele mishandeling	5	4	3	2	1	144
Seksuele misbruik of mishandeling	5	4	3	2	1	145
Kinderverkragting	5	4	3	2	1	146
Ontoepaslike strafmaatreëls soos lyfstraf	5	4	3	2	1	147
Gesinsgeweld	5	4	3	2	1	148
Enkelouerskap weens egskeiding, buite-egtelikheid, afwesige vaders of die dood	5	4	3	2	1	149
Werkloosheid	5	4	3	2	1	150
Armoede	5	4	3	2	1	151
Kriminele aktiwiteite	5	4	3	2	1	152
Alkohol- en dwelmmisbruik	5	4	3	2	1	153
Ontoereikende behuising/skuiling	5	4	3	2	1	154
Dood weens siektetoestande soos MIV/VIGS en tuberkulose.	5	4	3	2	1	155
Liggaamlike ongesteldheid van ouers	5	4	3	2	1	156
Geestesongesteldhede van ouers	5	4	3	2	1	157
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	158-159

5. Tot watter mate stem u saam dat die volgende aspekte deel vorm van elke pleegsorgplan om die pleegkind se funksionering te versterk?						
Aspekte van 'n pleegsorgplan	**Stem beslis saam**	**Stem saam**	**Onseker**	**Stem nie saam nie**	**Stem beslis nie saam nie**	
Fokus op veerkragtigheidsfaktore wat dit vir die kind moontlik maak om ten spyte van disfunksionele omstandighede aan te pas en te ontwikkel	5	4	3	2	1	160
'n Sterktegerigte benadering wat geloof in die self en hoop vir die toekoms skep	5	4	3	2	1	161
Die ontwikkeling van 'n hegtheidsband wat positiewe verbintenisse met betekensivolle volwassenes insluit	5	4	3	2	1	162

Onafhanklikheid word bevorder waardeur die kind homself kan skei van problematiese omstandighede en fokus op selfstandige optrede en eie voortbestaan - bemagtiging	5	4	3	2	1	163
Inisiatief en bevoegdheid tot probleemoplossing word gestimuleer	5	4	3	2	1	164
Humor en distansiering van pyn word gestimuleer	5	4	3	2	1	165
Emosionele intelligensie word bevorder	5	4	3	2	1	166
Spiritualiteit en kerklikmaatskap word aangemoedig	5	4	3	2	1	167
Fisiese gesondheid word geskep deur toepaslike hulpbronne	5	4	3	2	1	168
Geleentheid tot positiewe etniese en kulturele identiteitsvorming word geskep	5	4	3	2	1	169
Selfvertroue word opgebou	5	4	3	2	1	170
Suksesvolle bemeestering van ontwikkelingstake volgens verwagte mylpale word gestimuleer	5	4	3	2	1	171
Mededeelsaamheid word aangemoedig	5	4	3	2	1	172
Hulpvaardigheid word aangemoedig	5	4	3	2	1	173
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	174-175

6. Tot watter mate lewer u dienste aan die volgende soorte pleeggesinne

Soort gesin	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Nukleêre gesin bedoelende 'n moeder, vader en kinders wat nie verwant is aan die pleegkind nie	5	4	3	2	1	176
Nukleêre gesin bedoelende 'n moeder, vader en kinders wat verwant is aan die pleegkind/familieplasing	5	4	3	2	1	177
Egpare met volwasse kinders wat nie meer in die huis woon nie	5	4	3	2	1	178
Getroude kinderlose pare wat pleegkind(ers) versorg	5	4	3	2	1	179
Ongetroude pare wat saamwoon en pleegkind(ers) versorg	5	4	3	2	1	180
Enkelouergesin bedoelende 'n moeder of vader met pleegkind(ers)	5	4	3	2	1	181
Kinderhoofhuishoudings met pleegkinders	5	4	3	2	1	182
Homoseksuele pare wat dien as pleegouers	5	4	3	2	1	183
Multi-generatiewe gesin bestaande uit grootouer/ouer/kinders/ ander familielede en pleegkind(ers)	5	4	3	2	1	184
Grootouerhuishoudings met pleegkinders	5	4	3	2	1	185
Nie-huishouding gesin waar 'n groep persone saambly in een huishouding en verantwoordelikhede deel vir 'n pleegkind	5	4	3	2	1	186
Hersaamgestelde gesin waar biologiese ouers, stiefouers, biologiese kinders, stiefkinders en pleegkinders saamwoon	5	4	3	2	1	187

Kantoorgebruik

7. Gebruik die volgende skaal en dui die mate aan waarin die volgende dienste gelewer word alvorens 'n kind verwyder en in pleegsorg geplaas word.

1 = Word nooit toegepas;
2 = in minder as 25% van gevalle;
3 = in ongeveer 50% van gevalle;
4 = in ongeveer 75% van gevalle;
5 = die pleegsorgproses word in elke geval toegepas.

	In elke geval	**In 75% van gevalle**	**In 50% van gevalle**	**In 25% van gevalle**	**Nooit**	

Voorkomingsdienste ter versterking en bewaring van gesinslewe	5	4	3	2	1	188
Interdissiplinêre samewerking tussen rolspelers tydens vroeë intervensieprogramme	5	4	3	2	1	189
Gemeenskapsprojekte vir die opbou van gesinslewe	5	4	3	2	1	190
Groepe in ouerskapsvaardighede	5	4	3	2	1	191
Ouerskapsplanne en gesinsbewaring	5	4	3	2	1	192
Maatreëls om toepaslike hulpbronne beter te gebruik ter versterking van gesinslewe	5	4	3	2	1	193
Gesinsgroepkonferensies	5	4	3	2	1	194
Assessering van behoeftes en sterktes van die gesin	5	4	3	2	1	195
Selektering van gepaste intervensiemodelle ten einde gesinsproblematiek aan te spreek	5	4	3	2	1	196
Sesmaandelikse evaluering van behandelingsplan	5	4	3	2	1	197

8. Tot watter mate kom die volgende soorte behuising by pleegsorgouers voor waarby u dienste lewer?

Soorte behuising	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
'n Eie huis of woonstel.	5	4	3	2	1	198
'n Huis of woonstel wat gehuur word.	5	4	3	2	1	199
Woon by familie / vriende in 'n huis of woonstel.	5	4	3	2	1	200
Informele behuising	5	4	3	2	1	201
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	202-203

9. Dui die totale aantal pleeggesinne aan waarmee u tans werk. 204-206

10. Verdeel die aantal pleeggesinne in elk van die volgende maandelikse inkomstegroepe (Dui die getal elke keer aan. Dit moet optel na die totaal in vraag 9.
Indien niemand in 'n bepaalde kategorie voorkom nie, skryf twee nulle in).

Inkomste per maand	**Aantal**	
Minder as R500		207-209
R500 – R999		210-212
R1 000 – R2 499		213-215
R2 500 – R3 499		216-218
R3 500 - R 4 999		219-221
R5 000 – R6 999		222-224
R7 000 – R9 999		225-227
R10 000 – R14 999		228-230
R15 000 – R19 999		231-233
R20 000 en meer		234-236

Kantoorgebruik

11. Tot watter mate is u pleegsorglading onderworpe aan die volgende <u>gesinsherenigingsdienste</u>?							
Gesinsherenigingsdienste	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**		
Biologiese ouers aktief betrokke by 'n gesinsherenigingsprogram met 'n sterk moontlikheid van terugplasing	5	4	3	2	1	237	
Biologiese ouers sporadies betrokke met 'n geringe kans op gesinsherstel	5	4	3	2	1	238	
Biologiese ouers is betrokke by kinders maar terugplasing is nie haalbaar vanweë langtermyn/permanente gebreke soos kroniese siekte of gevangenisetting	5	4	3	2	1	239	
Biologiese ouers is onopspoorbaar, geen dienste	5	4	3	2	1	240	
Biologiese ouers is oorlede, geen dienste	5	4	3	2	1	241	
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1		242-243
12. Tot watter mate is die pleegouers in u gevallelading se <u>werksposisies</u> die volgende?							1-3
Werkloos	5	4	3	2	1	4	
Informele werk / eie informele besigheid	5	4	3	2	1	5	
Afhanklik van ander staatstoelae behalwe pleegouertoelae	5	4	3	2	1	6	
Pleegouertoelae is enigste vaste inkomste	5	4	3	2	1	7	
Vaste betrekking in arbeidersklas maar sonder byvoordele soos mediesefonds	5	4	3	2	1	8	
Arbeidersklas met byvoordele	5	4	3	2	1	9	
Professionele werkersklas met byvoordele	5	4	3	2	1	10	
Eie besigheid / Sakesektor	5	4	3	2	1	11	
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1		12-13
13. Tot watter mate kom die volgende <u>gedrags-, emosionele en fisiese</u> probleme voor by die pleegkinders waarmee u werk?							
Aggressiewe gedrag.	5	4	3	2	1	14	
Uitdagende gedrag.	5	4	3	2	1	15	
Misdadige gedrag.	5	4	3	2	1	16	
Onttrekking van ander mense en aktiwiteite.	5	4	3	2	1	17	
Angstigheid.	5	4	3	2	1	18	
Fisiese probleme soos byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, asma	5	4	3	2	1	19	
Dieetstoornisse	5	4	3	2	1	20	
Urinese	5	4	3	2	1	21	
Enkoprese	5	4	3	2	1	22	
Slaapstoornisse	5	4	3	2	1	23	
Substansmisbruik	5	4	3	2	1	24	
Skoolversuim	5	4	3	2	1	25	
Swak selfbeeld en identiteitskrisis	5	4	3	2	1	26	
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1		27-28

14. Tot watter mate maak u van die volgende <u>hulpverleningsmetodes</u> gebruik om enige van bogenoemde probleme tydens pleegtoesigdienste te hanteer?

Kantoorgebruik

Hulpverleningsmetode	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Gevallewerkintervensie	5	4	3	2	1	29
Groepwerk met kinders met soortgelyke problematiek	5	4	3	2	1	30
Spelterapie	5	4	3	2	1	31
Verwysing na/samewerking met ander hulpverleningsprofessies soos arbeidsterapie of sielkunde	5	4	3	2	1	32
Gemeenskapswerk met opvoedkundige- en voorligtingsessies	5	4	3	2	1	33
Pastorale/spirituele hulpverleningsessies	5	4	3	2	1	34
Mediese dienste	5	4	3	2	1	35
Opvoedkundige dienste vir leergeremdhede	5	4	3	2	1	36
Avontuurgebasseerde terapie	5	4	3	2	1	37
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	38-39

15. Hoe gereeld word pleegtoesigdienste gewoonlik aan die pleeggesin gelewer (gemiddeld)? (Merk slegs een)

1-2 weekliks	1	
Maandeliks	2	
Kwartaalliks	3	
Halfjaarliks	4	
Jaarliks	5	
Minder	6	40

16. Beskik u instansie oor werwingsprogramme om deurlopend pleegouers te werf?

Ja	1	
Nee	2	41

17. Indien JA by vraag 16 geantwoord, tot watter mate maak u van die volgende <u>werwingsmetodes</u> gebruik?

Werwingsmetodes	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Die media soos radio en televisie	5	4	3	2	1	42
Pers soos koerant- en tydskrifberigte of advertensies	5	4	3	2	1	43
Gepubliseerde artikels oor 'n profiel van 'n kind waarvoor pleegouers gesoek word	5	4	3	2	1	44
Pleegouervereniging waar bestaande pleegouers potensiële pleegouers werf	5	4	3	2	1	45
Inligtingspamflette	5	4	3	2	1	46
Gemeenskapswerkprojekte om pleegouers te werf	5	4	3	2	1	47
Webbladsy oor pleegsorg op internet	5	4	3	2	1	48
Identifiseer 'n spesifieke gesin	5	4	3	2	1	49
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	50-51

18. Wat is u mening oor die daarstelling van 'n streeks/areapleegsorgaksie ten opsigte van die volgende aspekte?						Kantoorgebruik	
Aspekte	**Baie beslis ja**	**Beslis ja**	**Neutraal**	**Beslis nee**	**Baie beslis nee**		
Gemeenskaplike pleegouerregister van goedgekeurde pleegouers toeganglik vir welsynsinstansies in die area	5	4	3	2	1	52	
Gemeenskaplike multi-dissiplinêre pleegsorgpaneel om pleegouers te keur en passings te hanteer	5	4	3	2	1	53	
Gekoördineerde deurlopende pleegouerwerwingsaksies	5	4	3	2	1	54	
Lisensiëringstelsel waar pleegouers registreer en 'n lisensie kry as praktiserende pleegouer	5	4	3	2	1	55	
Multi-dissiplinêre terapeutiese span beskikbaar vir moeilik hanteerbare pleegsorgsake	5	4	3	2	1	56	
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1		57-58
19. Behoort pleegouers oor die volgende eienskappe te beskik?							
Eienskappe van pleegouers	**Baie beslis ja**	**Beslis ja**	**Neutraal**	**Beslis nee**	**Baie beslis nee**		
Liefde vir kinders	5	4	3	2	1	59	
Geduld	5	4	3	2	1	60	
Nie-veroordelende houding	5	4	3	2	1	61	
Buigsaam	5	4	3	2	1	62	
Sorgsaamheid	5	4	3	2	1	63	
Sensitiwiteit vir etno-kulturele aspekte	5	4	3	2	1	64	
Bereidheid tot samewerking in vennootskap met pleegsorgliggaam	5	4	3	2	1	65	
Akkommoderend betreffende die biologiese ouers	5	4	3	2	1	66	
Verbintenis tot pleegsorg en gemotiveerdheid	5	4	3	2	1	67	
Realistiese selfkennis	5	4	3	2	1	68	
Bereidheid om pleegsorgopleiding te ondergaan	5	4	3	2	1	69	
Bereidheid tot inskakeling by gereelde groepsessies	5	4	3	2	1	70	
Vermoë tot emosionele verbintenis met die kind wat weer getermineer kan word	5	4	3	2	1	71	
Kennis oor positiewe opvoedkundige beginsels en dissiplinêringsmetodes	5	4	3	2	1	72	
Vermoë om kinders gedurende verskillende ontwikkelingstadia te begelei	5	4	3	2	1	73	
Vermoë om uitdagende gedrag te hanteer	5	4	3	2	1	74	
Oordrag van lewensvaardighede	5	4	3	2	1	75	
Seksuele opvoeding aan kinders	5	4	3	2	1	76	
Duidelike begrip vir en vermoë om tydelikheid van pleegsorg te hanteer	5	4	3	2	1	77	
Stabiele gesinsverhoudinge	5	4	3	2	1	78	
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1		79-80

AFDELING D: SOSIO-STRUKTURELE FAKTORE

In hierdie afdeling van die vraelys, word gepoog om ‘n aanduiding te verkry tot hoe ‘n mate strukture in die samelewing die pleegsorgplasing beïnvloed.

						Kantoorgebruik
1. . Tot watter mate word daarin geslaag om Kinderregte binne die pleegsorg-situasie toe te pas?						
Kinderregte en pleegsorg	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Beskerm die pleegkind teen diskriminasie	5	4	3	2	1	81
Streef die pleegkind se beste belange na	5	4	3	2	1	82
Bevorder reg op oorlewing, beskerming en ontwikkeling	5	4	3	2	1	83
Deelname en respek vir die kind se siening	5	4	3	2	1	84
Voldoende voeding, skuiling en gesondheidsorg	5	4	3	2	1	85
Beskerming teen mishandeling en verwaarlosing	5	4	3	2	1	86
Beskerming teen ongewenste arbeidspraktyke	5	4	3	2	1	87
Reg op regsverteenwoordiging wanneer nodig	5	4	3	2	1	88
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	89-90
2. Tot watter mate maak die praktyk voorsiening vir bereiking van doelwitte van die nuwe Kinderwet?						
Doelwitte van Kinderwet						
Strukture en middelle vir fisiese, psigologiese, intellektuele, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van kinders	5	4	3	2	1	91
Gemeenskapstrukture vir versorging en beskerming van sorgbehoewende kinders	5	4	3	2	1	92
Beskerming teen enige vorm van mishandeling of verwaarlosing	5	4	3	2	1	93
Provinsiale beheermaatreëls en voorsiening van hulpbronne	5	4	3	2	1	94
Nasionale beheermaatreëls en voorsiening van hulpbronne	5	4	3	2	1	95
Internasionale beheermaatreëls en samewerkingsooreenkomste	5	4	3	2	1	96
Fondse/subsidie vir kinderbeskerming	5	4	3	2	1	97
Menslike hulpbronne vir kinderbeskerming	5	4	3	2	1	98
Doeltreffende regstelsel soos kinderhowe	5	4	3	2	1	99
Polisiedienste vir kinderbeskerming	5	4	3	2	1	100
Gesinsgroepkonferensiefasiliteite	5	4	3	2	1	101
Gepaste forums wat gemaklik byeen kan kom vir bepaalde doelwitte	5	4	3	2	1	102
Navorsingsgeleenthede	5	4	3	2	1	103
Multi-professionele spanne	5	4	3	2	1	104
Gesinsbewaringsprogramme	5	4	3	2	1	105
Bestaansbeveiliging en pleegouertoelae	5	4	3	2	1	106
Subsidiëring en ondersteuning van private welsynsdienste	5	4	3	2	1	107
Duidelike pleegsorgbeleid	5	4	3	2	1	108
Supervisiesisteem vir maatskaplike werkers en personeel-ontwikkeling	5	4	3	2	1	109
Doeltreffende dokumenteringstelsel vir rekordhouding oor pleegsorggevalle	5	4	3	2	1	110

3. Tot watter mate word in die pleegsorgpraktyk geslaag om multi-dissiplinêr te werk? (Merk slegs een)			Kantoorgebruik
	Altyd	1	
	Gewoonlik	2	
	Soms	3	
	Selde	4	
	Nooit	5	111

4. Dui die belangrikheid van elk van die volgende persone se rol aan wanneer hul as 'n multi-dissiplinêre span funksioneer

Rolspelers	**Baie belangrik**	**Belangrik**	**Gemiddelde belang**	**Onbelangrik**	**Baie onbelangrik**	
Maatskaplike werker	5	4	3	2	1	112
Sielkundige	5	4	3	2	1	113
Psigiater	5	4	3	2	1	114
Geneesheer	5	4	3	2	1	115
Onderwyser	5	4	3	2	1	116
Regsverteenwoordiger	5	4	3	2	1	117
Polisie	5	4	3	2	1	118
Dominee/pastoor/geestelike leier	5	4	3	2	1	119
Vrywilliger	5	4	3	2	1	120
Kinder- en jeugsorgwerker	5	4	3	2	1	121
Hulpwerker	5	4	3	2	1	122
Verpleegkundige	5	4	3	2	1	123
Arbeidsterapeut	5	4	3	2	1	124
Familie of ander betekenisvolle persone	5	4	3	2	1	125

AFDELING E: SOSIO-KULTURELE FAKTORE

In hierdie afdeling van die vraelys word daarna gestreef om vas te stel hoedat waardes, houdings, kulturele en godsdienste aspekte die pleegsorgsituasie beïnvloed.

1. Tot watter mate word die volgende maatskaplikewerk-beginsels toegepas tydens pleesorgdienste?

Waardes/beginsels/houdings in Maatskaplike werk	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Waardigheid, integriteit en respek vir kinders	5	4	3	2	1	126
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende ras/etnisiteit	5	4	3	2	1	127
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende seksuele oriëntasie	5	4	3	2	1	128
Erkenning van diversiteit en uniekheid betreffende vermoëns	5	4	3	2	1	129
Erkenning van vermoë om te groei en positief te verander	5	4	3	2	1	130
Behoefte om te behoort en waardevol te wees	5	4	3	2	1	131
Verantwoordbare selfbeslissingsreg	5	4	3	2	1	132
Egtheid, empatie, begrip en warmte	5	4	3	2	1	133
Individualisering	5	4	3	2	1	134
Billikheid en regverdigheid	5	4	3	2	1	135
Gelykheid en geregtigheid	5	4	3	2	1	136

Waardes/beginsels/houdings in Maatskaplike werk	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	Kantoorgebruik
Aanvaarding	5	4	3	2	1	137
Gekontroleerde emosionele betrokkenheid	5	4	3	2	1	138
Nie-veroordelende aanvaarding	5	4	3	2	1	139
Toerekeningsvatbaar deur professionele en eties aanvaarbare gedrag	5	4	3	2	1	140
2. Tot watter mate speel die volgende samelewingsfaktore 'n rol by die pleegsorgplasings waarby u betrokke is						
Samelewingsfaktore						
Historiese apartheidsbeleid en ongelykhede in dienslewering	5	4	3	2	1	141
Post-apartheidsera gekenmerk deur politieke magstryd en wedywering	5	4	3	2	1	142
Krisis oor manlikheid en verpolitisering van seksualiteit wat verband hou met seksuele geweld	5	4	3	2	1	143
Magsmisbruik van mans teenoor vroue en kinders in die vorm van geweldsmisdaad	5	4	3	2	1	144
Gebrek aan openbare afkeur van seksuele- of ander geweldsmisdaad	5	4	3	2	1	145
Ontoereikende wetstoepassing of onvanpaste strawwe vir seksuele- en geweldsoortredings	5	4	3	2	1	146
Mites soos dat seks met kinders/maagde MIV/VIGS genees	5	4	3	2	1	147
Mite dat verkragting slegs 'n fisiese daad is sonder emosionele impak/trauma	5	4	3	2	1	148
Geweld in skole/bullebakkery	5	4	3	2	1	149
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	150-151
3. Tot watter mate word die volgende spirituele aspekte tydens pleegsorgplasing verreken?						
Oorweging van godsdienstige oriëntasie as plasingskriteria	5	4	3	2	1	152
Spiritualiteit word as 'n persoonlike sterkte beskou	5	4	3	2	1	153
Inskakeling by godsdienstige aktiwiteite vorm deel van die pleegsorgplan	5	4	3	2	1	154
Fasiliteer die rol van spiritualiteit in die hantering van pyn, bekommernis en hoop	5	4	3	2	1	155
Die rol van spiritualiteit in die vorming van 'n gesonde waardestelsel word benut	5	4	3	2	1	156
Geleentheid vir die opbou van 'n persoonlike verhouding met 'n Opperwese word geskep	5	4	3	2	1	157

4. Is u by multi-kulturele pleegsorgplasings betrokke?	Ja	1	158
	Nee	2	

Indien NEE, dan is u klaar met die vraelys.

Enige verdere kommentaar of aanbevelings? .....
.....

Baie dankie vir u samewerking.

Indien JA, blaai asb. om

5. Indien JA by vraag 4 geantwoord, tot watter mate word die volgende aspekte verreken tydens plasing?

Aspekte by multi-kulturele plasings	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Skep geleentheid vir die pleegkind om eie kultuur te leer ken en die behoud daarvan	5	4	3	2	1	159
Hanteer mate van verlies aan eie kultuur	5	4	3	2	1	160
Deurlopende herkomsinterpretasie	5	4	3	2	1	161
Verreken en interpreteer invloed van pleeghuis se kultuur en gewoontes op die pleegkind (kultuurvermenging en -integrasie)	5	4	3	2	1	162
Verreken en hanteer invloed van pleegkind se kultuur op die pleeggesin	5	4	3	2	1	163
Hantering van rassistiese situasies	5	4	3	2	1	164
Deurlopende evaluering van maatskaplike werker se kulturele bevoegdhede	5	4	3	2	1	165
Ander (spesifiseer)	5	4	3	2	1	166-167

6. Tot watter mate hanteer u die volgende multi-kulturele plasings?

Swart kinders by wit pleegouers	5	4	3	2	1	168
Wit kinders by swart pleegouers	5	4	3	2	1	169

7. Tot watter mate gee die volgende motiewe aanleiding tot multi-kulturele pleegsorgplasings? Kantoorgebruik

Motiewe	**Baie groot mate**	**Groot mate**	**Gemiddelde mate**	**Geringe mate**	**Geensins**	
Jammerte vir kinders	5	4	3	2	1	170
Liefde vir kinders	5	4	3	2	1	171
Politieke regstelling van ongeregtighede van die verlede	5	4	3	2	1	172
Maklike weg vir enkellopende, kinderlose of homoseksuele pare om kinders te bekom	5	4	3	2	1	173
Ubuntu/versorging van mekaar	5	4	3	2	1	174

Enige verdere kommentaar of aanbevelings

……

……

……

……

Baie dankie vir u deelname.

INSTRUCTIONS FOR THE COMPLETION OF THE QUESTIONNAIRE

1. Answer the questions simply by **circling** the number in the applicable block.
   (Should you wish to change your choice, cross out the original circle(s) and circle the other number of your choice.)

Female	(1)

2. Please answer **all** questions.
3. In a few cases you shall be given the option to name "*Other"* with the request to "*specify"*. This means that you have to explain in words what you mean.
4. When numbers/quantities are expected from you, as is the case in Questions A7, C1,2,3,9 and 10, enter **one number per block**, e.g. 12:

0	1	2

5. You may complete the questionnaire electronically and return as an attachment by E-mail, or print it out and return by ordinary mail. If you are handling it electronically you must open the attachment, store it in *Microsoft Word,* and mark your choice directly next to the number with an **X**, e.g.:

Female	1X

QUESTIONNAIRE

SECTION A: SOCIO-DEMOGRAPHIC INFORMATION

The purpose of the questions in this section is to get a picture of the social worker and the welfare organisation involved in foster care services, without disclosing your identity.

For office use

Record number: | | | | 1-3

1. Gender

Male	1	
Female	2	4

2. Race:

Black	1	
Coloured	2	
Indian	3	
White	4	5

3. Year of birth: 19 | | | 6-7

4. In which province do you work?

Gauteng	1	
KwaZulu-Natal	2	
Limpopo	3	
Mpumalanga	4	
Northern Cape	5	
North-West	6	
Eastern Cape	7	
Free State	8	
Western Cape	9	8

5. By which welfare organisation are you employed?

Department of Social Development	1	
Religious institution	2	
Women's organisation	3	
Child and Family Welfare Association	4	9

6. What is your **highest** academic qualification?

Three-year diploma/degree in social work	1	
Advanced diploma equivalent to a four-year/honours degree	2	
A four-year degree in social work	3	
A master's degree	4	
A doctoral degree	5	10

For office use

7. Indicate in the two blocks how many **years'** experience you have as a social worker (e.g. 2 years as 0 2 Year) 11-12

SECTION B: FOSTER CARE AS ALTERNATIVE CARE FOR CHILDREN

In this section of the questionnaire it is endeavoured to obtain an indication of the occurrence and current state of the foster care practice.

1. To which extent do the following core elements form part of a suitable description and objective of foster care as alternative care at your organisation? (Evaluate each element)

Core elements	To a large extent	To a fairly large extent	To an average extent	To a lesser extent	Not at all	
Foster care is used to care for children who are temporarily removed from parental care by order of the children's court.	5	4	3	2	1	13
Foster care is used for children who are permanently removed from parental care by order of the children's court to form lifetime relationships	5	4	3	2	1	14
Foster care is the best alternative form of care for children because it happens within a family- and community framework	5	4	3	2	1	15
Foster care must preferably be arranged with family members	5	4	3	2	1	16
Foster children are mostly matched with previously recruited, selected and approved foster parents	5	4	3	2	1	17
Foster care cluster schemes are a possibility for the growing number of foster care placements	5	4	3	2	1	18
Long-term foster care should normally proceed to adoption	5	4	3	2	1	19
Foster care supervision services are at all times rendered by a social worker according to a foster care plan	5	4	3	2	1	20
Foster care supervision services are in certain cases rendered by auxiliary workers or child and youth care workers according to a foster care plan	5	4	3	2	1	21
The main purpose of foster care is to provide safe, healthy and supportive care to children in need of care	5	4	3	2	1	22
Foster care is mostly used to provide for material needs of children in poverty	5	4	3	2	1	23
Foster care is moslty used to care for orphans	5	4	3	2	1	24
Preservation of family relationships and family reunification is the natural objective of foster care	5	4	3	2	1	25
Foster care is used to provide in children's educational, social and health needs and to transfer positive life skills	5	4	3	2	1	26
Foster children's cultural, ethnic and religious origin are respected, preserve and improved by foster care	5	4	3	2	1	27
Permanency planning is part of all foster care placements.	5	4	3	2	1	28
Other (specify)	5	4	3	2	1	29-30

3. Foster care can occur in various forms in practice. Indicate in the first column if the mentioned variation could also be regarded as a form of foster care and secondly, whether it does occur in the services that you render. [If YES, mark 1 and if NO, mark 2.]

Variation as a form of foster care	Variation			Occurs		
	Yes	No		Yes	No	
Formal short-term foster care with approved foster parents with a view to quick family reunification	1	2		1	2	31-32
Formal long-term foster care with little hope of family reunification	1	2		1	2	33-34
Kinship care at the order of the children's court	1	2		1	2	35-36
Informal voluntary family care where the children later spontaneously return to biological parents when reasons, such as the temporary economical or training circumstances of the parents are resolved	1	2		1	2	37-38
Private foster care where preschool children are temporarily cared for at the expense of their parents for longer than a month by any person other than a relative	1	2		1	2	39-40
Cluster foster care schemes where cares are trained to take groups of children into foster care and share the responsibilities	1	2		1	2	41-42
Professional foster care of children with specific needs with regard to behaviour, handicaps or illnesses, and who are taken care of by specially trained foster parents	1	2		1	2	43-44
Family-for-family foster care where a family is specially selected to periodically assist another family during problematic periods by taking care of the children without remuneration	1	2		1	2	45-46
Circle-of-friends foster care where the care of children with challenging behaviour and a history of failed placements is shared by a group of selected persons/team care.	1	2		1	2	47-48
Host-fostering where host foster parents take children over weekends and during holiday periods for extra stimulation and development	1	2		1	2	49-50
Child-headed households where children of 16 years and older, in collaboration with adults outside the household, take the responsibility for the care of younger children	1	2		1	2	51-52
Eye-on-the-child project where vulnerable children are protected or secured by trained volunteers against adverse circumstance within family and community context	1	2		1	2	53-54

4. To which extent is foster care preferred as alternative care for the following children in need of care?

For office use

Circumstances of the child	To a large extent	To a large extent	To an average	To a lesser extent	Not at all	
Pre-school children	5	4	3	2	1	55
Primary-school children	5	4	3	2	1	56
Secondary-school children	5	4	3	2	1	57
Children with over-involved and demanding biological parents	5	4	3	2	1	58
Children of involved and cooperative biological parents	5	4	3	2	1	59
Children of absent biological parents	5	4	3	2	1	60
Children with challenging behaviour	5	4	3	2	1	61
Children with special physical needs (illness or disability)	5	4	3	2	1	62
Children with mental disorders	5	4	3	2	1	63
Children with intellectual limitations	5	4	3	2	1	64
Other (specify)	5	4	3	2	1	65-66

5. How important is the following factors in the choice of a foster care placement?						
Factor	**Very important**	**Important**	**Of average importance**	**Unimportant**	**Not important at all**	
The needs of the child	5	4	3	2	1	67
Available foster parents/foster home	5	4	3	2	1	68
6. Use the following scale and indicate the extent to which the following aspects are utilised prior to, during and after placement.						
1 = Is never applied; 2 = in less than 25% of cases; 3 = in approximately 50% of cases; 4 = in approximately 75% of cases; 5 = the foster care process is applied in each case.	**In each case**	**In 75% of cases**	**In 50% of cases**	**In 25% of cases**	**Never**	
PRIOR TO PLACEMENT						
Assessment of the child's care needs	5	4	3	2	1	69
Selection of suitable foster parents	5	4	3	2	1	70
Matching a foster child with suitable, available foster parents	5	4	3	2	1	71
Pre-placement visit of biological parents and child to prospective foster parents	5	4	3	2	1	72
Guiding a foster child and biological parents regarding the legal position of the child and their responsibilities	5	4	3	2	1	73
Guiding the foster parents about the objectives of the placement	5	4	3	2	1	74
Assistance throughout the statutory process	5	4	3	2	1	75
DURING PLACEMENT						
Compiling a foster care plan in collaboration with other role players	5	4	3	2	1	76
Counselling to foster parents about their rights and responsibilities	5	4	3	2	1	77
Scholastic placement, adaptation and provision in other educational needs	5	4	3	2	1	78
Counselling to foster parents about relevant resources such as foster care grants, medical services, school fees	5	4	3	2	1	79
Counselling about to healthy nutrition, personal hygiene, clothes, recreation, respect for personal property and privacy	5	4	3	2	1	80
Counselling about positive disciplinary methods suited to the age and a ban on corporal punishment	5	4	3	2	1	81
Agreement with biological parents about visits, telephone calls, mail, gifts and dealing with special occasions like birthdays	5	4	3	2	1	82
AFTER PLACEMENT						
Deal with reactions to separation and loss resulting from removal	5	4	3	2	1	83
Adaptation and integration into foster family with retention of own identity	5	4	3	2	1	84
Identify and stimulate qualities of resilience	5	4	3	2	1	85
Regular revision and adaptation of the foster care plan	5	4	3	2	1	86
Biannual (six months) progress reports about attaining objectives	5	4	3	2	1	87
Biennial (two years) statutory revision of the placement	5	4	3	2	1	88

7. To which extent do the following procedures form part of the permanency planning of the foster child?						
Procedures	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average extent**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
Short-term foster care with a view to speedy family reunification	5	4	3	2	1	89
Planned long-term foster care on account of a lack of a chance to family reunification	5	4	3	2	1	90
Foster care with a view to adoption	5	4	3	2	1	91
Foster care with transfer of guardianship	5	4	3	2	1	92
8. To which extent do the following <u>reasons</u> occur when foster care placements are terminated?						
Rehabilitation and reunification with the parents	5	4	3	2	1	93
Adoption	5	4	3	2	1	94
Failed placement and transfer to other alternative care	5	4	3	2	1	95
Leaving school on reaching the age of 15	5	4	3	2	1	96
Discharge because the child has reached the age of 18, or leaves school after the age of 18 years	5	4	3	2	1	97
The foster parents become unfit because of their age	5	4	3	2	1	98
The foster parents become unfit because of ill health	5	4	3	2	1	99
The foster parents died	5	4	3	2	1	100
Foster care grant is misused	5	4	3	2	1	101
Other (specify)	5	4	3	2	1	102-103
9. To which extent are the following statements applicable to the current foster care practice?						For office use
Statement about foster care practice	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
The foster care system is overloaded	5	4	3	2	1	104
The foster care system is under-funded in terms of resources for services and grants	5	4	3	2	1	105
The foster care system sustains losses because of a shortage of social workers	5	4	3	2	1	106
There is a lack of multi-disciplinary cooperation	5	4	3	2	1	107
Children float around in the foster care system because of deficient services and are often traumatised further	5	4	3	2	1	108
The social services profession are bowed down by a low morale	5	4	3	2	1	109
Case loads for foster supervision services are unacceptably high	5	4	3	2	1	110
The focus of foster supervision services is problem orientated and not development/strength orientated	5	4	3	2	1	111
Foster children are transferred easily and unprepared from one foster care to another	5	4	3	2	1	112
There exists a big difference/gap between child-care policy and realities in practice	5	4	3	2	1	113
The real purpose of foster care gets lost because of the use of it for poverty alleviation and to care for orphans	5	4	3	2	1	114
Other (specify) ……	5	4	3	2	1	115-116

SECTION C: INDIVIDUAL AND FAMILY FACTORS

This section of the questionnaire deals with the foster child as individual and his/her immediate environment of which the biological and foster family are regarded as the most meaningful.

1. To how many children do <u>you</u> currently render foster care supervision services? ____ 117-119

2. Divide the number of children into each of the following developmental phases. (Indicate the number each time. It must add up to the total in Question 1.)

Phase	Amount	
Baby or infancy phase		120-122
Pre-school		123-125
Primary school		126-128
Adolescence		129-131

3. Which percentage do the following two types of foster care form of your caseload (The two percentages must add up to 100%.)

Type of foster care	%	
Formal foster care with approved parents		132-133
Family placements/Kinship care		134-135

4. To which extent did the following individual, family, or environmental factors give rise to the foster care placements in which you are involved?

Contributing factors	To a large extent	To a fairly large extent	To an average extent	To a lesser extent	Not at all	For office use
Challenging behaviour that parents cannot handle	5	4	3	2	1	136
Family factors such as conflict regarding marriage/relationships	5	4	3	2	1	137
Incompetent parenting functioning	5	4	3	2	1	138
Untraceable parents and abandoned children	5	4	3	2	1	139
Parents shift their responsibilities for child protection onto family or public service institutions	5	4	3	2	1	140
Physical neglect	5	4	3	2	1	141
Emotional neglect	5	4	3	2	1	142
Physical abuse	5	4	3	2	1	143
Emotional abuse	5	4	3	2	1	144
Sexual abuse	5	4	3	2	1	145
Child rape	5	4	3	2	1	146
Unsuitable discipline measures like corporal punishment	5	4	3	2	1	147
Family violence	5	4	3	2	1	148
Single-parenthood because of divorce, illegitimacy or in particular absent fathers	5	4	3	2	1	149
Unemployment	5	4	3	2	1	150
Poverty	5	4	3	2	1	151
Criminal activities	5	4	3	2	1	152
Alcohol and drug abuse	5	4	3	2	1	153
Inadequate housing/shelter	5	4	3	2	1	154
Death resulting from diseases like HIV/AIDS and tuberculosis	5	4	3	2	1	155
Physical disorders of parents	5	4	3	2	1	156
Mental disorders of parents	5	4	3	2	1	157
Other (specify)	5	4	3	2	1	158-159

5. To which extent do you agree that the following aspects form part of every foster care plan in order to enhance the functioning of the foster child?						
Aspects of a foster care plan	**Definitely agree**	**Agree**	**Unsure**	**Don't agree**	**Definitely don't agree**	
Focus on factors of resilience that enable the child to adapt and develop, regardless of dysfunctional circumstances	5	4	3	2	1	160
A strength-directed approach that creates a belief in the self and hope for the future	5	4	3	2	1	161
The development of a bonding that includes positive associations with meaningful adults	5	4	3	2	1	162
Independence is promoted, by means of which the child can separate him-/herself from problematic circumstances and focus on independent action and own survival - empowerment	5	4	3	2	1	163
Initiative and competency regarding problem solving are stimulated	5	4	3	2	1	164
Humour and distancing from pain are stimulated	5	4	3	2	1	165
Emotional intelligence is promoted	5	4	3	2	1	166
Spirituality and religious affiliation are encouraged	5	4	3	2	1	167
Physical health is created by means of suitable resources	5	4	3	2	1	168
Opportunity for positive ethnic and cultural formation of identity	5	4	3	2	1	169
Self-confidence is built	5	4	3	2	1	170
Successful mastering of developmental tasks according to expected milestones are stimulated	5	4	3	2	1	171
Generosity is encouraged	5	4	3	2	1	172
Helpfulness is encouraged	5	4	3	2	1	173
Other (specify)	5	4	3	2	1	174-175

6. To which extent do you render services to the following types of foster families?						
Type of family	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
Nuclear family, namely a mother, father and children not related to the foster child	5	4	3	2	1	176
Nuclear family, namely a mother, father and children related to the foster child/kinship care	5	4	3	2	1	177
Couples with adult children no longer living at home	5	4	3	2	1	178
Married, childless couples taking care of a foster child/children	5	4	3	2	1	179
Unmarried, childless couples living together and taking care of a foster child/children	5	4	3	2	1	180
Single-parent family, namely a mother or a father with a foster child/children	5	4	3	2	1	181
Child-headed households with foster children	5	4	3	2	1	182
Homosexual couples acting as foster parents	5	4	3	2	1	183
Multi-generative family consisting of grandparents/parent/children/ other relatives and a foster child/children	5	4	3	2	1	184
Grandparent households with foster children	5	4	3	2	1	185
Non-household family where a group of people live together in one household and share responsibilities for a foster child	5	4	3	2	1	186

Reconstituted/combined family where biological parents, stepparents, biological children, stepchildren and foster children live together	5	4	3	2	1	187

7. Use the following scale and indicate the extent to which the following services are rendered before a child is removed and placed into foster care.

For office use

1 = Is never applied; 2 = in less than 25% of cases; 3 = in approximately 50% of cases; 4 = in approximately 75% of cases; 5 = the foster care process is applied in each case.	**In each case**	**In 75% of cases**	**In 50% of cases**	**In 25% of cases**	**Never**	
Preventative services to reinforce and preserve family life	5	4	3	2	1	188
Interdisciplinary collaboration between role players during early intervention programmes	5	4	3	2	1	189
Community projects to enhance/build family life	5	4	3	2	1	190
Groups in parenting skills	5	4	3	2	1	191
Parenting plans and family preservation	5	4	3	2	1	192
Measures to utilise appropriate resources more effectively in order to enhance family life	5	4	3	2	1	193
Family group conferences	5	4	3	2	1	194
Assessment of needs and strengths of the family	5	4	3	2	1	195
Selection of suitable intervention models in order to address family problematic	5	4	3	2	1	196
Biannual (every six months) evaluation of treatment plan	5	4	3	2	1	197

8. To which extent do the following types of housing occur with the foster parents whom you assist?

Types of housing	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
Own house or flat	5	4	3	2	1	198
Rented house or flat	5	4	3	2	1	199
Live with relatives/friends in a house or flat	5	4	3	2	1	200
Informal housing	5	4	3	2	1	201
Other (specify)	5	4	3	2	1	202-203

9. Indicate the total amount of foster families that you are currently working with. 204-206

10. Divide all the foster families into the following monthly income groups. (Indicate the amount in each case. It must add up to the total in Question 9. If nobody falls in a certain category, enter two zero figures.)

Monthly income	Amount	
Less than R500		207-209
R500 – R999		210-212
R1 000 – R2 499		213-215
R2 500 – R3 499		216-218
R3 500 - R 4 999		219-221
R5 000 – R6 999		222-224
R7 000 – R9 999		225-227
R10 000 – R14 999		228-230
R15 000 – R19 999		231-233
R20 000 and more		234-236

For office use

11. To which extent is your foster care caseload subject to the following <u>family reunification services</u>?

Family reunification services	To a large extent extent	To a fairly large extent	To an average extent	To a lesser extent	Not at all	
Biological parents actively involved in a family reunification programme with a strong possibility of rehabilitation	5	4	3	2	1	237
Biological parents sporadically involved with a slim chance of family reunification	5	4	3	2	1	238
Biological parents are involved with children but reunification is not viable because of long-term/permanent deficiencies like chronic illnesses or imprisonment	5	4	3	2	1	239
Biological parents are untraceable, no services	5	4	3	2	1	240
Biological parents have died, no services	5	4	3	2	1	241
Other (specify)	5	4	3	2	1	242-243

12. To which extent are the <u>work situations</u> of the foster parents in your case load the following? 1-3

Unemployed	5	4	3	2	1	4
Informal work/own informal business	5	4	3	2	1	5
Dependent upon other government grants apart from foster-parent allowances	5	4	3	2	1	6
Foster parent allowance is the only fixed income	5	4	3	2	1	7
Permanent position in working class but without any extra benefits like a medical fund	5	4	3	2	1	8
Working class with extra benefits	5	4	3	2	1	9
Professional working class with extra benefits	5	4	3	2	1	10
Own business/Business sector	5	4	3	2	1	11
Other (specify)	5	4	3	2	1	12-13

13. To which extent do the following <u>behavioural, emotional and physical</u> problems occur amongst the foster children with whom you are working?						
Aggressive behaviour	5	4	3	2	1	14
Challenging behaviour	5	4	3	2	1	15
Criminal behaviour	5	4	3	2	1	16
Withdrawal from other people and activities	5	4	3	2	1	17
Anxiety	5	4	3	2	1	18
Physical problems, e.g. stomach aches, headaches, asthma	5	4	3	2	1	19
Eating disorders	5	4	3	2	1	20
Enuresis	5	4	3	2	1	21
Encopresis	5	4	3	2	1	22
Sleep disorders	5	4	3	2	1	23
Substance abuse	5	4	3	2	1	24
Playing truant from school	5	4	3	2	1	25
Poor self-image and identity crisis	5	4	3	2	1	26
Other (specify)	5	4	3	2	1	27-28

14. To which extent do you make use of the following <u>methods of assistance</u> to deal with any of the above-mentioned problems during foster care supervision services?						For office use
Method of assistance	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
Case-work intervention	5	4	3	2	1	29
Group work with children with similar problems	5	4	3	2	1	30
Play therapy	5	4	3	2	1	31
Co-operation with other professions that render assistance, i.e. occupational therapy and psychology	5	4	3	2	1	32
Community work with educational and informational sessions	5	4	3	2	1	33
Pastoral/spiritual assistance-rendering sessions	5	4	3	2	1	34
Medical services	5	4	3	2	1	35
Educational services for learning disabilities	5	4	3	2	1	36
Adventure-based therapy	5	4	3	2	1	37
Other (specify)	5	4	3	2	1	38-39

15. How often are foster care supervision services usually rendered to the foster family (average)? (Mark only one)		
	1-2 weekly	1
	Monthly	2
	Every term	3
	Biannually	4
	Annually	5
	Less	6

40

16. Does your institution have access to recruitment programmes in order to continuously recruit foster parents?		
	Yes	1
	No	2

41

17. If you have answered YES at Question 16, to which extent do you make use of the following recruitment methods?

Methods of recruitment	To a large extent	To a fairly large extent	To an average extent	To a lesser extent	Not at all	
Media, such as radio and television	5	4	3	2	1	42
Press, such as newspaper and magazine reports and advertisements	5	4	3	2	1	43
Published articles about a profile of a child for whom foster parents are needed	5	4	3	2	1	44
Foster-parent association where existing foster parents recruit potential foster parents	5	4	3	2	1	45
Information pamphlets	5	4	3	2	1	46
Community-work projects to recruit foster parents	5	4	3	2	1	47
Web page about foster care on the Internet	5	4	3	2	1	48
Identify a specific family	5	4	3	2	1	49
Other (specify)	5	4	3	2	1	50-51

For office use

18. What is your opinion about the implementation of a regional/area foster care action with regard to the following aspects?

Aspects	Very definitely	Definitely	Neutral	Definitely not	Very definitely not	
Communal foster care register of approved foster parents accessible for welfare organisations in the area	5	4	3	2	1	52
Communal multi-disciplinary foster care panel to select foster parents and handle matches	5	4	3	2	1	53
Coordinated continuous foster parent recruitment actions	5	4	3	2	1	54
Licensing system where foster parents register and obtain a licence as a practising foster parent	5	4	3	2	1	55
Multi-disciplinary therapeutic team available for dealing with complicated foster care matters.	5	4	3	2	1	56
Other (specify)	5	4	3	2	1	57-58

19. Should foster parents have the following qualities?

Qualities of foster parents	Very definitely	Definitely	Neutral	Definitely not	Very definitely	
Love for children	5	4	3	2	1	59
Patience	5	4	3	2	1	60
Non-judgemental attitude	5	4	3	2	1	61
Flexibility	5	4	3	2	1	62

Considerateness	5	4	3	2	1	63	
Sensitivity for ethno-cultural aspects	5	4	3	2	1	64	
Willingness to cooperate in partnership with foster care body	5	4	3	2	1	65	
Accommodating with regard to the biological parents	5	4	3	2	1	66	
Committed to foster care and motivation	5	4	3	2	1	67	
Realistic self-knowledge	5	4	3	2	1	68	
Willingness to undergo foster care training	5	4	3	2	1	69	
Willingness to join regular group sessions	5	4	3	2	1	70	
Ability to become emotionally involved with the child, which can be terminated again	5	4	3	2	1	71	
Knowledge about positive educational principles and disciplinary methods	5	4	3	2	1	72	
Ability to accompany children during different stages of development	5	4	3	2	1	73	
Ability to handle challenging behaviour	5	4	3	2	1	74	
Transfer of life skills	5	4	3	2	1	75	
Sexual education of children	5	4	3	2	1	76	
Clear understanding of and ability to handle the impermanence of foster care	5	4	3	2	1	77	
Stable family relations	5	4	3	2	1	78	
Other (specify)	5	4	3	2	1		79-80

For office use

SECTION D: SOCIO-STRUCTURAL FACTORS

In this section of the questionnaire it is strived to obtain an indication to which extent community structures influence foster-care placement.

1. To which extent is it achieved to apply the rights of foster children within the foster care situation?

Children's Rights and foster care	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**		
Protect children from discrimination	5	4	3	2	1	81	
Strive after the child's best interests	5	4	3	2	1	82	
Promote right to survival, protection and development	5	4	3	2	1	83	
Promote participation and respect for own point of view	5	4	3	2	1	84	
Adequate food, shelter and health care	5	4	3	2	1	85	
Protection against abuse and neglect	5	4	3	2	1	86	
Protection against undesirable labour practices	5	4	3	2	1	87	
Right to legal representation when necessary	5	4	3	2	1	88	
Other (specify)	5	4	3	2	1		89-90

2. To which extent does the practice make provision to achieve the objectives of the Children's Act?

Objectives of the Children's Act						
Structures and means for physical psychological, intellectual, emotional and social development of children	5	4	3	2	1	91
Community structures for the care and protection of children in need of care	5	4	3	2	1	92
Protection against any form of abuse or neglect	5	4	3	2	1	93
Provincial control measures and provision of resources	5	4	3	2	1	94
National control measures and provision of resources	5	4	3	2	1	95
International control measures and cooperative agreements	5	4	3	2	1	96
Funds/subsidies for child protection	5	4	3	2	1	97
Human resources for child protection	5	4	3	2	1	98
Efficient judicial system, such as children's courts	5	4	3	2	1	99
Police services for child protection	5	4	3	2	1	100
Family-group conference facilities	5	4	3	2	1	101
Suitable forums that can easily meet for specific purposes	5	4	3	2	1	102
Research opportunities	5	4	3	2	1	103
Multi-professional teams	5	4	3	2	1	104
Family protection programmes	5	4	3	2	1	105
Social security and foster care grants	5	4	3	2	1	106
Subsidise and support of non-governmental welfare services	5	4	3	2	1	107
Clear foster care policy	5	4	3	2	1	108
Supervision system for social workers and staff development	5	4	3	2	1	109
Efficient documentation system for record-keeping regarding foster care cases	5	4	3	2	1	110

3. To which extent did the foster-care practice succeed to work multi-disciplinary? (Mark only one)

Always	1	For office use
Usually	2	
Sometimes	3	
Seldom	4	
Never	5	111

4. Indicate the importance of each of the following persons' roles when they function as a multi-disciplinary team

Role players	**Very important**	**Important**	**Of average importance**	**Unimportant**	**Not important at**	
Social worker	5	4	3	2	1	112
Psychologist	5	4	3	2	1	113
Psychiatrist	5	4	3	2	1	114
Doctor	5	4	3	2	1	115
Teacher	5	4	3	2	1	116
Legal representative	5	4	3	2	1	117
Police	5	4	3	2	1	118

Reverend/pastor/spiritual leader	5	4	3	2	1	119
Volunteer	5	4	3	2	1	120
Child and youth care worker	5	4	3	2	1	121
Auxiliary worker	5	4	3	2	1	122
Registered nurse	5	4	3	2	1	123
Occupational therapist	5	4	3	2	1	124
Family or other meaningful persons	5	4	3	2	1	125

SECTION E: SOCIO-CULTURAL FACTORS

In this section of the questionnaire the objective is to determine how values, attitudes, cultural and religious aspects influence the foster care situation.

1. To which extent are the following social work principles applied during foster care services?

Values/principles/attitudes in Social Work	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average**	**To a lesser extent**	**Not at all**	
Dignity, integrity and respect for children	5	4	3	2	1	126
Recognition of diversity and uniqueness with regard to race/ethnicity	5	4	3	2	1	127
Recognition of diversity and uniqueness with regard to sexual orientation	5	4	3	2	1	128
Recognition of diversity and uniqueness with regard to ability	5	4	3	2	1	129
Recognition of ability to grow and change positively	5	4	3	2	1	130
Need to belong and be dignified	5	4	3	2	1	131
Justifiable right of self-determination	5	4	3	2	1	132
Genuineness, empathy, understanding and warmth	5	4	3	2	1	133
Individualisation	5	4	3	2	1	134
Equity and fairness	5	4	3	2	1	135
Equality and justice	5	4	3	2	1	136
Values/principles/attitudes in Social Work	**To a large extent**	**To a fairly large extent**	**To an average extent**	**To a lesser extent**	**Not at all**	For office use
Acceptance	5	4	3	2	1	137
Controlled emotional involvement	5	4	3	2	1	138
Non-judgemental acceptance	5	4	3	2	1	139
Accountable through professional en ethical behaviour	5	4	3	2	1	140

2. To which extent do the following societal factors play a role in the foster care placements in which you are involved?

Societal factors						
Historical apartheid policy and inequalities in rendering services	5	4	3	2	1	141
Post-apartheid era characterised by political power struggle and rivalry	5	4	3	2	1	142
Crisis regarding manhood and politicising of sexuality related to sexual violence	5	4	3	2	1	143
Abuse of power of men towards women and children in the form of violent crime	5	4	3	2	1	144

Lack of public disapproval of sexual and other crimes of violence	5	4	3	2	1	145	
Inadequate law enforcement or unsuitable forms of punishment for sexual and other crimes of violence	5	4	3	2	1	146	
Myths such as that sex with children/virgins can cure HIV/AIDS	5	4	3	2	1	147	
The myth that rape is simply a physical act without any emotional impact/trauma	5	4	3	2	1	148	
Violence in schools/bullying	5	4	3	2	1	149	
Other (specify)	5	4	3	2	1		150-151

3. To which extent are the following spiritual aspects accounted for during foster care placement?

Consideration of religious orientation as placement criteria	5	4	3	2	1	152
Spirituality is regarded as a personal strength	5	4	3	2	1	153
Participation in religious activities forms part of the foster care programme	5	4	3	2	1	154
Facilitate the role of spirituality in the handling of pain, anxiety and hope	5	4	3	2	1	155
The role of spirituality in the shaping of a healthy value system is utilised	5	4	3	2	1	156
An opportunity for the edification of a personal relationship with a Supreme Being is created	5	4	3	2	1	157

4. Are you involved with multi-cultural foster care placements?	Yes	1	
	No	2	158

If NO, than you are finished with the questionnaire.

Any further comments or recommendations? …….

…….

Thank you very much for your participation.

If JES, please turn over

5. If you answered YES at question 4, to which extent are the following aspects taken into account during placement?

Aspects of multi-cultural placements	To a large extent	To a fairly large extent	To an average	To a lesser extent	Not at all	
Create the opportunity for the foster child to get to know own culture and the preservation thereof	5	4	3	2	1	159
Handle a degree of loss unique to own culture	5	4	3	2	1	160
Continuous origin interpretation	5	4	3	2	1	161
Interpret and take into account the influence of the culture of a foster home and customs on the child (cultural blending and integration)	5	4	3	2	1	162
Take into account and address influence of the culture of the foster child on the foster family	5	4	3	2	1	163
Handling racial situations	5	4	3	2	1	164
Continuous evaluation of social worker's cultural competencies	5	4	3	2	1	165
Other (specify)	5	4	3	2	1	166-167

6. To which extent do you handle the following multi-cultural placements?

Black children with white foster parents	5	4	3	2	1	168
White children with black foster parents	5	4	3	2	1	169

7. To which extent do the following motives lead to multi-cultural foster care placing? For office use

Motives	To a large extent	To a fairly large extent	To an average	To a lesser extent	Not at all	
Taking pity on children	5	4	3	2	1	170
Love for children	5	4	3	2	1	171
Political affirmative action to redress injustices of the past	5	4	3	2	1	172
An easy way for single, childless or homosexual couples to get children	5	4	3	2	1	173
Ubuntu/caring for one another	5	4	3	2	1	174

Any further comments or recommendations?

……

……

……

……

Thank you very much for your participation.

BYLAE C

PROGRAMME FOR SEMINAR ON FOSTER CARE AND REGISTRATION FORM

DEPARTMENT OF SOCIAL WORK, UNIVERSITY OF THE FREE STATE AND CHILD WELFARE BLOEMFONTEIN AND CHILDLINE FREE STATE

Seminar on foster care in the context of new child care legislation and poverty alleviation

23 and 24 October 2008 at the CR Swart Auditorium, University of the Free State, Bloemfontein.

Programme

Thursday, 23 October
9:00 – 10:00 Registration[5] and tea

Chair: Marietha Johnson, Programme Manager: Social Work, Child Welfare Bfn and Childline FS

10:00 – 10:15 Opening and welcome
Dr. Roelf Reyneke, Departmental Chairperson: Department of Social Work at the UFS

10:15 – 10:45 *Research on foster care practice*
Annelie Böning, lecturer: Department of Social Work, UFS

Introduction of keynote speaker, **Helena Jackson,** by Marietha Johnson

10:45 – 11:45 *Foster care in the context of Children's Amendment Act, No. 41 of 2007*
Helena Jackson, Assistant Director AFM, UMEPI

11:45 – 12:45 Focus group on each topic under guidance of a group facilitator and assistant facilitator

- *Foster care (family placements)*: Portia Malgas, Provincial Manager: Child Welfare South Africa assisted by Elmari van der Walt social worker at Child Welfare Bfn and Childline FS
- *Foster care (non-family placements)*: Darine Oosthuizen, Area Manager at Free State Care in Action assisted by Carel van Wyk, lecturer at Department of Social Work, UFS
- *Cluster foster care:* Helena Jackson from AFM (UMEPI) assisted by Mamelo Phakoe, social worker at Child Welfare Bfn and Childline FS.

12:45 – 13:45 Lunch

[5] *During registration attendees have to indicate the focus groups they would like to be part of.*

13:45 – 14:15 Conclusions in focus groups and preparation for feedback
14:15 – 15:30 Feedback from focus groups and time for questions to Helena Jackson and the focus groups

- 14:15 – 14:30 Feedback on f*oster care (family placements)*
  14:30 – 14:40 Questions
- 14:40 – 14:55 Feedback on f*oster care (non-family placements)*
  14:55 – 15:05 Questions
- 15:05 – 15:20 Feedback on c*luster foster care*
  15:20 – 15:30 Questions

15:30 Vote of thanks and closure

Friday, 24 October.

Chair: Dr. Sandra Ferreira, senior lecturer, Department of Social Work, UFS

Introduction of keynote speaker, **Sanja Bornman,** by Sandra Ferreira

9:00 – 10:00 *Foster care and poverty alleviation*
Sanja Bornman from ACESS

10:00 – 10:30 *Questions and discussion*: Sanja Bornman

10:30 – 11:00 Tea

11:00 – 12:00 Focus groups on each topic under guidance of a group facilitator and assistant facilitator.

- *Foster care grant versus child support grant*: Sanja Bornman from ACESS, assisted by Elmari van der Walt social worker at Child Welfare Bfn and Childline FS
- *Pre-statutory versus statutory social work services to orphans and granny- and child headed households*: Winnie Grove, Supervisor at Kerklike Maatskaplike Dienste Virginia, assisted by Mamelo Phakoe social worker at Child Welfare Bfn and Childline FS.
- *Criteria for foster care as alternative care in the best interest of the child*: Magostho Mosetlhe, Deputy Director Department of Social Development Motheo District, assisted by Merlene Esau lecturer at Department of Social Work, UFS
- *Monitoring of foster care placements*: Sanet du Plessis, Chief Social Worker Canalization at Department of Social Development Motheo District, assisted by Carel van Wyk, lecturer at Department of Social Work, UFS

12:00 – 12:15 Conclusions in focus groups and preparation for feedback

12:15 – 13:15 Feedback by focus groups (each group 15 minutes)

13:15 – 13:30 Evaluation, vote of thanks and closure
Elsabe Esterhuizen, Director: Child Welfare Bfn and Childline Free State
13:30 Refreshments

SEMINAR ON FOSTER CARE
23 – 24 OCTOBER 2008
CR. Swart Auditorium, UFS

REGISTRATION FORM

CLOSING DATE FOR SUBMISSION: 15 OCTOBER 2008

Registration fees: **R350 per person**

Registration method:
This registration form can be copied. Each delegate must complete a separate form. The completed form can be sent by using the following methods:

E-mail address: Jill.hum@ufs.ac.za or boninga.hum@ufs.ac.za
Postal address: Department of Social Work, P.O. Box 339 (UFS34), Bloemfontein 9300
Fax number: 051 – 4013581 Phone number: 051 - 4012325

Payment options:
Direct deposit at any ABSA-branch or internet payment
Account information: ABSA Brandwag branch, Account number: 1570850071, branch code: 630734. **Reference: Social Work**

Registration will be confirmed by SMS or E-mail upon receipt of the registration form and proof of payment.

Please complete the form in print

Surname: …… Initials: ……..

Name: ……

SACSSP Registration number: ……

Welfare institution/employer: ……

Postal address: ……

Town/City: …… Fax: ……..

Telephone (work): …… Cell phone: ……..

E-mail address: ……

Please indicate the focus groups that you would like to be part of

Choice of focus group (Indicate with an **X,** one group per day)**:**

Day one:

- Foster care (family placements) …….
- Foster care (non-family placements) …….
- Cluster foster care: …….

Day two

- Foster care grant versus child support grant …….
- Pre-statutory versus statutory social work services to orphans and granny- and child headed households …….
- Criteria for foster care in the best interest of the child …….
- Monitoring of foster care placements …….

OPSOMMING

Met hierdie navorsing is gepoog om ’n holistiese verkenning en beskrywing van die pleegsorgpraktyk te doen, sodat meer wetenskaplik-gefundeerde dienslewering daaruit kan ontwikkel. Deur die literatuurstudie en empiriese ondersoek, wat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes insluit, is ’n omvattende analise op al die vlakke van die ekologiese ontledingsisteme gedoen. Nie alleen is bepaalde struikelblokke geïdentifiseer wat dienslewering in die pleegsorgpraktyk benadeel nie, maar daar is ook gepoog om met sterktes en oplossings na vore te kom deur die integrasie van die sterkteperspektief by die konseptuele raamwerk van die ekologiese perspektief. Vir dié doeleindes is raamwerke vir die assessering van die individu, gesin, strukture en instellings sowel as sosiokulturele aspekte afsonderlik voorgestel, waarna ’n geïntegreerde assesseringsraamwerk vir holistiese assessering saamgestel is.

Deur die empiriese kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoeke is bevestig dat die pleegsorgpraktyk oorlaai is deur die voorkoms van ernstige maatskaplike verskynsels soos armoede, VIGS-verwante sterftes, disfunksionele gesinne en ontoereikende ouerskapsfunksionering. Dit is bevestig dat maatskaplike werkers gekonfronteer word met hoë gevalleladings en dat dienslewering sentreer rondom administratiewe en statutêre prosedures, terwyl daar nie veel teregkom van intervensie en veral voorkomingsdienste nie. Verdere praktykeise word gestel deur die implementering van nuwe kinderwetgewing, wat ingestel is op voorkoming en vroeë intervensieprogramme alvorens statutêre toetrede en pleegsorgplasings geregverdig kan word. Hiervoor word egter veel meer mensekrag en hulpbronne benodig sowel as beter subsidiëring vir voorkomings- en ontwikkelingsprogramme wat deur veral nieregeringsorganisasies aangebied word, asook beter vergoeding van maatskaplike werkers. Daar behoort ook aandag geskenk te word aan bestaansbeveiliging aan gesinne en kinders sodat pleegsorg nie gebruik word om toegang tot groter toelae te bekom nie.

Die ontwikkeling van pleegsorggroepskemas kan die druk op die pleegsorgpraktyk verlig deurdat monitering en toesigdienste in groepverband en ook deur ander maatskaplike beroepsgroepe beoefen kan word. Verder verminder dit ook die aanvraag na pleegouers waaraan daar ’n groot tekort is. Voorstelle word gemaak oor beter koördinering op streekvlak betreffende die werwing, keuring en opleiding van pleegouers, wat meer ekonomies as ’n spesialiteitsterrein hanteer kan word.

’n Groter bewustheid word verleen aan die rol en funksie van ander maatskaplike diensberoepe soos die maatskaplike hulpwerker en kinder- en jeugsorgwerkers, sodat maatskaplike werkers meer op professionele taakvervulling kan fokus. Die samestelling van multidissiplinêre spanne en die bevordering van interdepartementele samewerking word ook beklemtoon, sodat dienslewering

oor ŉ breër spektrum aan die pleegkind versprei kan word. Die min sukses wat met gesinsherenigingsdienste behaal word, wys ook heen na die gebrek aan werklike rehabilitasiedienste by biologiese ouers. Pleegsorgplasings vind meestal op die lang termyn by familie plaas, wat grootliks net statutêr gemonitor word. Pleegkinders by grootmoeders en in kinderhoofhuishoudings is ook veral kwesbaar en daarom behoort ondersteuningsisteme in gemeenskappe deur veral vrywilligers aangewend te word om plasingstabiliteit en ekstra ondersteuning te bied sodat die kind so lank as moontlik in familieverband kan aanbly.

Die uitkomste van pleegsorg is dus afhanklik van die wisselwerking tussen verskillende rolspelers en instansies, wat beter bestuur en beheer behoort te word. Sodoende kan ook beter uitvoering gegee word aan beleidsvoorskrifte en wetgewing wat tans in baie opsigte onrealistiese verwagtinge, gemeet aan praktykwerklikhede, stel.

Die inligting in die navorsingsverslag word as omvattend en holisties beskou betreffende die wisselwerkende invloed van riskante en beskermingsfaktore in die pleegsorgpraktyk. Dit fokus nie spesifiek op intervensie of hulpverlening nie, maar is ŉ beskrywing en verkenning van die huidige stand van die pleegsorgpraktyk. Waardevolle inligting is bekom vanuit die literatuurstudie en die kwalitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie, wat as betroubaar en geldig beskou kan word om as naslaanbron te dien vir verdere navorsing, beleidsaanpassings en opleiding in teorie sowel as die praktyk.

SUMMARY

The aim of this research was to undertake a holistic exploration and description of the practice of foster care in order to develop a more scientifically based approach to service delivery. By means of the literature study and empirical investigation, which included qualitative as well as quantative methods, a comprehensive analysis were undertaken at all levels of the ecological analysis systems. Not only were specific obstacles identified that are detrimental to service delivery in the practice of service delivery, but the objective also was to come up with strengths and solutions by integrating the strengths perspective with the conceptual framework of the ecological perspective. To this end, frameworks for the assessment of the individual, family, structures and institutions, as well as socio-cultural aspects were each presented individually, where after an integrated assessment framework for holistic assessment was compiled.

By means of the empirical qualitative and quantative investigations it was confirmed that the practice of foster care is overburdened with the incidence of serious social phenomena like poverty, AIDS-related deaths, dysfunctional families and inadequate parental functioning. It was confirmed that social workers are confronted with high case loads and that service delivery centres on administrative and statutory procedures, while very little comes of intervention and prevention services in particular. Further demands are made on the practice by the implementation of new children's legislation, which is aimed at prevention and early intervention programmes, before any statutory intervention en foster-care placing can be justified. Much more manpower and resources are needed and the subsidising of prevention and development programmes, as well as better remuneration of social workers, should seriously be considered by non-governmental organisations in particular.

The development of foster-care group schemes could alleviate the demands made on the practice of foster care, because monitoring and supervisory services could be implemented in group context as well as by other social services groups. Furthermore, it also lessens the demand for foster parents, of which there is a huge shortage. Proposals are made regarding better coordination at regional level regarding the recruiting, selection and training of foster parents, which can be dealt with more economically as a speciality area.

A greater awareness is awarded to the role and function of other social services professions such as the social auxiliary worker and child and youth careworkers, in order to enable social workers to focus more on the professional performance of their duties. The composition of multi-disciplinary teams and the promotion of interdepartmental collaboration are also emphasised, enabling service delivery to the foster child to be spread across a wider spectrum. The little success that is achieved

with services dealing with the reuniting of families also points at the lack of real rehabilitation services in the case of biological parents. Foster placing on a long-term basis mostly takes place with relatives, which is mainly only monitored statutorily. Children placed in foster care with grandmothers and in child-headed households are also particularly vulnerable and therefore support systems in communities in particular should be applied by volunteers in order to offer placing stability and extra support to enable the child to remain within a family context for as long as possible.

The outcomes of foster care are therefore dependent upon the interaction between different role players and institutions, and should be better managed and controlled. Thus policy directives and legislature, which currently have unrealistic expectations in many respects measured against the realities in practice can be realised better.

The information in the research report is regarded as comprehensive and holistic with regard to the reciprocal influence of risky and protective factors in the practice of foster care. The focus is not specifically on intervention or assistance, but rather a description and exploration of the current state of the practice of foster care. Valuable information was obtained from the literature study and the qualitative and quantative empirical study, which can be regarded as reliable and valid to utilise as resource for further research, adjustments to policy and training in theory as well as in practice.

KEY WORDS TO DESCRIBE THE SUBJECT OF THE THESIS

Alternative care

A child is in alternative care if the child has been removed from the biological parents and placed in foster care or a child and youth care centre on order of a court. The biological parents are temporarily or permanently replaced by a parent-substitute. (Cf. Children's Amendment Act 2007:60.)

Assessment

Assessment of a child is the process of investigating the developmental needs of the child, including his or her family environment or any other circumstances that may have a bearing on the child's need for protection and social work services. For the purpose of this study assessments on each system level are holistic and strengths based and therefor focus on the needs and strenghts of the person-in-environment to identify problems, needs, strengths and resources. (Cf. Children's Amendment Act 2007:10.) Assessment is thus not only problem focused but also developmental en strengths based.

Child

A child is a person under the age of 18 years. The foster child can remain in foster care until the end of the year in which he/she reaches the age of 21 years if it is necessary to enable the person to complete his/her education or training (Children's Act 2005:20 and Children's Amendment Act 2007:70).

Cluster foster care scheme

A child can be placed in a cluster foster care scheme registered by the provincial head of Department of Social Development as a scheme for the reception of children in foster care and managed by a nonprofit organisation (Children's Amendment Act 2007:12). This type of foster care is community based in partnership with a community body such as a church. The foster homes does not belong to the foster parents, foster parents are recruited, screened and trained. A foster care grant is paid to the management of the scheme for administration and children with the same needs are admitted to the same foster home. The scheme functions under supervision of a management and social workers render foster care supervision services (Jackson 2008:oral presentation).

Ecological perspective

The ecological perspective originates from the general systems theory which was initially used in the biology but later also applied to the social world because it was argued that the systems approaches were more appropriate than causal models for dealing with complex interactions in all types of system. The integration of the systems theory and the ecological perspective is referd to as the ecosystems perspective. According to this perspective, a social work practicioner can focus on transactions within and across systems and social work assessment and intervention can be done holistically. Social problems are seen as a result of a poor fit between a person's environment and his or her needs, capacities, rights and aspirations. The core purpose of the ecosystems approach is to improve transactions by promoting positive adaption between the person and the environment.

This perspective offers a broad framework of different levels in the ecological context, refered to as the ecological analysis system consisting of the micro-, meso-, exo- and macrosystem. The microsystem on the individual level refers to those systems in which an individual lives their day-to-day lives; the mesosystem on the family level refers to the relationships between family members and other microsystems; the exosystem on the socio-structural level refers to structures in which people live such as schools, churches as well as formal networks and services of employment, housing, economics and legislation; and the macrosystem on the socio-cultural level refers to the wider social milieu, cultural values and beliefs that foster societal attitudes.

The ecological perspective offers a suitable framework for identifying, understanding and analysing contributing factors to the situation of child abuse and neglect and foster care as alternative care on all the different system levels of the ecological analysis system; thus an holistic approach to explore and describe foster care as alternative care for children.

(Cf. Healy 2005:136-137; Ambrosino *et al.* 2008:60-63; Sheldon & Macdonald 2009:198-199.)

Family

A family is a group of people (more than one) bounded together through consent; descent; legal means; adoption; and/or emotional ties within a socio-economic system with the intent of permanency who shares responsibilities, have a common goal and that functions as a unit governed by family rules where norms, values and morals are developed and maintained (Department of Social Development 2nd Draft National Policy for Families 2004:13). The foster family can be seen as a family system consisting out of interdependant subsystems in constant interaction with each other striving towards a state of stability and bounded by legal means and

emotional ties. The foster family can be headed by a grandmother, a child over the age of 16 years, a single mother or father as well as a couple with certain parental responsibilities and rights as prescribed by the foster care agreement.

Foster care

Foster care is a form of alternative care through the mediation of a recognised authority, on order by the Children's Court for the child in need of care within an approved foster family which can be inside or outside of family context or in a cluster foster care scheme, under supervision of an authorised welfare institution on short, medium or long-term. (Cf. Colton en Williams 1997:48, Children's Amendment Act 2007:72.)

Foster parent

A foster parent is a person recruited, selected/screened and trained to have foster care of a child by order of the Children's Court. A foster parent can be a family or non-family member of the child as well as a member of an organisation operating a cluster foster care scheme and who has assigned responsibility for the foster child (Children's Amendment Act 2007:12).

Strengths perspective

The strengths perspective seeks to identify, use, build and reinforce the abilities and strengths that people have in contrast to the pathological perspective which focuses on their deficiencies. It emphasizes people's abilities, interests, aspirations, resources, beliefs and accommplishements (Zastrow 2006:209). According to this perspective the generalist social work practice is aimed at identifying a system's strengths and using them to modify the environment with which that system interacts to increase the level of person-in-environment fit (Abrosina, *et al.* 2008:72).

The integration between the ecological and strenghts perspective in this study means that the focus is on the improvement of transactions and adaptation between the foster child and his/her environment and that individual, family and community change is not only possible but inevitable and continuous.